

**Die NG Kerk as profeet teenoor die Suid-Afrikaanse regering (1962-2002):
'n Kerk-historiese perspektief**

deur

David Hermanus Botes

Voorgelê ter vervulling van die vereiste vir die graad

Doctor Theologiae

in die Fakulteit Teologie
(Departement Ekklesiologie)
aan die
Universiteit van die Vrystaat

Studieleier: Prof. J.W. Hofmeyr

Bloemfontein

Junie 2012

*Opedra aan my vrou, Animé, en ons twee pragtige kinders, Dawie en Liné asook aan
my ouers, ds. Dawie en Joyce Botes*

Dankbetuigings

- Eerstens wil ek al die lof en die eer, die dank en aanbidding aan die Here bring. Sonder die Here is niks in die lewe enigsins moontlik nie. Die Here se hulp aan my wat maar 'n stoffie is, is en bly 'n onbeskryflike wonderwerk. Hy het so in oorvloed voorsien en aan my die gesondheid, krag en stoflike hulpmiddele geleen om die studie te kon voltooi. Dit is Hy wat my laat sien en hoor en stap en my duisende senuwees opdrag gegee het om deur die genade die manuskrip te kon tik en lees. Ek bely opnuut weer my geloof in God-Drie-Enig die Vader en onse Here Jesus Christus en die Heilige Gees.
- Aan my ouers vir opvoeding, opofferings en 'n liefde vir die Woord van die Here wat ek van kleintyd by hulle in 'n pastorie kon leer en sien. Al die huisgodsdienste en saam bid en sing en kniel met gebed aan die eetkamertafel. Veral dan my ma wat na my pa se afsterwe in 2000 my in gebed verder gedra het. Vir al haar finansiële hulp in die studiejare. Ook vir haar aanbidding om te help met die verwerking, sortering en opskrifstelling van al die menige Kerkbodes. Dit het sy so getrou gedoen oor jare. Haar belangstelling en aanmoediging en ons tuiswees by haar in Bloemfontein was van onskatbare waarde vir ons hele gesin.
- Aan my vrou, Animé, vir al haar liefde, ondersteuning en bystand in die studiejare. Sy, Dawie en Liné, waarvoor ek so baie lief is, was oor die studiejare vol geduld en begrip. Ook vir Animé se opoffering en deursettingsvermoë met die ongelooflike noukeurige taal, grammatiese- en algemene versorging van die hele proefskrif. Die nagte deurwerk van dit, liefde en aanvoeling vir Afrikaans, spreek vanself in die eindresultaat.
- Aan my neef, prof. Frans Smith, vir ondersteuning en belangstelling deur die hele studietydperk.

- Aan prof. HOFFIE Hofmeyr wat my begelei het tot voltooiing van hierdie studie. Vir sy toegewydheid oor die afgelope studiejare, al die raad, bystand, talle persoonlike gesprekke en baie korrespondensies. Sy liefde en toegewydheid vir die vakgebied is deurentyd in die absolute deeglike nasien en spoedige terugvoering gesien. Sy taalversorging is puik en presies. Hy het 'n ongelooflike goeie aanvoeling vir die vak. Ons as gesin kon noue bande met hom smee oor die tydperk waaroor ons baie dankbaar is. Dit was 'n voorreg om saam die pad te kon stap.
- Aan prof. Piet Strauss wat vir my die tema gekies het en ook geweet het dit is my belangstelling. Ook vir hom en tannie Ria met wie ek al 'n lang pad stap. Hy het my verder liefgemaak vir die geskiedenis en vir ons gereformeerde leer. Dankie vir tyd en oop deur altyd vir my. Ook verder vir prof. Piet wat vir my die meeste Handeling van die Sinodes beskikbaar gestel het, dit was van groot waarde.
- Aan prof. Dolf Britz by wie ek ook aan huis rustig kon gesels oor kerkgeskiedenis en die studie-tema. Ook vir sy begeleiding en raad met die studie word baie waardeer. Sy aandeel om my verder vas te bind aan die vakgebied en gereformeerde sal my altyd bybly.
- Aan al die familie wat belanggestel het en altyd navraag gedoen het en ook vir my broer, Weitz Botes, vir die veilige bewaring van stukke.
- Aan die Argief van die NG Kerk in die Vrystaat vir die vriendelike hulp met navrae.

AFKORTINGS

Afkortings word in die loop van die studie self verklaar. Gerieflikheidshalwe word die afkortings ook in hierdie lys opgeneem.

AGS	:	Apostoliese Geloofsending
AJK	:	Algemene Jeug Kommissie
AKAE	:	Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie
AKDB	:	Algemene Kommissie van Diens van Barmhartigheid
AKLAS	:	Algemene Kommissie van Leer en Aktuele Sake
AKOS	:	Algemene Kommissie vir Openbare Sedelikheid
ANC	:	<i>African National Congress</i>
ASK	:	Algemene Sinodale Kommissie
ASSK	:	Algemene Sinodale Sending Kommissie
BAWU	:	<i>Black and Allied Workers Union</i>
BPC	:	<i>Black People's Convention</i>
CI	:	Christelike Instituut
FRK	:	Federale Raad van Kerke
GER	:	Gereformeerde Ekumeniese Raad
GES	:	Gereformeerde Ekumeniese Sinode
GKN	:	Gereformeerde Kerke van Nederland
GKSA	:	Die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika
HOP	:	Heropbou en Ontwikkelingsprogram
IKOO	:	Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys
KI	:	Kunsmatige Inseminasie
KO	:	Kerkorde
KP	:	Konserwatiewe Party
KS	:	Kerk en Samelewing
KSO	:	Kommissie vir Skakeling met die Owerheid
LP	:	Parlements lid
NG Kerk	:	Nederduitse Gereformeerde Kerk

NGB	:	Nederlandse Geloofsbelydenis
NGKA	:	Nederduitse Gereformeerde Kerk van Afrika
NGSK	:	Nederduits gereformeerde Sending Kerk
NP	:	Nasionale Party
PAC	:	<i>Pan Africanist Congress</i>
PBR	:	Program vir die Bestryding van Rassisme
RCA	:	<i>Reformed Church of Africa</i>
RSA	:	Republiek van Suid-Afrika
RVN	:	Ras, Volk en Nasie
SA	:	Suid-Afrika
SAKP	:	Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party
SAP	:	Suid-Afrikaanse Polisie
SARK	:	Suid-Afrikaanse Raad van Kerke
SASO	:	<i>South African Student Organization</i>
SAUK	:	Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie
SAW	:	Suid-Afrikaanse Weermag
SKDB	:	Sinodale Diens van Barmhartigheid
SWA	:	Suidwes-Afrika
VAM	:	Versoening, Armoede en Morele herstel
VCHO	:	Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys
VN	:	Verenigde Nasies
VVO	:	Verenigde Volke Organisasie
WBGK	:	Wêreldbond van Gereformeerde Kerke
WRK	:	Wêreldraad van Kerke
WVK	:	Waarheid- en Versoeningskommissie

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING

1. Doel	...16
2. Sentrale vraagstelling	...17
3. Hipotetiese opmerkinge	...18
4. Navorsingsmetodologie	...19
5. Uiteensetting	...20
6. Waarde en relevansie van studie	...21

HOOFSTUK 1: 1947-1962

'n ERA VAN VESTIGING VAN 'N BEPAALDE KERK-STAAT VERHOUDING

1.1 Inleidend	...22
1.1.1. Die NG Kerk se teologiese standpunt-ontwikkeling	...22
1.1.1.1 Nederlandse Geloofsbelijdenis	...22
1.1.1.2 Die Kerkorde	...25
1.1.1.3 Ras, Volk en Nasie asook Kerk en Samelewing	...27
1.1.1.3.1 Ras, Volk en Nasie	...27
1.1.1.3.2 Kerk en Samelewing	...28
1.1.2 Die Grondwette	...30
1.1.2.1 Zuid-Afrikawet 1909	...30
1.1.2.2 Die Unie van Suid-Afrika 1961	...31
1.1.2.3 Die Republiek van Suid-Afrika 1996	...31
1.1.3 Die Regerings	...33
1.1.3.1 Die Nasionale Party (NP)	...33
1.1.3.2 Die ' <i>African National Congress</i> ' (ANC)	...34
1.2 Historiese agtergrond	...34
1.2.1 Oppad na die Algemene Verkiesing 1948	...37
1.2.1.1 Die morele krisis in die land en die NG Kerk	...37

1.3 Die Algemene Verkiesing van Mei 1948	...39
1.3.1 Hoe sou die kerk in die tyd die band tussen hom en die staat sien?	...39
1.4 'n Nuwe era vir kerk en staat na 1948?	...40
1.5 Die eerste staatbeskouing van die Federale Raad van Kerke, 1951-1957	...41
1.5.1 Die kerk se stem en die owerheid	...41
1.5.2 Die Humanistiese Staatsleer	...42
1.5.3 Die grondbeginsels van die Calvinisties Christelike staatkunde	...42
1.5.4 Die roeping van die staat	...43
1.5.5 Die gesag van die staat	...43
1.5.6 Die Christen-burger en stemreg	...45
1.5.7 Kommuniste en demokrasie	...46
1.6 Federale Armsorgraad	...47
1.7 Die eerste botsing tussen kerk en staat oor die Naturelle-wetgewing	...47
1.8 Cottesloe-beraad, 7-14 Desember 1960 te Johannesburg	...47
1.8.1 Die Aanloop tot Cottesloe	...47
1.8.2 Die Cottesloe-beraad	...50
1.8.3 Cottesloe-reaksie	...51
1.8.4 Hewige Reaksies en skrywes in Die Kerkbode na Cottesloe	...53
1.8.5 Verandering na Cottesloe?	...62
1.8.6 Cottesloe en die Algemene Sinode van 1966	...63
1.8.7 Die kerk se gewete teenoor die staat	...64
1.8.8 Ministers en Sondagsheiliging	...64
1.9 Wat is die gesag van die staat?	...64
1.10 Aanloop tot die Republiek	...66
1.11 Die Republiek	...68
1.12 Na republiekwording	...70
1.12.1 Drankwetgewing	...70
1.12.2 Sede-ondermynende lektuur	...72
1.13 Opnuut die teologiese vraag: Wat is die roeping, terrein, gesag en verhouding van die kerk en staat?	...73
1.13.1 Die Skrif en Profetiese getuienis deur die kerk	...73

1.13.2 Die oorsaak en gevolg van 'n swygende kerk	...75
1.13.3 Die geskiedenis: kerk en owerheid	...76
1.13.4 Wat is die bron van die kerk se roeping?	...76
1.13.5 Die aard van die profetiese getuienis	...77
1.13.5.1 Wekroep tot die diens	...77
1.13.5.2 Kritiek oor staatsake	...78
1.14 Die teologie van die Ou- en die Nuwe Testament ten opsigte van profetiese getuienis	...78
1.14.1 Drie gebiede in die Ou-Testament ten opsigte van getuienisse	...78
1.14.2 Die Nuwe Testament: Christusverkondiging	...79
1.14.3 Die terreine van die kerk se getuienis	...81
1.14.4 Noodsaaklike konsultasie tussen kerke	...83
1.14.5 Hindernisse in die uitvoering van die profetiese taak van die kerk	...84
1.14.6 Die kerk moet kerk bly	...84
1.15 Samevatting	...86

HOOFSTUK 2: 1962-1966

'n ERA VAN KONSOLIDASIE VAN 'N BEPAALDE KERK-STAAT VERHOUDING

2.1 Besinning oor apartheid 1962-1966	...87
2.1.1 Aanloop tot die Algemene Sinode 1962	...87
2.2 Een kerkverband vir die NG Kerk in 1962	...88
2.2.1 Opening van die Eerste Algemene Sinode 1962	...89
2.2.2 Die eerste sinodale boodskap van die Algemene Sinode van 1962	...90
2.3 Die NG Kerk en die Gereformeerde Ekumeniese Sinode 1963	...91
2.4 Kerk en staat in Die Kerkorde van 1962	...91
2.5 Profetiese rol van die kerk	...93
2.5.1 Kerk moet praat	...93
2.5.2 Voorbidding vir die owerheid	...94
2.5.3 Kerklike verantwoordelikheid	...95
2.6 Die Tuislande	...96

2.6.1 Die Transkei	...96
2.7 Die Onderwys	...98
2.7.1 Die Onderwysstelsel	...98
2.7.2 Christelike Hoër Onderwys	...98
2.8 Die Universiteit	...99
2.8.1 Universiteit en Christendom	...99
2.8.2 Staatsinmenging by die universiteit	...100
2.9 Grondwet	...100
2.9.1 Wysiging in aanhef van die grondwet	...100
2.9.2 Eerbied vir die Eed	...101
2.10 Departement Verdediging	...101
2.10.1 Veldpredikers	...101
2.10.2 Voltydse veldpredikers	...102
2.11 Maatskaplike ewels	...103
2.11.1 Rasvermengde huwelike	...103
2.11.2 Dobbelleentehede	...103
2.11.3 Rolprente	...104
2.11.4 Ongewenste leesstof	...104
2.11.5 Perskode	...104
2.11.6 Die staat en die Sondag	...105
2.12 Die staat en diens van barmhartigheid	...105
2.12.1 Begroting en diens van barmhartigheid	...105
2.12.2 Diens van barmhartigheid en volkswelsyn	...106
2.12.3 Behuising	...106
2.12.4 Die ontvolking van die platteland	...107
2.13 Federale Raad vir die bestryding van maatskaplike ewels	...108
2.13.1 Die totstandkoming van die Federale Raad	...108
2.13.2 Ontugwet	...108
2.13.3 Egskeiding en hertrou	...109
2.13.4 Drank	...109
2.13.4.1 Drankmisbruik	...109

2.13.4.2	Biertuine en die Pretoriase stadsraad	...110
2.13.4.3	Wetsontwerp tot Wysiging van Drankwet	...110
2.14	Die verskillende denominasies se standpunte en verklarings oor rasseverhoudings in Suid-Afrika	...111
2.14.1	Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika	...111
2.14.2	Die Metodiste Kerk van Suid-Afrika	...112
2.14.3	<i>The Church of the Province of South Africa (Anglican)</i>	...112
2.14.4	Die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika	...113
2.14.5	Die Evangeliese Lutherse Kerk van Suid-Afrika (Suid-Oostelike Streek)	...113
2.14.6	Die Presbiteriaanse Kerk van Suid-Afrika	...113
2.14.7	Die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika	...114
2.14.8	<i>The Congregational Union of South Africa</i>	...114
2.15	Samevatting	...115

HOOFSTUK 3: 1966-1970

SPANNING EN RASSE-WORSTELING IN KERK EN STAAT

3.1	Die dood van dr. H.F. Verwoerd	...117
3.1.1	Nuwe Eerste Minister adv. B.J. Vorster	...118
3.2	Algemene Sinode van 1966	...121
3.2.1	Herderlike brief van die Algemene Sinode 1966	...121
3.2.2	Openingsrede van ds. Coetzee by die Algemene Sinode 1966	...122
3.3	Die Gereformeerde Kerke van Nederland en die rasse-kwessie in die sestigerjare	...122
3.4	Die profetiese stem van die NG Kerk in die 1960's	...123
3.4.1	J. Overduin en die roeping van die kerk	...125
3.4.2	Die sinode van 1966: Die kerктаak teenoor die owerheid	...126
3.5	Christelike Instituut (CI) van Suidelike-Afrika	...128
3.5.1	Die Christenraad van Suid-Afrika	...132
3.6	Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif (1966)	...134
3.7	Swart bewussynbewegings van die sestigerjare	...137

3.7.1 Appél op die NG Kerk	...138
3.8 Algemene verkiesing 1966	...138
3.9 Die Republiek – vyf jaar oud	...139
3.9.1 Kleurlingraad	...140
3.9.2 Trekarbeid	...140
3.9.3 Bewysboeke en wettige paspoorte	...141
3.9.4 Aanhef tot die grondwet	...141
3.10 Bevolkingsverhoudinge konferensies	...142
3.10.1 Afsonderlike kerke	...143
3.10.2 Afsonderlike ontwikkeling	...143
3.10.3 Die Bantoe Kerk en afsonderlike ontwikkeling	...146
3.10.4 Eerwaarde Kotze en kritiek teen afsonderlike ontwikkeling	...146
3.10.5 Die Kerkbode en gemengde sportspanne	...146
3.10.6 Dr. J.A. Heyns reageer: Die Kerkbode en gemengde sportspanne	...147
3.11 Die Suid-Afrikaanse beskermingsdienste	...148
3.11.1 Geestelike bearbeiding van Polisie en Weermag	...148
3.11.2 Die geestelike bearbeiding van die Suid-Afrikaanse Polisie	...148
3.12 Openbare sedelikheid	...149
3.12.1 Die July-perdewedrenne	...149
3.12.2 Staatslotery	...150
3.12.3 Sondagsport	...150
3.12.4 Winkelure en kantoorure op Sondag	...151
3.12.5 Sondagwette	...152
3.12.6 Konsolidering van Sondagwette	...153
3.12.7 Polisie-dienaars en danse	...154
3.12.8 Drankwette en reëls	...154
3.12.9 Die NG Kerk en bloed- en asemtoetse	...155
3.12.10 Godslasterlike- en sede-ondermynende rolprente	...156
3.12.11 Die NG Kerk en die Publikasieraad	...156
3.12.12 Buro vir leeskunde en lektuur gestig	...157
3.12.13 Studente en godslasterlikheid	...157

3.12.14 Gewetenskousule	...158
3.12.15 Regering en openbare sedes	...158
3.12.16 Gesinsbeplanning	...159
3.12.17 Saamwoon	...160
3.12.18 Owerspel	...160
3.12.19 Gemengde huwelike	...161
3.12.20 Homoseksualiteit	...161
3.12.21 Misbruik van verdowingsmiddels	...162
3.12.22 Beeldradio	...162
3.13 Diens van barmhartigheid	...163
3.14 Die Onderwys	...163
3.14.1 Die NG Kerk se standpunt oor Onderwys	...163
3.14.2 Benoeming van skoolhoofde	...165
3.15 Samevatting	...165

HOOFSTUK 4: 1970-1974

'n ERA VAN NADENKE

4.1 Algemene Sinode van 1970	...167
4.1.1 Openingsrede van die Algemene Sinode van 1970	...167
4.1.2 Die Herderlike brief van die Algemene Sinode van 1970 in teologiese lig	...168
4.2 Die NG Kerk en die Gereformeerde Kerke in Nederland	...169
4.2.1 Gereformeerde Ekumeniese Sinode en die NG Kerk	...169
4.2.2 Wêreldraad se geldelike steun aan terrorisme	...172
4.3 Die Parlement byeen	...173
4.3.1 Die Republiek: Tien jaar oud	...176
4.4 Die Onderwys	...177
4.4.1 Die Volkskongres 29 September tot 2 Oktober 1969: Opvoeding en Onderwys	...177
4.4.2 Algemene Jeugkommissie se voorstelle oor onderwys aan die administrateur	...178

4.4.3	Scientologie	...180
4.5	Geestelike bearbeiding van weermag, polisie, gevangenes en spoorweë	...180
4.5.1	Geestelike bearbeiding van weermag	...180
4.5.2	Geestelike bearbeiding van die Polisie	...182
4.5.3	Geestelike bearbeidingsverslag van die Suid-Afrikaanse Polisie diens (1966-1970)	...183
4.5.4	Geestelike bearbeiding van die departement van Gevangenisse	...183
4.5.6	Geestelike Spoorwegbearbeiding	...184
4.6	Aktuele sake	...185
4.6.1	Grondbesit in Suid-Afrika	...185
4.6.2	Besoedeling en waterbesparing	...185
4.7	Openbare sedelikheid	...186
4.7.1	Geboortebepanking	...186
4.7.2	Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie	...186
4.7.3	Beeldradio	...187
4.7.4	Aborsie	...188
4.7.5	Die Pil oor die toonbank	...188
4.7.6	Egskeidingswette en owerspel	...188
4.7.7	Naakte beelde	...189
4.7.8	Staatslotery	...190
4.7.9	Woonstelkomplekse	...190
4.7.10	Die taak van die kerk en noodsoorg	...190
4.7.11	Die Sondag	...191
4.7.11.1	Sondag wetgewing	...191
4.7.11.2	Sondagblaai	...192
4.8	Drankmisbruik	...192
4.8.1	Drankmisbruik en alkoholinhoud van bloed	...192
4.9	Wet op publikasies en vermaaklikheid	...193
4.9.1	Die wet op publikasies	...194
4.10	Dwelmmiddels	...194

4.11 Samevatting ...194

HOOFSTUK 5: 1974-1982

'n ERA VAN GROOT STORMS

5.1 Die NG Kerk se invloed aan die afneem	...197
5.2 Broederlike onderhoud van die Algemene Sinode 1974	...197
5.2.1 Openingsrede 1978	...199
5.2.2 Die rede en herderlike brief van 1982	...200
5.3 Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif 1974	...201
5.4 Onderwys en opvoeding	...204
5.5 Die kerk en verkiesing	...204
5.6 Die Bearbeiding van die Beskermingsdienste	...205
5.6.1 Die Suid-Afrikaanse Weermag	...205
5.6.2 Die Suid-Afrikaanse Polisie	...209
5.6.3 Bearbeiding van die gevangenis	...211
5.6.4 Skakeling tussen die NG Kerk en die Beskermingsdienste	...211
5.7 Kommissie vir Skakeling met die Owerheid	...212
5.7.1 Algemene werk van die Kommissie vir Skakeling met die Owerheid	...212
5.7.2 Soweto: 16 Junie 1976	...215
5.7.3 Die Cillie-, Wiehahn- en Riekert Kommissies	...217
5.7.4 Die KSO en Algemene Sosiale Geregtigheid	...218
5.7.5 Die geestelike bearbeiding van die swart mense in blanke gebiede	...221
5.7.6 Die verandering in werkswyse van die KSO	...223
5.7.7 Indiërsake, visums, casinos en ander sake op die agenda van die KSO	...224
5.8 Openbare sedelikheid	...226
5.8.1 Die gewetenskousule	...226
5.8.2 Beeldradio	...227
5.8.3 Die huwelik en verwante sake	...228
5.8.4 Rasgemengde huwelike	...228
5.8.5 Die Ontugwet	...229

5.8.6	Drankmisbruik	...229
5.8.7	Publikasies	...230
5.8.8	Dobbel	...231
5.8.9	Bonusobligasies	...231
5.8.10	Die Wet op die vryheid van die pers	...233
5.8.11	Sondae	...234
5.8.12	Die Kinderwet	...234
5.8.13	Gesin- en regshowe	...235
5.8.14	Aborsie	...235
5.8.15	Kunsmatige Inseminasie	...235
5.9	Die Inligting skandaal	...236
5.10	Beleidsveranderinge in Parlement	...241
5.11	Hervormingsdaggetuienis 1980	...243
5.12	Stormkompas	...244
5.13	Teologiese kongres: Universiteit van Pretoria 18-21 Januarie 1981	...245
5.14	Die Ope Brief 9 Junie 1982	...245
5.15	Samevatting	...246

HOOFSUK 6: 1982-1986

‘n ERA VAN INTENSE TEOLOGIESE WORSTELING

6.1	Die NG Kerk en die Ekumene	...249
6.1.1	Die Algemene Sinode en die GKN	...249
6.1.2	Gereformeerde Ekumeniese Sinode	...249
6.1.3	Wêreldbond van Gereformeerde Kerke	...250
6.2	Die Belydenis van Belhar	...251
6.3	Die Referendum ‘n Historiese dag vir Suid-Afrika	...252
6.4	Die Noodtoestand	...252
6.5	Plakkers in nood	...253
6.6	Die Kairos-dokument	...253
6.7	Die Profetiese siening van die kerk nogeens in teologiese perspektief	...254

6.7.1 “Doen die NG Kerk dan niks?”	...256
A. Loonstrukture en werkreserwing: versoeke van die NGKA	...258
B. Ouderdoms- en ongeskiktheidstoelaes	...258
C. Die posisie en toekoms van stedelike Swartmense	...259
D. Onluste in Soweto en ander gebiede in 1976	...259
E. Getuienis voor die Cillie-kommissie	...260
F. Kommissie van ondersoek na die posisie van Swartmense in wit gebiede	...260
G. Trekarbeid	...262
H. Besluite en versoeke van sinodes	...263
i) Die Wes-Kaapse Sinode van die NG Kerk met betrekking tot die Swartmense	...263
ii) Besluite en versoeke van die sinode van die NG Kerk in Oos-Kaap	...263
iii) Besluite en versoeke van die Kaapse Sinode van die NGKA	...263
iv) Besluite en versoeke van die Algemene Sinode van die NGKA	...264
I. Soortgelyke versoeke van verskeie ander sinodes, ringe en kerkrade van die NG Kerk, die RCA en die NGSK	...265
J. Enkele van die mees resente versoeke en onderhoude aan die KSO en ander kommissies van die NG Kerk:	...266
i) Behuising vir Indiërs aan die Witwatersrand	...266
ii) Visums vir oorsese besoekers	...266
iii) Bonusobligasies (Sien p. 231, 5.8.9)	...266
iv) Hervestiging van nie blankes	...266
v) Verslae oor die nuwe arbeidsituasie	...266
vi) Die oprigting van casino's in onafhanklike state	...267
vii) Veiligheidswetgewing	...267
viii) Biersale wat op Sondag oop is	...267
K. Swart verstedeliking en behuising	...267
L. Behandeling van Gevangenes	...268
M. Spoedeisende situasies in Wes-Kaapland	...269
i) Plakkerskampe	...269
ii) Erfpagregte	...269
iii) Burgerskap, paspoorte en reisdokumente van Swartmense van verskillende	

onafhanklike state	...269
iv) Woonreg vir swart leraars	...270
v) Verblyfregte van leraars en kinders	...270
vi) Deregulering van sekere gebiede ten einde informele handel te bevorder	...271
N. Instromingsbeheer en werksgeleenthede in nasionale state	...271
O. Aanpassings deurvoer, saam en in oorleg met Swartmense	...272
6.8 Samevatting	...273

HOOFSTUK 7: 1986-1994

DIE ERA VAN FINALE OORGANG

7.1 Inleidend	...275
7.2 Openbare onsedelikheid	...277
7.2.1 Kunsmatige inseminasie	...277
7.2.2 Publikasies	...277
7.2.3 Huwelike	...277
7.2.4 Dobbels en Lotery	...278
7.2.5 Aborsie	...279
7.2.6 Sondag	...280
7.2.7 Kinderbeskerming	...280
7.2.8 Doodstraf	...281
7.2.9 Drank	...281
7.3 Opvoeding en onderwys	...282
7.4 Die Kommissie vir Skakeling met die Owerheid	...283
7.5 Kerk en Samelewing	...289
7.5.1 Reaksie Kerk en Samelewing	...291
7.6 Pres. P.W. Botha	...293
7.7 Die Algemene Verkiesing	...296
7.8 Die kerk en onderhandelinge	...296
7.8.1 NG Kerk en die ANC	...297
7.8.2 Mnr. Nelson Mandela	...297

7.9 Die Kerkeberaad	...299
7.10 Apartheid en Rustenburg	...300
7.10.1 Apartheid: wat sê die NG Kerk?	...301
7.10.2 Die Rustenburg belydenis	...301
7.10.3 Reaksie op Rustenburg	...302
7.11 NG kerklui praat oor vrede met landsleiers	...303
7.11.1 Geweld op pad na die oorgang	...303
7.11.2 Dr. Buthelezi	...305
7.12 Die referendum 17 Maart 1992	...306
7.13 Die opening van die parlement 1993	...307
7.14 Dr. A.P. Treurnicht	...308
7.15 Die Volksfront	...310
7.16 Korrupsie	...311
7.17 Mnr. F.W. de Klerk en die nuwe grondwet	...311
7.18 Sanksies	...313
7.19 Kodesa (Konferensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika)	...313
7.20 Die beskermingsdienste	...314
7.21 Die NG Kerk oor versoening en eenheidstrewes 1993	...317
7.22 Die Drie-enige God in die grondwet 1993	...318
7.23 "So glo ons", 'n eietydse geloofsverantwoordings	...318
7.24 Prof. E.P. Groenewald en die worsteling met eksegese rondom apartheid	...319
7.25 Samevatting	...320

HOOFSTUK 8: 1994-2002

IN DIE NUWE BEDELING

8.1 Voorwoorde en herderlike briewe van 1994-2002	...322
8.2 Verkiesing	...323
8.3 Staatkundige oorgangstydperk in Suid-Afrika	...325
8.4 Skakeling met die owerheid	...328

8.5 Waarheid- en versoeningskommissie	...329
8.6 Korrupsie	...334
8.7 Grondverdeling	...334
8.8 Heropbou en Ontwikkelingsprogram	...336
8.9 Beskermingsdienste	...336
8.10 Geweld	...338
8.11 Amnestie	...340
8.12 Openbare onsedelikheid	...341
8.12.1 Doodstraf	...341
8.12.2 Die Suid-Afrikaanse Uitsaai-korporasie	...341
8.12.3 Lotery en dobbelary	...341
8.12.4 Drank	...342
8.12.5 Aborsie	...342
8.12.6 Pornografie	...343
8.13 Die verslag oor versoening, armoede en morele herstel	...343
8.14 Onderwys	...344
8.15 Kerk en grondwet	...347
8.16 Liberaal, demokratiese staatsbestel	...348
8.17 Die Kerkorde	...356
8.18 Die kerk se getuienis	...357
8.19 Wat is die staat volgens J.A. Heyns	...360
8.20 In en oppad na die nuwe millennium	...362
8.21 NG Kerk 350 jaar	...362
8.22 'n Laaste kort getuienis vanaf die NG Kerk aan pres. T. Mbeki (Oktober 2002)	...364
8.23 Samevatting	...365

HOOFSTUK 9

SAMEVATTING

9.1 'n Teologies-kritiese besinning	...369
--	---------------

9.2 Die sosio-politieke terrein voor 1962	...370
9.3 Die sosio-politieke terrein na 1962	...375
9.4 Etiek en openbare sedelikheid	...389
9.5 Onderwys	...392
9.6 Maatskaplike sorg en barmhartigheidsdiens	...393
9.7 Ekumene	...394
9.8 Beskermingsdienste	...397
9.9 Oppad na 'n nuwe millennium	...401
9.10 Enkele laaste teologies-kritiese slotopmerkings	...402
9.11 Verder die toekoms in	...406
BRONNE	...408
OPSOMMING	...420
ABSTRACT	...423

Die NG Kerk as profeet teenoor die Suid-Afrikaanse regering (1962-2002): 'n Kerk-historiese perspektief

Inleiding

1. Doel

Die doel van die studie is nie net om hierdie bepaalde deel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (hierna NG Kerk) se teologiese denke en geskiedenis teologies-krities na te gaan nie, maar dit moet die kerk ook help om daarmee tot 'n sinvolle vergelyk te kom. Dit moet die NG Kerk in staat stel om homself krities in te stel op die verlede.

Vanuit die Skrif en die geskiedenis eien die kerk hom die reg toe om 'n bepaalde standpunt in te neem teenoor die staat (FRK Hand 1951:52). Wanneer 'n mens met die kerkgeskiedenis besig is, is die belangrikste vraag of die kerk werklik kerk van Jesus Christus in die konteks was (Lubbe 2002:3).

Hierdie studie is kerkhistories van aard. Dit fokus op die kontemporêre kerkgeskiedenis van die NG Kerk. In hierdie verband val die lig spesifiek op die vergestaltung van die denke oor die verhouding tussen kerk en staat (regering en owerheid) by hierdie kerk tussen 1962 en 2002.

Die NG Kerk van Suid-Afrika het sy teologiese standpunt oor die owerhede en dus nie-eksplisiet ook die verhouding tussen kerk en owerheid, duidelik en formeel vanuit die Skrif en in sy belydenisgrondslag sowel as kerkorde vasgestel. Die NG Kerk verbind hom aan die Drie Formuliere van Eenheid, wat die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls omvat. Al die belydenisskrifte is in 'n tyd geformuleer waarin 'n algemene bestel vanselfsprekend was. Net in die Nederlandse Geloofsbelydenis word 'n artikel aan die owerhede gewy. Dit is, of behoort, rigtinggewend in die denke en bediening van die NG Kerk te wees.

2. Sentrale vraagstelling

Hierdie studie hou hom dus veral besig met die veelbesproke verhouding tussen kerk en staat. Die onderhawige navorsing lê binne hierdie veld. Die fokus is op die NG Kerk, en hoe daar binne hierdie NG Kerk oor kerk en staat tussen 1962 en 2002 gedink is. Dit gaan hierin egter nie bloot oor historiese weergawe van 'n saak waaroor kontekstueel en akkommoderend nagedink en besluite geneem is nie. Dit gaan om 'n teologies-kritiese invra en opweging van die mate waarin die NG Kerk, getrou aan sy belydenisgrondslag en profetiese roeping (na sy Skriftuurlike singewing) was, teenoor die Suid-Afrikaanse staatsowerheid gedurende hierdie tyd. Dit onderwerp 'n intense ondersoek van ter saaklike literatuur, sinodale besluite en beleidstukke, sowel as die kerkorde aan 'n verantwoorde teologiese skrutining. By die NG Kerk het daar juis in die tagtigerjare 'n skuif gekom ten opsigte van hierdie saak. Wat voor ongeveer 1990 gesien is as die korrekte vergestaltung van die 'korrekte' profetiese stem van die NG Kerk, is in die nuwe konteks agterhaal en moes hersien word.

Die belangrikste en mees sentrale vraag van die studie is: hoe het die NG Kerk sy profetiese opdrag vergestalt gedurende hierdie tyd ten opsigte van die twee regerings van 1962-2002?

Hoe is die profetiese opdrag begryp in die tydperk 1962 -1993 en 1994 en daarna? Dit word alles gedoen om vas te stel óf hy profeties opgetree het en hoe? Wanneer is die kerklike profetiese stem werklik profeties? Waaraan word dit gemeet? En hoe moet dit bedien word? Binne 'n gegronde kerkhistoriese omlysting, fokus hierdie studie dus op die vraag na die aard, oorsprong, impak en motief van die profetiese stem(me) van die NG Kerk teenoor die staat gedurende 1962-2002.

Hierdie studie wil dus in die tydperk 1962-2002 die vraag vra: In watter mate was die NG Kerk getrou aan sy profetiese godgegewe roeping teenoor die Suid-Afrikaanse Owerheid as samelewingsverband ooreenkomstig die Heilige Skrif?

Is die Skrif reg verstaan?

Watter motiewe het 'n rol gespeel in die standpuntvorming van die NG Kerk?

Hoe is die profetiese roeping gesien deur die NG Kerk?

Veral tydens die apartheidjare en daarna, hoe het die NGK die politieke veranderde situasie in 1994 en wat sou volg hanteer?

Moes die kerk hom herposisioneer ten opsigte van sy profetiese rol in die lig van die veranderde politieke bestel?

Het die NG Kerk ooit sy taak as Profeet uitgeleef teenoor die Staat?

Het dit enige impak gehad?

Moet die kerk altyd noodwendig krities staan teenoor die regering of is aanprysing nodig onder sekere omstandighede?

Hoe moet ons bogenoemde verstaan teen die agtergrond van die gereformeerde siening van kerk en staat?

Het die NG Kerk 'n tydperk deurloop wat hy die regering slaafs nagevolg het en byna geruisloos in onstuimige tydvakke ontwikkelinge in Suid-Afrika slegs gade geslaan het?

Is die aanname "dat die NG Kerk die Nasionale Party in aanbidding was" korrek?

Dikwels hoor 'n mens die opmerking dat die kerk se stem stil geword het ten opsigte van belangrike kwessies van die dag veral t.o.v. vergrype of moontlike vergrype in die verlede deur die regering.

'n Vraag wat ondersoek word is wat was die benaderingswyse wat die kerk gevolg het sedert 1962? Was dit effektief? Wat is die benaderingswyse nou? Watter benaderingswyse behoort die kerk te volg in sulke gesprekke? Hoe het die wyse van gesprekke verander sedert 1994?

Was hierdie benaderingswyses hoofsaaklik gesprekke, korrespondensie, protesstemme, protesaksies of was dit meer gematig in die verlede en makliker omdat baie NP parlamentslede (hierna LP) veronderstelde NG Kerk lidmate was.

3. Hipotetiese opmerkinge

Hipoteties word aanvaar dat die NG Kerk in sy denke en besluite gedurende 1962 tot 1978 beïnvloed is deur die Suid-Afrikaanse verwerking van die 20ste eeuse Neo-Calvinisme. Die vryheidstryd van die tagtigerjare in Suid-Afrika het nie sonder kerklike begeleiding en konfessionele standpuntstelling plaasgevind nie. Dit, en die nuwe politieke bedeling, het bygedra daartoe dat die NG Kerk in 'n nuwe raam moes dink. Dit het sy tradisionele verstaan van die verhouding kerk en staat, diepgaande begin stempel.

In die afgebakende tydperk 1962-2002 sal daar gekyk word na die tipe hantering van moontlike uitstaande gebeure gedurende die tydperk deur die NG Kerk. Hieruit kan moontlik aangedui word watter tipe hanterings in elke tydperk na vore tree.

Hier kan die konteks moontlik in ag geneem word asook die spesifieke era en watter invloed dit ook kon speel op besluitneming oor verskillende gebeurlikhede.

Wanneer die tydperk onder oë geneem word (amptelike beleidstukke) kan daar gemeet word in hoe verre dit verteenwoordigend was van 'n beginselstandpunt.

Die doel van die studie is uitgedruk in die titel: dit moet die NG Kerk in staat stel om opsigself krities te wees oor sy bediening van die Woord in die verlede ten opsigte van die sake van die dag en daarop voort te bou vir die toekoms.

'n Laaste vraag kan ook gevra word: Kon die kerk ook vasgevang geraak het in die tydsgees, waar die konteks die benadering bepaal het?

4. Navorsingsmetodologie

Uiteraard is die navorsing histories-krities van aard. Binne hierdie paradigma beweeg die studie. Dit word egter baie sterk gekwalifiseer deur 'n teologiese beweging: bronne word binne hul histories-kerklike horison bestudeer in terme van hulle intensie om teologiese bronne te wees.

Die aard, doel en vraagstelling van die studie dui daarop dat dit hom ook van 'n teologies- kritiese metode moet bedien. Dit beteken 'n histories-kritiese metode wat ingewerk en voorgekom het op die bronne versameling, die bronne-interpretasie en die opdiep van relevante inligting en die omstelling en omskakeling daarvan tot, uiteindelik, 'n begronde en sindraende verhaal. Hierbenewens word bronne as teologiese dokumente gesien. Die teologiese bronne word tegelykertyd verbind aan 'n kerklike belydenisgrondslag, naamlik die Skrif, die kerkorde en die tradisie. Hierdie kritiese norm in die beoordeling van die resultaat is deurgaans gehandhaaf om dit te kon bewerkstellig.

Die belangrikste primêre bronne (meestal gepubliseer en voorhande in die kerklike argiefbewaarplesse in Bloemfontein en Stellenbosch) is geskrewe verslae en stukke rondom en in die Agendas en Handeling van die Algemene Sinode 1962- 2002. Hierna is die kerklike en teologiese tydskrifte en koerante belangrike bronne. Tersaaklike literatuur (boeke) word ook hierby ingesluit. Hiermee is die studieveld dus afgegrens: dit is dus duidelik dat teologies-historiese oorwegings 'n rol in die tema speel. Dit is duidelik 'n tydperk van beweging, ontwikkeling, besinning en kritiek.

Die veertig jaar waarop hierdie studie hom toespits, daag in meer as een opsig die kontemporêre kerkhistorikus metodologies uit.

5. Uiteensetting

Inleiding

- Hoofstuk 1: 1947-1962: 'n Era van vestiging van 'n bepaalde kerk-staat verhouding
- Hoofstuk 2: 1962-1966: 'n Era van konsolidasie van 'n bepaalde kerk-staat verhouding
- Hoofstuk 3: 1966-1970: Spanning en rasse-worsteling en kerk en staat
- Hoofstuk 4: 1970-1974: 'n Era van nadenke
- Hoofstuk 5: 1974-1982: 'n Era van groot storms
- Hoofstuk 6: 1982-1986: 'n Era van intense teologiese worsteling
- Hoofstuk 7: 1986-1994: Die era van finale oorgang

Hoofstuk 8: 1994-2002: In die nuwe bedeling

Hoofstuk 9: Samevatting

6. Waarde en relevansie van studie

Die verhouding tussen kerk en staat staan vandag steeds in Suid-Afrika in die brandpunt. Daar word in meer as een opsig hieroor nagedink, veral in die lig van die grondwet, wat godsdiens in behandeling neem en die reg daar rondom uitspel. Die NG Kerk is steeds, reg of verkeerd, onder verdenking omdat die kerk in terme van die verhouding kerk en staat, met die vorige bedeling geassosieer word. Die waarde van die studie lê daarin dat dit nie huiwer om die verstaan en praktyk van die kerk-staat verhouding by die NG Kerk in beide die vorige en huidige bedeling omvattend te beskryf en te beoordeel nie. In die kontrastering van die vorige en huidige bedeling, kom die ware teologie van die kerk na vore – iets waarby die res van die kerklike gemeenskappe in Suid-Afrika waardevolle lesse kan leer. Hierbenewens is die studie ook 'n substansiële bydrae tot die kontemporêre kerkgeskiedskrywing in Suid-Afrika – 'n tema wat aandring op behandeling.

Wanneer die tydperk 1962-2002 beskou word, blyk dit dat dit op sommige terreine gekompliseerd was. Die rol wat die NG Kerk speel t.o.v. die samelewingsverband kan nooit uit die oog verloor word nie. Juis vandag word dit baie benadruk dat die NG Kerk 'n daadwerklike verskil moet maak in sy omgewing en in Suid-Afrika as geheel.

Deur die tydperk 1962-2002 onder die loep te neem kan die rol wat die kerk t.o.v. die regering van die dag gespeel het, sowel as die kerklike, teologiese, ideologiese en ander motiewe van waaruit dit plaasgevind het, moontlik duideliker na vore tree. Hier kan aangedui word watter benaderingswyses gevolg is, wat dalk anders moes gewees het. Só kan die kerk leer uit die verlede, om verkeerde metodes of benaderings nie te herhaal nie.

Die universele waarde is dat die kerk in die breë ook kan leer uit die verlede t.o.v. hul profetiese roeping vir die toekoms.

HOOFSTUK 1: 1947-1962

'n ERA VAN VESTIGING VAN 'N BEPAALDE KERK-STAAT VERHOUDING

1.1. Inleidend

1.1.1 Die NG Kerk se teologiese standpunt-ontwikkeling

Die NG Kerk het onder andere sy belydenis en Kerkorde gebruik om sy teologiese standpunt oor die owerheid te vorm.

1.1.1.1 Nederlandse Geloofsbelydenis

In die Nederlandse Geloofsbelydenis (hierna NGB), artikel 36, vind ons dat dit uitsluitlik oor die owerheid handel. Die inhoud van artikel 36 lui soos volg: “Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag, konings, vorste en owerhede aangestel het. Dit is immers sy wil dat die wêreld deur middel van die wette en regerings geregeer moet word, sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop. Vir dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf (Rom. 13:4) en die deugsames te beskerm. Dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee en daarvoor te waak nie, maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die Antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder en orals te laat verkondig sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos Hy in sy Woord beveel. Verder is elkeen verplig, van watter hoedanigheid, rang of stand hy ook al mag wees, om hom aan die owerhede te onderwerp, belasting te betaal, aan hulle eer en onderdanigheid te bewys, hulle te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie en vir hulle voorbidding te doen dat die Here hulle in al hulle handeling mag bestuur ‘...sodat ons ‘n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en eerbaarheid’ (1 Tim. 2:2). Hierin verfoei ons die wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheids gesag en regeerders wil verwerp en die regsorde omver wil stoot, terwyl hulle die gemeenskaplike besit van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense ingestel het, versteur.” (Handboek van die erediens 1988:184-185).

Geskoei op hierdie veelseggende artikel kan verwag word dat ten minste die volgende vier uitgangspunte in die denke Owerheid-Kerk by die NG Kerk na vore gekom het:

Die burgerlike owerheid word deur God aangestel vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag. Dit is volgens God se wil dat die wêreld deur middel van wette en regerings regeer word. Daardeur word die losbandigheid van die mense in bedwang gehou (Handboek vir die erediens 1988:184). Polman (302-305) skryf dat die owerheid nie uit die volkswil is nie, maar 'n Goddelike verordening: daar is nie 'n owerheid wat nie van God kom nie; elke mens moet hom onderwerp aan die owerheid wat oor hom gestel is; die Skrif is duidelik oor die owerheid – dat dit gaan oor die handhawing van die goeie orde midde in die gevalle wêreld en die sondige mens.

Die tweede punt, wat uit die artikel voortspruit, is dat dit nie alleen die taak van die owerheid is om aan die staatsbestuur aandag te gee en daaroor te waak nie, maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die Antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder en orals te laat verkondig sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos Hy in sy Woord beveel (Handboek vir die erediens 1988:184).

Die belydenis gee ook 'n taakoms krywing aan die owerheid. Hieroor is al baie stryd gevoer. Hier moet mens nie veronderstel dat die owerheid geroep is om met dwingende mag, of selfs met die swaard, afgodery en valse godsdiens uit te roei nie, maar om die heilige kerkdiens en die Koninkryk van Jesus Christus te bevorder en om die Woord van die evangelie oral te laat predik. Die owerheid moet bydra tot die opbou van 'n samelewing; daar moet geen belemmering wees vir die prediking van die evangelie en die heilige diens van God nie (Polman:305-306, 308-309).

Die derde punt wat vermeld word, is onder andere gehoorsaamheid. Die artikel lui so daaroor: “Verder is elkeen verplig, van watter hoedanigheid, rang, of stand hy ook al mag wees, om hom aan die owerhede te onderwerp, belasting te betaal, aan hulle eer

en onderdanigheid te bewys, hulle te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie en vir hulle voorbidding te doen dat die Here hulle in al hulle handeling mag bestuur“, "...sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en eerbaarheid" (1 Tim. 2:2), (Handboek vir die erediens 1988:184-185).

Die sinrykste verhouding van die kerk teenoor die staat kom seker in sy voorbidding na vore. In die resente Afrikaanse teologiese literatuur van gereformeerde inslag, is dit 'n bekende tema, wat dikwels bestudeer en beredeneer is: dit is die priesterlike voorreg van die kerk om nie maar af en toe nie, maar voortdurend by die Here in te tree vir die owerhede. Daar moet gebid word vir die owerheid, sodat die Here hulle sal lei en daar 'n rustige en stil lewe sal wees tot eer van God. Paulus spel ook die onderdaan se taak uit in Rom. 13, dat die mens hom sal onderwerp aan die owerheid. Hieraan word ook 'n grens gestel in Hand 5:29, maar origens geld die woord dat wie hom teen die owerheid verset, die instelling van God weerstaan. Die Skrif gee duidelike voorskrifte: bid met smeking en voorbidding en danksegging. In die samekomste van die gemeente moet daar ook hiervoor ruim kans gegee word (Polman:315-316).

Die vierde en laaste punt gaan oor die verwerping van die owerheid se gesag. Artikel 36 noem dit soos volg: "Hierin verfoei ons die wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheidsgesag en regeerders wil verwerp en die regsorde omver wil stoot, terwyl hulle die gemeenskaplike besit van goedere invoer en die eerbaarheid, wat God onder die mense ingestel het, versteur" (Handboek vir die erediens 1988:185). Polman (317) skryf dat De Bres hierdie gedeelte met opset ingesluit het om elke moontlike gemeenskap met die wederdopers en ander oproerige mense te loën. Daar moet maar net een begeerte wees: die gehoorsaamheid aan die owerheid en om met 'n suiwere gewete te leef, om God te dien en om ons na sy Woord en heilige gebooe te reformeer. Wie die owerheid weerstaan, weerstaan God se ordonnansie en sal Sy oordeel ontvang.

Die vraag is of hierdie denklyn, van Woordverkondiging, gehoorsaamheid en die verwerping van diegene wat die owerheidsstruktuur en regsorde (wil) omverwerp,

grondliggend aan die denke van die NG Kerk in hierdie verband is. Meer nog, kan hierdie teologiese denkstruktuur steeds gehandhaaf word?

1.1.1.2 Die Kerkorde

Die Kerkorde (hierna KO) van die NG Kerk – wat amptelik deur die kerk aanvaar word – bevat 'n goeie aanduiding van die mate waarin bogenoemde belydenisdenklyn hom in die praktyk van die werklike lewe laat geld het.

In die Kerkorde (2002:30), in die sesde hoofstuk met die opskrif **Betrekkinge van die Kerk na buite**, vind ons die volgende vier hofies:

“In die lig van Rom. 13 erken die kerk die staat as 'n dienaar van God tot ons beswil. Dit is God wat aan die staat die opdrag gegee het om die reg te handhaaf en die kwaaddoeners te straf” (Kerkorde 2002:30). Calvin (Romeine 2008:319) skryf dat die owerheid hieruit leer wat hulle roeping is: hulle regeer nie ter wille van hulself nie, maar ter wille van die openbare welsyn. In hulle owerheidsgesag het hulle 'n verpligting teenoor God en teenoor die onderdane.

Die tweede punt is: “Die kerk erken dat die staatsowerheid, wat deur sy fisiese swaardmag in beheer van 'n bepaalde staatsgebied is, deur God beskik is en as sodanig eerbiedig moet word. Die norm vir die kerk se deelname aan die publieke regverkeer en uitoefening van burgerlike regte is die Woord van God.” (Kerkorde 2002:30). Calvin (Romeine 2008:319) skryf oor die gedeelte “...want hy dra die swaard nie verniet nie...” dat dit die ander taak van die magshebbers is wat verplig is om die brutaliteit van die bose, wat nie uit hul eie gewillig is om deur wette regeer te word nie, met geweld te onderdruk en die strawwe op te lê wat die oordeel van God vereis. Hy verklaar immers uitdruklik dat hulle met die swaard gewapen is, nie slegs as 'n ydel teken nie, maar om kwaaddoeners neer te slaan.

Die derde punt van die Kerkorde (2002:30) is: “Christus is die Hoof van die kerk. Daarom beskou die kerk sy reg op vryheid van godsdiens, wat sy Bybels-profetiese

getuienis teenoor die staatsowerheid en die wêreld waarin hy staan insluit, as onvervreembaar. In die uitoefening hiervan maak hy aanspraak op die regsbeaalde beskerming van die owerheid". Dit omskryf die onvervreembare en ondubbelsinnige taak van die kerk as Profeet ook baie duidelik; om dit enigsins te kan doen, beroep die kerk hom ook op die owerheid om dit moontlik te maak.

Die vierde en laaste punt is: "Die kerk nader staatsowerhede op alle vlakke op 'n ordelike wyse. Hierdie skakeling word gedoen deur sy erkende kerkvergaderings, of die kommissies wat hulle daarvoor aanwys. Skakeling oor sake wat die kerk in sy algemene sinodale verband raak, geskied deur die Algemene Sinode of sy betrokke kommissie. Skakeling sonder 'n opdrag van die Algemene Sinode geskied deur die betrokke kommissie in oorleg met die Algemene Sinodale Kommissies" (Kerkorde 2002:30). Deel van die kerk wat as Profeet moet optree sluit dan in dat die kerk die owerheid moet nader oor sake soos deur die Woord aan hom opgedra.

Wanneer 'n mens die twee dokumente van die kerk vergelyk naamlik die Kerkorde (2002:30) en die NGB (Handboek van die erediens 1988:184-185) (artikel 36) kom die volgende na vore:

Beide die stukke begin met die feit dat die burgerlike owerheid deur God aangestel is vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag en in beide kom die gedagte na vore dat dit God se wil is dat die wêreld deur middel van wette en regerings regeer moet word.

In beide is die gedagte dat die reg gehandhaaf moet word en dat die kwaaddoeners gestraf moet word. In beide vind ons ook die gedagte dat die Woordbediening beskerm moet word. In beide word daar gevind dat die owerheid eerbiedig moet word en dat die onderdaan hom aan die owerheid moet onderwerp.

In beide is daar ook die gedagte van die profetiese taak van die kerk. In die Kerkorde (2002:30) word dit direk genoem, terwyl die NGB (Handboek vir die erediens 1988:184-

185) noem dat die owerheid gehoorsaam moet word in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie.

In beide is die laaste gedagtes moontlik ooreenstemmend: by die NGB (Handboek van die erediens 1988:184-185) gaan dit daaroor dat die verwerping van die owerheid nie aanvaarbaar is nie, terwyl die Kerkorde (2002:30) verwys na die gedagte hoe die staatsowerhede genader moet word op alle vlakke en ook op 'n ordelike wyse. By beide is daar moontlik dieselfde gedagte om die staatsgesag te gehoorsaam en jou te onderwerp daaraan en om voortdurend met die owerheid in gesprek te wees oor sake waarvoor die kerk positief en bekommerd is.

1.1.1.3 Ras, Volk en Nasie asook Kerk en Samelewing

In die NG Kerk se worsteling met rasse-aangeleenthede en sy staatbeskouing is daar ook baie belangrike amptelike kerklike en teologiese standpunte gestel deur die NG Kerk.

Die bekendste hiervan is: *Ras, Volk en Nasie* (RVN) (1974) en
Kerk en Samelewing (KS) (1986)

Hierdie twee beleidstukke is teologies begelei deur nadenke, beredenering en uiteenlopende aandrange.

1.1.1.3.1 Ras, Volk en Nasie

RVN (1974:70) skryf die volgende oor kerk en staat, nl. dat kerk en staat elk instellings en instrumente van God is. Elkeen het 'n eie gesag, struktuur en taak in hulle onderlinge verhouding. Die taak van die kerk bestaan allereers daarin dat hy die evangelie van heil in Christus na binne aan sy eie lidmate sal verkondig, om hulle só toe te rus vir hulle dienswerk en roeping om sout en lig vir die wêreld te wees. So word die norm van Gods Woord in alle lewensverbande ingedra, ook sover dit die optrede van die owerheid in al die komplekse aspekte van sy regeerfunksie van veelvolkige en

veelrassige samelewing betref. Die kerk het wel ook 'n taak na buite naamlik om Gods Woord op alle terreine te verkondig, ook aan die staat.

In die veelvolkige situasie het die kerk ook 'n dubbele roeping teenoor die owerheid, wat onder meer is om die norme van Gods Woord, vir die onderlinge verhoudinge van mensegroepe tot mekaar, voor te hou en om die pligte van die owerheid in hierdie verband te verkondig. Die kerk moet ook waarsku teen onreg by die implementering van landsbeleid en in die toepassing daarvan. Hier moet die kerk durf sowel as diskresie beoefen. Die wyse waarop die kerk hom tot die owerheid wend, hang saam met die feit dat die owerheid 'n instelling van God is en 'n bevoegdheid het in eie kring. Hierin word die kerk se optrede ten opsigte van die owerheid begrens, nl. dat hy die eie aard en bevoegdheid van die owerheid sal eerbiedig. Dit is ook nie die taak van die kerk om vir die owerheid voor te skryf presies hoe hy in 'n veelvolkige of veelrassige situasie die onderlinge verkeer moet reël nie. Die aard van die kerk se kontak met die owerheid geskied ampshalwe deur die betrokke kerklike liggame. In hierdie kontak moet die kerk hom van twee dinge vergewis, naamlik van die korrektheid en kundigheid van sy feite en ten opsigte van die betrokke geval inderdaad die eise van die Woord van God verkondig. Die kerk het ook, behalwe die verkondigingtaak, 'n voorbiddingtaak ten opsigte van die owerheid met die oog op die koms van die koninkryk van God (Ras, Volk en Nasie 1974:70-71).

1.1.1.3.2 Kerk en Samelewing

In KS (1986:53,310) word daar geskryf dat die owerheid of regering van 'n staat (wat die politieke bestel daarvan bepaal) slegs 'n tydelike verteenwoordiger van die staat is en nie met die staat gelyk gestel mag word nie. Die status van die owerheid word egter ook bepaal deur sy roeping om dienaar van God te wees en om as sy hoogste taak vir die welsyn van al sy burgers sorg te dra. Die kerk as instelling onderwerp hom aan die gesag en die wette van die staat vir sover die owerheid se regsorde nie met die Woord van God bots nie (Kerk en Samelewing 1986:54,315).

Die NG Kerk moet die Woord van God ook aan die owerheid verkondig en sy aandag vestig op die norme van die Skrif ten opsigte van die onderlinge verhoudinge tussen mense en groepe, ook ten opsigte van die maatskaplike geregtigheid van orde en vrede en om ook die owerheid se pligte in die verband te verkondig (Kerk en Samelewing 1986:54,316). Die wyse waarop die gesprek, of kontak, met die owerheid geskied, moet by voorkeur ampshalwe en ordelik wees. Die skakeling geskied ook deur die Kommissie vir Skakeling met die Owerheid, wanneer dit om algemene beleidsake gaan (Kerk en Samelewing 1986:54,317,319). KS (1986:56,332,336,338-339) skryf ook dat die NG Kerk hom nie mag vereenselwig met bestaende of ander politieke ideologieë, of self politiek probeer bedryf deur die opstel van politieke programme of modelle nie. Die NG Kerk wil ook gedurig by die owerheid daarop aandrang om hom voortdurend te hou aan die norme van die Skrif ten opsigte van maatskaplike geregtigheid. Die weerhouding van politieke mondigheid en regte aan 'n deel van die bevolking is 'n ernstige aantasting van die menslike waardigheid. Die owerheid behoort ook aandag te gee aan maatreëls en reëlins wat as kwetsend en onmenswaardig ervaar word.

In beide dié dokumente is daar ooreenkomste sowel as verskille. Daar is duidelike standpunte dat die kerk 'n taak het teenoor die owerheid; dat die kerk teenoor die staat vanuit die Woord moet getuig.

By KS (1986) en RVN (1974) vind 'n mens dat beide se konteks in die onderskeie dokumente neerslag vind.

So byvoorbeeld vind ons in RVN (1974:70-71) dat die taak van die kerk allereers daarin bestaan dat hy die evangelie van heil in Christus na binne aan sy eie lidmate sal verkondig, om hulle só toe te rus vir hulle dienswerk en roeping om sout en lig vir die wêreld te wees. Só word die norm van Gods Woord in alle lewensverbande ingedra.

In RVN (1974:70-71) vind ons ook die begrippe en terme van veelvolke en groepe, terwyl dit nie meer so benadruk word in KS (1986) nie.

RVN (1974:70-71) gebruik ook die term dat die kerk “durf en diskresie” nodig het teenoor die regering by die implementering van landsbeleid.

‘n Mens voel ook hier by RVN die kompleksiteit van die konteks aan en dat die verskuiwing al effens begin, maar met groot omsigtigheid. KS (1986:54,316) werk meer met die begrip mense en groepe in plaas van veelvolke. KS praat ook meer van die onderlinge verhoudinge tussen mense en groepe. Hier word ook gepraat van die maatskaplike geregtigheid, van orde en vrede, asook om die owerheid se plig in dié verband ook te verkondig. Dié terme word nie gevind in RVN (1974) nie.

KS (1986:56,332,336,338-339) meld ook dat die NG Kerk hom nie mag vereenselwig met bestaande of ander politieke ideologieë nie. Hier is ook ‘n versigtige wegbeweeg van ‘n posisie te ná aan die politiek. Hier wil NG Kerk ook gedurig by die owerheid daarop aandring om hom voortdurend te hou aan die norme van die Skrif ten opsigte van maatskaplike geregtigheid, ook om ook te beklemtoon dat die weerhouding van politieke mondigheid en regte aan ‘n deel van die van die bevolking ‘n ernstige aantasting van die menslike waardigheid is, om ook aandag te gee aan maatreëls en reëlins wat as kwetsend en onmenswaardig ervaar word. Die wegbeweeg van die afsonderlike, wat hier sterk te bespeur is, is al ‘n redelike ontwikkeling van denke.

Gedurende hierdie tydperk het die onderliggende begrip van wat die Suid-Afrikaanse staat is, fundamenteel ontwikkel en selfs met ‘n ingrypende regeringsverandering gepaard gegaan. Hierdie aspekte word die beste beskryf deur vervolgens op verskillende grondwette en regerings te fokus.

1.1.2 Die Grondwette

Allereers word nou gefokus op die verskillende Suid-Afrikaanse grondwette en die rol wat godsdiens daarin gespeel het.

1.1.2.1 Zuid-Afrikawet 1909

In die grondwet van die Unie van Suid-Afrika (1909) vind mens interessant genoeg geen verwysings na godsdiens, geloof, kerk, kerk-en-staat verhouding nie (Wetten van De Unie van Zuid-Afrika 1910-1911).

1.1.2.2 Die Unie van Suid-Afrika 1961

In die grondwet (Wette van die Unie van Suid-Afrika 1961) vind ons weer 'n paar begrippe oor geloof. In die aanhef tot die grondwet kom die volgende voor:

“In nederige erkentlikheid teenoor die Almagtige God, Beskikker oor die lotgevalle van nasies en die geskiedenis van volkere, wat ons voorgeslagte uit baie lande byeengebring en hulle hier in hul eie gevestig het, wat hul weë deur geslagte bepaal het, wat hulle so wonderbaarlik deur gevare gelei het; verklaar ons, wat hier as verteenwoordigers van die volk vergader is dat, aangesien ons bewus is van ons verantwoordelikheid voor God en die mensdom, oortuig is van die noodsaaklikheid om saam te staan, om die geluk en die geestelike en stoflike welvaart van almal te bevorder. Die volk van die Republiek van Suid-Afrika (hierna RSA) erken die oppergesag en leiding van die Almagtige God.

Voordat 'n minister sy pligte as sodanig aanvaar, moet hy ook 'n eed aflê en dit word afgesluit met: “So help my God” (Wette van die Unie van Suid-Afrika 1961:374;349;363).

Hier is weer heelwat verwysings na die Almagtige God, Beskikker en dan ook “so help my God”. Hier was dit dus nog 'n Christelik-Nasionale bestel: dit blyk duidelik uit die grondwet se inleiding.

1.1.2.3 Die Republiek van Suid-Afrika 1996

Die datum van afkondiging was 18 Desember 1996 en die datum van invoering, 4 Februarie 1997.

Die aanhef van die grondwet (1996:2) is soos volg:

“Ons, die mense van Suid-Afrika, erken die ongeregthede van ons verlede; huldig diegene wat vir geregtigheid en vryheid in ons land gely het; respekteer diegene wat hul beywer het om ons land op te bou en te ontwikkel; en glo dat Suid-Afrika behoort

aan almal wat daarin woon, verenig in ons verskeidenheid. Daarom neem ons, deur ons vryverkose verteenwoordigers, hierdie grondwet aan as die hoogste reg van die republiek ten einde — die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep; die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gegrondves is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit; en 'n verenigde en demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as 'n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem. Mag God ons mense beskerm.”

In die grondwet (1996:18) vind ons by punt 15 die volgende:

Elkeen het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening.

In die grondwet by punt 1 (1996:43), punt 48 (1996:72), punt 95 (1996:79), punt 107 (1996:90) en punt 135 word die volgende gevind oor 'n eed en 'n plegtige verklaring wat die lid moet doen ooreenkomstig bylae 2¹. Indien 'n eed of 'n plegtige verklaring van getrouheid aan die republiek en gehoorsaamheid aan die grondwet afgelê word, is die bewoording: “So help my God”.

Tussen ons teokratiese ideaal en ons demokratiese bestel is daar spanning en knelpunte rakende die wyse waarop God in die aanhef ter sprake gebring word. Die aanhef van die grondwet verwys na God in die woorde “Mag God ons mense beskerm”, maar hier word bloot na God verwys en nie na die Drie-Enige God nie. Hierdeur word godsdiens nie uitgesluit nie, maar hier is ook geen verwysing na die oppergesag van God nie. In ons liberale demokrasie is die aanhef tot die grondwet dat die “regering gegrondves is in die wil van die bevolking” en die wil van die meerderheid gee die deurslag. Die vraag is egter wat gebeur as die wil van die bevolking iets goedkeur wat volgens ons oortuiging verkeerd is, want juis dit kan spanning bring tussen die kerk en

¹By die bogenoemde wanneer 'n eed afgelê word is die bewoording: “So help my God” [Bylae 2 gewysig deur “*Constitution First Amendment Act of 1997*” (sien Engelse teks) en vervang deur a 18 van Sesde Wysigingswet op die Grondwet van 2001.]

die liberaal-demokratiese staat in terme van dinge soos prostitusie, aborsie en pornografie. Wanneer dit deur die wil van die meerderheid gewettig word, is die vraag of die kerk in dié geval en ander waar die meerderheid se wil in stryd is met die Woord van God, van die staat kan vereis dat die staat die Woord bo die wil van die bevolking stel. Die akte van menseregte is die hart van die liberale demokrasie en die hart van die 1996 grondwet lê in Hoofstuk 2: Handves van Regte (NGK AS Hand 2002:229-237).

Met hierdie grondverskuiwing wat ook op die denke rondom kerk en staat by die NG Kerk geïmpakkeer het, hou die navorsing deeglik rekening.

1.1.3 Die Regerings

Om die verhouding van die NG Kerk met twee regerings teologies-krities te bespreek, is die navorsing eerstens histories-krities van aard. Binne hierdie paradigma beweeg die studie. Dit word egter baie sterk gekwalifiseer deur 'n teologiese beweging: bronne word binne hul histories-kerklike horison bestudeer om tot teologiese verstaan te kom. Daarom kan die metode ook as teologies en histories-krities beskryf word.

1.1.3.1 Die Nasionale Party (NP)

Onder die hofie **Program van Beginsels, Konstitusie en Organisasie** van die NP word die volgende genoem: Ds. Willem Postma van die Gereformeerde Kerk publiseer in Desember 1913 in Bloemfontein, met die oog op die stigting van 'n nuwe party, 'n ontwerp program. Die program verdeel hy in twee: naamlik "program van beginsels" en "program van aksie": ten opsigte van die beginsels het hy as predikant en Calvinis die Christelike karakter van die party primêr gestel en in die eerste vier artikels val die klem agtereenvolgens op "de leiding Gods", "de ordinantie Gods", "de dienaar Gods" en "het Christelike karakter van het overwegend grootste gedeelte van het volk". Die program word ook later met klein wysigings so aanvaar (Geysers 1983:187).

By die NP vind 'n mens weer spontaan talle verwysings na Christelik en 'n Christelike karakter.

1.1.3.2 Die 'African National Congress' (ANC)

Oliver Tambo word aangehaal in die ANC se amptelike dokument dat die ANC 'n lang geskiedenis het met die kerk en dat die stigters kerkmanne en -vroue was (www.anc.org.za).

Onder die hofie **Geloof en Politiek** word daar genoem dat geloof en politiek twee kante van dieselfde munt is en dat die armoedevraagstuk ook 'n geestelike uitdaging is. Daar word ook genoem dat geloof nie 'n waghond is wat net blaf nie, maar prakties deel is van die bou van 'n nuwe nasie (www.anc.org.za).

In die ANC se manifes noem hulle ook dat hulle 'n kommissie het vir inter-geloofskwessies wat verteenwoordigend is van al die hoofgeloofstrome (www.anc.org.za).

In die ANC se beleidstuk vind 'n mens verwysings na geloof, maar nêrens die woord Christelik of geloof in die Drie-Enige God, of Christelike karakter nie.

Die verskil en inslag van die twee regerings kan duidelik aangevoel word. Albei regerings se grondbeginsels vind uiteindelik grondslag in die Grondwette van hulle tyd.

Die sterk klem op die wil van die bevolking (van die huidige bedeling), bring ons by 'n knelpunt dat, indien die meerderheid van die bevolking materialisties en selfgerigte waardes nastreef, dié waardes ook die beleid van die regering en die optrede van die staat bepaal. Die kerk se uitgangspunt is egter dat ons moraliteit gebore word uit 'n ontsag vir die Oppergesag van God (NGK AS Hand 2002:229-237).

1.2 Historiese agtergrond

In die 18 de eeu was daar op staatkundige gebied 'n groeiende bewuswording van kleurverskille. So was daar in die kerk onder andere ook 'n geestelike oplewing, terwyl aparte dienste gehou is vir die heidene, maar almal was saam om die Nagmaalstafel, so het die NG Kerk rond geskipper tussen aparte of gesamentlike dienste. Op die

sinode in 1857 is besluit dat afsonderlike dienste gehou mag word. Dit is onjuis om te beweer dat die NG Kerk in die tyd reeds afsonderlike ontwikkeling of apartheid geskep het en aan die regering deurgegee het. Die wetgewing van 1913 is in die Parlement deurgevoer sonder dat die NG Kerk daarop inspraak gehad het. Tog is dit jammer dat die NG Kerk nie bly weerstand bied het teen die groeiende neiging tot geskeidenheid nie (Kinghorn 1986:84-85) .

Van der Watt (1987:75) skryf dat die rassegevoel in Suid-Afrika inderdaad fel en in die kalklig was. Kerkleiers het op amptelike kerkvergaderings die besondere vraagstuk steeds ernstig bejeën, bespreek en beplan.

In 1946 ontstaan die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (hierna GES) en by sy eerste byeenkoms in Suid-Afrika speel die rassevraagstuk reeds 'n rol en wel in so 'n mate dat die GES ook besluite daaroor neem. Twaalf jaar later in 1958 is die rassevraagstuk weer op die agenda van die GES van 1958: hierdie vergadering hou dan ook nabetrugting oor die GES van 1946 rakende die rassevraagstuk. Dit is duidelik dat Suid-Afrika in die oog was soos ook die Suid-Afrikaanse GES-lede byname die NG Kerk en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (hierna GKSA) (Strauss 1983:8).

By die tweede Algemene Vergadering van die Wêreldraad van Kerke in 1954 (hierna WRK) het dekades se besinning van die rassevraagstuk ook op duidelike besluite uitgeloop. Die besluite het daarop neergekom dat enige segregasie op grond van ras of kleur of etnisiteit nie met die evangelie ooreenkom nie (Strauss 1983:8). Dit alles het stadig maar seker druk op die NG Kerk geplaas op die tydperk wat sou voorlê, en so word die toekoms ook ingekleur vir 'n interessante en 'n spanningsvolle tydperk. Hiermee saam sou die kritiese vrae oor die profetiese stem van die NG Kerk teenoor die Suid-Afrikaanse owerheid wat die rassevraagstuk betref al hoe meer gevra word alhoewel die oorheersende oplossing gesien is in die rigting van apartheid.

Wie maar let op die redaksie- en briewekolomme van ondermeer Die Kerkbode aan die beginjare van die 20e eeu, word getref deurdat die enigste regverdige oplossing byna

uitsluitlik by elkeen (in die vroeë jare) gesien is in die rigting van apartheid² (Van der Watt 1987:75). Dit is ook die opvallende feit as die NG Kerk vir die eerste keer die rassevraagstuk amptelik bestudeer (Van der Watt 1987:75).

Sending- en rassevraagstukke is al meer in verstrengdheid beleef en ook ineengedink. Die eerste vier dekades van die 20ste eeu het 'n ontwikkeling hierin gebring, 'n amptelike sendingbeleid is ook ontwikkel, wat weer ontwikkel het uit die praktyk van sendingwerk, maar ook op grond van heersende opvattinge, wat sy beslag in die loop van die vorige eeu gekry het. Dit het ook ontwikkel onder invloed van 'n Europese blik op die mense van Afrika (Lubbe 2002:6,13).

Brink (1957:3) skryf oor die rassevraagstuk dat die wêreld te vol geraak het of dalk te klein geword het en dit veroorsaak dat mense teen mekaar begin druk en dit veroorsaak dat mense deur omstandighede soms gedwing word om te sê hoe hulle mekaar wil beskou en wil behandel. Die probleem is nie net eie aan Suid-Afrika nie, noem Brink (1957:3). Hy skryf dat in ander dele van die wêreld die rassevraagstuk vir die kerke en die regerings net soveel hoofbrekens besorg en dat daar vanuit daardie situasies geleer moet word. Brink (1957:3) noem ook verder dat die kerk se betrokkenheid by die rassevraagstuk oor menseverhoudings en gesindhede teenoor mekaar gaan, dit gaan ook oor die beoefening van geregtigheid teenoor mekaar, hy noem dat die evangelie verkondig moet word maar dan moet dit ook gesien word in ons eie lewens en in dit wat om ons aangaan. Die evangelie is nie net spekulatief tot die teorie nie, dit bied 'n nuwe lewe vir ons skryf Brink: die nuwe lewe stel ons ook in verhouding tot mekaar. Brink (1957:4) skryf dat dit ondenkbaar is dat iemand " wat belas is met kulturele sake of met die ekonomiese beleid van die land, sou kan sê dat hy niks te maak het met Kaffer, Moor en Indiaan nie, die kerk kan dit veel minder sê dit wil sê die Christen kan dit nie sê

²Kinghorn (1986:1) toon aan dat daar 'n verskil tussen apartheid en segregasie is. Apartheid is daarop gerig om skeiding absoluut af te dwing en individuele voorkeure word nie toegelaat nie. Terwyl segregasie die natuurlike skeiding tussen mense net wou bestendig. Dit gryp ver terug tot in die 19de eeu en is 'n verlengstuk van die Europese standebewussyn en dit was ook die beleid van al die regerings in Suid-Afrika tussen 1909 en 1948. Die term 'afsonderlike ontwikkeling' is deur die voorstanders van die beleid gebruik, terwyl die teenstanders van die beleid dit 'apartheid' genoem het (Van der Merwe 2002:53)

nie". Dat die NG Kerk in 'n sekere sin verantwoordelik is vir die saak en dat die kerk hom te diep ingelaat het daarmee om nou hom te wil onttrek was wel die geval. So het sinodes al baie besluite hieroor geneem en dan noem Brink (1957:4) dat die Transvaalse Sinode reeds in 1925 die saak bespreek het en in 1934 tot 'n positiewe besluit gekom het dat 'n sendingbeleid opgestel moet word: die Naturelle-kommissie het dit dan ook opgestel en die Raad van Kerke het dit ook goedgekeur in 1937³.

Brink noem die verantwoordelikheid van die kerk se profetiese taak duidelik en dat dit ook saam met sy verkondigingstaak gaan oor menseverhoudinge. Dit blyk egter dat die kerk dalk te na aan die praktyk beweeg soos blyk uit die volgende opmerking. Lubbe (2002:19) skryf dat amptelike stemme rondom 1935, deur kerkvergaderings soos die Federale Raad by die owerheid begin aandring op wetgewing rakende huwelike tussen blankes aan die een kant en Naturelle, Asiate of gekleurdes aan die ander kant asook wetgewing vir aparte woonbuurtes, skole en kolleges. Weer beweeg die kerk op die staat se terrein.

Die rassevraagstuk rondom apartheid en sending was ook pal onder bespreking. In 1944 moes die sinode se kommissie vir Aktuele Vraagstukke aantoon dat die NG Kerk se standpunt oor die rassevraagstuk gegrond is op die beginsels van rasse-apartheid en voogdskap soos in Gods Woord vasgelê. Die kommissie het volstaan met die verslag van prof. EP Groenewald in 1947 vir die Raad van Kerke. Dit is egter weer deur die sinode terugverwys ná 'n voorstel van prof. B.J. Marais (Lubbe 2002:19).

1.2.1 Oppad na die Algemene Verkiesing 1948

1.2.1.1 Die morele krisis in die land en die NG Kerk

Hierdie morele krisis waarin die land vasgevang was het nie by die NG Kerk verby gegaan nie: die kerk se profetiese stem moes hoorbaar word. Hoe sou die NG Kerk

³Brink (1957:60) noem dat die woord 'apartheid' toe nog onbekend was, maar die sinode het hier op aparte kerke besluit, wat neerkom op apartheid of eiesoortige ontwikkeling

teenoor die Smuts-regering sy stem vir oulaas laat hoor of het die kerk dit hoegenaamd gedoen?

Lubbe (2002:18) skryf dat protesstemme in 1948 opgegaan het van die Sinodes van Transvaal, Natal en die Vrystaat. Die Kommissie vir die Bestryding van Maatskaplike Euwels van die NG Kerk in die Vrystaat het ook 'n skokkende verslag die lig laat sien oor prostitusie in die stede en daar is ook verdere aandag geskenk deur die sinode aan Sondagsontheiliging, perderesies deur Naturelle, die opening van petrolvulstasies, interprovinsiale rugbywedstryde op Hemelvaartdag en die onbetaamlike swemdrag van dames. Die Transvaalse Sinode het ook die verskyning van Afrikaanse Sondagkoerante betreur.

Die kerk het die morele krisis in Suid-Afrika duidelik aangevoel en dit aangespreek deur sy amptelike vergaderings. Sou die verslae net opgeteken bly binne notules of sou die NG Kerk die moed van die dag hê om wel sy profetiese stem te laat hoor teenoor die Smuts-regering?

Kort voor die algemene verkiesing het die kerk wel so sterk gevoel oor hul profetiese stem dat hulle ook die Smuts-regering gaan spreek het. Lubbe (2002:17) skryf dat in Maart 1948 het 'n kerklike afvaardiging die Ministers van Arbeid en Justisie gevra om die wetgewing teen drankmisbruik in te stel teen die agtergrond van 'n vloedgolf misdaad; daar is ook aangedring dat die regering moes optree teen hondewedrenne, buitelandse loterye, onsedelike publikasies en die verkoop van voorbehoedmiddels aan skoolkinders (Lubbe 2002:17).

Gedurende 1948 het die NG Kerk in die Vrystaat ook die Smuts-regering versoek om nie met die deportasie van Duitsers voort te gaan nie, maar dat hulle as gewenste inwoners van die land gesien moet word (Lubbe 2002:16).

So het die kerk gedurende hierdie tyd (sonder dat hy dit besef) vir die voorlaaste keer sy profetiese stem laat hoor teenoor die Smuts-regering.

Hierdie gebeure het onder andere die tafel gedek vir die algemene verkiesing van 1948. Min is daar geweet dat die uitslag bepalend sou wees vir die toekoms van Suid-Afrika.

1.3 Die Algemene Verkiesing van Mei 1948

Die heel laaste keer dat die kerk sy profetiese stem teenoor die Smuts-regering gerig het was voor die algemene verkiesing. Rondom die algemene verkiesing van 1948 het daar 'n versoek van die kerk se kant af gekom aan genl. Smuts dat die verkiesing nie in die Pinkstertyd moes val nie. Die Smuts-regering het egter nie hieraan gehoor gegee nie en die verkiesing en Pinkster het in dieselfde tyd geskied. Die Transvaalse Sinode het dit betreur en die Kaapse Sinode het Pinkster-Sondag as 'n biddag afgesonder met die oog op die verkiesing. Die nederlaag van die Verenigde Party op 26 Mei 1948 was totaal onverwags (Lubbe 2002:22-23). Die Nasionale Party⁴ het onder dr. Malan⁵ teen alle verwagting in vir Smuts en sy Suid-Afrikaanse Party verslaan (NG Kerk 350:75). Oorblufte entoesiasme was die reaksie van die Afrikaners asook in kerklike kringe. By die kweekskool op Stellenbosch het uitbundige studente 'n optog gehou na dr. Malan se huis en dominees soos F.E.o'B. Geldenhuys moes hulle self inhou om nie die Sondag na die uitslag te triomfantlik te wees nie (Lubbe 2002:23).

Daar was ook 'n tendens in die era onder kerkleiers om hulle tot die politiek te wend. So was daar onder andere later dr. A.P. Treurnicht en dr. W.G.J. Lubbe, albei leraars wat ook later redakteurs van Die Kerkbode was (NG Kerk 350:75).

1.3.1 Hoe sou die kerk in die tyd die band tussen hom en die staat sien?

Op 16 Junie 1948 skryf prof. TN Hanekom in die hoofartikel van die Kerkbode oor die noue band tussen kerk en staat: hy wys daarop dat die parlamentsgebou weerskante

⁴Rassisme het nie ontstaan in 1948 toe die Nasionale Party aanbewind gekom het nie (De Gruchy 1979:53). Die jaar toe die NP aan bewind gekom het, het die Nederlanders dit wel gesien as die amptelike begin van die apartheidspolitiek (Strauss 1983:12)

⁵DF Malan was die enigste NG predikant wat regeringshoof geword het (NG Kerk 350:75)

ingesluit word deur die Grootse Kerk en die St. George Katedraal en die verloop van die verkiesing was vir hom 'n voorbeeld van hierdie band. In baie gevalle het ons Christelike volk uit die biduur en uit die binnekamer na die politieke vergaderinge en na die stembus gegaan. Die Transvaalse Kerk het die versoek van dr. Malan om voorbidding opgevolg met 'n spesiale toewydingsdiens vir die hele kabinet op 27 Junie 1948 (Lubbe 2002:24). Dit spreek van 'n besondere noue band wat daar was tussen kerk en staat in die era.

1.4 'n Nuwe era vir kerk en staat na 1948?

Strauss (1983:12) skryf dat 1948 'n belangrike baken is met besondere simboliese waarde wat gekoppel word aan apartheid wat dan later 'afsonderlike ontwikkeling' genoem sou word. Die NG Kerk word met hierdie stelsel geassosieer. Strauss (1983:12) noem dat die Gereformeerde Kerke in Nederland (hierna GKN) se afvaardiging in Suid-Afrika in 1978 die situasie beskryf het as "zeer reële verwevendheid van belange en inzichten tussen de Nederduitse Gereformeerde Kerk en de Nationale Party...." Was die stelling waar? As dit is, het dit moontlik die NG Kerk se profetiese roeping beïnvloed? Na 1948 het apartheid gou internasionale aandag gekry (Strauss 1983:52).

In die tydperk 1948 het die kerk en staat 'n nuwe era ingegaan. Die Kaapse Sinode het in 1949 gesinspeel dat dit nie die roeping is van die NG Kerk om aan enige regering die weg te wys waarlangs landsbeleid toegepas moes word nie. Tog is daar deur die sinode met dank kennis geneem wanneer die regering iets wat jare lank deur die kerk bepleit is in wetgewing omgesit is soos gebeur het met die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike wat deur die Kaapse Sinode bepleit is sedert 1915 (Lubbe 2002:35). Die NG Kerk se terrein vir hom as profeet was nie glashelder nie. Die kerk het tog sterk genoem dat hy nie aan die regering wil voorskryf nie, maar het dan tog. Volgens Lubbe (2002:37) het die NG Kerk se besinning oor apartheid as kerklike beleid na 1948 breedweg in drie fases verloop: die eerste fase was 1949-1957, wat bestaan

het uit konferensies en konsolidasie van 'n standpunt⁶. Hier was die Kaapse Sinode die eerste om die amptelike gesprek oor die Bybel en apartheid voort te sit. Daar is oor rassesseiding na 1857 en 1881 se besluite deur die sinode verwys asook na die Sendingbeleid van 1935. Uit Kleurverskil (Lubbe 2002:37) blyk die tweede fase, 1959-1978, "konfrontasie en nóg kommissies" wat die rasse situasie/beleid moes ondersoek; en dan die derde fase, 1979 en daarna, "die krisisgevoel wat nooit wou wyk en die kentering".

1.5 Die eerste staatbeskouing van die Federale Raad van Kerke, 1951-1957

Volgens die Federale Raad mag die owerheid nie voorskryf wat godsdienstig bely moet word nie, of hoe daar liefgehê moet word nie, want dit lê buite die grense van sy bevoegdhede. Sy taak is in besonder 'n regstaak en daarom het die onderdane die reg om te eis dat hulle in hulle eksterne regsverhoudings beskerm sal word (Hand 1951:60). Die staatsverband is van Goddelike oorsprong en aan die mens gegee ter beteueling van die ergste uitbarstings van die sonde. Die mens moet hom hieraan onderwerp; as dit nie gebeur nie raak diegene sy staat kwyt en gaan anargie so tegemoet (Hand 1951:60). Die staat is nie 'n uitvloeisel van die mens nie, net so min soos die gesin en die kerk. Die staat is skeppingsgegewe en sal so bly tot die einde toe (Hand 1951:60). Maar die mens pas hierdie struktuurnorme gebrekkig toe, daarvan getuig die hele geskiedenis (Hand 1951:60). Daar moet onderskei word tussen die staat na die wetsy (daarvan is God die oorsprong) en na die subjeksy (daarvan is die mens die vormer). Wie dit nie doen nie kan ook nie begryp waarom die mens nooit daarin sal slaag om 'n ander staat as die een wat in die swaardmag gefundeer is en in die reg sy bestemming het daar te stel nie (Hand 1951:60-61).

1.5.1 Die kerk se stem en die owerheid

Dit is dus duidelik dat die kerk nie mag swyg oor die staat en die owerheid nie, die kerk is verplig om te sê "so sê die Here, Here" (FR Hand 1951:53). Die Federale Raad (FR Hand 1951:53) gee dan ook redes hoekom die kerk sy stem moet laat hoor, onder

⁶Die NG Kerk se sending konferensie in 1950 het 'n aanbeveling gemaak dat territoriale apartheid die aangewese pad na vore is en dit het gelei tot die Groepsgebiedewet (De Gruchy 1979:32)

andere omdat dit die belydenis, is van die kerk en sodat die kerk nie neutraal sal staan teenoor die owerheid nie. Deurdadig die kerk sy stem laat hoor, leer die owerheid daardeur wat is die wil van die Here. Die kerk moet 'n heldere getuigenis aflê om die volk en die wêreld terug te roep tot die Lewende God en sy onfeilbare Woord (FR Hand 1951:53). Hier spreek die Federale Raad hom ook sterk uit ten opsigte van die kerk se rol teenoor die regering. Sou die kerk dit uitgeleef het? Gesien in die lig dat kerk en staat naby aan mekaar beweeg het bly die standpunt opvallend. Treurnicht (1961:43) noem dat die staat 'n instelling van God is en as 'n dienaar van God moet die kerk onder andere gehoorsaamheid en agting aan die owerheid inskerp: net soos wat dit profeties is om die owerheid te vermaan as daar dwaling is net so is dit dan ook om die owerheidsinstelling as gawe van God vir die samelewing ook aan te prys. Hier is die gedagte van die aanprys van die owerheid weer oorbeklemtoon.

1.5.2 Die Humanistiese Staatsleer

Die gevoel dat die humanistiese staatsleer en stelsels 'n bedreiging inhou vir die kerk skep 'n dringende behoefte aan "so sê die Here" veral ten opsigte van staat en politiek omdat dit neutraal staan teen God en sy gebod (FR Hand 1951:53). Die Federale Raad rig ook 'n dringende waarskuwing in hulle besluite dat indien daar by die owerheid en onderdaan geen terugkeer is tot God en die ware Christendom nie, is dit tot ellende gedoem, want volkere wat hul nie voor God se wil buig nie, sal hulle ook nie deur menslike verdrae ag nie (FR Hand 1951:53). Die humanistiese kant verduidelik die oorsprong van state soos bv. die kontraktheorie, die ewolusionistiese en die magteorie; dit is vir die Christen verwerplik omdat dit nie uit die Skrif kom nie waarsku die Federale Raad verder (FR Hand 1951:61). Die humanisme kom in verset teen die beginsels van ware vryheid, die ongeloof wil altyd die mens verlos van sy Skepper, vir die humanis, is die eie wil en eie wet die enigste wet en maatstaf (Hand 1951:66).

1.5.3 Die grondbeginsels van die Calvinisties Christelike staatkunde

Die Federale Raad ook gesien binne konteks, antwoord dan ook ten opsigte van hoe die grondbeginsels behoort te lyk in die staat. Dit begin by die ware geloof, God is die Skepper en die Voleinder (FR Hand 1951:53). God se skeppingsorde is in harmonie, maar die sonde het dit wat goed was beroof van Gods heerlikheid en in Adam het die hele menslike geslag sy hart van God afgewend. God alleen kon red wat deur ons sonde verbreek en vernietig is (FR Hand 1951:54). Hy is nie alleen Hoof van die kerk nie, maar is ook as Maghebber Hoof van die Christelike staat, die Christelike huwelik, gesin, skool, universiteit, fabriek, ens. Hierdie Skriftuurlike belydenis van God lê aan die wortel van ons hele lewensbelydenis en wie dit hierin met die Christen nie eens is nie, sal dit ook in die staatsleer nie met ons vind nie (FR Hand 1951:54).

1.5.4 Die roeping van die staat

Hier vra die Federale Raad die belangrike vraag naamlik: “Wat is die besondere oorsaak en roeping van die staat?” Want ook hierdie verband het ‘n bepaalde doel in Gods skeppingsorde. Die antwoord is dat die staat- en owerheidsinstellings gegee is as gevolg van die verdorwenheid van die menslike geslag en daarom bely ons op grond van die Skrif dat die owerheid vanweë die sonde ingestel is volgens Artikel 36 van die NGB (FR Hand 1951:58-59). Indien die mens in sy oorspronklike skeppingstoestand gebly het sou elke dwangmag ontbreek het en van die swaard sou niemand geweet nie. Die sonde het egter alles verander, die mens het sy vaste grond nie meer God gesoek nie, maar net sy eie bedorwe self. Dit is ‘n instelling ten opsigte waarvan ons gehoorsaam aan die Skrif en saam met die kerkvaders en hervormers moet bely dat dit gebore is uit die onfeilbare goedheid van God en daarom ook gerig is op die behoud van die mens in hierdie bedeling. Die oorsprong en voleinder van die staat en owerheid is dus God. Dit is Sy wil dat hierdie instelling die ergste uitbarstings van die sonde moet beteuel en stuit: Hy het dit toegerus met heerskappyreg en swaardmag, selfs oor lewe en dood. Die roeping van die owerheid is besonder duidelik, hy moet die deurwerking van die sonde stuit en is toegerus daarvoor in die staatstruktuur (FR Hand 1951:59). Hier is ook ‘n aansluiting by Rom. 13 veral wat betref die swaardmag en die toepassing daarvan om die sonde te weerstaan.

1.5.5 Die gesag van die staat

Die oorsprong van alle gesag is die Almagtige, en daarom is alle gesag van die mens oor sy medemens afgeleide gesag. Daar moet onderskei word tussen Skeppers-almag en skepsel-gesag, die eersgenoemde is ewig en Goddelik en laasgenoemde is tydelik en menslik. Die gesag van die mens is 'n genadegawe van God aan 'n bedorwe geslag, daarsonder sou geen gesagsdraer kon optree nie, dit is dus gegee as 'n genademiddel ter stuiting van die sonde met 'n verantwoordelikheid aan Hom (Hand 1951:62). Alle gesag is dus afhanklik van God en is tydelik. Teenoor mekaar is die gesagsoorte onderling egter selfstandig, vry en in eie bevoegdheid (Hand 1951:62).

Alle gesag is van God ontvang en daarmee is die owerheidsabsolutisme sowel as die vals demokratiese dogma van volksoewereiniteit by die wortel afgesny (Hand 1951:62). Wie nalaat om sy gesag voortdurend te handhaaf verval as owerheid in anargisme, alles wankel en van vrede en veiligheid is daar geen sprake nie. Wie gesag misbruik of in onbruik laat, gaan self ten gronde (Hand 1951:63). God beskik oor alles en elke gesagsdraer beskik alleen oor dit waartoe hy van Gods weë bevoeg en geroepe is (Hand 1951:63). Soms kan selfs 'n slegte owerheid die mens tot seën wees, Calvyn leer luidens die Skrif dat 'n mens 'n slegte owerheid moet gehoorsaam. God louter sy volk langs hierdie weg, al handhaaf die owerheid 'n publieke regsorde wat swak is, is dit tog beter as geen owerheid nie, indien sy bevele met die ordinansies van God bots moet die Christen dit nie gehoorsaam nie en tot eer van God ly (Hand 1951:66).

Sonder owerhede kan die sondige mens nie bestaan nie. God laat die werk van sy hande nie vaar nie, so ook die owerhede, omdat dit aan die mens gegee is tot heil van sy kinders, al begryp ons dit nie (Hand 1951:66). In die kerk, die huisgesin en die skool is vryheid anders as in die staat, elke verband het 'n bepaalde soort vryheid. Hy eis van elke verband 'n partikuliere gehoorsaamheid (Hand 1951:66-67). Die gesag van die owerheid is begrens, so mag die owerheid nie die bediening van die Woord en die sakramente van die kerk probeer oorneem nie, ook mag die owerheid nie aan die huwelik en gesin, kuns en wetenskap voorskrifte gee waardeur hy die betrokke verbande en lewensterreine van hul selfstandigheid beroof nie. Die onderdane is

eerstens vry wanneer die owerheid sy bevoegdheidsgrense eerbiedig en nie die burgerlike lewe vir homself inpalm nie, daarom kan 'n mens met vrymoedigheid praat van godsdiensvryheid, liefdesvryheid, kunsvryheid, ekonomiese vryheid en selfs onderwys- en wetenskapvryheid, hier moet die verbandsvryhede eerbiedig word (Hand 1951:67).

As owerhede en onderdane kan ons alleen vry wees deur in alle opsigte Godsgehoorsaam te leef (Hand 1951:68). Die owerheid wat sonder in ag neming van die politieke oortuigings van sy burgers regeer, weerhou aan hulle politieke vryhede. Hier is daar nie sprake van publieke opinie nie, medeseggenkap is uniek staatlik en dit is so staat-eie as owerheidsgesag en swaardmag (Hand 1951:69).

1.5.6 Die Christen-burger en stemreg

Die Federale Raad noem ook hier dat die Christen-burger moet meer eis as medeseggenkap, naamlik stemreg, gesien ook in die lig van die konteks is daar van algemene stemreg nog glad nie sprake nie. Die Christen-burger weet net so goed as sy owerheid wat politieke reg en verkeerd is en moet dus nie alleen sy behoeftes aan die owerheid bekend maak nie, maar ook sy kritiek: hierdeur moedig die Federale Raad ook die Christen burger aan om daardeur ook van so 'n slegte owerheid ontslae te kan raak. Politieke medeseggenkap kom neer op die toetsreg van die burgers op die owerheid (FR Hand 1951:70). Die Christen-burger toets die staatsbeleid aan hul Christelike politieke geloofsbelydenis en aan die Woord van God; so plaas hulle deur middel van hul stemreg 'n ander owerheid aan bewind, hierdie toetsreg is die sluitsteen van elke Christelike staatsvorm.

Die gedagte van stemreg kom weer na vore, maar is weereens tydgebonde (FR Hand 1951:70). Stemreg is 'n genademiddel, dit is 'n kleinood wat die mens met die grootste versigtigheid en verantwoordelikheid voor God moet gebruik. Stemreg is 'n simbool van God se Soewereiniteit, elke stem moet 'n weerklank wees van "So sê die Here" (FR Hand 1951:70). Stemreg moet altyd met verantwoordelikheid teenoor God gebruik word (Hand 1951:71). Stemreg impliseer die daarstelling van 'n owerheid. Die

Federale Raad dui ook aan wie mag stem deur aan te dui dat 'n mens nie vir 'n mens stemreg gee bloot omdat hy 'n mens is nie, dit geld nie alleen die onmondige gemeenskappe nie, maar ook hulle wat in opstand teen God is byvoorbeeld die kommuniste. Mondigheid is nie die alleen toets vir stemreg nie, maar wel ook Christelikheid. Politieke seggenskap word nie aan ons nie-blankes weerhou nie, hulle het gewaarborgde weë waarvolgens hulle hul wense en kritiek aan die owerheid kan bekend maak, wie meer as dit wil gee, wil aan hierdie onderdane regte gee wat hulle nie tot hul eie beswil kan gebruik nie (FR Hand 1951:71). Met hierdie opmerking merk 'n mens tog 'n deurskemering van onrustigheid oor stemreg aan al die bevolkingsgroepe. Die Federale Raad se besluite hier dui op byna 'n verdediging van beperkte stemreg.

1.5.7 Kommunisme en demokrasie

Die kommuniste probeer om state te organiseer sonder politieke partye, maar dit loop gewoonlik op 'n diktatuur uit (Hand 1951:71). Waar daar 'n homogene bevolking is kan daar wel uitsonderings wees, voorbeelde hiervan is die ou Boere republieke en die VSA, maar namate die politieke stromings meer word, ontstaan daar weer politieke partye (Hand 1951:71-72). Die demokrasie dra ook in homself die kiem van sy ondergang deurdat die meerderheid die septer swaai (Hand 1951:73). Daar mag eintlik aan geen antichristelike die reg gegee word tot partyformasie nie. By ons geld dit die kommunisme wat geen reg moet hê tot politieke organisasie nie omdat hulle teen Christus organiseer en stem; eintlik moet daar aan geen politieke party wat op 'n totalitêre staat afstuur die reg gegee word om in 'n politieke organisasie te wees nie (Hand 1951:74). Christelike owerhede, onderdane en Christelike state word onteenseglik ge-eis van die Skrif. Die wortelvraag van die staatkunde is nie die vraag na staatsvorme nie maar die vraag na die hartsgerigtheid van die owerheid en die onderdaan. Wanneer 'n Christelike, gelowige volk hom beywer vir 'n Christelike staat en politiek moet alles in gehoorsaamheid wees aan God en sy gebod; vir Christene is daar nie net een korrekte staatsvorm nie, dit mag wissel (Hand 1951:74). Die kerk mag ook konstateer dat staatsvorme wat uit die ongeloof kom, verwerp moet word, hierdie

getuienis van die kerk moet die gelowige aanspoor tot besinning oor die Christelike staat en die politiek tot eer van God (Hand 1951:75).

1.6 Federale Armsorgraad

In 1953 het die Federale Armsorgraad van die NG Kerk oorgegaan om die hele situasie te ondersoek, rakende die platteland, en in 1956 het die regering 'n kommissie aangestel wat die volgende opdragte moes ondersoek: die omvang van die platteland; die mate waarin plase groter en kleiner word; om boere in die boerdery te plaas op 'n meer ekonomiese grondslag en om 'n aanbeveling te maak om die toestande te verbeter vir die blanke bevolking (Die Kerkbode, no.6, jaargang 112, 10 Augustus 1960, 178).

1.7 Die eerste botsing tussen kerk en staat oor die Naturelle-wetgewing

Die NG Kerk se profetiese stem het hier sterk oorgekom. Die eerste botsing tussen kerk en staat het gekom in ongeveer 1957. Wetgewing het dit baie moeilik gemaak vir swart persone om enige erediens by te woon in blanke kerke, dit het 'n groot reaksie veroorsaak vanuit die kerke, en briewe is gerig aan dr. Verwoerd. In die verband het die NG Kerk ook reageer deur die Federale Raad, en die regering gevra om die kerk sy vryheid te gun om sy taak te volvoer: die Raad het gevoel dat die staat sy grense oorskry. Gesprek is deur die Raad met dr. Verwoerd gevoer oor die aangeleentheid en die Raad was tevrede dat die regering die kerk sy vryheid sal respekteer. Die punte van kritiek teenoor die staat is egter nooit openbaar gemaak nie (De Gruchy 1979:60-61). Dat die NG Kerk 'n baie groot invloed gehad het in Suid-Afrika was so, dit was ook die dominante kerk in Suid-Afrika, baie van die parlementariërs was ook NG Kerk lidmate asook lede van die polisie en van die weermag. Die NG Kerk het inderwaarheid die sleutels van die toekoms van Suid-Afrika gehou (De Gruchy 1979:62-63). Ten spyte van die stem van die NG Kerk het sy profetiese uitlewing moeiliker geraak en onder druk gekom.

1.8 Cottesloe-beraad, 7-14 Desember 1960 te Johannesburg

1.8.1 Die Aanloop tot Cottesloe

Die bekende Cottesloe-beraad van 7-14 Desember 1960, wat o.a. alle verteenwoordigers van alle lidkerke van die WRK in Suid-Afrika betrek het, het plaasgevind binne 'n historiese konteks wat sekere verreikende gevolge binne Suid-Afrika sou uitoefen. Naas Sharpeville⁷ waar die opstande 'n hoogtepunt bereik het op 21 Maart 1960, die afkondiging van 'n noodtoestand op 30 Maart 1960 en die wêreldwye golf van kritiek teen apartheid, het daar ook verskeie politieke gebeure in 1960 en 1961 plaasgevind (Potgieter 1994:34; Strauss 1994:208-209; Van der Merwe 2002,54). Die betogings is skerp veroordeel uit NG Kerk geleedere en die lidmate is gemaan tot kalmte en om hulle te weerhou van 'n onsimpatieke behandeling van die "nieblankes" (Van der Merwe 2002,54). "Predikante van die NG Kerke van Suid-Afrika het ook in hierdie tyd 'n verklaring onderteken o.a. as voorsitters van sinodale kommissies en in die inleiding van die verklaring hulle skok uitgespreek oor die "tragiese" gebeure en dat hulle simpatie uitgaan na mense van alle rasse. In die verklaring wat baie prominensie gekry het word ook 'n profetiese stem gehoor vir die regering, dat die regering gevra word om sy beleid so uit te voer dat menseverhoudinge nie benadeel word nie en dat wrywing tot die minimum beperk moet word. Hier word ook verwys na afsonderlike ontwikkeling en dat die sinodes dit "gebillik" het as dit reg verdig en eerbaar is sonder om menswaardigheid in die proses aan te tas. Die verklaring vra ook vir verbetering van loonstrukture en die aandag daarvoor van die regering en die private werkgewers (Strauss 1983:118).

Hierdie was uiters spanningsvolle tye vir die kerk en land, die NG Kerk handhaaf afsonderlike ontwikkeling steeds maar met voorwaardes. Dat die kerk hier sy profetiese stem laat hoor het was so, al was dit dalk net 'n fluistering. Op 3 Februarie 1960 stel die besoekende Eerste Minister van Brittanje, Harold Macmillan, dit dat Brittanje swart nasionalisme aanvaar. Die gevolge hiervan is dat Brittanje geleidelik uit sy kolonies terugtrek. Hierdie toespraak word ook die "*Winds of change*" toespraak genoem, en hierin het hy ook genoem dat hy die rigting waarin afsonderlike ontwikkeling beweeg as 'n werkbare oplossing vir die rassevraagstuk van Suid-Afrika, betwyfel (Potgieter

⁷In die Redaksionele kolom van Die Kerkbode (no.5, jaargang 112, 3 Augustus 1960, 132) word daar baie gewag gemaak van die wêreld se mening wat oorgekook het van verontwaardiging oor die gebeurtenisse in Sharpsville en Nyanga, maar die meer as veertigduisend mense wat moes vlug uit die Kongo word net skouerophalend gadeslaan. Daar is 'n skokkende ongevoeligheid teenoor die duisende blanke vlugteling van die Kongo, en die vraag word hier gevra: "Watter soort Christendom vind ons in die wêreld wat twee tipes waardestelle het?"

1994:34; Van der Merwe 2002,54). Die NG Kerk het al hoe meer onder druk gekom en al hoe meer kritiese⁸ vrae is ook teenoor die kerk geopper. So was daar 'n opmerking in die redaksionele kolom van Die Kerkbode (no.7, jaargang 112, 17 Augustus 1960, 212-213) met die opskrif "Diep Betreur". Hier vra 'The Congregationalist' van Augustus 1960 kritiese vrae en spreek bekommernisse uit oor die NG Kerk se voorstelle om die Christenraad te ontbind en tot die Federale Raad toe te tree. Verder word die opmerkings gemaak dat die NG Kerk geen poging aangewend het om 'n eerlike oordeel teenoor die wrede wetgewing van die regering deur te gee nie asook alle sake wat rasseverhoudinge raak nie. In antwoord hierop word gevra wat die Engelse Kerke, wat so graag wil hê dat die NG Kerk die huidige regeringsbeleid moet veroordeel, sou gedoen het as die meerderheid van die kabinetslede van een van hulle kerke was en die meerderheid van hulle lidmate 'n omstrede landsbeleid voorstaan? Sou hulle hul owerheidspersone openlik tot skande wou maak met persverklarings, optogte, politieke preke ensovoorts? Die NG Kerk wil nie roem in die aantal onderhoude wat verantwoordelike leiers van die kerk met die regering gevoer het nie en dit juis oor aspekte van die apartheidswetgewing. Die kerk moet spreek^{9,10} en ons is die eerste om te bely dat ons nie genoeg gespreek het nie. Dat die NG Kerk vasgevang was in te na aan die staat te beweeg word ook hier duidelik gesien. Die NG Kerk was ook sensitief

⁸Die redaksionele kolom noem dat daar geweet word dat 'n mens nie mag sê reg of verkeerd, my volk bo alles nie, maar die beskuldigings kom veels te maklik in die verband na die kerk, wanneer 'n prediker die woord 'volk' van die kansel af gebruik, word daar al te maklik na rasse trots verwys. Die geskiedenis het ook geleer dat 'n kerk nie met die volk wat hom dra te ongeërg en onsimpatiek mag omgaan nie, die kerk kan maklik deur so 'n volk verwerp en verloën word (Die Kerkbode, no.18, jaargang 112, 9 November 1960, 644)

⁹Rondom sport op Sondag waar sportmanne van Suid-Afrika deelgeneem het op 'n Sondag in Duitsland word beklemtoon dat die kerk nog altyd 'n duidelike stem laat hoor het teen die ontheiliging van die Sondag. Hier mag die owerheid as dienaar van God nie die goddelike wet vir die menslike samelewing verontagsaam nie (No.13, jaargang 112, 28-09-1960, 420).

¹⁰Na 'n verklaring van 'n universiteitsdosent dat honderde lektore skepties staan teenoor die godsdiens en dat hy onbeskaamd kies vir ateïsme word daar gereageer in Die Kerkbode (no.15, jaargang 112, 19 Desember 1960, 485) dat onder andere die staat geroepe is om die belange van mense, maar ook hulle godsdienstige belange te beskerm, dat die staat ook moet waak teen die ontkerstening en sedelike verval van 'n volk; die staat moet ook waak dat die skole en die hoër onderwys nooit misbruik mag word vir die verspreiding van ateïsme nie daarvoor soos blyk uit die antwoord. Hier word tog ook verwys daarna dat die NG Kerk onderhoude gevoer het oor die apartheidswetgewing. Wat die komende beraad betref kom die volgende na vore uit koerantuitknipsels van JD Vorster, dat dit duidelik was dat daar binne die NG Kerk nie eenstemmigheid oor die komende beraad was nie. Vorster self het in hierdie uitknipsels gewaarsku dat De Blank openlik oorlog teen die NG Kerk verklaar het. Vorster verwerp egter enige besluit van die komende beraad wat van die apartheidsbeleid wou afwyk, want die rassebeleid was volgens Vorster die vrug van baie gebede in die verlede (Potgieter 1994:41). Die spanning was duidelik aan die oplaai in die kerk oor die komende beraad.

1.8.2 Die Cottesloe-beraad

Op uitnodiging van die sentrale komitee van die Wêreldraad van Kerke met betrekking tot die verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse lidkerke vind die beraad¹¹ plaas vanaf 7 tot 14 Desember 1960. Dit vind plaas in die Cottesloe *College Residence* in Johannesburg en die volgende punte sou hier aandag geniet: die feitelike rasse-situasie in Suid-Afrika, die Skrif en die rasseverhoudings, die kerk- en die kontemporêre geskiedenis, die noodtoestand in Suid-Afrika, die getuienis van die kerk ten opsigte van geregtigheid, sending en samelewing (Potgieter 1994:38,41; Van der Merwe 2002:55; Strauss 1991,437). Die NG Kerk se afvaardiging by Cottesloe het dit onderstreep dat dit die kerk se taak is om die owerheid se gewete te wees, dit wil sê die kerk het 'n roeping om die ganse werklikheid aan die beginsels van die Skrif te toets (Van der Watt 1987:107). Gilliomme (2004:478,479) skryf dat teen die einde van die konferensie twee sinode afvaardigings van die NG Kerk die besluite van die Cottesloe konferensie aanvaar. Dit het onder meer die volgende behels: dat alle rassegroepe wat permanent in die land gevestig is deel is van die totale bevolking en het ewe veel reg om te deel in die verantwoordelikhede, belonings en voorregte wat daaruit voortvloei en elkeen het die reg om grond te besit waar hy gedomisileer is en om deel te hê aan die land se regering. 'n Beleid wat swart en bruin permanent medeseeggenskap in die regering van

¹¹Geen lesings is gehou nie en die meeste van die tyd is in beslag geneem deur besprekings, die tema wat behandel is was “Jesus Christus, die lig van die wêreld” (Potgieter 1994:43)

die land ontsê, kan nie geregverdig word nie. Daar is ook geen skriftuurlike gronde vir die verbod op gemengde huwelike nie.

Dit het hier dus oor drie weselike sake gehandel naamlik: naasteliefde, reg en geregtigheid en menswaardigheid. Dit is uiteindelik die eis wat die Skrif aan die kerk stel rakende die samelewing (Van der Merwe 2002:57). Van der Merwe (2002:57) skryf dat die verklaring van Cottesloe aan die NG Kerk ‘n helder en duidelike vraag gevra het: “Kon die NG Kerk te midde van die onreg wat gepleeg is voortgaan om die beleid te steun?” Die ander vraag wat ook na vore kom is: “Kon die kerk loskom van die ineengevlegte kerk-staat verhouding en sy profetiese roeping ondubbelsinnig uitspreek en uitleef?”

1.8.3 Cottesloe-reaksie

Die besluite¹² van Cottesloe het verskil van die NP se beleid en was dus ‘n afwyking van die apartheidsbeleid (Strauss 1983:128-129). Die reaksie was hewig en ook uiteenlopend ten opsigte van die beraad (Van der Merwe 2002:58).

Die gangbare persepsie van Cottesloe onder NG Kerk lidmate het egter ingrypend hiermee verskil (Strauss 1994:209). Apartheid is ook op hierdie stadium as politieke beleid in beskerming geneem, die vasbeslotenheid by baie Afrikaners om hulle nie te laat voorskryf vanuit die buiteland nie was “ook merkbaar in die NG Kerk” (Strauss 1991:440). Die gort was gaar. In ‘n simpatieke reaksie het “Dawie” dit met ‘n atoomontploffing vergelyk “die diepste en grootste vrae van ons almal se bestaan word nou uitgemaak in die harte van ons Afrikaners”. Die NP politici het verlang dat die kerk sy neus uit die politiek moet hou, maar die NG Kerk staan deur hul massiewe sendingaksie aldag en heeldag kniediep in rasseverhoudinge in ‘n baie meer praktiese sin as ‘n politieke party wat hoofsaaklik te doen het met die blanke Afrikaner. Op 31 Desember 1960 skryf Cillie dat daar ‘n fundamentele stryd in die geledere van die Afrikaners tussen twee neigings was, die een was die neiging tot ‘n nuwe benadering

¹²Gedeeltes uit die eindverklaring het veral die Afrikaners wat 'n redelike groot gedeelte van die NG Kerk uitmaak met skok getref (Strauss 1983:127). Die besluite van die beraad was 'n "dolksteek na die hart van die beleid" Strauss (1994:209)

van ons vraagstukke, tot begrip van die ander volksgroepe, weg van blote selfbehoud in sy engste sin, weg van die ingebore drang om vir onself alleen te lewe. Die ander neiging was die drang om terug te groei in onself, terug in ons eie bitterheid en suurheid.

In Verwoerd se Nuwejaarsboodskap¹³ in 1961 het hy met soveel woorde die twee NG Sinodes gevra om hulle van hul Cottesloe afvaardigings te distansieer omdat die kerk nog nie gepraat het nie (Gilliomme 2004:478,479). Hier vind ons dat die staat nie by sy terrein bly nie en so het die NG Kerk onder verdere druk gekom. Die Engelse pers het later die kritiek na Cottesloe getipeer as Vorster en Treurnicht se "*propaganda assault on Cottesloe*". Vorster het vir Treurnicht egter teen die kritiek verdedig. Op die beskuldigings van professor Kotzé dat Treurnicht na Cottesloe sy magsposisie gebruik het om deur Die Kerkbode die kerk te domineer en te beïnvloed, het Vorster namens Treurnicht geantwoord dat Treurnicht niks anders gedoen het as om die kerk se standpunt teen die liberaliste en Cottesloe te verdedig nie. Vorster het ook aanbeveel dat elke sinode van die NG Kerk met 'n mosie van dank en waardering die redakteur se standpunt teen Cottesloe met akklamasie moet aanneem (Langner 2004:118).

Die eerste amptlike reaksie insake die NG Kerk teen die Cottesloe-kerkeberaad, het gekom van die Federale Raad van Kerke op 22 Maart 1961. Op voorstel van Vorster het die NG Kerk opnuut bevestig dat die beleid van apartheid Skriftuurlik gegrond is en dat dit die enigste realistiese oplossing vir die rasseverhoudinge in ons land bied. Die NG Kerk was oppad teen die einde van 1961 om een herenigde sinode te word en Cottesloe het die potensiaal gehad om dit op die lange baan te skuif. Op die voetspoor van die Federale Raad van Kerke het die sinode van Natal en Suidwes die Cottesloe-kerkeberaad verwerp. Natal het ook gewaarsku dat hy hom aan die voorgenome algemene sinode van die NG Kerk sou onttrek indien die sinode sou besluit om by die

¹³HF Verwoerd reageer in sy Nuwejaarsboodskap dat volgens hom is die Cottesloe uitsprake of die standpunt nie die van die sinodes nie. Verwoerd was baie ontsteld oor die Cottesloe-verklaring en het aan Treurnicht as redakteur van Die Kerkbode gesê dat die Cottesloe-verklaring die weg inslaan van chaos en rewolusie in Suid-Afrika (Potgieter 1994:62).

Wêreldraad van Kerke aan te sluit. Veral in Transvaal was daar hewige reaksie in Afrikaner kringe (Langner 2004:118-119). Op 4 November besluit die Kaapse Sinode om uit die WRK te tree: die besluit kon moontlik gewees het vanweë die WRK se rassebeleid (Strauss 1983:137). Die Transvaalse Sinode het die verklaring van die beraad verwerp. Cottesloe word dan ook verwerp deur die Kaapse Sinode en so vereenselwig die Kaapse Sinode hulle dan met die Transvaalse Sinode se standpunte (Heyns 1961:316). Die Kaapse Sinode het ook 'n permanente kommissie benoem vir die bestudering van rasseaangeleenthede (Van der Merwe 2002:58). Binne die NG Kerk het die reaksie op Cottesloe tog 'n taamlieke verlamme uitwerking gehad veral wat die debat rondom die rassevraagstuk gedurende die verloop van die sestigerjare betref (Van der Watt 1987:114). Ongetwyfeld is die inisiatief van hierdie kerk gedemp – in so 'n mate dat in die jare wat op Cottesloe gevolg het, die NG Kerk nie langer 'n leidende aandeel in sosio-politieke hervorming gehad het nie (Van der Watt 1987:114). Cottesloe het ook 'n ekumeniese draaipunt verteenwoordig (Strauss 1983:141). 'n Verdere reaksie kom vanuit die sending. Durand (1961:147,148) skryf dat Cottesloe ook vir die sending ingrypende konsekwensies inhou, dit hou onder andere verband met die manier hoe die kerk homself verstaan as sendingkerk. Die reaksie op Cottesloe word op vele terreine van die kerk gevoel. Dat die kerk nie weer dieselfde was nie kom in hierdie opmerking van Durand ook na vore. Waar lê die kerk se terrein nou eintlik en hoe moet hy dit benader veral wat sy profetiese rol betref?

1.8.4 Hewige Reaksies en skrywes in Die Kerkbode na Cottesloe

Dr. A.P. Treurnicht was redakteur van Die Kerkbode vanaf 20 April 1960 tot en met 1 November 1967. In die inleidingsartikel “Ons glo...” van Die Kerkbode (no.2, jaargang 113, 11 Januarie 1961, 36-37) word daar gepraat van die gespanne atmosfeer waarin die Oujaar afgesluit is. Verwarring het geheers op staatkundige sowel as op kerklike terrein, soms was die probleme ook vervleg en in sulke verwarrende tye het die kerk

juis 'n roeping om uit te leef, word geskryf. As lidmaat van die NG Kerk het die gelowige ook sy volk op 'n besondere manier lief, word daar geskryf. Hier is nie 'n verafgoding van die volk ten koste van 'n ander volk nie, maar hy is ook nie ontwortel aan die bodem van sy volk se verlede en ideale waaruit sy eie karakter, onderlinge trou en verbondenheid gegroei en gevoed word nie. Vir die gelowige is sy volksverband 'n heilige saak, so gaan die spanning en krisis daarvan ook deur sy eie siel, so is sy volk se toekoms en bestaansreg ook vir hom erns. Verder word daar gesê dat geregtigheid die beste sal geskied deur differensiasie of afsonderlike ontwikkeling. Die bedoeling hierin is dan juis 'n heilige partydigheid waarin geen partye onderskei kan word nie, vir die bevordering en beveiliging van elkeen se karakter-eie en strewe, in harmonie met die van ander. Met afsonderlike ontwikkeling, so lui die artikel, word twee dinge bedoel; die eerste is afsonderlikheid, God die groot "Skeidingmaker" het dit goedgevind om grense tussen mense en groepe te stel, dit mag egter nie waterdige kompartemente wees nie. Om egter dit te veroordeel is om teen die beskikking van God te agitêr. Hier vind 'n mens die gevoel rondom die volk en afsonderlike ontwikkeling wat byna verafgod word en kon lei tot 'n verwarring in die profetiese stem juis oor dit. Die tweede punt wat hier in dieselfde asem genoem word, is ontwikkeling, volwaardige ontwikkeling, ons glo daaraan vir die volk waaraan ons behoort en ook vir die nie-blanke bevolkingsgroepe van ons land, daar kan met veiligheid gesê word van ons verlede, ons wou leef en laat leef en elke eerlike waarnemer moet erken dat dit die standpunt van ons volk is en die standpunt van ons kerk is. Wie eiebelang najaag ten koste van 'n ander sal die loon daarvan ontvang, die verskillende groepe sal eventueel tot volwaardige politieke selfbeskikking wil kom. Die bevestiging van afsonderlike ontwikkeling en die volkseie-gevoel kom weer sterk na vore, die gevoel van 'n opregte soeke na 'n oplossing met opregte bedoelings kom ook na vore. Hierdie subjektiewe en opregte soeke na wat reg is het die profetiese stem byna stil laat word.

In die korrespondensie van Die Kerkbode (no.4, jaargang 113, 25 Januarie 1961, 117-118) skryf dr. Rosslee van Reitz-Wes dat as ons dit waag om in die stormwater van die kerkeberaad situasie in te vaar, ons dit as geroepenes doen. Hier word die kerkeberaad vergelyk met die Verenigde Volkere Organisasie (hierna VVO) as tweeling broers, dit

probeer om 'n gelykmakende eenheidsbeginsel op ons binnelandse rasse-situasie af te dwing. Die onregverdigde Babel-eenheid het nou taalverwarring in eie kring bewerk. Die brief lui verder dat die institutêre kerk uiters versigtig moet wees om nie alle terreine van die samelewing te verkerklik en te verrooms nie, die kerk se profetiese roeping gaan primêr oor die godsdienstige sektor van sy lidmate wat owerheid- en staatsmanne insluit. 'n Mens voel die verwarring aan met aan die eenkant die verwerping van die beraad en aan die ander kant die standpunt dat die kerk profeet moet wees. Die hoe daarvan bly onduidelik.

Dr. J.A. Heyns tree ook toe tot die debat (Die Kerkbode, no.5, jaargang 113, 1 Februarie 1961, 158-159) en vra onder die opskrif "Die Kerkeberaad" by die korrespondensiekolom, of die samelewingsbegrip wat uitgespreek is nie 'n individualistiese of liberalistiese-demokratiese ideologie eerder as 'n calvinistiese opvatting van die menslike samelewing is nie. Hy voeg by dat die menslike persoon tog 'n individualistiese en sosiale wese is wat bepaal word deur sosiale verbande. Heyns skryf dat ons rassebeleid sluit hom in die eerste plek aan by die histories en andersins gegewe eenheid van volke en rasse en handel nie uitsluitlik oor die individu, sy taak, eise en regte nie. Heyns skryf dat daar verklaar word dat binne die eenheid van die kerk die verskeidenheid nie opgehef word nie maar slegs geheilig word. Daar word oor die hoof gesien dat hierdie verskeidenheid juis beslissend is vir die inrigting en organisasie van die kerk, ons glo immers nie net aan 'n openbaring van God in Sy Woord nie maar ook in die geskiedenis.

Oor die uitsluiting in die kerk, die verbod op gemengde huwelike en die kwessie van grondbesit, sê Heyns, dat dit eweneens op 'n suiwer individualistiese basis beoordeel word in die Johannesburg konferensie. Hier moet nie net die persoon as individu nie, maar ook as samelewingswese in berekening gebring word, te meer nog as uitgegaan word van die beginsel van differensiasie of eiesoortige ontwikkeling. Heyns vra ook of werkreservering sosiaal-eties gesien in beginsel werklik verkeerd is as vir diegene wat daardeur van werk uitgesluit word elders voorsien word? Alles hang af van hoe dit geskied en hy vra verder of die kerk oor hierdie prakties-politieke aangeleenthede

uitsluitel gee? Hy skryf dat daar inderdaad beweer kan word dat grondbesit as 'n aangebore individuele mensereg beskou moet word. Oor die reg tot medesegenskap in die regering, vra Heyns, is dit nie deur en deur liberalisties-demokraties nie? Per implikasie is dit dan individuele stemreg. Individuele stemreg mond uit in 'n demokratiese staatsvorm, maar vra Heyns, of 'n teokratiese, patriargale, feodale en monargiese regeringsvorm (wat nie individuele stemreg ken nie) nie eweseer Christelike state kan wees nie indien Skriftuurlike beginsels van reg en geregtigheid gehandhaaf word. Heyns vra ook of 'n verkiesingsstelsel soos ons in die gereformeerde kerkreg bepaal vir die besondere ampte nie dalk 'n voorbeeld vir 'n politieke verkiesing is nie, waar die gesaghebber (die kerkraad) vooraf keur en kies en approbasie van die gemeente verkry. Heyns is ook hier kind van sy tyd en is in die konteks ook krities oor die beraad en sy besluite.

Ds. G.J. Snyman skryf oor die konferensie by Johannesburg onder andere dat daar niks by die konferensie gemeld word oor die goeie werk wat die kerk en die regering doen aan die nie-blankes nie, veral op die gebied van onderwys, medies en maatskaplike dienste nie (Die Kerkbode, no.5, jaargang 113, 1 Februarie 1961, 159). Tereg vind ons hewige standpunte, die meeste in Die Kerkbode teen die beraad se besluite. Dan ook soos hier by Snyman die oproep na die goeie wat die kerk ook doen. Hier kom die baie belangrike profetiese vraag na vore van: "Moet die kerk net krities staan of kan die kerk ook die regering aanprys vir die goeie?"

Ds. W.T. Badenhorst vra in die korrespondensie dat die owerheid eerbiedig moet word asook dat die owerheid gehoorsaam moet word volgens Rom. 13: dit is ook in aansluiting by die kerkeberaad. Hy vra dat predikante die voorbeeld moet gee vir gemeentede en hy sê die predikante kan hulle maklik skuldig maak aan sabotasie van die owerheid. Hy skryf daar mag van die owerheid verskil word, maar dat daar geweet moet word hoe vêr daar gegaan mag word. Vir persoonlike sienswyses kan daar gebruik gemaak word van korrespondensiekolomme van dagblaai en kerkblaai. Hy waarsku egter dat verklarings nie van die kansel af gedoen moet word nie, of om 'n verklaring op te stel en dit dan aan die publiek bekend te stel nie. Hy skryf dat 'n

verklaring wel opgestel kan word, maar dat dit dan direk aan die owerheid gestuur moet word en as die owerheid hulle skuldig maak aan oortredings van die Woord hulle dan wel deeglik daarop gewys moet word (Die Kerkbode, no.5, jaargang 13, 1 Februarie 1961, 160). Oor die vraag of predikante 'n persoonlike profetiese stem mag uitbring in die prediking, word aangedui dat dit met versigtigheid gedoen moet word of dan eerder deur die regte kanale. Die reaksie na Cottesloe was oorweldigend en briewe het ingestroom by Die Kerkbode; die standpunte was oorweldigend negatief en 'n gespanne atmosfeer het geheers ten op sigte van die beraad. Dr. B Engelbrecht skryf oor die reaksie wat daar was in verband met Cottesloe en in Verraagde Aksie¹⁴, dat dit net met een woord beskryf word en dit is paniek. Hy skryf dat daar op 'n kruispad gestaan word en dat daar nie teruggedraai kan word nie, ons volksbestaan word bedreig, paniek pas nie by die gelowiges wat 'n regverdigte saak het nie, want God is aan hulle kant (Die Kerkbode, no.5, jaargang 13, 1 Februarie 1961, 160). Op hierdie stadium was alles wat negatief gesien is teen die volk en die beleid met groot reaksie verdedig, soos blyk uit die reaksie van die briewekolomme. Paniek is 'n gepaste beskrywing vir die tydperk na Cottesloe.

Onder die opskrif "Ons moet nou Korrek Handel" word daar in die inleidingsartikel van Die Kerkbode (no.6, jaargang 113, 8 Februarie 1961, 180) geskryf dat die reaksie op die konferensie nie onderskat moet word nie, dit moet ook nie aan opsweping toegeskryf word nie. Die betekenis en die implikasie van die verklaring is so ernstig dat dit meer as een kerkman slapelose nagte besorg het, verder word daar gevra waar die kerk staan. Nou word daar gesê die kerk staan presies waar hy was, amptelik staan die kerk by sy beleid soos goedgekeur by sy verskillende sinodes, daar moenie toegelaat word dat dit mense van dieselfde kerk uitmekaar dryf nie. Die laaste sin van die inleidingsartikel laat 'n mens tog die indruk kry dat daar naas bekommernisse en slapelose nagte ook verwarring en verskille was oor die saak.

As daar eerlik gehandel moet word oor die kerkeberaad, moet daar gesê word dat die kerkeberaad se verklaring en sy noodsaaklikheid nie sy oorsprong in die boesem van

¹⁴Dit was 'n ekumeniese getuienis uit die Afrikaanssprekende Kerk deur proff. Geysers, Marais, du Plessis, Keet, van Selms en andere Verdraagde aksie (Geysers:1961).

die kerk gevind het nie, maar uit die humanisties-liberalistiese denke met sy gevaarlike politieke aspirasies, so skryf ds. N van Loggerenberg oor die kerkeberaad. Die direkte verteenwoordiging van die Kleurlinge en politieke regte vir die ontstamde Bantoe, wat hoegenaamd nie die verantwoordelikheid van die kerk is nie, maar die taak van 'n mondige owerheid, dit was vir die kerkeberaad meer belangrik as 'n daadwerklike en kragtige sendingaksie. Alles dui daarop dat die kerkeberaad sy grense van bevoegdheid oorskry het (Die Kerkbode, no.7, jaargang 113, 15 Februarie 1961, 229).

Die hele gedagte van verteenwoordiging en politieke regte vir die swartes en kleurlinge word ook hier genoem en dan die opmerking dat hierdie dinge by die staat hoort en nie by die kerk nie. Die kerk het glad nie helderheid oor die terrein van sy profetiese stem nie. Dr. D R Snyman skryf onder die opskrif "Die kerkeberaad en gemengde huwelike" dat hy gekant is teen hoogerw. Joost de Blank se mening dat die Wêreldraad van Kerke die lidmaatskap van die NG Kerk moes opsê omdat dit afwyk van die kleurbeleid van die basiese Christelike beginsels. Dit was vir die NG Kerk 'n vernederende posisie, skryf Snyman, want sedert wanneer is die Wêreldraad van Kerke 'n super kerk? Waar kom hy aan die reg om lidkerke in verhoor te neem? Die NG Kerk buig onvoorwaardelik voor die gesag van die Woord, "kan dit gesê word van al die lidkerke in die Wêreldraad"? Die Hoogkerklike Engelse leraars lewer dikwels suiwer politieke preke en daarom is dit te verwag dat die Kerke-konferensie die saak van die politiek sou aanraak. Die owerheid het ook 'n Godgegewe roeping volgens Rom. 13, as die regering die verbod op gemengde huwelike eerlik en opreg bedoel het in belang van alle rasse het hulle die volle reg daartoe op Skriftuurlike gronde. (Die Kerkbode, no.8, jaargang 113, 22 Februarie 1961, 261). Soos in die brief van Snyman was daar ook woede en dadelike verdediging en aanvalle soos hier op die Engelse leraars wat ook hulle terrein kon oorskry het. Die opmerking plaas ook die ander kerke se terrein van profetiese roeping onder die loep. Onder die opskrif "Laat Ons Begin Voorberei" in die inleidingsartikel van Die Kerkbode (no.8, jaargang 113, 22 Februarie 1961, 244) word

daar geskryf dat die kerk dit nie kan bekostig om uit sy geestelike akker weggeklok te word na die pligte van die maatskaplike en burgerlike lewe nie. Die wêreld kan dit ook nie bekostig nie, die kerk is nie lewensvreemd nie en mag dit ook nie wees nie. Sy heiligende invloed moet oral deurwerk, maar dan is hy nog nie plaasvervangend op die verskillende terreine waar sy invloed geld nie. Die kenmerkende eienskap van die kerk is dat hy liggaam van Jesus Christus is, vervul met die Heilige Gees en gedrewe tot verkondiging van die genadeboodskap. Dit mag nooit vervaag in 'n blote respektabele doenigheid op maatskaplike terrein nie; die kerk is meer as 'n sedeprediker, hy is ook meer as 'n beroepsvoorligter. So kan die kerk met baie dinge doenig wees en sy geestelike opbou verwaarloos, die opbou geskied wel ook in die uitlewe van die gesindheid van Christus oral in die praktiese lewe, maar waar kom die gesindheid vandaan? Die vraag is: "Lewe ons uit Christus en Sy Gees? Word ons dade beheers en bepaal vanuit 'n eenheid met Hom in die geloof?" So 'n gesindheid is anders as 'n algemeen menslike gesindheid. Hier word rondgedobber op die terrein, taak en roeping van die kerk: dit word veral gesien met die verwysing na die maatskaplike terrein. Die kerk moet op sy terrein bly, maar wat is sy terrein veral wat sy profetiese roeping betref?

In Die Kerkbode (no.8, jaargang 112, 24 Februarie 1960, 294-296) word daar in 'n artikel met die opskrif "Hulle ideaal vir ons?" begin met die woorde dat die kerk hom nie mag inmeng met politiek nie en nog minder met die party politiek. Dadelik word tog ook weer opgemerk dat die politiek en wat daar gesê en gedoen word, allermens nie iets met die kerk te doen het nie of dat dit die kerk nie aangaan nie. Die kerk is intens geïnteresseerd in die ganse lewe rondom hom en so dan ook die politiek, maar die kerk wil nie in die politieke arena veg nie. In die artikel word weer beklemtoon dat die kerk geroep is om die stem van die Woord te laat hoor, op elke terrein van die lewe, so moet die politiek, ekonomie, kuns en die wetenskap deur die kerk getoets word aan die Woord van die Here. As daar dan sake is wat nie die Woord se toets deurstaan nie, dan is dit die kerk se heilige roeping om sy stem te laat hoor. Hier is die vraag nie of dit die saak benadeel of bevoordeel nie en of dit die saak in 'n goeie of in 'n slegte lig stel nie, die antwoord is of dit in ooreenstemming gebring kan word met die Woord van God.

Alleen dit dien God se saak op aarde, die vraag word juis van toepassing as daar gekyk word na die wêreldleiers se uitsprake en ons eie leiers se uitsprake die afgelope tyd. Vir die kerk gaan dit nie oor 'n spesifieke politieke standpunt nie, maar wel om die implikasie daarvan vir die godsdienst. Die rondobber oor die politiek en die kerk is duidelik: aan die eenkant wil die kerk nie in die politieke arena veg nie en aan die ander kant is die kerk te na aan en binne-in die politieke arena. Dr. J.A. Heyns maak in 'n artikel "Wil die wese die Christendom aan die heidendom uitlewer" beswaar teen die vorige politieke sienings, hy noem dat so 'n politieke beleid na sy wese oneerlik en daarom vir die Christelike etiek ontoelaatbaar is. Hy noem dat nie-blanke nasionalisme in sy wese heidens is, die voortbestaan van die Christendom word op 'n roekelose wyse op die spel geplaas, 'n keuse vir die nie-blanke nasionalisme is in wese 'n simpatie met die heidendom, want dit kan nie Christelik genoem word nie. Die kerk in Suid-Afrika, so skryf Heyns, kan nie anders as om sy stem te verhef oor so 'n dergelike politiek vir Afrika nie, hy sê dat die kerk nie mag swyg nie, dit sou beteken dat die kerk sy roeping versaak het, dit gaan oor 'n heidense kommunisme. Heyns vra verder die vraag: "Wat kan die blanke in Afrika of liever die gelowige in Afrika van sy medegelowiges in die res van die wêreld dan verwag?" Heyns voeg by dat die kerk nie alles op die spel wil sit vir blanke heerskappy nie, maar dat dit gaan om die heerskappy van God, die kerk is nie kleur, taal of ras gebonde nie. Heyns raak ook die punt van die profetiese roeping van die kerk aan en dat dit gehoor moet word, sy laaste sin dat die kerk nie kleur, taal of ras gebonde is nie raak nuwe punte aan wat tot op hede nog nie hoorbaar was nie.

In Die Kerkbode (no.12, jaargang 113, 22 Maart 1961, 402-403) verskyn 'n berig met die opskrif "Verklaring van die NG Kerk in die Vrystaat soos goedgekeur op sy vergadering van 22 Februarie 1961, na aanleiding van die Kerke-beraad". By punt een word die prinsipiële benadering beskryf ten opsigte van die verhouding tussen kerk en staat met die opskrif soewereiniteit in eie kring. Die verslag lui dat die feit van soewereiniteit in eie kring, een van die gereformeerde beginsels is wat bely word of vryheid in eie bevoegdheid, dit rus op die Skrifwaarheid en die ervaringsfeit dat God in die skepping 'n ryke verskeidenheid gelê het. Die kerk is andersoortig as die staat en albei is weer andersoortig as die huisgesin, die skool ens. So is elke lewensvorm

onderworpe aan die absolute soewereiniteit van God wat oor alle terreine van die lewe gaan. Die Christelike kerk het deur die geskiedenis 'n stryd gevoer teen staatsoorheersing, dit geld ook van die NG Kerk. Die staat mag nie aan die kerk voorskryf oor sake wat eie aan die kerk is en wesenlik die inwendige lewensbestaan van die kerk raak nie, daartoe besit die staat nie die reg nie. Die verslag lui verder dat as die staat hier sou inbreuk maak, maak die staat inbreuk op die soewereiniteit in eie kring, omgekeerd kan ook gebeur. Kerk en staat in eie kring besit weer oor 'n eiesoortige universaliteit, die taak en roeping van die kerk is om die Woord van God te verkondig, maar die Woord van God geld vir alle lewensterreine, hy is universeel in sy strekking en alomvattend in sy trefwydte. So het die kerk altyd en vir almal 'n boodskap, hier staan die kerk dus nie voor grense nie, hier is dan ook nie 'n kerklike terrein wat slegs beperk is vir die kerk nie, dit is duidelik dat die kerk in sy toepassing van die universaliteitsbeginsel fyne onderskeidingsvermoë, skerpe oordeelkundigheid, uiterste versigtigheid en veral diepe ootmoed aan die dag moet lê. Die kerk moet hom in elk geval vir sy boodskap en sy standpunt altyd op die Woord van God kan beroep, die kerk moet aan Agab – al is hy koning – sê: "Jy mag die wingerd van Nabot nie neem nie", maar dan moet die kerk ook aan hom sê: "Want daar staan geskryf: 'Jy mag nie doodslaan nie en jy mag nie steel nie'." Die kerk mag en moet ook aan die owerheid – al is hy owerheid – sê: "Jy mag nie kommunisme bevorder nie", maar dan moet die kerk ook aan die owerheid kan sê: "Want die Skrif sê die owerheid is dienaar van God terwyl die Kommunisme ateïsties en militant antichristelik is". Volgens die universaliteitsbeginsel van die kerk het die kerk ook te doen met die staat en die politiek, maar die kerk mag hom daarmee net inlaat met die onbetwisbare beroep op die Skrif, met die klemmende eis: "So sê die Here".

By die verklaring van die NG Kerk in die Vrystaat word daar aan die eenkant duidelik standpunt ingeneem vir soewereiniteit in eie kring wat betref die kerk en staat maar bevind die kerk hom weereens in die politiek aan die einde van die verklaring dat die kerk ook te doen het met die staat en die politiek. Dit was oënskynlik baie moeilik vir die kerk om sy terrein presies te bepaal en dit het sy profetiese taak baie bemoeilik. Dat die kerk duidelik weet dat hy profeet moet wees en moet sê: "So sê die Here" is

duidelik. Wat met baie duidelikheid na vore kom is dat die kerk nie kan onderskei tussen die of, hoe, waar en wanneer van sy profetiese stem nie. Dit bly 'n worsteling soos ook hier blyk uit die verklaring.

In die korrespondensie van Die Kerkbode (no.14, jaargang 113, 5 April 1961, 470-471) is daar heelwat reaksie van kerkrade ten opsigte van die kerkeberaad van onder andere Venterspos, rakende die keuse van plek, die tyd en die ingrypende verklarings van beraad; so ook Parys-Wes oor die 16 besluite wat geneem is, wat baie nadele inhou vir die NG Kerk. Lyttelton-Oos is diep verontrus oor die ingrypende verklaring wat gevolg het op die Cottesloe-beraad, Sabie betreur die liberale gees wat straal uit sommige van die besluite en Hartbeesspruit betreur die houding van die onlangse gehoue kerkeberaad by Cottesloe. Die reaksie van oor die hele spektrum van die kerk was negatief, hier sluit die kerkrade hulle ook aan by die sinodale besluite van oor die land en neem sterk standpunte in teen die beraad. In die korrespondensie onder die opskrif "Reaksie op Cottesloe" skryf A.S. van Niekerk dat hy 'n verrassende ander standpunt inneem deur te verwys na die reaksie van die Eerste Minister in sy Nuwejaarsboodskap na die Cottesloe-vergadering.

Van Niekerk noem dat die Eerste Minister verwys gerusstellend na die besluite van genoemde vergadering en dat dit nog maar die insig van individue is en dat die amptelike kerklike vergaderings hulle nog daarvoor moet uitspreek. Volgens die briefskrywer neem die Eerste Minister standpunt in teen die besluite. Hierdie feit, skryf van Niekerk, gaan van groot gewig wees by die afgevaardigdes en by die sinodes. Dalk wou die Eerste Minister die kerk beïnvloed, dalk beweeg die Eerste Minister hier op 'n terrein wat nie vir hom geoorloof is nie, aangesien dit 'n streng kerklike terrein is. Die kerk kan die Eerste Minister kwalik neem dat hy hierdie druk uitgeoefen het, dit plaas politieke druk op die afgevaardigdes (Die Kerkbode, no.14, jaargang 113, 5 April 1961, 471). Met hierdie standpunt wat teen die gang argumenteer wys die skrywer weereens hoe delikaat die terrein van kerk en staat is en dat daar baie maklik veral in hierdie konteks in 'n ander terrein beweeg kan word.

1.8.5 Verandering na Cottesloe?

Watter invloed sou Cottesloe hê in die kerk en wat sou die uitvloeisels daarvan wees op daardie stadium? Die gevolge van die beraad, skryf Strauss (1994:210), sou 'n min of meer traumatiese ervaring vir sowel die verteenwoordigers van die NG Kerk by die beraad, sowel as vir die res van die kerkverband gelaat het. Onder kerkhistorici is daar eenstemmigheid dat Cottesloe, ook wat die ekumene betref, 'n keerpunt vir die NG Kerk verteenwoordig. Op die oog af het Cottesloe tot gevolg gehad dat 'n etiese en sosio-politieke kwessie soos apartheid 'n bepaler van ekumeniese betrekkinge in die NG Kerk na 1960 geword het (Langner 2004:121). Potgieter (1994:64) meen dat die Cottesloe-besluite in werklikheid niks vreemds binne die teologie van die NG Kerk was nie, dit word geteken in die feit dat daar tussen 1950 en 1960 enkele tendense binne die NG Kerk was wat daarop dui dat die kerk nie meer die gedagte dat hy 'n volkskerk¹⁵ is as beginsel aanvaar nie. Die aanname hier dat die NG Kerk in beginsel nie meer die volkskerk-gedagte aanvaar het nie dui op die koers vir die toekoms, na Cottesloe sou die hele gedagte net meer en meer onder druk gekom het.

1.8.6 Cottesloe en die Algemene Sinode van 1966

Die NG Kerk was in die jare na Cottesloe nie meer dieselfde nie (Strauss 1994:210). Cottesloe sou ook 'n noodgedwonge invloed hê op die Algemene Sinode van 1966, hierdie sinode wou ook nie 'n konkrete uitspraak maak rakende die Suid-Afrikaanse situasie nie, die sinode het ook besluit om af te stap van die Noord Transvaalse Sinode versoek om "ondersoek en beslissing" oor die besluite van Cottesloe, wat gehandel het oor "werkreservering vir blankes, die samehang tussen permanente verblyf en politieke regte vir swartes en politieke regte aan die bruinmense" (Strauss 1994: 210). Strauss (1994:212) skryf ook onder andere oor J.S. Gericke se reaksie op Cottesloe en sy opmerkings in RVN '66 wat saamgevat kan word met sy stelling: "dat dit wel gevaarlik is vir die kerk om 'n agterryer vir die regering te wees, maar dat dit nog meer gevaarlik is om teen die voorskrifte van Romeine 13 te sondig". Hier word deur Gericke met baie groot versigtigheid gewaarsku dat die kerk te na aan die regering kan wees, en ook in dieselfde asem net so gevaarlik om teen Romeine 13 te staan ten opsigte van die regering.

¹⁵Daar is aangedui dat die NG Kerk voor 1950 homself as 'n volkskerk gesien het, die Federale Raad van Kerke maak in 1915 die uitspraak dat die NG Kerk by uitstek 'n kerk is wat die Afrikanervolk bedien (Potgieter 1994:64)

1.8.7 Die kerk se gewete teenoor die staat

Ds. Z.B. Lootz skryf in Die Kerkbode (no.4, jaargang 113, 25 Januarie 1961, 118) oor wat die kerk se gewete vir die staat betref, moet die kerk baie versigtig wees wanneer die kerk op grond van die Skrif uitsprake doen oor sake wat die praktiese politiek van die dag raak. Hierdie is ook al byna 'n wonder oor die rol van die kerk en sy roeping om profeet te wees. Die kerk moet ook sy uitsprake alleen deur die regte kanale doen.

Verder skryf ds. Lootz dat die kerk nooit tot 'n agitatiefaktor of 'n politieke drukgroep moet ontaard nie. Dit is ook 'n verwysing na die terrein van die kerk en dat dit weereens nie op die terrein van die politiek moet beweeg nie.

1.8.8 Ministers en Sondagsheiliging

Soms soos gevind in 'n brief deur ds. J.H. de Lange met die opskrif "Sondag en Hoë besoek" word ministers van wie dit die minste verwag word, aangespreek wat in die "laaste tyd" meermale die dag van die Here gebruik vir uitstappies, besoeke, reise en politieke gesprekke. De Lange skryf verder dat die regering seker onaangenaam verras was deur die feit dat kerkmanne meegedoen het aan onlangse kritiek op sekere wetgewing en beleid van die staat (Die Kerkbode, no.5, jaargang 113, 1 Februarie 1961, 163). Kritiese stemme was soms baie min, maar die stemme was daar soos dit blyk uit die brief. Ook die feit dat regeringspersone nie sou verwag dat die kerk hulle sou kritiseer nie veral gesien dat die kerk en die staat so na aan mekaar beweeg het.

1.9 Wat is die gesag van die staat?

Die inleidingsartikel van Die Kerkbode (no.9, jaargang 113, 1 Maart 1961, 276-277) se opskrif is "Die 'Alvermoënde' Staat". Hier word geskryf dat daar altyd op die staatsmag met 'n waaksame oog gelet moet word. Dit kom na aanleiding van ondervindinge, word daar geskryf, in Europa voor en tydens die Tweede Wêreldoorlog. Hier word tog krities gedink oor die rol van die kerk en staat gesien in die lig van die Europese situasie

tydens die Tweede Wêreldoorlog. Hier het die gevaarlike aanwending van die staatsmag die aandag van verskillende kerke en ander instansies vra, om opnuut te besin oor die wese van die mens se vryheid, die kerk se vryheid en gesag, sowel as die omvang en grense van die staatsgesag. Die taak van die staat moet nie onderskat word ten op sigte van sy seggenskap en regeermag waar die kwaad bestraf en betuel moet word nie, die staat moet heerskappy voer, die staat se gesag is 'n heersende gesag en nie 'n bedienende gesag nie. Die staat, so word verder geskryf, sal sy karakter verloën en sy roeping versaak indien hy nie met dwingende gesag optree nie. Hier word Kuyper aangehaal dat elke regeeringsvorm, hoe tiranniek en despoties ook al, beter as regeeringsloosheid is. Gebeurtenisse in Afrika bevestig so 'n stelling. Partye aan bewind kan vervang word, maar die gesag wat aan die staatsbestuur verbind is, is van God en dit moet gehoorsaam word volgens Rom. 13:1-7 want om te regeer is anders as om te administreer. 'n Regering met 'n dwingende swaardmag word te maklik as magsmisbruik bestempel, lui die artikel, tog word genoem 'n waaksame oog sal egter altyd op die staatsmag gehou moet word, want die versoeking vir misbruik van sy mag is baie groot. Die staatsmag mag ook nie sy magte opskort ten opsigte van maatskaplike en ander verhoudinge tussen mense nie, dit veronderstel huwelike waar kinders gebore word, waar bure weerskante van 'n draad woon, waar kerke gestig word, navorsing gedoen word, onderwys gegee word, waar daar gekoop en verkoop word, geproduseer en verwerk word, werk gegee en werk geneem word. Hier is die heersende funksie van die staat veronderstel, belange en regte moet desnoods met geweld beskerm word en wette moet met regmatige dwang toegepas word. Die inleidingsartikel sê dat wet en regering nie noodsaaklike euwels is soos beweer word deur Jeremy Bentham nie. Dit alles moet dien tot die opbou van 'n samelewing wat God welgevallig is.

Deur die swaardmag vir hierdie doel aan te wend, vervul die staat sy roeping as dienaar van God. Hierdie mag deel die staat egter met geen samelewingsverband nie, dit is in wese 'n monopolie, anders sou dit tot ongekende chaos lei. So mag die kerk nooit hierdie mag uitoefen nie, so moet daar gewaak word teen te maklike veroordeling van magsmisbruik, maar moet daar ook gewaak word teen so 'n beklemtoning van die

evangelie dat dit voorkom asof die staatsmag eintlik 'n uitvloeisel van die evangelie of die kerk is of daaraan ondergeskik is. Oor die verskillende lewensverbande op die publieke terrein, sê die artikel dat daar veral twee kringe is wat nie hulle bestaankarakter of -funksie aan die staatsmag te danke het nie, al veronderstel hulle veilige bestaan en gesonde werking die beskerming van die staat. Die twee lewensverbande is die kerk en die universiteit, deur die eeue heen het daar altyd kragtige stemme opgegaan wanneer die staatsmag te diep gryp in hulle vryheid of selfbeskikkingreg. Wat die kerk betref is die vermoë van die staat dus beperk, die staat is nie die verkondiger van die evangelie nie. Verder word gesê dat die staat ook nie gemoed is met die redding van sondaars nie en ook nie arbiter moet wees in leergeskille nie, die staat mag ook nie 'n soort kompeterende godsdiens of sedelikheid afdwing of op die publieke terrein propageer of tot nadeel van of wat in stryd is met die kerk nie. Die staat mag ook nie sy eie kerk stig nie, en die staat moet alle hindernisse uit die weg ruim vir suiwer kerklike lewe. So kan die staat die swaardmag ten beste vir die kerk aanwend en vir die kerk diensbaar wees, maar dan sonder om inbreuk te maak op die bepaalde geestelike metode van die kerk in sy bediening van die boodskap van versoening. Tog regeer die staat op 'n sekere manier nog oor die kerk. Die kerk as lewensverband wat op die publieke terrein bestaan en beweeg met sy eiendomme en verskillende aktiwiteite kan nie uit kerklike vryheid doen wat hy wil nie, die kerk mag nie 'n rewolusionêre mag in die samelewing wees nie, al is die deurwerking van die boodskap rewolusionêr ten opsigte van die sonde in die samelewing. Soms kan dit ook binne die reg van die staat wees om die kerk tot orde te roep in sake van publieke reg, want daar is ook ander regte behalwe kerkreg om te beskerm. Ten spyte van die verwysing na die Tweede Wêreldoorlog en die vergrype van die staat word die staat se moontlike vergrype amper gekondoneer. Met die verwysing na die kerke wat 'n rewolusionêre mag kan word wonder 'n mens wat presies bedoel word. As die kerk baie krities is teenoor die regering kon die kerk maklik getipeer word as rewolusionêr.

1.10 Aanloop tot die Republiek

In Augustus 1960 kom die aankondiging dat die volkstemming oor 'n republiek plaasvind op 5 Oktober 1960 en die land gaan verdeel word deur Ja-en-Nee-mense.

Die uitslae bevestig dit en dit is duidelik dat die mense soos nooit tevore stem nie, die stempersentasie was 'n ongelooflike 90.75%. Dit was 'n aanduiding van hoe sterk elke kant oor sy standpunt gevoel het en die ideaal van 'n republiek word 'n werklikheid. Genl. J.B.M. Hertzog het die republiekeinse terrein voorberei en dr. Malan het die fondament gelê, J.G. Strydom het die mure gebou en dr. Verwoerd sit nou die dak op (Grobbelaar 1966:81; D'Oliveira 1978:110).

“Die statebond in of uit?” is die vraag wat sal bly of Suid-Afrika graag voort wil gaan in die Statebond op voorwaarde dat geen vernederende voorwaardes aan hom gestel word nie. Suid-Afrika het sy aansoek om voortgesette lidmaatskap van die statebond na republiekwording teruggetrek. By dr. Verwoerd se terugkeer in die land op Jan Smuts-lughawe word hy deur duisende mense ingewag (Grobbelaar 1966:82; D'Oliveira 1978:110). Hierdie gebeure het ook afgesmeer op die kerk soos duidelik blyk uit Die Kerkbode van daardie tyd. 'n Stellenbosch brieffskrywer vind dit jammer dat NG Kerk predikante politieke vergaderings open met Skriflesing en gebed en dan die Allerhoogste versoek om ons 'n republiek te gee. Die brief kom nadat veral die Engelse nuusblaaie dit genoem het. Die brieffskrywer sluit af met die opmerking dat politiek van watter aard nie tuishoort op die kansel of in kerklike aangeleenthede nie (Die Kerkbode, no.13, jaargang 112, 28 September 1960, 439).

In die aanloop tot 'n republiek word daar in die redaksionele kolom van Die Kerkbode (no.15, jaargang 112, 12 Oktober 1960, 484) geskryf dat die kerk nie in sy spesifieke roeping 'n beginselstandpunt het in die keuse van 'n republiek of 'n monarg nie, dit is dan ook waarom die blad nie 'n standpunt ingeneem het in die groot volksaak wat so pas beslis was nie.

In 'n brief van mnr. Pelser van Constantia maak hy beswaar teen 'n preek van ds. Boshoff. Daar word gevoel dat die republiek gesien word as 'n bereiking van die beloofde land en dat die volk gesien word as die volk van God en dat ons leiers profete is (Die Kerkbode, no.21, jaargang 112, 23 November 1960, 727).

Onder die opskrif “Kerk en Staat en Myns insiens” by korrespondensie word genoem dat die kerk van Christus die roeping het om op elke gebied van die lewe leiding te bied, maar, vervolg die brief, dat dit nie die taak van die kerk is om op elke gebied van die lewe ‘n fyn uitgewerkte plan voor te lê nie. Die kerk het wel die roeping om op grond van Gods Woord ook op staatkundige gebied teen ‘n verkeerde koers te waarsku (Die Kerkbode, no.21, jaargang 113, 24 Mei 1961, 703-704).

1.11 Die Republiek

Op 31 Mei 1961 word Suid-Afrika ‘n republiek, die klokke jubel oor die stede en Suid-Afrika is vry. Op kerkpleine kom mense vroeg bymekaar om fees te vier, die stem van die klokke bring ontroering in die skare, jongmense lag en wens mekaar geluk, oumense ween onbeskaamd, maar die grootste stryd lê nog voor om dit te behou waarvoor hulle gestry het (Grobbelaar 1966:93; D’Oliveira 1978:111). Die inleidingsartikel van Die Kerkbode (no.2, jaargang 113, 24 Mei 1961, 684-685) met die opskrif “Die aangewese President” word gesê dat met die verkiesing van mnr. C R Swart tot die Staatspresident van die RSA ‘n lang gekoesterde ideaal in vervulling gegaan het. Die verkiesing van die Staatspresident en die uitroeping van die republiek is van groot simboliese betekenis. Die artikel sê verder dat dit versinnebeeld volkome staatkundigheid en die bestaan en die eerbiediging van ‘n eie volksgevoel. Ons gelukwensing aan mnr. Swart is in die verband meer as die formele, ‘n staatshoof wat die Here dien en hom nie skaam vir die evangelie nie, dit is vir ons volk tegelykertyd ‘n simbool van ons hoogste strewe, maar die wekroep tot navolging.

In die inleidingsartikel van Die Kerkbode (no.22, jaargang 113, 31 Mei 1961, 716-717) met die opskrif “Die koms van die Republiek” word geskryf dat die koms van die republiek ‘n dag van besondere betekenis, is vir Suid-Afrika, maar, vra die artikel die vraag: “Wat is die posisie van die kerk in die nuwe staatkundige bedeling?”. By die geleentheid van die referendum is die lidmate daaraan herinner dat die kerk nie gemoeid is in die volk se keuse tussen ‘n republiek en ‘n monarg nie, die kerk moet in die nuwe staatkundige bedeling voortgaan om waarlik kerk van Jesus Christus te wees. Hier word ook genoem die gesonde funksie van die besondere ampte, die suiwere

bediening van die Woord en die sakramente en die handhawing van kerklike dissipline oor sy lidmate wat moet voortgaan. Wanneer die kerk dit doen is die kerk, wat sy innerlike lewe en organisasie betref, waarlik kerk. Die kerk moet homself wees, niks minder nie en niks meer nie. Die kerk is nie 'n slaaf van die openbare en staatkundige belange nie ook nie 'n onkritiese na-prater van die gangbare mening nie. Die kerk moet die onbetwisbare "So sê die Here" laat hoor, dit is die kerk se voorreg en die kerk se verantwoordelikheid, dit is die kerk se bydrae tot die innerlike lewe van die volk, die kerk moet nie 'n toon van meerderwaardigheid teenoor die staat inslaan nie.

In 'n teologiese belangrike artikel met die opskrif "Kerkprofeet en Staatsowerheid" van dr. D.D. Rosslee word die teologiese vraag gevra oor die profetiese roeping van die kerk, of daar van die koninklike roeping net soveel gemaak moet word as die profetiese. Met die Ou-Testamentiese profetiese optrede teenoor owerhede moet ons ook omsigtig te werk gaan, skryf Rosslee, dit was in 'n uitsonderlike teokratiese tyd. By gebrek aan die onvoltooide kanon het onse Here van buitengewoon geïnspireerde profete gebruik gemaak, so was hulle leringe ook nie politieke geskrifte, ook nie 'n politieke beginselprogram of staatsregtelike voorskrifte nie. Dit is 'n Verbondsopenbaring en in soverre die staatsmanne daar iets mee te doen gehad het word hulle aangespreek. Die kerk moet uiters op sy hoede wees in sy poging om vir die staat 'n gewete te wil wees. Die wete van die Wet van God spreek tot die gewete, maar die kerk loop die gevaar om die verstand van die staat te wees as hy 'n stel reëls van staatlke aard kom aanbied. Die kerk kan hoogstens tot die gewete van owerheidspersone as lidmate spreek. Voorts moet die kerkprofeet kennis dra van 'n gesonde staatsbegrip sonder om dit self uit te wil werk, en sy opvatting van wat die staat is kwalifiseer ook die karakter van sy profetiese optrede teenoor die staat.

Hier skryf Rosslee dat die dialektiese teologie veral weerspreek moet word, want in sommige dele van Verdraagde Aksie kom dit sprekend na vore. Die dialektiese teologie poneer die absolute profetiese leiding teenoor die staat omdat die staatsinstelling verkleineer word as staande onder die direkte invloed van bose magte. Hulle gaan ook van die standpunt uit dat daar geen Christelike instelling met name ook nie 'n

Christelike staat naas die kerk bestaan nie. Die opvatting is ook verantwoordelik vir absolute leiding teenoor die staat. Die profetiese taak van die kerk in die vorm van insitutêre uitsprake, dit word beperk deur die wakker profetiese amp van die gelowige binne die selfstandige Christelike staat, in soverre die kerk profeties moet getuig ten opsigte van rasseaangeleenthede en huwelike terwyl hy hom geensins met die staatprinsipes en die praktiese uitvloeisels daarvan mag bemoei nie. As Christengelowiges op die staatterrein optree is dit Christus self wat daar sy koningskap verseker. Langs die wet laat Christus onmiddelik sy profetiese stem daar hoor en bekragtig dit so met sy koninklike heerskappy. In die geval van 'n godlose en nie-Christelike staat verloop alles abnormaal en sal die kerk ook profeties buitengewoon optree. Rosslee sluit af dat ons egter in ons land nog nie op hierdie tydstip aan so iets hoef te dink nie (Die Kerkbode, no.22, jaargang 113, 31 Mei 1961, 727-728).

1.12 Na republiekwording

Hoe sou die kerk die era na republiekwording binnegaan en sou die kerk se stem gehoor word?

1.12.1 Drankwetgewing

“Witmansdrank vir die Swartman”, is die opskrif van 'n artikel van Die Kerkbode (28 Junie 1961, 856-857). Die artikel skryf dat drankwetgewing erger is as 'n turksvy, dit ondervind elke land en regering wat die euwels probeer bestry. Tot hiertoe is in ons land beperkende maatreëls toegepas, rakende die beskikbaarstelling van sterk drank aan nie-blankes en die Bantoebevolking, word geskryf, trouens hulle is feitlik verbied om witmansdrank te gebruik. Dit hang saam met die Christelike voorgdyskap, die vraag is hoe verre die staat werklik binne sy magte of ook geroepenheid handel deur drankgebruik wat nog nie drankmisbruik geword het nie te verbied. Die gedagte van voorgdyskap kom ook hier na vore wat baie sê oor die konteks in die land, ook oor die voorgdyskap ten opsigte van drankgebruik van die nie-blankes is die kerk bekommerd en laat sy stem hoor.

Verder in die korrespondensie van Die Kerkbode (no.2, jaargang 113, 12 Julie 1961, 54) skryf die kerkraad van Uitenhage onder die opskrif “Drankverskaffing aan Bantoe” dat hulle beswaar maak teen die Minister van Justisie om ‘n wetsontwerp by die Volksraad in te dien waarin die aanbevelings van die Malan-kommissie ten opsigte van die verskaffing van sterk drank aan die Bantoe vervat sal wees. Die kerkraad verseker die minister van hulle voorbidding sowel as vir die regering en die volksraad. Hier spreek die kerkraad van Uitenhage dus die minister aan oor die moontlike wetsontwerp met min maar duidelike woorde; daarmee saam ook die gedagte van voorbidding. Die kritiek en profetiese stem van die kerk moet altyd gepaard gaan met voorbidding.

Ds. D.F.B. de Beer skryf in sy artikel “Hoe ver in die nag?” rakende die nuwe drankwet dat die kerk die afgelope dekade so gebid en gestry het om beheermaatreëls deur die Volksraad aangeneem te kry, wat die verbruik van alkoholiese drank deur die bevolking sou afbring en daarmee die dronkenskap en alkoholisme en al die vreeslike euwels wat daaruit voortvloei. Die kerk, soos afgelei uit die artikel, het gestry en gebid oor hulle bekommernisse oor die etiese kwessie van drank. Die Volksraad word ook by name genoem: daar was dus ‘n doelbewuste poging van die kerk se kant oor die saak. Die aanname van die derde drankwysigingswet op 19 Junie 1961 was ‘n wrede ontnugtering, word daar geskryf. Die Federale Raad vir die Bestryding van Maatskaplike Euwels het geen moeite ontsien om die amptelike standpunt van die NG Kerk oor hierdie saak onder die aandag van die regering en parlement te bring nie. Hier word genoem dat waar onderhoude nie gekry kon word nie is dit per brief gedoen, alle parlamentslede is ook in besit gestel van die kerk se memorandum, sowel voor as na die lesing (Die Kerkbode, no.5, jaargang 113, 2 Augustus 1961, 160). Die NG Kerk het hier vele pogings aangewend om sy profetiese stem te laat hoor: die feit dat onderhoude nie toegestaan is in die verband nie dui aan dat die deur van die regering nie net altyd oopgestaan het vir die kerk nie. Briewe is wel as laaste poging gestuur aan die parlamentslede.

Die Kerkbode (no.15, jaargang 113, 11 Oktober 1961, 515) maak ‘n baie belangrike opmerking in verband met die kerk se profetiese rol teenoor die regering van die dag.

Daar word in die artikel genoem hoe dit byna onmoontlik geword het vir die kerk om sy profetiese roeping uit te leef omdat die Volksraad die nuwe drankwet so vinnig deurgejaag het. Die artikel waarsku oor die gevolge van meer aanrandings, moorde, misdaad ens. (Die Kerkbode, no.15, jaargang 113, 11 Oktober 1961, 515). Dit is 'n venynige opmerking teenoor die Volksraad en die kerk se stem wat nie gehoor wil word nie. Soos vorige Kerkbode skrywes was dit nie altyd net maklik vir die kerk om te praat en sy stem te laat hoor nie. Oor die feit dat die Volksraad nie geluister het na die kerk se profetiese stem nie word die gevolge uitgelig. Oor hoe ernstig die kerk oor die wetgewing was word gesien in die Federale Raad van Kerke se kommissie vir die Bestryding van Maatskaplike euwels se verklaring. Dit is uitgereik in Die Kerkbode (no.24, jaargang 113, 13 Desember 1961, 892-893) onder die opskrif "Drankverskaffing aan Bantoes". Na die Drankwysigingswet van Junie 1961 het die Raad sy opwagting gemaak by Sy Edele die Eerste Minister en 'n memorandum voorgelê waarin hy ernstig beswaar maak teen die aanname van hierdie wet wat bo en behalwe naturellebier, ook sterk drank, aan miljoene Bantoes vrystel sonder permit. Hier is die amptelike standpunt van die kerk uiteengesit soos geopenbaar in die besluite van die Algemene en Streeksinodes. Van die besluite van die Federale Raad is dat hy dit betreur dat die minister nie die kerk die geleentheid verleen het om sy sienswyse by wyse van 'n amptelike afvaardiging voor te dra en te bepleit nie, asook dat die Malan-kommissie nie slegs 'n paar leraars in hulle persoonlike en nie-amptelike hoedanigheid ontvang het nie. Die Eerste Minister wat die deputasie baie vriendelik ontvang het, het breedvoerig op die besware ingegaan en selfs die gedagte geopper dat hy self teen die gedagte van opheffing gekant was. Die moontlikheid is gestel dat wanneer die nuwe drankwet bekend gemaak sal word, die kerk behoorlike geleentheid sal ontvang om die minister te spreek. In hierdie geval is die kerk wel te woord gestaan deur die minister, maar is daar op daardie stadium net kennis geneem van die kerk se profetiese standpunt teen die voorgenome wetgewing.

1.12.2 Sede-ondermynende lektuur

In Die Kerkbode (no.26, jaargang 113, 27 Desember 1961, 958) is daar 'n artikel oor die kerk se stryd teen sede-ondermynende lektuur. Daar word in die artikel deur ds. D.F.B.

de Beer gevra of daar nie wette gemaak kan word teen die verskynsel nie. As daar dan is, kom daar min tereg by die uitvoering daarvan. Die oënskynlike vraag van De Beer het ook 'n skerp profetiese woord teenoor die regering oor die toepassing van wette omdat soos hy dit noem: “daar min tereg kom by die uitvoering daarvan”.

1.13 Opnuut die teologiese vraag: Wat is die roeping, terrein, gesag en verhouding van die kerk en staat?

Na Cottesloe, die storms, die hele situasie in die land en die soms wipplank sienings oor die roeping en terrein van die kerk en staat kom die vraag: “Hoe sou 'n kerk en staat siening gelyk het in die gekose tydperk?”. Prof. Jac. J Muller lewer in dié tyd waarskynlik een van die beste teologiese oorsigte oor hierdie saak. Die eerste prinsipiële staatsbeskouing van die NG Kerk vind ons ook die eerste maal in 1951 in die Handeling van die Twee-en-twintigste Vergadering van die Federale Raad van Kerke¹⁶ waar die kerk heelwat standpunte inneem oor kerk en staat. Vertraagde Aksie wat 'n ekumeniese getuienis uit die Afrikaanse kerk is sien ook die lig in 1961 en skryf onder andere oor die profetiese roeping van die kerk teenoor die staat. Grense verskyn ook in 1961: dit was 'n simposium oor rasse- en ander verhoudinge.

1.13.1 Die Skrif en Profetiese getuienis deur die kerk

Muller (1961:262) skryf dat die kerk 'n profetiese roeping het en 'n duidelike opdrag om te getuig van die Woord en wil van God in alle omstandighede. Hieroor is daar geen twyfel oor die opdrag aan die kerk om profeet te wees vanuit die Woord nie.

Muller (1961:262) gaan dan ook terug na die Skrif en haal enkele voorbeelde uit Jeremia aan ten opsigte van sy opdrag tot getuienis van Godsweë en noem dat die Here gesê het: “Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak...Na wie Ek jou ook al stuur moet jy gaan; en wat Ek jou ook al beveel moet jy spreek...Hiermee lê Ek my woorde in jou mond” (Jer. 1:5-9). Muller (1961:262) verwys ook na Esegïël wat getuig: “Mensekind, staan op jou voete dat Ek met jou kan spreek...Ek stuur jou na die kinders van Israel...en jy moet vir hulle sê: ‘So spreek die Here Here!’...Jy moet hulle my Woorde verkondig, of hulle luister of nie; want hulle is wederstrewig”. Eseg. 2:1-7 sê weer: “Mensekind, Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel; en as jy 'n

woord uit my mond hoor moet jy hulle van my kant waarsku". Eseg. 3:17: "So sê die

¹⁶Sedert 1907 het die NG Kerke mekaar in die Raad van Kerke ontmoet (Lubbe 2002:6).

Here!". Die profete is sprekers van God in die wêreld van mense, hulle is persone wat op besondere wyse in die diens van God staan wat hier op aarde die Woord van God spreek.... hulle moes in die Naam van die Here vir die regverdige sê dat dit met hom goed sal gaan, maar hulle moes weer vir die goddelose sê met hom sal dit sleg gaan (Jes. 3:10-11). Die FR (Hand 1951:52) neem ook hier 'n sterk besluit uit die Skrif en noem dat daar talle uitsprake oor die owerheid is, so maan die profete die volk tot eerbied en skroom nie om die owerheid selfs in die openbaar genadeloos te striem oor die owerheid se regsmisbruik en sy magsmisbruik nie. In die nuwe bedeling, so skryf Muller (1961:262), word dieselfde opdrag tot profetiese getuienis ingeskerp, aan alle dissipels: "Julle is die lig vir die wêreldlaat julle lig so skyn voor die mense – julle is die sout van die aarde." (Matt. 5:13-16). Wanneer die lig verdof of die sout sy smaak verloor, teken dit die tragiek van 'n roeping wat verloën is of 'n opdrag wat nie vervul is nie, en tree die verwerplikeheid voor God in. Hierdie uitspraak is ook van toepassing op die kerk as profeet om sy roeping en opdrag uit te leef anders staan hy teen die opdrag van die Woord. Muller (1961:262) verwys ook na die hemelvaart en Jesus se opdrag aan die kerk: "Gaan dan heen maak dissipels van al die nasies ...en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matt. 28:19) en "Julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde" (Hand. 1:8). So kom Christus ook tot Paulus by sy bekering met hierdie roeping: "Hiertoe het Ek aan jou verskyn om jou te bestem tot 'n dienaar en getuie van die dinge wat jy gesien het, om hulle oë te open dat hulle hul kan bekeer" (Hand. 26:16-18). Die FR (1951:52) verwys ook na Christus se uitsprake teenoor die skrifgeleerdes "Betaal aan die Keiser wat aan die Keiser toekom" dat dit ook dan staatkundige uitsprake is. In die uitsprake "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan mense" wys Petrus en die Apostels alle absolutisme beslis af en word die oppergesag van God oor die staat en die owerheid so bely. Paulus bely ook in Rom. 13 dat die owerheid 'n instelling van God is en dat die owerheid aan Hom verantwoordelik is (FR Hand 1951:52). So het die

Federale Raad en Muller dan ook vanuit die Skrif 'n bepaalde standpunt ingeneem oor kerk en staat en sy profetiese roeping. Maar sou dit enige verskil maak in die kerk se profetiese roeping in die tyd wat voorlê?

1.13.2 Die oorsaak en gevolg van 'n swygende kerk

Die stemlose, nie-getuigende dissipels is die grootste struikelblok vir die toekoms van die koninkryk van God op aarde, skryf Muller (1961:262) en daar is 'n geweldige oordeel en verwerplikeheid opgesluit in die tekening van Israel se voorgangers deur die profeet Jesaja in die woorde: "...Hulle wagte is almal blind, hulle merk niks nie, hulle is almal stom honde wat nie kan blaf nie" (Jes. 56:10). Dr. Gert Swart (1961:130) skryf ook dat die kerk wat sy profetiese taak verloën, verval in 'n luukse van stilte en staan so onder die oordeel van God. Soms kan die kerk dalk bang wees vir reperkussies in sy profetiese roeping, maar moet nie daarvoor terugdeins of bang wees nie, so moet die kerk ook sy stem laat hoor oor die politieke aangeleenthede (Swart 1961:130-131). Die profetiese getuienis, is die kerk se primêre roeping en opdrag teenoor die wêreld en die kerk moet die stukrag ontleen aan die konkrete gehoorsaamheid aan God en Sy Woord, want ...alle spreke oor Christus en sy taak is 'n daad van trou of ontrou. Hier word weer vanuit die Woord die helder en skerp opdrag aan die kerk uitgewys en ook die tragiese gevolge as dit misluk. Muller (1961:263) wys ook die volgende belangrike punt uit dat die kerk die moed sal hê tot radikale selfkritiek en radikale selfhersiening in die lig van wat kerk-wees beteken, in die oorspronklike profetiese-apostoliese sin. Dit bring ook die punt na vore dat die kerk meer moet doen ten opsigte van sy profetiese roeping en dit is ook om in radikale selfkritiek met homself te wees. Die kerk moet beseft dat hy bestaan in die Naam van Christus en gestuur is tot 'n verlore en God-vreemde wêreld. Die kerk kan hom nie tot 'n defensiewe houding beperk nie, hy moet aggressief optree met die swaard van die Gees en onderwerping eis aan Gods Woord en wil, want die program van die kerk is nie net om die wêreld te ken nie, maar om die wêreld te verander, en solank daar 'n Bybel is sal die kerk die marsbevel hoor: Julle sal My getuies wees! My getuies! (Muller 1961:263). Hier kom dit weer duidelik na vore dat die kerk moet getuig en dat die Woord dit veroordeel as die kerk dit nie doen nie. Swart (1961:131) noem dit meer reguit en blatant dat die kerk 'n profetiese taak teenoor die

staat het, hy noem dat as daar aktuele prediking in die kerk is sal die staatkundige en politieke sake in die prediking nie uitgesluit word nie. By Muller en die FR vind 'n mens wel 'n duidelike standpunt soos by Swart, maar by Swart kom die praktyk meer na vore wat hierdie paragraaf betref.

1.13.3 Die geskiedenis: kerk en owerheid

In die geskiedenis was die kerk ook nooit bang om vir die owerheid te sê wat sy plig is nie: die apologete soos Justinianus, Melito van Sardis en ook Augustinus spreek hulle gereeld uit in die verband, en so het die Roomse Kerk nooit geskroom om sy staatkundige beskouings op konsilies en in hulle dekrete te formuleer nie (FR Hand 1951:52). Die FR verwys so ook na heelwat belydenisskrifte wat handel oor kerk en owerheid en hulle profetiese roeping en uitleef daarvan.

Byna geen Belydenisskrif wat ontstaan het tydens die Hervorming, wy nie op een of ander manier 'n artikel aan die owerheid nie bv. Die Westminsterse Konfessie, die Skotse Belydenis en die Nederlandse Geloofsbelydenis (FR Hand 1951:52). Verdere nie-Gereformeerde belydenisskrifte wat na die staat verwys is die Confessio Helvetica Prior en Posterior, die Leerartikels van die Bernse Sinode en die Anglikaanse Konfessie (FR Hand 1951:53).

1.13.4 Wat is die bron van die kerk se roeping?

Die kerk se getuienis, is 'n gevolmagtigde spreke waarin hy diep afhanklik bly van die Woord van God. Muller skryf dat (1962:263) die kerk se afhanklikheid aan die Woord gekoppel is, maar hy maak die interessante opmerking dat dit ook 'n waagstuk is. Om dit enigsins reg te kry moet die kerk self diep buig voor die Woord en telkens weer biddend daaruit leer en onbevange daarna luister sonder vooroordele en moet hy oop en ontvanklik wees vir sy boodskap en vir enige nuwe lig wat God daaruit wil skenk. Die vraag is hier of die kerk in staat is om sonder vooroordele sy profetiese stem te laat hoor, ten spyte van sy buig voor die Woord. Swart (1961:132) noem dat die kerk beteken of aandui: "die wat aan die Here behoort". Hier noem hy dat die kerk nie ons kerk is nie, maar dit behoort aan die Here, dit is 'n belangrike aspek in die kerk se profetiese taak en dan noem hy veral die rasse-spanning in Suid-Afrika: hier gebruik hy

ook weer 'n praktiese voorbeeld deur te noem dat 'n wetsartikel wat rasse-segregasie in die kerk verplig tog nie Bybels verantwoord kan word nie.

Muller (1962:263) skryf dat die kerk hom moet laat aanspreek deur die Woord sodat hy waarlik die stem van God kan hoor bo alle ander stemme wat tot hom kom. Die kerk moet gehoorsaam wees om dit wat God sê ook aan die mense te sê: “Jy moet vir hulle sê: ‘So sê die Here daar mag nie geswyg word nie’”, maar die waarheid moet voor die aangesig van die wêreld bely word, want die getuienis van die kerk dra nie 'n private karakter nie, maar 'n publieke karakter en hierdie openbare belydenis van die waarheid van God gee aan die kerk sy hoë betekenis en sy wêreld oorwinnende mag. Die kerk moet sy eer daarin stel om in alles 'n bruikbare werktuig te wees van die waarheid van God wat aan hom toevertrou is.

Oor die kerk se opdrag en eis om as profeet op te tree is daar geen twyfel nie, hieroor is daar duidelikheid en eenstemmigheid. Die kerk moet voor die Woord buig om dit te kan doen. Die vraag bly: hoor die kerk reg en praat die kerk reg vanuit die Woord? Is dit moontlik vir die kerk om te ontsnap van sy konteks waarin hy is?

1.13.5 Die aard van die profetiese getuienis

Wat sou die inhoud moet wees van die profetiese getuienis van die kerk? Wat sê die Ou Testament en Nuwe Testament hieroor, is daar duidelike riglyne vir die profetiese stem van die kerk vanuit die Woord? Muller (1961:264-266) skryf dat in die prediking van die Ou-Testamentiese profete verskillende momente onderskei kan word:

1.13.5.1 Wekroep tot die diens

Hy belig allereers dat dit 'n wekroep tot die diens van die ware God moet wees. Daarby ook die aankondiging van Gods oordele oor die sonde van die volk om hulle te bring tot verootmoediging en bekering tot God. Ook die toesegging van Gods seën om die volk op te wek tot gehoorsaamheid aan al Gods gebooie, is 'n punt wat hy noem. Dit was 'n niks sparende blootlegging van Israel se ongeregtigheid, maar ook 'n heldere ontvouing van Gods eise vir die volk, die inskerping van die ware Godsdiens en die ware

sedelikheid. 'n Profetiese stem soos Muller (1961:264) noem, is om niks te spaar in die aanspreek van 'n owerheid nie, maar daarmee saam die verkondiging van die ware Godsdiens.

1.13.5.2 Kritiek oor staatsake

Muller (1961:264) noem ook dat daar kritiek op staatsake mag wees, die profete het nie net gewaarsku teen sonde en afgodery en sedelike verval nie, maar eweseer kritiek uitgeoefen waar nodig oor staatsake, teen owerheidspersone en regeringsdade selfs ten opsigte van buitelandse politiek of strategiese beleid. Hier verwys hy na 1 Kon. 21:18; Jer. 22:2; 2 Sam. 24:11; 2 Kron. 11:2; 19:2; 16:7; Jes. 31:1; 1 Kon. 20:42; 22:20; 2 Kron. 25:7. As Elia die goddelose Agab aanspreek in Gods Naam is daarteenoor ook 'n Natan wat die godvresende koning Dawid in die Naam van die Here aandurf en sê: "Jy is die man!". Net so later in die Nuwe Testament wanneer Johannes die Doper nie teruggedeins het om die sondige Herodes in Gods Naam te betig nie, en so ook Johannes en Petrus aan die magtige Sanhedrin betuig dat hulle God meer gehoorsaam sou wees as die mense.

Vanuit die Ou- en Nuwe Testament word daar dus getuig en word die profetiese stem hard en duidelik gehoor teenoor die owerheid van die dag en persone in gesagsposisies ongeag die aansien van persoon.

1.14 Die Teologie van die Ou- en die Nuwe Testament ten opsigte van profetiese getuienis

1.14.1 Drie gebiede in die Ou-Testament ten opsigte van getuienisse

Muller (1961:264) lig onder andere veral drie gebiede uit waar die Ou-Testamentiese profete hul getuienis laat hoor het naamlik: die religieuse-etiese lewe, die sosiale verhoudinge en die politiek.

Hy skryf dat die hoofklem geval het op die religieus etiese, die eis van die heilige en regverdig God, wat sonde straf maar ook genade en liefde betoon aan die boetvaardige.

In die sosiale verhoudinge is geregtigheid en barmhartigheid die grondsuile van die profetiese prediking, skryf Muller (1961:264). Daar is die kragtige protes teen verdrukking van die maatskaplike minderes en veroordeling van liefdelose kapitalisme en uitbuiting van die armes en swakkes; dis een kragtige getuienis vir sosiale geregtigheid (Jes. 5:8; Amos 6:4-7; Jer. 9:4; Jes. 1:17).

Hierdie gedagtes van Muller oor die sosiale verhoudinge gesien in die lig van die Cottesloe-storm en standpunte op die beraad kom weer duidelik na vore en word beklemtoon. Muller (1962:264) skryf dat selfs in die politieke lewe spreek die profete die konings aan met raad of met kritiek en met sterk veroordeling van sonde en afgodery en wanbestuur. So byvoorbeeld as Israel in sy buitelandse politiek allerlei alliansies wil aangaan met goddelose state of in botsing met hulle verkeer, spreek die profete hulle ook daar aan: "So sê die Here!". In alles weerklink 'n oproep om op God alleen te vertrou en op Hom te steun en Hom alleen te dien. Die profetiese stem van die kerk sluit dan hier ook volgens Muller meer in as net kritiek: hier kom ook die gedagte van raad in en neem die profetiese stem nog 'n tree verder.

1.14.2 Die Nuwe Testament: Christusverkondiging

Hoe sou die profetiese stem in die Nuwe Testament gehoor word? Muller (1961:264-265) skryf dat in die Nuwe Testament is die aard van die kerk se profetiese getuienis samevattend met een woord opgesom naamlik Christusverkondiging.

Die primêre taak van die kerk, skryf Muller, is dan ook om Christus te verkondig, te getuig van Jesus Christus en die krag van Sy verlossing soos geopenbaar in Sy lewe, dood en opstanding en om alle mense te roep tot geloof in Jesus Christus. "...Gaan en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom....Gaan en maak dissipels van al die nasies..." en "Ons tree op as gesante om Christus wil asof God deur ons vermaan, ons bid julle om Christus wil, laat julle met God versoen!". Dit is 'n dringende en getuigende profetiese stem waarna Muller ook hier verwys: dit teenoor alle mense, maar gesien teen die agtergrond van die studie-onderwerp, verseker ook teenoor die owerheid en

owerheidspersone as sulks. Sulke woorde teken die taak en roeping van die kerk op (Mark. 16:15; Matt. 28:19; 2 Kor. 5:20).

Hierdie dinge bly die hoofinhoud van die profetiese getuienis volgens Muller (1961:265) en die kruisprediking bly die hart van die Christelike boodskap; niks kan dit vervang nie en niks kan vir die gebrek daaraan vergoed nie. Die verkondiging van die evangelie tot genesing van die nasies, dit is die eerste en die laaste sorg van die kerk van Christus, maar nie die enigste nie. Die kerk word ook uitgedaag om die gewete van die maatskappy in die Naam van Christus uit te daag en op te roep tot nakoming van die eise van God ook op maatskaplike gebied, want as daar geen spanning tussen kerk en maatskappy is nie, dan is of die maatskappy nie wedergebore of die kerk het wêreldgelykvormig geword. Hier is ook weer onder andere 'n verwysing dat die kerk uitgedaag word as profeet om die gewete te wees van die maatskappy of owerheid: hierdie gewete sal of behoort tot spanning te lei in die verhouding van kerk en owerheid veral as die kerk eerlik en opreg sy stem laat hoor. Die kerk sal Gods wil moet verklaar op elke gebied, skryf Muller (1961:265) en die koningskap van Jesus Christus uitroep oor die hele menslike lewe in al sy openbaringsvorme. Dit is juis oor hierdie hele menslike lewe of terrein waar die kerk sy stem moet laat hoor waarna Muller verwys, waaroor daar nie konsensus was in die kerk veral in hierdie tydperk nie. Die kerk moet die skeppende werktuig van die liefde van God wees in 'n rustelose, veranderende wêreld, maar ook die gésel van God oor alle sondes en afwykings in die maatskappy, want die kerk het nie net die eerste tafel van die wet om in te skerp nie: God liefhê bo alles, maar ook die tweede tafel: Jou naaste liefhê soos jouself.

Dit is juis hier by die tweede tafel van die wet wat Muller noem dat die kerk struikel oor sy profetiese roeping. Die kerk mag hom nooit op 'n piëtistiese wyse alleen beywer om 'n persoonlike vroomheid te kweek wat in 'n vertikale lyn God liefhet en van sy saligheid in die hiernamaals verseker is nie, skryf Muller. Die kerk moet onverbiddelik die bewys van die liefde tot God eis ook op die horisontale vlak in die liefde tot die naaste en dit beteken niks minder nie as die kerstening van die hele samelewing en alle menslike verhoudinge. In die wêreld moet die evangelie ingedra word en sy eise gestel word,

maar hieronder val dan ook die wêreld van die maatskappy, gesin, wetenskap, politiek en rasseverhoudinge. In die voorafgaande noem Muller die terreine van die kerk se profetiese roeping meer prakties en sluit politiek en rasseverhoudinge in: dit is juis hier waar die gevaar ontstaan soos elders gewaarsku dat die kerk maklik die owerheid se verstand word om alles vir die owerheid presies voor te skryf. Muller (1961:266) sluit hierdie paragraaf af deur te noem dat die kerk spreek nie vanuit die tydsgees nie, maar tot en met die tydsgees, omdat ook die tydsgees of huidige gesteldheid van die mense die evangelie en sy implikasies nou en hier moet hoor. Muller noem tereg dat die kerk met die tydsgees praat en nie vanuit die tydsgees nie, dit is juis hieroor waar die kerk moet waak, want te maklik word vanuit die tydsgees gepraat.

1.14.3 Die terreine van die kerk se getuienis

Muller skryf (1961:266-267) dat Abraham Kuyper oorbekend is. Daar is geen duimbreedte van ons menslike lewe waarvan Christus nie kan sê: Dis myne! Daardie soewereine reg en koningskap van Christus moet deur die kerk verkondig word, om sodoende alle terreine van die lewe op te eis vir Christus. Jesus se prediking van die koninkryk van God het nie net die geestelike lewe van die mens geraak nie, maar het ook voorskrifte ingesluit oor maatskaplike sake soos rykdom, arbeid, die huwelik, verpligtinge teenoor die owerheid, en dinge wat lê op die terrein van die verhouding tot die medemens (Matt. 19:23; 10:10; 22:17-21; Luk. 12:16). Dis daar waar Hy die gebod neerlê op die terrein van die verhouding tot die medemens, waar Hy die gebod stel van die naaste liefhê soos jouself (Matt. 22:36), en so ook die gulde reël neerlê...“soos julle wil hê dat die mense aan julle doen, so moet julle ook aan hulle doen” (Luk. 6:31).

Hier sluit Muller ook aan by die tweede gebod en nader aan die gedagte van sosiale geregtigheid wanneer die profetiese stem van die kerk gehoor moet word.

Die FR (1951:56) erken ook die eie terrein van beide die staat en die kerk om te sê dat in die geskiedenis het die staat staat gebly, en het die kerk kerk gebly: dit onderskei hom altyd van elke verbandstipe. Elke bouwerk word voorsien van 'n fondament en so het elke verband ook sy fundering in 'n bepaalde aspek van die werklikheid. Reg en

mag domineer by die staatsverband en daarin is ook inderdaad die kwalifiserende en funderende funksies van die staat gegee. Die staat rus op historiese magsvorming en is dus histories gefundeer maar dit sonder meer onderskei egter nog nie die staat van die ander histories gefundeerde verbande nie. 'n Demokratiese staat is sonder twyfel anders georganiseer as die diktatuur en tog is albei state.

Die apostels het as Woord van God ook profetiese getuienis afgelê, oor pligte ten opsigte van owerheid en belasting, huwelik en gesin, baas-kneg-verhoudings, en ondersteuning van die swakkes. Hier verwys Muller (1961:267) ook na die Skrif (Rom. 13:1-7; 1 Kor. 7:3-5; 9-16; Ef. 6:1-4; Kol. 3:22; Rom. 15:1; 1 Kor. 8:11-13).

Die kerk het wel van Godswêë 'n woord vir die wêreld, ook vir die terrein van die owerheid, die sosiaal-ekonomiese lewe en die maatskaplike vraagstukke, want op alle lewensterreine kom die mens te staan voor die vraag na die ware lewensnorme. Ook na aanleiding daarvan dat wanneer na die wil van God gesoek word, kan die kerk dan nie anders as om te spreek oor maatskaplike euwels soos drankmisbruik, dobbelary, ontug, gesinsontbinding; oor sosiaal ekonomiese vraagstukke soos behuising, menswaardige lone, trekarbeid en sy euwels; oor die wetenskap, die onderwys, of waar doopbeloftes in die gedrang mag kom; oor staatsvorme of owerheidsoptrede, of waar absolutisme of totalitarisme die menslike vryheid devalueer. Oor wetgewing wat menslike verhoudinge reël en waar maatskaplike geregtigheid en naasteliefde tot hul volle reg moet kom sonder onbillike diskriminasie tussen mens en mens. Al is die kerk se taak en opdrag begrens is hy nie in sy arbeidsterrein begrens nie. Die kerk mag hom nie inkerker binne sy eie mure nie, die kerk van Jesus Christus is ten nouste betrokke by die lot en lewe van alle mense (Muller 1961:267).

Hier waag Muller (1961:268) deur te wys na al die terreine waar die kerk sy stem moet laat hoor: veral die openbare sedes word by die naam genoem, die kerk het ook hier inderwaarheid gepoog om sy stem te laat hoor.

Hy noem ook maatskaplike geregtigheid, naasteliefde en onder andere ook diskriminasie wat weereens aansluit by die groot debat in die kerk in die tyd na Cottesloe.

Muller (1961:268) noem ook hier belangrike sake oor die stem van die kerk dat die kerk ook 'n eie lewe en lewensbeginsel het en staan bo die partypolitieke verdeeldheid en partystryd, en bo wisselende regerings en owerheidspersone; die kerk moet ook alle partye en alle beleide na regs en na links beoordeel en voorlig of tereg wys vanuit die beginsels van die koninkryk van God. Die kerk het ook die onbetwiste reg en vryheid om met die Skrif in die hand te verskil van enige partypolitieke siening of beleid as dit nodig mag wees. Muller noem hier dat die kerk van die partypolitieke siening mag verskil en dit is ook sy reg. Die vraag is maar net of die kerk dit wel doen? Die taak en die plig van die kerk om te getuig is daar, hy kan homself nie ontslaan sonder om ontrou te wees aan sy Godgegewe roeping nie. Treurnicht (1961:37) skryf oor die terreine van die kerk en die staat dat daar baie maklik 'n wanverhouding kan ontstaan na altwee kante toe. Die staat kan baie maklik alles wil oorheers en bestuur terwyl die kerk hom weer maklik kan onttrek van die publieke terrein en so maklik sy roeping versak of die kerk kan weer so maklik inmeng in die politieke en staatkundige aangeleenthede dat hy dan weer sy karakter kan verloën. Na beide kante toe kan daar baie maklik 'n grens oorskryding wees. Die terreine word mooi geplaas maar in die praktyk het dit moeilik inslag gevind.

1.14.4 Noodsaaklike konsultasie tussen kerke

Muller (1961:268) noem dat wanneer dit kom by die stem van die kerk daar konsultasie tussen kerke wat die een liggaam van Christus uitmaak ook na vore moet kom. As die kerk moet getuig van die lig van Gods genade en waarheid wat in Christus opgaan dan veronderstel daardie getuienis die eenheid van die kerk. Die getuienis van die kerk van Christus moet dus kom tot 'n universele getuienis wat in die Naam van die Here uitgespreek kan word. Hy noem hier iets baie belangrik dat indien die kerke in ons land uit twee monde praat en hulle geen eenstemmige profetiese getuienis kan laat hoor nie, wie sal weet of kan vasstel watter kerk werklik as kerk van Christus spreek? Daarom

moet daar onderlinge konsultasie wees, 'n saamsoek na die bedoeling van Gods Woord, want geen enkele kerk is die hele kerk van Christus in 'n land nie, saam moet gebid, gestudeer, geworstel word om te hoor wat God sê. Elke kerk in die land sal hom moet ontdoen van enige eie, vleeslike, politieke of rasvooroordele en vooringenomendheid om saam met ander kerke te soek na die waarheid en wysheid van God sodat almal dieselfde getuienis sal kan lewer: So sê die Here! Ekumeniese samekomste sal in die toekoms onmisbaar wees op nasionale vlak sowel as wêreldwyd.

Te dikwels word die kerk beskuldig dat dit uit twee monde praat, skryf Muller (1961:268-269). Daardeur verloor die kerk sy krag in sy profetiese stem en skep verwarring in sy boodskap.

1.14.5 Hindernisse in die uitvoering van die profetiese taak van die kerk

Swart (1961:140-141) noem hier veral vier punte wat die kerk kan verhinder in die uitvoering van sy profetiese taak nl. verdeeldheid in die kerk, sosiale indifferentisme, nasionalisme en 'n verkeerde opvatting. Wat verdeeldheid in die kerk betref, noem hy dat dit verlamdend inwerk op die kerk en dat dit sonde is en 'n bedreiging inhou vir die profetiese taak van die kerk. By sosiale indifferentisme verwys hy na die reaksie teen die humanisme: dat dit die pendulum so ver laat terugswaai het dat die antitese grens aan sosiale indifferentisme, dit het so 'n rol gespeel in die kerk dat dit weer die weg gebaan het vir die opkoms van die kommunisme ens. Die kerk moet let op die sosiale misstande en menseregte, anders faal hy in sy profetiese taak. By nasionalisme het dit so ontwikkel dat die nasie die hoogste rigsnoer word in die staat, skool en dan ook die kerk: dit belemmer hom in sy taak as profeet. Die laaste aspek is die gedagte aan 'n verkeerde opvatting van die verhouding tussen kerk en staat, die kerk het 'n soewereiniteit in eie kring en die staat mag nie inbreuk maak daarop nie. Dat die kerk lig moet loop in sy profetiese taak wat die genoemde hindernisse betref is so, die kerk is soms dalk net te liggelowig of soms dalk willens en wetens net te slapende.

1.14.6 Die kerk moet kerk bly

Muller (1961:269) noem dat die kerk na sy grondbetekenis die Here s'n is. Die kerk moet altyd kerk bly, in die getuienis van die kerk moet daar 'n ander stem as die van die mense gehoor word, naamlik die stem van God: hier noem hy dus 'n belangrike punt waaraan die kerk gehoorsaam moet wees en bly, die kerk moet hom ook voortdurend hieraan toets. In die kerk moet 'n ander gesindheid geopenbaar word as die van die wêreld, naamlik die gesindheid van Christus, in die kerk moet in 'n ander krag gestry word as die van die vlees, naamlik in die krag van die Heilige Gees. Die kerk moet nie gelei of beïnvloed word deur die populêre krete van die dag of die ideologiese slagspreuke van die tyd nie, maar moet na die stem van Gods Woord luister. Swart (1961;134) noem dat die vernaamste taak van die kerk is om kerk te wees en om juis dit te wees moet die kerk eerlik dink en met dapperheid praat, hy noem dat dit gevaarlik is as die mens die kerk wil bou na sy eie oortuigings en oogmerke.

Te dikwels is die kerk skuldig daaraan dat dit die stem van die dag is. Dit moet met vrymoedigheid verkondig word, sodat almal God Woord hoor. Geen volk mag ooit sê deur die versuim van die kerk: "Ons het nie geweet wat Gods wil of wat die eis van die evangelie was nie". Dit is nie ras, of volk, bloed of bodem wat die boodskap van die kerk bepaal of dikteer nie, maar alleen die Woord van God. Anders verval die kerk in 'n valse profesie en in die verkondiging van 'n wêreldse ideologie. Die kerk is kerk van Jesus Christus, nie kerk van die volk nie, nooit mag Engelse, of Afrikaners, of Bantoe nasionalisme die kerk se getuienis voorskryf of bepaal nie. Telkens moet dit onder die soeklig van die Woord van God gestel word, die kerk is nie die instrument van die staat of party nie, die kerk se eie aard en lewensbeginsel en Godgegewe roeping is dat hy altyd en in alle omstandighede en vir alle volke kerk van Jesus Christus is (Muller 1961:269-270). Die profetiese roeping van die kerk teenoor die staat moet nie 'n tipe liefhebberij wees nie, dit moet gedoen word uit geloofsnoodsaaklikheid: 'n nie anders kan nie (Swart 1961:138).

Muller beklemtoon ook hier aan die einde, 'n bietjie teen sy tyd in dat die kerk nie volk of ras gebonde moet wees nie, want ook dit beïnvloed sy profetiese stem. Dat daar ook gewaak moet word teen 'n skewe opvatting van die kerk se profetiese roeping is so.

Soms kan die indruk gewek word dat die profetiese stem moet help om 'n sekere politieke wa deur te trek. Die kerk moet ook nie op alle terreine leiding gee nie soos byvoorbeeld op die staatterrein nie, maar as die kerk die Woord van God verkondig op alle terreine waar die mens beweeg is dit weer iets anders (Treurnicht 1961:45).

1.15 Samevatting

Die tydperk 1947-1961 staan beslis nie los van die voorafgaande tydperke nie. Dat die rasse-kwessie oor 'n lang tydperk kom word duidelik gesien in die bronne. Dit is ook waar van hierdie periode. Die kwessie is maar altyd ernstig bespreek en bejeën. In die tydperk het daar ook 'n verdere noue band ontwikkel tussen kerk en staat. Na die noue band verwys prof. Hanekom ook in die voorafgaande stuk, tog het dit soms geblyk dat die regering se deur nie altyd vir die kerk oopgestaan het nie. Hoewel die NG Kerk telkens die kerk en die staat se terreine duidelik stel, vind dit in die praktyk nie altyd plaas nie. Die kerk weet teologies duidelik dat hy 'n profetiese stem moet laat hoor, maar word wat betref sy rassebeleid, telkens ingesuig in die praktyk, sodat dit bykans in die konteks verdwyn. Dat die NG Kerk verbind word met apartheid nog voor 1948 en daarna is duidelik. Dat die kerk wat betref die openbare sedelikheid wel gepoog het om sy stem duidelik laat hoor is so. Binne hierdie tydperk word gevind dat daar 'n vae onrustigheid en bekommernis na bo begin kom het oor die rasse-kwessie en sosiale geregtigheid. Dit veral na Cottesloe, wat soos iemand skryf, 'n donderslag uit 'n wolkelose hemel was en die woord paniek sinoniem met Cottesloe geword het.

HOOFSTUK 2: 1962-1966

‘n ERA VAN KONSOLIDASIE VAN ‘N BEPAALDE KERK-STAAT VERHOUDING

2.1 Besinning oor apartheid 1962-1966

2.1.1 Aanloop tot die Algemene Sinode 1962

Die tweede fase rondom die besinning oor apartheid strek breedweg vanaf 1959-1978. Du Plessis (1961:7) skryf dat die kwessies van die rassevraagstuk en rasseverhoudinge¹⁷ eintlik die produk is van die afgelope vyf eeue. Die hele era van die rasse-kwessie in die NG Kerk handel oor konfrontasies, kommissies en debatte oor die Christelike grondslag van die apartheidsbeleid. Twee proefskrifte het ook die lig gesien, die van G.J. Swart “Die vraagstuk van die eenheid, verskeidenheid en verdeeldheid van die kerk”, die ander een van P.J. Robinson “Die verhouding van die NG Kerk tot sy Bantoe dogterkerke”. ‘n Bundel verskyn ook met die titel “Grense” – ‘n simposium oor rasse- en ander verhoudinge. “Vertraagde Aksie” was ook nog vars in die geheue gewees, dit het baie opskudding en reaksie uitgelok (Lombard 1981:243-244). Krisisse in die tyd was o.a. die moord op nege polisiemanne in die swart woonbuurt Cato Manor, by Durban en die Sharpeville¹⁸ konfrontasie. In Desember 1960 vind Cottesloe ook plaas, wat deur al die NG Kerk sinodes teen 1961 verwerp is. Daar was ook ‘n noodtoestand en die verbod op die ANC en die *Pan African Congress* het in werking getree, asook die sluipmoordaanslag op dr. Verwoerd by die Randse Skou op 9 April 1960. Dit alles vorm deel van die krisistyd voor die eerste algemene sinode van 1962 (Lubbe 2002:44,46). Du Preez (1955:voorwoord,5) noem ook dat rasseverhoudinge in Suid-Afrika die grootste probleem is en bly, en dat daar deurentyd ‘n worsteling in dié verband is. Maar nie net is dit ‘n probleem eie aan Suid-Afrika nie, dit is ‘n wêreldwye

¹⁷Vorster (1977:16) noem dat daar baie uitbarstings en konflikte tussen Blank en Nie-Blank in Amerika was, net soos in Suid-Afrika in die dekade van die sestigerjare

¹⁸Die Transvaalse Ned Geref. Bantoe kerk het gedurende die tyd met die Sharpeville-onluste hulle lojaliteit in die krisistye aan die moederkerk betuig (Lubbe 2002:45). Die kerke en die wêreld is wakker geskud deur die gebeure by Sharpeville (De Gruchy 1979 :62). Daniels (1969:13) skryf dat die optog hoofsaaklik oor die dra van pasboek gegaan het. So 'n pasboek het bestaan uit 95 bladsye en moes te alle tye gedra word deur persone bo 16 jaar.

probleem (Du Preez 1955:5; Potgieter 1956:2; Zulu 1972:10). Randall (1970:9) beskryf Suid-Afrika dan ook as 'n land wat byna geken word in terme van uitdrukkings soos ras, nasionaliteit en kultuur. Die worstelinge oor rasseverhoudinge is ook deur die kerk intens beleef en word deurentyd gevind in die NG Kerk se besluitneming.

In April 1960 het Die Kerkbode 'n nuwe redakteur gekry, dr. A.P. Treurnicht. Hy reageer in Die Kerkbode op die Anglikaanse biskop dr. Joost de Blank se aanval op die NG Kerk en sy apartheidsbeleid. Dit het 'n dekade van konfrontasie ingelei veral tussen die NG Kerk en die Anglikaanse Kerk (Lubbe 2002:45).

Die aanloop tot die algemene sinode was vol van spanning en onsekerheid veral wat die rasse-situasie in Suid-Afrika betref. Dit sou inderdaad 'n dekade inlei van konfrontasie en die soek na oplossings. Dit alles het ook 'n verlamende invloed en rol gespeel in die profetiese roeping van die kerk veral in die hantering van die rassekwessie in Suid-Afrika.

2.2 Een kerkverband vir die NG Kerk in 1962

Op 27 Maart 1962 het die goewerneur-generaal sy goedkeuring geheg aan Wet No. 22 van 1961. So was die weg nou geopen vir die Kaapse sinode om op die basis van 'n gemeenskaplike kerkorde met ander Ned. Geref. Sinodes in een sinodale band te tree (Van der Watt 1987:13). Dr. J.D. Vorster het op die sewe-en-twintigste vergadering van die Raad van Kerke in Maart 1961 kennis gegee van die herroeping van die ordonnans en so het die Raad van Kerke dan ook sy naderende einde bereik (Van der Watt 1987:13). Die Ned. Geref. Kerke het vir 100 jaar afsonderlik bestaan en tog was hulle in wese maar een (Van der Watt 1987:15). Op 11 Oktober 1962 vind die herstel van die algemene sinodale kerkverband plaas wat aanvanklik verbreek was deur 'n uitspraak

van die Hooggeregshof van 1862 (Van der Watt 1987:10). Watter verskil sou die herstelde kerkverband bring in die profetiese roeping van die NG Kerk? Sou daar dalk enige noemenswaardige veranderinge plaasvind in hierdie profetiese roeping? Van der Watt noem dat die verskillende sinodes eintlik in wese tog maar een was. Kan daar moontlik hieruit afgelei word dat daar nie veel afgewyk sou word van die patroon wat in die verlede gevolg is wat die profetiese roeping van die kerk betref nie?

2.2.1 Opening van die Eerste Algemene Sinode 1962

Die opening van die eerste Algemene Sinode¹⁹ word waargeneem deur prof. E.P. Groenewald in sy hoedanigheid as die laaste voorsitter van die Raad van Kerke. In die rede in die Grootte Kerk, te Kaapstad op 14 Oktober 1962 was die tema: “Jesus Christus die Bouer en Bewaarder van sy Kerk” en die Skrifgedeelte was Sag. 6:13. Dit was dieselfde teksgedeelte as 14 Oktober 1862 (NGK AS Hand 1962:280).

“n Eeu gelede het ds. Andrew Murray senior, die openingsrede vanaf hierdie kansel uitgespreek”, word daar geskryf. Ook op daardie vergadering van 1862, ‘n eeu gelede, beleef die kerk ‘n aanslag op sy struktuur sowel as bedienings (NGK AS Hand 1962:280). Daardie stormagtige jare van die vorige eeu het nie net die kerk nie, maar ook die volk tot ‘n groter eenheid saamgebind.

Baie interessant is dat die gedagte van die volk en volkskerk nog hoog op die agenda was soos blyk uit die handeling (NGK AS Hand 1962:280). “Die voortbestaan van die kerk word regtig op alle maniere bedreig, tog bevind die kerk hom nog altyd in ‘n stryd, soms voel die kerk onmagtig, selfs gebroke, dalk moet dit so wees”. Dat die kerk en die beleid van die dag onderdruk was word hier baie goed verwoord (NGK AS Hand 1962:280). Goddank vir Christus wat self sy Kerk in stand hou, lei die rede, dit is: “Hy wat ons in die uur van magteloosheid, aan sy tafel vergader en ons sterk met brood en beker”. Die belydenis vorm steeds ‘n kernargument in die rede, maar die uitlewing van die Woord in die praktyk het nie altyd tot sy reg gekom nie (NGK AS Hand 1962:280). Die spanninge van die voorafgaande tydperk smeer ook hier duidelik af in die openingsrede van die eerste Algemene Sinode van 1962.

¹⁹Die eerste Algemene Sinode het ook gebreek met die WRK en dit was ook die begin van die totale isolasie van die NG Kerk (Langner 2004:122)

2.2.2 Die eerste sinodale boodskap van die Algemene Sinode van 1962

Wat sou die sinodale boodskap wees van die NG Kerk se eerste Algemene Sinode aan al sy lidmate en sou daar moontlik ook 'n profetiese stem hoorbaar wees teenoor die owerheid van die dag? Die sinodale boodskap aan alle lidmate van die NG Kerk in 1962 was dat nie slegs die kerk van Christus nie, maar die hele Afrikaanse volk se voortbestaan bedreig word (NGK AS Hand 1962:275). Woede teenoor die volk was ook ongekend in daardie tyd (NGK AS Hand 1962:275). Veral onder die Bantoe was daar ook 'n eskatologiese vooruitsig, asook 'n onkeerbare nasionalisme wat onstuitbaar²⁰ geword het en wat ook deur die wêreld aangeblaas is. Die vraag kan ook gevra word: "Watter aandeel het die blanke in die Bantoe se nasionalistiese gevoel gehad deur sy optrede en standpunte veral wat ras betref" (Du Plessis 1963:14,15). Die kerk het ook ervaar dat die volk bedreig word. Die kerk het hom ook hier in 'n posisie gesien om die volk te help in die uur van nood deur homself te vermaan, deur nie sy oë te sluit vir die benoudheid waarin die volk verkeer nie. Die term volk word ook hier deurgaans met klem gebruik (NGK AS Hand 1962:275).

Sonder om op die terrein van die staat te tree, word die gelowiges vermaan om waaksaam, sterk en standvastig te wees en gereed vir enige opoffering wat die Here van ons mag eis. Die byna profetiese verwysing na die staat is tog opvallend hier asook die opmerking dat daar nie met opset op die staat se terrein beweeg wil word nie. Dis byna 'n erkenning dat daar al klaar op die staat se terrein beweeg is (NGK AS Hand 1962:275). Oor hierdie toedrag van sake word die lidmate gevra om intelligent kennis te neem van die landsake. Ook word vir voorbidding gevra vir hulle wat belas is met die staatsbestuur asook vir die veelrassige samelewing en die algemene gesindheid van vrede wat maar broos is (NGK AS Hand 1962:275). Die voorbiddingsgedagte kom dan ook saam met die profetiese stem vir die staat en die land. Die volkskerk-gedagte is hier ook nog baie opmerklik. Dat die druk op die NG Kerk aan die toeneem was is hier

²⁰Du Plessis (1963:14) noem die nasionalisme van die Bantoe as 'n onblusbare vuur, onbedwingbare orkaan en 'n onkeerbare stroom.

in die sinodale boodskap ook duidelik voelbaar en sou net verder toeneem in die toekoms. Die moderatuur van die eerste algemene sinodale vergadering was dan ook dr. A.J. van der Merwe, ds. P.S.Z. Coetzee, dr. J.D. Vorster, ds. A.J.V. Burger (NG Kerk AS 1962:276).

2.3 Die NG Kerk en die Gereformeerde Ekumeniese Sinode 1963

Reeds by die eerste sitting van die Algemene Sinode van die NG Kerk het die kerk ook aansoek gedoen om lid te wees van die GES (Langner 2004:126). Reeds in 1953 was daar al kritiese vrae oor apartheid gestel en die kritiek daarna het net toegeneem (Langner 2004:127). Die standpunte sou ook oorspoel na die vyfde vergadering van die GES. Reeds by die vyfde vergadering van die GES te Grand Rapids in die VSA was dr. J.D. Vorster die NG Kerk se afgevaardigde. Hy noem ook in sy verslag dat rasseverhoudinge sterk op die voorgrond getree het. Die GES het hom ook sterk uitgespreek dat die Skrif hom nie uitspreek oor die rasse-integrasie asook rasse-skeiding nie (Van der Watt 1987:133). Strauss (1983:144) noem dat Sharpeville die betrekkinge tussen die NG Kerk en die GKN rondom die problematiek in Suid-Afrika "geïntensiveer" het. Die NG Kerk sou ook die internasionale druk meer en meer gevoel het soos die tyd aanstap. Dit sou ook mettertyd sy profetiese stem aanspreek. Apartheid was meer bevraagteken en die NG Kerk sou in die verband meer en meer sy antwoorde moes bied (Van der Watt 1987:134).

2.4 Kerk en staat in Die Kerkorde van 1962

Wat die KO betref van 1962 en die verhouding van kerk en staat, vind ons dat die verhouding in artikel 65 opgeneem is. Dit bly dan ook byna onveranderd tot in 1998: daar is slegs kleinere en nie-prinsipiële wysigings aangebring (Strauss 2001:81). Strauss (2001:81) noem dan ook dat volgens hierdie KO "is die kerk as samelewingsverband 'n vergadering van gelowiges wat sy ontstaan en voortbestaan nie

in die wil van sy lede grond nie, maar in die vrymagtige welbehae van sy Hoof, Jesus Christus". Die kerk is dan ook selfstandig in eie bevoegdheid: dit is 'n uitdrukking wat 'n Suid-Afrikaanse weergawe van Kuyper se soewereiniteit in eie kring is. Wat die soewereiniteit in eie kring van die kerk betref, dui die KO onder andere aan dat dit die "heilige roeping is om die staat en die wêreld waarin hy staan, profeties en getuigend aan te spreek" (Strauss 2001:81). Ook hier is daar geen onduidelikheid dat die kerk 'n profetiese roeping teenoor die staat het nie. Die profetiese roeping bly egter steeds nie altyd duidelik wanneer dit by die praktiese sake kom nie. Die KO omskryf nie of gaan nie in op die normatiewe taak van die staat nie, dit gaan meer eerder oor die optrede van die kerk teenoor die staat. Die NG Kerk onderwerp hom ook aan die burgerlike regsverkeer en so ook aan die gesag van wette van die staat, dit alles in so verre dit nie met die Woord van God bots nie (Strauss 2001:81). Strauss (2001:82) noem dat beide kerk en staat bekleed is met die soewereiniteit in eie kring, die gedagte moet deur beide die kerk en die staat gerespekteer word. Die KO voor 1970 neig dalk meer na Kuyper (Strauss 2001:82). Strauss (2001:83) skryf dat die KO se siening oor die verhouding van die NG Kerk teenoor die staat groot invloed toon van die Neo-Calvinistiese herlewing van die 1930's. So staan die KO dan in sy uiteensetting met sy verhouding met die staat in die tradisie van die sogenaamde Nederlandse (Kuyperiaanse) Neo-Calvinisme (Strauss 2001:83).

Strauss (2001:84) noem dat die KO die reaksie van die NG Kerk op staatsoptrede op sy opvallende manier formuleer. Die gedagte in artikel 65(b) dat die NG Kerk as instituut hom aan die gesag en wette van die staat onderwerp soverre dit nie met die Woord van God bots nie, is 'n onnodige stelling in die KO omdat dit in elk geval in die Heidelbergse Kategismus behandel word. Tog word dit genoem in hierdie KO. Die KO gaan ook verder en noem dat die NG Kerk die beskerming van die owerheid aanvaar met dankbaarheid. Die volgende gedagte kom ook na vore dat die NG Kerk nie sy geloofsvryheid sal misbruik om die staatsgesag te ondermyn nie. Dit toon 'n bepaalde toegeneentheid²¹ teenoor die owerheid van die dag in 1962, en die feit dat eerbied en wanorde sensitiewe sake was op daardie stadium.

²¹Strauss (2001:84) noem dat die NG Kerk in die vyftiger- en sestigerjare (en later) in 'n noue en intieme band met die Nasionale Party gestaan het

2.5 Profetiese rol van die kerk

2.5.1 Kerk moet praat

Die inleidingsartikel van Die Kerkbode (no. 18, jaargang 114, 2 Mei 1962, 596) is "Ons moet praat". Die artikel noem dat daar gegronde vrees is dat die kerk verwyte sal word dat hy geswyg het waar hy moes praat of dat hy 'n nprater was van die gangbare menings, in plaas daarvan dat hy profeet moet wees wat met kennis en gesag proklameer: "So se die Here". Cawood (1964:1) skryf dat die oorsaak vir die rasse probleem in Suid-Afrika onder andere is dat dit vir die kerk moeilik is om hom te onderskei van die gangbare standpunt van die dag, dit kom na vore wanneer 'n mens die kerk se profetiese stem hoor in 1962. Vir die kerk sou dit baie geriefliker gewees het as hy maar net geswyg het en hom maar in mistieke omgang met God afgesonder het sonder om die probleme en wantoestande van sy tyd aan te durf. Die artikel verwys ook na die Tweede Wêreld-oorlog (wat seker nog vars in die geheue was) waar dit mode was om met 'n beskuldigende vinger na die kerk in Duitsland te wys met die verwyte dat hy nie duidelik genoeg gepraat het toe die Nazisme aan die bewind was en die volk op 'n gevaarlike pad gelei het nie. Vir hierdie verwyte moet die kerk altyd baie bang wees. Die slagsprek "Praat ten alle koste!" tydig en ontydig sonder die aansien van die persoon, moet deel wees van die kerk se stem. Die kerk twyfel nooit aan die gedagte dat daar gepraat moet word nie, met ander woorde, sy profetiese stem is vir hom 'n gegewe. 'n Ander vrees is dat daar aan die kerk 'n bepaalde terrein toegesê sal word. Maar die kerk aanvaar geen beperking van sy opdrag om die Woord van God op alle terreine te verkondig nie en die kerk moet die Woord van God vreesloos verkondig. Die geskiedenis van die Christelike kerk getuig dan ook daarvan dat martelaarskap en ware kerkwees hand aan hand gaan. Die artikel is baie duidelik dat die kerk moet spreek en nie mag swyg nie anders is daar baie verwyte teenoor die kerk. Die artikel neem ook 'n sterk en duidelike standpunt in oor sy profetiese roeping deur te noem dat

die kerk nie vir die wêreld vra waar en wanneer hy moet verkondig nie, maar bevestig dat sy profetiese gesag van God is, al vind mense sy boodskap ongerieflik. Hierdie stelling is natuurlik 'n kernfondament van die kerk se profetiese roeping. Die artikel noem dat dit 'n vereenvoudiging is om te sê dat die kerk en die staat elkeen sy eie terrein het.

Dit is ook 'n vereenvoudiging om te sê dat die kerk oral leiding moet gee en die gewete van die staat en maatskappy is. Die kerk begroet ook nie elke oproep om te praat met applous nie. Kerklike beterweterigheid op allerlei terreine het die kerk al baie duur te staan gekom in die verlede. 'n Vraag wat gevra word is of die kerk genoeg vakkennis van die menigvuldige maatskaplike vraagstukke het om altyd leiding te kan gee? 'n Ander vraag is watter gesag het die kerk met betrekking tot die praktiese ordening van die maatskaplike lewe? 'n Ander rede waarom die kerk versigtiger moet reageer as daar gevra word om te praat, is dat die kerk dikwels deur politieke magsgroepe aangepor word om 'n standpunt te propageer, in plaas daarvan om deur die Heilige Gees gedrywe te word en om Gods Woord te verkondig. Die lesse van die geskiedenis, is te duur dat ons vandag alle uitsprake wat onder kerklike vlag en profetiese aanspraak tot ons kom moet begroet as gehoorsaamheid aan Christus. Die vraag deur dit alles is of die kerk leer vanuit die geskiedenis oor die wat en die hoe van sy profetiese roeping? Cawood (1964:1) skryf dat: *"The race problem in South Africa is basically a moral problem and for this reason it is natural that people should look to the spiritual leaders in the country for guidance and leadership."* Sou die NG Kerk die regte leiding bied vir die rasse-kwessie in Suid-Afrika, sou hulle profetiese roeping op spesifiek hierdie gebied rigtinggewend gewees het? Die opmerking van Cawood (1964:1) dat *"organizations both within and without South Africa are constantly trying to find out what the Christian churches in South Africa are saying and doing about the race problem"* sê ook al baie van al die kerke in Suid-Afrika se profetiese roeping in hierdie era.

2.5.2 Voorbidding vir die owerheid

Die moorde op 'n paar blankes en Bantoes onderstreep ook in hierdie tyd die spanning in die land. Die artikel lig die moeilike rasse-dilemma van die tyd uit deur ook die

kritiese vraag te vra en te noem dat die kerk nie mag blind wees vir die ernstige vraagstuk met die aanwesigheid van duisende Bantoe-gaste in blanke gebiede nie. Die artikel maak weereens 'n baie belangrike opmerking dat daar vir die owerheid gebid moet word om in elke poging die volksverhoudinge in ons land te reël (Die Kerkbode, no.23, jaargang 114, 5 Desember 1962, 770). Daar word ook in Die Kerkbode (no.7, jaargang 115, 14 Augustus 1963, 208) weer genoem dat daar vir die geregsdienaars gebid²² moet word. Voorbidding is een baie belangrike profetiese eienskap wat die kerk het teenoor die owerheid en die staatsinstellings. Dat die NG Kerk ook deurentyd gepoog het om aan dit gehoorsaam te wees is baie duidelik.

2.5.3 Kerklike verantwoordelikheid

'n Baie belangrike opmerking word gemaak deurdat daar genoem word dat die kerk ook 'n belang het in die arbeid, beleid en wetgewing van die dag. Dat die kerk na aan die owerheid hier was, is so. Die kerk beweeg uit sy terrein en bevind hom op die terrein van die staat as daar genoem word dat die kerk belang het in die arbeid, beleid en wetgewing van die dag. Die verwagting van die owerheid ten opsigte van die kerk word ook genoem naamlik, dat die owerheid die vrye verkondiging van die evangelie moet waarborg en die regte van die kerk op publiek-regtelike terrein moet beskerm, terwyl die kerk weer ook moet waak teen optrede, beleid en wetgewing wat strydig met die Woord van God mag wees. Dit is nie die kerk se roeping om, soos sommige blykbaar meen, met 'n speurende, kritiese oog op elke owerheidshandeling te let en as't ware 'n fout te sit en in wag om dit te kan kritiseer nie. 'n Mens vind soms in hierdie tyd byna 'n oorwaardering vir die owerheid van die dag, maar ook 'n onderliggende waarheid oor die profetiese rol van die kerk. Die gedagte van waardering teenoor die owerheid vir die positiewe wat hy doen, vorm deel van die stem van die kerk asook weer die voorbiddingsgedagte. Dit is 'n belangrike aspek van die profetiese stem van die kerk om ook die regering van die dag aan te prys en waardering uit te spreek vir die goeie wat hy doen. Sommige, so word geskryf, meen dat dit politiek is om vir die

²²In Die Kerkbode (no.4, jaargang 114, 24 Januarie 1962, 113) onder die opskrif **Opening van die Parlement** word die voorreg en die verantwoordelikheid van die Christen burger weer na vore gebring naamlik voorbidding. Daar word voorbidding gevra vir verhoudinge, onderlinge gesindhede en die hantering van moeilike probleme.

Voorbidding word gevra vir die parlamentslede sowel as vir die regering en die opposisielede. Die artikel lui verder dat die parlamentslede bewus moet wees dat daar vir hulle gebid word vir wysheid en nogeens wysheid

Staatspresident, die eerste minister en kabinet te bid: dit hang natuurlik af hoe jy vir hulle bid, maar voorbidding vir die owerheid is 'n gebod van God. Ander dink dat die kerk se profetiese roeping eers nagekom word wanneer die regering gekritiseer word, terwyl instemming weer gesien word as politieke napatery. Die kerk moet hierdie kuns bemeester in sy profetiese stem van die dag. Geregverdigde kritiek en waardering behoort hier egter ewe swaar te weeg, gesien in die lig van die NGB 36. Volgens dr. A Kuyper is die regering nie langer die bange mag nie, maar dit is 'n openbaring van Gods liefde teenoor ons geslag, die owerheid moet dus aan hoë eise voldoen. Die owerheid as dienaar van God moet Gods Woord en die beginsels ken in sy uitvoering. Uiteindelik word daar van die owerheid verwag dat die owerheid die gebooie van God sal eerbiedig (Die Kerkbode, no.4, jaargang 115, 23 Januarie 1963, 112).

2.6 Die Tuislande

2.6.1 Die Transkei

Die Kerkbode (no.7, jaargang 114, 14 Februarie 1962, 208) sien die Transkei as 'n blywende verantwoordelikheid. In die artikel word daar ook genoem dat die kerk al by verskeie geleenthede gewaarsku het en sy profetiese stem tog laat hoor het deur te noem dat geen volk wat sy sout werd is vir altyd ooit in 'n posisie van onderhorigheid gehou wil word nie, veral ook wat betref die maatskaplike, ekonomiese en politieke ontwikkeling van die onmondige volksgroepe in Suid-Afrika nie. Du Plessis (1963:11) noem ook in die verband dat daar 'n ontwakende nasionalisme is onder die nie-blanke volke. Hy verwys daarna as 'n Bantoe-Messianisme wat besig is om te ontwaak: die nie-blanke verwag 'n beter toekoms vir hulle, word daar geskryf. Tog gaan die artikel verder deur te sê dat langs die weg van selfbestuur aan volkseenhede op 'n eie grondgebied die beste volkeverhoudinge verseker word en word daar ook oor voorgediskap gepraat en dat dit 'n Christelike roeping is. Hier beweeg die kerk weer op die staat se terrein en skryf so voor in die verband. Die kerk verbind hom ook dan tot die verwickelinge in die nuwe gebied. Die vraag word ook gevra waar hierdie streek

wat op pad is na staatkundige ontwikkeling sou gewees het as die kerk nie sending en opvoeding laat deursuur het nie. Die laaste opmerking is duidelik dat die kerk ook sy kerklike roeping probeer uitleef het soos genoem op die gebied van sending. Hurley (1964:10,11) maak die opmerking dat die blankes nie die opsie van integrasie voorstaan nie, want vir hulle beteken dit uiteindelik rasse-selfmoord maar kan die ander opsie van afsonderlike ontwikkeling regtig Christelik verantwoord word? Dit sou ook beteken dat die regering vir miljoene mense ontwikkeling moet doen in die verband. “Maar as dit dan die enigste oplossing is vir vreedsame naasbestaan vir almal in Suid-Afrika en as daar dan ook ‘n prys betaal moet word vir dit, is dit nie dan tog die moeite werd nie?”. “As dit dan ‘n opsie is, is daar dan ook baie voorwaardes gekoppel aan die konsep”. Dis tog interessant dat in die tydperk die opsie tog oorweeg is in heelwat kringe, maar die idee sou later nie meer haalbaar wees nie.

‘Goeie wense aan Transkei’ is die opskrif van die inleidingsartikel van Die Kerkbode (no.25, jaargang 115, 18 Desember 1963, 864). Die Breë Moderatuur van die NG kerk gee sy beste wense aan die Transkei. Transkei het met die verkiesing van sy wetgewende vergadering en die aanwysing van sy hoofminister en lede van die kabinet so op ‘n belangrike stap op die weg van selfregering gevorder, word geskryf. Du Plessis (1963:14) noem dat daar ook by die swartes ‘n onkeerbare nasionalisme ontwikkel, wat of in die tuislande of by die blankes ingeskakel moet word. Die volgende opmerking is weer van belang rondom die profetiese stem van die kerk waar daar genoem word dat dit goed is om daarop te let dat die kerk in sy sendingbeplanning nie maar ‘n gedweë volgeling van staatkundige beleid was nie. Die kerk poog om op sy terrein te bly en ook sy stem te laat hoor, maar dobber tussen die kerk se terrein en die staat se terrein rond.

Randall (1970:47,53) skryf dat daar in 1968 ongeveer tien tuislande geïdentifiseer is vir ontwikkeling in die toekoms. Dit alles was ‘n baie moeilike proses en seker een van die grootste probleme ook van Suid-Afrika op daardie stadium. Daar moes oor die volgende 25-30 jaar duisende werksgeleenthede geskep word in die gebiede om dit haalbaar te hou. Sadie (1956:69) noem dat by hierdie ontwikkeling basiese dienste

soos vervoer, kommunikasie-middele, lig, elektrisiteit en water verskaf sal moet word ook as daar nywerheidsgebiede aangelê wil word. Labuschagne (1987:104) skryf dat met die beleid van afsonderlike ontwikkeling die Afrikaner nie net vir homself wou ruimte skep nie maar ook vir elke ander volk in Suid-Afrika. Dit was juis die doel van die beleid om vir elke bevolkingsgroep elkeen volgens sy eie aard en roeping ruimte te voorsien. Die beleid was dus veronderstel om nie net eensydig te wees nie. Onder dr. Verwoerd het daar ook een enkele departement van onderwys gevolg wat in lyn was met die apartheid-ideologie (Labuschagne 1987:52). Dr. Malan het ook wat apartheid betref op die positiewe aspekte klem gelê soos byvoorbeeld die beskerming van die nie-blanke teen uitbuiting van die blanke. Vir Malan het dit nie gegaan om diskriminasie nie maar eerder oor differensiasie (Labuschagne 1987:108). Die kerk het baie moeilik sy afstand gehou in die beleidvorming in daardie tyd. Dit sou ook sy profetiese stem oor dit beïnvloed het.

2.7 Die Onderwys

2.7.1 Die Onderwysstelsel

Ds. J.H. Lange skryf in Die Kerkbode (no.5, jaargang 115, 30 Januarie 1963, 161) oor die onderwysstelsel dat daar vele leemtes is. Lange skryf dit is omdat die onderwys departement die oudste departement in die staat is. Hy noem die leemtes onder andere die verskillende standaarde tussen die provinsies asook die gaping wat daar is tussen die skole, kolleges en die universiteite, en dat die kerk nege jaar gelede gewaarsku het oor die toedrag van sake. Ook hier vind 'n mens iets van die profetiese stem van die kerk oor jare heen en daarmee saam die waarskuwing rakende die onderwys en die toekoms.

2.7.2 Christelike Hoër Onderwys

Die ring van Queenstown laat sy stem hoor oor Christelike hoër onderwys by die korrespondensie (Die Kerkbode, no.9, jaargang 116, 26 Februarie 1964, 289). Die ring voel bekommerd, word geskryf, oor die feit dat die vakonderrig aan ons kolleges en universiteite nie altyd uit die Christelike wortel opkom nie en dat waar dit strydig is met

die Woord van God, die doopbelofte nie nagekom word nie. Daarom besluit die ring om hom uit te spreek vir Christelike hoër onderwys. Hulle spreek hulle ook uit teen die vervanging van die gewetenskousule in die onderwyswetgewing. Rondom die profetiese roeping was die kerk soms baie sterk veral in die onderwys en kon hulle duidelik aanvoel dat 'n profetiese woord nodig is.

Oor al die jare het die geïnstitueerde kerk dit as sy profetiese taak beskou om doopouers te vermaan oor die vervulling van 'n plegtige doopbelofte. Die ernstigheid hieroor blyk uit die volgehoue belangstelling in die landsonderwys en tog lê dit nie heeltemal op die pad van die kerk as instituut om meer as sy profetiese stem in hierdie verband te verhef nie. Die artikel noem dat die Christelike gemeenskap sake in eie hande ook moet neem: hierdie dag het inderdaad met die stigting van die Vereniging van Christelike Hoër Onderwys (hierna VCHO) aangebreek. Die VCHO het in 1949 tot stand gekom. Die vereniging lê klem daarop dat elke faset van die lewe aan die heerskappy van God onderwerp moet wees (<http://vcho.co.za/organisasie/wie-wat-hoe.php>). Van spesifiek kerklike kant is dit opvallend hoeveel Ringe samewerking aangebied het. Daar rus op die VCHO 'n magtige taak, en daar is telkens weer beswaar gemaak teen die gewetenskousule. Die artikel word afgesluit met 'n aanhaling van prof. F.J.M. Potgieter wat sê: “Ons belewe dae waarin die grond-antitese wat reeds deur Augustinus gestel is nl. die tussen die ryk van die lig en van die duisternis hoe langer hoe duideliker word, daar is geen middeweg nie, die mens is of op die breë weg na die verderf of op die weg van die waarheid wat uitloop op die nou poort wat na die ewige lewe voer... mag dit ook van ons waar wees dat ons die goeie strydstry, die wedloop voleindig, die geloof behou”.

Die kerk het gepoog om op die gebied van die onderwys sy stem te laat hoor wat betref die gewetenskousule en dat Christelike onderwys baie belangrik is (Die Kerkbode, no.9, jaargang 116, 26 Februarie 1964, 283-285).

2.8 Die Universiteit

2.8.1 Universiteit en Christendom

In prof. H.B. Thom se openingsrede vir die akademiese jaar op Stellenbosch het hy sekere sake aangeroeer wat vir die kerk en vir die volk van wesenlike belang is. Hy noem onder andere dat daar by 'n universiteit geen vryheid van denke kan wees nie. Die universiteit moet in die beste sin van die woord volksgebonde wees en die Christelike wat vir die Christen die hoogste goed in die lewe is, sal die ernstige aandag en studie van die universiteit vereis. Hierdie uitsprake sal verreikende gevolge hê, lui die artikel. Interessant dat die inleidingsartikel verder opmerk dat so 'n stelling groot teenstand sal wek. Die opmerking dat die gedagte van volksgebondenheid en Christelikheid teenstand sal wek spreek daarvan dat die hele gedagte van volk meer en meer onder druk gekom het in daardie tyd (Die Kerkbode, no.13, jaargang 117, 31 Maart 1965, 388).

2.8.2 Staatsinmenging by die universiteit

Die Kerkbode vra hier die vraag of die kerk se terrein ook die universiteit insluit? Die Kerkbode se antwoord is beslis ja. Veral as die staat inmeng in die universiteit se interne sake dan het die kerk ook baie belang in die saak. Want verdedig die artikel dit dat die kerk en die universiteit by uitstek die twee organisasies was wat in eie wet of reg beliggaam is, lank voordat die moderne staat²³ op die toneel verskyn het. Die kerk voel verplig om sy gesag ook hier te laat geld. Maar die vraag is ook hier of dit werklik die terrein van die kerk is? Die NG Kerk het in die era min terreine nie gesien as terrein vir die kerk nie (Die Kerkbode, no.17, jaargang 117, 28 April 1965, 516).

2.9 Grondwet

2.9.1 Wysiging in aanhef van die grondwet

Die Suid-Transvaalse Sinode het besluit om by die Algemene Sinode aan te beveel dat die regering genader word met die versoek dat 'n wysiging in die aanhef van ons Suid-Afrikaanse grondwet aangebring moet word. Om dan soos volg te lui: "In nederige

²³Hier word geskryf dat die woord staat vir die eerste maal in 1573 deur Sir Philip Sidney gebruik is, as die staat dus aan die regte van een van hierdie liggame raak is daar besorgdheid by die ander (Die Kerkbode, no.17, jaargang 117, 28 April 1965, 516)

erkentlikheid teenoor die almagtige God soos geopenbaar in die Bybel, die beskikker oor die lotgevalle van nasies". D.w.s. om die woorde "soos geopenbaar in die Bybel" in te voeg. In die artikel word daar ook verwys na die pragtige openingsgebed van die Speaker by elke sitting van die Volksraad: die sinlike inhoud van die gebed en dat die woorde ontleen is aan die Bybel. Die gebed word ook nie afgesluit in geen godsdienstige kleurlose frase nie, maar word afgesluit in die naam van Onse Here Jesus Christus: dit is Bybels, so word die Seën van die Here afgesmeek oor die beraadslagings. Die owerheid van die dag was ook Christelik Nasionaal soos blyk uit die getuienis van die gebed. Die kerk het ook hier 'n aanprysing teenoor die regering wat moet deel vorm van sy profetiese taak (Die Kerkbode, no.16, jaargang 115, 17 April 1963, 520).

2.9.2 Eerbied vir die Eed

Ook hier vind ons van die kerk se kant aanprysing in sy profetiese stem wat betref die eerbied vir die aflegging van die eed en vir die standpunt van 'n Kaapse Streeklanddros. Die standpunt van 'n Kaapstadse Streeklanddros is hoog op prys gestel wat vra vir groter eerbied by die eedaflegging; hy meen dat dit nie altyd met die nodige eerbied gedoen word nie (Die Kerkbode, no.26, jaargang 117, 30 Junie 1965, 805).

2.10 Departement Verdediging

2.10.1 Veldpredikers

In die Handeling van die Algemene Sinode van die NG Kerk word daar besluit om 'n 'n permanente kommissie te benoem vir die behartiging van die belang van die Veldpredikers en om die nodige skakeling met die Departement van Verdediging en Justisie te behartig (NGK AS Hand 1962:151). Die naam van die kommissie was dan ook die Sinodale Kommissie vir die Geestelike Bearbeiding van die Weermag, Polisie en Gevangenes (NGK AS Hand 1962:151). Die Hoog Eerwaarde Sinode beskou dit as 'n saak van die dringendste belang dat alle moontlike stappe gedoen moet word sodat

die kerk ter enige tyd 'slaggereed' sal wees indien daar 'n noodtoestand ontwikkel of 'n oorlog uitbreek waarin die RSA betrokke mag wees. Die term slaggereed laat die gevoel ontstaan dat kerk en staat na aan mekaar beweeg en dat die gevaar wat die een bedreig ook die ander bedreig en dat daar saam opgetree moet word (NGK AS Hand 1962:152). Die sinode bring ook die dringendheid vir die noodsaaklike toerusting van die Veldprediker te berde bv. deur voorsiening van Nagmaalservies, Bybels, Gesangeboeke, vervoergeriewe, ens. (NGK AS Hand 1962:151).

Wat huisvesting betref neem die sinode met dankbaarheid kennis van die pogings wat reeds deur die Departement van Verdediging aangewend is om ons Veldpredikers, teen 'n billike huurgeld van doelmatiger huisvesting te voorsien, sodat die beste dienste in belang van die geestelike welsyn van ons weermag verseker mag word (NGK AS Hand 1962:152). Die Hoog Eerwaarde Sinode betuig sy opregte dank en waardering teenoor die Departement van Verdediging vir sy volgehoue, warme belangstelling en sy voortdurende, positiewe optrede in belang van die geestelike bearbeiding van die Weermag en die uitbou van die Veldpredikerskorps, wat hierdie taak help verrig (NGK AS Hand 1962:152). Die betrokke minister en sy departement word ook verseker van sy voorbidding deur die sinode in die uitvoer van hulle hoogs verantwoordelike pligte in 'n tyd van ontwrigting en beroering en vertrou dat die hartlikste betrekkinge tussen die kerk in die genoemde staatsdepartement, gehandhaaf sal word. Kerk en staat het in 'n hartlike verhouding gestaan soos hier blyk uit die handeling. Die voorbiddingsgedagte staan weer hier voorop vir die staatsdepartement en die minister, wat telkens 'n integrale deel van die kerk se profetiese stem teenoor die owerheid vorm (NGK AS Hand 1962:152).

2.10.2 Voltydse veldpredikers

Wat voltydse veldpredikers betref besluit die sinode dat die bestaande ooreenkoms soos volg bekragtig sal word (NGK AS Hand 1962:249). "Wanneer daartoe versoek deur die Minister van Verdediging sal die Moderatuur van die betrokke Streeksinode binne wie se ressort die vakature bestaan, in oorleg met die minister en die voorsitter van die betrokke kerkraad aan die Departement van Verdediging die name van

evangeliedienaars voordra.” (NGK AS Hand 1962:249). Daar word genoem dat in ‘n tyd van oorlog of noodtoestand, sal die Departement, in oorleg met die Algemene Sinode se Kommissie vir die Bearbeiding van die Weermag, veldpredikers werf of oproep en aanstel volgens die behoeftes van die oomblik met die opheffing van alle kerklike bepalings in verband met beroeping en bevestiging in ‘n bepaalde gemeente (NGK AS Hand 1962:251). Na beëindiging van die oorlog of noodtoestand onderneem die Departement om sulke oortollige veldpredikers vir minstens nog ses maande of totdat hulle weer ‘n beroep kry, te besoldig (NGK AS Hand 1962:251). Hiervoor het die sinode dan ook ‘n klein kommissie benoem om die skakel te vorm tussen die kerk en die Departement van Verdediging (NGK AS Hand 1962:251). Hierdie kommissie het dan ook in ‘n tyd van oorlog en vrede namens die kerk met die Departement onderhandel en sal volmag hê om in spoedeisende gevalle op te tree (NGK AS Hand 1962:251). In die NGK Handeling (1962:128) is daar ‘n aparte kommissie vir die bearbeiding van die weermag. Dit blyk dat daar ‘n baie goeie verhouding en verstandhouding was tussen die kerk en die departement van verdediging. Dit blyk ‘n vanselfsprekende verstandhouding wat die geestelike bearbeiding van die departement deur die NG Kerk op daardie stadium betref. Daar is nie sprake van dat daar nie samewerking was nie.

2.11 Maatskaplike euwels

2.11.1 Rasvermengde huwelike

Wat rasvermengde huwelike betref, word dit andermaal duidelik gestel dat die Skrif hom nie direk in soveel woorde daarvoor uitspreek nie (Van der Watt 1987:118). Die kerk het hier na aan die regering beweeg en die wetgewing ondersteun vanuit die Skrif. Hier was die kerk se profetiese stem nie hoorbaar teenoor die regering nie.

2.11.2 Dobbelleentede

Die vermeerdering van weddenskapsgeriewe in verband met perdewedrenne in Natal en Transvaal, asook dobbelwinkels in die buitestaan-totalisators maak dit makliker vir persone om deel te neem, meen die kerk en waarsku daarteen. Die owerheid se ferme

houding oor staatslotery word waardeer, tog is die kerk bekommerd oor die uitbreiding van dobbelgeriewe. Die inkomste wat 'n provinsie uit die belasting in, word as argument voorgehou, maar as iets verkeerd is, is dit verkeerd. Die kerk laat sy profetiese stem hier duidelik hoor en spreek sy waardering uit, maar sy sterk kritiese profetiese stem staan vas (Die Kerkbode, no.20, jaargang 117, 19 Mei 1965).

2.11.3 Rolprente

Hier verwelkom die artikel in Die Kerkbode dat adj. min. Viljoen 'n verklaring gemaak het nadat vrae geopper is met betrekking tot die verbod rakende 'n sekere rolprent. Die kritiese vraag van die kerk is hoe lank kan 'n owerheid sterk leiding gee en waak oor die sedes van die gemeenskap as die oorgrote meerderheid in die gemeenskap die sedes ignoreer. Die artikel sluit af om die minister gelyk te gee dat die openbare mening van belang is: daarom moet die owerheid sowel as die kerk daarmee erns maak dat die openbare mening Christelik gevorm en reg gelei word (Die Kerkbode, no.27, jaargang 117, 837).

2.11.4 Ongewenste leesstof

Geldmakery is dikwels die oorheersende rol rakende die saak, word geskryf deur ds. J. C. Botha. Die kerk het ook sy profetiese stem op skrif in die hande van die betrokke minister geplaas. Na aanleiding hiervan is daar deur die minister konsepwetgewing ingedien, maar dit het soveel teenstand ontlok dat die minister dit gestaak het. Van die talle slapbandboeke wat die Unie ingestroom het, het die minister die helfte verbied omdat dit ongewens was. Hiervan word met dank kennis geneem saam met die NG Kerk se profetiese stem in die verband (Die Kerkbode, no.10, jaargang 114, 7 Maart 1962, 331).

2.11.5 Perskode

Die berig oor 'n Perskode wat deur die president van die Pers-Unie voorgehou is, word verwelkom deur Die Kerkbode (no.13, jaargang 114, 28 Maart 1962, 424). In die beoogde kode word uitgegaan van die vryheid van die pers as onafskeidbaar van die van die individu en dat dit onderhewig is aan dieselfde wetlike en sedelike bindinge as

die individu. 'n Waarderende profetiese stem word uitgespreek in die verband omdat die hoogste standaard gehandhaaf word en word betroubaarheid van nuusberigte, billikheid in kommentaar en vermyding van die gebruik van onkuise en liederlike taal voorop gestel.

2.11.6 Die staat en die Sondag

Ds. J.H. Lange skryf oor die staat en die Sondag. Die staat hou aan om verteenwoordigers op Sondae te trakteeer, skryf Lange, en laat 'n skerp profetiese stem hoor teenoor die staat van die dag. Hy noem ook dat die staat al vantevore daarvoor aangespreek is en ten spyte daarvan daarmee voortgaan. Ook dat 'n hoë persoon die betrokke Sondag in 'n ernstige motorongeluk was en dat 'n persoon van die VVO in 'n vliegongeluk oorlede is. Desondanks het die staat dit weer gedoen deur 'n persoon van die VVO op 'n Sondag te trakteeer op die Zambezi met byna tragiese gevolge. "Leer die staat dan nie hieruit nie" so klink Lange se skerp profetiese stem weer aan die einde. Die kerk laat sy stem hier duidelik hoor ongeag die persoon en die noue band wat daar was tussen die NG kerk en die staat (Die Kerkbode, no.26, jaargang 114, 27 Junie 1962, 895).

2.12 Die staat en diens van barmhartigheid

2.12.1 Begroting en diens van barmhartigheid In die begroting wat op 20 Maart 1963 deur Sy Edele minister T.E. Dönges aangekondig is, is verskeie bedrae aangekondig wat die welsyn raak. Vir die kerklike diens van barmhartigheid is die toewysing in geldelike middele vir die hulpbehoewende²⁴ 'n saak van vreugde, word daar opgemerk. Hier is daar in die profetiese stem van die kerk groot aanpysing ten opsigte van toewysings aan bejaardes en aan die weduwees. Vir die kinders word daar ook gepleit vir beter toelaes, so ook vir die kinderhuise. Die goeie vennootskap tussen kerk en staat het hom wesenlik openbaar in hierdie tyd, ook verder in die wyse waarop die senior amptenare van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene die Diens

²⁴Ds. D.J.J. Dannhauser wys twee terreine by die staat en die kerk uit naamlik, dat die staat die terrein van die algemene genade hanteer en die kerk die terrein van die besondere genade (Die Kerkbode, no.12, jaargang 116, 16 September 1964, 370)

van Barmhartigheid se verhoë aangehoor het en saam daarvoor beraadslaag het en eindelijk die versoeke in die praktyk ten uitvoer gebring het (Die Kerkbode, no.16, jaargang 115, 17 April 1963, 541).

2.12.2 Diens van barmhartigheid en volkswelsyn

Dr. R McLachlan meld ook dat 'n geskiedskrywer êrens opgeteken het dat die NG Kerk kragtens sy historiese verband met die volk van Suid-Afrika, sy verteenwoordigende ledetal en sy kenmerkende optrede op verskillende terreine van die lewe, 'n magtige houvas op land en volk gekry het. Hierdie opmerking spreek ook van die band tussen kerk en staat in die era. Dis juis op die terrein van die barmhartigheidsdiens van die kerk en die welsynsdiens van die staat wat daar 'n hegte vennootskap was. Hierdie vennootskap is gegrondves op 'n gees en gesindheid wat ook duidelik in Artikel 65 van die kerkorde van die NG Kerk omskryf is. Die hartlike samewerking tussen die Diens van Barmhartigheid en die Departement van Volkswelsyn en Pensioene was hier aan die orde van die dag.

Ten spyte van hierdie hartlike samewerking het die NG Kerk ook sy profetiese roeping op onmiskenbare wyse laat hoor en selfs Eerste Ministers aangespreek toe die Diens van Barmhartigheid as gevolg van die staat se handelwyse nie tot sy reg gekom het nie. In die totstandkoming van die Departement van Volkswelsyn het die staat in hierdie tyd by min ander instansies soveel raad en advies aanvaar as juis van die NG Kerk. Die benoeming van die eerste Staatkommissaris van Volkswelsyn getuig daarvan (Die Kerkbode, no.24, jaargang 114, 19 Desember 1962, 889-890).

2.12.3 Behuising

“Seer oë langs die pad” is die opskrif van die inleidingsartikel van Die Kerkbode (no.4, jaargang 115, 24 Julie 1963, 112). Hier word geskryf dat die staat en die kerk soms deur besoekers uit die buiteland verwyt word deurdadig daar nie groter ywer aan die dag gelê word om beter behuising vir 'n groot deel van ons bevolking te verkry nie. Die

spanning van die tyd en die kritiek op kerk en staat word hier ook beleef. Hier vra die artikel om 'n antwoord wat hulle wat die kritiek gee, in hulle eie lande gedoen het om sulke haglike toestande die hoof te bied? Die kerk poog om aan die eenkant 'n profetiese stem van waardering te lewer oor die prestasies van die Departement van Behuising, deur te noem dat die krotte besig is om te verdwyn sowel as al die seer oë langs die paaie. "Aan die eenkant word daar gesloop en aan die ander kant word daar nuut gebou". Aan die ander kant opper die kerk ook sy profetiese stem hier by wyse van kritiek. Die kerk noem dat daar groot ruimte vir verbetering is wat behuising betref. Daar word egter ook met dankbaarheid genoem van die platteland en plase wat moeite doen met behuising. Die kerk laat sy profetiese stem weer hoor deur te vra dat daar aan die ander kant ook meer moeite gedoen moet word met arbeiders in sommige gevalle. Ook in die swart woongebiede (lokasies) is daar hoegenaamd nie behoorlike huisvesting nie. Dat die las wat die plaaslike owerheid het groot is, is so, maar dit mag nie as verskoning gebruik word nie.

2.12.4 Die ontvolking van die platteland

Op 'n stadium was daar groot bekommernis ook by die kerk oor die ontvolking van die platteland. Ook hier het die kerk met groot empatie gewag op aanbevelings van die staat se kant in die verband. Van die kerk se kant skryf dr. J.R. Albertyn met ontsteltenis oor die ontvolking van die platteland asook nuwe bekommernisse na die verskyning van 'n rapport van 'n staatskommissie oor die blanke bewoning van die platteland. Die kerk was besorg oor sy lidmate en het ook oor die toekoms van die platteland sy profetiese stem laat hoor en die owerheid attent gemaak op bekommernisse van hom in die verband (Die Kerkbode, no.20, jaargang 114, 16 Mei 1962, 673).

Mnr. W.J.H. Badenhorst skryf oor die ontvolking van die platteland wat hom baie bekommer. Hy opper die gedagte dat die platteland gered moet word en vra dadelik die vraag of die kerk nie hier moet ingryp in die krisis nie. Hier sou 'n mens ook die vraag kon vra of dit op die kerk se terrein lê om dit te hanteer. Badenhorst lê die skuld vir die probleem voor die regering deurdat die sentralisasie van eers laer en nou van hoër

onderwys die skuld moet kry vir die ontvolking van die platteland. Die regering het 'n kommissie van ondersoek na blanke bewoning van die platteland aangestel. 'n Mens bespeur iets van die gedagte van mag wat daar by die kerk aanwesig was in die tydperk, veral die gedagte dat die kerk moet ingryp in die krisis (Die Kerkbode, no.26, jaargang 114, 27 Junie 1962,897).

2.13 Federale Raad vir die bestryding van maatskaplike euwels

2.13.1 Die totstandkoming van die Federale Raad

In die Handeling (1962:172) het die NG Kerk so sterk gevoel oor maatskaplike euwels dat die Federale Raad tot stand gekom het met die doel van die bestryding van maatskaplike euwels. Elke streeksinode sou verteenwoordiging op die raad hê (NGK AS Hand 1962:172). Die funksies van die raad sou wees om namens die NG Kerk 'n algemene beleid teen maatskaplike euwels in die land en streke te bepaal (NGK AS Hand 1962:172). Hierdie raad sou as skakel dien tussen die kerk en die regering. Die band was so nou dat dit as vanselfsprekend beskou is dat daar met die regering geskakel sou word. So het die kerk ook al was die band nou met die regering, deur die raad sy profetiese stem laat hoor teenoor die regering van die dag (NGK AS Hand 1962:172). In die eerste verslag van die tydelike kommissie vir die bestryding van maatskaplike euwels is daar die volgende aanbeveel oor uniforme wetgewing rakende Sabbatsheiliging (NGK AS Hand 1962:206-207). Die sinode spreek hom ook uit ten gunste van uniforme wetgewing, ten opsigte van Sabbatsheiliging. Die gekose kommissie vir Openbare Sedelikheid kry dan ook die opdrag om die hele aangeleentheid te bestudeer en by die volgende Algemene Sinode 'n aanbeveling te doen sonder verswakking van bestaande ordonnansies (NGK AS Hand 1962:207).

2.13.2 Ontugwet

Wat die Ontugwet betref besluit die sinode dat die wetgewing ten opsigte van die strafbaarheid van ontug, wat deur die Heilige Skrif verbied word vir alle rasse moet geld. Die nuwe Kommissie vir Openbare Sedelikheid moes dan ook na 'n deeglike studie die volgende sinode van advies bedien rondom wetgewing (NGK AS Hand 1962:207).

Verder was daar ook 'n voorstel insake owerspel dat dit as 'n misdadig gereken moet word (NGK AS Hand 1962:207). Die sinode het ook met droefheid erken dat die kerk dikwels in die bestryding van die sonde van owerspel, sy roeping versuim het (NGK AS Hand 1962:207). Waar die Skrif egter duidelik hierdie sonde veroordeel, besluit die sinode om deur middel van die prediking en tugtoepassing hierdie sonde voortaan in alle erns te bestry (NGK AS Hand 1962:207). Daarbenewens dring die sinode by die owerheid daarop aan, om ook in sy wetgewing hierdie sonde strafwaardig te maak in ooreenstemming met die beginsel vervat in die Romeins-Hollandse Reg (NGK AS Hand 1962:207). Oor die praktiese sy van wetgewing het die NG Kerk te maklik vir die regering voorgeskryf en so uit sy terrein beweeg. Die NG Kerk wil ook hier profetees wees, maar misbruik die Christelike Nasionale regering om dit in die wetboeke in te laat skryf.

2.13.3 Egskeiding en hertrou

Insake egskeiding en hertrou besluit die sinode soos volg dat die owerheid verwittig moet word dat die kerk nie kwaadwillige verlating, kranksinnigheid en langdurige gevangenisstraf as gronde vir egskeiding kan erken. Die kerk wil dan ook nie huwelike bevestig wat op grond van bogenoemde geskei is nie. Die owerheid word ook deur die NG Kerk in sy profetiese stem versoek om te waak teen die ondermyning van die huweliksmoraal in die land. Die kerk skryf ook hier aan die owerheid voor en beweeg op die owerheid se terrein deur aan te beveel dat die egskeidingswette drasties in hersiening geneem moet word om dit moeiliker te maak om 'n egskeiding te verkry (NGK AS Hand 1962:261).

2.13.4 Drank

2.13.4.1 Drankmisbruik

Uit die ringsverslae blyk dit dat drankmisbruik steeds sy verwoesting voortsit in die land, skryf ds. J de Villiers onder die opskrif "Die Drankwet". De Villiers skryf dat drankmisbruik toeneem en kleurlinge sal nou onder moontlike nuwe wetgewing meer bottels wyn kan koop as voorheen. Die kerk laat sy profetiese stem hoor oor die nuwe

drankwet. Hier skemer ook egter iets deur van voogdyskap (Die Kerkbode, no.26, jaargang 114, 27 Junie 1962, 897).

2.13.4.2 Biertuine en die Pretoriase stadsraad

Die sinodale kommissie van Noord-Transvaalse Sinode reageer teenoor die Pretoriase stadsraad deurdat biertuine verbied is op die Jakarandafees. Die opmerking aan die einde dat die kerk saam met die plaaslike owerheid geroepe is om oor die welsyn van die openbare lewe te waak, spreek ook daarvan dat daar wat plaaslike owerheid betref ook 'n naby verhouding was tussen kerk en staat. Hier word weer 'n profetiese aanpysing gevind vir die plaaslike regering (Die Kerkbode, no.9, jaargang 115, 28 Augustus 1963, 284).

2.13.4.3 Wetsontwerp tot Wysiging van Drankwet

Verskillende kerklike instansies het die drankwet bestudeer en 'n studie daarvan gemaak en is diep bekommerd oor verskeie artikels daarin. Die kerk het ook sy profetiese stem daarvoor laat hoor by die betrokke minister (Die Kerkbode, no.25, jaargang 115, 19 Junie 1963, 848). 'n Kerklike verslag wys verder op die verwoesting van drank. Veral op sosiale gebiede bring dit baie nagevolge soos egskeding, werkloosheid, misdaad en motorongelukke. Die kerk beskou dit sy roeping om hierdie probleme te bekamp langs die weg van die barmhartigheidsdiens en deur oordeelkundige wetgewing wat die kwaad sover moontlik bestry. Die NG Kerk vra ook kritiese vrae oor of die nuwe drankwetsontwerp die volk teen die gevare van dronkenskap en alkoholisme beskerm of hulle eerder uitlewer daaraan? Vir die NG Kerk lyk dit of dit deur die vermeerdering van fasiliteite eerder bevorder word. Alle kruidenierwinkels sal alkoholiese drank verkoop: dit skep by die gesin die verkeerde indruk, want die grootste beswaar is dat dit lei tot vermeerderde drankgebruik. Daar word gevra dat die regering die ure sal inkort vir die verkoop daarvan. Die kerk laat hoor sy bekommerde profetiese stem oor die drankwet baie duidelik en wys die gevare rondom dit vir die regering van die dag uit ten spyte van die naby verhouding wat daar was (Die Kerkbode, no.26, jaargang 115, 26 Junie 1963, 889-891).

Die NG Kerk maak dan ook 'n paar voorstelle oor die drankwet. Eerstens word gevra dat die regering die NG Kerk sal hoor oor sy volgehoue en ernstige versoeke. By die NG Kerk is daar tog ook 'n twyfel of die regering net eenvoudig sal instem en na die kerk sal luister. Daarom vra die streeksinodes van die NG Kerk die regering ernstig om plaaslike keuses in die nuwe drankwet in te skrywe. Dit wil sê om aan die plaaslike gemeenskap die demokratiese reg te verleen om elke drie jaar 'n stemming te hou en 'n keuse uit te oefen ten opsigte van die aantal dranklisensies wat in die plaaslike gebied mag opereer. Tweedens dat die inkorting van ure van verkoop ingestel sal word en dat klubs, hotelle en restaurante net met bona fide maaltye drank mag verskaf. Drank-advertensies moet verbied word en daar moet ook 'n neergelegde ouderdom wees by die verkoop van drank. Tydelike en laat ure lisensies moet afgeskaf word en bloedtoetse en asemtoetse moet ingestel word by veral padongelukke. Die nuwe drankwet moet ook die bestaande bepalings van die ou wet insake opname van verkopings behou. Elke bottel alkoholiese drank moet op die etiket van die bottel duidelik merk wat die persentasie alkohol inhoud is en alle drankhandelaars moet jaarliks verslag doen aan die Departement van Sensus en Statistiek. Laastens word daar op die bestaande reg van die Staatspresident om gebiede te proklameer waar drank alleen verskaf word, gereken. Die pleit om gehoor te word is merkbaar in die NG Kerk se profetiese stem. Dit blyk tog dat die NG Kerk se stem nie sonder meer altyd net eenvoudig gehoor is nie (Die Kerkbode, no.1, jaargang 115, 3 Julie 1963, 19-20).

2.14 Die verskillende denominasies se standpunte en verklarings oor rasseverhoudings in Suid-Afrika

Wat sou die verskillende kerke se standpunte wees oor die ingewikkelde rasse-situasie in Suid-Afrika in hierdie era? Sou hulle 'n sterk profetiese stem laat hoor het in die tyd of sou hulle profetiese stemme nog aan die ontwikkel wees wat die toekoms betref?

2.14.1 Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Op die Nasionale Sinode van 1961 het die sinode ook besluite geneem in verband met die rasse-situasie in Suid-Afrika. Die sinode beklemtoon die gedagte dat almal uit een bloed gevorm is. Almal is ook na die beeld van God geskape, die gebod is ook weer

beklemtoon dat ons mekaar moet liefhê asook jou vyande. Ook word die beginsel van liefde en geregtigheid gesien as onontbeerlik, ongeag van geslag of kleur. Die laaste riglyn rakende die rasseverhoudinge in Suid-Afrika bring iets na vore van byna 'n volksgedagte naamlik: "Om egter jou eie belange te beskerm is ook nie verkeerd nie, dit is ook 'n God gegewe roeping". Die gevoel hier van een van die susterskerke van die NG Kerk is 'n versigtige profetiese stem wat tog na aan die NG Kerk is (Cawood 1964:42-43). Verkuyl (1971:102) noem dat al drie susterskerke die regering gesteun het, minstens wat die rassebeleid aanbetref.

2.14.2 Die Metodiste Kerk van Suid-Afrika

In 1947 het dié kerk se konferensie die nadelige invloed van die segregasiebeleid van Suid-Afrika beklemtoon. Die regering is ook aangemoedig om 'n beleid te implementeer wat vreedsame verhoudinge in die land sal aanmoedig. In 1948 het die kerk dit weer beklemtoon dat ons in 'n veelrassige land woon en dat elkeen die reg het op basiese menseregte. Die profetiese stem klink helderder en verder weg van die NG Kerk s'n. In 1949 het die kerk aangedui dat verhoudinge in die land besig is om agteruit te gaan en dat die hoofrede daarvoor die beleid van apartheid is. In 1952 het die kerk aangedui dat die beleid van apartheid teen die Christelike beginsels indruis. In 1957 het die kerk aangedui dat hulle die beleid verwerp. Hierdie besluit is in 1958 en 1960 herbevestig (Cawood 1964:49-50). Hoe meer die tyd sou aanbeweeg hoe sterker was die gevoel teen die beleid.

2.14.3 *The Church of the Province of South Africa (Anglican)*

In 1950 het die sinode hulleself weer verbind tot die besluite wat in 1948 geneem is by die Lambeth Konferensie. Die kerk spreek hulle uit teen diskriminasie tussen mense op grond van ras en dat dit teen die Christelike beginsels indruis. Almal moet die geleentheid gegun word om gelyk te ontwikkel en om dieselfde fasiliteite te gebruik. Almal moet dieselfde behuising gegun word asook onderwys. Die kerk is bekommerd dat die huidige stelsel klasse veroorsaak en ongelyke geleenthede skep in die land. In 1955 het die kerk ook besluit dat daar vryheid en geregtigheid vir almal moet wees. Burgerskap van 'n land moet nie afhang van jou ras nie. Die Anglikane neem ook meer

en meer standpunt in teen die koers van ontwikkeling en spreek dit ook uit. In 1963 het die kerk by hulle sinodesitting in Bloemfontein openlik en vreesloos alle diskriminasie veroordeel, veral is die kerk se stem gehoor oor werkreservering en gemengde huwelike (Cawood 1964:60-63).

2.14.4 Die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika

Voor 1950 het die Katolieke Kerk baie min uitsprake gemaak oor rasse-aangeleenthede. Dit is egter ook interessant dat voor die vyftiger jare daar nie sterk stemme was teen die regeringsbeleid nie. In die jare daarna naamlik in 1952, 1957, 1960 en 1962 het die biskoppe van Suid-Afrika saamgekom rondom die situasie in Suid-Afrika. Van die besluite in 1952 het die diskriminasie op grond van ras as diskriminerend beskou. Die regte van nie-blankes word aangetas en het ontwikkel uit diskriminerende wetgewing. Die kerk vra ook dat nie-blankes geleidelik toegelaat moet word om uiteindelik volle medeseggenkap te kry in die politiek. In 1957 het die verklaring van 'n klomp biskoppe die beginsel van apartheid verwerp. In 1962 het daar ook 'n verklaring van biskoppe die lig gesien waarin hulle die stelling maak dat: "ons mag nie stil bly nie" (Cawood 1964:76-78). Die Katolieke se siening het ook mettertyd al sterker oor die beleid uitgekom.

2.14.5 Die Evangeliese Lutherse Kerk van Suid-Afrika (Suid-Oostelike Streek)

In Julie 1963 het die kerk vergader en 'n verklaring uitgereik oor rasse-verhoudinge. Hulle erken die rasse-probleem in die land. Hulle sien ook die rol van die kerk daarin om 'n oplossing te vind vir die probleem. Hulle noem dat die hele probleem benader moet word vanuit die teologiese hoek en nie vanuit die politieke een nie. Die Bybel moet ons help in die hantering van die probleem, word daar geskryf en die kerk moet probeer om objektief na die probleem te kyk. Die kerk verklaar ook dat alle vorme van diskriminasie op grond van ras of kleur of etniese agtergrond nie volgens die wil van die Here is nie. Die liefde van Christus hef alle skeiding op tussen mense (Cawood 1964: 85-86). Hier vind ons dus eers in 1963 standpunte van die Lutherse kerk.

2.14.6 Die Presbiteriaanse Kerk van Suid-Afrika

Hulle algemene vergadering van 1960 het ook 'n verklaring uitgereik. Die kerk herbevestig die gedagtes dat om aan 'n kerk te behoort daar geen belemmering moet wees as gevolg van ras ens. nie. Die kerk noem dat die reg van elke kerk om in sy eie taal te aanbid en om 'n eie aanbiddingstyl te ontwikkel, volgens elkeen se eie kultuur is. Gesamentlike aanbidding word tog ook aanbeveel sover moontlik. In 1962 het die kerk 'n sterk verklaring uitgereik waarin hulle die wit kerk se ignorering van die swaarkry van die nie-blankes veroordeel en vra dat die wit kerk minder apaties moet wees wat dit betref. Groter kontak word aangemoedig tussen die wit- en die nie-blanke kerke (Cawood 1964:92-94). Die Presbiteriane volg ook eers in die sestiger jare met kritiek op die rasgebonde beleide.

2.14.7 Die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika

In die jaarboek van die kerk word die volgende verklarings gevind: daar word genoem dat alle mense voor Christus gelyk is en daarom is almal broers en susters in die Here. Hulle noem egter dat dit nie sê dat alle verskille tussen kulture daardeur opgehef word nie. Hulle noem ook die gedagte dat die Here dit so gewil het dat daar nasies moet wees. Hulle verwys na afsonderlike ontwikkeling en noem dat dit wel toegepas mag word. Die kerk noem egter 'n paar voorwaardes daarvoor. Die een is dat totale vermenging daartoe sou lei dat alle groepe ekonomies benadeel sal word. Tweedens dat totale vermenging daartoe sou lei dat die konflik meer sou word. Die derde voorwaarde is dat afsonderlikheid net geregverdig kan word as daar geregtigheid en billikheid teenoor almal sal wees (Cawood 1964:103-104). Die Apostoliese Geloofsending van Suid-Afrika (hierna AGS) staan in hulle besluite seker die naaste aan die NG Kerk. Hulle, saam met die ander susterkerke se kritiek, is byna geluidloos op daardie stadium.

2.14.8 *The Congregational Union of South Africa*

Die vergadering verklaar dat alle mense in die oë van die Here belangrik is. Die kerk verklaar ook dat enige vorm van diskriminasie of poging om 'n ander mens met opset te benadeel, veroordeel moet word. Hulle staan ook integrasie voor wat verhoudinge in die land sal verbeter. In 1962 verklaar hulle ook dat almal die reg het op vrye

beweging. Die kerk veroordeel ook alle vorms van diskriminasie op grond van kleur (Cawood 1964:109-110). Hulle staan ook teenoor die NG Kerk se siening op daardie stadium. De Gruchy (1979:70) skryf ook dat die verhouding tussen die NG Kerk en die Engelse kerke nie altyd so goed was nie. Hy noem dat misverstande en misinterpretasies die oorsaak daarvan was. Die NG Kerk het altyd baie duidelik sy standpunte gestel op sy vierjaarlikse sinodes. Interessant is dat daar nie hier deur een kerk daarna verwys word om voorbidding vir die regering te doen nie, iets wat tog een van die fundamentele punte in 'n kerk se profetiese roeping is. Van aanprysing is daar nie sprake nie. Die profetiese stemme wat die rasse-situasie betref was ook nog nie in volle swang nie, dit sou eers vorentoe werklik sterker na vore tree.

2.15 Samevatting

Op 11 Oktober 1962 vind die herstel van die algemene sinodale kerkverband van die NG Kerk plaas. Dit was onder andere een van die uitstaande punte van hierdie era. Voorafgaande aan die tydperk was daar ook baie spanning o.a. die moord op nege polisiemanne in die swart woonbuurt, Cato Manor, by Durban en die Sharpeville konfrontasie. In Desember 1960 vind Cottesloe dan ook plaas, wat deur al die NG Kerk sinodes teen 1961 verwerp is. Daar was ook 'n noodtoestand en die verbod op die ANC en die *Pan African Congress* het in werking getree, asook die sluipmoordaanslag op dr. Verwoerd by die Randse Skou op 9 April 1960. Dit alles vorm deel van die krisistyd voor die eerste Algemene Sinode van 1962.

In April 1960 het Die Kerkbode 'n nuwe redakteur gekry, dr. A.P. Treurnicht. Hy reageer in Die Kerkbode op die Anglikaanse biskop, dr. Joost de Blank, se aanval op die NG Kerk en sy apartheidsbeleid. Dit het 'n dekade van konfrontasie ingelei veral tussen die NG Kerk en die Anglikaanse Kerk ook in die tyd.

Die vraag wat ook in die tydperk gevra word is of die Algemene Sinode in 1962 'n ander stem sou uitbring? Die Algemene Sinode sou eintlik maar min verskil het oor die pad vorentoe, wat die rasse-kwessie in die NG Kerk betref het dit baie in die tyd gehandel

oor konfrontasies, kommissies en debatte oor die Christelike grondslag van die apartheidsbeleid.

Die eerste Algemene Sinode het ook gebreek met die WRK en dit was ook die begin van die totale isolasie van die NG Kerk. Die NG Kerk sou ook die internasionale druk meer en meer gevoel het soos die tyd aanstap. Dit sou ook mettertyd sy profetiese stem aanspreek. Apartheid was meer bevraagteken en die NG Kerk sou in die verband meer en meer sy antwoorde moes bied.

Wat die KO van 1962 betref en die verhouding van kerk en staat, vind ons dat die verhouding in artikel 65 opgeneem is. Dit bly byna onveranderd tot in 1998. Die inleidingsartikel van Die Kerkbode, 2 Mei 1962, skryf dat "Ons moet praat". Die artikel noem dat daar gegronde vrees is dat die kerk verwyte sal word dat hy geswyg het. In die era het die NG Kerk te na aan die staat beweeg en is daar ook meer geneig na Neo-Calvinisme. Die profetiese stem van die kerk was byna stil alhoewel die kerk altyd daarna die gelyke behandeling van almal voorgestaan het. In die era word daar ook verwys dat die kerk moet praat al is die boodskap ongerieflik. In die tydperk word daar ook baie gemaak van voorbidding vir die regering en die beskermingsdienste. Dat die kerk na aan die owerheid hier was, is so. Die kerk beweeg uit sy terrein en bevind hom op die terrein van die staat.

In die tyd het die NG Kerk ook sy stem laat hoor oor plakkerskampe langs die paaie. Oor Christelike hoër onderwys laat die kerk ook sy stem hoor en spreek by tye sy bekommernis daaroor uit. In die tyd word daar ook melding gemaak van samewerking met die owerheid sodat die kerk sy lidmate geestelik kon bearbei.

Op die gebied van openbare sedelikheid het die NG Kerk ook hier sy stem laat hoor. Die NG Kerk het so sterk hieroor gevoel dat die Federale Raad totstand gekom het met die doel om maatskaplike euwels te bestry. Verskillende denominasies se standpunte en verklarings oor rasseverhoudings in Suid-Afrika word ook in die tydperk gevind, hierin kon Cottesloe moontlik 'n groot rol gespeel het.

HOOFSTUK 3: 1966-1970

SPANNING EN RASSE-WORSTELING IN KERK EN STAAT

3.1 Die dood van dr. H.F. Verwoerd

Die dood van dr. H.F. Verwoerd, net voor die Algemene Sinode van 1966, het skokgolwe deur die land veroorsaak. Dr. J.D. Vorster het ook 'n voorstel ingedien wat staande aanvaar is naamlik: “Die Algemene Sinode van die NG Kerk dink met diepe weemoed aan die tragiese heengaan van ons onvergeetlike vorige Eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd. Die sinode bring dankbare hulde aan die nagedagtenis van 'n getroue en gesiene lidmaat van ons kerk en huldig hom vanweë sy voortrefflike staatsmanswysheid, integriteit en die doelgerigte optrede waardeur hy geregtigheid vir alle volksgroepe gesoek het” (NGK AS Hand 1966:504). Die noue band hier tussen kerk en staat word gemerk met die dankbetuiging van dr. J.D. Vorster. Dr. H.F. Verwoerd was ook 'n lidmaat van die kerk en sy beleid is ook deur die NG Kerk op daardie stadium sterk ondersteun. Ook Die Kerkbode (no.11, jaargang 118, 14 September 1966, 356) verwys na die bose en aaklige daad waardeur ons geliefde Eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd, in die Volksraad om die lewe gebring is. Dit het die hele land in rou gedompel. Verbasing, skok en droefheid vul ons harte, lui die artikel. “Ontsteltenis en besorgdheid vul ons gemoed by die gedagte aan die lis en geweld waarmee die duiwelse magte teen ons optree”. Die aanslag op dr. H.F. Verwoerd is ook op daardie stadium as 'n aanval op die volk gesien. Hierdie gebeure het in daardie era egter die naam van die ontslape premier nog net meer onvergeetlik op die hart van sy volk geskrywe. Die liefde en waardering vir dr. H.F. Verwoerd was eintlik ongekend op daardie stadium en sy politieke doelstellings was deur die meerderheid aanvaar. “'n Bose hand het die leier van ons land gedood juis op 'n tydstip dat daar deur sy persoon 'n deurbraak na die nie-blanke state rondom ons was”. Die optimisme oor die toekoms is hier nog sterk aanwesig ten spyte van die toenemende druk wat daar was. Die artikel skryf verder dat hierdie tipe geweld die een of ander tyd moes kom. Die vyandigheid

teenoor die rassebeleid was baie fel op daardie stadium. “Die dolksteek was indirek gemik op die lewe van ons volk”. By al die voortreflikheid van die ontslape Eerste Minister, word sy briljante brein- en denkkrag, sy leierskap en staatsmansvisie bygevoeg. Dr. H.F. Verwoerd se lof word verder benadruk vir sy openbare redevoerings en boodskappe aan die volk. Daar word ook verwys na sy vertroue en geloof in die soewereiniteit en beskikking van God. Aan ‘n groot seun van ons volk, ‘n gesiene lidmaat van ons kerk, ook ‘n begenadigde leier wat in sy leeftyd roem verwerf het wat dikwels eers deur die geskiedenis aan iemand toegeken word, word daar vaarwel gesê. Ons harte gaan uit na mev. Verwoerd, haar kinders en ander familiebetrekkings. Op daardie stadium was die gevoel van eenheid en ‘n strewe vir Afrikaner-nasionalisme oorweldigend. Vir kritiek teen dr. Verwoerd en die regeringsbeleid op daardie stadium was daar byna geen sprake van nie. Dit was ‘n heilige terrein waar niemand dit sommer gewaag het nie. Oor verdere indrukke en besluite van die Algemene Sinode in 1966 oor dr. H.F. Verwoerd se dood, word daar ook verwys na dr. G.J. Kotze wat na die dood van dr. H.F. Verwoerd noem dat die sinode diep bewus is van die gevoelige verlies wat ons volk gely het. Die kerk bring hulde aan een van die grootste seuns van ons volk. Die indrukke van die sinode beskryf hier net ten dele die intense “verlies” wat die NG Kerk en die “volk” gelei het asook die liefde vir dr. H.F. Verwoerd. Die NG Kerk en dr. H.F. Verwoerd het ook baie sentimente gedeel en daar was ook op daardie stadium ‘n baie goeie verhouding.

3.1.1 Nuwe Eerste Minister adv. B.J. Vorster

Wie sou in die voetspore van dr. H.F. Verwoerd volg en sou die regering van die dag veranderinge toon in beleid? Wat sou die verhouding met die NG Kerk wees met die nuwe Eerste Minister in die toekoms? Sou die NG Kerk sy profetiese stem aanpas of moontlik helderder laat hoor? Die Kerkbode (no.12, jaargang 118, 21 September 1966, 388) begin met die van harte gelukwensing aan “ons” nuwe Eerste Minister, adv. B.J.

Vorster^{25,26} en hy word verseker van die NG Kerk se opregte seënwese en ernstige voorbidding. Hy kan op die voorbidding van ons lidmate reken. 'n Interessante opmerking van Die Kerkbode is dat “'n Volk het dikwels die regering wat hy verdien”, wat seker boekdele spreek oor alle regerings van alle tye. Die oproep van die lidmate se gebedsroeping word sterk beklemtoon: “Daar moet vir hom gebid word”. Die NG Kerk het ook hier sy profetiese roeping om voorbidding soos nog altyd sterk uitgeleef en nagekom. Onder die opskrif “Nuwe Eerste Minister”, word die verlede met dankbaarheid in gedagtenis geroep. “Die Algemene Sinode van die NG Kerk wil Sy Edele adv. B.J. Vorster van harte gelukwens met sy aanwysing as Eerste Minister van die RSA. Die Eerste Minister word weer heelhartig verseker van die kerk se voorbidding (Die Kerkbode, no.21, jaargang 118, 23 Desember 1966, 734-735, 816-818). 'n Mosie word ook eenparig deur die sinode aanvaar wat deur dr. A.P. Treurnicht voorgestel is: “Die Algemene Sinode van die NG Kerk wil Sy Edele adv. B.J. Vorster van harte gelukwens met sy aanwysing as Eerste Minister van die RSA.” (NGK AS Hand 1966:504).

²⁵Daar word ook verwys na die Eerste Minister se Nuwejaarsboodskap wat op 'n treffende wyse verwys na die regering se verskeie vraagstukke in die land. 'n Mens raak ook weer bewus van die uitdagings van die tyd en die spanning omdat daar pertinent verwys word na die worsteling van die verteenwoordigers in die parlement met moeilike vraagstukke. Dit is bykans ongelooflik wat die gevoel van spanning was op daardie stadium. 'n Mens “leef net uit die krag en beskerming van God”. Hier word ook gemeld dat daar vir die skole, ouerhuise en onderwysers gebid word vir die spanningsvolle tye wat voorlê (Die Kerkbode, no.4, jaargang 119, 25 Januarie 1967, 109)

²⁶Daar word ook met groot lof geskryf oor die Kersboodskap van die waarnemende Staatspresident mnr. J.F. Naude. Iets wat dalk ook met vanselfsprekend aanvaar is van 'n Christelike regering op daardie stadium. Die nuwejaarsrede van die premier mnr. B.J. Vorster word ook in besonder genoem. Hier praat mense wat nie skaam is oor hulle geloof nie. Die Volksraad vergader ook en mag Christus se koningskap ook elke oomblik daar erken word. Deel van

die profetiese stem van die kerk is ook aanpysing en die kerk doen dit dan ook hier en op vele ander plekke (Die Kerkbode, no.3, jaargang 120, 17 Januarie 1968,96)

“Waar die landbestuur en die welsyn van alle burgers van die republiek, sowel as ons land se posisie in internasionale verhoudings besonder hoë eise van staatsmanskap²⁷, visie, durf en geloof stel, verseker die sinode die nuwe Eerste Minister weer van sy heelhartige voorbidding²⁸.” (NGK AS Hand 1966:504-505). Die wense laat ook hier die

²⁷In die inleidingsartikel van Die Kerkbode ten tye van latere aanwysings van staatleiers (no. 8, jaargang 120, 28 Februarie 1968, 285) word daar geskryf oor die gekose Staatspresident. Dat dit 'n eer en vreugde is vir die blad om ons gekose Staatspresident, mnr. Jim Fouche met sy eggenote van harte geluk te wens met die hoë onderskeiding waarmee die Here hul diensbaarheid kroon. Die kerk verseker hulle van opregte voorbidding en vir 'n geseënde dienstermy in belang van ons geliefde vaderland. By die inhuldiging van mnr. Jim Fouche tot die tweede Staatspresident van ons republiek, stuur Die Kerkbode sy hartlike gelukwensing. Dit is ook met die verskuldigde hoogagting, en daar word geskryf dat die Here gedank moet word vir so 'n Christenman en -vrou. Hulle word verseker van die volgehoue gebede. Hulle vertrou, soos ons vertrou, en ons sal bid, soos hulle bid, laat U Koninkryk kom oor ons republiek (Die Kerkbode, no.15, jaargang 120, 10 April 1968, 485). J.J. Fouche..., Oom Jim... staatshoof...Christenmens, dit is die artikel wat geskryf is in Die Kerkbode (no.17, jaargang 120, 24 April 1968, 550-552). Hier word grepe uit mnr. Fouche se rede op 10 April weergegee: hy begin deur “Ek wil as simbool van die nasies van Suid-Afrika biddend opkyk na Bo en my vrou en myself aan Sy beskerming opdra sodat ons in ons swakheid ons hoë roeping waardig mag wees, op Sy almag vas vertrouend het my vadere gebou en mag dit aan my gegun word om biddend in dieselfde vertrou my volk nie net in die oë van die wêreld te verteenwoordig nie, maar veral voor Sy genadetroon ...Welgeluksalig is die volk wie se God die Here is.” Die ampserp is deur hoofregter L.C. Steyn omgehang voor die kansel van die Groot Kerk, Kaapstad. “Die heengaan van dr. T.E. Dönges” is die opskrif van die inleidingsartikel van Die Kerkbode (no.4, jaargang 120, 24 Januarie 1968, 109). Hulde word gebring aan 'n regsgeleerde, kultuurmens, politieke figuur en kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, hy het ook belangstelling getoon in die lewe en werk van die kerk, hy was ook diaken en ouerling in die kerk

²⁸“Opening van die Parlement” is die opskrif in Die Kerkbode. Hier word geskryf oor die uitdagings, maar ook dat daar van die kansels en binnekamers gebid sal word, daarvan wil die kerk die owerheid verseker. Die NG Kerk het soos in die verlede nog altyd erns gemaak met die voorbiddingsgedagte wat deel vorm van die profetiese stem (Die Kerkbode, no.6, jaargang 120, 7 Februarie 1968, 181). Die Kerkbode (no.9, jaargang 120, 28 Augustus 1968, 261) maak ook melding van die voorbidding wat daar gedoen word deur die kerk vir al die kabinetslede. “Uitkoms en dankbaarheid” is die opskrif van Die Kerkbode se inleidingsartikel (no. 5, jaargang 118, 2 Februarie 1966, 32). Hier word geskryf dat die dankbaarheid groot was toe daar gelees is in die koerante van die groot getalle mense wat kerk toe gestroom het vir die dag van verootmoediging om na Gods Woord te luister en om te bid vir die verwoestende droogte. 'n Verdere dankbaarheid is die feit dat die oproep nie net na die kerk toe uitgegaan het nie, maar ook dat die owerheidspersone die volk voorgegaan het met die daad van verootmoediging. So het die owerheid as dienaar

van God hom ook tot God gewend in verootmoediging, gebed en smeking. In die parlement word daar ook gebid om die Seën van die Here op die uiters verantwoordelike taak van die landsregering

indruk dat moeilike tye wag ten opsigte van die politieke uitdagings van afsonderlike ontwikkeling.

Sadie (1970:11) verwys na mnr. B.J. Vorster wat op 'n stadium sy misnoeë te kenne gee met die strawwe kritiek wat die regering gekry het vanuit kerklike kringe. Mnr. B.J. Vorster skryf ook aan die geestelikes voor dat hulle die Woord van God moet verkondig en dat hulle nie van die kansels politieke platforms moet maak nie. Wanneer die geestelikes dit doen, neem hulle die werk van die Verenigde Party of die opposisie oor. Sadie (1970:11) antwoord hierop dat die kerk ook nie die kansels wil misbruik vir politiek nie, nie vir enige party nie, ook nie vir die Nasionale Party nie.

3.2 Algemene Sinode van 1966

3.2.1 Herderlike brief van die Algemene Sinode 1966

In die herderlike brief van 1966 kom die spanning in die land weer duidelik na vore. Wat sou die boodskap wees ook met hierdie sinode wat in hoogspanning byeen was? Sou daar iets bespeur kan word van die NG Kerk se profetiese stem?

Prof. H.D.A. du Toit sê dat “Seker nog nooit in die geskiedenis het soveel nasies met soveel woede hulle teen 'n enkele land gekant nie.” (NGK AS Hand 1966:572). Probleme van die tyd word ook hier genoem onder andere: staatkundige woelinge, ander geestesstrominge soos verstedeliking, verwêreldliking en die kommunisme. Met dit het die kerk inderdaad in branding gekom (NGK AS Hand 1966:572). “Bose magte is aan die werk...Ons het dit opnuut besef met die lafhartige aanslag op die lewe van ons geliefde premier, dr. H.F. Verwoerd” (NGK AS Hand 1966:572). Die gedagte word ook genoem dat daar nie in geestelike isolasie geleef moet word nie, maar meer geleentheid gesoek moet word om geestelike bande sterker te maak. In hierdie tyd het die NG Kerk hom ook al hoe meer in isolasie bevind (NGK AS Hand 1966:574). Die gedagte van eenheid ten spyte van verskeidenheid word ook weer hier aangeraak in die

herderlike brief van 1966. Kotzé (1964:woord vooraf) skryf dat verhoudinge in ongekende branding en botsende belange verkeer en ook aan die orde van die dag is. Midde in hierdie branding staan die kerk. Die kerk sou ook in hierdie branding moeilik bepaal wat sy terrein is en watter terrein juis aan die staat behoort.

3.2.2 Openingsrede van ds. Coetzee by die Algemene Sinode 1966

In die Openingsrede van die Algemene Sinode te Bloemfontein op 16 Oktober 1966, deur ds. Coetzee sê hy: “Broeders, as ek dink aan die ernstige tye wat ons belewe, as ek in gedagte roep die ernstige roepstemme wat in die laaste tyd tot ons gekom het...” (NGK AS Hand 1966:577). Die Breë Moderatuur het ook in die interim ‘n paar keer baie sterk stelling ingeneem teenoor instansies oorsee soos byvoorbeeld die Britse Raad van Kerke en die Wêreldraad van Kerke. Die NG Kerk het baie onder druk gekom en het dit beantwoord met sterk verdedigende taal. “Daar sal in die toekoms magtige golwe slaan teen die dierbare ou NG Kerk en ons volk... dit sal ons ruk tot in ons fundamente” (NGK AS Hand 1966:579). Die woorde sou ook waar word in die toekoms van die kerk. Die jare wat voorlê was inderdaad baie stormagtig. Die waarskuwings en spanning loop in die tyd soos ‘n draad deur van die sinode se besluite.

3.3 Die Gereformeerde Kerke van Nederland en die rasse-kwessie in die sestigerjare

Strauss (1983:159) skryf dat afgesien van die kontakte op ekumeniese vlak met onder andere die GKN het die NG Kerk voortgegaan om die problematiek in Suid-Afrika te bedink. Die GKN het in die tyd openlik die verskille uitgewys tussen die GKN en die NG Kerk, maar eintlik nooit sover gegaan om amptelik ‘n besluit te neem oor die rassekwessie in Suid-Afrika nie. Die deputasie vir korrespondensie met die buiteland maak in sy verslag aan die Generale Sinode van Amsterdam in 1967 melding van die verwydering tussen die GKN en sy Suid-Afrikaanse susterskerke rondom die rasse-situasie in Suid-Afrika. Die kritiek in Nederland was verseker daar ten opsigte van die Suid-Afrikaanse rasse-kwessie, maar aan die orde van die dag was daar ook omgekeerde standpunte. Rakende die CI het die NG Kerk en die GKN eers in 1968

gebots by die GES Sinode te Lunteren. Dit sou in elke geval niks goeds voorspel vir die toekoms nie (Strauss 1983:167).

3.4 Die profetiese stem van die NG Kerk in die 1960's

Sou daar 'n verskil wees by die tweede Algemene Sinode se aanslag ten opsigte van sy profetiese roeping? Strauss (2001:85) skryf dat die NG Kerk van die sestigerjare 'n begrensing in sy verkondigingstaak teenoor die owerheid ingeneem het. Die NG Kerk wou nie graag in die interne staatsake inmeng of in 'n kritiese negativisme verval nie. Op daardie stadium het die NG Kerk sy taak primêr gesien dat hulle nie die staat wou kersten nie. Die profetiese taak is meer gesien om die beïnvloeding van die gewetes van die regeerders en die ander moontlikheid was om die owerheid direk deur afvaardigings te spreek. Die NG Kerk se profetiese getuienis staan dan ook in die tydperk nader aan Kuyper as aan Dooyeweerd. Dit was egter maar 'n sagte en baie stil profetiese stem of benadering van die owerheid (Strauss 2001:85). Randall (1971:7) noem ook dat daar in 1969 'n studiegroep was wat die WRK wou borg om juis 'n kerklike groep te versamel om die implikasies van die huidige toedrag van sake te ondersoek met die doel vir groter sosiale geregtigheid. Die moontlike ongelykhede tussen rasse was ook aan die toeneem en sou meer en meer beklemtoon word (Randall 1971:11). Hierdie poging, saam met vele meer, het toenemende druk op die NG Kerk geplaas in die jare wat sou kom.

Daniels (1969:71-72) skryf dat die kerke in Suid-Afrika in hulle verskeie samelewings vasgevang is. Hy verwys interessant genoeg na die kerke in die Verenigde State van Amerika en noem dat hulle 'n groter invloed moes gespeel het in die poging om verandering te bewerkstellig in Suid-Afrika. Die kerke in die Verenigde State van Amerika en die kerke in Suid-Afrika was albei baie bang vir radikale sosiale verandering. Hy skryf ook oor sy bekommernisse dat sommige dominante kerke te na aan die regering kan wees en dan dieselfde belange as die regering deel. Die NG Kerk moes ook baie versigtig wees om hom nie te na aan 'n spesifieke groep mense te bind nie. Die NG Kerk was vir ongeveer twee eeue nie rasgebonde nie. Dit het egter in 1857 tot 'n einde gekom met 'n sinodebesluit van daardie jaar "vanweë die swakheid

van sommiges". Hierdie besluit het gelei tot verskillende kerke binne die NG Kerk. Die NG Kerk was dan ook op 'n stadium die mees dominante kerk binne die Afrikaner gemeenskap. Die NG Kerk het homself ook baie geïsoleer met sy beleid van afsonderlike ontwikkeling. Daniels (1969:72) merk op dat die Engelse kerke hoofsaaklik eers in 1806 op die toneel verskyn en het sodoende honderd en vyftigjaar se konflik tussen swart en wit nie beleef nie, wat die NG Kerk wel beleef het. Dit kon moontlik 'n verskil in benadering bewerkstellig het. Verder ook die feit dat die Engelse kerke baie meer oop was vir liberale invloede van daardie tyd. Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (hierna SARK) het dan ook in 1968 amptelik die beleid van apartheid afgekeur. Hierdie standpunt van die SARK was op daardie stadium seker nog die heel sterkste standpunt jeens apartheid van enige ander kerkgroep. Die NG Kerk se verhouding met die regering in hierdie tydperk was die van twee vennote. Alhoewel die NG Kerk nie meer aangedring het op wetgewing nie, het hy dalk meer net die ingeslane rigting verdedig (Marais 1986:20). Richardson (1977:25) skryf ook dat die kerk 'n groot verantwoordelikheid het om die evangelie te verkondig. Dit moet altyd en in alle omstandighede gebeur en niemand mag dit verbied nie.

Die adjunk minister van Bantoe-ontwikkeling het aan die kerk 'n versoek gerig naamlik vir die lewering van sekere dienste deur die kerk. Wat die presiese aard van dienste was is nie seker nie. Die kerk se antwoord was nie hier een van gediensigheid nie en antwoord "dat die kerk hom beperk tot suiwer sendingwerk en tot die bediening van die Evangelie en die opbou van dogterkerke". Die kerk het hom hier gehou by sy terrein en geweier om die dienste te lewer. Tog antwoord die kerk verder dat hy ook begeer om hartlik met die staat en die volk self saam te werk. Hier noem die kerk sommige terreine van samewerking naamlik ekonomiese geregtigheid, beter behuising, gesondheidsdienste en algemene maatskaplike opheffing. Die skrywe reageer ook byna met agterdog oor die verhouding tussen kerk en staat met die antwoord dat: "Wanneer instansies navrae doen oor die verhouding van die kerk tot die owerheid, stel hulle veel meer prys daarop om te hoor of ons kerke die regering kritiseer, die gesonde samewerking word eerder met agterdog bejeën". Hier kom Die Kerkbode en bevestig die goeie verhouding wat daar met die owerheid is. Die gedagte van kritiek teen die

owerheid word erken, maar dan is daar ordelike maniere om dit te doen. Die kerk was in daardie tyd in die bevoorregte posisie om owerheidspersone oorwegend as lidmate te hê met wie die kerk kan praat as sy eie mense. Die kerk sou verseker in informele gesprekke met die owerheidspersone gaan, maar dit was dan geen amptelike gesprek nie. “Die kerk kan ook sonder verloëning van sy ware aard as kerk van Christus sy dupleg met profetiese getrouheid vervul terwyl hy ook die kroon op die hoof van die owerheid hou”. Oor die NG Kerk se balansering van sy profetiese roeping en om die kroon op die owerheid se kop te hou, sou daar nog baie vrae oor gevra word. “As daar geen rede vir die kerk is om die owerheid te vermaan nie waarom sou hy na ‘n rede soek of waarom sou hy in die regte koers sy gepaste en heelhartige samewerking weier?” Oor hierdie opmerking is die laaste woorde nog nie gespreek nie en kan die kerk oor sy roeping as profeet seker nog lank oordink en doen, maar altyd sonder om sy roeping as profeet in gedrang te bring (Die Kerkbode, no.8, jaargang 119, 23 Augustus 1967, 260). Die kerk het ook ‘n verantwoordelikheid vir die welsyn van die hele bevolking (Sadie 1970:12). Sadie (1970:12) noem verder dat die regering op die voorbidding van die kerk kan staatmaak, ook op sy aanmoediging en ondersteuning. Maar die kerk is bowendien verplig om te getuig teen die owerheid wanneer hy oortree. Die kerk moet ook altyd in gedagte hou dat hy altyd ten nouste betrokke is by die chaos en angste van die mens van elke dag. Deur dit alles bly die kerk se primêre taak, naas al die ander opdragte, om die mens na Christus te lei (Kotzé 1964:210).

3.4.1 J. Overduin en die roeping van die kerk

Uit ‘n gesprek met ds. J. Overduin is ‘n artikel geskryf deur P.G.J. Meiring en H.L. Pretorius wat met hom ‘n onderhoud gevoer het. Hy het in dieselfde straat gewoon waar dr. H.F. Verwoerd gebore is. Een van die vrae wat gevra is, is wat is dan die roeping van die kerk in die wêreld? Hoe kan hy sy boodskap helder, deurdringend en onbevrees laat klink? Is dit nie ‘n bietjie naïef om eenvoudig te sê dat die kerk sy lig in die duisternis moet laat skyn nie? In ons ingewikkelde moderne lewe is dit immers nie altyd ewe maklik om pasklare antwoorde op alle probleme te vind nie. Het die kerk nie in die verlede sy eie boodskap geboikot deur valse struikelblokke in die weg van die wêreld te plaas nie? Overduin se antwoord is dat die kerk die inhoud van die Evangelie

dringend onbevrees altyd moet laat klink. 'n Belangrike antwoord van Overduin is dat die Woord juis nie volgens die mens moet wees nie, maar juis vir die mens moet wees. Die taak van die kerk is nie voltooi as dit algemeenhede verkondig nie. Wanneer die kerk sê hy moet die lig in die duisternis laat skyn, moet die kerk goed bepaal wat die duisternis, is en wat nie. Die wêreld is doodmoeg van algemeenhede, wanneer die kerk dit preek is dit juis 'n teken van onmag. Die kerk moet konkreet wees en juis in die werklike noodsituasie in daal. Hierdie terreinbepaling van die kerk is dikwels vir hom baie moeilik om te bepaal (Die Kerkbode, no.25, jaargang 121, 18 Junie 1969, 854-855).

3.4.2 Die sinode van 1966: Die kerктаak teenoor die owerheid

Oor die kerктаak teenoor die owerheid sluit die NG Kerk hom ook aan by Calvyn se gedagte dat kerk en staat 'n eie selfstandigheid besit. Die soewereiniteit-in-eie-kring gedagte kom ook hier sterk na vore. Dalk is die gevaar juis hier dat dit 'n tipe begrensing ten opsigte van die kerk se verkondigingstaak teenoor die staat inbring. Die kerk se taak teenoor die staat word bepaal en begrens deur die bepaalde aard van sy bediening van die Woord. Volgens die verslag word daar gewaarsku dat onder al die verkondigingstake van die kerk die naam 'profetiese taak' minder aanvaarbaar is, omdat dit moeilik losgemaak kan word van die charismatiese sy daarvan en omdat dit baie herinner aan die Ou-Testamentiese-profete gedagte. Hier kies die kommissie dalk eerder vir die bediening van die Woord (NGK AS Hand 1966:123). Die term profetiese taak van die kerk kan vandag moeilik net so toegepas word soos die charismatiese ampte van die Ou Testament teenoor die staat, ook omdat dit in die tyd van 'n teokratiese regering geleef het. Hier word daar baie klem gelê op die amp van gelowige en nie soseer die kerk se taak om die staatterrein te "kersten" nie. Die amp van die gelowige moet baie meer tot sy reg kom. Die kerk onderneem ook nie om altyd leiding te gee op sake wat op die staatterrein is nie, die staat moet ook nie gesien word dat dit byna permanent onder die invloed is van die bese magte nie, maar as dienaar van God daar is. Die NG Kerk, ook soos reeds genoem, was hier versigtig om kritiek teenoor die staat te opper. Profetiese stemme was meer sag (Hand 1966:124). Tog voel dit of die

kerk nie die terrein van die staat eerbiedig het nie en baie kere op die staat se terrein beweeg het.

'n Verdere probleem rondom die taak van die kerk teenoor die staat is die pluriformiteit van die kerk. Dit kan die gevolg hê dat verskillende standpunte vanaf die kerk teenoor die staat geopper sou word. Soms kan dit ook as 'n verskoning gebruik word in die kerk se profetiese stem. Maar die beskuldiging dat die kerk nie uit een mond praat nie is al baie geopper (NGK AS Hand 1966:124). Die kommissie tref ook 'n onderskeid tussen die wese van die kerk en die taak van die kerk, want die wese van die kerk gaan nie op in sy taak nie. Die kerk is ook nie bang om voortdurend die owerheid en volk te lei met korrekte aanspraak nie (NGK AS Hand 1966:124-125). Die kerk moet ook poog om die gewete van die gemeenskap en die owerheidspersoon aan die wet gebind te hou. Die volle raad van God moet egter altyd verkondig word: in sover die Skrif dan eksplisiet leiding gee ten opsigte van die owerheid en staatslewe is die kerk altyd geroepe om dit toe te pas en uit te lê. "Tog onder sekere omstandighede en geleenthede is die kerk wel deeglik geroepe om amptelik en regstreeks met die owerheid te praat, veral waar die owerheid 'n ingrypende prinsipiële beslissing moet maak kan die kerk sy stem laat hoor". Hier kom die vraag weer na vore of dit die kerk se terrein is of nie en watter prinsipiële beginsels dit natuurlik is? Een van die primêre take van die kerk is om die owerheid aan God se gebod te herinner veral wanneer dit lyk of hulle op goddelose weë gaan. Die metode wat die kerk moet volg om die verkondigde Woord beslag te laat kry op die owerheid, owerheidspersone en staatslewe, lê hoofsaaklik altyd op 'n indirekte wyse (NGK AS Hand 1966:125). Die Woord moet op die indirekte wyse so inwerk op die lewens en gewetens van die onderdane en owerheidspersone dat dit uiteindelik sal deurwerk tot in die owerheidskringe en op die owerheidsmoraal en owerheidsdade. Dit sluit ook aan by die gedagte dat die kerk te sag en stil was rondom brandende kwessies in die tyd (NGK AS Hand 1966:125). Wanneer dit op 'n direkte wyse geskied kan dit alleen geskied nadat die kerk op sy meerdere vergaderings op 'n kerklike wyse daaroor besin en besluit het en dan ook by wyse van korrespondensie, maar liefst deur persoonlike afvaardiging (NGK AS Hand 1966:125-126). Die kerk moet ook versigtig wees om nie die regsgeharmoniseerde orde wat die staat daarstel te versteur nie, maar

eerder poog om dit te ondersteun. Hier kan die gevaar weer insluip van 'n kondonering van staatsbeleid (NGK AS Hand 1966:126). 'n Laaste belangrike punt wat die verslag hier noem, behalwe die verkondigingstaak van die kerk, is dat die kerk ook 'n voorbiddingstaak het met die oog op die koms van die koninkryk van God (NGK AS Hand 1966:126). Die verslag waarsku aan die einde dat daar tog gewaak moet word teen die gedagte van 'n volkskerk of anders glad nie 'n kerk nie. Die NG Kerk het te na aan 'n volkskerk^{29,30} gedagte beweeg (NGK AS Hand 1966:127). Van der Walt (1982:5) skryf oor die hantering van die Skrif die volgende: "Nie die Bybel plus tradisie, plus die pous, plus eie belang, plus selfbehoud, plus watter ideologie nie. Die Bybel is net die Bybel – Sola Sacra Scriptura."

3.5 Christelike Instituut (CI) van Suidelike-Afrika

Die CI kom dan ook op 15 Augustus 1963³¹ tot stand. Na Cottesloe was dit byna 'n vanselfsprekende uitvloeisel daarvan en dr. B Naude wat ook die vroeëre moderator van die Suid-Transvaalse Sinode³² was, was die eerste direkteur. Dr. B Naude het ook sy predikantstatus ingeboet toe hy direkteur geword het van die CI (Geldenhuis 1982:60). Die CI se groot fokus was juis daarop om aan Cottesloe meer gestalte te gee en om kerk-eenheid binne die NG Kerk familie daar te stel (Langner 2004:128; Kinghorn 1986:146; Daniels 1969:72; Richardson 1977:27). Lombard (1981:243) skryf dat die verwagtings van die CI om verskillende kerke weer op ekumeniese vlak te verenig egter misluk het. Met die stigting van die Christelike Instituut van Suidelike-Afrika het kerkrade en ringe ook die Breë Moderatuur om leiding in dié verband genader (NGK AS

²⁹Ds. J.C. Lambrecht skryf in verdediging teen die volkskerk-gedagte, dat die NG kerk nóg in die teorie nóg in die praktyk homself ooit as 'n volksorganisasie of nasionale bolwerk of ten behoeve van trou sweer aan die Afrikaner verklaar het nie (Die Kerkbode, no.2, jaargang 118, 12 Januarie 1966, 55)

³⁰Keet (1966:6-7) skryf dat in teenstelling met die kerk het die staat die roeping om die swaard van geweld te dra en openbare sondes te straf. Dit is sy taak om in die sondige wêreld orde te handhaaf en om die menslike samelewing van anargie te bewaar. Die Nuwe Testament gebied onderwerping aan die owerheid en beveel voorbidding aan. Wat kerk en volk betref het die kerk nie die roeping om die volkslewe te versterk nie, maar om die koninkryk van God onder die volke te dien

³¹Ongeveer 180 mense “verteenwoordigend van al ons rasse-groepe” het bymekaar gekom in Johannesburg vir die stigting (Strauss 1990 :358)

³²Naude was ook een van die NG Kerk se afgevaardigdes by die Cottesloe-beraad. Hy het dan ook by die 1961 Sinode van Transvaal homself voorgeneem om te staan by die beraad se besluite (Strauss 1990:358) Hand 1966:38). Die Breë Moderatuur was die CI nie goedgesind nie en het die stigting nie goedgekeur nie omrede die CI die standpunt van die NG Kerk oor rasse- en ekumeniese aangeleenthede sterk bevraagteken het. Die CI het ook nie die NG Kerk gespaar in sy kritiek op daardie stadium nie (NGK AS Hand 1966:38; Kinghorn 1986:146-147). Heelwat kerkrade en ringe het hulle ook teen die bestaan van die CI uitgespreek (Strauss 1983:199). Die NG Kerk het al hoe meer onder druk gekom en kritiek het op die NG Kerk begin toeneem. Randall (1971:16) skryf ook dat die Afrikaanse gemeenskap meer oop begin word het vir verandering en dat hulle nie meer so ‘n homogene groep was soos drie dekades gelede nie. Moontlike redes hiervoor kon wees dat daar baie meer verstedeliking was en dat sekularisasie ook meer aan die toeneem was.

Agtien maande na Cottesloe het die maandblad Pro Veritate³³ op 15 Mei 1962 ontstaan (Van Rooyen 1990:134; Richardson 1977:27). Die doel van die blad was om Bybelse antwoorde te vind vir die probleme van die dag, met ander woorde in die Suid-Afrikaanse konteks het dit beteken dat die rassevraagstuk baie aandag sou kry (Van Rooyen 1990:134). Veral dr. B. Naude se liefde vir die ekumene het die blad stukrag gegee (Potgieter 1994:79). Die aanvanklike redaksie was prof. J.C.G. Kotze van die NG Kerk, dr. P.G. Geertsema van die Geref. Kerk van SA, en prof. A. van Selms van die Nederduitse Hervormde Kerk in Afrika (Potgieter 1994:79). Die teenwoordigheid van di. R. Orr, J.W. Wessels en E.E. Mahabane het sterk aangedui dat die ekumeniese grense oorgesteek is verder as net die drie susterkerke (Van Rooyen 1990:134). Vir dr. B. Naude was daar gesien in die nou band tussen kerk-en-staat en kerk-en-volk en die behoefte om suiwer volk te wees, groot ooreenkomste tussen Nazi-Duitsland en Suid-Afrika. Hy het ook aansluiting gevind by die WRK en die teologie van bevryding wat in opposisie gestaan het met die NG Kerk op daardie stadium (Langner 2004:128). Pro

Veritate het ook 'n aanval op die NG Kerk geloods oor sogenaamde onchristelike Skrifhantering deur die NG Kerk (Potgieter 1994:80). Dr. J.D. Vorster het die CI, ook

³³Aanvanklik wou niemand hulle bereidwillig verklaar om verantwoordelikheid as redakteur te aanvaar nie. Dr. B. Naude het egter ingestem om dit te doen (Potgieter 1994:79)

soos die res van die NG Kerk, sterk teengestaan³⁴ (Langner 2004:128; Potgieter (1994:80). Dr. A.P. Treurnicht (wat ook redakteur van Die Kerkbode was) waarsku lidmate dan ook teen die blad. Drr. J.D. Vorster³⁵ en A.P. Treurnicht het saam in Die Kerkbode die CI gekritiseer en die sinode se standpunte rakende die CI ook verdedig (Langner 2004:129; Potgieter 1994:80). Tydens die Algemene Sinode van 1970 het lidmate 'n gravamen by die sinode ingedien, rakende die besluite van die Algemene Sinode van 1966 se besluite oor die CI. Die uiteinde was dat die gravamen deur dr. J.D. Vorster verwys is na 'n ad hoc kommissie wat dit hanteer het en by die Algemene Sinode van 1974 daaroor verslag gedoen het. Die saak is deur die moderatuur van 1974 as afgehandel beskou. Die Algemene Sinode van 1974 besluit ook dat die CI net 'n politieke drukgroep is vir toekomstige integrasie politiek (Langner 2004:129).

Daar was heelwat reaksie ook vanuit kerklike geledere. In Die Kerkbode was daar ook verskeie briewe wat daaroor debat gevoer het. Ds. A.J.B. Rawlins skryf in die briewekolom van Die Kerkbode oor die CI (Die Kerkbode, no.5, jaargang 119, 2 Augustus 1967, 178). Hy verwys onder andere na prof. P. Verhoef se roep uit die hart uit en noem weer die besluite van die Algemene Sinode in die verband. Hy lig veral paragraaf b. uit: “dat ampsdraers en lidmate hulle uit lojaliteit teenoor hul kerk van die CI moet onttrek”. Dit is die kern van die besluit. Dit beteken dat hulle moet bedank uit die CI, al dan nie sou persone hardnekkig aanbly, kan hulle sensuur te wagte wees. “Ons wil nie die CI oorskat nie ook nie geringskat nie” skryf Rawlins. “Die NG Kerk wil net nie die CI in ons midde duld nie”. Ook hier vind 'n mens 'n sterk reaksie soos uit die res van die NG Kerk oor die CI. 'n Alternatiewe standpunt is nie hier geduld nie en die

³⁴Op 15 November 1963 reik die Breë Moderatuur op versoek van verskeie kerkrade en ringe (wat ook die CI teengestaan het) 'n verklaring uit om die regverdiging vir die bestaan van die CI af te keur. So is ook gepoog om leiding te gee in die verband (Strauss 1990:360)

³⁵Die Wêreldraad van Kerke word ook skerp veroordeel omdat hulle die verhoor van 33 terroriste veroordeel het. Dit wys die ware kleur van die Raad, word daar geskryf. Dr. J.D. Vorster word aangehaal dat die Raad die verwerping van die mees kardinale leerstukke van die Christendom duld, maar die see oorsteek om hulle met die rassevraagstuk te bemoei om integrasie te bevorder (Die Kerkbode, no.11, jaargang 120, 13 Maart 1968, 368)

kritiek op die kerk se standpunte oor rasseverhoudinge is eintlik ook nie geduld nie. Dr. Engelbrecht skryf ook dat die wyse waarop die bestaansreg van die Christelike Instituut bespreek is deur prof. Verhoef en prof. W. Jonker, laat blyk dat hulle op die spoor uitgaan van A Kuyper. Kuyper se kerkbeskouing maak onderskeid tussen die kerk as instituut en die kerk as organisme. Verder word daar geskryf dat die CI hom op die terrein van die kerk betree.

Ook vra dr. Engelbrecht of die CI bestaansreg het (Die Kerkbode, no.12, jaargang 118, 23 Maart 1966, 375). Die besluite van die Algemene Sinode van 1966 oor die CI het die CI in die buiteland meer invloed laat kry ook weens die feit dat die CI so teen apartheid was (Langner 2004:130). So het die verhouding tussen die NG Kerk en die CI teen die middel van 1966 dan ook 'n laagtepunt bereik (Strauss 1990:361). Die sinode sien die CI as 'n buitekerklike organisasie wat "meeding" met die kerk en wat die gereformeerde belydenisskrifte en die ondertekeningformulier vir predikante van die NG kerk verloën (Strauss 1990:361). Van Rooyen (1990:V) skryf dat die NG Kerk se steun aan apartheid en sy pogings om dit te onderdruk die sterkste na vore gekom het met sy stryd teen die CI. Die inleidingsartikel sluit ook aan by die debatte en noem dat die Algemene Sinode geen twyfel gelaat het toe hy die CI verwerp het as 'n dwaalrigting wat die suiwere leer ondermyn. Op daardie stadium is die CI net gesien dat hy daarop uit is om die goeie orde in die kerk te ondermyn en wat tweedrag onder lidmate wou veroorsaak. Daar is ook van ampsdraers en lidmate verwag om hulle lojaliteit teenoor die kerk te toon en te onttrek aan die CI. Die NG Kerk het baie sterk uitgekom in hulle standpunte teen die CI. Dit blyk dat die direkteur van die CI op 'n stadium alle bande tussen die Instituut en die Cottesloe-besluite sterk ontken het. Alle bande tussen die Instituut en die *SA Institute of Race Relations* is ook ontken. Waarom die Instituut dit

gedoen het word nie begryp nie. Die rede kon moontlik gewees het dat die direkteur die CI wou beskerm teen uitermate kritiek op daardie stadium (Die Kerkbode, no.18, jaargang 118, 2 November 1966, 620). Gaandeweg het die gees in die CI al hoe meer militant en radikaal geword. Dr. J.D. Vorster het ook na die CI verwys as 'n front-organisasie van die vyand van "ons kerk en volk" (Van Rooyen 1990:228). Later jare het die CI en dr. B. Naude, wat betref die geweld, sabotasie en bomontploffings in die land, stil geword en daarop is gewys dat die regering die skuld daarvoor moes kry en dat die ANC eintlik geen ander keuse gehad het nie. Hierdie radikale verandering by dr. B. Naude en die CI was te wyte aan die meer noue betrekkinge met die ANC. Later jare het Naude self erken en amptelik verklaar dat hy en die personeellede van die CI geen beswaar het teen die doelstellings van die ANC nie (Van Rooyen 1990:280). Dit alles sou meebring dat die spanning tussen die NG Kerk en Naude in hierdie stadium net sou toeneem.

3.5.1 Die Christenraad van Suid-Afrika

Die Christenraad³⁶ van Suid-Afrika het in 1964 die moderator versoek om 'n deklarasie in verband met die sogenaamde 90 Dae Klousule te onderteken. Dr. A.J. van der Merwe het egter die saak na die Breë Moderatuur verwys (NGK AS Hand 1966:36). Die deklarasie wat die NG Kerk moes onderteken lui soos volg: *"It is a fundamental justice that there should be no arrest without warrant or imprisonment without trial in solitary confinement, and that access to the normal protections of the rule of Law should be accorded to everyone. In Section 17 of the General Law Amendment Act (commonly known as the 90- Day Detention Clause) a tragic breach and negation of this principle, and a violation of the moral law, and an offence to religious conscience, we declare our strongest condemnation of these clauses on moral ground beliefs, and appeal to those in authority not to repromulgate it when it comes under review"*. (NGK AS Hand 1966:36). Hierop het die Breë Moderatuur soos volg aan die Christenraad geantwoord: "U skrywe van 12 Desember aan die moderator het die sorgvuldige aandag van die Breë Moderatuur van die NG Kerk geniet (NGK AS Hand 1966:36). Tot ons spyt kan ons nie aan u versoek om samewerking in verband met 'n protes teen Art. 17 van die Regswysigingswet voldoen nie" (NGK AS Hand 1966:36). Die besluit van die

moderatuur op daardie stadium was dan ook nie vreemd nie gesien in die lig van die NG Kerk se beleid oor rasse-aangeleenthede. Die NG Kerk het ook glad nie sy weg oopgesien om met die pasgestigte Christenraad saam te werk nie. Hulle het net glad nie dieselfde sentimente gedeel nie (NGK AS Hand 1966:116).

³⁶Die Christenraad is in 1936 gestig (Lombard 1981:243)

Die moderamen gee dan ook verskeie redes vir hulle antwoord onder andere dat die Christenraad die kerke nooit gewaarsku het teen die gevare en bedreigings wat die sogenaamde liggame vir die staat en die volksbestaan inhou nie en dat hulle ook nooit opgetree het teenoor sodanige liggame nie (NGK AS Hand 1966:36). Soms het dit vir die moderamen gelyk of die Christenraad die persone wil beskerm teen wie die wet eintlik gemik is (NGK AS Hand 1966:36). Voor die Christenraad nie voluit teenoor hierdie bedreigings en persone optree nie, is dit vir die moderamen onmoontlik om saam te werk (NGK AS Hand 1966:36-37). Die land het op daardie stadium verkeer in die bedreiging van 'n koue oorlog wat verder aangeblaas is deur sabotasie en revolusie. Dit alles kon maklik die voorspel wees tot 'n burgeroorlog in Suid-Afrika (NGK AS Hand 1966:37). Die situasie was werklik gespanne in dié tyd en die kerk het ook die spanning beleef en volgens sy konteks probeer antwoord. Verder meen die moderamen dat in buitengewone omstandighede buitengewone maatreëls nodig is. Byna 'n regverdiging van die status quo (NGK AS Hand 1966:37). Aan die eenkant betreur die kerk ook dat daar so 'n wet in die land is. Die NG Kerk laat hier tog 'n sagte profetiese stem hoor, maar voeg ook dadelik by dat die magte hulle ook nie hou by die *Rule of Law* nie, daarom is buitengewone maatreëls nodig in die buitengewone omstandighede. Hier tree die NG Kerk ook in die bresse vir die regering (NGK AS Hand 1966:37). Die Kommunistiese³⁷ bedreiging en optrede oor die hele wêreld het ook op daardie stadium buitengewone middele vereis. Die staat en die kerk asook die sedelike lewe van die volk moes onder geen omstandighede ondermyn word nie. Die terreine was byna as heilig beskou (NGK AS Hand 1966:37). Die Christenraad wou die hele aangeleentheid verder bespreek, maar dit is daar gelaat (NGK AS Hand 1966:37).

³⁷"Waarheen beweeg die wêreld?" Dr. M.W. Retief skryf oor die Kommunisme en dat die kommunisme die wêreld wil verower en dat een van sy aanslae die bevordering van liberalisme is. Die liberalisme stel baie min daarin belang dat die mens met God moet versoen, maar baie daarvan om met mense te versoen, een mens een stem, word hier genoem met geen diskriminasie nie (Die Kerkbode, no.6, jaargang 119, 8 Februarie 1967, 191). "Vlugtelinge in ons midde" is die opskrif. Die Tsjeggo- Slowakye vlugteling moet ons opnuut weer bewus maak van die kommunisme as 'n aktiewe en bese sameswering. Ons praat te veel net in die abstrakte vorm daarvan terwyl dit inderdaad 'n magsmontering is met revolusie (Die Kerkbode, no.18, jaargang 120, 30 Oktober 1968, 577)

Die Christenraad wou 'n konferensie hou oor die "Wilgespruit *Fellowship Centre*"³⁸ en het die kerk daarheen uitgenooi, maar die kerk het dit van die hand gewys omdat hy nie iets met die *Centre* te doen het nie en heel moontlik ook nie te doen wou hê nie (NGK AS Hand 1966:37). Die Christenraad se naam het dan ook in 1968 verander na die

SARK. In hierdie tyd was daar ook vele pogings om die NG Kerk by hulle in te sluit. Een van die eerste publikasies van die SARK was 'n boodskap aan die volk van Suid-Afrika, hierdie stuk het verdere agterdog gewek by die Afrikaanssprekendes. In 1970 het die SARK daadwerklike pogings aangewend om rassisme te bestry en ook in die proses hulle steun aan terroriste organisasies verleen. Dit het baie reaksie uitgelok ook van die kant van die NG Kerk. Daar is 'n beroep op die Engelse kerke gedoen om hulle te distansieer van die SARK. Die Engelse kerke het hulle egter daartoe verbind en wou nie onttrek aan die SARK nie (Lombard 1981:234).

3.6 Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif (1966)

Die Kaapse Sinode van 1961³⁹ het 'n permanente kommissie in die lewe geroep vir onder andere die rassevraagstuk. Hierin is gehandel oor RVN in die lig van die Skrif oor rasgemengde huwelike; kerklike verhoudinge onderling en ook teenoor die staatsbestel; die verskynsel van trekarbeiders en dies meer (Kingham 1986:129; Van der Watt 1987:114). Hierdie kommissie het ook met die jonger NG Kerke beraadslaag. In 1965 was hierdie dokument voorberei deur die kommissie en aan die Kaapse Sinode voorgelê.

³⁸'If Robben Island was the University of the Struggle, then Wilgespruit was the technikon'.

During 1960-1979 South Africa was a deeply divided society, in which few liberal Christian institutions were prepared to fight for: liberalism, multiracialism and ecumenicalism. Many unconsciously and consciously became indoctrinated

by apartheid ideology and few were willing to question the system. However, Wilgespruit Fellowship Centre (WFC) tended to differ. It was prepared to sacrifice itself to do so (<http://www.codesria.org/IMG/pdf/Vanek.pdf>)

³⁹Reeds in 1961 het prof. E.P. Groenewald ook al na afloop van die Transvaalse Sinode gewaarsku oor die gevolge van Cottesloe en die dringendheid om met die eise van die evangelie opnuut te kyk na rasseverhoudinge. Hy noem ook dat daar nie met Cottesloe afgereken is nie (Langner 2004:130)

Die Kaapse Sinode van 1965 het hierdie verslag van rasse-aangeleenthede met 'n paar wysigings aanvaar en is deur AKLAS weer op die tafel van die Algemene Sinode van 1966 geplaas (Strauss 1994:198; Van der Watt 1987:114). Alhoewel RVN'66 slegs 'n subtitel was in die hele verslag, skryf Strauss (1994:196) dat daar gerieflikheidshalwe na die hele verslag verwys word as RVN'66. RVN'66 is verwys na die Algemene Sinode en uiteindelik dien dit as basis vir die besluite van die vergadering van 1966 (Van der Watt 1987:114). Strauss (1994:196) noem dat De Gruchy "RVN'66 in die lig van die Skrif", tereg as een van twee '*major synodical documents*' van die NG Kerk in die sestiger- en sewentigerjare oor apartheid beskou. Op sy beurt tipeer Kinghorn RVN'66 as 'n verslag met 'n baie duidelike akademiese stempel. Langner (2004:131) noem dat die klimaat in 1966 tipeer kan word as 'n tydperk van "beleidskonsolidasie en optimisme" juis omdat dr. H.F. Verwoerd se droom vir baie Afrikaners 'n werklikheid geword het. Gesien in die lig het dr. J.D. Vorster die sluipmoord op dr. H.F. Verwoerd gesien as 'n "aanslag van die vyande op ons volk" (Langner 2004:131). By die sinode van 1966 word dr. A.P. Treurnicht verkies as assessor en dr. J.D. Vorster word weer verkies as aktuaris: beide van hulle was bekend vir hulle sterk anti-Cottesloe standpunte. Hulle was ook uitgesproke voorstanders van die beleid van apartheid (Kinghorn 1986:129; Langner 2004:130-132). In sy geheel gesien was daar ook 'n mate van stagnering by die Algemene Sinode in sy besinning wat afsonderlike ontwikkeling betref (Van der Watt 1987:114). Weg was die gedagte van die beleid as metode – intendeel, die Algemene Sinode het die grense tussen rasse⁴⁰, opnuut beklemtoon en vanselfsprekend daarmee saam die noodsaaklike roeping om die nasionale karakter van 'n volk en die volkseie te bewaar (Van der Watt 1987:114-115). Die verskil was hier nou anders as by Cottesloe: waar apartheid as metode beskou

was, word apartheid nou in die verslag meer in 'n strakke dogmatiese denkskema half ingeforseer (Langner 2004:132).

⁴⁰Dat die NG Kerk 'n lang pad stap met bevolkingsverhoudinge blyk onder andere uit die feit dat daar in 27- 29 Sept. 1923 en 1927 'n inter-rasse en interkerklike konferensie saamgeroep is om bevolkingsverhoudinge te bespreek (NGK AS Handeling 1966:116)

Die dokument RVN'66⁴¹ word dan ook deur die Algemene Sinode van 1966 aanvaar (Strauss 2001:85). Oor die dokument RVN'66 skryf Strauss (1994:196-197) dat RVN'66 byna nie in kerkhistoriese literatuur figureer nie. Daarvoor is daar verskeie redes, onder die mees voorhandliggende rede is dan ook dat RVN'74 die uitstaande punt vorm in die besinning van die Algemene Sinode rondom apartheid. Interessant om op te merk is dat die uitgangspunte van hierdie sinode 'n sterk invloed van die Nederlandse geleerdes vertoon – trouens, twee van sy groot eksponente te wete prof. F.J.M. Potgieter en dr. A.P. Treurnicht (assessor van die sinode) was lede van die Kaapse kommissie vir rasse-aangeleenthede (Van der Watt 1987:115). Die besluit tot so 'n kommissie was die belangrikste amptelike poging om die probleme oor rasseverhoudinge weer te ondersoek (Van der Watt 1987:115). Tydens hierdie vergadering is voorgestel dat die moderatuur 'n ad-hoc studie kommissie moet benoem om 'n omvattende en diepgaande studie te maak van die rasse en ekumeniese vraagstukke veral soos dit Suid-Afrika en die NG Kerk in besonder raak (Van der Watt 1987:115). Die volgende persone is benoem: drr. J.D. Vorster, F.E.o'B. Geldenhuys, proff. E.P. Groenewald, P.A. Verhoef, di. P.E.S. Smith, D.S. Snyman, D.P.M. Beukes, J.S. Gericke en W.A. Landman (Van der Watt 1987:115).

Die kommissie het spoedig tot die oortuiging gekom dat 'n veel omvattender ondersoek as wat aanvanklik voorsien is vereis word en dat 'n veel breër paneel van deskundige persone by die ondersoek betrek moet word (Van der Watt 1987:115). Daar is besluit op 'n aantal subkommissies: hierdie subkommissies se verslae is as adviserend deur die ad-hoc kommissies beskou en ook is hierdie verslae aan alle dosente van die NG Kerk se teologiese fakulteite en inrigtings gestuur vir kritiese kommentaar (Van der Watt 1987:115). 'n Viertal subkommissies is benoem wat besondere aandag moes gee aan

RVN in die lig van die Skrif: die kerk en die Skrif, die kerk en die ekumene, die kerk en maatskappy, staat en kerk en kerk en sending (Van der Watt 1987:115).

⁴¹Ras, Volk en Nasie '66 se ontstaansgeskiedenis kan 'n mens ook heelmoontlik terugvoer na die Kaapse Sinode van 1961 (Strauss 1994:198)

In September 1968 maak *Message to the people of South Africa* ook sy verskyning wat uitgegee is deur die SARK wat ook kritiek uitgespreek het oor die rassebeleid (Randall 1971:1). Interessant dat die Kaapse Sinode in 1969 meer vir 'n klem op pluriformiteit in die samelewing kies. Op hierdie stadium het die Kaapse Kerk die wet op gemengde huwelike en trekarbeid verdedig (Langner 2004:132). Meningsverskille in 1966 en 1970 het telkens weer uitgeloop op 'n herhaling van die opdrag aan die opeenvolgende kommissies (Lubbe 2002:47-48; Kinghorn 1986:47-48).

3.7 Swart bewussynbewegings van die sestiger jare

'n Ander betekenisvolle faktor was die opkoms van 'n swart bewussynbeweging waarin verkondigers van swart teologie 'n belangrike rol gespeel het (Van der Watt 1987:116). Die ontstaan van die swart bewussynsorganisasies – SASO (*South African Students Organization*), BPC (*Black People's Convention*), BAWU (*Black and Allied Workers Union*), het 'n nuwe fase in die swart opposisie teen afsonderlike ontwikkeling ingelei. Dit sou verdere druk op die NG Kerk plaas (Van der Watt 1987:116). "Swart was die omvattende begrip van almal wat gely het onder die regeringsbeleid van apartheid. Die wêreldbeeld het ook hierby ingeskakel" (Van der Watt 1987:116). Hier was die groeiende en onstuitbare besef onder swart mense dat hulle menswees deur hulle swart wees bepaal word en dit is geen verleentheid of vernedering nie (Van der Watt 1987:116). Wat meer is, dit spoor hulle aan om fundamentele verandering in 'n maatskappy, wat teen hulle diskrimineer, te verkry (Van der Watt 1987:116). Leiers soos Steve Biko en teoloë soos Manas Buthelezi en Boesak het die swart bewussyn sy motivering en momentum gegee (Van der Watt 1987:116). Hierdie swart bewussynbeweging sou lei tot die skoliere-opstand in Soweto⁴² wat op 16 Junie 1976 begin het en wat vir verdere onrus in ander sektore van die nie-blanke gemeenskap

gesorg het (Van der Watt 1987:116). Die swart teologie as eksponent van die teologie van revolusie was ook goed op dreef (Van Rooyen 1990:247). Hierdie gedagtes en

⁴²16 Junie 1976 het daar 'n uitbarsting in Soweto plaasgevind. In Die Kerkbode is daar onder andere vir die lesers verseker dat sover as wat ons taak en roeping ons toelaat, daar tot op die hoogste vlak met die owerheid geskakel is, intussen was die regering ook in 'n grensoorlog betrokke in Angola teen die Kommunisme. Dit alles het verder gelei tot hoogspanning in Suid-Afrika, maar ook binne die NG Kerk (Lubbe 2002 :49)

oplewing het ook mettertyd die jonger NG Kerk binnegedring, want daar is ook 'n noue band tussen swart bewussyn en swart teologie⁴³ (Van der Watt 1987:116).

3.7.1 Appél op die NG Kerk

Dit alles moes noodwendig 'n appél maak op die NG Kerk ook in sy hernieude studie oor rasse-aangeleenthede. Die druk van buite, die onrus in die land en ekumeniese prosesse was aan die toeneem (Van der Watt 1987:117). Konkrete sake word in 'n aantal besluite aan die orde gestel: die kerk moet sy stem laat hoor oor en hulp verleen aan die swart mense se sosio-ekonomiese omstandighede; die trekarbeiderstelsel vra uitskakeling van die ongerief wat dit bring; die tuislande moet sneller ontwikkel word; die staatkundige posisie van die bruinmense vra ernstige besinning; die lewensomstandighede van die Asiërs moet ook aandag ontvang (Van der Watt 1987:118). Van die posisie van die swartes in blanke gebiede het die sinode slegs kennis geneem. Verder is daar groot vordering gemaak in verband met behuising, ontspanningsgeriewe en maatskaplike dienste (Van der Watt 1987:118).

3.8 Algemene verkiesing 1966

Hier word berig oor die uitslag van die pas afgelope verkiesing en dat die regering wat voorheen aan bewind was weer aan bewind gekom het en terug is aan die roer van sake. Sy steun is ook heelwat groter onder blanke kiesers en dit is as gevolg van sy beleid en die manier hoe hy hom van sy taak gekwyt het. Tog verwys Randall (1971:21) na die algemene verkiesings van 1971 en dat daar 'n tendens is dat die Nasionale Party se Engelssprekende stemgeregtigdes hulle stemme verskuif het na die Verenigde Party. Hy noem ook dat sommige jong Afrikaanse stemgeregtigdes eerder vir die opposisie gaan stem het. Die Kerkbode laat hier 'n profetiese stem deurskemer

naamlik dat hy ernstige bedenkinge het oor die stelling dat die stem van die volk die stem van God is, soos sommige politici dit uitgespreek het. Gesien in die lig van die era

⁴³Die bevryding van die onderdrukte is volgens die swart teologie die inhoud van die evangelie. Ja, God is aan die kant van die verdruktes (Van der Watt 1987:116). Die NG Kerk is volgens Boesak 'n kerk vir die rykes en die magtiges, dit regverdig alles wat boos is nl. apartheid en apartheid is vir hom blasfemie in sy aanspraak op Christelikheid, dit vergiftig die sosiale lewe, dit skend die heiligheid van die huwelik, dit verskeur die eenheid van die gesinslewe en bring vervreemding en verbittering (Van der Watt 1987:116-117)

is die volgende opmerking in Die Kerkbode ook baie belangrik en is 'n volgehoue profetiese stem dat al het die meerderheid die beleid weer ondersteun, dit nie 'n bewys is van onfeilbaarheid nie. “Die meerderheid van die volk kan ook verkeerd oordeel en kan so verkeerde eise aan die owerheid stel”. In alles moet die owerheid en die volk die eer van God handhaaf, die owerheid moet ook die moed hê om op die terrein waar sy gesag geldig is te sê, so sê die Here. Dat dit 'n Christelike Nasionale owerheid was blyk duidelik en ook hier word van die owerheid verwag om Christelike beginsels uit te leef. Dit is ook 'n profetiese aanmoediging van die NG Kerk se kant af. Wanneer die owerheid advies van godsdienstige leiers vra, kan die kerk van sy kant weer sowel aan die volk en die owerheid die Skrifbeginsels voorhou. Hier moet die kerk net nooit probeer om die regering se verstand te wees nie, maar weereens sy gewete in die raad wat gevra word (Die Kerkbode, no.15, jaargang 118, 13 April 1966, 453).

3.9 Die Republiek – vyf jaar oud

Die Kerkbode (no.21, jaargang 118, 25 Mei 1966, 661) begin ook hier met die gedagte dat “God ons republiek moet Seen”. Hier is die republiek⁴⁴ ook al vyf jaar oud en “ander lande verwonder hulle oor ons land se ontwikkeling en vooruitgang, hulle is begerig op ons welvaart.” Daar dreig ook nog oorlog teen ons land, word daar geskryf “maar ons is 'n militêr weerbare land, ons vryheid^{45,46}, bestaansreg en roepingsvervulling het ons verdedig, nie net teen die verskuilde aggressors in die raadsale van die VVO en die Statebond nie”. Ten spyte van die golwe wat in daardie tyd teen die NG Kerk en die

⁴⁴Die Eerste Minister het tydens die Republiekfees op kunstenaars 'n beroep gedoen om ook die heldedade en die adel van ons volk te besing, dit het aanleiding gegee tot vrugbare gedagtewisseling. Normaalweg, so word daar geskryf, lê dit nie op die terrein van die kerk om so 'n mening uit te spreek nie. Tog is die gedagtewisseling wat

uitgespreek is en die vermeende beginsels ook van belang, nie net vir die kunstenaar nie, maar ook vir die kerkmense (Die Kerkbode, no.1, jaargang 118, 6 Julie 1966, 4)

⁴⁵'n Monument ter ere van genl. Hertzog is ook onthul. Die Premier, mnr. B.J. Vorster het gesê: "Dit is gepas omdat genl. Hertzog 'n gepaste plek in die ry van leiers van ons volk beklee" (Die Kerkbode, no.13, jaargang 120, 25 September 1968, 389)

⁴⁶Die onthulling van die Voortrekkermonument te Winburg word met landswye belangstelling en dankbaarheid begroet (Die Kerkbode, no.15, jaargang 120, 9 Oktober 1968, 461)

land begin slaan het was daar ook 'n mate van mag wat gesetel was in die kerk en die owerheid.

3.9.1 Kleurlingraad

"Ons kleurling-landgenote staan op die punt van 'n nuwe politieke bedeling in 1966". Dit is ook alles deel van die politieke uitdagings van die tyd. In die tyd is dan ook 'n Kleurlingraad gekies uit honderdduisend stemgeregtigdes. Die Kerkbode berig positief daaroor en bring ook hier die profetiese stem uit deur aan te dui dat die kerk gaan bid "vir ons kleurling-landgenote" (Die Kerkbode, no.12, jaargang 121, 17 September 1969, 396).

3.9.2 Trekarbeid

Die kommissie vir AKLAS het twee studiestukke voorgelê met betrekking tot kerk en kerklike verhoudinge. Dit was **Kerk en Maatskappy** en **Die stelsel van Trekarbeid in Suid-Afrika** (Hand 1966:85). Die inleidingsartikel se opskrif is **Trekarbeid** (Die Kerkbode, no.23, jaargang 119, 7 Junie 1967, 780). Die vraagstuk oor trekarbeid het weer in die parlementêre debatte opgeduik en die bevindings van die sinodes is ook daarby ter sprake gebring. Dit spreek ook van die kerk se verantwoordelikheid om 'n duidelike en Skrifverantwoorde standpunt te stel indien hy hom oor 'n saak uitspreek. Al was trekarbeid 'n algemene verskynsel van die tyd wat dwars oor die wêreld bestaan het, was daar vrae van die NG Kerk se kant gewees. Die NG Kerk laat sy profetiese stem hier hoor deur te noem dat gesinne ontwig word deur die trekarbeidstelsel. Die NG Kerk voel ook dat hulle dit nie net kan ignoreer nie om vele redes. Onder andere is die gesinsverbrotting op die spel, enkelopende mans is losgesny van hulle gesinne en moet alle normale familiebande ontbeer. So ook weer die moeder wat alle

verantwoordelikhede moet aanvaar vir die kinders by die huis. Die kleurling word ook betrek by die stelsel aangesien groot getalle trekarbeiders op plase werk. Die kerk nóg die staat kan onverskillig staan oor die probleem. Die kerk het hom ook duidelik hieroor uitgespreek en so sy profetiese woord gespreek op die terrein. Hiervan is die Kaapse Sinode van 1965 'n voorbeeld (Die Kerkbode, no.18, jaargang 120, 30 Oktober 1968, 564-565). Tomlinson (1956:59) skryf ook dat in die voorgestelde ontwikkelingsprogram van Bantoegebiede trekarbeid in baie gevalle gesien is as 'n rede vir die totstandkoming van dorpe of stede.

3.9.3 Bewysboeke en wettige paspoorte

Die Departement Bantoe-Administrasie berig dat hulle alreeds meer as 'n jaar gelede regulasies uitgevaardig het en dat slegs Bantoes wat in die republiek gebore is in besit mag wees van bewysboeke van die republiek. Hier tree die NG Kerk in as profeet en spreek ook die regering aan deur te noem dat hulle van gevalle weet van Bantoe-leraars en evangeliste van ons kerk wat al baie jare in die republiek werk. Van hulle is in Lesotho, Botswana, Swaziland, Rhodesië of ander gebiede gebore, maar is al 20 en 30 jaar in die republiek. "Die departement sal vanaf 1967 genoodsaak wees om stappe te neem en om die verleentheid uit te skakel". Die NG Kerk het hier sy profetiese stem duidelik laat hoor (Die Kerkbode, no.23, jaargang 118, 7 Desember 1966, 844).

3.9.4 Aanhef tot die grondwet

Die NG Kerk neem ook 'n besluit omrede die volk van Suid-Afrika 'n Protestant-Christelike volk is en wil bly, dat die Christelike karakter van die republiek nie genoegsaam in die grondwet vasgelê en beskerm word nie (NGK AS Hand 1966:164). Die NG Kerk nader ook dan die regering in die verband dat die aanhef van die grondwet die Christelike karakter duidelik sal weerspieël (NGK AS Hand 1966:164). Die kerk voel dat die grondwet soos volg sal lees: "In nederige erkentlikheid teenoor die Almagtige God, soos geopenbaar in die Bybel, die Beskikker oor die lotgevalle van nasies en die geskiedenis van volkere" (NGK AS Hand 1966:164). Daar was ook 'n verdere versoek van die kerk dat Art. 2 van die grondwet die volgende sal bevat en as volg sal lees: "Die volk van die RSA erken die oppergesag en leiding van die Almagtige God soos

geopenbaar in die Bybel” (NGK AS Hand 1966:164). Hierdie versoek is nie deur die regering toegestaan nie. Die NG Kerk het ook hier gevoel dat ‘n Christelike regering weerspieël moet word in die aanhef tot die grondwet.

3.10 Bevolkingsverhoudinge konferensies

Dat die NG Kerk ‘n lang pad stap met bevolkingsverhoudinge blyk onder andere uit die feit dat daar op 27-29 September 1923 en ook in 1927 ‘n inter-rasse en interkerklike konferensie saamgeroep is om bevolkingsverhoudinge te bespreek (NGK AS Hand 1966:116). Wat die dertiger- en veertigerjare betref, verklaar die NG Kerk in die verklaring van sy sendingbeleid hartlike samewerking met ander Protestantse kerke en genootskappe, maar sonder die prysgee van beginsels, en met inagneming van die NG Kerk se erkende beskouinge (NGK AS Hand 1966:116). Verdere interkerklike konferensies word in Pretoria in 1953 onder leiding van die NG Kerk saamgeroep waar bevolkingsverhoudinge weer bespreek is (NGK AS Hand 1966:117). Hierdie konferensie verklaar onder andere die volgende: “A strong desire was felt by all present to reach solutions and some understanding, there was also a sense of urgency arising from a realization of the seriousness of racial tensions in our country and of the unhappy effect on Non-Europeans when European Christians are at variance” (NGK AS Hand 1966:117). Die worsteling en ontwikkeling oor die komplekse saak word verder in opvolging van vorige konferensies belê in 1954, 1956, 1959 en 1960. By hierdie konferensies word bevolkingsverhoudinge verder bespreek, maar daar was egter steeds uiteenlopende menings binne en buite die konferensies (NGK AS Hand 1966:117). Tog ten spyte van al die gesprekke en konferensies het die gesprekke tussen die NG Kerk en ander Protestantse Kerke nie gelei tot “voortgesette gesprekke” nie (NGK AS Hand 1966:117). Gesprekke van geestelike aard of algemeen sendingkundige aard het meer gevlot (NGK AS Hand 1966:117). Afgesien van die meningsverskille oor regverdigte bevolkingsverhoudinge was daar ook ‘n verskil oor die vraag of die kerk hom mag uitspreek oor aangeleenthede wat die partypolitiek direk

raak? 'n Regverdige vraag om te vra, maar wat nie altyd duidelik geantwoord is nie. Dit sou ook 'n invloed hê op die NG Kerk se profetiese stem (NGK AS Hand 1966:117).

Dat politiek deurgesypel het in die konferensies, spreek vanself. In die toekoms is besluit dat gesprekke gehandhaaf sal word wat net oor die geestelike handel (NGK AS Hand 1966:117). Die NGK AS Handeling (1966:117) meld ook van die spanningvolle tye wat geheers het tussen gelowiges, blank en nie-blank ten opsigte van die huidige sendingsituasie. Dit alles onderstreep die belangrikheid, meen die verslag, dat daar weer gepraat moet word oor bevolkingsverhoudinge in die lig van die Skrif. Dat die NG Kerk ernstig was in die verlede om na samewerking te strewen blyk duidelik (NGK AS Hand 1966:117). By verdere aanbevelings sê die sinode dat hulle nie in die verhouding tussen die Afrikaanse kerke na groter volkseenheid soek of kragtiger optrede of meer gesag in die kerklike godsdienstige lewe vra nie. Maar die sinode se wens is om die eenheid van die kerk van Christus te dien in die eerste plek onder diegene wat die naaste aan mekaar staan in die geloofslewe, geskiedenis en lewensverband en daarna ook in 'n breë ekumeniese verband met ander. Die volkseie gedagte kom ook hier na vore en "daarna" die ander (NGK AS Hand 1966:119).

3.10.1 Afsonderlike kerke

Die NG Kerk verduidelik sy beleid van afsonderlike kerke deur verder in die aanbeveling te noem dat hulle beleid ten opsigte van die planting van afsonderlike inheemse dogterkerke berus op baie jare van sending, ondervinding en dat sekere historiese faktore 'n rol gespeel het in die ontwikkeling van die NG Kerk se beleid (NGK AS Hand 1966:119).

Die sinode voeg by dat hulle beleid van planting van afsonderlike kerke die voorbeeld gevolg het van ander sendinggenootskappe en dat die staatkundige en rasse-spanning daartoe meegehelp het en dat dit die begeerte was van die inheemse gelowiges wat meer doeltreffend bearbei kon word in eie kultuur en taal agtergrond (Hand 1966:119).

3.10.2 Afsonderlike ontwikkeling

Hier begin die artikel met “Ons kerk is medeverantwoordelik vir die huidige regeringsbeleid van afsonderlike ontwikkeling”. De Gruchy (1979:73) noem ook dat die NG Kerk die beleid van afsonderlike ontwikkeling as landsbeleid aanvaar het. Langs kerklike weë en op kerklike wyse het die kerk sy bydrae gelewer tot die sedelike basis waarop hierdie beleid rus. De Gruchy (1979:69) noem ook dat die NG Kerk ‘n baie groot invloed het in Suid-Afrika. Met sy een en ‘n half miljoen lede het die kerk ook baie invloed op die beleidmakers van die land. Baie lede van die parlement was op ‘n stadium ook lidmate van die NG Kerk. Die NG Kerk beweeg hier op die terrein van die staat met hierdie erkenning dat hulle medeverantwoordelik is vir die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Dit is ook weer ‘n sterk aanduiding van hoe na die kerk en die staat aan mekaar beweeg het op daardie moment. Die NG Kerk en staat was byna vennote in die tyd. So het die kerklike kongres wat gehou is in 1950 by die staat aangedring om ‘n oplossing vir die rasse-probleem in die land, langs die weg van gebiedskeiding en langs die weg alleen. Dit was die kongres se gevoel, so kan aan elke rassegroep gegee word wat hom toekom. Langs die weg en op ‘n sedelike basis, is dit aanvaarbaar onder meer ook vir ons kerk. Die grondbeginsels is regverdigheid teenoor almal. Die NG Kerk het ook hier aan die staat voorgeskryf van hoe die kerk die oplossing sien. Daaroor was die kerk en die staat met mekaar eens. ‘n Rapport van die Raad van Kerke in 1956 is deur alle gefedereerde sinodes aanvaar en stel dit so: “Ons liefde vir God en ons naaste bring mee...dat ons in die beoefening van onkreukbare geregtigheid aan almal sal gee wat hulle toekom”. ‘n Verklaring van NG predikante na die onluste van 1960 lui onder meer: “Die NG Kerk het dit in die verlede deur sy eie beleid en deur uitsprake van die sinodes duidelik gestel dat hy die beleid van selfstandige, eiesoortige ontwikkeling billik kan goedkeur, mits dit op ‘n regverdige en eerbare wyse toegepas word ...”. Verder “...van ons kant onderneem ons om in die toekoms, soos in die verlede in alles wat reg en billik is by hulle, die nie-blankes te staan en hulle hoogste belange langs erkende en ordelike weë te help bevorder”. Dat daar met die beleid op daardie stadium na die beste oplossing gesoek is blyk so te wees. Die beginsel van regverdigheid en eerbaarheid is gesoek. Maar die NG Kerk was deurentyd gevaarlik naby en binne die staat se terrein gewees. Dit het ook

meegebring dat die NG Kerk se profetiese stem wat die beleid betref nie konsekwent en objektief was nie.

Verkuyl (1971:75) skryf dat die kerk eintlik ook die opdrag het om die eise ten opsigte van rasseverhoudinge te verkondig. Die gevaar is hier dat die kerk ook maklik kan verval op die staat se terrein.

Verder word daar geskryf dat die Staatspresident verklaar in sy inhuldigingsrede in Junie 1961: "Geregtigheid aan elkeen ...bly die doelwit van al my regering se handel en wandel". Voor die wêreldhof in Den Haag word namens die staat getuig: "Die doel van afsonderlike ontwikkeling is regverdigheid teenoor almal". Ons huidige Eerste Minister, mnr. Vorster, het na sy verkiesing in 1966 verklaar: "Ek glo in die beleid van afsonderlike ontwikkeling, nie slegs as 'n filosofie nie, maar ook as die enigste praktiese oplossing in elkeen se belang, om wrywinge uit te skakel en reg te laat geskied aan elke bevolkingsgroep sowel as elke individu". Van Jaarsveld (1969:457,459) noem dat die blankes erken het dat daar naas 'n blanke nasionalisme ook 'n Bantoe-nasionalisme was. Die blankes wou op daardie stadium botsing vermy en het 'n drang gehad om oor 'n blanke deel in Suid-Afrika seegenskap te hê. Sestien afsonderlike gebiede is so geïdentifiseer in die proses. Uit hierdie paar voorbeelde blyk duidelik dat die doelwit van regverdigheid deurgaans nagestreef is deur sowel die kerk as die staat. Maar nie almal in Suid-Afrika het saamgestem met die beleid van afsonderlike ontwikkeling nie. Die VVO het nie daarmee saamgestem nie. Binne Suid-Afrika was daar ook Bantoe's wat die tuisland beleid aanvaar het, as 'n basis vir vreedsame naasbestaan, maar dit was ook nie almal nie (Van Jaarsveld 1969:476). Op vele interkerklike byeenkomste van watter aard ook al, skryf dr. A.P. Treurnicht (1975:12) dat dit soms gelyk het of sprekers met mekaar wedywer in hulle verdoeming van apartheid. Die vraag word nou hier in die artikel gevra: "Watter waarborg is daar nou dat die kerk en staat aan die sedelike basis en by name die beginsel van regverdigheid getrou sal bly?". Wat die kerk betref geen ander as dat hy homself voortdurend sal toets aan die Woord van God waaruit hy die beginsel van regverdigheid geleer het en steeds verkondig. Wat die staat betref, sy eie gewete soos dit in homself lewe en soos dit gesteun word deur die

getuienis van 'n Skrifbewuste kerklike gewete. Immers as die kerk medeverantwoordelik is vir die formulering van die sedelike basis waarop die beleid van afsonderlike ontwikkeling rus, is hy eweneens medeverantwoordelik vir die handhawing van die basis. Sou die NG Kerk getrou kon bly aan die basis om dit aan die Skrif te toets? Sou hulle objektief kon bly? Die staat word hier oorgelaat aan sy eie gewete wat baie gevaarlik is om te doen. Juis het die kerk die groot verantwoordelikheid om vreesloos en objektief profeet te wees. Die kerk moet juis die staat se gewete wees, nie die staat self nie.

3.10.3 Die Bantoe Kerk en afsonderlike ontwikkeling

“Vergesigte vir Bantoe Kerk” is die inleidingsartikel (Die Kerkbode, no.25, jaargang 119, 21 Junie 1967, 853). Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (hierna NGKA) se sinode-afgevaardigdes het intens belanggestel in die vooruitsigte wat die staatsbeleid van afsonderlike tuislande bied. 'n Groeteboodskap is van die adjunk minister van Bantoe-administrasie aan hulle voorgelees. Navrae is gedoen oor grensnywerhede en nywerhede binne in die tuisland en die beheer van minerale. Iets wat ook hier na vore kom is die groei van 'n selfstandige, kerklike lewe in die tuislande, want ook die kerk sal vir die ontwikkelende staat en volk 'n profeet moet wees (Die Kerkbode, no.15, jaargang 121, 8 Oktober 1969, 508).

3.10.4 Eerwaarde Kotze en kritiek teen afsonderlike ontwikkeling

Eerw. Kotze neem sterk standpunt in teen rassesseiding in Die Kerkbode, maar kritiek teen die beleid was net ongehoord. Die redakteur antwoord en noem dat daar gevrees word dat eerw. Kotze se betoog onoortuigend is net soos sy preek, dit is vol emosionele slagspreuke en afgesaagde beskuldigings, daar is geen prinsipiële denke te bespeur nie (Die Kerkbode, no.5, jaargang 120, 31 Julie 1968, 153). Kritiek teen die bestel is op daardie stadium net nie geduld nie.

3.10.5 Die Kerkbode en gemengde sportspanne

Dr. W.J.G. Lubbe wat vanaf 31/01/1968-7/1/1970 redakteur van Die Kerkbode was, noem die moontlikheid dat volgens regeringsverklarings in die pers dit moontlik is dat

nie-blankes in die toekoms in besoekende blanke sportspanne opgeneem gaan word. Op daardie stadium is die nie-blanke landgenote konsekwente deelname aan sport met blankes weer geweier. Dr. W.J.G Lubbe vra die vraag of dit geregverdig is teenoor ons nie-blanke landgenote, want vir hulle word dit geweier, maar vir die buitelandse nie-blankes word dit wel toegestaan? “As ons by die beginsel van regverdigheid wil bly sal ons dan nie vir binnelandse nie-blankes dieselfde moet toestaan wat ons vir buitelandse nie-blankes toestaan nie?” Die probleem hier was dat as dit ook binnelands toegestaan sou word, sou die beleid van afsonderlike ontwikkeling op die punt van geen sosiale vermenging tussen blank en nie-blank in duie stort. Dit is duidelik dat hierdie vrae ons kerk se amptelike aandag verdien, skryf dr. W.J.G. Lubbe (Die Kerkbode, no.15, jaargang 121, 8 Oktober 1969, 508). Die opmerking hier neem die kerk heeltemal weg van sy terrein as kerk en profeet. Dit is ook hier duidelik dat die beleid hom begin vasdraai.

3.10.6 Dr. J.A. Heyns reageer: Die Kerkbode en gemengde sportspanne

“n Oordeelsfout Mnr. Die Redakteur” is ‘n brief wat geskryf is deur dr. J.A. Heyns. Heyns (Die Kerkbode, no.15, jaargang 121, 10 Desember 1969, 848) noem in die saak van afsonderlike ontwikkeling dat die kerk sy regverdiging van die staat se beleid van afsonderlike ontwikkeling in die verlede gelewer het. Die kerk volg immers self die beleid van afsonderlik georganiseerde kerke en kerkverbande op etniese grondslag. Oor die medeverantwoordelikheid van die kerk oor die algemene aanvaarde lewenspatroon in Suid-Afrika, het daar op daardie stadium geen verskil van mening bestaan nie. Hy stem saam met die landsbeleid, maar neem sterk standpunt in teen die feit dat die kerk nou medeverantwoordelikheid moet neem oor die praktiese implementering van die beleid. Hier vind ‘n mens ook al die denkskuif oor ten minste die praktiese implementering van die beleid. Die kerk moet waak teen die oorbetrokkenheid by die praktiese uitwys van sake van die dag.

Dr. J.A. Heyns sê ook dat die amptelike aandag van die kerk vir die samestelling van ‘n buitelandse sportspan gevra word. Dit val buite die taak van die kerk. Hy skryf dat hy dit diep sal betreur as die kerk hieroor ‘n uitspraak sou lewer, want dit sou bewys lewer

dat die kerk nie meer kerk is, soos die redakteur self erken, in plaas van hom net met kerklike sake besig te hou nie. Die redakteur antwoord Heyns deur onder andere te skryf dat die berig nie beweer het dat die kerk verantwoordelik is vir die praktiese implementering en uitvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling soos Heyns skryf nie. Maar dat die kerk steeds die staatsbeleid in sy praktiese uitvoering moet toets aan die sedelike beginsels wat Gods Woord die kerk leer. Die redakteur haal dan ook 'n gedeelte van 'n inligtingspamflet wat deur die kerk se inligtingskantore uitgegee is aan: *“The church is not only fully aware of its prophetic task in South Africa but is continually witnessing whenever cases of hardship, arising from the implementation of separate development, come to its notice or affect the life and well being of the church, society and individuals”*. Die redakteur hou by sy standpunt en verlaat so die kerk se terrein. Dit belemmer die profetiese taak van die kerk ook op daardie stadium.

3.11 Die Suid-Afrikaanse beskermingsdienste

3.11.1 Geestelike bearbeiding van Polisie en Weermag

Wat die geestelike bearbeiding van die Polisie en die Weermag betref is dit aan die Breë Moderatuur opgedra om dit te beheer (NGK AS Hand 1966:26). 'n Sub-kommissie bestaande uit dr. W. Nicol, dr. F.E.o'B. Geldenhuys en ds. A.J.V. Burger is ook benoem (NGK AS Hand 1966:26). Verskillende onderhoude is met die Minister van Verdediging asook met weermaghoofde en die hoofpolisiekapelaan gehou vir die opstelling van ooreenkomste tussen die kerk en die owerheid met betrekking tot bogenoemde saak. Die geestelike bearbeiding van die beskermingsdienste⁴⁷ was deur die NG Kerk beskou as vanselfsprekend. Dit getuig van die NG Kerk se goeie verhouding ook met die owerheid op daardie stadium (NGK AS Hand 1966:27).

3.11.2 Die geestelike bearbeiding van die Suid-Afrikaanse Polisie

Bogenoemde word deur die departement georganiseer en gefinansier. Hierdie diens was dan ook veral ingestel met die oog op die bearbeiding van die ongetroude lede van die Mag wat in kasernes woon. Hierdie geestelike bearbeiding dien as 'n hulpdiens by die bestaande gemeentelike bearbeiding (NGK AS Hand 1966:412). Om hierdie werk

reg te laat inskakel by die kerk en toe te sien dat daar beheer is oor kerk- en staatsweë is hier ook 'n ooreenkoms tussen die kerk en staat aangegaan. Wat die NG Kerk betref

⁴⁷Die Kerkbode (no.5, jaargang 121, 30 Julie 1969, 148) moedig lidmate ook vriendelik aan om die tweede Sondag in Augustus vir die geregsdienaars voorbidding te doen. "Biddag vir ons Geregsdienaars" is die opskrif van die inleidingsartikel van Die Kerkbode (no.5, jaargang 119, 2 Augustus 1967,149). Daar word 'n beroep gedoen op al die gemeentes om vir die Christelike Polisie en Gevangenisdiens vereniging soos in die verlede te bid van die kansel af, maar ook in die binnekamers

is dit weselik dat die ooreenkoms deur Sy Edele die Minister van Justisie namens die Departement SAP met die Algemene Sinode aangegaan sal word, omdat die arbeidsveld die hele republiek en Suid-Wes Afrika dek (NGK AS Hand 1966:413). Hierdie dienste gelewer deur die kerk was ook vanselfsprekend en getuig weereens van die oop en tegemoetkomende verhouding tussen kerk en staat. Die NG Kerk het ook hier gepoog om in die geleentheid daargestel deur die staat vir die bearbeiding van die beskermingsdienste, sy profetiese stem prakties baie goed te laat deurkom.

3.12 Openbare sedelikheid

Wat sou die NG Kerk se profetiese stem wees oor die morele lewe in die land? Sou die noue band wat daar was tussen die kerk en die staat ook hier duidelik blyk? Met ander woorde, sou die regering telkens luister as die kerk praat en sou die regering se deur altyd vir die NG Kerk oop wees wanneer dit by veral hierdie sake kom? Sou die NG Kerk hier 'n naprater wees en liefs stil bly of sou sy profetiese stem hier helderder blyk te wees? Sou die NG Kerk die geleentheid gebruik om van die Christelike Nasionale Regering ook te verwag om Christelike beginsels te laat deursuur in die samelewing? Die NG Kerk het ook in die tydperk 1960-1973 oor 'n wye aantal sake versoeke gerig teenoor die regering van die dag (Marais 1986:30).

3.12.1 Die July-perdewedrenne

Die NG Kerk kom hier sterk uit in sy profetiese stem en waarsku teen die verwoestende gevolge van dobbelary, juis omdat dit meestal gepaard gaan met 'n atmosfeer van haat en afguns. "Dit is tyd dat dit aan die owerheid, wedrenbaas en wedrenganger gesê word dat dit sonde is. Volgens die Nagmaalsformulier is dit 'n ergerlike sonde". Die NG Kerk swyg nie en is nie bang om die owerheid sterk profeties aan te spreek nie (Die

Kerkbode, no.3, jaargang 121, 16 Julie 1969, 102). Is perdewedrenne 'n belastingbron? (Die Kerkbode, no.7, jaargang 121, 13 Augustus 1969, 230). Ds. J.F. Kocks noem dat as die regering nie hiertoe inwillig nie, kan dit die Christenbelyer tot groot dankbaarheid stem. Maar solank dit nie wetlik verkeerd en strafwaardig is nie het die owerheid skuld aan dit wat voortwoed. Die feit dat 'n Transvaalse administrateur sê dat die belasting daarop vergroot is, gaan nie op nie.

3.12.2 Staatslotery

Wat staatslotery betref, besluit die sinode dat op grond van die duidelike beginsels van Gods Woord die NG Kerk andermaal die moderne lotery veroordeel en spreek sy profetiese stem teenoor die regering uit. Die Bybel stel die gebruik van die lot voor as 'n heilige handeling wat slegs in gewigtige sake aangewend mag word waar geen menslike beslissing moontlik is nie (NGK AS Hand 1966:32). Die moderne lotery word ook gesien as dobbelary wat reeds herhaaldelik deur die sinodes as sonde aangedui is en wat ook in die Nagmaalsformulier veroordeel word (NGK AS Hand 1966:32). Die NG Kerk rig ook 'n profetiese woord van aanprysing teenoor die regering en bedank hul hartlik vir hul ondubbelsinnige afkeuring van staatslotery in die republiek en verseker hulle van steun en voorbidding in die handhawing van hierdie beleid (NGK AS Hand 1966:32).

Die Algemene Sinode het sy dank uitgespreek teenoor die regering vir sy standpunt rakende staatslotery. Die sinode bevestig ook weer dat lotery in al sy vorms in stryd is met die Woord (NGK AS Hand 1966:166). Die profetiese stem van aanprysing van die regering is hier teenwoordig wat ook nodig is vir die NG Kerk teenoor die regering.

3.12.3 Sondagsport

Die uitnodiging van die Minister van Justisie aan die algemene kommissie ter bevordering van openbare sedelikheid rakende Sondagsport in 1963, spreek van 'n goeie verhouding wat daar was. Daar is 'n memorandum opgestel wat doeltreffende wetgewing bepleit teen openbare sport op Sondae (NGK AS Hand 1966:153). Getuienis, is afgelê deur die sekretaris na onderhoude met mnr. Visse, L.V. en min. Vorster en voor die gekose komitee wat die regeringswetsontwerp oor Sondagsport

ondersoek het (NGK AS Hand 1966:153). Hier is sterk gepleit vir die wetgewing met 'n paar wysigings. Sowat 46 nie-blanke sportorganisasies het sterk beswaar gemaak asook sekere kerke wat nie positief was oor die wetsontwerp nie (NGK AS Hand 1966:153). Die gekose komitee het met 'n meerderheidstem gevra dat die ondersoek

moet voortduur, maar vanaf 1964 het die wetsontwerp^{48,49} nie weer in die Volksraad in behandeling gekom nie (NGK AS Hand 1966:153). Hier het die NG Kerk sy profetiese stem laat hoor, maar die regering het dit uiteindelik van die tafel gegee en is dit op daardie stadium nie weer bespreek nie. Die NG Kerk se stem, profetiese stem of invloed is nie altyd net sonder meer aanvaar in alle omstandighede nie.

3.12.4 Winkelure en kantoorure op Sondag

Wat die wet op winkelure en kantoorure op Sondag⁵⁰ betref is 'n memorandum aan die Minister van Arbeid gestuur wat vir verbeterings op die wet, sodat alle kantore gesluit moet wees op Sondag pleit (NGK AS Hand 1966:153).

Dit sou ondermeer beteken dat sake nie in hawens gelaai of afgelaai mag word op die dag van die Here nie en dat werkers nie meer as drie opeenvolgende Sondag aaneenlopend moes werk nie. Hier moes noodwerk omskryf word in bona fide wettige, ernstige en onvoorsiene omstandighede. Sover die kommissie se kennis, is hierdie voorstelle van die kerk nie aanvaar nie (NGK AS Hand 1966:153). Die NG Kerk se verhoë is dus nie altyd net sonder meer aanvaar nie.

⁴⁸In 'n koerantberig het die provinsiale hoofsekretaris van een van ons politieke partye en so ook een van ons dagblaaie, hulle gedistansieer van die gedagte af sou die regerende party in ons land sportgeriewe op Sondag wil verbied. So is met stelligheid verklaar dat die party hom nie sal bemoei met swem, gholf, tennis en ander sportgeleenthede op 'n Sondag nie. Die argument is dat gewetensvryheid hoegenaamd nie aan bande gelê moet en sal word nie. Die kerke besef ook dat hulle nie onbillike eise aan die owerheid moet stel insake wetgewing oor Sondagsheiliging nie. Die kerk se boodskap moet eerder op 'n organiese wyse in die gemeenskap deurwerk (Die Kerkbode, no.25, jaargang 118, 21 Desember 1966, 892)

⁴⁹Sportbyeenkomste, spele en vermaak moet ook nie toegelaat word op Sondag nie, afgesien van die feit of daar toegangsgelde gevra word al dan nie. By alle uitsonderings ten opsigte van sport en vermaak op Sondag moet die

staat gelei word deur die beginsel dat die burger se reg van optrede op sy eie private grond ook ondergeskik is aan die eis dat geen stoornis, ensovoorts, op die dag van die Here verwek mag word nie (NGK AS Hand 1966:160)

⁵⁰In die korrespondensie van Die Kerkbode (no.1, jaargang 118, 5 Januarie 1966, 26) skryf die skriba van die kerkraad van Wynberg onder die opskrif “Kerkraad besluit oor Sondagkoerante”, waartoe die kerk van Christus geroep is. Die kerkraad voeg sy stem by die reeds waarskuwende stemme oor die toenemende Sondagkoerante; die dag van die Here word so ondermyn, word daar geskryf

3.12.5 Sondagwette

‘n Mens sien ook deurgaans met al die wette en instellings dat die NG Kerk op ‘n stadium elke praktiese saak wou bepaal en soms ook reglementeer (Langner 2004:88). Die Kerkbode (no.1, jaargang 120, 3 Januarie 1968, 10-13) noem ook dat die staat die noodwerk wat op Sondae gedoen moet word ook noukeurig moet omskrywe. Die kerk beroep hom hier ook sterk op sy profetiese⁵¹ roeping om die staat te nader en die bestaande wette te handhaaf en te konsolideer. “Ontheiliging van die dag van die Here deur ons voormanne” is die opskrif van die korrespondensie (Die Kerkbode, no.11, jaargang 120, 13 Maart 1968, 369). Ds. Lange spaar ook glad nie kabinetslede⁵² en ander hoogaangeskrewe lede van die blanke Afrikaansprekende bevolking nie en spreek hulle sterk aan oor die geneigdheid om die dag van die Here te verontagsaam deur Malawiërs op ‘n Sondag te ontvang. ‘n Ander voorbeeld wat genoem word is dat die ministers op die Sondag moes besluit of ons die pad van devaluasie moet volg van Engeland. Nog ‘n voorbeeld is die Minister van Binnelandse Sake wat op ‘n Sondag-

⁵¹Ds. Lange skryf dat die kerk sonder aansien van persoon mense moet aanspreek. Hy noem die voorbeeld van ds. P.G.J. Meiring wat as redakteur van Die Kerkbode destyds genl. Smuts as Eerste Minister skerp aangespreek het oor sekere deelname van hom aan die ontheiliging van die Sondag. Die kerk het wat openbare sedelikheid betref nooit die waaksaamheid verslap nie (Die Kerkbode, no.20, jaargang 120, 15 Mei 1968, 665).

⁵² “Kabinet en Sondagsheiliging” is die opskrif van die inleidingsartikel (Die Kerkbode, no.12, jaargang 120, 20 Maart 1968, 380). Dit kom na aanleiding van die brief van ds. Lange dat kabinetsministers die dag ontheilig. Na vele debat in die artikel het daar ‘n persoonlike onderhoud plaasgevind met Sy Edele die Eerste Minister. Hierin blyk dit dat hy volle verantwoordelikheid aanvaar vir sekere gevalle tydens sy termyn waar kabinetsministers op Sondae opgeroep was om hulle met amptelike werk besig te hou. Die Eerste Minister het ook bygevoeg dat die kabinet uitsien na die welkome verposing wat die Sondag bring, maar soms is amptelike werk vir die kabinet onvermydelik. Soms is noodsaaklike werk op Sondag heel dikwels van so ‘n vertroulike aard dat hulle weereens in landsbelang vir die publiek verswyg moet word. Die Eerste Minister het ook gesê dat hy hom daaraan kan herinner dat ten minste drie van sy voorgangers te wete dr. Malan, mnr. Strydom en dr. Verwoerd, dit by geleentheid ook onvermydelik gevind het

om kabinetslede vir Sondagwerk byeen te roep. Hy deel ons kerk se gevoeligheid oor die heiliging van die Sondag en is oortuig dat hy en sy kabinetslede hierin vertrou kan word. Die artikel sluit af deur te sê dat dit hartsversterkend is om die Eerste Minister so te hoor praat oor die Sondag, waardering word ook uitgespreek vir die Eerste Minister se gesindheid.

môre in Pretoria aangekom het om 'n belangrike gesprek te voer waarvoor hy aan die Eerste Minister verslag moes doen en wat waarskynlik die hele kabinet se aandag die daaropvolgende dae geniet het. Die briefskrywer waarsku ernstig om nie die dag van Here te ontheilig nie. Soms kry 'n mens die gevoel dat die NG Kerk hier baie sterker oor sy profetiese roeping gevoel het as by ander sake. Die sinode sien ook so die taak van die kerk rondom konsolidasie van Sondagswette, dat die staat as dienaar van God die sonde moet betuel en die Christelike godsdienst moet beskerm (NGK AS Hand 1966:159). Veral waar die staat soos die RSA volgens sy grondwet die leiding van God eerbiedig en steeds as Christelike staat bekend staan. Die NG Kerk sien ook die owerheid as 'n Christelike owerheid wat alles in sy vermoë behoort te doen om te sorg dat die owerheid dan ook wette toepas wat alles verbied wat onchristelik is (Marais 1986:30). Maar die sinode voeg ook by dat die regering as 'n Protestantse staat ook vir al sy onderdane godsdienstvryheid moet waarborg (NGK AS Hand 1966:159). Verder bevind die sinode dat die staat 'n plig het om die Sondag in eie kring te heilig (NGK AS Hand 1966:160).

3.12.6 Konsolidering van Sondagswette

Die sinode het ook op 'n stadium so sterk gevoel oor die Sondagswette dat die sinode by die regering ook aanbeveel het dat al die verskillende ordinansies en Sabbatswette gekonsolideer word in een Sondagswet wat nie net vir die hele republiek nie, maar ook vir Suidwes-Afrika (hierna SWA) sal geld (NGK AS Hand 1966:160). Die konsolidasie van die volgende wette word aan die orde gestel, *The Lord's day Observance Act*, Wet 28 van 1896 van Transvaal, Ord. 6 van 1937 en 11 van 1933 (NGK AS Hand 1966:160-161). In die samestelling van hierdie wette kom die volgende sake onder andere in aanmerking: handeldrywe, arbeid (insluitend plaasarbeid), fabriek, myne, bouwerke (insluitend staatsgeboue), kantore en winkels (insluitend staatsondernemings), verkeer, sport en vermaaklikhede (NGK AS Hand 1966:161). Sover die wetgewing nog

gekonsolideer moet word, versoek die kerk die regering om voort te gaan met die huidige wetsontwerp op Sondagsport om groot openbare sportbyeenkomste op die dag van die Here stop te sit (NGK AS Hand 1966:161). Die NG Kerk se invloed was ook hier groot en die NG Kerk kon sulke wette aanvra by die regering. Die kerk het sy invloed gebruik om selfs in SWA wette te proklameer.

3.12.7 Polisedienaars en danse

Die NG Kerk het ook by sy sinode besluit dat 'n afvaardiging van die kommissie die verantwoordelike polisiehoof vra om die regulasies te wysig wat van polisedienaars verwag om danse te organiseer of te ondersteun ten bate van die Weduweefonds (NGK AS Hand 1966:153). Die polisiehoof was simpatiek en het die saak na die beherende komitee verwys. Die Kommissaris van Polisie het later 'n skrywe gerig aan die kommissie wat verduidelik het dat geen druk op die polisie uitgeoefen word om danse te hou of om dit by te woon nie en dat ander funksies ook kon georganiseer word vir die fonds (NGK AS Hand 1966:153). Soos ook hier doen die betrokke kommissaris moeite om die kerk te antwoord. Dit spreek ook van die ontsag wat daar was vir die NG Kerk op daardie stadium. Die Algemene Kommissie vir Openbare Sedelikheid (hierna AKOS) het 'n Randse polisie-offisier gelukkigwens met sy geslaagde kermisse oor die jare ten bate van die Weduweefonds, hy het groot fondse so geïen en nooit 'n dans gehou nie (NGK AS Hand 1966:153).

3.12.8 Drankwette en reëls

AKOS het die opdrag ontvang om wetgewing te verkry wat drankfasiliteite beperk en wat die misbruik van drank⁵³ aan bande sal lê (NGK AS Hand 1966:163). Die regering is herinner aan vroeëre beloftes om 'n afvaardiging van die kerk te ontvang rakende die nuwe drankwette (NGK AS Hand 1966:154). Die sinode het verder van AKOS verwag om Art. 8 VI van Wet 28, 1930 wat die verkoop van wyn en bier in kruidenierswinkels magtig, te herroep asook Art. 8 van Wet 72, 1961 (NGK AS Hand 1966:163). Verder ook die inkorting van drankverskaffing onder andere by hotelfunksies wat nou tot 2 vm. drank kan verskaf asook by restaurante wat tot 11:30 nm drank kan verskaf. Die

verbod op wyn- en bierlisensies vir losieshuise en privaathotels wat jongmense huisves

⁵³Drankgevaar: die Sinodale Kommissie vir Openbare Sedelikheid van die NG Kerk in Transvaal het kennis geneem van die bedroewende feit dat 'n landdros elke sewe minute iemand veroordeel oor drankmisbruik (Die Kerkbode, no.3, jaargang 120, 17 Januarie 1968, 76)

is ook ingesluit. Verder moet daar ook noukeurige opgawes van die aantal bottels en soorte drank wat verkoop is gehou word, sodat die Buro van Statistiek dit wetenskaplik kan verwerk en kan publiseer (NGK AS Hand 1966:163). In die memorandum is daar onder andere aangedring op die volgende sake: volkstemming oor plaaslike lisensies; die inkorting van drank advertensies; die verhoging van ouderdom waarop jongmense drank kan kry; bevordering van alle nie-alkoholiese produkte van die wingerd; asemtoetse en bloedtoetse; die aanwending van drankbelastings ten bate van goedgekeurde liggame wat matigheid bevorder of alkoholiste rehabiliteer en die beperking van hernude aansoek om 'n lisensie; 'n meer gebalanseerde samestelling van die Nasionale Drankraad en verpligte opgawe van verkoping vir navorsingsdoeleindes (NGK AS Hand 1966:154). Verder is sterk geprotesteer vir die afskaffing van wyn en bier in kruidenierswinkels en die verlenging van ure veral by hotelfunksies (NGK AS Hand 1966:154). Geen aanbeveling is aanvaar nie en geen onderhoud is ook aan die kommissie toegestaan nie. Die verskaffing van wyn in kruidenierswinkels is deur die Volksraad goedgekeur met 72 teen 57 stemme (NGK AS Hand 1966:154). 'n Mens vind hier dat daar nie een onderhoud toegestaan is vir die NG Kerk nie. Die deur van die regering was nie altyd oop vir die NG Kerk nie al was daar 'n goeie verhouding. Selfs na al die pogings van die NG Kerk se kant is daar glad nie na die kerk geluister of was daar geen simpatie vir hulle gewees nie. Die NG Kerk het nogtans sy profetiese stem laat hoor deur te praat en te waarsku oor die vernietigende gevolge van drank.

3.12.9 Die NG Kerk en bloed- en asemtoetse

Die kommissie saam met ander instansies soos die Padveiligheidsraad⁵⁴ en die Suid-Afrikaanse Matigheidsbond het hom oor jare ook beywer vir die toepassing van bloedtoetse of asemtoetse, asook vir die vasstelling van 'n alkoholgrens (NGK AS Hand

1966:155). Die Interprovinsiale Adviesraad het die voorstel aanvaar dat bloedtoetse

⁵⁴In die inleidingsartikel word daar verwys na die padveiligheid in die land en die aantal ongelukke en die beraamde kostes daaraan verbonde. Daar word geskryf van die gevaar van alkohol by padgebruik en dat dit nie onderskat moet word nie, daar word gevra vir matigheid (Die Kerkbode, no.11, jaargang 120, 13 Maart 1968, 349).

toegepas kan word by alle gevalle wat verdag voorkom en dat dit 'n statutêre oortreding is as iemand in beheer van 'n motor is en 0.15 persent of meer alkohol in sy bloed het (NGK AS Hand 1966:155). In sommige gevalle het die NG Kerk oor jare sy profetiese stem net laat bly hoor en aangehou daarmee en dan het die NG Kerk ten einde laaste tog ook sukses gehad in die bekamping van drank.

3.12.10 Godslasterlike- en sede-ondermynende rolprente

Die NG Kerk het sy rol en profetiese stem om die samelewing te beskerm en om Bybelse beginsels te laat geld baie ernstig opgeneem. So het die ad-hoc komitee van die Afrikaanse kerke en kultuurliggame se kommissie drie onderhoude met die Minister van Binnelandse sake gehad. 'n Memorandum is voorgelê met betrekking tot sede-ondermynende rolprente en opvoerings wat hulle as godslasterlik en onsedelik beskou het (Hand 1966:156). Later is 'n onderhoud gevra met die publikasieraad maar die onderhoud is geweier. Uit verdere pogings om van die maatskappy te oortuig om hulle kontrakte te wysig vir oorsese sede-ondermynende rolprente, het geblyk dat die verspreiders se finansiële belange die swaarste geweeg het en is daar nie toegegee aan die kerk se versoeke nie. Die betrokke minister was ook nie bereid om die personeel van die Publikasieraad so uit te brei dat Christelike kerke direkte verteenwoordiging kan kry nie (NGK AS Hand 1966:156). Ten spyte van baie teenstand ten opsigte van wat die NG Kerk ondervind het om sy profetiese stem te laat hoor, was daar soms min sukses en het die regering hom nie sommer van stryk gebring nie. Tog was die NG Kerk getrou aan sy roeping om profeet te wees teen die regering van die dag.

3.12.11 Die NG Kerk en die Publikasieraad

Die NG Kerk se voorstel aan die minister om provinsiale adjunk-rade⁵⁵ daar te stel om

⁵⁵"Die Christelike Boek" is die opskrif van (Die Kerkbode, no.1, jaargang 121, 2 Julie 1969, 4). Hier word geskryf hoe miljoene boeke daagliks oor die wêreld stroom. Baie van die boeke doen aaklige verwoestingswerk, ons is baie gespaar omdat die regering sy Christelike plig in die verband ernstig opneem en teen die dreigende stroom probeer waak. Die NG Kerk spreek ook hier sy profetiese aanprysing tot die regering uit. Die regering se voorneme dat verheve sedelike standaarde in die perswese met sy magtige invloed gehandhaaf sal word, word ook met dankbaarheid ontvang deur die NG Kerk (Die Kerkbode, no.23, jaargang 120, 4 Desember 1968, 716)

die las van die Publikasieraad te verlig is ook nie aanvaar nie. Die regering en die NG Kerk sou in vele opsigte nie altyd langs dieselfde vuur sit nie (NGK AS Hand 1966:156). 'n Verdere versoek om 'n spesiale Appélraad met 'n regter aan die hoof vir boeke en rolprente daar te stel wat meer toeganklik sou wees vir die publiek en finansiële goedkoper sou wees as duur hofprosesse is ook as onaanneemlik gesien (NGK AS Hand 1966:156). Die sinode rig weer 'n vriendelike versoek aan die Publikasieraad om ruimer gebruik te maak van die ere-adviseurs (NGK AS Hand 1966:164).

3.12.12 Buro vir leeskunde en lektuur gestig

Die Buro vir leeskunde en lektuur wat gestig is, is in 'n groot mate aan die NG Kerk te danke. Die NG Kerk verteenwoordigers het 'n groot rol gespeel, by name ds. C.B. Brink (NGK AS Hand 1966:184). Dit het tot stand gekom na lang onderhandelings met die staat as 'n buro sonder winsbejag op 8 Junie 1964 (Hand 1966:184). Ds. Brink is as president gekies, maar as gevolg van sekere koerantberigte wat die buro aan liberalistiese bewegings gekoppel het, het die NG Kerk verteenwoordigers hulle aan die buro onttrek. Die Algemene Sinodale Sending Kommissie (hierna ASSK) het egter 'n eie organisasie van leeskundigheid onder die Bantoe in samewerking met die Raad van Beheer van die Christelike Lektuurfonds aangepak (Hand 1966:184). Op vele gebiede het die NG Kerk baie goeie werk verrig en soos hier het die profetiese stem gelei tot die verryking van ander.

3.12.13 Studente en godslasterlikheid

Studente van die Universiteit van Kaapstad het in 'n protesoptog plakkate gedra met bewoording wat godslasterlik was. Hier noem Die Kerkbode dat die studente mag van die regering verskil. Maar die NG Kerk laat hier 'n baie duidelike profetiese stem hoor deur op te kom vir die Naam van die Here en die plakkate venynig te noem en godslasterlik. Die Minister van Justisie het ook die gebruik van soortgelyke plakkate

verbied (Die Kerkbode, no.12, jaargang 120, 18 September 1968, 374). Hier het die profetiese stem van die NG Kerk moontlik die regering attent gemaak op die plakkate wat ook tot goeie reaksie gelei het van die regering se kant af. 'n Redakteur van 'n studentekoerant, *The Varsity*, is skuldig bevind aan godslastering nadat hy 'n artikel geplaas het wat godslasterlik was. Oor die uitspraak is die kerk dankbaar, word daar geskryf. Die owerheid word ook geloof omdat hulle nie toelaat dat die eer van God straffeloos in die openbaar aangetas is nie (Die Kerkbode, no.1, jaargang 120, 3 Julie 1968, 4).

3.12.14 Gewetensklausule

In 'n beskrywingspunt van die Vrystaat Sinode word gevra dat daar dringend vertoë gerig moet word tot die owerheid om die gewetensklausule⁵⁶ in die wet te skrap sodat alle universiteite wat vra, daarvan onthef kan word (Hand 1966:367). Die kerk maak beswaar teen die skrap van die gewetensklausule. Dit kan moontlik in agt uit die nege universiteite in ons land van toepassing gemaak word. Dit is nie net 'n bedreiging vir die Christen-ouer nie maar ook vir die Christelike fondament van die staat. Die volk van Suid-Afrika erken die Oppergesag en leiding van die Almagtige God (Die Kerkbode, no.4, jaargang 120, 24 Julie 1968, 100). Die NG Kerk poog ook hier om sy profetiese stem te laat hoor oor die opvoeding en onderwys.

3.12.15 Regering en openbare sedes

Die opskrif van die inleidingsartikel is: "Regering en Openbare Sedes" (Die Kerkbode, no.25, jaargang 121, 18 Junie 1969, 852-853). Die NG Kerk neem met ontsteltenis kennis van die toenemende ontbloting van die vroulike liggaam. Die NG Kerk se ontsteltenis hieroor het ook by wyse van beswaar die regering bereik. Die NG Kerk het op elke punt en elke openbare sedelike saak kommentaar gelewer en dit ook sy plig gesien om dit so te doen. Ook soos hier by kleredrag, daar was by almal ook 'n gevoel van eenvormigheid wat die kerk betref maar ook wat ander sake aangaan (Langner 2004:88). Die kerk het sy profetiese stem by hierdie sake baie ernsig opgeneem, maar

⁵⁶Klausule 25 van Wet 12 van 1916, lui soos volg: "Niemand mag op enigerlei wijze aangaande zijn godsdienstige gezindheid getoets worden als voorwaarde om gegradueerde van de Univerziteit, of professor, lector, docent of

student van de Univerziteit te worden of blijven of om daarin een ambt, emolument of voorrecht te bekleden of te genieten, zullende tevens aan niemand de voorkeur gegee of een voordeel onthouden worden op grond van zyn godsdienstige gezindheid." <http://www.kerkpad.co.za/argief/Mei2002/onderwys.html>

soos hierdie saak op die regering se tafel geplaas. Die Minister van Binnelandse Sake het reageer deur mnr. Muller en sê dat die regering nie modes en gedraglyne kan voorskryf nie. Die NG Kerk stem hier saam met die regering, maar noem tog dat die regering wat 'n Christelike grondslag het sedebederwende modes behoort teen te gaan. Die NG Kerk neem weer stelling in oor die regering se opmerking dat: "As die regering geen beswaar en gevaar in die mode sien nie, is dit tot groot ontsteltenis van die kerk". Die minister stel ter verdediging en maak die opmerking dat die ontugwet van 1957 die voorsiening maak dat mense wat nie behoorlik geklee is nie vervolgt kan word. Die regering het ook hier reageer op die NG Kerk se versoek wat blyk dat die NG Kerk se invloed nie deur die regering onderskat is nie. Die debat gaan nog verder deur die NG Kerk wat vra dat "daar uitsluitel gegee moet word oor wat bedoel word met behoorlik geklee". Die minister antwoord hierop en noem dat dit die taak van die ouers, huis en skole is om onder andere te sorg vir jeugsedes. Weer stem die NG Kerk saam, maar noem dat die regering nie hulle verantwoordelikheid moet ontduik nie. Die NG Kerk het baie verwag van die Christelike nasionale regering op daardie stadium.

3.12.16 Gesinsbeplanning

In sommige gevalle het die regering ook die NG Kerk genader oor sake waaroor die NG kerk die regering mee moontlik kon leiding gee. So het die Departement van Gesondheid AKOS genader om die kerk se beskouing te verneem om aan sekere moeders inligting te verskaf oor gesinsbeplanning (NGK AS Hand 1966:156). AKOS het op grond van verskeie verklarings deur die Nederduitse Gereformeerde Sinodes (waaronder die Transvaalse Sinodes van 1937, 1944 en 1951, die Raad van Kerke van 1949 en die Kaapse Sinode van 1949) nie beswaar gehad dat die departement inligting rondom gesinsbeplanning deur geboortereëling sal verskaf aan sekere moeders nie, maar dat dit onder sekere voorwaardes gedoen kan word (NGK AS Hand 1966:162). Waar moeders se gesondheid op die spel was kon dit gedoen word of waar afwykings onder geboortes voorgekom het. Die voorligting word deur 'n geneesheer of 'n verpleegster onder sy toesig gedoen met inagneming van die ouers se morele en

godsdienstige sienwyses (NGK AS Hand 1966:162). Ook dat die ouers persoonlik en privaat ingelig word en nie per radio of pers nie (NGK AS Hand 1966:162). Die owerheid is ook nie vry om voortplanting na willekeur te beperk nie (NGK AS Hand 1966:162). Die Minister van Gesondheid is ook genader deur AKOS saam met die Afrikaanse Kerke, kerklike sustersverenigings en vroue-organisasies oor die wydverspreide verskaffing van voorbehoedmiddels. Die minister is gevra dat wetgewing ingedien sal word, wat sal verhoed dat hierdie middels vrylik aan ongehude moeders en minderjariges verkoop mag word (NGK AS Hand 1966:157). Hier spreek die goeie vertrouensverhouding weer tussen die NG Kerk en die regering. Die NG Kerk spreek sy profetiese stem uit ook wanneer die regering dit van hom vra, soos spesifiek in die geval.

3.12.17 Saamwoon

Onder die verskeie sake waaroor die NG Kerk die regering genader het was dan ook saamwoon. So versoek die NG Kerk die Minister van Justisie om wetgewing in te dien wat saamwoon van ongehude persone as gehudes, met of sonder die verwekking van buite-egtelike kinders, dan strafbaar moet maak. Ook dat egskeidingswette opgeknep behoort te word, omdat dit die indruk skep dat dit egskeiding vergemaklik (NGK AS Hand 1966:165).

3.12.18 Owerspel

AKOS se bevinding in sake owerspel is dat dit volgens die beginsels van Gods wet en ook in die Sewende Gebod as sonde veroordeel word en dat die staat dit as sy wetgewing behoort te eerbiedig met inagneming van sy eie struktuur, funksie en terrein. Die NG Kerk se terrein en die regering se terrein of hoe elkeen oor die ander se terrein soms gedink het was nie altyd duidelik nie (NGK AS Hand 1966:158). So is dit dan nie vreemd dat die kommissie vir openbare sedelikheid in sy opdrag versoek dat kerk en staat in hul optrede teen owerspel, die sewende gebod en sesde en agste in die wetgewing moet beliggaam (Hand 1966:167). Die kommissie betreur die hofuitspraak wat die wetsbepaling heeltemal ophef; die kerk is ook terdeë bewus van die gekompliseerde problematiek hedendaags en die kommissie beveel aan dat die kerk en

staat sal onderhandel ten einde bevredigende eerbiediging van die beginsel van die Sewende Gebod in die strafwetgewing te verkry (NGK AS Hand 1966:158).

3.12.19 Gemengde huwelike

Die NG Kerk sien ook in die Skrif dat 'n huwelik 'n monogame liefdesverhouding tussen een man en een vrou is. Dit veronderstel gelykheid ten opsigte van biologiese afstamming, taal, kultuur, kleur, nasionaliteit en godsdiens met die klem op die heiligheid van die huwelik. Onder gemengde huwelike verstaan die NG Kerk dit op daardie stadium in hulle besinning oor rasse- en bevolkingsverhoudinge, bloedvermenging tussen mense van verskillende rasse of lede van onderskeie bevolkingsgroepe wat ten opsigte van biologiese afstamming, taal en kultuur, kleur en nasionaliteit van mekaar in sommige of alle opsigte verskil. “'n Gemengde huwelik kan nie aan al die wesenlike vereistes wat die Heilige Skrif aan die huwelik stel voldoen nie en dit moet as ongeoorloof afgewys word”. Marais (1986:36) skryf dat gemengde huwelike deel gevorm het van die beleid van eiesoortige ontwikkeling. Hier word bygevoeg dat die kerk in hierdie aangeleentheid 'n pastorale verantwoordelikheid teenoor alle bevolkingsgroepe in die land het (Die Kerkbode, no.22, jaargang 121, 26 November 1969, 756). Die NG Kerk het ook gepoog om hier 'n profetiese stem te laat hoor. Die gevaar is ook dat die kerk nie altyd reg hoor wat die Skrif werklik wil sê nie.

3.12.20 Homoseksualiteit

Die kommissie beveel sterk aan dat die sinode opdrag gee dat verhoë gerig word aan die regering om met die beoogde verbeterde wetgewing teen homoseksualiteit, alle dergelike vorms van onkuisheid en ontug as openbaar aanstootlike in 'n gekonsolideerde wetgewing te betrek (NGK AS Hand 1966:159). Ds. J.S. Kruger verwys na die beoogde wetgewing wat die regering beplan rondom homoseksualiteit en sit ook die Bybelse standpunt uiteen. Die rol wat die kerk en die staat kan speel in die verband, skryf Kruger, is dat daar 'n omwenteling in die tradisionele beskouing van seksuele sake is. Die NG Kerk en die staat, soos hier, is saam gesien in die bestryding van openbare sedelikheid. Hulle moes byna saam dink en saam doen (Die Kerkbode, no.20, jaargang 120, 15 Mei 1968, 646-647). Die AKOS bepleit ook sterk by die sinode dat daar verhoë gerig moet word tot die regering om verbeterde wetgewing teen

homoseksualiteit asook alle dergelike vorms van onkuisheid en ontug in 'n omvattende gekonsolideerde wetgewing te betrek (NGK AS Hand 1966:172). 'n Baie interessante opmerking kom in die slotopmerkings van die verslag voor waar die kommissie tog die vraag vra of die kerk hom moet beywer vir wetgewing deur die owerheid in sy bestryding van maatskaplike euwels en of hy hom moet beperk net tot die verkondiging van die Evangelie (NGK AS Hand 1966:179). In antwoord op die vraag sê die kommissie dat die kerk hom wel mag beywer vir wetgewing. Die verhouding tussen kerk en staat was so goed dat die moontlikheid om dit te doen daar was. Die vraag kom ook hier na vore wat die kerk se profetiese roeping behels ten opsigte van wetgewing. Moet daar getuig word teen onchristelike wette en aangedring word op wette wat die kwaad beperk omdat die owerheid op daardie stadium Christelik nasionaal was? Die NG Kerk se standpunt oor sy profetiese roeping oor openbare sondes op daardie stadium was: "As instituut sowel as organisme is die kerk geroep om met die Woord van God in die hand asook met alle ander hulpmiddels om die georganiseerde sondes in die openbare lewe te bestry (NGK AS Hand 1966:179).

3.12.21 Misbruik van verdowingsmiddels

Die NG Kerk verwelkom ook 'n persverklaring van die Minister van Volkswelsyn en Pensioene, dr. C.P. Mulder, waar hy sy kommer uitspreek oor die ontstellende toename in die gebruik van dwelmmiddels, veral deur die jeug. Die minister het ook 'n komitee daargestel om ondersoek in te stel oor die saak. Die Kerkbode hoop dat die komitee daartoe sal bydra om Suid-Afrika te laat beseef voor watter afgrond ons land staan (Die Kerkbode, no.22, jaargang 121, 26 November 1969, 757). Hier spreek die NG Kerk by monde van Die Kerkbode sy waardering ook uit vir die profetiese stem van dr. C.P. Mulder.

3.12.22 Beeldradio

Die aankondiging deur die Minister van Pos- en Telegraafwese van 'n kommissie van ondersoek na beeldradio, is te verwelkom. Die moontlikheid en die wenslikheid van beeldradio moet ondersoek word in ons land. Die koerantkommentators maak asof dit 'n uitgemaakte saak is vir ons land, vir die aangekondigde kommissie sal daar gebid

word om wysheid en dat vele sal meedoen (Die Kerkbode, no.25, jaargang 121, 17 Desember 1969, 860).

3.13 Diens van barmhartigheid

Ook op die gebied van welsyn het die NG Kerk geskakel met staatsdepartemente rakende die welsyn van mense waar dit vereis was. Memorandums is onder andere voorgelê oor die behuisingsnood en ook oor die staat se behuisingsbeleid vir die toekoms (NGK AS Hand 1966:235). Die NG Kerk doen ook in hierdie tyd 'n beroep op die owerheid om deeglik rekening te hou waar behuising beplan word om te let op 'n normale en gesonde gesinslewe by die beplanning daarvan. Daar moet byvoorbeeld genoeg voorsiening gemaak word vir ruimte, privaatheid en gesamentlike ontspanning ens. (Marais 1986:31). Daar is ook met die staat se buro geskakel rondom statistiek. Die staatsburo was baie gewillig om die gegewens vir die kerklike doel te verwerk (NGK AS Hand 1966:247). Dr. G.J. Kotze se indrukke van die Algemene Sinode oor kerk en staat is onder andere dat die verhouding tussen kerk en staat baie gesond is op die terrein waar die kerk se barmhartigheidsdienste en die staat se welsynsdienste mekaar ontmoet. Die wyse waarop gedurig kontak gemaak en wedersydse samewerking bewerkstellig word getuig ook weereens daarvan (Die Kerkbode, no.25, jaargang 118, 21 Desember 1966, 901).

3.14 Die Onderwys

3.14.1 Die NG Kerk se standpunt oor Onderwys

Randall (1971:170) skryf oor die onderwysstelsel dat dit net apartheid reflekteer. Hy noem ook dat al die sillabusse en teksboeke net vanuit die witman se oogpunt geskryf word, daar is nie plek vir 'n alternatiewe geskiedskrywings in die skoolboeke nie. Hy noem ook dat daar nie gefokus word op die land se huidige onderwysstelsel nie of wat die toekoms van die land inhou vir almal nie. Op daardie stadium het die onderwysstelsel ook net voorsiening gemaak vir aparte skole en aparte woonbuurtes en daarop hulle fokus gestel. Marais (1986:86) skryf dat die NG Kerk gevra het dat daar ook volledige onderwys aan alle swart mense verskaf moet word. Hierdie onderwys of opvoeding vir die Naturel moes langs primêre-, sekondêre-, vak-, tegniese-, en

universiteitsbane geskied. Dit moes omvangryk wees om hulle doeltreffend te bekwaam vir hulle lewe om hulle eie volk so te dien in die toekoms. Hierdie geriewe moes apart wees en ook inpas by die Naturellebeleid. Dr. J.J. Pienaar skryf dat die NG Kerk se onderwysbedrae nog nie na waarde geskat word nie. Die NG Kerk het wel belang by die onderwys en wil graag met die Christelike staat saamwerk in onderwysgeleenthede. Die kerk en die staat aanvaar medeseggenkap ook vir die onderwys op daardie stadium. Dit was hier inderdaad maklik vir die NG Kerk om met die staat saam te werk, ook op die gebied. Wat die aandeel van die kerk betref word daar gesê dat die kerk nooit staatskole mag verkerklik nie. Die kerk kon veral saamwerk om die gees en rigting^{57,58} van die onderwys aan hulle dooplidmate te bepaal. Ten opsigte van die staat moet die staat sorg vir reg en geregtigheid aan almal, hy moet ook in oorleg met die ouers sorg dra vir die oprigting, instandhouding en beheer van skole. Die staat mag nooit die skool gebruik vir partypolitieke oogmerke of om 'n bepaalde ideologie te bevorder nie. Die staat mag nooit die skool as eiendom opeis nie omdat dit deel is van die samelewing (Die Kerkbode, no.6, jaargang 120, 7 Februarie 1968, 199; Die Kerkbode, no.7, jaargang 120, 14 Februarie 1968, 225-226). Die kerk wil nie die onderwys domineer of oorneem nie en die kerk erken die selfstandigheid en eie bevoegdheid van die skool en die universiteit. Die NG Kerk is ook dankbaar dat al die bekommernisse die dringende aandag van die betrokke minister sal ontvang.

⁵⁷'n Onderwyser van die Kaap bedank die Algemene Sinode vir die positiewe houding jeens godsdiens op skool, want Bybelkunde is nou nog 'n keusevak op skool (Die Kerkbode, no.26, jaargang 118, 28 Desember 1966, 953)

⁵⁸Die Kaapse Kerk se bedenkinge teen die onderwys-wetsontwerp is 'n artikel wat geskryf is deur ds. W.J. du Toit (Die Kerkbode, no.1, jaargang 120, 3 Julie 1968, 8 -9). Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid nommer 39 van 1967 staan op die Wetboek van die RSA. Maar die kerk is bekommerd oor die Christelike inslag, ook die gewetensklousule is onaanvaarbaar en gaan 'n negatiewe invloed uitoefen

Die artikel verwys ook na 'n nasionale onderwyskongres^{59,60} in 1971. Die betrokke minister het weer verklaar dat daar 'n hartlike verhouding heers tussen hom en die interkerklike kommissie van die kerk (Die Kerkbode, no.34, jaargang 120, 12 Junie 1968, 772-773).

3.14.2 Benoeming van skoolhoofde

Die NG Kerk het ook soms kritiek gelewer op uitsprake van die Onderwysdepartement. So skryf ds. J.H. Lange dat die opmerkings in Die Burger 30/10/1968 van mnr. Heunis oor die aankondiging dat benoemings van hoofde deur skoolrade in die toekoms uit 'n lys van name wat die Onderwysdepartement aan die betrokke skoolraad of skoolkomitee voorlê, gedoen sal word, is hoogs ontstellend. Lange sien die aankondiging as 'n aantasting van dit wat nog oor is van die beginsel van Christelike Nasionale Onderwys (Die Kerkbode, no.22, jaargang 120, 27 November 1968, 706).

3.15 Samevatting

Die dood van dr. H.F. Verwoerd (net voor die Algemene Sinode van 1966) het skokgolwe deur die land veroorsaak. Dr. J.D. Vorster het ook 'n voorstel ingedien wat staande aanvaar is naamlik: "Die Algemene Sinode van die NG Kerk dink met diepe weemoed aan die tragiese heengaan van ons onvergeetlike vorige Eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd." Die noue band hier tussen kerk en staat word gemerk met die dankbetuiging van dr. J.D. Vorster. Dr. H.F. Verwoerd was ook 'n lidmaat van die NG Kerk.

⁵⁹Die belangstelling vir die Volkskongres oor opvoeding en onderwys is aan die toeneem. Die interkerklike kommissie beywer hulle al lank vir so 'n kongres. Die oogmerke is onder andere die verkryging van 'n nasionale onderwysbeleid. Dit is ook met groot dankbaarheid dat die ministerie van onderwys verlot gegee het tot so 'n kongres. Die volgende opmerking spreek weer van die eenheid wat daar was tussen die NG Kerk en die regering: "n Meer geleë oomblik vir die staat, kerk, onderwyser en ouer om denke en kragte te mobiliseer vir die eendragtige aanpak van 'n gesamentlike taak op 'n nuwe weg was haas nie te bedink nie". Die kongres sal ook sekerlik vir die pas uitgetrede Minister van Nasionale Opvoeding mnr. Jan de Klerk waardering uitspreek om Wet Nr. 39 op die Wetboek te kon plaas (Die Kerkbode, no.11, jaargang 121, 10 September 1969, 364)

⁶⁰ Die VCHO hou sy 21 jare kongres. Die vereniging wil graag sien dat ons volk 'n Christelike volk sal bly en dat daar steeds op elke gebied sterk Christelike leiers sal wees. Die stryd teen rewolusionisme en die gewetenskousule is 'n volgehoue stryd van die VCHO (Die Kerkbode, no.12, jaargang 121, 17 September 1969, 396)

Ongekende spanning het in die era hoogty gevier. Midde in hierdie branding staan die kerk. Die kerk sou ook in hierdie branding moeilik bepaal wat sy terrein is en watter terrein juis aan die staat behoort. Die NG Kerk en die GKN het eers in 1968 gebots by die GES Sinode te Lunteren. Dit het niks goeds voorspel vir die toekoms nie.

Die NG Kerk van die sestigerjare het 'n begrensing in sy verkondigingstaak teenoor die owerheid ingeneem. Die NG Kerk wou nie graag in die interne staatsake inmeng of in 'n kritiese negativisme verval nie. Op daardie stadium het die NG Kerk sy taak primêr gesien dat hulle nie die staat wou kersten nie. Die profetiese taak is meer gesien as die beïnvloeding van die gewetes van die regeerders en die ander moontlikheid was om die owerheid direk deur afvaardigings te spreek. Die NG Kerk het ook in die tyd te na aan 'n volkskerk beweeg.

Die CI het op 15 Augustus 1963 totstand gekom. Na Cottesloe was dit byna 'n vanselfsprekende uitvloeisel daarvan. Die NG Kerk het al hoe meer onder druk gekom en kritiek het op die NG Kerk begin toeneem. Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif 1966 het ook die lig gesien.

'n Ander betekenisvolle faktor was die opkoms van 'n swart bewussynbeweging waarin verkondigers van swart teologie 'n belangrike rol gespeel het. Die NG Kerk laat sy profetiese stem in die tyd hoor oor trekarbeid deur te noem dat gesinne ontwrig word deur die trekarbeidstelsel.

HOOFSTUK 4: 1970-1974

'n ERA VAN NADENKE

4.1 Algemene Sinode van 1970

Hierdie sinode was vir die NG Kerk om 'n paar redes baie belangrik. Daar is verwag dat die NG Kerk sterk leiding moes gee oor sake soos apartheid. Wat die NG Kerk se ekumeniese verhoudinge betref, moes ook daarvoor besin word. By hierdie sinode het dit ook geblyk dat daar twyfel bestaan rondom kernsake wat vir hulle voorgelê het. Dit blyk uit die verkiesing van die moderator van die sinode. Dr. J.D. Vorster word verkies as moderator, maar wen slegs met 'n klein meerderheid van elf stemme teenoor dr. F.E.o'B. Geldenhuys. Hulle het die teenoorgestelde pole oor die beginsel van apartheid verteenwoordig (Langner 2004:145-146). Met die verkiesing van dr. J.D. Vorster⁶¹ as moderator is daar ook geskiedenis gemaak deurdat hy die moderator was van die grootste Afrikaanse kerk in Suid-Afrika terwyl sy broer adv. B.J. Vorster op daardie stadium die Eerste Minister van Suid-Afrika was. Die Engelse pers was hieroor baie bekommerd. Die ander bekommernis was dat die twee broers die NG Kerk en die NP nog nader aan mekaar sou laat beweeg. Oor hierdie bekommernisse het dr. J.D. Vorster die vrees vinnig besweer deur te noem dat "sy verhouding met sy broer glad nie is wat baie dink nie" (Langner 2004:146).

4.1.1 Openingsrede van die Algemene Sinode van 1970

In die openingsrede van dr. J.S. Gericke wat ook as assessor verkies is in 1970, noem hy: "Dit is die gebed van my hart dat daar aan die einde van die sinodesitting met geloofvrymoedigheid gesê kan word: 'die Heilige Gees en ons het besluit.'" (NGK AS Hand 1970:872). Sou die woorde ook waar wees oor spesifiek die NG Kerk se profetiese roeping in die uitdagende tydperk wat sou voorlê? Van der Watt (1987:111) skryf oor die NG Kerk se profetiese getuienis en noem dat dit nie stop by slegs net Woordverkondiging nie; as die kerk daar sou stop, bring dit die profetiese getuienis van

⁶¹Langner (2002:184) skryf dat die Engelse pers verkondig dat die broers mekaar nie in die openbaar sou wou aanspreek nie omdat dit 'n verleentheid sou wees vir die Eerste Minister. Dr. J.D. Vorster het dit as "snerf" afgemaak omdat dit ou taktiek was van die Engelse pers. Dr. J.D. Vorster het tog ook bewondering vir sy broer gehad as leier. die kerk in gedrang. Die kerk mag nie politieke vir die owerheid voorskryf nie, maar moet altyd 'n gewete vir die staat wees. Sou die NG Kerk dit regkry om die onderskeiding in die verband te kon doen? In 1962, 1966 en in 1970 word die gevoel vir leiding in uitsprake net al hoe sterker: "Daar kom tye in die lewe van die kerk wanneer hy die basuin baie helder, ondubbelsinnig en onbevrees moet blaas...of die makliker pad na sy eie ondergang moet bewandel" word in die Handelingte geskryf (NGK AS Hand 1970:872). "In sulke tye moet die vrees om aanstoot te gee en om in die branding van teenstand en verguising ingetrek te word, plek maak vir 'n veel groter vrees, die vrees om met die stroom saam te drywe waar sy eie bestaan en voortbestaan vir die koninkryk van God om 't ewe word" (NGK AS Hand 1970:873). Maar het die NG Kerk die pad as profeet onbevrees en onbeskaamd gestap of sou hy maar net met die stroom saamgaan? In die openingsrede word daar ook die vraag gevra: "Waarheen is die NG Kerk oppad?" (NGK AS Hand 1970:872). 'n Mens vind ook dat die NG Kerk hier aan sy roeping getrou wil bly, maar verwag ook die heftigste en venynigste teenstand indien hy dit wil uitleef. Kritiek teen die bestel was aan die toeneem wat die NG Kerk ook onder druk geplaas het (NGK AS Hand 1970:872). "Daar sal koerantskrywers wees wat hulle penne in gif sal doop; daar sal goedgeelowige lidmate wees wat deur die aanslae mislei sal word; daar sal misverstand en twis, verdagmakery en beswadding wees" (NGK AS Hand 1970:873). Die moontlike isolasie van die NG Kerk in die tyd word ook genoem en dat die NG Kerk ook bereid is om daardie opoffering te maak as dit dan moet (NGK AS Hand 1970:873).

4.1.2 Die Herderlike brief van die Algemene Sinode van 1970 in teologiese lig

In die Herderlike Brief van die Algemene Sinode van 1970 word daar ook geskryf dat as 'n Gereformeerde kerk handhaaf ons die skeiding van die terreine tussen kerk en staat (NGK AS Hand 1970:882). Die NG Kerk is reguit en op die man af oor die verskillende terreine van onderskeidelik kerk en staat. Die NG Kerk wankel in die praktyk oor presies wat die terreine behels. Die NG Kerk poog ook hier om die terreine van kerk en staat te oormerk en skep tog die indruk dat dit vir hom duidelik is. Sou die NG Kerk hou by sy

terrein? (NGK AS Hand 1970:882). Die herderlike brief wys ook die gevaar uit wat so 'n noue verbintenis vir die kerk as kerk van Christus kan inhou, maar terselfdertyd is die NG Kerk ook dankbaar vir die geleentheid tot kontak en getuienis (NGK AS Hand 1970:882). In die herderlike brief vind 'n mens die sagte profetiese stem van die kerk en ook die profetiese aanprysing oor die gesonde verhouding wat daar tussen kerk en staat was. Die kerk het ook die geleentheid benut wat die Christelike Nasionale regering vir die NG Kerk gebied het. Maar sou die geleentheid nie die profetiese stem gedemp het in die tyd nie?

4.2 Die NG Kerk en die Gereformeerde Kerke in Nederland

Martin Luther King het ook in 1961 sterk op die voorgrond getree vir burgerregte in Amerika. Hy het ook die regte vir gekleurdes gepopulariseer. Hierdie konsepte wat slegs op daardie stadium deur 'n klein groepie kerke en ekumeniese leiers aangespreek is, sou later miljoene Christene raak (Strauss 1983:179). Strauss (1983:172) skryf ook dat die GKN 'n "stille omwenteling" ondergaan het in die jare 1945 tot 1960 rondom vroeë kwessies van die nood van die moderne mens. Die GKN het teen 1968 temas soos rassegelykheid en die bevryding van die armer rasse ens. onder oë gehad. Apartheid het dan ook vir die Nederlanders gekom uit die "ou" wêreld waaroor teoloë van die GKN teen 1968 alreeds afskeid geneem het. Die NG Kerk se verhouding met die GKN teen 1968 en veral met sekere lidmate van die GKN het al hoe meer gespanne geword. Verskille het ook groter geword in dié tyd oor die Suid-Afrikaanse problematiek, maar op hierdie stadium het die GKN ook nog geen amptelike besluit geneem oor die rassebeleid in Suid-Afrika nie (Strauss 1983:167). In die Nederlandse Zuid-Afrikaanse Vereniging se blad Zuid-Afrika in 1968 word daar ook geskryf dat daar spanning is tussen die NG Kerk en die GKN en dat daar 'n dreigende breuk is (Strauss 1983:254). Potgieter (1994:322) skryf dat die bande tussen die GKN en die NG Kerk versleg het in die jare 1968 tot 1974, maar in dieselfde tyd het die CI se bande met die GKN weer baie verstewig. Dr. B. Naude het ook baie inligting deurgegee aan Europese teoloë. Die jaar 1972 is ook die jaar waarin die GKN teoloë hulle solidariteit die duidelikste getoon het met dr. B. Naude (Potgieter 1994:326).

4.2.1 Gereformeerde Ekumeniese Sinode en die NG Kerk

Wat die GES betref, het daar ook reeds voor die vyfde GES in Augustus 1968 te Lunteren, spanning opgelaaie oor die rasse-situasie in Suid-Afrika. Die koerante in Nederland het voor die sinode voorspel dat by dié sinode daar botsings sal kom met voor- en teenstanders van apartheid. By hierdie sinode het die Nederlandse prof. J. Verkuyl, 'n bekende voorstander teen apartheid en dr. J.D. Vorster wat weer die beleid voorgestaan het van die NG Kerk se kant, sterk gebots. Die GES het "volstaan met 'n aantal besluite wat apartheid veroordeel het maar sonder om dit op die naam te noem" (Strauss 2002:187,188). In 'n verslag oor die GES te Lunteren aan die Breë Moderatuur van 1969 skryf dr. J.D. Vorster en J.S. Gericke dat die venyn vooraf groot was teenoor die NG Kerk en Suid-Afrika. Die koerant "Trouw" het ook 'n volbladartikel teen dr. J.D. Vorster geskryf (NGK AS Hand 1970:51). Materiaal wat mnre. Beyers Naude en A.M. Hugo aan prof. J. Verkuyl verskaf het, het gelei tot venynige aanvalle op die NG Kerk (NGK AS Hand 1970:52). Die afgevaardigdes van die NG Kerk het deur harde werk die poging om die apartheidbeleid te veroordeel, grotendeels ook afgeweer. Die afgevaardigdes was verheug^{62,63} oor die uitslag en merk op "dat die Here op wonderbare wyse voorsien" sodat die voorstel om apartheid te veroordeel misluk het. Die "Trouw" skryf "die Oecumeniese Synode is die enigste internasionale kerklike liggaam dat die apartheidspolitiek niet hoeft veroordeel" (NGK AS Hand 1970:52-53). Die druk op die NG Kerk het net meer en meer geword en sou ook toeneem in die toekoms. Prof. Verkuyl van die Vrije Universiteit van Amsterdam het ook as gas van die Wêreldraad van Kerke Suid-Afrika besoek. Hy het onder andere op 'n perskonferensie gesê dat aangesien die NG Kerk 'n groot invloed op die regering het, hy syns insiens 'n verandering in die rassestruktuur in ons land sou kon bewerkstellig.

⁶²Die verslag toon onder andere dat die Nederlandse Pers in 1968 die besluit van die GES as 'n oorwinning vir Suid-Afrika bestempel het; die afgevaardigdes het hulle weerhou om van 'n "oorwinning" te praat, maar was dankbaar oor die uitslag (NGK AS Hand 1970:59)

⁶³Prof. F.J.M. Potgieter skryf dat wat bemoedigend was was dat talle van die lede van die sinode hulle verseker het dat Verkuyl nie as vertolker van hul gevoelens beskou moet word nie. Die sinode het ook die meerderheidsrapport oor rasse-aangeleenthede van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode waaraan Potgieter hulle as afgevaardigdes

meegewerk het onderskryf en nie die minderheidsrapport van Verkuyl nie (Die Kerkbode, no.13, jaargang 122, 1 April 1970, 444-445)

Dit was dan ook die algemene siening dat die NG Kerk inderdaad 'n baie groot invloed op die regering gehad het. Het die NG Kerk die geleentheid gebruik om dit te doen op daardie stadium wat betref die rasse-situasie? Het sy profetiese stem helder en duidelik deurgekom? Die Kerkbode reageer en skryf dat as dit is dat die regering wel 'n oor het om te luister dan is die kerk van harte dankbaar. Die opmerking laat dit byna deurskemer dat die regering nie altyd so bereid was om met die NG Kerk te praat nie. Die kerk ken ook sy getuigenistaak wanneer dit by Skrifbeginsels kom, word daar geskryf. Die NG Kerk verwerp egter die kritiek en neem sterk stelling in deur te noem dat hy hom egter nie sou laat verlei om gebruik te word om ons regering te dwing tot 'n beleid van eensydige beklemtoning van die eenheid van die mensheid nie. Prof. Verkuyl lewer ook weer skerp kritiek en skryf in sy boek "Breek die Mure af" dat die sabotasiewet die doodstraf op verset teen apartheid bepaal het. Die Kerkbode skryf oor die CI dat Nederland se Gereformeerde Kerke meen dat die CI goeie werk doen, terwyl dit die indruk in Suid-Afrika is dat die CI verhoudinge eerder vertroebel. Iets klop nie, skryf Joernalistieke Assistent mnr. H.J.D. Brand. Die spanning is duidelik ook aan die toeneem met die NG Kerk wat heftig stelling inneem teen enige kritiek op daardie stadium (Die Kerkbode, no.13, jaargang 122, 1 April 1970, 444-445). Strauss (1983:254) skryf dat ds. D.P. Botha in 1974 rondom die GES te Lunteren genoem het dat dit die begin van groeiende botsing tussen die NG Kerk en die GKN was. Die volgende GES was in Sydney, Australië, in Augustus 1972. Hierdie sinode het dan ook die volgende geleentheid gebied om weer oor die Suid-Afrikaanse situasie te praat. Die atmosfeer hier was meer aangenaam as by Lunteren in 1968, alhoewel daar hier anti-apartheid demonstrasies was teen dr. J.D. Vorster, maar wat eintlik maar gemik was teen die NG Kerk (Strauss 1983:315-316). Hierdie vergadering het rasgemengde huwelike se verbod veroordeel wat deur die staat en die NG Kerk voorgestaan is, asook die feit dat sekere rasse by eiedienste uitgesluit is. Tussen Lunteren (1968) en Sydney (1972) was daar volgens Strauss (1983:320) nie veel verskil nie, want albei groepe het maar net weer by hul standpunte gehou soos in 1968. Daar was tog 'n ligte verskuiwing by die GES. Potgieter (1994:331) noem dat die GES van 1972 tog as 'n oorwinning gesien kan word vir die CI se stryd teen apartheid. Hierdie gebeure het ook

ingespeel by die volgende GES in 1974 en die druk op die NG Kerk het toegeneem in die buite- en binneland oor hulle rassebeleid wat hulle steeds verdedig het (Strauss 2002:188,189).

4.2.2 Wêreldraad se geldelike steun aan terrorisme

Na aanleiding van 'n klomp gebeure in Suid-Afrika rondom die rasse-situasie neem die WRK in 1968 by sy vierde Algemene Vergadering by Uppsala^{64,65} in Swede baie radikale besluite. Na hierdie vergadering van die WRK in 1968 volg daar ook in 1969 'n program genoem: "Program vir die bestryding van rassisme". Daar is ook in hierdie program voorsiening gemaak vir spesiale fondse waardeur kerke "simboliese" geldelike bydraes maak aan die bevrydingsorganisasies (Strauss 2002:187; Van Jaarsveld 1969:553; Thomas 1979:72; De Gruchy 1979:129). Dr. J.D. Vorster skryf dat die Raad se besluit om geld vir die terroriste⁶⁶ organisasies te gee skokkend is. Hy skryf ook die politieke partye stem daarmee saam. Die Eerste Minister het dit skokkend genoem en die Minister van Buitelandse Sake het gesê dit gaan 'n mens se verstand te bowe hoe hulle dit kan doen. Dit rym nie met Christelike beginsels nie, ook die woordvoerder van die Verenigde Party het dit veroordeel deur te skryf dat dit ontstellender is as enigiets wat hy al gehoor het. Nie net die Suid-Afrikaanse regering het dit afgewys nie, maar ook die kerke. Die SARK⁶⁷ distansieer hulle ook van die besluit van die WRK se besluit oor die skenkings (Strauss 1983:339). Mev. Helen Suzman het dit ook veroordeel.

⁶⁴Verkuyl (1971:76) skryf dat by Uppsala daar 'n dringendheid was van die stryd oor rassisme soveel so dat dit byna tasbaar aangevoel kon word

⁶⁵Thomas (1979:71) skryf dat gesien die ekumene in die jare 1970-1975 daar baie ontwikkeling was

⁶⁶Lt. Kol. (ds.) C Colyn skryf van die verlies van twee polisiemanne wat hul lewe verloor het in 'n landmyn ontploffing deur terroriste. Hy skryf dat dit in die eerste plek 'n aanslag is om Suid-Afrika te verower vir die kommuniste, 'n aanslag tussen die hamer en die sekel en die kruis van Christus. Ons moet volhardende bidders wees in die omstandighede, vra Colyn. Die aanslag op daardie stadium is ook gesien as byna verraad teen die beleid (Die Kerkbode, no.4, jaargang 123, 28 Julie 1971, 116). Hierdie terroriste was deel van die bevrydingsorganisasies wat in gewelddadige verset was "teen wat hulle noem onwettige regerings". Dit is onder andere hierdie organisasies wat deur die WRK befonds is (Strauss 2002:187)

⁶⁷Vir die SARK self was hierdie tyd een van die mees stormagtige jare sedert sy ontstaan, die fase van geweld is binne gegaan en groepe moes kies waar hulle staan (Thomas 1979:71)

‘n Stuk bitterheid het ook ontstaan met die Wêreldraad wat die geld gegee het. Die GKN het ook die spesiale fonds verwerp (Strauss 1983:344). Dr. J.D. Vorster skryf dat dit net die CI is wat geen kommentaar daarvoor gegee het nie.

Die spanning tussen die CI en die NG Kerk was hoog en die NG Kerk het gehou by sy verdediging van sy beleid in Suid-Afrika (Die Kerkbode, no.12, jaargang 122, 16 September 1979, 397). Ds. A.J.B. Rawlins skryf dat daar aanvanklik baie van die Wêreldraad van Kerke verwag word. Daar was hoë ideale, maar toe kom Cottesloe soos ‘n donderslag uit ‘n wolklose hemel en beroeringe tier deur die kerk. Die invloed en nadraai van Cottesloe is nou duidelik hier gevoel deur die NG Kerk. Rawlins skryf dat dit nog nie ‘n volle tien jaar later is nie en die Wêreldraad kom met sy volgende steelhou – dit is die geldelike hulp aan terroriste⁶⁸ (so help hulle mense wat teen ons oorlog verklaar het). Dit is Cottesloe se uitvloeisel, dit is Christen teen Christen en kerk teen kerk. Rawlins sluit af met 1Kor 6:8 “Maar julle doen onreg en pleeg roof en dit aan broeders” berig ds. G.S.J. Möller (13/05/1970-31/07/1986) nuwe redakteur van Die Kerkbode (Die Kerkbode, no.6, jaargang 123, 10 Februarie 1971, 203). Die spanning in die land en in die NG Kerk was baie groot. Die verskillende kampe vir en teen apartheid het net al hoe feller geword en elkeen het net meer vasgehou aan sy standpunte. Gewelddadige verset het ook begin toeneem. Die NG Kerk se profetiese stem wat die rasse-situasie in Suid-Afrika betref was stil. Die NG Kerk staan by sy beleid wat hy meen regverdigheid aan almal sal laat geskied.

4.3 Die Parlement byeen

Heelwat kwessies word uitgelig in dié tyd in Suid-Afrika, onder andere die knellende

⁶⁸By die Bantoe Sinode (Die Kerkbode, no.4, jaargang 123, 28 Julie 1971, 129) was daar ook ‘n groot behoefte om meer te wete te kom van die Kommunisme. Hulle besluit ook om ‘n brosjure te versprei oor kommunisme. Die sinode spreek ook sy misnoeë uit teenoor die Wêreldraad van Kerke wat geld beskikbaar stel vir die terroriste, en betwyfel dit ten sterkste of die burgerlike verandering teweeg gebring moet word deur bloedvergieting. Hier vind ‘n mens weer van hierdie sinode ‘n meer simpatieke gesindheid en weer kritiek teenoor die SARK vir hulle befondsing van die terrorisme

ekonomie, arbeidvraagstukke, salarisstrukture, prysstygings van basiese lewensmiddele, toenemende inflasie en groeikoerse. Ook word die rasse-bedeling en verhoudingskwessies weereens uitgelig wat nog meer brandend as ooit in die middelpunt van die debatte gestaan het.

Die pad na uiteindelijke politieke bestemminge vir al die bevolkingsgroepe was ook nog geensins duidelik of finaal beplan nie. Dit blyk dan ook dat die verteenwoordigende Kleurlingraad ook nie suksesvol was op daardie stadium nie (Giliomee 2004:509). Die tuislandsontwikkeling het ook begin taan. Tussen 1960 en 1972 is daar 85544 werkgeleenthede geskep wat nog ver onder die ideaal was, grondaankope vir die tuislande moes ook uitgestel word omdat die ekonomie stadig gegroei het (Giliomee 2004:512). Van der Watt (1987:114) noem dat dit eers aan die begin van die sewentigerjare is dat die gestolde debat oor die rassevraagstuk weer hervat is. Van Jaarsveld (1969:552) skryf dat die verkiesings in die tydperk tussen 1970-1974 altyd gestaan het in die teken van die toekoms van die RSA. Ook wat die RSA se internasionale posisie betref het dit nie verbeter in hierdie tydperk nie; intendeel die vyandigheid het net toegeneem teenoor die RSA. Daar is toenemend gepraat oor isolasie en handelsboikotte ens. Die indirekte druk op die regering en die NG Kerk het net toegeneem.

Tog het die NG Kerk sy profetiese stem laat hoor deur daarop aan te dring dat daar baie dringend aandag gegee sal moet word aan politieke regte⁶⁹ en magte in Suid-Afrika. Die NG Kerk laat ook sy stem hoor oor die dwelmgevaar wat dreig in die land. Die NG kerk stel ook in besonder belang in die beraadslagings en besluite van die volksvergaderings, maar hierdeur is die kerk byna weer op die staat se terrein. Die Sciëntologie en die instelling van die televisie word ook met groot belangstelling dopgehou deur die NG Kerk.

⁶⁹Verduideliking word gevra oor die trekarbeid en die gesin na aanleiding van Die Kerkbode se Gesinsdaguitgawe. Gesien in die lig van die geestelike, skryf Die Kerkbode, dat enigiets wat die gesinslewe negatief beïnvloed as ongewens uitgemaak moet word (Die Kerkbode, no.6, jaargang 122, 5 Augustus 1970, 180).

Die Kerkbode laat ook die NG Kerk se profetiese stem hoor deur voorbidding⁷⁰ te doen vir die Staatspresident⁷¹, Eerste Minister met sy kabinet⁷² asook die lede van die Volksraad⁷³ en die senaat veral in die tyd van sorg en spanning (Die Kerkbode, no.4, jaargang 123, 27 Januarie 1971, 109). In hierdie tyd was daar weer 'n gespanne verhouding tussen die owerheid en die SARK. Adv. B.J. Vorster het dit egter ontken en uitgewys dat die owerheid talle gesprekke gehad het met die Kerkleiers. Die Raad van Kerke het ook in November 1971 'n verklaring uitgereik waarin daar bevestig word dat daar gesprekke was met adv. B.J. Vorster en die leiers van die Katolieke Kerk, Anglikane, Presbiteriane, Metodiste, Kongregasionaliste en Morawiërs teenwoordig en ook met die raad self. Die leiers van die verskillende kerke was altyd baie hartlik en vriendelik ontvang deur die kabinet en adv. B.J. Vorster. Leiers aan beide kante was met mekaar in gesprek gewees, maar dit het ook op 'n stadium nie meer voortgegaan nie. Die gevoel vanaf die SARK was dikwels gewees dat ten spyte van al die gesprekke die owerheid hulle nie goedgesind is nie, omdat hulle sienings dikwels met dié van die owerheid gebots het.

⁷⁰Onder die opskrif "Die Parlement byeen" word genoem dat die wetmakers per slot van rekening mense is wat volkome van God afhanklik is vir liggaamlike vermoëns, wysheid, moed en geloof. Ernstige voorbidding is nodig vir die owerheid. Daar word ook spesifiek gebid dat die Here in genade sal neersien op ons president (Die Kerkbode, no.4, jaargang 124, 26 Januarie 1972, 100-101, 119)

⁷¹Die Breë Moderatuur is ook deur die reëlingskomitee wat vir die inhuldigingseremonie van die Staatspresident verantwoordelik is, gevra dat die kerkklokke gelui sal word net na die afhandeling van die inhuldiging en dat gemeentes gevra sal word om die Sondag na die inhuldiging in besonder aan die Staatspresident en sy huishouding te dink; die Breë Moderatuur keur dit goed ook met die oog op toekomstige gebruik (NGK AS Hand 1970:25)

⁷²In die toesprake van die Premier en verskeie lede van die kabinet by geleentheid van die Krugerdagviering is daar vir die behoud van die gesonde en Christelike norme en waardes gestry moet word (Die Kerkbode, no.17, jaargang 124, 25 Oktober 1972, 525)

⁷³Die Volksraad keur ook 'n wetsontwerp goed waarvolgens die Bybelgenootskap van Suid-Afrika 'n eie statuut as Suid-Afrikaanse organisasie verkry. Dit was nog altyd as 'n Brits Buitelandse Bybelgenootskap geregistreer. "Dat die Volksraad te midde van 'n drukke program tyd inruim vir die behandeling van hierdie wetsontwerp stem tot dankbaarheid". Die regering was Christelik Nasionaal en was baie goedgesind teenoor die saak van die kerk soos dit

ook hier duidelik blyk. Die NG Kerk het dit tot voordeel van die Koninkryk gebruik (Die Kerkbode, no.9, jaargang 122, 4 Maart 1970, 300)

So is ook dr. Manas Buthelezi⁷⁴, wat die Natalse streeksvertegenwoordiger van die CI was, in Desember 1973 ingeperk. Van die Verenigde Nasies se kant is daar in 1973 'n resoluie aanvaar wat verklaar het dat apartheid 'n "misdaad teen die mensdom is". Brittanje en die Verenigde State van Amerika het nie die resoluie gesteun nie (Gilomee 2004:515). Van kerklike ekumeniese kant en die owerheid was daar toenemend spanning, asook meer verwydering tussen van die Suid-Afrikaanse kerke en die NG Kerk (Thomas 1979:19,20). Die SARK is ook in 1973 daarvan beskuldig in 'n tydskrif Kairos dat die SARK hom te veel bemoei met die sosio-politieke arena en meer aandag moet gee aan evangelisasie en sending (Thomas 1979:58). Die SARK is ook in hierdie tyd daarvan beskuldig dat dit toenemend 'n swart magsbasis vertoon en hom te veel op die politieke terrein bevind (Thomas 1979:63).

4.3.1 Die Republiek: Tien jaar oud

Die gedagte van isolasie word ook hier genoem: nie net is die NG Kerk in isolasie geplaas nie, maar ook die land op daardie stadium. Die Kerkbode noem dat die isolering daar was ten spyte van al die pogings om die wêreld te oortuig van die goeie bedoelings met die beleid op daardie stadium (Die Kerkbode, no.21, jaargang 123, 26 Mei 1971, 723). Daar is ook vasgehou aan die beleid ten spyte van die isolasie van die NG Kerk en die regering. Die NG Kerk en die regering het ook baie goed met die weermagdienste saamgewerk. Ds. M.M. Niewoudt skryf en verwys dat die land slaggereed is en militêr weerbaar is vir enige gebeurlikheid. Hy verwys onder andere na die vieringe waar die kapelaan saam met die bataljon gemarsjeer het en hoe die kerk 'n integrale deel vorm van die weermag. Die kerk se werk word ook uitgelig in die weermag om te ondersteun en altyd beskikbaar te wees vir elke geestelike nood (Die Kerkbode, no.2, jaargang 123, 14 Julie 1971, 46-47). Geweld het ook in die tyd toegeneem as gevolg van die beleid. Twee polisiemanne is gedood deur terroriste twee weke voor die Republiekfees. Die Kerkbode se opmerking is dat die geweld die beleid in 'n ander rigting wil dwing, wan onaanvaarbaar is (Die Kerkbode, no.23, jaargang 123,

⁷⁴Hy was 'n Lutherse teoloog wat deel was van die debat oor die swart teologie wat baie nou saam gehang het met swart bewussyn en swart nasionalisme. Swart teologie moes ook sorg vir 'n teologiese onderbou by sommige godsdienstige organisasies (Smith 1987: 53)

9 Junie 1971, 796). Die NG Kerk was ook goed ontvang deur die beskermingsdienste waar die NG Kerk ook hier gepoog het om die geleentheid te gebruik vir die verkondiging van die evangelie. Wanneer 'n mens die NP Beleid van 1974 vergelyk met byvoorbeeld die van 1949 en 1961, is daar opmerklik vordering gemaak wat in vroeër jare eintlik as ondenkbaar beskou is (Van Jaarsveld 1969:555). Byna onopmerklik het die regering beweeg na groter openheid oor die rasse-kwessie, so ook die NG Kerk op daardie stadium.

4.4 Die Onderwys

4.4.1 Die Volkskongres 29 September tot 2 Oktober 1969: Opvoeding en Onderwys

Die kongres spreek ook 'n profetiese woord van dank uit teenoor die regering vir die daarstelling van 'n nasionale onderwyswet waarin die Christelike en nasionale beginsels beliggaam is (NGK AS Hand 1970:472). Op die volkskongres is daar ook 'n spesiale punt van dank aan die ministers.

Die kongres spreek ook sy dank en erkentlikheid uit teenoor Sy Edele die gewese Minister van Nasionale Opvoeding, senator de Klerk, vir die daarstelling van 'n verpligte Christelike nasionale opvoeding van ons jeug soos vervat in Wet Nr. 39 van 1967, soos gewysig in Wet Nr. 73 van 1969. Wat die onderwysbeleid betref sluit die beleid hom aan by die regering se Christelike Nasionale karakter waarby die NG Kerk goeie aansluiting kon vind.

Deurdat die kongres bid vir die huidige Minister van Nasionale Opvoeding, minister J.P. van der Spuy, vir leiding, insig, krag en gesondheid en om die wet in reg en geregtigheid tot eer van die Here te implementeer, spreek van een van die primêre profetiese roepinge van die NG Kerk (NGK AS Hand 1970:473).

Die kongres interpreteer ook Wet Nr. 39 van 1967 oor die Christelike⁷⁵ karakter van die onderwys, dat dit ontleen sal word aan die Heilige Skrif in sy volle waarheid. Dit sluit aan by die Republikeinse grondwet wat die erkenning van die oppergesag van God op alle lewensterreine bevestig. Hier kan duidelik gesien word dat die grondwet Christelik Nasionaal was (NGK AS Hand 1970:473). Die NG Kerk gebruik ook die geleentheid om die regering se beleid spesifiek wat betref Christelike opvoeding aan te prys, dat onderwys in elke opsig 'n Christelike gees sal adem (NGK AS Hand 1970:473). Hier wil die kongres ook sy dank betuig teenoor die staat en provinsiale onderwysers wat in ons skole die Christelik Nasionale karakter verder uitbou. Die profetiese stem van die kerk sluit in waardering teenoor die owerheid vir die werk wat gedoen word. Op hierdie gebied kry 'n mens egter die indruk dat die NG Kerk te min 'n kritiese profetiese woord spreek (NGK AS Hand 1970:474). Die sinode onderskryf die beginsel dat die kerk en die staat, elkeen in eie kring, 'n taak en bevoegdheid het, maar dat dit onvermydelik en ook wenslik is dat daar samewerking tussen die kerk en staat sal wees in die verband. Daar word kennis geneem van die hartlike samewerking met die staat in die verband. Dit word egter beklemtoon dat al die kerklike kommissies wat met die staat saamwerk en onderhandel moet toesien dat die kerk nie gestrem word in sy kerklike werk nie en dat die kerk nie aan die staat ondergeskik gestel word nie. Die NG Kerk neem ook standpunt in oor owerheidsinmenging in die kerk se werk en stel so 'n profetiese stem sodat die owerheid nie sy grense sal oorskry nie (NGK AS Hand 1970:831).

4.4.2 Algemene Jeugkommissie se voorstelle oor onderwys aan die administrateur

Die Algemene Jeugkommissie (hierna AJK) het gevra dat 'n onderhoud met die Administrateur van Transvaal gevoer word oor die kwessie van oprigting van kleuterskole deur die owerheid. In die kerk se standpunt oor die verhouding tussen kind

⁷⁵Die NG Kerk neem ook sterk standpunt in teen die gewetenskousule, verteenwoordigers van die kerk het 'n memorandum opgestel waarin hulle ernstig daarteen beswaar maak. (NGK AS Hand 1970:382). Die kongres se standpunt sluit hierby aan en moedig onder meer ouerverenigings aan om standpunt in te neem sodat dit geskrap

kan word en positiewe Christelike wetgewing in die plek daarvan kan kom (NGK AS Hand 1970:626-627) skool, staat en kerk, sien die kerk die rol van die staat soos volg: omdat die staat oor die nodige finansies beskik moet hy, in samewerking met die ouers, sorg vir die oprigting en instandhouding van skole sowel as die beheer daarvan (NGK AS Hand 1970:465). Die AJK vra ook in 'n sagte profetiese stem dat 'n behoorlike peil van grondslae met onderwys gehandhaaf moet word, wat goed vergelyk met ander lande, terwyl die nodige ook onderliggend moet wees in Christelike nasionale opvoeding (NGK AS Hand 1970:465). Daar moet ook die nodige finansiële hulp verleen word vir minderbevoorregte kinders. In 'n veel sterker profetiese waarskuwing vra die AJK⁷⁶ dat partypolitieke oogmerke of ideologieë nie by skole afgedwing mag word nie. Die staat mag ook nooit die skool as sy eiendom opeis nie. Daar moet ook altyd erkenning gegee word vir onderwysverenigings, skoolkomitees, beheerrade en skoolrade. Hier spreek die NG Kerk sy profetiese stem ook helder uit om staatsinmenging te verhoed (NGK AS Hand 1970:465). Die skole moet altyd so ingerig en geadministreer word dat daar vir elke kind die volste geleenthede is volgens elkeen se belang, aanleg en lewenskeuse (Hand1970:465).

'n Landsweye kerklike kongres is saamgeroep oor wêreldwye sedes en waardes en die kongres is geopen deur Sy Edele, die Eerste Minister B.J. Vorster (Die Kerkbode, no.19, jaargang 122, 13 Mei 1970, 683). Die Eerste Minister het ook opgemerk dat die staat saam met die kerke die toestande wil bekamp (Die Kerkbode, no.21, jaargang 122, 27 Mei 1970, 732). Die kongres oor sedes in Pretoria waar daar 420 afgevaardigdes was het gewigtige besluite geneem en 'n sterk profetiese stem laat hoor deur die owerheid met dringende versoeke en ernstige beroepe te nader oor byvoorbeeld die gesinslewe, geboortebepkering, lewensbehoud, alkohol- en dwelmverslawing (Die Kerkbode, no.3, jaargang 122, 15 Julie 1970, 76).

⁷⁶Die jeug tot jeug aksie van 1974 het plaasgevind in die Heerengracht Hotel in Kaapstad. Dit is onder andere deur die Eerste Minister B.J. Vorster bygewoon wat dit verwelkom het (Die Kerkbode, no.22, jaargang 125, 30 Mei 1973, 682).

4.4.3 Scientologie

Die regeringskommissie insake Scientologie het die kerk uitgenooi om getuienis te lewer. Ds. H.C.J. Flemming en dr. J.D. Vorster is versoek om 'n memorandum aan die kommissie voor te lê (NGK AS Hand 1970:29). Die opmerkings in die verslag oor Scientologie is interessant vanweë die verwysing dat die kerk en staat wesenlike pligte het wat nie ontwyk mag word nie. Die indruk word sterk gewek dat kerk en staat saam take moet uitvoer. Hierdie gedagtes kom baie voor wat die NG Kerk se objektiewe mening dikwels kon beïnvloed (NGK AS Hand 1970:186). Die voorreg van godsdienstvryheid wat daar in die land is behoort nie toegeken te word aan die beweging nie, omdat dit geen reg het op die naam van godsdienst en kerk nie (NGK AS Hand 1970:186). Die kerk het 'n roeping om die wese van die ideologie en sy veelvuldige dwalinge en onwaarhede aan die kaak te stel om so ons mense te beskerm teen die verleidings (NGK AS Hand 1970:186). Van die hele verslag word net kennis geneem omdat die staat reeds 'n kommissie het wat ondersoek instel na die saak (NGK AS Hand 1970:792).

4.5 Geestelike bearbeiding van weermag, polisie, gevangenes en spoorweë

4.5.1 Geestelike bearbeiding van weermag

Die Breë Moderatuur van die NG Kerk en die Departement van Verdediging het ook 'n ooreenkoms gesluit insake die geestelike bearbeiding van die weermag (NGK AS Hand 1970:41). Daar is ooreengekom dat sekere prosedures ook gevolg sal word wanneer daar 'n vakature sou ontstaan (NGK AS Hand 1970:41). Wanneer dit gebeur sal die kommandant-generaal van die Suid-Afrikaanse Weermag (hierna SAW) of 'n offisier deur hom daartoe gemagtig nadat die Minister van Verdediging geraadpleeg is, 'n groslys van drie name van predikante of proponente saamstel (NGK AS Hand 1970:41). Hierna lê die Breë Moderatuur die groslys aan die kerkraad voor wat drie name kan byvoeg (NGK AS Hand 1970:41). Hierdie groslys word daarna vir goedkeuring aan die minister voorgedra, met voorbehoud dat indien die kerkraad 'n naam of name bygevoeg

het, die getal name verminder word tot drie volgens die prosedure voorgeskryf deur die sub-kommissie. Wanneer die minister goedkeuring verleen, beroep die kerkraad een uit die drietal. Sou die beroepene bedank kan die kerkraad een van die oorblywende twee beroep. Hierna sal die Departement die beroepene aanstel en die kerk sal hom in sy amp bevestig (NGK AS Hand 1970:41). 'n Kapelaan word ook in oorleg met die kerk deur die SAW aangestel om as skakel te dien tussen die kerk en die SAW (NGK AS Hand 1970:42). In die verslag oor die geestelike bearbeiding in die SAW word gemeld dat die weermag besef dat die ware toerusting van 'n opgeleide soldaat nie net daarin bestaan dat hy bekwaam moet wees in die hantering van wapens nie, maar ook dat sy geestelike lewe sodanig moet wees dat hy gereed en bereid is om die hoogste offer te bring, met die sekerheid dat daar vrede in sy siel is (NGK AS Hand 1970:43). Die soldaat moet aan sy God en sy kerk gebind wees (NGK AS Hand 1970:43). Hieruit sal voortvloei 'n geestelike voorbereidheid en geestelike weerbaarheid wat vir die weermag en sy taak, maar ook vir die kerk en volk, van besondere waarde sal wees (NGK AS Hand 1970:44-45). Daarom word alle deure vir die kerk in die weermag wyd oopgemaak om sy werk te doen. Hierdie geestelike toerusting wat die kerk aan die soldaat gee is vir die weermag van die allergrootste belang (NGK AS Hand 1970:44). In daardie afgelope diensjaar was daar 69 verskillende kerke en geloofsgroepe in die SAW verteenwoordig. Op daardie stadium was daar ook 50 kapelane van sewe verskillende kerkgenootskappe in die weermag waarvan 30 van die NG Kerk is (NGK AS Hand 1970:44). Hierdie getalle het meer as verdubbel in die voorafgaande drie jaar (NGK AS Hand 1970:44). Die staat het ook ruim bygedra en meer as 'n half-miljoen rand is deur die staat bewillig vir die bearbeiding afgesien van die oprigting van kerkgeboue, pastorieë, sale, ensovoorts (NGK AS Hand 1970:45). Afgesien hiervan word vervoer verskaf vir ampswerk, behuising, volle mediese dienste en staatspensioen (NGK AS Hand 1970:45). Die kerk het ook deur hierdie oop deur ingegaan om die boodskap van Christus te verkondig en so sy koninkryk te bou (NGK AS Hand 1970:45). Die sinode spreek sy dank uit aan die owerheid wat sy Christelike roeping raaksien en nastrewe. Hiervoor kan ons die Here nooit genoeg dank nie (NGK AS Hand 1970:45). Die ongelooflike goeie verhouding tussen kerk en staat in die verband is ooglopend met die baie goeie samewerking. Interessant is ook dat Pro Veritate in

Maart 1971 'n artikel voorhou oor militêre diensplig en die kwessie van gewetensbesware op die tafel sit. Te Hammanskraal in Augustus 1974 besluit die SARK dat hulle teen militêre geweld is soos deur die blanke minderheidgroepe toegepas is om 'n onregverdige diskriminerende rasse-situasie te verdedig. Mnr. Roelf Meyer en dr. B. Naude het ook 'n stuk opgestel rondom alternatiewe militêre diens vir hulle met gewetensbesware⁷⁷ (Van Rooyen 1990:244; Potgieter 1990:337). Die vraag is ook hier wat die NG Kerk te doen staan met die uitnodiging om die beskermingsdienste van die Woord te bedien? Sou hulle dit van die hand wys of gehoor gee aan hulle roeping? Van kritiek op die beskermingsdienste van die NG Kerk se kant is daar nie baie te bespeur op hierdie stadium nie.

4.5.2 Geestelike bearbeiding van die Polisie

'n Ooreenkoms is ook deur die Breë Moderatuur van die NG Kerk en die Departement van Polisie gesluit insake die geestelike bearbeiding van die SAP (NGK AS Hand 1970:46). Die geestelike bearbeiding van lidmate is eintlik die verantwoordelikheid van die plaaslike kerkraad en leraar. Maar die buitengewone omstandighede noodsaak samewerking tussen die kerk en staat om voorsiening te maak soos dan ook ooreengekom tussen die kerk en die staat (NGK AS Hand 1970:46). Kerklik geskied die arbeid onder toesig van die Breë Moderatuur ooreenkomstig die Belydenis en die Kerkorde. Departementeel ressorteer die arbeiders onder die Polisie-departement ooreenkomstig die voorskrifte van die Minister van Polisie (NGK AS Hand 1970:46). Wysiginge in die verband en alle sake rakende die geestelike bearbeiding van lidmate sal gereeld in oorleg met mekaar geskied (NGK AS Hand 1970:46). Die Breë Moderatuur was ook in konsultasie met die Minister van Justisie en dit spreek ook weereens van die oop verhouding en goeie gesindhede (NGK AS Hand 1970:46). Nadat die Breë Moderatuur en die Minister van Polisie ooreengekom het word 'n groslys van minstens drie maar hoogstens ses name van predikante of proponente opgestel. Die Breë Moderatuur lê die groslys aan die betrokke kerkraad voor wat vry is om minstens drie, maar hoogstens ses, name by te voeg. Uit hierdie groslys sal die Breë

⁷⁷'n Hele aantal Jehovasgetuies weier ook om in die tyd diensplig te doen. Die minister verklaar dat dit 'n wêreldwye tendens raak. Die kerk se standpunt indien iemand weier om enige vorm van diensplig te verrig is dat die owerheid

dit nie net gelate kan aanvaar nie, in sulke gevalle is ferme en swaar straf onvermydelik (Die Kerkbode, no.11, jaargang 124, 15 Maart 1973, 322-323)

Moderatuur en die Minister van Polisie dan 'n finale sestal opstel (NGK AS Hand 1970:46). Wanneer die beroepene die beroep aanvaar sal hy deur die Departement aangestel word en deur die kerk bevestig word (NGK AS Hand 1970:47). Die besoldiging sal deur die departement gevind word en ander diensvoorwaardes sal in oorleg tussen die departement en die Breë Moderatuur geskied (NGK AS Hand 1970:47). Ook hier is daar 'n noue verhouding tussen die NG Kerk op die hoogste vlak en die polisie diens en word die deur vir al die kerke, maar ook in besonder vir die NG Kerk oopgestel.

4.5.3 Geestelike bearbeidingsverslag van die Suid-Afrikaanse Polisie diens (1966-1970)

In 'n verslag oor die geestelike bearbeiding van die Suid-Afrikaanse Polisie diens (hierna SAP) (1966-1970) word daar in die lig van die bevolkingsaanwassing en misdaad wat toeneem, gevoel dat die kerk meer geestelike- en morele-ondersteuning aan die departement gaan bied (NGK AS Hand 1970:48). Die vrugte van die geestelike leiding en bearbeiding veral van die meer as 7,000 ongetroude polisiemanne wat in kasernes saamtrek, word gedurig waargeneem (NGK AS Hand 1970:46). Die departement doen ook 'n beroep op die kerk om hierdie werk wat deur die departement gefinansier word daadwerklik te ondersteun (NGK AS Hand 1970:49). Die departement versoek ook die kerk wat deur moeilike jare nog altyd 'n goeie gesindheid teenoor die SAP geopenbaar het, dat hulle sal voortgaan om die Mag geestelik en moreel te onderskraag en voorbidding vir hulle te doen (NGK AS Hand 1970:49). Hier kom dan ook die versoek vanaf die regering se kant vir verdere hulp aan die SAP. Wedersyds was daar goeie samewerking en die NG Kerk het sy volle ondersteuning aan die oproep gegee om die Woord te verkondig aan die duisende lede van die SAP.

4.5.4 Geestelike bearbeiding van die departement van Gevangenis

Die NG Kerk se invloed was inderdaad baie groot en so het die NG Kerk byna al die beskermingsdienste met die Woord bedien en was die samewerking orals baie goed. So het die Breë Moderatuur van die NG Kerk ook 'n ooreenkoms tussen die

Departement van Gevangenisse oor die aanstelling van 'n direkteur van geestelike dienste sowel as ander voltydse- en deeltydse geestelike werkers van die NG Kerk bereik (NGK AS Hand 1970:49). Ook hier word genoem dat buitengewone omstandighede die samewerking van kerk en staat noodsaak. Sover dit die NG Kerk raak word die ooreenkoms vir die hele republiek en SWA aangegaan, deur die Algemene Sinode met die betrokke minister (NGK AS Hand 1970:49). Departementeel ressorteer voltydse- en deeltydse geestelike werkers se arbeid in gevangenisse onder die Departement van Gevangenisse. Die Breë Moderatuur kan op versoek van en in oorleg met die departement een van sy leraars afsonder vir aanstelling deur die departement as organiserende amptenaar om namens die kerk die arbeid van voltydse- en deeltydse geestelike werkers van die NG Kerk te koördineer. Dit geskied ooreenkomstig die kerkorde en praktyk van die NG Kerk en die regulasies van die Departement van Gevangenisse (NGK AS Hand 1970:50). Sy verantwoordelikhede aan die kerk sal wees om verslag te doen aan die Breë Moderatuur oor sy werksaamhede rakende die belange van die NG Kerk (NGK AS Hand 1970:50). Wat die besoldiging betref sal die departement vir die direkteur se besoldiging en staatspensioen-voorregte verantwoordelik wees (NGK AS Hand 1970:50).

4.5.6 Geestelike Spoorwegbearbeiding

Spoorwegbearbeiding het al hoe meer die klem begin dra van nywerheidsbediening en dit is behartig deur die breë kommissie vir spoorwegbearbeiding wat as subkommissie van die Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie (hierna AKAE) gedien het (NGK AS Hand 1970:523-524). Hier is ruim bygedra deur lidmate vir werk onder blankes en nie-blankes (NGK AS Hand 1970:524). Hier wil die hoogerwaarde sinode sy innige waardering uitspreek teenoor Sy Edele die Minister van Spoorweë en die spoorwegadministrasie vir die deure wat aan die kerk oopgestel is. Ook vir die hartlike samewerking met die kerk in sy nywerheidsbediening en vir die ruim finansiële steun, geriewe en fasiliteite wat tot die kerk se beskikking gestel is (NGK AS Hand 1970:524). Hier word die goeie samewerking weer gesien, en ook die NG Kerk wat die geleentheid aangryp om die Woord te verkondig. Die kritiese vraag kan ook maar weer gevra word in hoe 'n mate het hierdie goeie verhouding tussen die regering en die NG

Kerk sy profetiese roeping beïnvloed in die tyd? Die Algemene Sinode spreek ook sy hartlike dank uit aan die regering wat in die konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van die Spoorweë en Hawens Wet Nr. 22 van 1960 die reg aan die kerk verleen om lidmate geestelik te bearbei (NGK AS Hand 1970:845). Die Algemene Sinode spreek ook sy hartlike dank uit teenoor Sy Edele die Minister van Vervoer omdat daar 'n jaarlikse toekenning van R1,000 gegee is vir werk onder elke blanke personeel en R750 gegee is vir werk onder nie-blanke personeel. Hiermee saam ook vir die reg op aftrekorders en vry reisgeriewe wat vir die sinode 'n bewys is van belangstelling in die kerklike werk vanuit die ministeriële vlak (NGK AS Hand 1970:845).

4.6 Aktuele sake

4.6.1 Grondbesit in Suid-Afrika

Dr. J.A. van Wyk skryf in Die Kerkbode (no.1, jaargang 123,7 Julie 1971, 28) dat die probleem van grondbesit ook vir die kerk van besondere belang is. Hy skryf dat grondbesit onder enige regeringsbeleid 'n sleutelsaak is. Dr. J Alex van Wyk spreek ook hier 'n profetiese woord in Die Kerkbode en spreek 'n baie belangrike saak aan. Hy vra die vraag of Bantoe gemeenskappe redelik as gemeenskappe bestaan en gedy op die grond wat hulle nou besit en wat is die moontlikhede vir uitbreiding en uitronding deur regeringsaankope en deur eie aankope deur die Bantoe gemeenskappe? Hy vra ook die kritiese vraag oor hoeveel grond wat in blanke besit is self deur blankes bewoon word en hoeveel nie? Die Kerkbode plaas ook die brief en vra ook die kritiese profetiese stem wat die toekoms betref, omdat die belangrike saak vrede gaan bepaal ver in die toekoms. Van Wyk skryf dat regeringsinstansies in sulke sake nie finale posisies moet inneem nie, maar moet oop bly vir die Christelike gewete en die aanwysings van die Skrif. Die kerk se profetiese stem is van kritieke belang ook teenoor sake van die dag soos hier, wat baie maal 'n vreedsame toekoms bepaal.

4.6.2 Besoedeling en waterbesparing

'n Radioberig van 2300 ton gifstowwe wat in Duitsland spoorloos geraak het en die hele gevaar om omgewingsbesoedeling is 'n groot vraag. Waarheen met al die gifstowwe?

Omgewingsbesoedeling kom op soveel fronte voor dat die landsowerheid tot drastiese stappe gedwing is. Skepe, motors, fabrieke, myne en ander nywerhede is alles bronne van omgewingsbesoedeling (Die Kerkbode, no.6, jaargang 123, 11 Augustus 1971, 188). Die inleidingsartikel skryf ook dat die regering besluit het om 1970 as die Waterjaar aan te wys. Dit handel oor water in al sy fasette: ook om die doeltreffender benutting van water en om besoedeling teen te werk. Dit is die plig van elke Christen om saam te werk in die bevordering van hierdie oogmerke (Die Kerkbode, no.5, jaargang 122, 4 Februarie 1970, 157). Die vraag oor waar die kerk se terrein lê word dikwels gevra en weer soos hier wat die natuur betref. Tog spreek die NG Kerk ook sy profetiese stem hier uit teenoor die hantering van water en besoedeling van die natuur en doen 'n beroep op die regering vir optrede in die verband.

4.7 Openbare sedelikheid

4.7.1 Geboortebepkering

In 'n studieopdrag van die sinode rondom geboortebepkering beklemtoon die sinode dat in die lig van die Heilige Skrif die owerheid nie vry is om voortplanting van die menslike geslag willekeurig te beperk nie (NGK AS Hand 1970:176). Die sinode beveel ook verder aan dat die medewerking van die owerheid verkry moet word vir die bestryding van die gevolge van geboortebepkering in ons land. Dit kan deur wetgewing geskied rondom die distribusie van kontraseptiewe middels (NGK AS Hand 1970:177). Die owerheid moet dit ook ernstig oorweeg om die verskaffing van vrye kraamdienste en geriewe aan moeders te skenk en om verligting van inkomstebelasting ten opsigte van die kindertal en gesinstoelae te oorweeg (NGK AS Hand 1970:177-178). Die NG Kerk sien ook die gevaar raak van onsedelikheid, maar spreek ook die nood wat hy raaksien in die samelewing aan deur die regering met sy profetiese stem te herinner aan sy verantwoordelikhede rondom gesinne in die land.

4.7.2 Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie

In die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (hierna SAUK) se jaarverslag van 1970 word daar melding gemaak van die godsdienstige uitsendings. Hier word geskryf dat die

meeste program-tyd in die Afrikaanse diens aan godsdienstige uitsendings afgestaan word. Die Kerkbode wil die SAUK gelukwens met die ruim plek in die programme vir godsdienstige doeleindes. Die Kerkbode spreek ook die hoop uit dat daar altyd 'n hartlike samewerking sal wees tussen die kerk en die SAUK (Die Kerkbode, no.1, jaargang 123, 7 Julie 1971, 4). Die profetiese stem van waardering en aanprysing kom hier sterk na vore. Hierdie aanprysing is 'n baie belangrike deel van die profetiese stem van 'n kerk.

4.7.3 Beeldradio

Die verslag van AKLAS bedank op 'n stadium die Suid-Afrikaanse owerheid vir die afwysing van beeldradio. Hierdie saak is nou pertinent onder die aandag van die kerk gebring. Daar is ook om 'n kerklike mening gevra. Die eerste behoefte van die kerk is om die hartlikste dank en waardering uit te spreek teenoor die Suid-Afrikaanse owerheid, dat hy tot dusver met onverskrokkenheid en die moed van sy oortuiging in belang van ons volk die beeldradio beslis afgewys het (NGK AS Hand 1970:257-258). Die waardering is soveel groter omdat daar so baie druk op die regering uitgeoefen was oor hierdie saak (NGK AS Hand 1970:258). Die owerheid se besluit in die verband is vir die kerk 'n bemoedigende teken omdat hulle hul verantwoordelikheid besef het teenoor al die bevolkingsgroepe van die land. Vir die kerke is dit ook verder 'n bewys dat by ons owerheid geestelike waardes tel (NGK AS Hand 1970:258). Na aanleiding van 'n kommissie wat deur die owerheid aangestel is om beeldradio wel te ondersoek, dring die sinode sterk aan by die owerheid dat indien op so 'n diens besluit word toe te sien dat dit 'n streng beheerde beeldradio-diens moet wees. Die sinode vertrou dat die owerheid sal toesien dat hierdie diens, in samewerking met die kerk, tot heil sal wees vir alle bevolkingsgroepe sowel as vir die jeug (NGK AS Hand 1970:793). Die AKOS noem in sy verslag dat die sinodale besluite van 1966 per brief of deputasie aan die Minister van Justisie voorgelê is en dit het selfs in sekere gevalle die aandag van die kabinet geniet (NGK AS Hand 1970:264). Die beeldradio is nie net meer 'n moontlikheid waarmee die kerk moet rekening hou nie, dit sal nou binne vier jaar 'n werklikheid word, word daar geskryf. Dit moet egter regmatig ook gebruik word vir godsdienstige doeleindes. Die sinode dring ook ernstig by die owerheid aan dat dit 'n

streng beheerde diens sal wees (Die Kerkbode, no.18, jaargang 123, 5 Mei 1971, 613). Dit is ook hier duidelik dat die owerheid dikwels die NG Kerk se opinie gevra het oor sake of dat die kerk dikwels prontuit sy mening gelig het. Die NG Kerk het op alle gebiede gepoog om 'n wakende oog te hou na regte en onregte.

4.7.4 Aborsie

Die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheelkundige Raad het opdrag gegee om oorweging te skenk aan die uitbreiding vir die gronde van aborsie. Die Kerkbode reageer ook hierop dat dit die aandag van die staatsleiers, die wetmakers en die geestelikes verg. Die veronderstelling dat die kerk en die staat hier saam kan werk is byna 'n gegewe. Wat aborsie betref, is die lewe van 'n mens kosbaar vir die kerk (Die Kerkbode, no.5, jaargang 123, 4 Augustus 1971, 148). Oor die voorgenome Wetgewing van Aborsie in die Volksraad wat van voorneme is om sommige aborsies te wettig, sê die minister in die verband naamlik dat die regering deeglik bewus is van die godsdienstige en sedelike aspekte wat met die saak gemoeid is. Ook hier noem die regering dat die NG Kerk se standpunte en profetiese stem nie vir hulle onbekend is oor die saak nie. Juis oor die NG Kerk se stem in die verband het die regering na die eise van die Skrif en die sedewet gekyk om daarmee rekening te hou. Die NG Kerk se stem in die verband as profeet het die regering bewus gehou van die eise van die Woord oor aborsie. Die Kerkbode reageer dankbaar in sy profetiese stem teenoor die owerheid (Die Kerkbode, no.9, jaargang 124, 1 Maart 1972, 260). Die ander punt wat Die Kerkbode maak is dat die standpunt verwelkom moet word dat die individu nie self kan besluit oor aborsie nie (Die Kerkbode, no.8, jaargang 125, 21 Februarie 1973, 226).

4.7.5 Die Pil oor die toonbank

Die Aptekersvereniging wat aangekondig het dat die geboortebeperkingspil oor die toonbank verkoop sal word aan enige persoon wat daarvoor sou vra, het sterk reaksie van Die Kerkbode ontlok. Die profetiese opmerking is gemaak dat dit die weg na lossere sedes aanwakker en daarvan sal die wrange vrugte nog gepluk word (Die Kerkbode, no.21, jaargang 125, 23 Mei 1973, 650).

4.7.6 Egskeidingswette en owerspel

Egskeidingswette moet ook strenger gemaak word sodat dit nie na willekeur kan geskied nie (NGK AS Hand 1970:627). Hiermee saam beveel die kerkkongres van 1970 die staat aan deur sy Departement van Volkswelsyn voldoende subsidies te verleen aan goedgekeurde versoeningsrade wat deur die kerke en welsynsliggame opgerig is, om egskeidings te probeer verhoed (NGK AS Hand 1970:628). Die regering word ook versoek om owerspel in ons landswet 'n strafbare oortreding te maak, so ook buite-egtelike saamlewe en Sondagsport. Die NG Kerk spreek sy profetiese stem sonder verskoning uit en verwag van die regering om die samelewing onder Christelike wetgewing te plaas en huwelike te beskerm en so ook die gesinne wat daaronder ly (NGK AS Hand 1970:628).

4.7.7 Naakte beelde

Sinodale Kommissies vir Openbare Sedelikheid van Transvaal skryf dat die kommissies met leedwese kennis geneem het van die persberig dat 'n komitee die voorgestelde naakte⁷⁸ beelde vir die nuwe gebou vir Binnelandse Sake goedgekeur het. Die kabinet het ook die besluit aanvaar. Hier word gevra of die Christelike kerk ooit genader is deur die owerheid om sy mening te gee oor hierdie saak wat so kennelik op die sedelike⁷⁹ en godsdienstige terrein lê. Die algemene verwagting van die NG Kerk was ook dat die regering hom in byna alles moet ken (Die Kerkbode, no.16, jaargang 123, 20 Oktober 1971, 516).

⁷⁸Pornografie is ons eie skuld, noem Die Kerkbode. Dit is ook die gevolgtrekking waartoe 'n groot gehoor in Kaapstad se St. Stephens gemeente van die *Church of England* gekom het. Dit is vernietigend en demoraliserend (Die Kerkbode, no.19, jaargang 125, 9 Mei 1973, 601)

⁷⁹ Daar word ook aan AKOS opgedra om 'n ontmoeting met minister L. Muller te reël om die saak van onweloweglike kleredrag te bespreek sodat dit ook strafbaar kan wees met die wet (NGK AS Hand 1970:272-273). Die Ring van Colesberg skryf dat hulle op hulle pas afgelope vergadering kennis neem van die onrusbarende toename van die leesstof. Hulle bedank die Publikasie Raad vir voortrefflike werk in die verband en verseker die Raad van die Kerk se ondersteuning (Die Kerkbode, no.18, jaargang 123, 3 November 1971, 620)

4.7.8 Staatslotery

Die vraag of Suid-Afrika 'n staatslotery moet hê, duik gereeld op, word geskryf. Die NG Kerk het nog nooit in sy standpunt oor staatslotery gewankel nie. Verskeie sinodes het hulle ook al daarvoor uitgespreek. Daar is verhoë tot die owerheid in die verband gerig. Die kerk het ook in die dae toe Suid-Afrikaners meegedoen het aan die buurstate se lotery aangedring op die verbod daarvan. Die NG Kerk spreek sy profetiese stem uit oor lotery; of die owerheid egter altyd daaraan gehoor gee is 'n ander saak (Die Kerkbode, no.11, jaargang 123, 15 September 1971, 356).

4.7.9 Woonstelkomplekse

Die Breë Moderatuur is ook versoek deur die sinodale kommissie van Noord-Transvaal om met die betrokke ministers te onderhandel ten einde woonstelkomplekse in die toekoms so te beplan dat daar voldoende speelruimte vir kinders sal wees. Die Breë Moderatuur het die owerheid versoek om wetgewing met die doel in te dien (NGK AS Hand 1970:29). In antwoord hierop het die Minister van Gemeenskapsbou gesê dat die departement besig is met stappe om toe te sien dat geen woonstelkompleks opgerig sal word sonder genoegsame voorsiening van speelruimte vir kinders nie (NGK AS Hand 1970:29). Daar word ook sterk gevoel dat die owerheid by behuising rekening moet hou met die vereistes vir 'n normale en gesonde gesinslewe wat byvoorbeeld ruimte, privaatheid ensovoorts insluit (Hand 1970:629). Die NG Kerk se rol in sy profetiese stem is ook hier gehoor. Die gesin se behoeftes is hier aangespreek deur die kerk.

4.7.10 Die taak van die kerk en noodsoorg

In 'n studieopdrag van die barmhartigheidsdiens en volkswelsyn is die volgende bevindinge op grond van beginselonderskeidings aan die sinode voorgehou. In die verslag word dit beklemtoon dat beide die kerk en staat 'n eiesoortige verantwoordelikheid en funksie het ten opsigte van hulpverlening op die deelreën van noodsoorg (NGK AS Hand 1970:178). In die aanbevelings word dit ook uitgewys dat staatsubsidies wat grensoorskryding en afhanklikheid en ondergeskiktheid in die hand werk vir die sinode onaanvaarbaar is. Die NG Kerk spreek hom hier baie duidelik uit

dat die staat nie vir hom mag voorskryf in die verband nie. Die duidelike standpunt van die NG Kerk is ook 'n helder profetiese stem teenoor die staat wat betref staatsinmenging (NGK AS Hand 1970:179). Die standpunt is ook deur die Breë Moderatuur en die Algemene Kommissie vir Diens van Barmhartigheid (hierna AKDB) opgeneem met die verantwoordelike minister (NGK AS Hand 1970:179). Al was die verhoudinge goed het die NG Kerk hier duidelik die streep getrek en nie die inmenging geduld nie. Elkeen het sy eie terrein hier gehad.

4.7.11 Die Sondag

4.7.11.1 Sondag wetgewing

In die verslag word gemeld van die konsolidasie van Sondagwette en die Wet op Sondagsport. Hier het minister Pelsers die deputasie vriendelik ontvang op 2 Desember 1968 en 'n onderhoud van twee en 'n half uur is toegestaan. Hy is bygestaan deur die adjunkminister van Justisie mnr. Froneman, die sekretaris van Justisie mnr. Oberholster, die regsadviseur mnr. Parsons en met die oog op die drankwetgewing die voorsitter van die Drankraad mnr. le Roux. Die meeste kere was die deure vir die NG Kerk oop by die owerheid omdat die owerheid die NG Kerk ook goedgesind was en omdat die regering gepoog het om Christelik Nasionaal te wees (NGK AS Hand 1970:265). Die regering het sy besorgdheid uitgespreek oor die toenemende Sondagsontheiliging en het die moontlikheid van wetgewing in die verband in die vooruitsig gestel (NGK AS Hand 1970:265). Die regering wys daarop dat die Engelse kerke teen die wetsontwerp gekant is ten opsigte van Sondagsport. Die regering wys ook iets belangrik uit ten opsigte van die profetiese rol van die kerk deur voor te stel dat die kerk met die Engelse kerke in gesprek tree oor die saak, dan kan wetgewing moontlik volg. Soos hier blyk is een van die groot probleme van die kerke dat hulle uit verskillende monde praat en so nie die owerheid oortuig van 'n standpunt nie (NGK AS Hand 1970:265). Met die oog op die regering se roeping as dienaar van God om die kwaad te bestry en die Christelike geloof en sedes te beskerm, versoek die sinode die regering andermaal ernstig om alle georganiseerde sport op openbare plekke op die dag van die Here te verbied. Daar word ook gevra dat die bestaande Sondagwette

gekonsolideer moet word sonder die prysgawe van positiewe bepalings. Hierdie gekonsolideerde wette moet dan ook van toepassing gemaak word op die hele republiek (NGK AS Hand 1970:271). Die sinode neem ook met dank kennis dat die landdroste in Transvaal steeds bereid is om Sondagwette uit te voer. Hier kry 'n mens ook al die indruk dat daar 'n verandering kom omdat die wette moeilik toepasbaar geword het (NGK AS Hand 1970:271). Die sinode versoek ook die regering om die instruksie van die prokureur-generaal van Transvaal te herroep dat geen vervolging onder die Sondagwette ingestel mag word nie (NGK AS Hand 1970:272).

4.7.11.2 Sondagblaai

In 'n brief deur mnr. A.P. Retief, skryf hy dat Sondagblaai 'n werktuig van die Satan is en dat al hoe meer Christene dit besef (Die Kerkbode, no.3, jaargang 123, 20 Januarie 1971, 89). Die Ringskommissie van Oudtshoorn het groot waardering vir die brief van die Ring van Uitenhage, in Die Kerkbode van 9 Desember 1970 onder die opskrif "Behoort Minister Sondagpers te Beskerm". Die ringskommissie beloof sy volle steun aan die stryd teen Sondagkoerante en teen sede-ondermynende blaai (Die Kerkbode, no.3, jaargang 123, 20 Januarie 1971, 95). Daar word ook beleefd 'n versoek gerig teenoor die regering om wetgewing in te dien wat openbare Handelstransaksies op Sondag onwettig verklaar (NGK AS Hand 1970:272). Die regering word ook dringend versoek om alle smokkelkroeë te onderdruk en daar word gevra dat biersale vanweë die misbruik en Sondagsontheiliging op Sondag gesluit sal word (NGK AS Hand 1970:272). Die NG Kerk het hier soms verval in te fyn besonderhede in die voorskryf van die wet sodat dit uiteindelik sou vasdraai op 'n stadium. Dit laat ook die vraag ontstaan oor die kerk se profetiese rol en die voorskryf van praktiese reëls in die verband.

4.8 Drankmisbruik

4.8.1 Drankmisbruik en alkoholinhoud van bloed

Die sinode beveel ook by die owerheid aan dat die maksimum alkoholinhoud van die bloed wat strafbaar is vasgestel moet word op 0,8 persent. Hier het die NG Kerk ook

gefokus op die motoriste en so die grondslag ten dele vir toekomstige wetgewing in die verband gestel. Die NG Kerk gebruik ook sy profetiese stem positief vir voorstelle en wat haalbaar is soos hier aangetoon (NGK AS Hand 1970:274). Die sinode neem met dank kennis dat die minister sy nuwe magte met omsigtigheid uitoefen rakende die toelating van vroue en jong mense in die beperkte deel van gelisensieerde geboue (NGK AS Hand 1970:275). Tog ten spyte van die NG Kerk se pleidooie hier en aanprysing, is vroue en jongmense later toegelaat in die beperkte deel van gelisensieerde klubs en restaurante. Dit is deur die sinode betreur omdat dit drinkgewoontes kan kondisioneer (NGK AS Hand 1970:275).

4.9 Wet op publikasies en vermaaklikheid

In die Addendum-verslag van AKOS 1966-1970 word daar gemeld van die kerklike kongres wat gehou is 30 Junie tot 2 Julie 1970 (NGK AS Hand 1970:621). By die kongres is daar gevoel dat die sensuurwet verbeter moet word. Die Algemene Sinode het ook gevoel dat 'n sterk afvaardiging na die regering gestuur moet word om aan te dring op die wysiging van Wet Nr. 26 van 1963 om doeltreffender sensuur te verkry (NGK AS Hand 1970:622). Ondermeer word daar gevra dat 'n Provinsiale Publikasieraad in elke provinsie gestig sal word wat die Sentrale Raad kan bystaan en adviseer oor aanstootlike en onwenslike boeke (NGK AS Hand 1970:622). Hierdie Provinsiale Publikasieraad sal verteenwoordigend wees van alle belanghebbende instansies. Hier sal minstens twee lede benoem word om die Engelse en Afrikaanse kerke te verteenwoordig (NGK AS Hand 1970:622). Addisionele drie lede kan ook by hierdie Provinsiale Publikasieraad deur die minister benoem word op grond van hulle kennis van die Christelike geloofsleer en sedeleer (NGK AS Hand 1970:622-623). By die benoeming van 'n paneel om by die Publikasieraad behulpsaam te wees sal die Christelike kerke 'n aantal adviseurs en keurders benoem waaruit die minister kon kies; die Christelike kerke sal ook van tyd tot tyd deur die minister genooi word om aanbevelings te maak (NGK AS Hand 1970:623). Die Breë Moderatuur saam met AKOS is ook gevra om die regering te spreek en ook aan te dring op wysigings van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede 1963 en die Doeanewet 1964. Hierdeur kon sensuur toegepas word en kan skrywers en vervaardigers wat die wette sou oortree

meer dikwels gestraf word (NGK AS Hand 1970:273). Daar word ook gevoel dat by die benoeming van lede van die Publikasieraad die minister die Christelike kerke sal uitnooi om persone aan te beveel waaruit die minister 'n vaste aantal sal aanstel (NGK AS Hand 1970:273).

4.9.1 Die wet op publikasies

Die aankondiging dat die wet op publikasies en vermaaklikhede waarskynlik sodanig gewysig gaan word dat beheer oor lektuur en rolprente strenger en hopelik doeltreffender sal kan geskied, is onmiddelik met 'n koor van protes begroet, word daar geskryf. Hierdie stap wat tot beperkings op die vryheid van uitdrukking kan lei word ter stond veroordeel as die gruwelikste vergryp wat die owerheid ooit teenoor sy onderdane begaan het. Die NG Kerk se reaksie was eerder dat daar saam met die regering gewerk moet word as om te protesteer. Die NG Kerk het ook hier in die bresse getree vir die regering (Die Kerkbode, no.7, jaargang 123, 17 Februarie 1971, 220).

4.10 Dwelmmiddels

Die misbruik van dwelmmiddels deur oud en jonk word diep betreur deur die sinode. Ook in hierdie verband neem die sinode met dank kennis dat die regering 'n ondersoek ingestel het na die hele probleem om heel moontlik strenger op te tree teen die euwel (NGK AS Hand 1970:274). Ds. A.H. Botha skryf ook oor die owerheid se lofwaardige optrede om die bedreiging van dwelmslawe te bekamp. Wet no. 41 van 1971 is goedgekeur wat verskillende strafbepalings moontlik maak. Hier word duidelik onderskei tussen drie groepe by name die gewetenlose smokkelaar, die afhanklike en die persoon wat net 'n gebruiker is. Die NG Kerk is ook hier bekommerd oor die tendense van dwelms en spoor die regering aan met die wetgewing in die verband. Dit is sprekend van 'n positiewe profetiese bydrae (Die Kerkbode, no.5, jaargang 124, 2 Augustus 1972, 151).

4.11 Samevatting

Die sinode van 1970 was vir die NG Kerk om 'n paar redes baie belangrik. Daar is verwag dat die NG Kerk sterk leiding moes gee oor sake soos apartheid. Wat die NG

Kerk se ekumeniese verhoudinge betref, moes ook daarvoor besin word. By hierdie sinode het dit ook geblyk dat daar twyfel bestaan rondom kernsake wat vir hulle voorgelê het. Dit blyk uit die verkiesing van die moderator van die sinode. Dr. J.D. Vorster word verkies as moderator, maar wen slegs met 'n klein meerderheid van elf stemme teenoor dr. F.E.o'B. Geldenhuys.

Die moontlike isolasie van die NG Kerk in die tyd word ook al hoe sterker. Die GKN het teen 1968 temas soos rassegelykheid en die bevryding van die armer rasse ens. onder oë gehad. Apartheid het dan ook vir die Nederlanders gekom uit die "ou" wêreld waarvan teoloë van die GKN teen 1968 alreeds afskeid geneem het. Die NG Kerk se verhouding met die GKN teen 1968 en veral met sekere lidmate van die GKN het al hoe meer gespanne geword. Verskille het ook groter geword in dié tyd oor die Suid-Afrikaanse problematiek.

Het sy profetiese stem helder en duidelik deurgekom? Die Kerkbode reageer en skryf dat as dit is dat die regering wel 'n oor het om te luister dan is die kerk van harte dankbaar. Die opmerking laat dit byna deurskemer dat die regering nie altyd so bereid was om met die NG Kerk te praat nie.

Na aanleiding van 'n klomp gebeure in Suid-Afrika rondom die rasse-situasie neem die WRK in 1968 by sy vierde Algemene Vergadering te Uppsala in Swede baie radikale besluite. Na hierdie vergadering van die WRK in 1968 volg daar ook in 1969 'n program genoem: "Program vir die Bestryding van Rassisme". Daar is ook in hierdie program voorsiening gemaak vir spesiale fondse waardeur kerke "simboliese" geldelike bydraes maak aan die bevrydingsorganisasies. Dr. J.D. Vorster skryf dat die Raad se besluit om geld vir die terroriste organisasies te gee skokkend is. Hy skryf ook die politieke partye stem daarmee saam. Dit rym nie met Christelike beginsels. 'n Vraag word ook gevra oor grond in Suid-Afrika en die beskikbaarheid daarvan. Die kritiese vraag is hoeveel van die grond wat in blankebesit is, self deur blankes bewoon word en hoeveel nie? Die Kerkbode plaas ook die brief en vra die kritiese profetiese stem wat die toekoms betref, omdat die belangrike saak vrede gaan bepaal ver in die toekoms. Die NG Kerk

voeg ook onder andere sy stem by oor die hele gevaar van omgewingsbesoedeling. Waarheen met al die gifstowwe? Die NG Kerk is ook hier bekommerd oor 'n hele aantal sake rakende openbare sedelikheid en spreek hom ook sterk daaroor uit.

HOOFSTUK 5: 1974-1982

‘n ERA VAN GROOT STORMS

5.1 Die NG Kerk se invloed aan die afneem

Dr. J.W. Hofmeyr maak ‘n baie belangrike opmerking in 1979 dat die NG Kerk in die vyftigerjare op die voorpunt van die vorming van openbare mening gestaan het, maar sedert die botsings wat na Cottesloe plaasgevind het, het die kerk nie meer langer ‘n leidende aandeel geneem in die vorming van openbare mening nie (Die Kerkbode, no.18, jaargang 131, 4 April 1979, 438). Dr. A. Rupert sluit in 1980 aan by die stelling deur op te merk dat die NG Kerk se belangrikheid die laaste 25 jaar drasties afgeneem het (Die Kerkbode, no.1, jaargang 132, 2 Januarie 1980, 3). Sou die opmerkings van bogenoemde persone ook kon gesien word in die era 1974-1986? Wat sou die redes wees in die era vir die moontlike tanning van die NG Kerk se mening in die tyd? Wat sou in die verskillende toesprake en herderlike briewe in die drie sinode-sittings deurskemer? Sou dit waar wees dat die NG Kerk se profetiese stem in die tyd ook net al hoe minder sou word of was die teendeel eerder waar?

5.2 Broederlike onderhoud van die Algemene Sinode 1974

In die broederlike onderhoud van 1974 word daar verwys na die NG Kerk se profetiese taak en dat daar met die NG Kerk gespot is in die verband deur na die kerk te verwys as die “bewakers van die sedes”. Die pers beaam hier iets dat die NG Kerk, wat die sedes betref, sy profetiese stem laat hoor het, “terwyl daar in baie lande reeds die handdoek ingegooi is deur die bewakers” (NGK AS Hand 1974:688). Die NG Kerk poog ook hier om volgens beginsels die Woord te spreek en daar kan slegs van beginsels gepraat word “wanneer dit op ‘n duidelike uitspraak van die Heilige Skrif gegrond is. Anders word die eie standpunt so maklik die eie goud wat in ‘n kalf omskep word waarvoor ons met godsdienstige vroomheid en standvastigheid kom buig” (NGK AS Hand 1974:691). Sou die duidelike soeke na beginsels uit die Woord waar wees van hierdie Algemene Sinode van 1974 of sou hulle moes buig voor godsdienstige vroomheid? “Daar sal in die onsekerheid en verwarring van die krisistye vorentoe

alleen nog geluister word na die kerk wat met eerlikheid en waarheid kan sê: ‘So sê die Here’” (NGK AS Hand 1974:691). Hier word onder andere ook verwys na die rasseprobleem in Suid-Afrika asook die regstelling daarvan. Die sinode vra ook dat die Here hulle sal help met die besluite wat in die verre toekoms in notules geskryf sal staan (NGK AS Hand 1974:692). In die herderlike brief van 1974 word die feit dat die NG Kerk diep bewus is van bevolkingsverhoudinge in Suid-Afrika ook weer opgehaal. Die NG Kerk is meer en meer bewus van die praktiese situasie in die land en dit raak die sinode ook intens. Die NG Kerk stel dit ook hier dat hulle dieselfde ideaal as ander Christelike kerke het van maatskaplike geregtigheid, menslike regte en selfbeskikking van volke en mense wat op Gods Woord gegrond is. Die sinode is oortuig van die noodsaaklikheid dat die kerk sy profetiese roeping moet vervul, simpatieke begrip moet hê, skriftuurlik leiding moet gee en voorbidding moet doen (NGK AS Hand 1974:696). Die NG Kerk is deurentyd bewus van die profetiese roeping en dat dit vanuit die Skrif moet kom. Hier vind ons ook die gedagtes van menseregte en geregtigheid wat al hoe sterker op die voorgrond tree. Die Kerkbode merk ook op dat die vierde Algemene Sinode talle belangrike besluite geneem het oor rasse-, ekumeniese- en ander verhoudingskwessies. Oor die jare heen het verskeie sinodale streke hul oor rasse-sake en volkeverhoudinge uitgespreek. Dit was anders by hierdie sinode, word daar geskryf: die Algemene Sinode van 1974⁸⁰ was ‘n beleidmakende kerkvergadering van die NG Kerk. Hier kon gesê word dat die NG Kerk volgens die lig en insig waaroor hy op daardie stadium beskik het die toekoms wou ingaan. Tog wou die sinode hom nie uitspreek oor die kerklike omstandighede van die Bantoe in die stedelike gebiede nie, dit het agterweë gebly en die sinode wou homself nie na een of ander kant toe uitspreek nie. In die algemeen gesproke het hierdie sinode egter nog steeds versigtig konserwatief gebly (Die Kerkbode, no.19, jaargang 126, 6 November 1974, 586).

⁸⁰In die Openingsrede deur die uitredende voorsitter dr. J.D. Vorster, sê hy: “... Hy wat geroep het was getrou. Een van die eerste briewe en telegramme wat ek vier jaar gelede gekry het, was ‘n boodskap van iemand wat sedertdien tot hoër diens opgeroep is. Die inhoud was Ps. 20. Uit hierdie Ps. het ek vier jaar geleef en die weelde rykdom gesmaak dat die Here getrou en genadig is. My taak is nou afgedaan, maar die kerk van Christus gaan voort” (NGK AS Hand 1974:683)

5.2.1 Openingsrede 1978

In die Openingsrede in Oktober 1978 deur ds. D.P.M. Beukes, wat verkies is as moderator, verwys hy ook hier terug na die sinode van 1974 en noem dat daar slegs van sekere dele van die ad-hoc kommissie insake rasse-aangeleenthede se verslag kennis geneem is. Ds. D.P.M. Beukes noem ook dat die kerk hieroor kritiek gekry het en eintlik verwyd is dat die NG Kerk nie sy profetiese stem laat hoor het oor die nood van hulle medemense in die land nie (NG Kerk AS Hand 1978:1094). Hy noem ook die gevaar dat 'n kerk maklik in 'n situasie ingedwing word waarin hy nie met volle vryheid sy eie agenda kan bepaal nie. Soms het magte of instansies 'n groot aandeel in dit. Was die NG Kerk in die verlede werklik vry met net 'n eie kerklike agenda of het die tydsgees ook 'n rol gespeel? (NG Kerk AS Hand 1978:1094). Vir hierdie sinode van 1978⁸¹ was dit egter baie moeilik om solidêr met alles en almal te wees en dan ook nog ondersteuning aan “terrorisme, duiwelse wreedheid, moord en doodslag” te gee (NG Kerk AS Hand 1978:1096). “Die sinode het ook met groot dankbaarheid kennis geneem van die ontwikkeling op die terrein van opvoeding en onderwys.” Ook hier is veral op hoë vlak met onderwysbeleidmakers gesels en ook langs ander weë is die allermooiste band tussen gesin, kerk en skool verstewig en uitgebou (NG Kerk AS Hand 1978:1087).

Die Algemene Sinode word ook deur ds. J.E. Potgieter daarop gewys dat “mnr. P.W. Botha Eerste Minister geword het en die Algemene Sinode wens hom geluk met sy verkiesing en bid hom wysheid, gesondheid en die Here se leiding toe, veral in die moeilike en delikate onderhandelinge en besluitneming”. Daar is ook vir die kabinet gebid wat saam met die Eerste Minister in die komende dae belangrike besluite moet neem insake SWA (NG Kerk AS Hand 1978:807). Die verhouding met die regering van die dag was hier ook goed. Die Algemene Sinode dra ook met blydskap gelukwensing

⁸¹Die sinode sal in die geskiedenis bekend staan as die sinode wat op 22 Oktober die nuwe Psalm en Gesangeboek in ontvangs geneem het. By die geleentheid is die eerste eksemplaar ook aan die nuwe Staatspresident, Sy Edele adv. B.J. Vorster oorhandig. “Die samesang uit die nuwe boek was vir elke afgevaardigde 'n hoogtepunt in die

dagprogram". Psalm 33:1 word voorgelees: "Sing tot sy eer 'n nuwe lied". Dit is dan die woorde wat die sentrale boodskap van die herderlike skrywe uitgemaak het aan die gemeentes (NG Kerk AS Hand 1978:1086).

oor aan mnr. B.J. Vorster wat verkies is tot Staatspresident van die land, die sinode is ook dankbaar vir die beterskap na die onlangse ernstige siekte en bid hom en mev. Vorster die seën van die Here toe in diens van ons land en sy mense; die sinode wil ook sy dank betuig vir mnr. B.J. Vorster se duidelike getuienis tydens sy inhuldiging asook in sy talryke toesprake tydens sy dienstermyn as Eerste Minister van Suid-Afrika. Daar word ook opgesien na sy kinderlike geloof in God en ook in sy belydenis as meelewende lidmaat van die NG Kerk. Dit feit dat die Staatspresident hier ook lidmaat van die NG Kerk was was niks vreemd gewees nie, dit was byna 'n gegewe. Dit alles het die afstand tussen die NG Kerk en die regering aansienlik laat krimp. Die sinode verseker mnr. B.J. Vorster en sy eggenote van hulle voortdurende voorbidding en bid hulle die seën van die Allerhoogste toe (NG Kerk AS Hand 1978:809). Die verhouding, skakeling en kommunikasie was ook hier van goeie aard gewees.

5.2.2 Die rede en herderlike brief van 1982

Die rede is gelewer deur die uittredende moderator, prof. E.P.J. Kleynhans. Telkens soos by ander redes kom die een hooftema na vore naamlik spanning op die gebied van die Owerheid en in kerklike kringe. Hy noem ook onder andere dat daar by die Raad van Kerke in 1968 'n kenmerkende skuif ingetree het en dit is dat daar wegbeweeg word van die sendingfase wat moes plek maak vir die sogenaamde teologie van bevryding. Hier merk mens al die spanning op die gebied van die ekumene. Hy noem die gedagte dat sonde by die teologie "nie meer sonde is wat in ons is nie, maar al sonde wat daar is, is die van die onderdrukker." Hier merk ons ook op dat daar verskillende teologieë aan die ontwikkel was. Christus is in dié teologie volgens prof. E.P.J. Kleynhans net die Bevryder van die onderdrukker en niks meer nie. Die woorde spreek van die druk wat al hoe feller geword het in Suid-Afrika en ook sou die druk by die ekumene al hoe meer sigbaar geword het. Hy meen dat die NG Kerk nie daarvan beskuldig kan word dat hy 'n bepaalde politieke party se agterryer is nie. Prof. E.P.J. Kleynhans noem verder dat die regering en die kerk nie aan mekaar rakende beleide moet voorskryf nie. Die opmerking kom meermale deur die Handeling voor dat die kerk op sy terrein moet bly asook die staat op syne. Ds. J.E. Potgieter

word ook by die sinode verkies tot moderator. Die herderlike brief merk ook op dat die standpunte, soos uiteengesit in RVN'74, weer ondersoek gaan word wat ook al 'n aanduiding is van die verskuiwing wat die kerk se rasse-siening betref. Die besinning van die NG Kerk oor die rasse-kwessie en etiese kwessies word voortgedra in die besinning oor die toekoms. Jonker (1998:163) skryf dat by die sinode van 1982 die Konserwatiewe Party kort te vore gestig is. Lidmate het ook daarom met groot afwagting gekyk na die sinodesitting. Dr. A.P. Treurnicht was ook vir 'n tyd lank by die sinode teenwoordig. Die akklamasie waarmee "sy teenwoordigheid begroet is en die diepe eerbied waarmee hy behandel is, het boekdele gesprek". Dit alles spreek van die verskillende kampe, denkrigtings en blywende spanning by die sinode en in die jare wat sou kom.

5.3 Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif 1974

Strauss (1983:386-387) noem dat daar wel skuiwe ten opsigte van volkeverhoudings in die besluite en sienings van die Algemene Sinode van 1966 was. Dit blyk dat baie Afrikaners in 1974 die soort "krampagtige apartheidsgeloof" meer as relatief gesien het. Teen 1978 het verskeie regeringsleiers ook verklaar dat velkleur in Suid-Afrika al hoe minder 'n rol sou speel (Strauss 1983:387; Strauss 2001:86). Nadat RVN'74 deeglik op die Algemene Sinode se sitting van 1974 bespreek is en met enkele amendemente goedgekeur is, is dit die volgende jaar gepubliseer onder die titel: "RVN en volkeverhoudinge in die lig van die Skrif" (Van der Watt 1987:115; Strauss 1983:392). RVN'74 vorm dus die uitstaande punt rondom die besinning van apartheid tussen Cottesloe en Kerk en Samelewing van 1986 (Strauss 1994:197). RVN'74 is dan ook histories gesproke die kulminasieproses van baie besinning wat reeds by die 1961 Kaapse Sinode begin is (Strauss 1994:197). Strauss (2001:86-87) noem dat RVN'74 wat betref volkeverhoudinge eintlik 'n "laaste loopgraaf" in die ou styl was. Die publikasie bestaan uit vyf hoofstukke en 102 bladsye wat in 66 stellings saamgevat is, en hierdie stellings is deur die algemene sinode goedgekeur. In die begin van die verslag word ook genoem dat die kerk hom nooit die weelde veroorloof om die besinning oor die rasse- en volkeverhoudinge op 'n gegewe moment as afgehandel te beskou nie. Ten eerste, omdat die kerk se roeping om steeds en opnuut na die Woord

van God te luister nooit beëindig word nie, ten tweede omdat die huidige situasie “nooit staties” is nie, maar begrepe is in die dinamiese proses van verandering en ten derde omdat die kerk homself voortdurend moet afvra of vroeë uitsprake oor rasse- en volkereverhoudinge wel in alle opsigte strook met die Woord van God. Moontlik kon die NG Kerk al hier iets aanvoel van die skuiwe en verandering wat aan die kom was. Die ander doel was dat dit ook moes dien as ‘n punt van dialoog vir die jare wat sou volg (Van der Watt 1987:117; Van der Merwe 2002:64). Vir die NG Kerk het dit vasgestaan dat, wat die staatkundige bedeling vir Suid-Afrika betref, eiesoortige ontwikkeling van die verskillende bevolkingsgroepe in die lig van Gods Woord prinsipieel verantwoordbaar is (Potgieter 1978:11-12). In sy geheel gesien is dit duidelik uit hierdie studieverlag dat die NG Kerk die beleid van afsonderlike ontwikkeling onderskryf het (Langner 2004:154). Hier betree die NG Kerk hom binne-in die staat se gebied. Soos sy verteenwoordigers by die Cottesloe-kerkberaad (1960) en ook die gedagterigting by die kongres oor die Naturellevraagstuk in 1950, wil dit uit hierdie studie voorkom dat afsonderlike ontwikkeling vir die NG Kerk ‘n metode binne ‘n raamwerk van regverdigheid aan almal was (Van der Watt 1987:117). Volgens Strauss (2001:87) is die invloed van Kuyper en die Neo-Calvinisme in RVN’74 opmerklik. Hier werk die kerk as instituut en organisme. RVN’74 sluit baie nou aan by KO 65(b) waar die kerk die Skrif se universele beginsels aan die staat moet verkondig en tog ook moet onderwerp aan die gesag en wette van die staat as regs-instansie. Vir die eerste keer sedert 1957 was daar weer in ‘n amptelike sin konsensus in die NG Kerk oor die rassevraagstuk. Min of meer veertig jaar se besinning van die NG Kerk oor die rassevraagstuk en vele verslae oor bevolkingspolitiek oor drie dekades heen op sinodale vlak, het in hierdie kontekstuele dokument neerslag gevind. Na die kant van die owerheid (toe die Nasionale Party) het daar ‘n vriendelike profetiese stem geklink. In 1948 en vroeër het die NG Kerk rigtinggewend by die owerheid op sosio-maatskaplike hervorming aangedring; RVN’74 was tevrede om die status quo te legitimeer en om ‘n afwagtende houding oor verdere inisiatiewe van die owerheid se kant af in te neem. RVN’74 was egter nie net nog ‘n rapport nie, dit is in verskillende tale gepubliseer en dwars oor die wêreld versprei. Dit sou die wêreld binnegaan as ‘n stuk met gesag, ‘n teologie van vier dekades het in RVN’74 mondig geword (Lubbe 2002:47-48; Kinghorn 1986:47-48; Van

der Merwe 2002:64). Reaksie op RVN was dat dit te liberaal was, twee sake het veral aandag geniet naamlik gemengde huwelike en gesamentlike aanbidding (Van der Merwe 2002:64-65). Betekenisvol is die laaste hoofstuk met sy “slotopmerkings”: daarin verklaar die NG Kerk hom diep bewus van die aktuele verhoudingsvraagstukke in Suid-Afrika (Van der Watt 1987:118). Hy streef soos ander Christelike kerke ook na die ideale van maatskaplike geregtigheid, menslike regte en selfbeskikking van mense en volke (Van der Watt 1987:118). Tog merk Kinghorn (1986:138) op dat wanneer RVN’74 oor gemengde huwelike praat dit daarna verwys as “uiters ongewens”, omdat dit die “Godgegewe verskeidenheid en identiteit vernietig”. Die begrip van ras wat vanaf die dertigerjare kom is nog aanwesig as ‘n biologiese begrip, alhoewel dit nou in die volksbegrip verskuil is. Tog bly die NG Kerk oortuig van sy profetiese taak om skriftuurlike leiding te gee en voorbidding te doen. Hierdie amptelike verslag van die NG Kerk oor RVN het die besinning oor en formulering van die kerk se beleid voorlopig afgesluit. In 1982 is besluit om hierdie dokumente grondig te hersien (Van der Watt 1987:118). Die stuk van die Algemene Sinode van 1974 nl. “Ras, Volk en Nasie: verhoudinge in die lig van die Skrif”, vorm die uitstaande punt in die besinning van die Algemene Sinode oor sake rondom apartheid in die tydperk tussen Cottesloe en die eerste Kerk en Samelewing van die Algemene Sinode van 1986; RVN’66 word as gevolg hiervan dus na die agtergrond gedwing (Strauss 1994:197). Tydens die Breë Moderatuur se vergadering van 6 en 7 November (Die Kerkbode, no.22, jaargang 131, 28 November 1979, 675) is daar kennis geneem van die samevattende verslag van die afvaardiging wat Europa besoek het vanaf 31 Maart tot 16 April 1979. By die oorsese samesprekinge het die NG Kerk se standpuntstelling in sy publikasie Ras, Volk en Nasie as basis van bespreking gedien: in Switserland het die werkgroep hulle onderskeidelik besig gehou met hermeneutiese beginsels en Bybelse uiteensettings met dogmatiese-etiese aspekte en met ekumene en missiologie. Die Switserse en ander teoloë het ook ‘n aantal kritiese vrae aan die Suid-Afrikaanse afvaardiging vir verdere oorweging gelê. Op grond van die verslag het die Breë Moderatuur besluit om by die Algemene Sinode in 1982 aan te beveel dat die afvaardiging se aanbeveling met betrekking tot Ras, Volk en Nasie aanvaar word. Hier is ook voorgestel dat ‘n kommissie van vakkundiges benoem word wat die dokument grondig moes hersien.

Die behoefte om RVN '74 te hersien het net gegroei na gelang die omstandighede in die land ook verander het. Die gedagte dat die NG Kerk nie meer so voorskriftelik moet wees vir elke moontlike situasie nie het ook baie sterk gegroei (Die Kerkbode, no.16, jaargang 134, 20 Oktober 1982, 1). Uiteindelik is RVN te lig bevind (Van der Merwe 2002:70). RVN '74 is egter nie gekanselleer nie en het die amptelike stuk van die NG Kerk gebly tot tyd en wyl (Die Kerkbode, no.16, jaargang 134, 27 Oktober 1982, 6).

5.4 Onderwys en opvoeding

Bybelkunde as skoolvak is aan die begin van 1976 deur die Kaaplandse Onderwysdepartement as vak ingevoer vir die Senior Sekondêre Kursus. Die NG Kerk het reeds in 1969 die Departement van Onderwys versoek om Bybelkunde⁸² in te voer. Die NG Kerk gebruik sy verhouding met die regering om ook hier Bybelonderrig in te voer by die skole (Die Kerkbode, no.11, jaargang 130, 15 Maart 1979, 324). Daar is ook 'n onderwys-konferensie landswyd gehou op 10 September 1977. Vir die NG Kerk wat nou met die regering saam gewerk het was daar die ideaal naamlik 'n Christelike Nasionale doelwit. Hiermee was die NG Kerk baie gemaklik (Die Kerkbode, no.4, jaargang 130, 25 Januarie 1978, 102). Vir die NG Kerk was onder andere onderwys ook baie belangrik, veral Christelike onderwys op skool. Die NG Kerk verseker ook sy voorbidding vir die onderwys in die algemeen (Die Kerkbode, no.2, jaargang 128, 14 Januarie 1976, 34).

5.5 Die kerk en verkiesing

Die inleidingsartikel meld dat die verkiesing nie ongemerk by die kerk verby mag gaan nie. Die kerk het sy eie taak en werkruimte en die owerheid syne, maar beide is instellings en dienaars van God wat saam in die wêreld moet werk om die sonde te bekamp (Die Kerkbode, no.16, jaargang 126, 17 April 1974, 482). Die regering het ook na die verkiesing meer steun gehad. Die Kerkbode (no.19, jaargang 126, 8 Mei 1974, 586) skryf ook dat dit nie die taak van die kerk is om vir die owerheid voor te skryf hoe hy die wette moet formuleer nie, maar is en bly wel die taak van die kerke om oor die Bybelse eise van geregtigheid, regverdigheid en billikheid hul Christelike getuienis te

⁸²Die Wet op Nasionale onderwysbeleid bepaal dat alle skole wat deur 'n staatsdepartement in stand gehou word 'n Christelike karakter moet hê (Die Kerkbode, no.11, jaargang 132, 12 Maart 1980, 349)

lewer teenoor die owerheid. Dit word ook baie duidelik gestel dat die kerk daarop moet aandring by die regering rondom die Bybelse eise van geregtigheid. Die NG Kerk kom al hoe sterker uit vir geregtigheid. Die artikel sluit af dat die kabinet, die Volksraad en senaat verseker kan wees van die kerk se voorbidding wat deel vorm van die profetiese stem van die kerk.

5.6 Die Bearbeiding van die Beskermingsdienste

5.6.1 Die Suid-Afrikaanse Weermag

Giliomee (2004:523) skryf dat gedurende die periode 1974-1975 die magsverhoudinge in Suid-Afrika baie verander het. Die beheer van SWA het Suid-Afrika in konfrontasie gebring met die buiteland. Dit alles het druk op die beskermingsdienste, die regering en indirek ook op die kerk gehad. Dr. E.P.J. Kleynhans skryf oor die botsings in Angola met die veiligheidsmagte. Hy skryf "dat dit soos 'n paal bo water staan dat vir die RSA hy sy mees kritieke ure beleef omdat Marxistiese lande hul oog op die vasteland van Afrika het". Hy noem dat die staat sy eie terrein het en dat die staat die veiligheid van lewens en besittings asook vryhede en regte moet beskerm, desnoods met geweld. Dit was 'n uiters gespanne⁸³ tyd in die geskiedenis van Suid-Afrika soos afgelei kan word uit die artikel. Die twee kante en twee standpunte het nie net intellektueel gebots nie, maar was ook in fisiese oorloë betrokke (Die Kerkbode, no.3, jaargang 128, 21 Januarie 1976, 67). Wat die bearbeiding van die beskermingsdienste betref is die Breë Moderatuur op hoogte gehou van die stand van sake in die weermag deur die verslae van die kapelaan-generaal. Verskeie toere is ook deur die genl. (ds.) J.A. van Zyl gereël na verskeie grensposte, dr. J.D. Vorster en dr. J.S. Gericke het ook by geleentheid groete en seënwense van die NG Kerk oorgedra aan die manne op die grens. Net hierdie toegewing van die weermag se kant af spreek al boekdele van die goeie verhouding wat daar bestaan met die NG Kerk (NGK AS Hand 1974:21). Op daardie stadium was die meerderheid van die SAW dienskorps ook NG Kerk lidmate

⁸³’n Versoek word ook gerig aan alle leraars wat eredienste uitsaai op kortgolf om aan die manne op die grense te dink (NG Kerk AS Hand 1970:21)

gewees. Deur middel van die kerknuus het die Breë Moderatuur ‘n algemene oproep op die kerk gedoen om gereeld vir die manne op die grense van die land te bid⁸⁴ (NGK AS Hand 1970:21).

In die spanningsvolle tydperk binne- en buitelands met die druk en geweld wat toegeneem het was daar ook lewensverlies op die grens aan beide kante van die spektrum. Die NG Kerk spreek sy skok uit oor die dood van vier polisiemanne wat op die grens dood is in die stryd teen terrorisme. Weer word die afskuwelikheid van die terrorisme onderstreep met die vlag van terreur; hier word ook verwys na die WRK wat geldelike steun aan die terroriste verleen het op daardie stadium. Dit het baie spanning veroorsaak veral op die ekumeniese gebied vir die NG Kerk (Die Kerkbode, no.12, jaargang 126, 20 Maart 1974, 355). Daar was op hierdie stadium twee kante van die spektrum en beide was baie onverdraagsaam teenoor mekaar. Die toenemende geweld en bloedvergieting asook lewensverlies het verdere venyn net laat toeneem.

Wat sou die NG Kerk (baie ander kerke was deel van die geestelike bearbeiding van die weermag) doen met die geleentheid wat die owerheid hom gebied het om die Woord te bring in die SAW? Die Breë Moderatuur noem in sy verslag dat daar baie min arbeids-terreine van die kerk is waar daar soveel geleenthede aangebied word as juis in die SAW. ‘n Geskatte 30,000 jong manne is jaarliks vir diens opgeroep, die omvang van die arbeidsveld was dus baie groot vir die NG Kerk. Alle deure van die weermag is vir die werk van die kerk wyd oopgemaak; afgesien van die oprigting van kerkgeboue en pastorieë is vir die volgende boekjaar R1,500,000 begroot deur die staat vir geestelike werk. Die Handeling noem hier dat die staat geensins ingemeng het met kerklike werk of op die kerklike terrein nie en ook nie aan die NG Kerk voorgeskryf het oor hulle bedienings nie. Die godsdienstige weerbaarheid van die jongman was vir die staat ook baie belangrik (NGK AS Hand 1974:123). Van staat en kerk se kant was daar voortdurend noue skakeling deur middel van die Breë Moderatuur (NGK AS Hand

⁸⁴Verskeie versoeke om biddae het ook die Breë Moderatuur bereik om op 'n jaarlikse biddag al die manne op te dra in die beskermingsdienste (NG Kerk AS Hand 1974:22)

1974:124). In die verslag van die Breë Moderatuur oor die godsdienstige bearbeiding die SAW kom dit ook na vore en word die doel van die kapelaansdiens uiteengesit nl. om die Goddelike Woord te bedien aan alle lede van die SAW. Dit het geskied in basisse en die pastorale bediening soos in elke ander gemeente plus al die bykomende geleenthede soos kapelaanperiodes, kerkparades, optrede in die operasionele gebied ensovoorts (NGK AS Hand 1978:138). In hierdie verband het die kerk sy waardering altyd betuig teenoor die Minister van Verdediging vir die groot bedrae wat die staat lewer vir die godsdienstige toerusting (NGK AS Hand 1978:140). Aan die kapelane word ook 'n woord van dank gespreek wat by verskillende basisse, maar veral op die grens onder veeleisende en spannende omstandighede toegewyde diens aan veral die jeug van ons kerk gelewer het (NGK AS Hand 1978:140). Genl. J.A. van Zyl, kapelaan-generaal, skryf in Die Kerkbode (no.20, jaargang 131,16 Mei 1979, 642) oor die Eerste Minister en sy eggenote dat hulle gelowige mense is en dat hy al saam met die gesin gebid het. Hy is uit die aard van sy werk elke môtre gevra om die Eerste Minister te kom spreek. Dit spreek ook van die noue band tussen die NG Kerk en die owerheid. Hy onthou 'n sekere insident. "Dit was moeilike dae sedert die Eerste Minister aan bewind gekom het en sy versoek was altyd dat die predikante vir hom moes bid, maar daardie môtre was die versoek weer dringend; terwyl genl. Van Zyl die deur toestoot was die Eerste Minister al op sy knieë by sy stoel." Genl. Van Zyl skryf: "Ek wens ek kon daardie prent vir julle skets, die Eerste Minister van Suid-Afrika in sy pragtige kantoor in die Uniegebou soos 'n nederige en afhanklike kind op sy knieë om tot God te bid. Saam het ons gekniel en saam het ons gebid". Op daardie stadium was die omvang van die werk ook aansienlik gewees. Daar was onder andere 66 gemeentes en in die hele operasionele gebiede is daar ook baie pastorale arbeid verrig. Daar was 'n totaal van 77 staande mag, 30 burgermag, 109 kommando en 178 Nasionale dienspligkapelane wat so 'n diens gelewer het. Die getal NG Kerk dienspligtiges en jong staande mag lede was jaarliks tussen 25,000 en 33,000, en jong lidmate is in hulle kasernes besoek en met kerklos persone is kontak mee gemaak. Die NG Kerk het hier duidelik 'n groot "magsbasis" gehad en die meerderheid manne was ook die NG Kerk goedgesind. In die operasionele gebiede was tentbesoeke ook baie vrugbaar, talle

bekerings en geestelike verdieping het so plaas gevind. Daar is ook twee maal per week gebedparades gehou waar die dag begin is met skriflesing, 'n kort oordenking en gebed. Lidmate is ook gereeld besoek in hospitale, siekeboë en detensie-kasernes. Gedurende 1981 tot 1982 is daar 48,400 Bybels versprei (ongeveer 40% van dienspligtiges daag sonder 'n Bybel op vir diens). Daar is ook nog 2,276 geestelike boeke aangekoop vir trommel biblioteke, 247,000 traktaatjies is versprei en 215 godsdienstige rolprente is gehuur en versprei. Die sinode spreek ook sy opregte dank en waardering uit teenoor die Minister van Verdediging vir die ruim voorsiening wat in die begroting en program van SAW gemaak is vir die werk van die kapelaankorps (NGK AS Hand 1982:35-36). Die Algemene Sinode betuig ook sy dank aan al die nasionale dienspligtiges vir hulle onbaatsugtige diens waar hulle met hulle eie lewe waak oor die landsveiligheid, die kerk verseker ook weer dat daar volhardend voorbidding vir hulle gedoen word (NG Kerk AS Hand 1982:121). Op hierdie stadium steun die NG Kerk die regering se aksies.

Uit die 1290 kapelane wat in die weermag diens doen was ongeveer 800 predikante of proponente van die NG Kerk. Gedurende 1978-1982⁸⁵⁻⁸⁸ is ongeveer 193,744 Bybels in 14 tale deur die kapelaansdiens versprei, die koste hieraan verbonde is deur die kapelaansdiens self gedra. In dieselfde tyd is 1,093,717 dagboeke, studiestukke, brosjures, traktaatjies, kerkblaaië, kerktydskrifte en geestelike boeke versprei in tuisbasisse en in die operasionele gebied (NG Kerk AS Hand 1982:121). Die Algemene

⁸⁵Na die dood van 8 manne op die grens word daar meegevoel betuig en op nuut gebid vir die weermag en vir vrede, orde en versoening in die land (Die Kerkbode, no.4, jaargang 135, 19 Januarie 1983, 4)

⁸⁶Die Kerkbode (no.20, jaargang 130, 28 Junie 1978, 812) verwys dat die aanslag van die Kommunisme feller word op Afrika en deur die hele wêreld. Dit was inderdaad die gevoel op daardie stadium en alles is hier gedoen om dit te keer

⁸⁷Die tragedie by Katima Mulilo (Die Kerkbode, no.10, jaargang 130, 6 September 1978, 292) met die aantal jongmans wat gesterf het in die aanval, word 'n beroep gedoen dat SWAPO die vyandighede staak en vreedsaam saamwerk vir 'n beter oplossing. Die oproepe het op dowe ore geval word geskryf

⁸⁸Die blye herontmoeting (Die Kerkbode, no.11, jaargang 130, 13 September 1978, 324) van agt Suid-Afrikaners wat vir meer as twee jaar in Angola as krygsgevangenis aangehou was was aandoenlik

kommissie vir Vrouediens het ook in 1981 'n tweede publikasie die lig laat sien "Ek het iemand op die grens", 'n boekie vir die vrou of meisie van die man in uniform: 10,000 eksemplare hiervan is landswyd verkoop. Hulle het ook in 1981 'n besoek gebring aan die operasionele gebied. 'n Uitvloeisel hiervan was dat die sinodale gebiede onderneem het om in samewerking met die kapelaans-vroue-komitee daadwerklike hulp en steun aan dienspligtiges te verleen met die daarstelling van toerusting en die uitbreiding van koffiekroeë ens. (NG Kerk AS Hand 1982:723,724). Wat die verhouding tussen kerk en staat betref word die predikante na die militêre gemeentes beroep waar hulle arbei. Hierdie arbeid geskied steeds onder die kerkraad se toesig (NG Kerk AS Hand 1982:122). Die felle aanslag op die RSA het ook op kerklike gebiede gemanifesteer en veral op die ekumeniese gebied. Die sinode spreek sy dank en waardering uit aan die Minister van Verdediging asook die hoof van die SAW wat steeds die deure oopmaak vir die kerk om sy lidmate binne weermagsverband te bearbei (NG Kerk AS Hand 1982:123).

5.6.2 Die Suid-Afrikaanse Polisediens

As skakeling hier het die hoofkapelaan die departement verteenwoordig in gesprekke met die Breë Moderatuur, en hartlike samewerking is ook weereens hier ondervind (NGK AS Hand 1974:126). Die Breë Moderatuur het ook 'n skrywe gerig aan die manne op die grens wat hoog op prys gestel is. Die Kommissaris van die SAP en die Minister van Polisie het hulle dank teenoor die kerk betuig vir die belangstelling en meelewing (NGK AS Hand 1974:126). Die sinode verseker ook weereens die manne van die polisie van die belangstelling en voortdurende voorbidding (NGK AS Hand 1974:126). Die hele gedagte van voorbidding kom telkemale sterk na vore ook namate die dienspligtiges en manne van die weermag en burgerlike kommando's opgeroep is om grensdiens te doen. Die gedagte word beklemtoon dat die betrokkenes moet weet die kerk bid vir hulle (Die Kerkbode, no.16, jaargang 128, 21 April 1976, 484). Dat die take vir die kapelane onder moeilike omstandighede gedoen is, word ook gesien in die verslag van die hoofkapelaan van die SAP aan die Breë Moderatuur. Oor die vier jaar sedert 1974 was dit besonder moeilike jare vir die SAP. Met die beveiliging van ons

grense en die bekamping van terroriste in hierdie omstandighede het die kapelane-korps hulle onderskei in die geestelike bystand en ondersteuning (NGK AS Hand 1978:141). In die onluste en opstande gedurende 1976 en 1977 was die polisiekapelane op hulle pos en met groot lewensgevaar het hulle die manne geestelik versterk en weerbaar gehou; hierdie werk is gedoen te midde van groot provokasie en gevaar (NGK AS Hand 1978:142). Daar is ook gereeld besoeke gebring aan die operasionele gebiede, en die sinode verseker ook die Polisiemag van sy voorbidding en ondersteuning in die uiters moeilike en verantwoordelike taak in die hantering van wet en orde; die Minister van Polisie en Kommissaris van die SAP word ook opreg bedank vir die belangrike geleentheid wat in die kapelaansdiens geskep word (NG Kerk AS Hand 1982:37). Volgens statistieke het ongeveer 74% van alle blanke lede van die SAP⁸⁹⁻⁹² aan die NG Kerk behoort, terwyl die oorblywende 26% aan nie minder nie as 28 verskillende kerke, kerkgenootskappe en sektes behoort het. Die NG Kerk het hier die hef in die hand gehad en byna met mag die werk gedoen (NGK AS Hand 1982:124). Die NG Kerk benut die geleentheid om geestelike werk te doen in die weermag. Die voorbiddingsgedagte is 'n baie belangrike profetiese taak wat die kerk moet doen. Die NG Kerk het hier en op baie ander plekke dit baie getrou uitgevoer. Die NG Kerk hou by sy taak om die Woord te bedien en raak nie by die saak betrokke nie. 'n Mens vind ook nie dat die NG Kerk werklik profeties praat oor die veiligheidsmagte nie.

⁸⁹13 Maart word weereens uitgelig om vir die beskermingsdienste te bid veral vir die gevaarlike situasies waarin hulle verkeer, misdaad en wetsoortreding neem geweldig toe (Die Kerkbode, no.11, jaargang 135, 9 Maart 1983, 3)

⁹⁰Oproep tot gebed (Die Kerkbode, no.10, jaargang 137, 4 September 1985, 1). Daar moet gebed word vir die land en sy mense asook vir die onrus, onluste ens.

⁹¹Die afgryslieke bomontploffing verlede week, so word geskryf, het almal geruk en laat beseef dat hulle in 'n meedoënlose oorlog gewikkel is. "Laat ons die Here bid dat Hy die gesindhede van haat en wraak uit die harte van die booswigte en uit die harte van die slagoffers neem" (Die Kerkbode, no.21, jaargang 135, 25 Mei 1983, 1)

⁹²Hoeveel is 'n lewe nog werd? (Die Kerkbode, no.11, jaargang 127, 12 Maart 1975, 323). Hier word gemeld van talle lewens wat gewelddadig verloor word deur moorde veral in die Skiereilande waar die kleurlinge geteister word deur misdaad ook die mynkampongs word genoem en die stamgevegte ondanks die polisie se pogings, haat is aan die opneem. Mag die Here ons bewaar dat hierdie soort terreur toeneem

5.6.3 **Bearbeiding van die gevangenis**

Die regering het ook die deur wyd oopgemaak vir die bearbeiding van die gevangenis. In die verslag van die kapelaan-generaal van die Suid-Afrikaanse Gevangenisdiens word groot waardering uitgespreek vir die indringende pastorale programme vir die Gevangenisdiens in die land. Van die kapelaankorps is 16 van die 23 leraars van die NG Kerk en 615 uit die 1700 geestelike werkers ook uit die NG Kerk. Die dringende behoefte van kerklike betrokkenheid by die nasorgprogramme van ontslane gevangenes het ook onder die aandag gekom (NGK AS Hand 1982:35). Hier word gesien dat die NG Kerk se inisiatiewe oor die bediening van die Woord baie verder gestrek en ook 'n rol gespeel het in die rehabilitasie van gevangenes. Die kerk doen geestelike bearbeiding⁹³ in ongeveer 250 tronke regoor die republiek. Hieroor is dank verskuldig aan die minister en die Kommissaris van Gevangenis; die Minister van Justisie, minister J.C. Coetzee, was persoonlik betrokke gewees en vir sy volgehoue onderskraging wil die sinode ook sy dank uitspreek. Die minister se ondubbelsinnige en beginselvaste koersaanduidings in die verband is inderdaad 'n aangename getuienis. Die vergadering verseker hom ook van voortdurende voorbidding (NGK AS Hand 1982:136).

5.6.4 **Skakeling tussen die NG Kerk en die Beskermingsdienste**

'n Subkommissie is ook uit die Breë Moderatuur benoem. Die kommissie heet die kapelane-kommissie wat bestaan uit ds. D.P.M. Beukes, drr. J.D. Vorster, F.E.o'B. Geldenhuys, en ds. J.E. Potgieter (skriba). Hierdie kommissie het veral as skakel gedien tussen die kerk en die owerheid (NGK AS Hand 1978:56). Van hulle werksaamhede is daar gereeld verslag gedoen teenoor die Breë Moderatuur en die samewerking en gesindhede was altyd aangenaam en hartlik (NGK AS Hand 1978:56). Die Breë Moderatuur het met die samestelling van groslyste van kerkrade met die oog op beroeping van leraars vir kapelane altyd die AJK se samewerking gehad in die

⁹³Die Hoog Eerwaarde Sinode betuig ook sy opregte dank aan die Minister van Gevangeniswese en aan die Kommissaris van Gevangeniswese vir die geleentheid wat daar altyd aan die kerk gebied word om sy lidmate te besoek (NG Kerk AS Hand 1974:293)

verkryging van die geskikte leraarsname vir die weermag-, polisie- en gevangenisdienste (NGK AS Hand 1978:56). Die Breë Moderatuur is ook gereeld op hoogte gehou van die geestelike arbeid in die buiteland (NGK AS Hand 1978:56). Delikate aangeleenthede is van tyd tot tyd met genl. (ds.) J.A. van Zyl bespreek onder andere diensplig deur proponente, kerklike strukture, die bediening in die weermag, die beroeping van teologiese offisiere en leraars, tug, dissipline, nagmaal, tydsduur van diensplig van proponente ensovoorts. Uit die gesprekke het altyd positiewe resultate voortgevloei en nuwe riglyne is vasgelê (NGK AS Hand 1978:56). Die Algemene Sinode spreek ook sy opregte dank uit teenoor min. P.W. Botha en sy departement vir die simpatieke oor wat nog altyd aan die NG Kerk verleen is, ook in die besonder vir die daadwerklike steun en goeie geleentheid wat aan die kerk gebied word om deur middel van sy kapelane-korps elke lid van die weermag op geestelike gebied te bereik. Die NG Kerk verseker ook die betrokke owerheid, die weermag en ook al die kapelane en die jongmanne wat tydelik of heeltyds militêre diens verrig van die NG Kerk se volgehoue voorbidding vir vrede en voorspoed in ons land en onder al die mense (NG Kerk AS Hand 1978:57). Die samewerking met die owerheid op die gebied van die beskermingsdienste was ook nou van aard. Dit blyk egter dat die NG Kerk net op die geestelike sy gefokus het en die Woord bedien het.

5.7 Kommissie vir Skakeling met die Owerheid

5.7.1 Algemene werk van die Kommissie vir Skakeling met die Owerheid

Die Breë Moderatuur het ook onder die diep indruk gekom van die belangrike werk van die kommissie wat verantwoordelik is vir die skakeling met die owerheid. Die kommissie het ook goeie welslae getoon wanneer die owerheid van tyd tot tyd genader is oor knelpunte en delikate sake: dit alles het groot afmetings aangeneem en ook baie tyd geverg. Deur hierdie optrede het die kerk baie bereik en was dit vir baie tot groot seën en diens, dit was diens wat in die stilte gelewer was (NG Kerk AS Hand 1974:25). Die Kommissie vir Skakeling met die Owerheid (hierna KSO) was 'n subkommissie van die ASSK (NG Kerk AS Hand 1974:503). Daar is ook op 'n periodieke basis onderhoude met die verantwoordelike minister oor dringende aangeleenthede gehou:

met die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en adjunkministers van hierdie departemente is daar gedurende die reses byvoorbeeld ses sulke onderhoude gevoer (NG Kerk AS Hand 1974:504).

Die Breë Moderatuur rapporteer ook rakende skakeling met die owerheid dat die kerk steeds 'n oop deur by die betrokke minister van polisie, die kommissaris en sy amptenare geniet, daar is ook samesprekings gehou oor talle sake van tyd tot tyd en hier het die kerk altyd die vertroue van die owerheid geniet (NG Kerk AS Hand 1978:57-58). Dat die NG Kerk bevoorreg was om die regering te nader en dat daar goeie verhoudinge was, was so. In tye van onluste is die kerk ook nooit in die duister gelaat nie en die betrokke instansies was altyd bereid om te luister en te reageer op die kerk se voorstelle. Dank word uitgespreek teenoor die owerheid by name Sy Edele minister J. Kruger en sy departement, die Minister van Gevangenis, vir die oop deure, begrip en samewerking. 'n Besondere woord van dank word uitgespreek teenoor die Minister en Kommissaris van Gevangenis vir die instelling van die poste van streekkapelane en die uitbouing van die program van geestelike versorging van gevangenis (NG Kerk AS Hand 1978:58-59). Op 'n stadium het die ASSK die Breë Moderatuur versoek om uit die geledere van die Breë Moderatuur 'n klein verteenwoordiging te bied wat sal dien as 'n versterking van die kommissie vir skakeling met die owerheid (NG Kerk AS Hand 1978:65). Ds. D.P.M. Beukes, dr. F.E.o'B Geldenhuys en ds. J.E. Potgieter is benoem en het die kommissie verskeie kere vergesel wanneer daar 'n ontmoeting met 'n minister of departementele amptenare plaasgevind het (NG Kerk AS Hand 1978:65).

Die KSO was ook een van die belangrike liggame waarin die Ou- en Jongkerke saamgewerk het, die KSO van die NG Kerk het saam met die KSO van die NGKA gewerk, hier was een van die verteenwoordigers van die NGKA die voorsitter en die skribaats is deur die NG Kerk behartig. By die sitting in 1975 van die Algemene Sinode van die NGKA het hulle ook 'n nuwe en vergrote KSO gekies. Na afloop van die NGKA se sinode het die NG Kerk se KSO kontak probeer maak met die KSO van die NGKA. Ander kontak en drie briewe is geskrywe, maar geen antwoord is terug ontvang van die NGKA nie (NG Kerk AS Hand 1978:503-504). So is die KSO van die NG Kerk gedwing

om alleen met dringende werksaamhede voort te gaan; dit is jammer dat die KSO van die NGKA nie reageer het op die versoek nie, want dit kon soveel meer krag aan die KSO verleen het op daardie stadium. Die metodiek van die KSO se werksaamhede is om per korrespondensie sake wat deur die sinodes, gemeentes en individue na hom gestuur word, voor die owerheid te lê, daarvoor verhoë te rig en inligting te vra (NG Kerk AS Hand 1978:504). Die NGKA het by 'n onderhoud met die minister op 11 Oktober 1974 'n versoek van die sinode van Kaapland gerig ten opsigte van loonstrukture en werksreservering. Die ASSK het ook op versoek van die KSO ernstig aandag gegee aan loonstrukture. Swart mense word al meer opgelei en neem op baie terreine poste by blankes oor (NG Kerk AS Hand 1978:505). Die sinode het hier die beginsel van gelyke lone vir gelykwaardige opleiding en werk bepleit, so stel die sinode dit "behoort so vinnig as moontlik ook prakties deurgevoer word" Die NG Kerk se profetiese stem word hier gehoor en raak sterker en dringender oor 'n breë front van sake. Die wetsverandering deur die parlement vroeg in 1975 het plaasgevind na jarelange onderhandeling deur die NG Kerk. Hiervolgens kan die NGKA en alle ander kerke van swart mense eiendomsreg in gebiede vir swart mense (tuislande) verkry (NG Kerk AS Hand 1978:505). In Oktober 1974 is daar selfs met die minister onderhandel om die NGKA te registreer as 'n welsynsliggaam. Hierdie onderhandelinge was suksesvol en is daar besluit op 'n konstitusie waarvolgens die Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid (hierna SKDB) van die NGKA as welsynsorganisasie geregistreer kon word. Die KSO het ook gevra vir meer realistiese toelae vir bruin- en swart mense in die lig van die huidige hoë lewenskoste (NG Kerk AS Hand 1978:505). Die posisie en toekoms van die stedelike swart mense is ook as uiters belangrik beskou en in 1974 al bespreek met die minister. Hier het die kommissie geoordeel dat die stedelike swart gebiede aan die ontwikkel was wat diepgaande ondersoek en daadwerklike optrede vereis het rondom eiendomsreg aan swartes. Uit die onderhoud blyk dit dat daar verloop aan swart mense verleen is om volgens die huurpagsstelsel eiendomsreg van huise in swart woongebiede te bekom (NG Kerk AS Hand 1978:506). Hierdie sake wat genoem word kan gesien word as byna 'n tree voor die regering se beleid en plaas tog 'n stem daar wat nie daar was van die NG Kerk se kant nie.

5.7.2 Soweto: 16 Junie 1976

“Tragedie in Soweto”^{94,95} was die opskrif van Die Kerkbode. Hier word deur die redakteur (13/5/1970-1986), ds. GSJ Möller, genoem dat 50 persone dood is en meer as 650 mense beseer is, talle geboue en busse afgebrand en besighede geplunder en verniel is (Boesak 1979:31). Die Kerkbode vra ook die vraag: wat het aanleiding gegee tot die onluste? Hier word bespiegel of net die gebruik van Afrikaans as onderrigmedium die enigste of selfs die vernaamste aanleidende oorsaak was. Die gebeure het hul tragiese gevolge, skryf Die Kerkbode, dat onder andere onderlinge verhoudinge en volkeverhoudinge geskaad is en die horlosie is ver teruggedraai; internasionaal het Suid-Afrika se aansien in die wêreld agteruit gegaan. Die Kerkbode noem ook dat kerk en owerheid die sake moet aanspreek wat nodig is en dat daar oor die situasie gebid moet word. Die Kerkbode noem ook dat die NG Kerk met vrymoedigheid kan getuig teenoor hul lidmate asook die lidmate van die dogterkerke en hul meedeel dat die kerk deur middel van sy kommissie vir skakeling met die owerheid voortdurend besig was om op ‘n verantwoordelike wyse met die regering oor knelpunte

⁹⁴Tydens die onluste op 16 Junie 1976 in Soweto, vier ure nadat dit uitbreek het, was die KSO telefonies in verbinding met die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en die Departement van Bantoe Onderwys om presies vas te stel wat aan die gang was. Die KSO het ook kontak gemaak met sekere leraars en geestelike werkers in Soweto om meer inligting te bekom. Die Breë Moderatuur se hulp en medewerking is ook gevra, die kommissie het ‘n onderhoud met die minister aangevra maar moes egter wag op ‘n datum en kon nie gesien word nie (NG Kerk AS Hand 1978:506)

⁹⁵Hier volg die verklaring oor onluste deur die moderatuur van die Algemene Sinode (Die Kerkbode, no.1, jaargang 128, 7 Julie 1976, 4). “Die moderatuur van die Algemene Sinode het met droefheid en ontsteltenis kennis geneem van onluste in die jongste tyd waardeur nie net geboue en veral kerkgeboue afgebrand en beskadig is nie, maar ook waardeur mense hul lewens verloor het, rasse- en menseverhoudinge erg vertroebel en die koninkryk van God skade berokken is. Teenoor die groot getalle wit en swart wat verliese gelei het, spreek die kerk sy opregte meegevoel uit, verder roep die kerk sy lidmate op tot ‘n waardige wyse van optrede waarin die voorbeelde van die Here nagestreef en die Christelike eis van liefde tot God en die medemens beoefen word, die jonger kerke word in hierdie spanningsvolle tye waarin hulle ook verkeer, verseker van die kerk se meegevoel en voorbidding, binne die kerk se bevoegdheid en sover as wat sy taak en roeping ons toelaat. Die NG Kerk se KSO in oorleg met die moderatuur van die Algemene Sinode het onmiddelik met die betrokke owerheidsinstellings geskakel tot op ministeriële vlak, hierdie samesprekings gaan nog voort, ten einde ons op hoogte van die gebeure en die agtergrond van die gebeure te stel is ook onmiddelik met instansies van ons Kerk en andere in die onlusgebiede geskakel”.

in verband met die onderwys, behuising en ander belange van die swart mense te onderhandel. Die NG Kerk het sy profetiese stem laat hoor voor die voorval, maar die voorval het ook inderdaad die vrae weer reguit gevra oor die hoekom van die dag. Die artikel word ook afgesluit waarlangs diepe meegevoel betuig word met almal wat deur dood of verliese in beproewing bedompel is (Die Kerkbode, no.26, jaargang 128, 30 Junie 1976, 812). Op 29 Julie 1976 het daar toe ook 'n onderhoud met die minister plaasgevind wat deur di. D.P.M. Beukes en J.E. Potgieter bygewoon is, en hier het die KSO sekere aanbevelings voorgelê (NG Kerk AS Hand 1978:506; Die Kerkbode, no.2, jaargang 128, 14 Julie 1976, 37). Rondom Afrikaans as onderrigmedium, sonder om die gelyke behandeling van Afrikaans en Engels (50%-50%) te laat vaar moet die huidige toepassing daarvan as taalmedium in sekere vakke in Soweto opgeskort word. Dit moet ook aan die ouers oorgelaat word om deur die betrokke skoolrade die taalmedium te kies en dan die Departement van Bantoe Onderwys daarvan in kennis te stel. Afrikaans as vak sou bly op die leerplan (NG Kerk AS Hand 1978:506). Die samewerking van die ouers en skoolrade moet gesoek word vir geleidelike bereiking van die ideaal van gelyke behandeling van albei tale. Die oordrag van verantwoordelikheid aan die swartman ten opsigte van die onderwys van sy kind moet sover moontlik ook toegepas word (NG Kerk AS Hand 1978:506). Die posisie van die stedelike swart mense volgens die KSO kan ook nie los gesien word van die onluste nie. Rondom die saak het die KSO nie probeer om voorstelle te maak nie, maar het wel in die volgende woorde die aandag van die owerheid laat vestig op hierdie brandende vraagstuk en op die aspirasies van hierdie mense: "Sonder twyfel het ons hier met die onderliggende probleme van die stedelike swart mense te doen, hulle is die hoogste ontwikkelde deel van die swart mense en voel gevolglik enige diskriminasie teen hulle die sterkste aan, baie van hulle het ook geen direkte verband met die Tuisland nie en beskou hulleself ook nie meer as behorende tot 'n Tuisland nie, die aandrang om seggenskap in bestuursliggame oor hulle word ook al sterker, sowel as oor sake soos burgerskap, stemreg en 'n deel in die sentrale, staatkundige gesag in Suid-Afrika" (NG Kerk AS Hand 1978:506-507). Die NG Kerk het sy profetiese stem hier baie duidelik laat geld aangaande die hele probleem. Die NG Kerk het ook hier die oplossing probeer uitwys vir die toekoms in Suid-Afrika. Seggenskap vir swart mense in

bestuursliggame in hul eie sake is bewerkstellig deur die Gemeenskaprade wat in November 1977 in die Staatskoerant aangekondig is, en dit het aan swart mense seggenskap gegee oor onderwys, regspleging, gemeenskapbeskerming ens. Die opvolger van min. M.C. Botha naamlik min. C.P. Mulder het ook reeds doelbewus in hierdie rigting begin werk (NG Kerk AS Hand 1978:507).

5.7.3 Die Cillie-, Wiehahn- en Riekert-Kommissies

Drie kommissies het ook in die tydperke die lig gesien. Die Cillie-kommissie het ondersoek ingestel oor die oproer in Soweto en elders tussen 16 Junie 1976 en 28 Februarie 1977, die Wiehahn-kommissie het 'n breë opdrag gehad met betrekking tot die arbeidswetgewing en die Riekert-kommissie het ondersoek ingestel oor die benutting van mannekrag en die gepaardgaande probleme wat ondervind word deur die werker en werkgewer. Hier is ook gefokus op die mobiliteit en vestiging van swart stedelinge (NG Kerk AS Hand 1982:702). Die verslag maak melding van die donker tydperk in die land gedurende 1976, dit meld van grusame lewensverlies op groot skaal, verwoesting en vandalisme en skade aan eiendomme, opstokery, vernet teen die owerheid, van haat teen die blanke, van matelose woede by die kleurlinge en Swartmense, oor frustrasie, oor diskriminasie. Daar word ook hier geskryf in Die Kerkbode dat die NG Kerk en kerkleiers 'n groot verantwoordelikheid het om na te kom aangesien ons die lig van die Skrif op al die fasette van ons samelewing moet laat val. Die gedagte dat die owerheid en onderdaan aangespreek moet word in die Naam van die Here word benadruk sodat die gebeure van 1976 hulle nie weer moet herhaal nie. Die ASSK het ook opdrag ontvang van die dagbestuur van die Breë Moderatuur om aspekte van die verslae van die Cillie-, Wiehahn- en Riekert kommissie uit te lig. Die ASSK het hieruit 'n aantal aanbevelings aan die sinode voorgelê onder andere dat die sinode kennis neem van die indringende wyse van ondersoek van die regering oor die ernstige onluste van 1976 in Soweto en ander swart stedelike gebiede, arbeid en arbeidswetgewing in die RSA, die knelpunte rondom toestroming en vestiging en algemene lewensomstandighede van die swart mense in die stedelike gebiede in die RSA. Die sinode het met dank kennis geneem van die deurtastende ondersoeke en die erns waarmee die aanbevelings deur die regering vir behandeling geneem is, ook die

wetgewing wat ingedien en verder oorweeg word oor knelpunte wat tot onluste, arbeidsonrus en algemene wrywing aanleiding kon gee en hoe om dit uit die weg te ruim. Die sinode neem ook met sorg kennis van die geweldige behuisingsnood wat talle mense ondervind en doen 'n ernstige beroep op die regering om alles in hul vermoë te doen om voldoende menswaardige behuising moontlik te maak; vir die groot behoefte aan werkverskaffing en werkloosheid in die land doen die sinode 'n ernstige beroep op die regering om arbeidsintensiewe bedrywe daar te stel. Die sinode beklemtoon die belangrikheid van toepaslike opleiding met die oog op die mees produktiewe werkverrigting deur die voorsiening van formele en nie-formele onderwys, sowel as indiensopleiding vir almal. Die sinode erken ook die vryheid van die werknemer om 'n waardige loon, werksomstandighede en sekuriteit vir arbeid te beding, terwyl die werkgewer ook 'n teenprestasie kan verwag. Die sinode beklemtoon ook die waarde van Bybelse beginsels ten opsigte van menseverhoudinge en persoonlike integriteit en doen 'n beroep op lidmate om dit toe te pas in die aktuele sake van die dag (NG Kerk AS Hand 1982:654,655; Die Kerkbode, no.11, jaargang 132, 12 Maart 1980, 323). Die verslae van die Wiehahn-, Riekert- en Cillie kommissies het herhaaldelik die aandag van die Breë Moderatuur geniet, die verslag rakende hierdie rapporte is ook deur die ASSK voor die Algemene Sinode gebring (NG Kerk AS Hand 1982:139). Die KSO het ook getuienis voorgelê aan die Cillie-kommissie. 'n Vertroulike memorandum is ook deur die KSO aan die kommissie van ondersoek na die onluste in Soweto en elders voorgelê. Op 23 Februarie 1977 is die KSO deur hierdie kommissie opgeroep vir 'n mondelinge getuienis waar die dagbestuur namens die KSO by die geleentheid opgetree het.

5.7.4 Die KSO en Algemene Sosiale Geregtheid

Die KSO het ook kennis geneem dat in die tweede helfte van 1977 die regering 'n kabinetskomitee aangestel het wat indringend sou kyk na die posisie van Swartmense in blanke gebiede. Daar moes veral in stedelike gebiede ondersoek ingestel word. Hier het die KSO ook 'n memorandum opgestel en dit voor die kommissie gelê wat onder andere die volgende behandel het: dat die kerk sy getuienis oor sosiale geregtigheid, onderlinge verhoudinge en ander vraagstukke gegrond op die Heilige Skrif duidelik

moet uitdra. Die kerk dring daarop aan by die regering dat alles met geregtigheid en liefde uitgewerk moet word (NG Kerk AS Hand 1978:507). Die NG Kerk se klemverskuiwing word al hoe duideliker gesien met betrekking tot geregtigheid in die samelewing ten opsigte van die rasse-kwessie.

Kommunikasie rakende die verbetering en uiteindelijke regstelling van die swartman se posisie in blanke stedelike gebiede moet ook tussen die regering, tuisland-regerings en erkende plaaslike leiers van die swartman plaasvind. Dit is uiters belangrik en hierin het die Christelike kerke ook 'n positiewe bydrae te bring (NG Kerk AS Hand 1978:507). Die KSO meen ook dat die tuislandontwikkeling 'n teenpool kan wees vir die vloeï van mense na die blanke gebiede, daarom is ontwikkeling hierin uiters belangrik; landbouvoorligting en desentralisasie van nywerhede moet ook baie aandag kry, dit alles sal 'n invloed hê op die vestiging van swart dorpe by die stedelike gebiede van blankes. Tog het die NG Kerk hier nog geglo aan die tuislandontwikkeling en dat dit kon werk, met die voorwaarde dat geregtigheid deel moet wees daarvan (NG Kerk AS Hand 1978:508). Die KSO het ook gewaarsku teen die vestiging van plakkerskampe, dat dit nie toegelaat mag word nie en daar moet toegesien word dat die gesinslewe voortgesit kan word en dat dit nie verbrokkel nie. 'n Menswaardige bestaan en samelewing moet gewaarborg word, die bestaande wette en regulasies in verband met toestromingsbeheer, behuising, lone, werkreservering, paswette ensovoorts verdien om weer sorgvuldig heroorweeg te word, ook moet die bestaande swart dorpe dringend opgeknop word, soos die strate en algemene netheid, daar moet ook gesorg word vir vervoer tussen die wonings en werksplek (NG Kerk AS Hand 1978:508). Dit is met groot dank dat die kerk ook kennis neem van die Wet op Gemeenskaprade van 1977 wat as 'n noodsaaklike tussentydse stap gesien word. Die aanbeveling hier is dat "n selfstandige kommissie van ondersoek, saamgestel uit verteenwoordigers van die sentrale regering sowel as van die tuisland owerhede en erkende leiers in stedelike swart gebiede" hierdie belangrike saak verder sal ondersoek (NG Kerk AS Hand 1978:508). Die KSO het ook gevra dat die optrede teenoor die stedelike Swartmense in blanke gebiede altyd met eerbied en respek gepaard moet gaan wat die "naaste in die Bybelse sin toekom". Noodsaaklike geriewe moet ook voorsien word en uitgediende

wette behoort verwyder te word (Hand 1978:508). Die kwessie oor trekarbeid het ook steeds op die agenda van die KSO gebly en in die reses het persone uit die KSO aan verskeie konferensies deelgeneem. Die standpunt van die KSO oor die kwessie is dat trekarbeid vandag 'n wêreldwye verskynsel is as produk van moderne ekonomiese ontwikkeling, die stelsel word egter afgekeur vanweë die nadelige gevolge daarvan op die morele- en gesinslewe (NG Kerk AS Hand 1978:508-509). Die KSO het gedurende 1965 getuienis afgelê voor die departementele kommissie van die owerheid rondom die sake van trekarbeid; die KSO het veral gevra vir die vergroting van die getroude kwartiere by die myne sodat trekarbeiders van binne die RSA wat hul gesinne wil saambring dit mag doen (NG Kerk AS Hand 1978:509). Tydens die dreigende botsings by Alexandra en Grahamstad is die bemiddeling van die KSO deur leraars ingeroep in verband met skool aangeleenthede in Alexandra (1975) en die verskuiwing van mense uit die Fingo-woonbuurt in Grahamstad (1977). In albei gevalle kon die KSO daarin slaag om dreigende botsings af te weer en 'n vreedsame oplossing vir die probleme te vind (NG Kerk AS Hand 1978:509). Die sinodes van Wes- en Noord-Kaap het ook gedurende die sinodes van 1975 sake aan die KSO gestuur vir voorlegging aan die owerheid. Dit was onder andere oor gesinslewe, gesinbehuising, trekarbeid, koshuisfasiliteite vir swart kinders en opleiding van onderwysers vir swart kinders in die gebiede buite die tuislande. Hieroor het die KSO met die owerheid in verbinding getree en die antwoorde wat ontvang is aan die betrokke skriba se sinode besorg (NG Kerk AS Hand 1978:509). Gedurende 1975 het die Oos-Kaap sinode kennis geneem dat daar wanpraktyke en verkwisting van pensioene by die kleurlinge is en dat toelaes dikwels gaan vir drank wat deur dranksmokkelaars vererger is. Die KSO is in die verband ingeroep en 'n antwoord is ontvang van die administrasie van kleurlingsake (NG Kerk AS Hand 1978:509,501). Die KSO se hulp is ook ingeroep in verband met die drankmisbruik by swart- en bruin mense, by hierdie groepe is daar 'n groot vermeerdering van drankmisbruik. Uit die onderhandelings met die Welsynsafdeling van die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het dit geblyk dat die staat ook baie verontrus is oor die toestand (NG Kerk AS Hand 1978:510).

Die drink van brandspiritus raak 'n groeiende euwel. Hier het die KSO vir die vervaardigers gevra of hulle nie 'n middel kan byvoeg wat dit onmoontlik sal maak om dit te drink nie (NG Kerk AS Hand 1978:510). In antwoord op die KSO se versoë oor verpligte onderwys vir swart mense het die staat hierop geantwoord dat die beginsel van verpligte onderwys deel van die Departement van Bantoe-onderwys is, en nagenoeg 80% van die kinders is reeds op skool (NG Kerk AS Hand 1978:510). Die KSO het onder andere toestande in swart woonbuurtes, huurgelde, visums, paspoorte ensovoorts hanteer (NG Kerk AS Hand 1978:510).

5.7.5 Die geestelike bearbeiding van die swart mense in blanke gebiede

Die geestelike bearbeiding van swart mense in blanke gebiede het die eerste keer op die agenda van die KSO gekom toe die gemeente Kameeldrif buite Pretoria die KSO versoek het om te help met die gemeente se aansoek vir die oprigting van 'n kerksaaltjie vir die gebruik van die Swartmense. Die Adjunkminister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, dr. A.P. Treurnicht, het egter nie die aansoek toegestaan nie; vir ander versoeke om swart mense in blanke gebiede te bearbei kon ook nie goedkeuring voor gekry word deur die KSO nie. Die KSO het eers met dr. Treurnicht en later met minister M.C. Botha onderhandel. Hier het vier onderhoude met die ministers gevolg en een met die senior amptenare. Die Breë Moderatuur se hulp is ook ingeroep in die verband en di. D.P.M. Beukes en J.E. Potgieter is by die KSO gevoeg (NG Kerk AS Hand 1978:510). Na die samesprekings het die KSO 'n verklaring namens die kerk uitgereik wat as riglyn dien vir die bearbeiding van swart mense in die blanke gebied. Die verklaring lees as volg:

“1. Die kerk aanvaar volle verantwoordelikheid vir alle godsdienstige- en kerklike bedrywighede binne stad- en voorgeskrewe gebiede.

2. Die kerk onderneem om toe te sien dat sulke bedrywighede binne die gees van die wette van die land bly en dat geen geriewe hoofsaaklik vir Bantoes sonder die goedkeuring van die Departement ingevolge Art. 9 (7)(a) van die Bantoes konsolidasiewet 25, van 1945, aangebring sal word nie.

3. Die kerk onderneem verder dat hy die beskikbaarmaking van kerkgeriewe vir Bantoes met groot omsigtigheid sal hanteer en dit slegs beskikbaar stel aan Bantoes wat nie normaalweg sulke geriewe in hulle eie woongebiede kan bywoon nie.
4. Dat die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling nie sal inmeng met bona fide kerklike bedrywighede wat ordelik en sonder versteuring van die goeie orde in die gemeenskap voortgaan nie, behalwe in die omstandighede en volgens die prosedure uiteengesit in Art 9 (7)(b) van genoemde wetspunt.
5. Daar word bevestig dat, behoudens die bepalings van die wet, geen permitte vanaf die Departement van Bantoe administrasie en -ontwikkeling nodig is nie, vir:
 - 5.1 die bywoning van 'n erediens deur Bantoes in 'n stad- of voorgeskrewe gebied, wat in elk geval in die verlede nie aan 'n permitbeheer onderhewig was nie;
 - 5.2 die reel van 'n erediens deur 'n plaaslike gemeente vir Bantoes in sy kerklike lokale onder sy toesig en beheer;
 - 5.3 die reel en hou van ander kerklike aktiwiteite soos bidure, werkklasse (normale skoolopleiding uitgesonder) vir Bantoes aan huise of in ander lokale van plaaslike gemeentes of gemeentelede;
 - 5.4 die reël en hou van enige bona fide kerklike vergadering of konferensie waar Bantoes ook aanwesig is; tensy goedkeuring ingevolge Art 9 (7) van genoemde wet vereis word of 'n groepsgebiede permit kragtens die groepsgebiedewet nodig is vir groot byeenkomste (bv. 'n reeks spesiale evangelisasie dienste) in 'n stad- of voorgeskrewe gebied, die organiseer en hou van kongresse, konferensies en kerklike vergaderings wat oor 'n aansienlike tydperk strek (langer as een dag) in welke gevalle aansoek vroegtydig by die plaaslike Bantoesake-kommissaris gedoen moet word en geen reëlings getref mag word tensy dit goedgekeur is nie.
6. Wanneer die kerklike bedrywigheid formele onderrig aan Bantoes in blanke gebied beoog, moet daar vooraf by die Departement van Bantoe-onderwys om goedkeuring en registrasie van 'n skool aansoek gedoen word.
7. Die kerk moet vir alle ander doeleindes deur sy amptelike kanale volgens die bepalings van die toepaslike wette aansoek doen vir die voorsiening of beskikbaarstelling van geriewe aan Bantoes, byvoorbeeld die oprigting van permanente geriewe op hoewes of plase." (NG Kerk AS Hand 1978:510-511). Die NG Kerk poog

hier om dienste daar te stel en in die hele proses begin die beleid hom net meer en meer vasdraai en begin die NG Kerk en die owerheid ook meer en meer verskil oor die praktyk.” Die KSO het ook in die reses aandag gegee aan pensioene vir swart- en bruin werkers en die KSO het betoog dat dit groot voordele vir werknemers sal wees (NG Kerk AS Hand 1978:511-512). Uit al die werksaamhede van die KSO is dit duidelik dat die taak van die kommissie steeds groter en meer verantwoordelik geword het. Dikwels was die kommissie by baie aktuele sake, ontwikkeling en gebeure in die RSA betrokke. Die KSO is ook dikwels deur die pers gesien as die mondstuk van die NG Kerk. Dit kon ook moontlik so wees omdat die KSO soveel kommentaar gegee het op talle sake van die dag (NG Kerk AS Hand 1978:512).

5.7.6 Die verandering in werkswyse van die KSO

Tot hiertoe was die KSO slegs ‘n subkommissie van die ASSK en die taak van die KSO vra dat dit dikwels moet optree wat hom dan aan publisiteit van die pers blootstel. Die KSO en die ASSK self het tot die gevolgtrekking gekom dat die verantwoordelikhede vir die kommissie te groot is vir ‘n subkommissie van die ASSK. Die ASSK het in die lig hiervan die volgende stappe geneem: die kommissie is met meer ASSK lede vergroot waaronder die voorsitter, ds. D.S. Snyman, asook dr. F.E.o’B Geldenhuys as die Direkteur van Ekumeniese sake, bygekom het. Die ASSK het ook die Breë Moderatuur genader vir nouer samewerking. Hier is di. D.P.M Beukes en J.E. Potgieter benoem (NG Kerk AS Hand 1978:512). Oor die toekoms en status van die KSO het die Breë Moderatuur besluit dat daar ‘n KSO benoem moet word wat sal bestaan uit drie lede en wat aangevul kan word uit die Algemene Sinodale Kommissie (hierna ASK) wat dan moontlik sake met die owerheid kan bespreek. Die sinode besluit dan ook dat die kommissie namens die kerk met die owerheid kan onderhandel (NG Kerk AS Hand 1978:512). Daar word ook ‘n taakoms krywing gedoen rondom die KSO. Die Breë Moderatuur voel dat daar onderskei moet word tussen beginselsake en administratiewe sake en dat die KSO die beginselsake moet hanteer (NG Kerk AS Hand 1982:138). Hier word daar ook al gevind dat die KSO se take en aandag aan al die genoemde sake te veel raak en dat die kommissie byna begin vasdraai rondom al die verpligtinge. Die kerk kom ook stadig nader na die punt waar hy besef dat hy nie op elke saak ‘n

antwoord het nie en ook nie hoef te gee nie. Die pad was, wat dit betref, nog ver van die einde af.

5.7.7 Indiërsake, visums, casinos en ander sake op die agenda van die KSO

Vir die huisvesting van Indiërs aan die Rand het die KSO 'n afvaardiging van die *Reformed Church in Africa* vergesel in 'n onderhoud met die Minister van Indiërsake waar die onderhoud ook bevredigende resultate opgelewer het (NG Kerk AS Hand 1982:138-139). Die KSO het ook die Minister van Binnelandse Sake se aandag gevestig op die lang verdragings wat daar soms voorkom voordat beslissings oor visumaansoeke van oorsese besoekers geneem word. Die KSO het ook weer vertoë gerig oor bonusobligasies, daar is ook verder beswaar geopper teen die feit dat gewone verdedigingsobligasies byna geen publisiteit ontvang nie, maar die sinode dring nogtans by die regering aan om af te sien van die element van lotery in die bonusobligasies (NG Kerk AS Hand 1982:139). Die hervestiging van Nie-blankes het talle vrae na vore laat tree, byvoorbeeld word daar altyd menswaardig opgetree? (NG Kerk AS Hand 1982:139). Oor die voorgenome Casino's veral by Thaba Nchu het di. P.B. Botha en D.S. Snyman president Mangope en lede van sy kabinet op 1 Maart 1982 ontmoet. Daar is indringend gepraat oor die bestaan van casino's en die probleme wat die kerk ondervind in die verband onder andere dobbelary wat by casino's aanwesig is en ook aanverwante euwels wat daarmee gepaardgaan. Die afvaardiging het ook indringende vrae van die kabinet probeer beantwoord. Die president het begrip vir die kerk se standpunt getoon, maar tog genoem dat daar slegs 'n klein persentasie mense by die casino's is. Wanneer 'n gelowige, soos hyself, dit nie wil bywoon nie, dit nie nodig is nie aangesien daar genoeg ander vermaaklikhede is: ten minste kan die casino beheer word waar ander dobbelary onbeheerd is. Die president het verder ook gesê dat dit die taak van die kerk is om deur sy getuienis mense te laat afsien van dobbelary. Die NG Kerk se invloed was groot en die kerk kon selfs met die buurstaat gaan praat oor casino's (NG Kerk AS Hand 1982:139-140). 'n Memorandum is ook deur die Breë Moderatuur by die Rabie-kommissie ingedien wat die hersiening van die land se veiligheidswetgewing moes behartig. Die memorandum het Bybelse beginsels na vore gebring vir die veiligheidswetgewing asook die implementering daarvan (NG Kerk AS

Hand 1982:140). Nadat die *Church of the Province of South Africa*, die *Methodist Church*, die *Presbyterian Church* en die *Congregational Churches* Sy Edele die Eerste Minister genader het om die afskaffing van Artikel 16 van die Ontugwet en die Wet op Gemengde Huwelike het die agbare Eerste Minister dit duidelik gestel dat hy nie as regter oor die verskil van mening tussen die kerke kan optree nie, hy wil ook nie in teologiese aangeleenthede keuses of uitsprake maak nie. Die Eerste Minister se voorstel was dat bogenoemde kerke ook met al die groot kerke sal skakel vir 'n eenvormige voorstel aan die regering. Die Breë Moderatuur het self ook met die Eerste Minister oor die bepaalde wette gesels, ook is daar met die Engelse Kerke 'n onderhoud gevoer wat voortgesit sal word. Dit is so dikwels die geval dat kerke verskil oor 'n saak en dit het al baie teen die kerke getel in hulle profetiese stem^{96,97} (NG Kerk AS Hand 1982:140). By die aanbevelings van die Algemene Sinode, versoek die sinodes om die hervestiging van Nie-Blankes en aanverwante aangeleenthede noulettend waar te neem en 'n memorandum aan die Breë Moderatuur voor te lê vir optrede deur die KSO waar nodig. Daar is ook opdrag gegee om self met die owerheid oor die hervestiging van Nie-Blankes te skakel. Die behuisingsnood van die Nie-Blankes kort aandag en moet onder die aandag van die KSO gebring word (NG Kerk AS Hand 1982:141). Gedurende 1979-1982 het die ASSK 'n aantal sake na die KSO van die Breë Modera-

⁹⁶Ds. Muller skryf in Die Kerkbode (no.8, jaargang 129, 4 Augustus 1977, 242) dat die kerk saam met die regering alles in die stryd moet werp om rassegesindhede reg te kry in Suid-Afrika." Daar moet ruitelik erken word dat "ons" optredes binne ons rasse-situasie nie heeltemal bo verdenking staan nie, as wat ons meen nie, soms het sinodale optrede na buite dikwels te kort geskied." "Daar is in hierdie tyd ook baie vrae gevra oor die rasse-situasie en foute wat ook gemaak is deur die NG Kerk." Ds. Muller sluit sy brief af deur te verwys na die staande kommissie vir skakeling met die owerheid wat uitmuntende werk gedoen het. Die kommissie het baie verligting vir ons anders kleurige gebring, soms is daar ook gebrekkige inligting na die man op straat

⁹⁷Die artikel noem enkele opmerkings uit sommige groepe oor die kerk se standpunte. Sommige beweer die kerk is vir die regering 'n remskoen op die pad na veranderings, ander beweer die kerk is 'n naprater van die regering en ander beweer die kerk se leiers is geleidelik besig om die kerk en die volk op 'n liberale pad te neem, daar is ook diegene wat waarsku dat die kerk nie oor rasse-kwessies so en so moet besluit nie. Die inleidingsartikel beklemtoon ook hier in 1974 die verskillende hoeke waaruit mense na die NG Kerk gekyk het en ook hoe verskillend dit was (Die Kerkbode, no.20, jaargang 126, 13 November 1974, 618)

tuur verwys. Gedurende 1979 was daar onder andere skole vir blanke kinders in die Transkei, behandeling van gevangenes, veral politieke gevangenes in Suid-Afrika, huisvesting van stedelike swart mense, drink van brandspiritus en biersale wat op Sondag oop is. In 1981 word daar 'n versoek gerig dat 'n staatskommissie oor die swartman in die stedelike opset in Suid-Afrika aangestel moet word (NG Kerk AS Hand 1982:659).

5.8 Openbare sedelikheid

Ds. H.J.C. Snijders skryf dat die insinking op die sedelike gebied baie groot afmetings aanneem. Om dit te bestry en die handhawing van die gesonde sedelike norme te handhaaf, het die kerk dit nodig geag om AKOS in die lewe te roep. Nog 'n kommissie het ook die lewe gesien naamlik Antikom, wat weer teen die gevaar van die kommunisme moes waarsku. Die NG Kerk saam met die Christelike Nasionale regering het sterk gevoel oor waardes op die sedelike gebiede. Die NG Kerk het sy profetiese stem laat blyk op byna elke gebied in die samelewing. Soms het dit oorgegaan in baie tegniese wette wat afgedwing moes word deur die owerhede (Die Kerkbode, no.2, jaargang 126, 9 Januarie 1974, 34). So het die AKOS vertoë gerig in 'n memorandum aan die Minister van Justisie oor die volgende sake: Sondagsport, Sondagwette, Sondagarbeid, reklame en verkoop van huise op Sondag, egskeidingswette, versoeningsrade ter voorkoming van egskeiding, owerspel, konkubinaat, dranklisensies by die Voortrekkermonument, drankverskaffing aan die verskillende etniese bevolkingsgroepe binne eie gebied, drank advertensies, kunsmatige inseminasie en die Christelike beskerming van aangeklaagdes van ernstige misdade. Die minister het kennis geneem van die memorandum en onderneem om verdere aandag hieraan te gee (NG Kerk AS Hand 1974:155).

5.8.1 Die gewetenskousule

Die Breë Moderatuur het ook van tyd tot tyd versoeke ontvang om die minister te nader

oor die gewetenskousule. Die Breë Moderatuur het by wyse van 'n memorandum⁹⁸ die saak aan die minister gestel, 'n persoonlike onderhoud kon egter nooit realiseer nie (NG Kerk AS Hand 1974:22). Die kerk het hom ook alreeds in die vorige eeu teen die gewetenskousule in die universiteitswette⁹⁹ uitgespreek wat bepaal dat daar by die aanstelling van dosente en professore geen navraag oor hulle godsdienste gedoen mag word nie (NG Kerk Hand 1978:400). 'n Onderhoud is deur die AJK in samewerking met die Breë Moderatuur gevoer met die Minister van Nasionale Opvoeding. Dr. S.J. Eloff wat lid was van die afvaardiging het verslag gedoen dat dit 'n vrugbare onderhoud was en dat dit simpatiek behandel is (NG Kerk AS Hand 1978:400,816). Die NG Kerk kon baie dikwels ook soos hier die regering gaan sien oor sake wat hulle wou bespreek.

5.8.2 Beeldradio

Die Breë Moderatuur was in verbinding met verskeie instansies ten opsigte van die kerk se standpunt en die sinode se besluite oor beeldradio. Groot blydskap is ook uitgespreek met die aanstelling van ds. Robert Schmidt as hoof van die godsdienstige¹⁰⁰ programme. Van die minister is ook 'n brief van dank ontvang vir die kerk se belangstelling in die verband (NG Kerk AS Hand 1974:22; Die Kerkbode, no.29, jaargang 126, 23 Oktober 1974, 543). Die sinode se besluit rakende beeldradio, was om met die oog op die wesenlike gevare verbonde aan 'n onbeheerde beeldradio-dienste

⁹⁸Ds. S.J. Eloff is versoek om 'n memorandum op te stel rakende die saak van die gewetenskousule volgens die besluit van die Algemene Sinode van 1974, die Breë Moderatuur besluit dat ds. D.P.M. Beukes, dr. J.D. Vorster en dr. S.J. Eloff die memorandum aan die betrokke minister oorhandig en dit met hom bespreek (NG Kerk AS Hand 1978:68)

⁹⁹Die Algemene Sinode het ook met groot waardering kennis geneem dat die Universiteit van die Oranje Vrystaat daarin geslaag het om sy Christelike grondslag in sy wet op te neem na 'n besluit van die parlement. So is die gewetenskousule ook bevredigend vervang in die wet (NG Kerk AS Hand 1978:877)

¹⁰⁰Die artikel noem dat waardering uitgespreek word vir die SAUK se programme ten opsigte van geestelike- en Afrikaanse radio (Die Kerkbode, no.17, jaargang 136, 18 April 1984, 2)

te waarsku. Daar is ook sterk by die owerheid aangedring om indien op so 'n diens besluit word, toe te sien dat dit 'n streng beheerde beeldradio diens sal wees. Die sinode vra ook dat die beeldradio 'n positiewe opbou tot gevolg sal hê vir alle bevolkingsgroepe en in besonder die jeug (Die Kerkbode, no.21, jaargang 127, 21 Mei 1975, 658).

5.8.3 Die huwelik en verwante sake

Met die moontlike wetgewing wat voorberei is oor seksuele etiek het die moderatuur met AKOS, die minister gespreek (NG Kerk AS Hand 1974:24). Die kerk het 'n profetiese roeping dat die Christelike karakter van die huwelik in die burgerlike wetgewing gehandhaaf moet word. Die kerk het hier na buite, dit wil sê teenoor die burgerlike owerheid, sy plig vir optrede uitgespreek (NG Kerk AS Hand 1974:158). Die regering het in sommige gevalle ook die NG Kerk genader oor moeilike kwessies en eers die NG Kerk se mening gevra. Soos in die geval het die Departement van Gesondheid die kommissie genader om goedkeuring te verkry vir die aksie om die voorbehoedpil gratis in apteke beskikbaar te stel aan verdienstelike gevalle. Die kommissie het egter sy afkeuring daarvoor uitgespreek en die regering versoek om die hele aangeleentheid in heroorweging te neem (NG Kerk AS Hand 1974:159). Die regering het in sekere gevalle die NG Kerk se mening hoog op die prys gestel alhoewel dit ook nie net altyd blindelings gevolg nie. Die hele saak oor egskedding en die wetsontwerp¹⁰¹ het ook AKOS se aandag geniet. Op talle gebiede het die kerk sterk gevoel oor sy stem wat gehoor moes word. Wat die kerk betref, het hy ook sterk daarvoor gevoel dat morele sake altyd aangespreek moet word. Die kerk verkondig hier steeds die onverbreekbaarheid van die huwelik teenoor die owerheid (Die Kerkbode, no.14, jaargang 131, 4 April 1979, 419).

5.8.4 Rasgemengde huwelike

Die Kerkbode kom baie duidelik uit vir die feit dat die "Heilige Skrif gee geen uitdruklike uitspraak oor rasgemengde huwelike nie". Die artikel klim ook kaalvuis in teenoor

¹⁰¹Hier word gewys dat die kerk die voorgename wetsontwerp gekritiseer het en dat die bekommernis, is dat die nuwe wetgewing egskedding sal vergemaklik (Die Kerkbode, no.7, jaargang 132, 13 Februarie 1980)

die kerk en staat wat beperkings plaas op huwelike op grond van ras of kleur en so die vrye keuse van 'n huweliksmaat aan bande lê (Die Kerkbode, no.9, jaargang 128, 1 September 1976, 260). Oor die Artikel 16 van die Ontugwet en die Wet op Gemengde Huwelike word die vraag deur die sinode gevra of die owerheid jurisdiksie het ten opsigte van die keuse van 'n huweliksmaat en of hierdie jurisdiksie op grond van ras of kleur toegepas moes word? Met die vraag impliseer die sinode byna 'n afkeur daarin. Tog in hierdie verband handhaaf die sinode sy standpunte van 1974 "dat die verbod op rasgemengde huwelike in die Skrif oorwegend godsdienstig gemotiveerd is en dat die Bybel hom nie letterlik vir of teen sodanige huwelike uitspreek nie".

5.8.5 Die Ontugwet

In verband met Art. 16 van die Ontugwet neem die sinode kennis van die feit dat in die voorskrifte van die Art. 16 'n verbod geplaas word op ontug, dit wil sê op buite-egtelike gemeenskap tussen blankes en nie-blankes. Ontug tussen blankes onderling en nie-blankes onderling word egter nie verbied nie. Tog voel die sinode ook dat daar 'n uitbreiding moet wees van Art. 16. Dat ontug tussen alle bevolkingsgroepe verbied moet word. Die sinode voel egter dat Art. 16 van die Ontugwet in die lig van die voorafgaande moreel nie geregverdig kan word nie en dat die staat self oor hierdie wetsartikel moet besluit. Die sinode verklaar egter uitdruklik dat hierdie standpunt nie gesien mag word as 'n goedkeuring of selfs 'n onderskatting van die euwel van ontug nie. Alle buite-egtelike gemeenskap is 'n sonde voor die Here, so getuig die sinode. Ook hier word gevind dat die pendulum stadig maar seker begin swaai (Hand 1982:1107-1110; Die Kerkbode, no.2, jaargang 136, 18 Julie 1984, 2).

5.8.6 Drankmisbruik

Die kerk het beswaar aangeteken by die universiteitsowerhede oor die moontlike verkoop van drank op die kampusse. Die sinode het ook hier so sterk daarvoor gevoel dat hulle 'n dringende beroep op die regering gedoen het om nie die drankwet so te wysig dat dranklisensies op die universiteitskampusse toegelaat moes word nie (NG Kerk AS Hand 1974:155). Die kommissie het ook vertoë gerig tot die Minister van Verdediging na die weermagsbevel in 1973 dat drank beskikbaar gestel gaan word aan

nasionale dienspligtiges. Hier is ook 'n onderhoud toegestaan deur die minister aan die dagbestuur, maar die minister was nie bereid om verdere toegewings te maak na die hersiene weermagsbevel nie (NG Kerk AS Hand 1974:155). Die NG Kerk het baie gewaak oor drankmisbruik veral onder die jeug, maar soos hier weier die regering die NG Kerk se aanbeveling. Die sinode het die aankondiging van die Minister van Gesondheid en Volkswelsyn, dr. L.A.P.A. Munnik, dat 'n nasionale plan teen alkoholmisbruik in werking gestel gaan word, verwelkom. Die gedagte van aanprysing word ook gevind wat deel vorm van die profetiese stem van die kerk (Die Kerkbode, no.6, jaargang 132, 6 Augustus 1980, 165). Drankmisbruik onder Kleurlinge is ook iets wat die kerk geweldig kwel. Hier het die kerk ook 'n maatskaplike taak. Die artikel verwys na die algemene omvang van alkoholisme¹⁰² in SA (Die Kerkbode, no.1, jaargang 129, 5 Januarie 1977, 6).

5.8.7 Publikasies

Hier het AKOS 'n onderhoud aangevra met minister Van der Merwe. Mnr. Kruger, voorsitter van die Publikasieraad, was ook teenwoordig. Die kerk het sterk protes uitgespreek teenoor die godslasterlike plaat *Jesus Christ – Superstar*. 'n Onderhoud is ook met die bestuur van die SAUK gevoer oor die aangeleentheid. Nog 'n onderhoud is ook met die Minister van Nasionale Opvoeding gevoer, mnr. van der Spuy, dat daar streng gelet sal word op die gehalte en aard van godsdienstige uitsendings. Die geleentheid wat die Christelike owerheid die NG Kerk hier bied word terdeë gebruik en die kerk se stem word gehoor. Op hoë vlak was die regering hier bereid om met die kerk te praat en die deure vir besprekings met die kerk was oop (NG Kerk AS Hand 1974:159). Die NG Kerk spreek ook sy dank uit in die verband (Die Kerkbode, no.9, jaargang 126, 27 Februarie 1974, 258; NG Kerk AS Hand 1974:160).

¹⁰²Na die sterk optrede van kerk en staat oor dwelmverslawing het die omvang daarvan aansienlik gedaal, die sinode betuig sy dank en waardering teenoor minister C.P. Mulder vir sy sterk optrede teen die dwelmgevaar in ons land (NG Kerk AS Hand 1974:156). Die NG Kerk spreek ook sy aanprysing uit ten opsigte sy profetiese stem.

5.8.8 Dobbel

Die NG Kerk se stem is nie net altyd sonder meer aanvaar deur die owerheid nie. Hier is 'n onderhoud gevoer met die Administrateur van Transvaal en Uitvoerende Komitee, maar dit was egter tevergeefs. Die Dobbelfasiliteite is uitgebrei. Die sinode versoek egter steeds die regering om die euwel van dobbelary meer aan bande te lê en te begin met die afskaffing van totalisators-komitees (NG Kerk AS Hand 1974:161). Die NG Kerk het sy besorgdheid oor dobbelary onderstreep en dit weer onder die aandag van die regering gebring. Die NG Kerk het ook hier verneem dat staatsgeld betrokke is by 'n nuwe maatskappy wat 'n monopolie op casino-belange in Suid-Afrika verkry het. Dr. Dawie de Villiers, Minister van Nywerheid, was ook hieroor ontsteld (Die Kerkbode, no.6, jaargang 135, 24 Augustus 1983, 12). Hierdie was 'n sensitiewe saak, maar die kerk het dit aangespreek.

5.8.9 Bonusobligasies

Die hele aangeleentheid rakende bonusobligasies het ernstige aandag van die Breë Moderatuur geniet. Van die kant van die sinodale kommissies, moderature, ringe, kerkrade en kerklike publiek het ernstige verhoë gekom dat die Breë Moderatuur leiding moet gee en die standpunt van die NG Kerk moet aandui. Langner (2004:186) noem dat dr. J.D. Vorster die verdedigingsobligasies verdedig het, omdat dit nie vir hom gegaan het oor selfsug nie, maar om vrede vir almal in die land. Die Breë Moderatuur het egter die saak opgevolg en het moeite gedoen met die toespraak van die Minister van Finansies, soos gelewer in die parlement 30 Maart 1977. 'n Verklaring is opgestel nadat talle teoloë, regsgeleerdes en ander instansies geraadpleeg is. Hierdie verklaring is eerste aan die Eerste Minister en daarna aan die pers oorhandig. Sy Edele die Eerste Minister, adv. B.J. Vorster, het op Dinsdag 12 April 1977 'n onderhoud toegestaan aan ds. D.P.M. Beukes, dr. F.E.o'B Geldenhuys en ds. J.E. Potgieter in Kaapstad; dr. J.D. Vorster was ongesteld en kon ongelukkig nie opgespoor word nie (NG Kerk AS Hand 1978:68-69). Die onderhoud het ongeveer 'n uur geduur. Hierna het die Eerste Minister onmiddellik 'n persverklaring uitgereik dat die regering met die beplande bykomende skema voortgaan soos aangekondig deur die Minister van Finansies. Ten spyte van die NG Kerk se verhoë het die regering voortgegaan. Hier is

nog 'n bewys dat die regering nie altyd net gebuig het voor die NG Kerk nie. Soms is daar ook vir die NG Kerk 'n koue skouer gewys. Die Breë Moderatuur het na baie druk om verder leiding te neem en optrede te oorweeg besluit om die saak daar te laat en na die Algemene Sinode te verwys vir uitsluitel (NG Kerk AS Hand 1978:69). Die sinode is van mening dat die stelsel van Verdedigingsbonusobligasies 'n duidelike element bevat van lotery, daarom spreek die sinode hom ernstig uit teen die element: hierdie standpunt is ook die standpunt van die NG Kerk al vir baie jare (NG Kerk AS Hand 1978:982). Die Breë Moderatuur is ook daarvan oortuig dat die regering niks moet doen wat ons gewete voor God sal beswaar en ons vrymoedigheid om vir hulp en beskerming ons toevlug tot Hom te neem, sal ondermyn nie (NG Kerk AS Hand 1978:170). Daar word dringend 'n beroep op die Eerste Minister gedoen om nie met die bonusobligasies voort te gaan nie (NG Kerk Hand 1978:170; Die Kerkbode, no.15, jaargang 129, 13 April 1977, 474). Ds. D.P.M. Beukes skryf dat hy hom nie kan vereenselwig met die uitsprake van die regering oor bonusobligasies nie. Die ampsdraers van die NG Kerk het hulle ook al sterk daarteen uitgespreek, ons mag nie ons toevlug neem tot bedenklike metodes nie, hierdie is niks anders as kwalik gekamoefleerde staatslotery nie (Die Kerkbode, no.15, jaargang 129, 13 April 1977, 452). Talle briewe is deur Die Kerkbode hieroor geplaas en al die briewe en artikels spreek hulle sterk uit teen die obligasies (Die Kerkbode, no.21, jaargang 129, 25 Mei 1977, 658). In 'n artikel in Die Kerkbode (no.23, jaargang 129, 8 Junie 1977, 720) word daar geskryf dat die kerk en staat albei diensknegte van die Here, elk op hul eie terreine is, en in die groot koninkryk van God moet hulle ook saamwerk. Die artikel noem ook iets baie interessant dat daar in die verlede goeie verhoudinge was tussen kerk en staat, maar dat daar ook dikwels gespanne verhoudings was tussen hulle. Die artikel noem dat daar ook direkte konfrontasie en botsings was. Oor obligasies het sommige beweer die kerk oortree sy terrein. Die Eerste Minister het dit die nek in geslaan en dit duidelik gemaak dat hy nie die kerk kwalik neem omdat hulle hom oor die saak spreek het. Hy het ook gesê dat dit die taak van die kerk is om die staat selfs aan te spreek as laasgenoemde volgens die Woord van God sou fouteer. Die Eerste Minister praat ook hier oor die kerk se taak as profeet. Hier het die NG Kerk sonder vrees die regering aangespreek. Hierna het die NG Kerk hom nog talle male sterk uitgespreek

teen die regering en by hulle aangedring dat hulle dit moet laat vaar (Die Kerkbode, no.16, jaargang 134, 27 Oktober 1982, 9; Die Kerkbode, no.11, jaargang 136, 5 September 1984, 4). Na vele druk van die NG Kerk se kant kondig Die Kerkbode aan (no.14, jaargang 136, 17 Oktober 1984, 4) dat die nuus met groot dankbaarheid ontvang word dat bonusobligasies afgeskaf is met die aankondiging van die Staatspresident. Hier het die NG Kerk se volgehoue profetiese stem en botsing met die regering tot goeie resultate gelei.

5.8.10 Die Wet op die vryheid van die pers

Hier word geskryf van die heftige verset wat die beoogde wetgewing van die regering gebring het en wat die pers geskok het. Die Eerste Minister het die pers gemaan om hulle huis in orde te kry en veral die Pers-unie het hy versoek om met stappe te kom om die pers met groter verantwoordelikheid te laat optree. Op hierdie stadium het dit vir die Eerste Minister gevoel dat baie eensydige en verdraaide beriggewing die land net in onguns bring. Adv. B.J. Vorster het ook reeds hier die moontlikheid genoem dat daar opgetree sal word sal teen koerante wat vasstelbare leuens publiseer. Die owerheid het die wetgewing beplan, maar dit weer teruggetrek. Die Kerkbode kies hier byna die kant van die owerheid toe hy noem “dat die persman moet dus vasstel wat sy besondere taak in God se wêreld in verhouding met ander mense is” (Die Kerkbode, no.15, jaargang 129, 13 April 1977, 460). Op 2 November 1977 berig Die Kerkbode (no.18, jaargang 129, 2 November 1977, 573) dat in die week van die 17-20ste Oktober ‘n verbod geplaas is op die publikasie van *The World Weekend* en *Pro Veritate*. Hier het Die Kerkbode weer reguit gevra oor die vryheid van die pers¹⁰³ en die vryheid van uitdrukking. Hier het die NG Kerk sy profetiese stem nie laat hoor nie, alhoewel Die Kerkbode dit gedoen het. Die sterk stem van die NG Kerk was hier baie nodig.

¹⁰³Die Eerste Minister, mnr. P.W. Botha, en nege lede van die kabinet het op 1 Augustus 1983 openhartige samesprekings met verteenwoordigers van die drie Afrikaanse kerke en die Apostoliese Geloofsending (hierna AGS) in die Unie gebou in Pretoria gevoer. Dit volg op vroeë samesprekings met die Kerke. Die samesprekings is gereel op inisiatief van die Eerste Minister en die sake wat aan die orde gekom het was die handhawing van morele standaarde met betrekking tot beheer van publikasies, die gesinslewe ens. Daar is ook gehoor van die probleme waarmee die regering worstel. Dit word ook beklemtoon dat daar meer vir die owerheid gebid moet word (Die Kerkbode, no.6, jaargang 135, 10 Augustus 1983, 3)

5.8.11 Sondaë

Wetgewing is ingestel om te verhoed dat daar rolprente vertoon word op Sondaë. Die Kerkbode noem dat dit seker nie bevorderlik is as die Sondagsheiliging deur wetgewing afgedwing word nie. Nietemin het die kerk en owerheid gewaak teen Sondagsontheiliging (Die Kerkbode, no.25, jaargang 128, 23 Junie 1976, 780). Ook is daar in kerklike kringe met kommer kennis geneem van die feit dat sport voortaan Sondaë op beeldradio vertoon gaan word. Hier het die moderamen 'n brief aan Krieket SA gerig dat die program gewysig moet word sodat die dag van die Here nie ontheilig word nie. Dr. Viljoen het 'n verklaring uitgereik waarin hy noem dat die regering hom vereenselwig met die strewe van Christelike kerke om gepaste Sondag-eerbiediging te verseker. Die NG Kerk het die meeste van die tyd die ondersteuning van die regering gehad oor die aspekte, dit het verdere gewig verleen aan die NG Kerk in die tye (Die Kerkbode, no.10, jaargang 134, 17 Maart 1982, 1). Tog verklaar die Eerste Minister in die Volksraad oor Sondagsport dat die regering nie deur wetgewende maatreëls eerbiediging van die Sondag dan afdwing nie, alhoewel die owerheid dit wel as sy taak sien om nie praktyke op Sondaë toe te laat wat Christene sal verhinder of steur om die Sondag te eerbiedig ooreenkomstig hulle godsdienstige oortuigings nie. Die NG Kerk het hom gaan sien na die uitspraak en hy verklaar dat hy groot begrip het vir die standpunte van die kerke (Die Kerkbode, no.17, jaargang 134, 5 Mei 1982, 3). Die sinode het ook wat betref die verkoop en vertoon van eiendomme die minister versoek om indien moontlik die besigtiging van eiendomme met die oog om te verkoop op Sondaë te verbied of dan minstens die advertering daarvan (NG Kerk AS Hand 1974:156). Die sinode het ook sy dank uitgespreek teenoor die Minister van Sport en Ontspanning vir die ferme houding wat hy inneem teenoor Sondagsport (NG Kerk AS Hand 1974:157).

5.8.12 Die Kinderwet

Die artikel deur Johannes Froneman noem dat alles nie wel is met die nuwe kinderwet wat die regering beoog nie. Die bekommernis, is oorgedra aan die Minister van Gesondheid en Welsyn deur verteenwoordigers van die NG Kerk. Die nuwe wet laat nie ruimte vir 'n Christelike benadering tot maatskaplike dienste soos die geval was nie.

Die gesinsverband moet beskerm word en daar moet van Christelike maatskaplike werkers gebruik gemaak word. Die gesin was ook hier vir die NG Kerk belangrik en dit moes reflekteer binne die wetgewing (Die Kerkbode, no.6, jaargang 134, 10 Februarie 1982, 1).

5.8.13 Gesin- en regshowe

Die NG Kerk het die voorgestelde wysigings-wetsontwerp in verband met egskeidings en die instelling van gesinshowe om familie aangeleenthede te behartig verwelkom. So ook die ondersoek na die funksionering van geregshowe. 'n Memorandum is ook aan die regeringskommissie voorgelê (Hand 1982:466; Die Kerkbode, no.3, jaargang 137, 27 Maart 1985, 4).

5.8.14 Aborsie

Op die wet op Vrugafdrywing en Sterilisasie nr. 2 van 1975 het die sinode die owerheid ernstig versoek om die betrokke wetgewing te hersien. Die sinode vind dat in die lig van Skrifgegewens en die stand van wetenskaplike gegewens aborsie ontoelaatbaar is. Die NG Kerk doen hier 'n ernstige beroep op die owerheid om die betrokke wetgewing in die lig grondig te hersien (NG Kerk AS Hand 1982:457; Die Kerkbode, no.16, jaargang 134, 27 Oktober 1982, 14,19).

5.8.15 Kunsmatige Inseminasie

Hieroor het die sinode 'n studiegroep benoem om die aangeleentheid te ondersoek. Die sinode oordeel dat dit medies en tegnies moontlik is, maar dit onder meer om teologies-etiese, maatskaplike en psigologiese morele waardes onaanvaarbaar is vir die kerk. Die NG Kerk het hier die owerheid versoek om die praktisering van Kunsmatige Inseminasie (hierna KI) deur wetgewing te verbied. Hier vra die kerk ook die owerheid dat wanneer wetgewing in die verband geformuleer gaan word, versoek die kerk die staat om inspraak te verkry met die sodanige voorbereiding daarvan (NG Kerk AS Hand 1982:464). Oor algemene sake in die land en die regering en kerk se rol was daar 'n spesiale streekbyeenkoms op 12-16 Maart 1979. Hier was meer as honderd afgevaardigdes. Hulle was van die Gereformeerde Bond in Suid-Afrika asook

ander genooies van die Protestantse Kerke. Hier is onder andere riglyne gegee vir die regering en vir die kerk oor hulle verantwoordelikhede in die land. Dit het daarop neergekom dat die kerk sy profetiese rol moet uitleef, maar die kerk moes ook prakties betrokke raak by plaaslike situasies. Geregtigheid moet altyd 'n prioriteit wees by die regering en hier word ook gevra vir 'n nuwe bedeling wat almal betrek. Trekarbeid, die instromingsbeheer, behuising en gemengde huwelike is deurgepraat (Geldenhuis 1982:85).

5.9 Die Inligting skandaal

Volgens Giliomee (2004:534-536) was daar 'n groot begeerte dat die wêreld die ingewikkeldheid van die Suid-Afrikaanse probleme moes verstaan. Buitelanders moes ook ingelig word oor wat gedoen word om die welsyn van al die gemeenskappe te bevorder. Daar moes 'n manier gevind word om die negatiewe beeld van SA te verander in die buiteland, want dit was nie 'n goeie beeld nie (Boesak 1979:82). Daar moes maniere gevind word wat namens Suid-Afrika kon praat. Daar was 'n ook groot gebrek aan 'n Engelse koerant op daardie stadium. Hiervoor het die departement van inligting geheime staatsfondse gebruik. In hierdie tyd het die buitelandse kantoor van die NG Kerk ook geld ontvang wat as 'n teenvoeter vir die Wêreldraad van Kerke moes dien. Gerugte oor die projekte van die Departement van Inligting het na vore gekom (Rhodie 1983:440-452; Boesak 1979:82; Geldenhuis 1982:77). Dit het tot die bedanking van adv. B. J. Vorster as Eerste Minister gelei en hy het toe Staatspresident geword (hy sou ook later as Staatspresident bedank). Mnr. P.W. Botha het dr. C. Mulder met 'n klein meerderheid verslaan en op 28 September 1978 die volgende leier van die NP geword en Eerste Minister. Oor die ongerymdhede was daar in kerklike en ander kringe skok en ontevredenheid gewees. Hieroor het verskeie persone in die kerklike- en dagpers reageer. Sommige was van mening dat die bedrag wat van die betrokke departement ontvang is aan die staat terug gegee moes word. Die Breë Moderatuur het egter teen dit besluit. Die fondse is in 1974 aanvaar op voorwaarde dat dit slegs vir 'n beperkte periode sou wees. Geen opdragte sou ook van enige instansie buite die kerk ontvang word nie en verslag sou slegs aan die Algemene Sinode gelewer word. Daar is ook deur die staat-ouditeure bevind dat die fondse wat deur die kerk

gebruik is vir die oorspronklike doel gebruik is en dat daar geen ongerymdhede voorgekom het nie (NG Kerk Hand 1982:112). Die Breë Moderatuur het ook 'n verklaring uitgereik in verband met die Ekumeniese kantoor waarin daar gesê word dat die Ekumeniese kantoor die uitbouing en voortsetting is van die NG Kerk se ekumeniese bedrywighede. Dit is in die verlede op 'n deeltydse basis behartig en is aangevul deur die inligtingskantore van die Kaapse- en Transvaalse sinodes vir meer as 20 jaar. In die loop van jare is daar kontak gemaak met die Departement van Inligting, wedersydse uitwisseling van inligting was deel daarvan, hulp met publikasies en besoekersprogramme het plaasgevind. In 1974 het die Algemene Sinode versoek dat daar 'n voltydse amptenaar moet kom wat die funksies van administrasie, kommunikasie en ekumene kon behartig. Die NG Kerk het ook die tye gesien as kritieke tye waarin hy was en die druk is meer en meer gevoel. Die NG Kerk het ook gevoel dat in sulke tye daar gekonsentreer moet word op die ekumeniese aspekte deur intensiewe studie van koers, tendense en standpunte van die kerk, hier en in die buiteland. Die ekumeniese druk het ook begin toeneem en die NG Kerk het ook metodes gesoek vir effektiewe kommunikasie asook die doeltreffender skakeling met ander kerke moes bevorder word. Hierdie taak sou 'n aansienlike bedrag kos in verband met navorsing, publikasies, buitelandse reise en die kerk het op daardie stadium nie voorsiening daarvoor gemaak nie, en "goedgesinde lidmate van die kerk" het dit geborg en so gehelp. Op versoek van die donateurs moes alle donateurs anoniem bly om enige verleentheid vir die kerk en vir hulle te vermy. Hierdie donasies was egter nie genoeg om die taak doeltreffend te kon behartig nie. Die vorige moderatuur het na sorgvuldige oorweging die aanbod van addisionele hulp van die Departement van Inligting tot by die sinode aanvaar. Die destydse moderatuur het geoordeel dat dit in ooreenstemming is met die erkende beginsel dat die staat subsidies verleen aan talle institute en stigtings wat bepaalde navorsings- en publiseitsfunksies verrig wat in belang van Suid-Afrika geag word: ook publikasies wat objektiewe informasie bied en die beeld van Suid-Afrika in al sy fasette sou bevorder. In die geval van die ekumeniese kantoor het die kerk funksies verrig bv. die evaluering vanuit teologiese oogpunt van kerklike tendense en strominge soos dit Suid-Afrika raak. Die Moderatuur het by die besluit uitdruklike voorwaardes gestel, dat die kerk geen

opdragte van enige aard van enige donateur ontvang of uitvoer nie. Die hele taak word volgens eie diskresie en op 'n kerklike wyse uitgevoer. Alle gerugte dat die regering voorskriftelik was met die geld is ontken (Strauss 2002:204). Hierdie bronne is deur die kerk gesien as absoluut onvoorwaardelike skenkings en dit is ook van tydelike aard sodat die kerk die waarde van so 'n diens kan evalueer en dan finaal 'n besluit kon neem (NG Kerk AS Hand 1982:113). Die moderatuur het ook verslae voorberei vir die Algemene Sinode dat die kerk volle finansiële verantwoordelikheid vir al die funksies van die ekumeniese kantoor oorneem (NG Kerk AS Hand 1982:114). Hierdie besluit is ook geneem nog lank voor daar enige sprake was van probleme in die Departement van Inligting, dit is ook in 1978 eenparig deur die sinode so goedgekeur. Die Breë Moderatuur was ook oortuig daarvan dat in die lig van die voorafgaande dit 'n eerbare en Christelike verantwoordelike optrede was vir fondse wat vir die doel ontvang is. In Die Kerkbode (no.21, jaargang 131, 23 Mei 1979, 651) skryf ds. Henno Cronje dat die inligtingsdebakel al vir baie maande die groot onderwerp van bespreking is in die land. Die nuusmedia het ook die afgelope tyd nie 'n dag laat verby gaan sonder om daarna te verwys nie, skryf ds. H. Cronje. Die inleidingsartikel noem ook dat die kerk hom nooit mag distansieer van wat op die verskillende terreine van die volkere-lewe gebeur nie. Dan kom daar weer die belangrike opmerking dat in Suid-Afrika die kerk en die owerheid twee instansies was wat nog altyd as vennote ons land en sy mense probeer dien het. Die opmerking spreek boekdele oor kerk en staat in die tydperk. Die artikel noem dat die kerk soms van die owerheid verskil het en sy profetiese roeping vervul het deur die owerheid te konfronteer met die eise van die Woord. Dat die NG Kerk dit gedoen het was so. Die NG Kerk het met tye heeltemal te na aan die regering beweeg. Daarom dat hierdie hele debakel die NG Kerk baie skade berokken het. Ds. H. Cronje skryf dat dit ook erken moet word dat die meeste lidmate oor baie jare heen 'n vaste vertrouwe in die integriteit en verantwoordelikeheidsin van die politieke leiers gehad het. Die inligtingsbom wat geval het, die onthulling op onthulling wat gevolg het, het baie ontnugter en in die proses het baie mense seergekry. Ten regte of ten onregte, so is mense wat hoog in aansien was se bona fides bevraagteken. Lelike woorde soos korrupsie, bedrog en leuens is aan prominente mense se name verbind. Die vraag is watter invloed het al hierdie dramatiese en selfs skokkende gebeure op die lidmate en

die kerk gehad? In baie gevalle het dit 'n vertrouenskrisis veroorsaak, en baie dinge is bevraagteken. Ds. H. Cronje vra wat die kerk se taak nou in hierdie omstandighede is en hy noem dat die kerk sal moet leer uit die foute van die verlede. Die artikel skryf dat dr. Eschel Rhodie maak asof dit hy is wat die betrokke pos geïnisieer en geskep het. Hierdeur word die indruk gewek as sou die departement van Inligting die inisiatief geneem het en dat die kerk op grond daarvan met sy ekumeniese werksaamheid begin het. Die Kerkbode noem dat dit alles agterna eskapades van dr. Rhodie is en dit gee uiteraard die skyn van 'n destydse bose en onderhandse bondgenootskap tussen die kerk en die Departement van Inligting en "juis op grond hiervan word wilde beskuldigings in die pers gemaak dat ons kerk en die owerheid kop in een mus is, dat die kerk hom vir politieke doeleindes deur die owerheid laat gebruik het en dat die kerk die owerheid na die mond moet praat omdat hy daarvoor betaal word". Die gedagte van te na aan mekaar word ontken en die kritiek daarvan laat die kerk tog ongemaklik voel. Dat dr. Rhodie beslis nie die skepper en vader van die pos van die ekumeniese skakelbeampte van die NG Kerk was nie word weereens beklemtoon. Die Kerkbode verduidelik ook dat die verslae en besluite in die Handeling van die Algemene Sinode van 1970 reeds opdrag gegee het rakende die saak. Die sinode van 1974 het verskeie aanbevelings in verband met die funksies op daardie tyd al goedgekeur gehad wat aan so 'n permanente pos verbonde sou wees, maar die pos self was nog onder oorweging. Dit was ook baie duidelik dat dit die sinode baie geld sou kos. Daar was ook 'n kerkregtelike probleem naamlik hoe die skriba 'n voltydse amptenaar en terselfdertyd ook 'n predikant van 'n gemeente kon wees. Die artikel skryf verder dat op grond van die versekering wat gegee is dat goedgesinde lidmate van die kerk alle koste waarborg en dit op die enigste en uitsluitlike voorwaarde dat die identiteit van die donateurs anoniem moet bly, het die sinode eenparig die voorstel aanvaar. Die sinode van 1974 het dus nie geweet wie die donateurs almal was nie, die kennis was tot die vorige moderatuur beperk. As die sinode meegedeel was dat die departement van Inligting een van die donateurs was kon die besluit moontlik anders gewees het. Die Kerkbode betoog verder dat die owerheid die salarisse van dosente subsidieer en die kerke aanvaar hierdie hulp met dankbaarheid sonder om hulle gewetens daarvoor te kwel of om hulle moreel verplig te voel om die owerheid om die rede na die mond te praat.

Opleiding van teologiese studente word ook gefinansier, die geestelike arbeid van die weermag, gevangenisdienste en polisiemag, jeugkampe en kursusse word ook met behulp van staatsgeld georganiseer. 'n Belangrike vraag wat Die Kerkbode ook vra is waarom die hulp net aan die NG Kerk¹⁰⁴ gebied is en nie ook aan die ander kerke nie?

¹⁰⁴Die moderatuur het die volgende verklaring uitgereik na aanleiding van die gelde ontvang:

1. "Die Ekumeniese kantoor is die uitbouing en voortsetting van die NG Kerk se ekumeniese bedrywighede wat in die verlede op deelydse basis deur die kerk behartig is en aangevul is deur die inligtingskantore van die Kaapse en Transvaalse Sinodes vir meer as 20 jaar. 2. In die loop van die jare is kontak met die Departement van Inligting gemaak vir wedersydse uitwisseling van inligting, hulp met publikasies besoekers programme ens. 3. By die Algemene Sinode van 1974 het twee kommissies versoek dat daar 'n voltydse amptenaar moet kom wat die funksies van administrasie, kommunikasie en ekumene kon behartig. 4. Daar is toe besluit dat die kerk met die oog op die kritieke tye waarin ons kerk leef, moes konsentreer op die ekumeniese aspek deur intensiewe studie van koerse, tendense, standpunte en besluite van kerke hier en in die buiteland en om ook doeltreffende skakeling met ander kerke te bevorder en die beeld van ons kerk uit te dra. 5. So 'n taak sou koste in verband met navorsing, publikasies, buitelandse reise ens. meebring waarvoor die kerk op daardie stadium nie voorsiening gemaak het nie, maar wat deur 'goedgesinde' lidmate van die kerk geborg is, op hulle versoek moes alle donateurs anoniem bly om enige moontlike verleentheid vir hulle en vir die kerk te vermy. 6. Die bestaande ekumeniese begroting van die kerk, aangevul deur donasies van goedgesinde lidmate was nie voldoende om die taak doeltreffend te kon behartig nie: die vorige moderatuur het na sorgvuldige oorweging die aanbod van addisionele hulp van die Departement van Inligting as tussentydse oorbrugging tot die volgende Algemene Sinode aanvaar. 7. In die geval van die ekumeniese kantoor het die kerk funksies verrig, bv. die evaluering vanuit teologiese oogpunt van die kerklike tendense en strominge soos dit Suid-Afrika raak, die ontvangs en te woord staan van talle besoekers wat 'n suiwer kerklike siening oor die Suid-Afrikaanse opset verlang het, die opstel en verspreiding van publikasies wat die kerklike standpunt oor Suid-Afrika en sy beleidsrigtings weer gegee het, die meedoen aan kerklike gesprekke en simposiums hier en oorsee waar Suid-Afrika ter sprake is of was, die voorsiening van kerklike inligting aan enige instansie wat daarvoor vra, onder andere staatsdepartemente. 8. Die moderatuur het ook die volgende uitdruklike voorwaardes gestel nl. dat die kerk geen opdragte van enige aard van enige donateur ontvang of uitvoer nie, maar die taak volgens eie diskresie en streng kerklike wyse uitvoer, geen verslag oor werksaamhede onderneem of uitvoer aan enigiemand lewer behalwe sy eie kerklike instansies nie, hulp van buite kerklike bronne aanvaar word mits dit absoluut onvoorwaardelike skenkings is en van tydelike aard om die kerk in staat te stel om die waarde van so 'n diens vir Kerk te evalueer en dan finaal daarvoor te besluit. 9. Die moderatuur het reeds vroeg in 1977, voordat daar sprake van probleme in die Departement van Inligting was, begin met die opstel van verslae en aanbevelings, wat eenparig by die sinode in Oktober 1978 aanvaar is. Hiervolgens neem die kerk nou volle finansiële verantwoordelikheid vir alle funksies wat in die afgelope 4 jaar deur die ekumeniese kantoor met gedeeltelike steun van diverse donateurs behartig is. 10. In die lig van voorafgaande is die Breë Moderatuur daarvan oortuig dat dit 'n eerbare en Christelike verantwoordbare optrede was, met fondse wat vir die doel ontvang is. Die Breë Moderatuur is dan ook dankbaar teenoor alle instansies en persone wat meegehelp het om hierdie belangrike kerklike werksaamhede gevestig te kry" (Die Kerkbode, no.8, jaargang 131, 22 Augustus 1979, 229).

Hierdie vraag, noem Die Kerkbode, moet die owerheid beantwoord en nie die kerk nie. Ten slotte word gemeld dat die kerk sedert 1978 nie meer van die staat se hulp vir sy ekumeniese werksaamhede gebruik maak nie en nou die kantoor van dr. Geldenhuys ten volle finansier (Die Kerkbode, no.8, jaargang 131, 22 Augustus 1979, 227).

Louis Luyt die “sogenaamde” eienaar van *The Citizen* en F.E.o’B. Geldenhuys wat die NG Kerk se buitelandse inligtingskantoor “beman” het, het hulle gevoelens rondom die inligtingsdebakel en die fondse ens. omtrent dieselfde bewoord: “Ek het ‘n leuen geleeft” en “dit was ‘n oordeelsfout” (Giliomee 2004:536; Strauss 2002:204). Ander kerke het dit ook veroordeel (Strauss 2002:204-205).

5.10 Beleidsveranderinge in Parlement

Dat die NP in beheer was en dat sy meerderheid net gegroei het getuig Die Kerkbode (no.3, jaargang 130, 18 Januarie 1978, 68) van. Die artikel meld dat dit die grootste meerderheid is wat ‘n regerende party nog gehad het in die parlement. Vir die NG Kerk het dit ook groot verantwoordelikehede meegebring, want die kerk moet in die lig van die Skrif krities bly teenoor die regering, maar opreg belangstel in die doen en late van die regering. Dit is en bly die NG Kerk se doelwit, en om krities te wees vanuit die Skrif is altyd onderliggend. ‘n Veroordelende stem moet gehoor word wanneer dit gehoor moet word. Die kerk is egter nie geroep om net altyd afbrekende kritiek te lewer met alles nie en net altyd fout te vind nie. Hierdie gedagtes van Die Kerkbode is alles waar, maar kan ook die effek hê dat die kerk se profetiese stem te sag en rustig word. Woorde van waardering is ook nodig deur die kerk, dit is en bly ook deel van die profetiese stem van die kerk. In die parlement is die verskuiwings ook al hoe meer in verband met die beleid en die toekoms van die land. Al die nuwe uitdagings word genoem waarvoor die parlement te staan gaan wees in die komende jaar. Die land bevind hom in buitengewone omstandighede, ondersoek na valutabeheer, brandstoftekorte, onafhanklikheidswording van Suidwes en ‘n nuwe grondwetlike bedeling vir blankes, kleurlinge en Asiërs sal voorgestel word, dit word beskou as een van die belangrikste sittings nog, voorbidding word ook gedoen deur die kerk (Die Kerkbode, no.5, jaargang 131, 31 Januarie 1978, 132). Die parlamentsitting van 1981

word ook weereens uitgelig as baie belangrik. Die Presidentsraad moet sekere aanbevelings maak, daar was ook nog Suidwes se onafhanklikheidswording, die onafhanklikheidswording van Ciskei, die onderwys-situasies, maatskaplike toestande, die hantering van diskriminerende wette en regulasies, die handhawing van wet en orde in die tye van onrus, stedelike terreur asook klimmende misdaadsyfers (Die Kerkbode, no.1, jaargang 133, 7 Januarie 1981, 3). Hoe sou die NG Kerk reageer op die nuwe ontwikkelinge op politieke gebied? AKLAS het 'n persoonlike onderhoud met die vise-Staatspresident gevoer na navrae oor die kerk se standpunt rondom gebede in die Presidentsraad. Die vise-Staatspresident het verduidelik dat dit glad nie die bedoeling is om doelbewus die Naam van Jesus Christus te verswyg tydens gebede nie. Die kommissie het ook kennis geneem van ander gebede waar die Naam van Jesus Christus in die Presidentsraad deurgaans voorgekom het. Verder blyk dit ook dat lede van die Presidentsraad met openingsgeleenthede spontaan in gebed voorgaan, in hierdie gevalle word die Naam van Christus uiteraard dikwels genoem. Die kommissie oordeel verder dat weens die samestelling van die Presidentsraad daar wel plek is vir stil gebede wanneer die Naam van Jesus Christus wel verswyg word. ALKLAS noem dat wanneer Jesus Christus nie in 'n gebed genoem word nie dit geen gebed is nie (NG Kerk AS Hand 1982:468). Die Volksraad gaan ook vir oulaas byeenkom op 26 Januarie 1984. Dit sal die laaste maal wees in sy huidige vorm, in die nuwe staatkundige bedeling wat op koers is, gaan aan kleurlinge en Asiërs betekenisvolle medeverantwoordelikheid gegee word. In verband met die staatkundige posisie van die Bruinmense is daar indringend met die regering gepraat. Die KSO het spesifiek met verwysing na RVN die volgende punte uitgelig: onsekerheid oor die Bruinmense se staatkundige- en ekonomiese toekoms veroorsaak frustrasies, die proklamasie van sekere groepsgebiede wat soms onoordeelkundig geskied het en tot ongerief en selfs ontbering aanleiding gegee het, regverdige vergoeding, verdragings in voorsiening van gemeenskapsfasiliteite en ontspanningsgeriewe nadat behuisingskemas lankal voltooi is (Die Kerkbode, no.11, jaargang 135, 23 Maart 1983, 1). Hier vra die NG Kerk die vraag of daar geregtigheid gaan geskied teenoor minderheidsgroepe in die nuwe bedeling? (Die Kerkbode, no.4, jaargang 136, 25 Januarie 1984, 1). Die artikel laat blyk dat dit duidelik is dat die ou bedeling agter die rug is. Hier is verder 'n groot stuk

besef deur die NG Kerk dat die kerk nie weer die verhoudinge en politieke¹⁰⁵⁻¹⁰⁸ mag van die verskillende volke moet reël nie, veral ook omdat die Skrif geen duidelike aanwysings gee oor die aard van politieke en maatskaplike strukture nie. Hierdie opmerkings toon dat die verandering van regeringsbeleid ook nie by die NG Kerk verby gegaan het nie. Die oorgang na 'n nuwe bedeling is opmerklik. Die NG Kerk is ook nie meer so seker om alles wat betref die politiek vanuit die Woord voor te lê nie (Die Kerkbode, no.18, jaargang 134, 26 Mei 1982, 4).

5.11 Hervormingsdaggetuïenis 1980

Op 5 November 1980 het agt teoloë van die NG Kerk die getuïenis in Die Kerkbode

¹⁰⁵Die Kerkbode (no.17, jaargang 127, 23 April 1975, 530) noem dat Oom Jim Fouche op 9 April aan die einde van sy ampstyd gekom het en op 19 April word dr. Diederichs as sy opvolger ingehuldig (Hy besoek ook die kweekskool van Stellenbosch op 13 Mei 1976). Die Kerkbode rig 'n stem van waardering hier oor die twee staatsmanne naamlik dat mnr. Fouche sy ampstermyn met onderskeiding verrig het, daar word terug gekyk op 'n ampstermyn waarin daar baie vordering gemaak is in Suid-Afrika. Dank en waardering word daarvoor uitgespreek en voorbidding word verseker vir beide staatshoofde

¹⁰⁶Belangrike sitting lê voor die parlement. Ook hier word die feite gelig van die jongste ontwikkelinge in verband met die toekomstige politieke bedeling, die volkereverhouding, die onluste, groeiende militêre en terroristiese bedreigings. Die Eerste Minister het 'n sombere situasie geskets in die tyd. Spanning binne en buite Suid-Afrika was steeds aan die toeneem. Die Kerkbode sluit af met "die Kerk moet bid" (Die Kerkbode, no.3, jaargang 128, 19 Januarie 1977, 69)

¹⁰⁷Mnr. Vorster wat uitree as premier weens gesondheid, word deur die blad betreur. Daar word waardering uitgespreek vir hom en sy eggenote vir die arbeid en opofferings, daar word ook gebed vir die regte opvolger (Die Kerkbode, no.13, jaargang 130, 27 September 1978, 388). In Die Kerkbode van 4 Oktober wens mnr. B.J. Vorster geluk met sy verkiesing as Staatspresident en wens ook mnr. P.W. Botha geluk met sy verkiesing as Eerste Minister, troue voorbidding sal gedoen word vir die arbeid (Die Kerkbode, no.14, jaargang 130, 4 Oktober 1978, 420). Mnr. B.J. Vorster, voormalige Eerste Minister, het o.a. nie geskroom om sy Christenskap uit te leef nie, hy was ook 'n meelewende kerkganger (Die Kerkbode, no.11, jaargang 135, 14 September 1983,1)

¹⁰⁸Die NG Kerk se voorbidding vir die owerheid en die nuwe verwickelinge in die land is opmerklik dwarsdeur dekades. Hier word weer gevra vir voorbidding vir die jaarlikse lang sitting van die Volksraad (Die Kerkbode, no.4, jaargang 135, 26 Januarie 1983, 1)

geplaas. Stelselmatig was hier iets aan die ontwikkel in beide die regering van die dag asook in die NG Kerk. Prof. A.B. du Toit (Die Kerkbode, no.8, jaargang 133, 25 Februarie 1981, 248) noem dat die getuienis gebore is uit die diepe oortuiging dat die eise van die Woord van God en die benouende tydsgewrig waarin ons lewe alle gelowiges in hierdie land en daarom ook alle kerke voor 'n groot en uiters dringende verantwoordelikheid plaas. Dr. W.D. Jonker (1998:157) skryf dat verhoudings binne die NG Kerk familie meer gespanne geword het en dat dit kon uitloop op polarisasie. Hy skryf onder andere oor die getuienis se ontstaan dat prof. J.A. Heyns hom geskakel het en ingelig het oor die inisiatief van so 'n getuienis. Dr. S.J. Eloff vra ook rondom die getuienis veral wat betref die profetiese stem van die kerk die teenvraag "of die broers eerlik sê dat die kerk waaraan hulle behoort nie die hervormings betekenisvol en op geloofwaardige wyse wel aan aandag gegee het nie" (Die Kerkbode, no.4, jaargang 133, 28 Januarie 1981, 120). Dit alles spreek van die spanning wat aan die opbou was in die land en in die NG Kerk. In die NG Kerk was daar ook oor die getuienis spanning gewees. Daar was ook 'n byeenkoms van Transvaalse predikante by Brits om die vertroue te herstel na die spanning van die Hervormingsgetuienis (Die Kerkbode, no.13, jaargang 133, 1 April 1981, 1). Na Cottesloe was dit die grootste gebeurtenis en wou dit die gesprekke net verder stimuleer (Van der Merwe 2002:72). Strauss (2002:31,32) skryf dat dit 'n belangrike gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis was. Dit was egter nie 'n losstaande gebeurtenis nie, dit kon nie losgemaak word van die snelle ontwikkeling op kerklike-, maatskaplike- en politieke terrein van die begin van die tagtigerjare in Suid-Afrika nie. Hierdie tye kan ook as 'n oorgangsfase beskou word, veral 'n oorgang na 'n nuwe staatkundige- en maatskaplike bedeling vir Suid-Afrika. Die gebeurtenis het verseker 'n " stoot gegee aan die polarisasie binne die kerk" (Jonker 1998:158-159).

5.12 Stormkompas

Die tagtigerjare is gekenmerk deur talle stemme wat al hoe meer los gekom het en na vore gebring is. Stormkompas wou ook vir die kerk in die tagtigerjare weer kom rigting gee het. Juis vir 'n kerk wat meer en meer geïsoleer geraak het in die tyd en wat ook irrelevant kon raak. Die boek het vier en veertig stellings gepubliseer. Dit het juis die

kerk uitgedaag om op te staan teen 'n beleid van 'n regering wat toenemend die meerderheid van die land se mense onregverdig behandel het (Van der Merwe 2002:74).

5.13 Teologiese kongres: Universiteit van Pretoria 18-21 Januarie 1981

Die kongres is gehou wat gehandel het oor die taak van die kerk in die jare tagtig. Hier het prof. W.D. Jonker gesê dat die Afrikaanse Kerke hulleself in 'n posisie geplaas het wat om kritiese bevraagtekening vra. Hy noem dat die kerk hulself agter die algemene gang van die politieke denke in Afrikaner geleedere gestel het (Die Kerkbode, no.4, jaargang 134, 27 Januarie 1982, 1). Die kongres het ook 'n verandering aangedui rondom die toekoms van die land en die NG Kerk se uitdaging binne dit. Hier is genoem dat die NG Kerk teen apartheid is en vir eenheid. Die Kerkbode skram weg van die idee en noem dat dit nie 'n amptelike vergadering was van die NG Kerk nie. Prof. Pieterse beskuldig op die kongres die NG Kerk van kerkburokrasie en val ook die NG Kerk aan deur te sê dat dit die NG Kerk se skuld is dat verhoudinge so lyk. Dr. Rossouw skryf weer in reaksie daarop en noem dat die kongres ontaard het in 'n aanval op die NG Kerk. Binne die NG Kerk was daar tweespalt en spanning en verskillende sienings oor die pad vorentoe en sekerlik ook oor die rol van die kerk in die jare tagtig (Die Kerkbode, no.5, jaargang 134, 3 Februarie 1982, 6). Verdere gebeure buite die kerk was dat dr. A.P. Treurnicht, gevolg deur van sy ondersteuners, op Woensdag 24 Februarie 1982 die NP verlaat het om uiteindelik die Konserwatiewe Party te stig. Dit opsigself het die spanning vergroot, die eens magtige NP het geskeur, gesien op die politieke front sou dit "een van die bitterste dekades van Afrikanertwis inlei" (Langner 2002:194). Dit het ook gelei tot 'n innerlike verdeelheid tussen verdere twee denkrigtings in die land (Jonker 1998:163).

5.14 Die Ope Brief 9 Junie 1982

Honderd drie en twintig gelegitimeerdes van die NG Kerk-familie het ook 'n Ope Brief aan die NG Kerk gerig in Die Kerkbode op 9 Junie 1982 (Bosch 1982:9). Dit neem standpunt in teen bepaalde wette en het die mening uitgespreek dat alle mense wat Suid-Afrika as hulle vaderland beskou by die uitwerk van 'n nuwe samelewingbestel

betrek moet word (Die Kerkbode, no.22, jaargang 134, 9 Junie 1982, 1). Hierdie Ope Brief het juis ontstaan na aanleiding van die teologiese kongres rakende die boek Stormkompas (Van der Merwe 2002:75). Dit gaan in die brief oor 'n diepe besorgdheid oor die skynbare onvermoë van die kerk in Suid-Afrika om sy roeping betekenisvol en geloofwaardig te vervul. Die Ope Brief het uit drie dele bestaan waarvan twee dele net gewy is aan die profetiese roeping van die kerk. Die ander oorblywende deel het gehandel oor versoening en eenheid in die kerk (Bosch 1982:13). Kritiese vrae was aan die toeneem en die Ope Brief het daarby aangesluit. Die Ope Brief het ook sewe wantoestande van die tyd uitgewys (Van der Merwe 2002:75-76). Die brief is ook aan die Breë Moderatuur oorhandig in Maart 1982 as 'n buitengewone stuk vir die komende Algemene Sinodesitting van later in die jaar. Dit het egter nooit gebeur nie as gevolg van tegniese punte (Van der Merwe 2002:77). Juis in 'n tyd vol spanning en verdeeldheid lig die brief weer een van die kerk se primêre take uit naamlik versoening en eenheid veral van die kerk (Bosch 1982:13). Weer word die klem geplaas op die kerk se profetiese rol en roeping veral in Suid-Afrika, en hier kom die stem ook sterk na vore vir die uitwerk van 'n nuwe bedeling in die land. Dit begin in die tyd al meer na vore kom. Die kerk mag hom ook nie net met "geestelike sake" besig hou nie en net onttrek uit die samelewing nie.

5.15 Samevatting

Dr. J.W. Hofmeyr maak 'n baie belangrike opmerking in 1979 dat die NG Kerk in die vyftigerjare op die voorpunt van die vorming van openbare mening gestaan het, maar sedert die botsings wat na Cottesloe plaasgevind het, het die kerk nie meer langer 'n leidende aandeel geneem in die vorming van openbare mening nie. Hierdie opmerkings word meer en meer gehoor in die tyd wat sou kom. Tog word daar ook deur die pers na die NG Kerk in die tyd verwys as die bewakers van die sedes. Die NG Kerk het byna oral en veral op die openbare sedelikheidsterrein sy stem hard laat hoor. Wat die rasse-situasie betref, raak die NG Kerk meer en meer bewus van die praktiese situasie in die land. Die NG Kerk stel dit ook hier dat hulle dieselfde ideaal as ander Christelike kerke het en dit is maatskaplike geregtigheid, menslike regte maar tog nog selfbeskikking van volke en mense wat op Gods Woord gegrond is en aan die ander

kant voorstaan. Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif 1974 sien die lig. RVN is uiteindelik te lig bevind. RVN '74 is egter nie gekanselleer nie en het die amptelike stuk van die NG Kerk gebly tot tyd en wyl.

Dit blyk dat baie Afrikaners in 1974 die soort krampagtige apartheidsgeloof meer as relatief gesien het. Teen 1978 het sommige regeringsleiers ook verklaar dat velkleur in Suid-Afrika al hoe minder 'n rol sou speel.

Die gedagte dat die NG Kerk nie meer so voorskriftelik moet wees vir elke moontlike situasie nie het ook baie sterk gegroei.

Wat die onderwys betref, staan die NG Kerk ook vir Bybelkunde as skoolvak en is dit ook aan die begin van 1976 deur die Kaaplandse Onderwysdepartement as vak ingevoer vir die Senior Sekondêre Kursus.

Gedurende die periode 1974-1975 het die magsverhoudinge in Suid-Afrika baie verander. Die beheer van SWA het Suid-Afrika in konfrontasie gebring met die buiteland. Dit alles het druk op die beskermingsdienste, die regering en indirek ook op die kerk gehad.

“Tragedie in Soweto” was die opskrif van Die Kerkbode in 1976. Die Kerkbode vra ook die vraag: wat het aanleiding gegee tot die onluste? Die Kerkbode noem ook dat kerk en owerheid die sake wat nodig is moet aanspreek en dat daar oor die situasie gebid moet word. Na hierdie gebeure het daar 'n wending gekom in die NG Kerk se blik rondom die hele rasse-situasie in die land. Voor die gebeure het die NG Kerk reeds kritiese vrae gevra oor sekere kwessies. Die KSO het ook kennis geneem dat in die tweede helfte van 1977 die regering 'n kabinetskomitee aangestel het wat indringend sou kyk na die posisie van Swartmense in blanke gebiede. Die kerk dring by die regering daarop aan dat alles met geregtigheid en liefde uitgewerk moet word. Wat die KSO betref was dit tot hier slegs 'n subkommissie van die ASSK. Die KSO en die

ASSK self het tot die gevolgtrekking gekom dat die verantwoordelikhede vir die kommissie te groot is vir 'n subkommissie van die ASSK.

In 1978 tref die inligting skandaal die land en die NG Kerk en sou baie letsels op die regering asook die kerk laat. Al hoe meer kritiese stemme sien ook die lig in die tyd onder andere die Hervormingsdaggetuienis, Stormkompas, Teologiese kongres: Universiteit van Pretoria en die Ope Brief. Hierdie gebeure het gesprekke verder stimuleer oor wat die toekoms behoort te wees.

Weer word die klem geplaas op die kerk se profetiese rol en roeping veral in Suid-Afrika, en hier kom die stem ook sterk na vore vir die uitwerk van 'n nuwe bedeling in die land.

HOOFSTUK 6: 1982-1986

'n ERA VAN INTENSE TEOLOGIESE WORSTELING

6.1 Die NG Kerk en die Ekumene

6.1.1 Die Algemene Sinode en die GKN

Die hele saak oor die Program vir die Bestryding van Rassisme (hierna PBR) en die befondsing het ook hier weer na vore gekom. Die GKN het na die sinode van 1974 'n sterk afvaardiging gestuur omdat hulle teenkanting te wagte was. Die GKN se bande met die bevrydingsbewegings asook hulle goedkeuring vir die finansiële bystand vir die bewegings het tot groot debatte gelei by die sinode (Van Jaarsveld 1969:553). Hier het dr. J.D. Vorster onder andere 'n ultimatum mosie voorgestel wat aanvaar is. Dit het daarop neergekom dat "indien die GKN nie binne afsienbare tyd die ernstige leerstellige dwalinge uit hulle midde deur middel van leertug verwyder nie en indien hulle besluite insake steun aan terrorisme op ons nie later as die eerste sitting van die volgende sinode herroep word nie, ons die band tussen die NG Kerk en die GKN as verbreek beskou" (Strauss 1983:375-377; Kinghorn 1986:151; Langner 2004:151; Geldenhuys 1982:81). Op hierdie stadium was dit geensins 'n geïsoleerde geval tussen die NG Kerk en die GKN nie. Langner (2004:152-153) wys daarop dat die *Reformed Church in New Zealand* ook bande verbreek het oor leerdwaling met die GKN. Die *Orthodox Presbyterian Church* het ook baie sterk standpunt ingeneem teen leerdwaling in die GKN en hulle ook ernstig uitgespreek teen die GKN se ondersteuning van die Spesiale Fonds. Ook die *Free Church of Scotland* het hulle gekritiseer op grond van teologiese tendense binne die GKN. By die volgende GES byeenkoms is daar gesien hoe die GKN se invloed aan die kwyn was, nie een GKN afgevaardigde is op die moderatuur van die GES verkies nie: "Hieroor was die GKN bitter ontsteld".

6.1.2 Gereformeerde Ekumeniese Sinode

By die verslag van die afgevaardigdes na die vergadering van die GES te Sydney 14-25 Augustus 1972 word daar verwys na die groot spanninge op die terrein van rasseverhoudinge in die wêreld. Die sinode doen ook 'n ernstige beroep op lidkerke om

die toestande in hul eie kerke en ander lande te toets aan die norme wat in die besluit uiteengesit is. Van die besluite oor rasseaangeleenthede moedig die sinode die kerk aan om moedig oor sake van die dag te spreek (NG Kerk AS Hand 1974:36). In 1976 vind die sewende GES plaas in Kaapstad. Hier was die NGSK die gasheer gewees. Die GES het ook in die sitting simpatie betoon teenoor almal wat verliese gelei het en die regering gevra om aandag te gee aan die oorsake van die erge spanninge (Langner 2004:158-159). 'n Mens sou verwag het dat die GES uitsprake sou lewer oor die situasie in die land op daardie stadium, maar dit het nie gebeur nie (Langner 2004:159). In 1983 het die GES in Chicago 'n versoek aan die NG Kerk en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gerig om in 1986 verslag te doen "oor wat elkeen gedoen het om hul steun aan die apartheidstelsel in die lig van die Skriftuurlike norme van liefde en geregtigheid te oorweeg". Met hierdie en nog meer het die ekumeniese verhoudinge 'n laagtepunt bereik (Kingham 1986:152).

6.1.3 Wêreldbond van Gereformeerde Kerke

Vanaf 17-27 Augustus 1982 het die een en twintigste vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (hierna WBGK) plaasgevind te Ottawa. Die vergadering het vir die NG Kerk niks goeds ingehou nie (Boesak 1984:138). Dr. A. Boesak het ook by die geleentheid sterk opgetree oor rassisme in Suid-Afrika. Hy het onder andere die WBGK daarvan beskuldig dat hulle vanaf 1970 nie regtig standpunt ingeneem het nie. Hy het ook die WBGK uitgedaag om rassisme te brandmerk as sonde en "om apartheid as onversoenbaar met die evangelie van Jesus Christus te verklaar". Dit sou beteken dat apartheid in stryd met die wese van die reformasie was en daarom as kettery verklaar moes word. Dr. A. Boesak is ook hier as voorsitter van die vergadering verkies op die jong ouderdom van 36 jaar (Scholtz 1989:21). Na 'n Nagmaalboikot deur die NGKA en die NGSK se elf lede was die vergadering ingekleur vir 'n heftige stryd teen apartheid. 'n Verdere brief van Dr. B. Naude het net aan alles stukrag verleen. Die WBGK het dan ook 'n verslag die lig laat sien wat apartheid veroordeel as nie versoenbaar met die evangelie nie. Die vergadering het ook 'n Status Confessionis aanvaar (Kingham 1986:149). Die NG Kerk se lidmaatskap is ook opgeskort en die

boodskap was dat die tyd aangebreek het vir nuwe besinning vir die pad vorentoe (Van der Merwe 2002:77-79; Kinghorn 1986:149-150).

6.2 Die Belydenis van Belhar

Van der Merwe (2002:79) skryf dat die NGSK een van die belangrikste stemme teen Apartheid was. Die 23ste vergadering van die NGSK was ook 'n baie belangrike vergadering, dit was ook net 'n maand na die WBGK se vergadering by Ottawa. Dr. A. Boesak het hier 'n groot rol gespeel. Die NGSK het ook op die vergadering 'n Status Confessionis afgekondig met 'n baie sterk bewoording waarin hulle apartheid as sonde verklaar (Scholtz 1989:23). Die Kerkbode (no.14, jaargang 134, 6 Oktober 1982, 1) skryf ook dat die NG Kerk voor 'n gewetenskrisis gekom het, nadat sy oudste dogterkerk hom van teologiese kettery en afgodery beskuldig het, juis weens sy standpunt oor apartheid. Die NG Kerk het nou binnelands sowel as buitelands wat die ekumene betref nog meer onder intense druk gekom.

Hierdie spanning word ook gereflekteer in die openingsrede van die Algemene Sinode van die NGSK van 1982. Die sinode het voorheen besluit dat daar 'n ad-hoc kommissie daargestel moet word om 'n belydenis daar te stel vir goedkeuring (Jonker 1998:161). Op 6 Oktober 1982 is die konsepbelydenis wat opgestel is aanvaar. Die Belydenis van Belhar bely ook dat "enige leer wat of die natuurlike verskeidenheid of die sondige geskeidenheid so verabsoluteer dat hierdie verabsoluttering die sigbare en werksame eenheid van die kerk belemmer" (Van der Merwe 2002:80-81). Die Belhar Belydenis wat ook sterk teen apartheid bedoel was, het ook die pyn, ervaring en emosie verwoord van 'n regeringsbeleid wat vasgedraai het en baie mense "ontredderd" gelaat het. Diegene wat seergekry het, het met die Belydenis van Belhar gepraat (Van der Merwe 2002:81). Wat was die NG Kerk se reaksie op hierdie gebeure in die tyd? Hoe sou hulle op al die druk en 'n nuwe Belydenis van 'n dogterkerk reageer? Jonker (1998:163) skryf dat die Belydenis van Belhar die NG Kerk voorwaar voor 'n oomblik van waarheid gebring het. 'n Paar dae later sou die Algemene Sinode van die NG Kerk 'n sitting in Pretoria hou. Vanweë 'n tydprobleem kon die sinode nie die Belydenis grondig bestudeer nie. Die sinode "het egter sy hartseer en ontsteltenis uitgespreek oor

die onbillike beskuldiging van teologiese kettery en afgodery” Dr. A Boesak¹⁰⁹ het skerp reageer op die NG Kerk se onvermoë om in te sien wat apartheid aan die land gedoen het. Die NG Kerk het wel deeglik kennis geneem van die stemme wat net harder word en het besluit om Ras, Volk en Nasie as beleidstuk te hersien (Van der Merwe 2002:82).

6.3 Die Referendum ‘n Historiese dag vir Suid-Afrika

Op 2 November 1983 het die land weer deur groot spanning gegaan en weer is daar twee kante te bemerk in Suid-Afrika. Die spanning is ook weer sigbaar gevoel in die NG Kerk. Die referendum het gegaan oor ‘n beslissende keuse vir die konstitusionele ontwikkelingsgeskiedenis van Suid-Afrika. Die blanke kiesers moes besluit of die nuwe grondwet toegepas of verwerp gaan word. Baie persoonlike aanvalle en “geskinder” het saam met die stemmery gegaan.

Die Suid-Transvaalse en Vrystaatse sinodes het vir kalmte en voorbidding gevra vir die komende referendum. Op ernstige voorbidding is deurentyd klem gelê (Die Kerkbode, no.18, jaargang 135, 2 November 1983, 4; Die Kerkbode, no.12, jaargang 135, 21 September 1983, 1; Die Kerkbode, no.16, jaargang 135, 19 Oktober 1983, 1; Die Kerkbode, no.16, jaargang 135, 26 Oktober 1983, 3).

6.4 Die Noodtoestand

Oor die noodtoestand, skryf Die Kerkbode, dat dit baie sleg is en nie iets is wat ‘n mens graag wil sien nie. Die KSO het ook die Staatspresident en verskeie kabinetministers daarvoor gaan spreek en hulle kommer daarvoor uitgespreek, maar die owerheid het geen keuse gehad nie vanweë die onluste in die swart woonbuurte. Daar word baie vir voorbidding gevra. Daar word ook van die kerk se kant af ‘n spesiale beraad gehou oor

¹⁰⁹Dr. A Boesak was ook een van die NG Kerk se felste teenstanders vanuit die (Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (hierna NGSK) en het al in 1974 skerp gereageer oor die Algemene Sinode se besluit oor gemengde huwelike (Van der Merwe 2002:78).

die spanning in die land en tussen kerke. Daar word in besonder gevra vir vrede en rustigheid (Die Kerkbode, no.5, jaargang 137, 31 Julie 1985, 1; Die Kerkbode, no.9, jaargang 137, 28 Augustus 1985, 1; Die Kerkbode, no.10, jaargang 137, 4 September 1985, 1; Die Kerkbode, no.16, jaargang 137, 16 Oktober 1985, 4).

6.5 Plakkers in nood

Die Kerkbode verwys na sowat 15000 bruin en swart plakkers wat binne 'n kort tydjie vir hulle krotte op drie terreine by Bellville-Suid opgerig het. Dit is gedoen op 'n terrein wat nie vir hulle permanente of tydelike verblyf kan gee nie. Die Kerkbode verwys daarna dat hulle dit ook onwettig doen. Daar is ook nog ander plakkers, word geskryf, in die Skiereiland en hulle posisie is ongunstiger as die van die ander. Die vraag word gevra waarheen die plakkers geskuif kan word sonder dat elders ook weer plakkers geskep word? Die menslike nood wat hier in besonder uitgelig word, moet nie misgekyk word nie. Daar is onder andere liggaamlike- en huislike nood. Die nood van die plakkers is meer as net maatskaplike-, gesondheid- en ekonomiese probleme wat die kerk aan die deur van die staat kan lê. Die NG Kerk sien die behuisingsnood raak en die krisis waardeur die swart plakkers moet gaan. Daar word veral gewys op die feit dat sommige van die huisies afgebreek is terwyl dit winter was. Dit was baie jammer en onaanvaarbaar. Die onaanvaarbare woontoestande vir swartes in die Wes-Kaap word in besonder aangespreek (Die Kerkbode, no.3, jaargang 129, 23 Februarie 1977, 229; Die Kerkbode, no.32, jaargang 133, 12 Augustus 1981, 1; Die Kerkbode, no.32, jaargang 133, 12 Augustus 1981, 6).

6.6 Die Kairos-dokument

In Junie 1985 het daar 'n groep Christene gevoel dat die tye so krities is dat daar iets gesê moes word. Na vele vergaderings en werkgroepe het honderd en vyftig mense die Kairos-dokument onderteken en is dit gepubliseer in September 1985. Hierdie dokument het baie debatte en gesprekke oor die land se situasie verder gestimuleer. 'n Jaar later het daar nog so 'n dokument ontstaan. Die eerste dokument het onder andere ook gehandel oor die kerk se profetiese rol (Brown 1990:16). Die toestand in Suid-Afrika het net versleg en baie swart woongebiede het in opstand gekom (Brown

1990:24). Brown (1990:26) noem dat Kairos nie net 'n oomblik van waarheid was vir apartheid nie, maar ook vir die kerke in Suid-Afrika. Prop. D.P. Veldsman skryf (NGTT, Deel XXVII, September 1986, 435-447) dat die kerk wat deel moes wees van die oplossing, 'n integrale deel van die probleem geword het rakende die Kairosdokument. Die kerk moet eerder beweeg na 'n bediening van betrokkenheid en deelname, spesiale veldtogte kan ook onderneem word. Hy gaan sover om te noem dat die kerk by geleentheid ook burgerlike ongehoorsaamheid moet steun. Die kerk van Jesus Christus sal mense weer moet uitdaag, inspireer en motiveer.

6.7 Die Profetiese siening van die kerk nogeens in teologiese perspektief

Wat sou die profetiese siening van die NG Kerk in hierdie tydperk wees? Die Kerkorde artikel 67 wat handel oor die verhouding tussen kerk en owerheid staan ook vooraan by die NG Kerk se siening oor sy aanspraak van die owerheid. Waar die owerheid in stryd met die Woord kom, aanvaar die kerk dit as sy plig om die owerheid aan te spreek. Maar dan op 'n ordelike wyse moet skakeling tussen die kerk en owerheid op plaaslike, sinodale en algemene sinode vlak geskied (Die Kerkbode, no.20, jaargang 137, 15 Mei 1985, 4). Die 1974 verslag van die NG Kerk toon dat Calvyn se siening rakende die profetiese rol van die kerk versag is deur die siening van Kuyper se leer oor die soewereiniteit in eie kring, wat beteken dat die staat soewerein is onder God se gesag en dat die kerk weer soewerein onder God se gesag is. Calvyn leer dat die profetiese taak van die kerk in die samelewing deur die kerk verrig moet word, terwyl Kuyper leer dat dit die lede van die kerk is wat die profetiese rol moet vervul. Dit was die rigting waarin die 1974 rapport van die NG Kerk geloop het (De Gruchy 1974:90-91). Die Rooms-Katolieke Kerk en die Lutherse Kerk word saam genoem in die profetiese rol wat hulle gespeel het, maar hulle was glad nie so op die voorgrond teen rassisme nie, altans nie so op die voorgrond soos die Engelse Kerke in die verband nie (De Gruchy 1974:97). Calvyn skryf in sy Institusie dat gehoorsaamheid aan die owerheid en hulle wat regeer, altyd 'n uitsondering het, dit is dat die gehoorsaamheid aan die owerheid ons nooit mag wegneem van ons gehoorsaamheid aan Hom wie se wense van konings altyd ondergeskik is nie (De Gruchy 1974:225).

Die staat kan nie alleen verantwoordelik gehou word vir die interne lewe van alle samelewingsverbande waar verkeerdhede uit 'n politieke regsordening mag voortvloei nie. Die kerk as instituut onderwerp hom aan die gesag en wet van die staat in soverre die regsorde nie met Gods Woord bots nie. Die Woord van God moet deur die kerk aan die owerheid verkondig word, by name die norme van die Skrif oor onderlinge verhoudinge en maatskaplike geregtigheid (NG Kerk AS Hand 1974:265). In 'n veelvolkige situasie sien die NG Kerk ook sy roeping teenoor die owerheid as tweeledig. Dit moet die norme van die Woord van God oor die onderlinge verhoudings van verskillende groepe en oor die pligte van die owerheid in die situasie verkondig. Dit moet ernstig waarsku wanneer onreg gepleeg word in die uitvoering van nasionale beleid en die toepassing van wette. Hier word genoem dat dit onbevrees gedoen moet word, maar ook versigtig. Die NG Kerk wou hier nie altyd die onbevreesde roete volg nie of het nie altyd geweet wat sy roeping in die verband is nie. In sy handelinge teenoor die owerheid moet die kerk weer van twee dinge seker maak, die noukeurigheid en deskundige kennis van die feite en dat hy in elke geval werklik uitdrukking gee aan die eise van Gods Woord (Die Kerkbode, no.22, jaargang 137, 29 Mei 1985, 5,7; Die Kerkbode, no.24, jaargang 137, 12 Junie 1985, 5). Die kerk se primêre taak is nie politieke bedrywighede nie, en die kerk is ook nie die beste toegerus vir al die oplossings nie, hiervoor het die Here juis ook die owerheid ingestel. Prof. W.D. Jonker skryf oor kerk en politiek dat as die kerke in SA die spreekbuis word van onderskeie groepe in Suid-Afrika gaan dit die situasie vererger in die land. Hy noem drie funksies van die kerk ten opsigte van die politiek: die kerk moet bid, die Woord verkondig dat dit verstaanbaar is en so leef dat dit duidelik is dat hy kerk is (Die Kerkbode, no.14, jaargang 133, 8 April 1981, 1). Prof J.A. Heyns stel op 'n stadium 'n kerklike adviesraad voor wat sommige voorgenome wetgewing van die staat evalueer en met die owerheid bespreek voordat dit op die wetboeke kom. Dit voorkom die situasie dat die kerk agterna moet protesteer as die wetgewing reeds gepasseer is, dit sal beter wees as die regering wetgewing waarby kerklike godsdienstige en morele aspekte ter sprake is vooraf met die kerke se kerklike adviesliggaam bespreek word (Die Kerkbode, no.38, jaargang 133 23 September 1981, 1,2). Prof E.P.J. Kleynhans maak weer ernstig beswaar daarteen. Hy vra wie so 'n adviesraad sou saamstel, die kabinet of die

Eerste Minister? “Die gedagte is prakties onuitvoerbaar” (Die Kerkbode, no.41, jaargang 133, 21 Oktober 1981, 12). Die NG Kerk moes die oorgang verwerk en besef dat hy nie meer altyd geken hoof te word in alles wat die owerheid doen nie. In AKLAS se verslag oor aktuele vrae oor die kerk word daar genoem dat die kerk ten minste ‘n vyfvoudige taak het naamlik om die boodskap van die Koninkryk te verkondig; om in sy eie bestaan ‘n sigbare teken en konkrete gestalte van die Koninkryk op te rig; om in die gebed en lofprijsing God te loof; om sy lidmate op te roep, toe te rus en uit te stuur in die samelewing; om diakonale diens te verrig in die navolging van die priesterlike bewoënhed van Christus. Hierdie vyfvoudige taak is primêr toevertrou aan die kerk as instelling. Maar op hulle eie wyse is die lidmate van die kerk ook daartoe geroepe om dit in hulle individuele hoedanigheid uit te voer (NG Kerk AS Hand 1982:473). Die kerk het ook eintlik geen beperking met betrekking tot die terreine waar hy die boodskap van die Koninkryk verkondig nie. Die beperking lê in sy taak wat hy in die besondere terreine moet verrig en ook met betrekking tot die metode waarvolgens hy sy verantwoordelikhede nakom (NG Kerk AS Hand 1982:476). Uiteindelik is daar geen enkele terrein in die samelewing of geen enkele handeling van die individu of ‘n groep mense wat nie onder die beligting van die prediking geplaas mag word nie. Die kerk moet rassisme, Marxisme of watter ander onchristelike ideologie ook al veroordeel. Die kerk kan nie self maatreëls neem wat van ‘n politieke aard is nie (byvoorbeeld boikotte, ondersteuning van geweld en terrorisme of protesoptogte). Die kerk moet ook nie bloudrukke gee vir die politiek nie (NG Kerk AS Hand 1982:476). Louw (1987:50) skryf die gevaar van ‘n kerk rondom sy profetiese stem is dat hy hom te na aan die politiek kan begewe dat hy homself verpolitiseer. So is die kerk nie meer kerk nie. Die kerk kan maar net kerk wees en hom hou by die Woord, alleen van hier kan die kerk poog om die politieke werklikhede te hanteer. Geldenhuys (1982:77) skryf dat die kerk altyd ‘n kritiese afstand moet hou teenoor die regering. Kerk en owerheid moet altyd pasop dat die grense tussen hulle nie vervaag nie.

6.7.1 Doen die NG Kerk dan niks?

Die vraag kom telkens aan die orde in hierdie kritieke tye vir die NG Kerk: Doen die NG Kerk dan niks? Terwyl die land in spanning verkeer en rasse-verdeeldheid aan die orde

van die dag is, is die NG Kerk se profetiese stem dan net stil? Was die NG Kerk byname stil en sy profetiese stem nie eers meer 'n fluistering nie? Kritiek in die pers teen die NG Kerk het toegeneem omdat hulle stem nie gelees en gehoor word nie. Beskuldigings dat die kerk slaap is geopper. In eie kringe word genoem dat die kerk net 'n toeskouer geword het en te min doen om ons mense op te voed tot aanvaarding en verandering. Die vraag is ook nou of die NG Kerk prakties uitvoering gegee het aan wat hy besluit het en glo? Het die NG Kerk gepraat?

In 'n brief (Die Kerkbode, no.7, jaargang 135, 16 Februarie 1983, 1) skryf dr. Rossouw dat die NG Kerk sy geheime onderhoude met die regering moet heroorweeg ter wille van verhoudinge met buitelandse kerke. Die gesprekke moet in die vorm van persverklarings bekend gemaak word anders kan die buitelandse kerke nie verkwalik word as hulle die NG Kerk as staatskerk beskou nie: hierdeur kan die kerk sy geloofwaardigheid as ware kerk inboet. Die NG Kerk en sy instansies is ook verwytdat hulle niks gedoen het of doen ten op sigte van hul profetiese roeping teenoor die owerheid nie. Die rede wat hier aangevoer word, is dat daar weinig of niks daarvoor in die media gerapporteer is nie. Die Kerkbode berig dat besoekers uit die buiteland dikwels verbaas staan wanneer hulle agterkom wat die NG Kerk wel doen, maar waarvan die wêreld so weinig verneem. In baie gevalle het die NG Kerk opgetree in oorleg, medewerking of gesamentlike verteenwoordiging van die drie jong kerke: die NGSK, die NGKA en die *Reformed Church in Africa* (hierna RCA) waar die onderskeie belange van die kerke en of hulle bevolkingsgroepe geraak is. Die Kerkbode plaas ook gedeeltelike aantekeninge van sy amptelike profetiese stem oor jare in Die Kerkbode. Dit kom uit die verslae in die Handeling van die Algemene Sinode en uit die Handeling van die sinodes asook uit die notules en van die kerklike kommissies vir skakeling met die owerheid. Hierdie kommissies vir skakeling is benoem om in die interim tussen sinodale vergaderings of ander kerklike vergaderings stiptelik en tydig op te tree wanneer optrede dringend nodig geag is. Die Kerkbode benadruk die feit dat daarop gelet moet word dat slegs 'n klein seleksie van die profetiese stem van die NG Kerk hieronder ingevoeg is. Die metode wat gevolg is was die volgende: die staande Kommissie vir Skakeling met die Owerheid is in voortgaande briefwisseling met die

betrokke owerhede (kabinetsministers, staatsdepartemente en ander owerhede) oor sake wat by die sinodes, ringe, kerkraadsvergaderings en selfs individue (insluitend die Jongkerke) voorgelê word. Wanneer die kommissie nie tevrede gestel word met die antwoorde wat ontvang is nie, of as 'n probleem nie bevredigend opgelos word nie, is 'n onderhoud met die betrokke minister of departementshoof aangevra. In sommige gevalle is versoeke selfs direk gerig aan die premier. Die NG Kerk het 'n bestekopname gemaak oor wat hy gedoen het die afgelope paar jaar aangaande sy profetiese stem, veral in die krisistye in die land in die verlede.

Die volgende sake word onder andere genoem waar daar van die kerk se kant geskakel is met die owerheid oor landsake:

A. Loonstrukture en werkreserwing: versoeke van die NGKA

In 'n onderhoud met die betrokke minister op 11 Oktober 1974 is die volgende versoeke gerig: dat die owerheid 'n grondige ondersoek moet instel na alle terreine waar Swartmense toegelaat kan word om tot die arbeidsmark vir geskooldes toe te tree; dat die nodige opleidingsgeriewe vir ongeskoolde of halfgeskoolde Swartmense opgerig word sodat hulle tot die arbeidsmark vir geskooldes kan toetree; dat die owerheid gunstiger loonstrukture moet skep vir Swartmense en die gaping tussen lone vir Swartes en Witmense nouer moet maak.

Resultate

Agt opleidingsentrums vir Swartwerkers is in daardie jaar (1974) geopen en heelparty ander is op 'n latere stadium geopen, onder 'n skema van subsidies aan firmas wat behoefte gehad het aan geskoolde arbeiders. Die minister het die versekering gegee dat die owerheid doelgerig besig is om beter loonstrukture vir Swartes te skep. Die reserwing van werk vir bepaalde groepe is heeltemal afgeskaf, aangesien die arbeidsmark oop staan vir almal, ook vir geskoolde Swartmense wat tot betrekkinge kan toetree wat vroeër deur Witmense en Bruinmense bekleed is.

B. Ouderdoms- en ongeskiktheidstoelaes

Die KSO het by die betrokke minister 'n onderhoud aangevra vir meer realistiese toelaes vir Bruinmense asook periodieke aanpassings namate die lewenskostes styg.

Resultate

Die minister het die versekering gegee dat die toelaes hersien en periodiek verhoog sal word; dat die gaping tussen toelaes vir Wit-, Bruin- en Swart groepe voortgaande vernou sal word.

C. Die posisie en toekoms van stedelike Swartmense

Verskeie onderhoude is van 1974 tot 1978 met die betrokke ministers oor hierdie belangrike saak gevoer. Die Kommissie vir Skakeling met die Owerheid (en die kerk) het geoordeel dat 'n situasie aan die ontwikkel was in die swart stedelike gebiede (stede en dorpe) wat deeglike en dringende studie asook hersiening van beleid en optrede vereis.

Resultate

Een van die uitvloeisels van hierdie onderhoude was die toestemming wat aan Swartmense verleen is om hulle eie huise in swart stede (binne wit gebiede) onder 'n huurpagstelsel te besit. 'n Ander uitvloeisel was die reg wat aan Swartmense verleen is om hulle eie sake te beheer deur middel van hulle eie bestuursliggame in die swart stede. Aan die stedelike swartes is seggenskap verleen in onderwys, administrasie van gemeenskapsontwikkeling en beskerming. Aansienlike doelgerigte ontwikkeling het intussen op hierdie gebied plaasgevind.

D. Onluste in Soweto en ander gebiede in 1976

Toe die onluste op 16 Junie 1976 begin het, het instansies van die NG Kerk onmiddellik met leraars en ander kerklike werkers in Soweto kontak gemaak ten einde meer inligting en 'n evaluering van die situasie te kry. Binne enkele ure is ook kontak gemaak met die betrokke staatsdepartemente om inligting en 'n evaluering van die omvang van die onluste te bekom. 'n Onderhoud is gevoer met die sekretaris (hoof) van die Departement van Opvoeding en Opleiding. Dit is ook opgevolg deur 'n onderhoud met

die Minister van Opvoeding en Opleiding kort daarna. Verteenwoordigers van die NGKA en lede van die moderatuur van die Algemene Sinode saam met die KSO het aan hierdie onderhoude deelgeneem.

Die kerklike afvaardigings het aangedring op sekere hervormings in bepaalde konflikterreine wat aanleiding tot die onluste gegee het. Die afvaardiging het ook bevestig dat die onluste nie los gesien kan word van die onbevredigende posisie van die Swart stedelike bevolking en die aspirasies van hierdie mense vir hulle toekoms nie.

Die kerklike afvaardigings het onder meer verklaar: “Dat dit die hoogste ontwikkelde groep van die Swartmense is en dat hulle enige diskriminasie teen hulle sterk aanvoel. Dat baie van hulle geen direkte verband met die Tuislande en die onafhanklike Nasionale Swartstate meer het nie, en dat hulle hulself nie sien as behorende tot die Tuislande en die Onafhanklike State nie. Dat daar ‘n steeds toenemende aandrang bestaan op seggenskap van hierdie mense in die beheer oor hulle eie sake (bv. in die bestuursliggame wat oor hulle gestel is), asook op burgerskap en ‘n aandeel aan die sentrale politieke gesag in Suid-Afrika.”

Resultate

Aanbevelings vir hervormings ten opsigte van direkte konflikteareas is in die algemeen opgevolg deur verklarings wat die regering gedoen en hervormingstappe wat uitgevoer is. Teen die agtergrond van die bogenoemde verklarings van kerklike kant, is ‘n proses van langtermyn hervorming deur die regering geïnisieer.

E. Getuienis voor die Cillie-kommissie

Die KSO het ‘n memorandum oor die onluste in Soweto en elders voorgelê. ‘n Afvaardiging bestaande uit leraars van die NGKA, die moderatuur van die Algemene Sinode en van die KSO het ook op 23 Februarie 1977 getuienis voor die Cillie-Kommissie afgelê en het bepaalde hervormings aanbeveel.

F. Kommissie van ondersoek na die posisie van Swartmense in wit gebiede

Gedurende die tweede helfte van 1977 het die regering 'n kabinetskomitee van ondersoek aangestel om 'n deeglike studie van die posisie van Swartmense in wit gebiede te maak. Die kommissie van die NGK het 'n memorandum aan die ondersoekkommissie voorgelê waarin onder meer verklaar is:

Benadering

Die kerk lewer soos hieronder blyk getuienis in die lig van die Skrif oor maatskaplike geregtigheid, onderlinge volkeverhoudings en ander omstrede sake. Die kerk gee nie voor om bloudrukke te lewer vir die maatskaplike en politieke toekoms van die Swartmense in wit gebiede nie, maar versoek dringend dat hierdie aangeleentheid met inagneming van geregtigheid en liefde uitgewerk sal word.

Verbetering en uiteindelijke aanpassing van die swartes se posisie:

Kommunikasie tussen die sentrale regering en die regerings van die tuislande en die onafhanklike nasionale state en die betrokke erkende swart leiers, is van die allergrootste belang. Hierin kan die Christelike kerke 'n positiewe bydrae lewer.

Die huisgesin, kultuurwaardes en die werksituasie:

Voorsiening moet gemaak word "dat hulle (die Swartmense s'n) gesinslewe kan voortgaan en beskerm word teen ontwrigting en ontbinding en dat menswaardige bestaan en gemeenskapslewe gewaarborg word."

"Alle bestaande regulasies in verband met instromingsbeheer, behuising, lone, werkseleenthede, permitte en beperkings behoort grondig hersien te word."

"Die onderhoud en instandhouding van strate en die algemene netheid in die (swart) stede en dorpe moet dringende aandag geniet."

"Doeltreffende vervoer tussen woonplek en werkplek is absoluut noodsaaklik."

"Beheer oor hulle eie sake in die swart stede en dorpe en hulle toekomstige aandeel aan die sentrale regering is essensieel."

"Onderwys en opleiding is van primêre belang."

"Die behandeling van Swartmense in wit gebiede moet gepaard gaan met eer en respek ooreenkomstig die Bybelse voorskrifte t.o.v. jou naaste."

“Die verwydering van verouderde diskriminerende wette en regulasies is nodig.”

Hierdie is maar enkele van die omstrede aangeleenthede wat van die kant van die NG Kerk in sy memorandum aangesny is.

G. Trekarbeid

Die knellende vraagstuk van trekarbeid en die talle probleme wat daarmee saamhang, is voortdurend deur die KSO bestudeer. Verskeie aanbevelings is teenoor die owerheid daarvoor gemaak en daar is deelgeneem aan 'n aantal beraadslagings en konferensies.

Die kerk besef ook dat die onmiddellike afskaffing van trekarbeid groot lyding en ontbering vir swartes sal meebring in die gebiede en lande vanwaar die trekarbeiders kom. Die KSO, asook sinodes van die NG Kerk het onomwonde hul sienswyses oor die ontwrigtende uitwerking van trekarbeid op die gesinslewe, die gemeenskap en die sedelike lewe van die Swartmense uitgespreek.

Van kerklike kant is onder meer die volgende aanbevelings gedoen:

Dat die welsynsdienste en die aanstelling van welsynwerkers aandag kry sodat die belange van die werkers en hulle families en die gereelde kontak tussen hulle bevorder word.

Dat beter en omvattender behuising dit moontlik moet maak vir trekarbeiders se gesinne om by hulle te kom bly in alle gevalle waar dit enigsins moontlik is.

Dat trekarbeid en die daarmee samehangende vraagstukke deeglik deur alle betrokkenes nagevors moet word.

Resultaat

Ten minste een resultaat was dat die owerheid op 4 November 1977 aangekondig het dat: “Trekwerkers van tuislande en ander Swart gebiede wat in Wit gebiede kom

werk, in die toekoms hulle gesinne mag saambring, mits behuising beskikbaar is of beskikbaar gemaak kan word.”

H. Besluite en versoeke van sinodes

‘n Paar van die talle besluite en versoeke van sinodes wat aan die KSO gerig is vir bespreking met die betrokke owerheid instansies word ook hier genoem.

i) Die Wes-Kaapse Sinode van die NG Kerk met betrekking tot die Swartmense

Die Wes-Kaapse Sinode het die volgende omstrede sake en probleme onder die aandag gebring:

Gesinsbehuising en gesinslewe van die swart mense

Trekarbeid

Hostelfasiliteite vir swart studente en skoliere

Opleiding van leerkragte vir swart leerlinge in plattelandse gebiede en op plase

Beter onderwysgeriewe vir plattelandse swart leerlinge

ii) Besluite en versoeke van die sinode van die NG Kerk in Oos-Kaap

Hierdie sinode het die volgende sake onder die aandag van die KSO gebring:

Toenemende drankmisbruik onder Bruin- en Swartmense

Inrigtings vir die rehabilitasie van Swart- en Bruin alkoholiste

Verpligte onderwys vir swart leerlinge

Probleemterreine in verband met behuising, paspoorte, visums, ens. vir Swartmense

iii) Besluite en versoeke van die Kaapse Sinode van die NGKA

Hierdie sinode van die swart kerk het die volgende sake geopper:

Beter werksgeleenthede vir Swartmense

Beter loonstrukture vir Swartes

Arbeidsintensiewe nywerhede en werksgeleenthede

Registrasie van swart handelaars in swart stede in die wit gebiede

Hervestigingsprobleme van Swartmense

iv) Besluite en versoeke van die Algemene Sinode van die NGKA

Die registrasie van die NGKA as liggaam met regstatus om eiendomme te koop en in sy eie naam te registreer is ook hanteer.

Die registrasie van swart leraars as huweliksbevestigers vir alle provinsies van die RSA
Beter reisfasiliteite vir trekarbeiders na hul wonings en gesinne

Die permanensie van stedelike swartes in stede en dorpe binne wit gebiede
Ontwikkeling van die tuislande en onafhanklike nasionale state as lewensvatbare
ekonomiese maatskaplike en politieke gebiede vir die swartes wat daar woon

Ekonomiese groeipunte in die sogenaamde grensgebiede in die tuislande en nasionale
state en in stedelike gebiede

Ontwikkeling van maatskaplike dienste en die roeping van die kerk in die verband

Beter verteenwoordiging in swart skoolrade en skoolkomitees

Ruimer subsidies vir kinderhuise en skoolkoshuise

Ruimer subsidies vir plaasskole

Opgradering van plaasskole

Behoeftes aan meer leerkragte vir plaasskole

Vry skoolboeke en onderwysmateriaal vir swart leerlinge

Armoede in sommige swart woongebiede

Hervestiging vanaf swak ekonomiese en maatskaplike toestande asook gebrek aan
werkseleenthede en swak werkfasiliteite

Kerkfasiliteite op wit landbouversele

Versele vir kerke, kerksale en ander kerklike fasiliteite in wit gebiede

Die geestelike versorging van swart bediendes in wit stedelike gebiede en hulle
gesinsprobleme

Beter ontspanningsgeriewe vir swartes asook film, radio en beeldradio dienste

Voorsiening in swart skole vir opsionele vakke wat vereis word vir mediese opleiding

Voorsiening vir Swartmense en hul vroue en kinders wat van verskillende
administrasiegebiede kom om bymekaar te woon sonder administratiewe beperkinge
onder die Stadsgebiede Wet art. 10

Oordrag van welsynsinrigtings en sendinghospitale aan regering van tuislande en
nasionale state en die toekomstige rol wat die kerke daarin kan vul

Pensioene vir swartes

Talle individuele gevalle van Swartmense wat probleme ondervind in verband met verblyf, paspoorte en visums

Permitte vir swart studente uit ander lande om in die RSA te studeer

I. Soortgelyke versoeke van verskeie ander sinodes, ringe en kerkrade van die NG Kerk, die RCA en die NGSK

'n Ernstige konflik tussen die ouers van Alexandra en die skoolraad wat tot lewensverliese kon gelei het is deur onmiddellike aksie en onderhandelings met die onderwysowerheid deur die KSO, op versoek van leraars en gesiene lede van verskeie kerke in Alexandra afgeweer.

'n Soortgelyke ernstige bedreiging van konflik en bloedvergieting is afgeweer toe 'n poging in 1977 aangewend is om 'n groep Fingo's van 'n gebied naby Grahamstad te verskuif na Komiteesdrif by die Groot Visrivier.

Geestelike versorging en kerke, kerksale en kerklike fasiliteite vir swartes in wit gebiede:

Hierdie saak is na vore gebring toe die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1974 besluit het dat waar swart arbeiders te ver van hulle plekke van aanbidding bly en dit gevolglik nie vir hulle prakties moontlik is om kerkdienste daar by te woon nie dit die verantwoordelikheid van die wit lidmate en kerkrade is om kerksale of ander kerkgeboue vir sulke dienste beskikbaar te stel

Die kwessie van permitte wat vereis, is ingevolge die Stadsgebiede Wet art. 9 is uitgeklaar deur 'n onderhoud van kerklike kant met die destydse adjunkminister mnr. Janson.

Resultaat

Die uitspraak van die regsgeleerdes was dat permitte nie nodig was in terme van bepaalde toepaslike seksies van die twee wette nie, dit sluit in bona fide kerkdienste, bidure, werkklasse en ander kerklike byeenkomste wat nie langer as 24 uur duur nie.

Die Kommissie vir Skakeling is voornemens om verdere versoeke te rig wat gebaseer is op 'n verklaring van die destydse premier in die Volksraad dat hy 'n kommissie aangestel het om vas te stel watter wette t.o.v. enige bevolkingsgroep voorgelê kan word vir die afskaffing van sulke wette.

J. Enkele van die mees resente versoeke en onderhoude aan die KSO en ander kommissies van die NG Kerk:

i) Behuising vir Indiërs aan die Witwatersrand

Die kommissie vergesel van 'n afvaardiging van die RCA het 'n onderhoud gevoer met die destydse Minister van Indiërsake oor hierdie aangeleentheid en die uitvloeisels van hierdie onderhoud was bevredigend.

ii) Visums vir oorsese besoekers

Die Minister van Binnelandse Sake is versoek om aandag te gee aan die lang vertraging wat soms ondervind word met besluite oor visums vir besoekers uit ander lande wat SA wil besoek.

iii) Bonusobligasies

iv) Hervestiging van nie blankes

Die KSO het aandag gegee aan verskeie vrae in hierdie verband soos of die menswaardigheid van diegene wat verskuif word te alle tye genoegsaam in ag geneem word? Die vraag is ook ondersoek of toereikende fasiliteite soos huise, winkels, water, gesondheidstoestande, werksgeleenthede ens. voorsien is, die kerk se roeping ten op sigte van diakonaat in sulke gevalle het ook aandag gekry.

v) Verslae oor die nuwe arbeidsituasie

Die verslae van die Wiehahn-, Riekert- en Cillie-kommissies is deur die NG Kerk bestudeer. Aanbevelings is in die lig daarvan aan die Algemene Sinode in Oktober 1982 voorgelê.

vi) Die oprigting van casino's in onafhanklike state

Die KSO het die NG Kerk se ernstige besorgheid oor die oprigting van casino's as bron van inkomste deur middel van lotery geopper. In 'n onderhoud met pres. L Mangope van Bophuthatswana is die saak bespreek. Hy het groot begrip vir die standpunt van die kerk geopenbaar, en het verklaar indien 'n Christen se gewete hom nie toelaat om die casino's te besoek nie (soos hyself), so 'n Christen dit nie moet doen nie. Hy beskou dit nogtans beter dat casino's onder strenge beheer staan as dat daar geen beheer is nie. Pres. Mangope het ook daarop gewys dat daar ander kerke is wat geen besware teen casino's het nie. Die KSO het by die Algemene Sinode aanbeveel dat die samewerking van ander kerke in hierdie verband gesoek moet word, en dat die Bree Moderatuur intussen moet besin oor verdere optrede.

vii) Veiligheidswetgewing

Die NG Kerk het 'n memorandum aan die Rabie-kommissie voorgelê. Daarin word die Bybelse beginsels uitgespel en die implikasies uitgewys oor veiligheidswetgewing en die toepassing daarvan.

viii) Biersale wat op Sondag oop is

Die NGKA het in 'n goed gemotiveerde memorandum die regering versoek om biersale op Sondag te sluit asook die verkoop van alkoholiese drank op Sondag te staak. Hierdie versoek is deur die Algemene Sinodale Sendingkommissie van die NGK gesteun.

Resultaat

'n Skrywe is van die betrokke minister ontvang dat die versoek aandag geniet.

K. Swart verstedeliking en behuising

Die ASSK van die NGK het kennis geneem van die groei van die swart bevolking en die meegaande proses van verstedeliking en die noodsaaklikheid daarvan om hierdie mense sinvol te akkommodeer. Waardering is betuig vir die jongste inisiatiewe van die regering in verband met die verstedeliking en behuising van Swartmense. Die ASSK

het verder versoek dat die regering by die beplanning en totstandbring van stede aan die volgende sake aandag sal gee:

a) Die skepping van 'n tuiste wat gesinsbehoefte in ag neem; b) Voorsiening in ekonomiese- en maatskaplike behoeftes; c) Arbeidsgeleenthede; d) Die reg tot besit, eie beheer en beskerming.

Die Federale Raad van NG Kerke het 'n soortgelyke versoek aan die owerheid gerig.

Resultaat

Die minister het geantwoord dat die bestaande instromingsbeheermaatreëls hersien gaan word, ten einde die negatiewe diskriminerende elemente daarvan sover moontlik uit te skakel. Saam met die hersiening van instromingsbeheer word ook aandag geskenk aan 'n nasionale strategie vir positiewe verstedeliking. Hierby word ook aandag gegee aan verruiming van verstedelikingsmoontlikhede in die bestaande metropolitaanse gebiede, maar ook aan effektiewe verspreiding van verstedeliking in die nasionale state sowel as aan desentralisasiepunte. Daarby kom 'n behuisingstrategie waarin die kommissie se wenke in 'n positiewe sin aanvaar word. Die versekering is ook gegee dat die belangrikheid van die huisgesin en van die skepping van werksgeleenthede goed besef word en dringende aandag geniet.

L. Behandeling van Gevangenes

Die ASSK van die NG Kerk het besluit om by die Minister van Justisie navraag te doen oor die toepassing van die betrokke wetgewing en die behandeling van sodanige gevangenes.

Resultaat

Die minister het geantwoord dat die beheer oor gevangenisse volgens die wet geskied wat geformuleer en gebaseer is op die Verenigde Nasies se standaard minimum reëls vir behandeling van oortreders soos deur die Verenigde Nasies se eerste kongres in 1955 aanvaar. 'n Afskrif van hierdie reëls is ook aan die kommissie gestuur.

M. Spoedeisende situasies in Wes-Kaapland

Die Wes-Kaaplandse Sinode het in 1983 'n kommissie benoem vir skakeling met owerheidsinstansies, ten einde aandag te gee aan spoedeisende situasies soos die plakkerskampe in Wes-Kaapland en ander sake wat van tyd tot tyd na vore kom.

Die kommissie se lede kom uit die geledere van die NG Kerk, die NG Sendingkerk, die NGKA en die RCA.

i) Plakkerskampe

Die versoek van die katedraal-plakkers ten opsigte van sekere behoeftes is aan die owerheid oorgedra.

Resultaat

Beter toiletfasiliteite, meer waterkrane en tente is verkry vir hierdie plakkerskamp (naby die bekende Crossroads) waar daar 'n groot behoefte aan hierdie geriewe was.

ii) Erfpagregte

In Wes-Kaapland was daar geen erfpagregte vir swartes soos wat in ander gebiede in Suid-Afrika bestaan nie. As gevolg van versoeke van die kant van hierdie kommissie van die kerke en onderhoude wat met die betrokke owerhede gevoer is, het die regering tot die 99-jaar-erfpagskema toegestem vir Khayelitsha, Langa, Guguletu en Nyanga. 'n Erf- en diensskema vir Khayelitsha is ook toegestaan.

iii) Burgerskap, paspoorte en reisdokumente van Swartmense van verskillende onafhanklike state

Verskeie onderhoude is in die verlede gevoer en versoeke tot die owerheid gerig oor die burgerskap van Swartmense wat geklassifiseer is as burgers van onderskeie onafhanklike state ingevolge hulle eie wette en die wette van Suid-Afrika. Die probleme in verband met die verkryging en gebruik van Suid-Afrikaanse paspoorte en Suid-Afrikaanse reisdokumente vir mense wat burgerskap van die onafhanklike state het (en wat nie in die buiteland erken word nie), is met die owerheid bespreek. As resultaat is

sekere bepalings in die wette geamendeer wat die situasie verlig het, dog nie in alle opsigte oplossings gebring het nie. Op 8 Mei 1985 het die Skakelkommissie van Wes-Kaapland weer die aangeleentheid met die minister bespreek en o.a. ook gewys op die probleme wat swart leraars in die verband ondervind.

Resultaat

Die kommissie is meegedeel dat die regering bewus is van die probleme en dat dit nodig is om die hele kwessie van burgerskap van swartes in heroorweging te neem. Hierdie probleem sal dus verdere aandag geniet.

iv) Woonreg vir swart leraars

Leraars verwissel vanuit die aard van hul werk gewoonlik elke paar jaar van gemeente. Dit bring mee dat hulle nie lank genoeg op een plek bly om artikel 10-regte te verkry nie. Hulle ondervind dus probleme om die reg te verkry om 'n huis te bekom vir die dag wanneer hulle aftree. Die saak is reeds deur die ASSK onder die aandag van die regering gebring en weer deur die kommissie van Wes-Kaapland in 'n onderhoud voorgedra.

Resultaat

Die minister wys daarop dat die bestaande wet verander gaan word, ten einde dit vir 'n persoon moontlik te maak om 'n artikel 10-kwalifikasie te verwerf tydens verblyf in verskillende stedelike gebiede. 'n Kwalifikasie wat verwerf is sal behou word, selfs al gaan die houer daarna na 'n nasionale staat of nie-voorgeskrewe gebied.

v) Verblyfregte van leraars en kinders

Die kinders van swart leraars word somtyds as gevolg van omstandighede soos gebrek aan skole, gedwing om hul ouerhuise te verlaat en by terugkeer ondervind hulle probleme met verblyfregte.

Resultaat

Nadat 'n afvaardiging van die kommissie die saak aan die minister gestel het, het hy gemeld dat dit ook verander word. As 'n persoon in 'n stedelike gebied gebore is,

behou hy sy regte, selfs al verhuis hy na 'n ander stedelike voorgeskrewe gebied. Die minister verseker ook die afvaardiging dat aandag gegee sal word aan maniere waarop 'n kind reeds kan begin bou aan die vyftien jaar-tydperk ten einde 'n kwalifikasie te verwerf.

vi) Deregulering van sekere gebiede ten einde informele handel te bevorder

Die kommissie het die owerheid versoek dat dit makliker vir persone gemaak moet word om deur middel van informele handel werksgeleenthede te skep.

Resultaat

Die minister wys daarop dat hy reeds 'n verklaring uitgereik het waarin gesê is dat informele handel in Khayelitsha toegelaat sal word. Dieselfde toegewings sal ook ten opsigte van ander plekke gemaak word. Indien gevalle onder die aandag kom waar persone oor informele handel vervolgt word, moet dit onder die aandag van die minister gebring word.

N. Instromingsbeheer en werksgeleenthede in nasionale state

Die kommissie het in 'n onderhoud gemeld dat hy van mening is dat die instroming na stede en metropolitaanse gebiede tot 'n mate gestuit kan word deur die skepping van meer werksgeleenthede in nasionale state.

Resultaat

Die minister meld dat dit hoë prioriteit geniet, en dat ook Oos-Kaapland 'n prioriteitsgebied vir werkskepping is. Die Minister van Finansies het dan ook 'n ekstra R100 miljoen voorsien vir die skepping van werksgeleenthede. Meer as R50 miljoen is aan die Departement Samewerking en Ontwikkeling toegewys. 'n Verdere R25 miljoen is aan die Departement Mannekrag voorsien vir gebruik vir die opleiding van persone wat werkloos is. 'n Gedeelte van Samewerking en Ontwikkeling se toekenning is juis bedoel om in die nasionale state aan te wend. Ciskei en Transkei sal ook hulp ontvang. Benewens nasionale en onafhanklike state, sal van die geld ook in Oos-Kaapland aangewend word.

'n Deel van die geld word vir selfbou aangewend. Die persoon wat die hulp ontvang, bou self en kan darem lewe.

Handarbeid word ook aangemoedig, veral in die nasionale state. Dit verseker dat daar darem 'n inkomste is, hoewel klein, waarvan gelewe kan word. Die minister het 'n beroep op die kerk gedoen om in hierdie tye van groot werkloosheid ook 'n bydrae te lewer.

O. Aanpassings deurvoer, saam en in oorleg met Swartmense

Die ASSK en ook die Skakelkommissie van Wes-Kaapland het die owerheid versoek om voort te gaan om aanpassings van wetgewing saam met die Swartmense te oorweeg en deur te voer. Die Christelike beginsel van geregtigheid vereis dat besluite wat mense se toekoms en lewensomstandighede raak, nie sonder hulle betrokkenheid geneem mag word nie. Daar word gemeen dat dit ook 'n bydrae kan lewer om goeie verhoudings en onderlinge vertrouwe te bevorder.

Bogenoemde onderhandelings wat gevoer is, is 'n seleksie van gevalle waar die NG Kerk in oorleg, medewerking of gesamentlike verteenwoordiging van die NG Sendingkerk, die NGKA en die RCA gedurende die afgelope jare sy profetiese getuienis teenoor die owerheid probeer nakom het.

In alle ootmoed moet die kerk ook erken dat hulle nie altyd daarin geslaag het om uit te voer wat hulle besluit en bely het nie. Daar is egter talle geleenthede waar hulle wel hulle bes probeer en in kleinere of grotere mate geslaag het. In die meeste gevalle is niks of weinig gepubliseer van wat die sinodes, ringe, kerkrade, kerklike kommissies en ander kerklike liggame gedoen het. Vir baie jare is die beleid deur die kerk gevolg om nie aan die groot klok te hang wat gedoen en bereik is nie (Die Kerkbode, no.22, jaargang 137, 29 Mei 1985, 5,7; Die Kerkbode, no.24, jaargang 137, 12 Junie 1985, 5; Die Kerkbode, no.20, jaargang 137, 15 Mei 1985, 4; Die Kerkbode, no.20, jaargang 128, 19 Mei 1976, 620).

Giliomee skryf dat (2004,575,576) die kerk net al hoe meer geïsoleerd geraak het. Die kerk se steun vir apartheid en vir die NP-bewind het begin verkrummel nadat dit tussen 1978 en 1982 drie pynlike terugslae ondervind het. Die eerste slag was die onthulling in 1978 dat die NG Kerk aandadig was aan die departement van inligting se pogings om die buitelandse mening te manipuleer. Die tweede was toe die NG Kerk in 1982 in Ottawa geskors is deur die WBGK en 'n status confessionis afgekondig is. Die derde was die NG Sendingkerk se onderskrywing van die status confessionis, die Sendingkerk het 'n beroep op die NG Kerk gedoen om sy skuld te bely oor apartheid. Hierdie gebeure en ander het ook 'n verloop gehad en sy merke op die NG Kerk gelaat.

6.8 Samevatting

Sedert 1974 begin 'n mens die gevoel kry dat die NG Kerk nie meer altyd so seker was van sy beleid oor rasse-aangeleenthede nie, alhoewel RVN wel daar was. Die daarop volgende sinodes se aanvoeling dat die stuk weer hersien moes word dui reeds aan dat baie dinge sou verander en eintlik al reeds aan die verander was. In die sewentigerjare was die verandering sigbaar, maar die tempo was nog aan die opbou. Dit is opmerklik hoe redelik vroeg in die era die een golf na die ander die politiek, samelewing en die kerk getref het. Stemme het meer en meer na vore gekom en die politieke veranderinge het ook nie sonder meer net verby die NG Kerk gegaan nie. Binne die NG Kerk was die veranderinge sigbaar en voelbaar oppad na 'n groter, oop benadering. Die kerk se profetiese stem was beslis hier al meer sigbaar veral wat die rassebeleid in Suid-Afrika betref. Regeringsgesprekke was meer krities as in die vorige tydperke. Wat die openbare sedelikheid betref het die kerk byna geen duimbreedte ontsien om sy profetiese stem te laat hoor en te laat geld nie. Hierin was die NG Kerk baie meer seker van sy saak en het hy ook hier by tye hoegenaamd nie geskroom om die regering sterk aan te spreek oor sulke sake nie. Ten spyte van baie gesprekke tussen die NG Kerk en die regering kry 'n mens tog die gevoel in hierdie tydperk dat die deur vir die NG Kerk algaande minder oop was. Die aanvoeling van die tydperk was dat daar iets aan die kom was in die jare wat sou volg. Wat dit presies sou wees en hoe dit in praktyk sou uitwerk was egter nog baie onduidelik. Die NG Kerk het die druk en spanning verseker gevoel. Die voorbiddingsgedagte, wat 'n groot deel vorm van die kerk se profetiese rol

in 'n land, het die NG Kerk getrou gedoen en voortdurend oproepe gedoen in die verband.



HOOFSTUK 7: 1986-1994

DIE ERA VAN FINALE OORGANG

7.1 Inleidend

Reeds vroeg in 1986 skryf Die Kerkbode oor die jaar wat voorlê en noem dat dit 'n betekenisvolle jaar met verreikende politieke hervormings (wat deur die Staatspresident in die vooruitsig gestel is) gaan wees. Daar is ook 'n wegbeweeg van gedwonge rassesseiding wat vir meer as drie dekades geduur het. By sy sinodes van 1986 en 1990 sou die NG Kerk finaal van apartheid afstand doen en in 1986 het die kerk homself oop¹¹⁰ verklaar aan almal, ongeag hul kleur. So het een van die ideologiese stutte van apartheid verdwyn (Giliomee 2004: 576; Jonker 1998:189). Daar word ook bygevoeg dat die Algemene Sinode, wat ook later daardie jaar sou plaasvind, dit sal oorweeg om Ras, Volk en Nasie te herskryf (Die Kerkbode, no.6, jaargang 138, 12 Februarie 1986, 4). Dit alles voorspel dat 1986 inderdaad 'n jaar sou wees wat anders sou wees.

Reeds in die voorwoord van die Handeling van die Algemene Sinode¹¹¹ van 1986 (NG Kerk AS 1986) vind 'n mens dan ook die volgende woorde van ds. Dirk Viljoen: “Daar word reeds lank gesê dat hierdie sinode die koers van die NG Kerk vorentoe gaan bepaal”. Die voorwoord stel dit ook baie duidelik dat daar by die sinode gekies moet word oor die pad vorentoe. Die verkiesing van prof. J.A. Heyns as moderator in 1986, is die bevestiging van 'n “nuwe denkrigting” (Van der Merwe 2002:89). Prof. Heyns beaam dan ook sowat 'n jaar later die dringende gedagtes in Die Kerkbode (Die Kerkbode, no.1. jaargang 139, 14 Januarie 1987, 1). Die nuwe Kerkbode redakteur dr. F. Gaum (01/08/1986-26/03/2004) noem ook dat 1986 inderdaad 'n jaar van beslissings was vir die Algemene Sinode (Die Kerkbode, no.1, jaargang 139, 14 Januarie 1987, 6).

¹¹⁰Jonker (1998:189) vertel hoedat prof. P.C. Potgieter skielik opgestaan het en voorgestel het dat die sinode moes besluit dat: “die lidmaatskap van die kerk is oop”.

¹¹¹Die Staatspresident mnr. P.W. Botha het 'n telegram aan die sinode gestuur waarin hy namens die Suid-Afrikaanse regering bid dat die sinode se beraadslaging met wysheid geseën sal word (NG Kerk AS Hand 1986:597).

By die Algemene Sinode van 1986 (NG Kerk AS 1986:11) sou daar ook nie 'n herderlike brief uitgaan soos vorige jare nie. 'n Dokument het hier die lig gesien na afloop van die sinode, wat al die belangrike sinode besluite sou saamvat vir bestudering van die kerkrade en leraars. Net dit alleen was al 'n aanduiding dat daar iets oppad was wat moontlik talle besprekings sou ontlok. Dit was toe ook inderdaad so. Die Algemene Sinode het in 1986 besluit dat die Skrif nêrens 'n bepaalde politieke model as normatief vir alle tye aanbied nie. Hier word dus afgestap van vorige besluite in dié verband. Die kerk wil nie enige politieke model voorskryf nie. Die kerk beklemtoon slegs die eise van liefde, geregtigheid en menswaardigheid wat in die samelewing beliggaam moet word (Die Kerkbode, no.6, jaargang 143, 17 Februarie 1989, 6).

Wat onontbeerlik was van die Algemene Sinode in 1990, was dat dit agt maande na die groot 2 Februarie toespraak was en wat verreikende implikasies gehad het vir die hele land. Die vrylating van mnr. N. Mandela het beslis 'n invloed op die vergadering gehad (Van der Merwe 2002:102-103). In die voorwoord van die Handeling van die Algemene Sinode van 1990 (NG Kerk AS 1990) vind 'n mens weer wat betref die tydperk wat verby gegaan het vanaf die vorige Algemene Sinode, dat baie interessante opmerkings gemaak word, naamlik dat daar mooi dinge gebeur het, maar ook inderdaad baie hartseer en ontstellende dinge, wat die NG Kerk ook diep bekommerd sou laat. Die sinode van 1990 het hulle standpunt oor apartheid ook duideliker gestel (Van der Merwe 2002:103). Wat was die standpunt? Watter impak sou dit alles gehad het op die profetiese stem van die NG Kerk oor die tydperk? Hierdie era, gesien ook in die lig van die kritiese stemme wat net al hoe meer na vore gekom het en nog meer na vore sou kom, voorspel vir die tydperk wat voorlê net al hoe meer waterskeidings. Sou die NG Kerk ten opsigte van die ingrypende veranderinge oor die tydperk bybly, veral ten opsigte van die veranderinge oor die regeringsbeleid? Sou die NG Kerk se verhouding met die owerheid dieselfde bly of sou die openheid en goeie verhoudinge stadig begin taan? Sou die NG Kerk se kritiek oor openbare sedelikheid en ander terreine net so fel soos in die verlede wees? Dit was maar net 'n paar vrae wat 'n mens graag hier aan die orde wil stel rondom die NG Kerk as profeet ook in dié stormagtige tydperk.

7.2 Openbare onsedelikheid

7.2.1 Kunsmatige inseminasie

In 1982 het die Algemene Sinode besluit dat die staat versoek moet word dat die NG Kerk graag inspraak wil hê wanneer toepaslike wetgewing in verband met KI voorberei word. Hierdie versoek is deurgegee op 5 Mei 1983 aan die Minister van Binnelandse Sake. Hier word genoem dat die minister nooit reageer het op die versoek van die kerk nie. Weer dalk so 'n aanwysing dat die owerheid nie altyd die kerk net terwille was nie (NG Kerk AS Hand 1986:39,91).

7.2.2 Publikasies

Briewe is ook gerig aan die Minister van Binnelandse Sake op 5 Mei 1983 rakende ongewenste openbare verskynsels en Sondagsport. Hierdie keer is daar 'n skrywe ontvang van die regering waarin hulle standpunt uiteengesit word in verband met Sondagsport (NG Kerk AS Hand 1986:39). In 1982 het die sinode ook met dank en waardering kennis geneem van stappe wat deur die regering geneem is deur middel van die Publikasiewet. Die sinode versoek ook beleef die minister om die wet strenger toe te pas en wetgewing sodanig aan te pas dat skuiwergate wat verder mag voorkom te voorkom. Hierdie besluit is op 6 Mei 1983 aan die Minister van Binnelandse Aangeleenthede deurgestuurd en 'n uitvoerige antwoord is ook van hom ontvang op 2 Oktober 1983 (NG Kerk AS Hand 1986:40,92).

7.2.3 Huwelike

'n Mens vind ook rondom die Wet op Gemengde Huwelike en gesprekke wat tussen die NG Kerk en die regering plaasgevind het op 26 Maart 1984, 'n belangrike skuif in die kerk se denke. Die kerk noem dit duidelik dat dit die regering is wat die wette moet maak en nie die kerk nie. Hieroor het die kerk nogal sterk gevoel. Die kerk voel hier dat hy moet getuig en dat dit sy primêre taak is (NG Kerk AS Hand 1986:65-66). Oor die wettiging van prostitusie maak die kerk ook sy stem dik. Prof. S.A. Strauss veroordeel die neutrale regering se standpunte hieroor. Hier vind 'n mens ook van die eerste verwysings na vigs en die veroordeling is weereens dat die regering nie net die

meerderheid se mening moet volg nie (Die Kerkbode, no.10, jaargang 147, 15 Maart 1991, 6-7).

'n Ad-hoc kommissie van die Presidentsraad het in 1985 deur die openbare pers alle belanghebbende instansies genooi om kommentaar op die ontugwet (No.23 van 1957) te lewer. Die kerk se kommissie het reageer op die uitnodiging deur die kerk se standpunt opnuut weer te beklemtoon, dit is dat alle ontug tesame met alle onsedelikheid sonde is. Die kerk krabbel so bietjie terug van sy vorige besluite oor seksuele oortredings en is van oordeel dat dit onmoontlik sal wees om byvoorbeeld owerspel, voorhuwelikse seksualiteit en ander sake deur middel van wetgewing en wetstoepassing te bekamp. Die onus word hier meer na die gemeenskap se kant gegooi dat hulle 'n groot taak het om mense op te roep tot 'n hoër standaard van sedelike lewe (NG Kerk AS Hand 1986:93-94). Rondom die wetsontwerp op gesinshoue en wysigingswetsontwerp op egskeiding van 1985, het die sinode van 1982 versoeke gerig vir 'n versoeningstruktuur in die egskeidings-wetgewing. Die sinode erken ook met dank die benadering van die owerheid om so 'n versoeningstruktuur in die egskeidings-wetgewing in te bring (NG Kerk AS Hand 1986:331).

7.2.4 Dobbel en Lotery

In 1982 het die sinode nogeens by die regering aangedring om van die element van lotery in die bonusobligasies af te sien. Die saak het intussen die aandag van die Breë Moderatuur geniet deur middel van sy KSO. 'n Stuk oor lotery en dobbelary is deur prof. P.C. Potgieter opgestel in die Tussen-kerklike kommissie. In 1984 het die kerk met groot dank aan die regering kennis geneem van die afstap daarvan. Die sinode versoek egter die owerheid om steeds noulettend alle vorme van dobbelary deur middel van wetgewing of andersins te vermy (NG Kerk AS Hand 1986:44; Die Kerkbode, no.23, jaargang 149, 26 Junie 1992, 1). Die blydschap in die kerkkringe oor die verbod op dobbelhuise was egter van korte duur. Pres. de Klerk het aangekondig dat regter Howard, die voorsitter van die kommissie wat loterye en dobbelary ondersoek, 'n staatslotery aanbeveel het. Hierop het prof. J.A. Heyns die staatslotery as skokkend beskryf en ook genoem dat "ons sal aanhou om ons stem daarteen te laat hoor". 'n

Brief is ook aan min. C. Coetzee deur die ASK geskryf (Die Kerkbode, no.1, jaargang 151, 12 Februarie 1993, 1; Die Kerkbode, no.22, jaargang 151, 18 Junie 1993, 1). In Die Kerkbode (no.5, jaargang 141, 10 Februarie 1988, 1) is daar ook weer 'n interessante wending wanneer die regering die kerke¹¹² wil betrek om permissiwiteit in Suid-Afrika aan bande te lê. Dit het uitgekóm in 'n verklaring deur minister Stoffel Botha dat daar groter samewerking moet wees in dié verband. Die NG Kerk het ook dadelik aangedui dat hy sal meewerk daaraan. 'n Mens vind hier byna die eerste maal dat die regering die kerke vir samewerking nader. Interessant genoeg nader die regering nie hier slegs die NG Kerk nie, maar al die kerke (Die Kerkbode, no.6, jaargang 141, 10 Februarie 1988, 1).

“Dobbel is 'n kombinasie van sonde en dit kan nie goed gepraat word nie” sê prof. Potgieter met die wysiging van die wet op dobbelary van 1965. Hy maak ook die opmerking dat die hoop vervaag oor dobbelary wat gaan verdwyn in SA. Dit is hier byna of die NG Kerk begin swig onder die druk van die samelewing en erken dat daar nie veel gedoen kan word aan die probleem nie (Die Kerkbode, no.21, jaargang 150, 20 November 1992, 1). Prof. J.A. Heyns het die moontlikheid van die instelling van 'n staatslotery as skokkend beskryf. Dit kom nadat pres. de Klerk aangekondig het dat staatslotery wel weer deur regter Howard se kommissie aanbeveel word. Die NG Kerk stel dit duidelik dat hy nie sy seën op sulke besluite kan plaas nie. Die doel kan nooit die middele heilig nie (Die Kerkbode, no.1, jaargang 151, 12 Februarie 1993, 1; Die Kerkbode, no.8, jaargang 147, 1 Maart 1991, 6-7).

7.2.5 Aborsie

Die dagbestuur van die AKLAS het ook die Minister van Gesondheid en Welsyn met 'n onderhoud rakende aborsie genader. Die sinode doen ook hier 'n beroep op die owerheid om nie die wetgewing te wysig ten einde die uitvoering van aborsies te vergemaklik nie (NG Kerk AS Hand 1986:91).

¹¹²Drie Afrikaanse kerke het ook 'n groot kongres gehou oor die moraliteitkrisis in die land. Die geleentheid om 'n helder woord te spreek sal 'n verskil maak, skryf Die Kerkbode (Die Kerkbode, no.12, jaargang 150, 18 September 1992, 4)

7.2.6 Sondag

Wat Sondaghandel betref, sien die kerk dat die wette nie meer nagekom word nie. Wat Sondaghandel betref kom dit voor asof die kerk nie meer so wetties was oor die saak nie, maar dat die kerk egter steeds baie bekommerd daaroor was: dit word gesien in Kerkbodes en Handeling van die sinodes (Die Kerkbode, no.5, jaargang 143, 10 Februarie 1989, 1-2; Die Kerkbode, no.5, jaargang 143, 10 Februarie 1989, 6). Rakende Sondae spreek die NG Kerk hom steeds sterk uit. Prof. Danie du Toit sluit hierby aan in Die Kerkbode (Die Kerkbode, no.11, jaargang 149, 27 Maart 1992, 1). Minister C. Coetzee noem ook vanaf die regering se kant dat hulle kennis neem van films wat op Sondae gewys word. Die Algemene Sinode het in 1990 besluit om by die owerheid aan te dring dat daar in die wetgewing op Sondaghandel 'n klousule ingevoeg sal word wat handel op Sondae sonder enige twyfel aan bande moet lê. Dit blyk dat die versoek op dowe ore geval het (Die Kerkbode, no.18, jaargang 152, 5 November 1993, 1). Die ASSK het rondom hulle skakeling met die owerheid, saam met die dogterkerke, na die owerheid gegaan. Soos in hierdie geval het die NGKA 'n memorandum gegee aan die ASSK om gesamentlik die regering aan te spreek oor die verkoop van sorghumbier op Sondae. Die NGKA se versoek was dat biersale gesluit moes word deur die regering: hierin het die NG Kerk die memorandum ook gesteun. Die minister het op die skrywe van die ASSK op 21 Maart 1985 reageer en genoem dat hy begrip het vir die kerk se standpunt van Sabbatsontheiliging en morele verval. Die regering verskil egter met die kerk oor die saak en noem dat sorghumbier 'n tradisionele drank is met 'n lae alkoholinhoud (NG Kerk AS Hand 1986:289,290,647). AKLAS bedank die regering vir hulle ondersteuning rondom die Sondagbeskouing en ook hul optrede waar nodig (NG Kerk AS Hand 1986:257,157).

7.2.7 Kinderbeskerming

Na aanleiding van die ontstellende seksuele misbruik en mishandeling van kinders, het die Staatspresident en die Minister van Wet en Orde 'n versoek gerig om 'n modus operandi. Die NG Kerk het hierop reageer en ook samesprekings gevoer met die betrokke minister. Die betrokke minister het ook genoem dat die kerk en die regering mekaar baie nodig het, veral ook op dié terrein (Die Kerkbode, no.1, jaargang 143, 13

Januarie 1989, 1; Die Kerkbode, no.1, jaargang 139, 1 Julie 1987, 6-7). Die NGK het ook deur sy kommissies volgehoue aandag gegee aan die hele kwessie van die aanhouding van kinders sonder verhoor in SA. Die NG Kerk het deurlopend met verskeie instansies en persone samesprekings gevoer (Die Kerkbode, no.3, jaargang 141, 27 Januarie 1988, 1).

7.2.8 Doodstraf

Die sinode vra die vraag of die doodstraf gehandhaaf kan word ten opsigte van misdade anders as moord met voorbedagte rade. Daar word besluit dat die reg van 'n owerheid om in sommige gevalle die doodstraf op te lê nie betwis kan word nie. Dit mag egter net in uiterste gevalle opgelê word. Die swaardmag wat aan die staat gegee is, is daar tot sy beskikking. Die NG Kerk noem ook dat die regering nie in 'n kulturele vakuum moet leef nie. Die verskillende vorme van straf op 'n gegewe tyd moet teen mekaar opgeweeg word. Die doodstraf moet ook nooit verpligtend wees nie, maar is een van meerdere strafmoontlikhede (NG Kerk AS Hand 1990:101,559; Die Kerkbode, no.17, jaargang 151, 14 Mei 1993, 1). Die owerheid moet in die toepassing van die doodstraf ook altyd rekening hou met skuld, opset en strafversagende omstandighede, asook toerekeningsvatbaarheid (NG Kerk AS Hand 1986:100).

7.2.9 Drank

Die AKDB het gevra vir 'n Suid-Afrikaanse ondersoek oor alkohol-produksie, verspreiding en konsumpsie. Dit is juis gedoen oor die hersiene drankwet en die nasionale plan daargestel. Die NG Kerk vra hier vir 'n spesiale heffing en dat wetgewing gebaseer moet word op die Suid-Afrikaanse konteks en dat die hele wetgewing bevorderlik en beskermend moet wees ten opsigte van die sedelike, sosiale, psigologiese en fisiese wel-wese van beide die enkeling en die gemeenskap. Die sinode het op grond hiervan die owerheid versoek om 'n kommissie van ondersoek in te stel om alle wetgewing te ondersoek met die oog op 'n doelgerigte nasionale plan. Die nasionale plan is deur die owerheid goedgekeur, maar die minister het geantwoord dat die nasionale plan nie so sterk op wetgewing moet leun nie. Die versekering is verder

gegee dat die sake wat deur die kerk deurgegee is aandag sal geniet (NG Kerk AS Hand 1990:347,671).

Volgens Die Kerkbode (Die Kerkbode, no.20, jaargang 148, 15 November 1991, 4) maak die sinode belangrike opmerkings veral oor openbare sedelikheid. Die kerk noem dat hy die laaste paar jaar sy invloed verloor het en dat daar nie meer so sterk op sy standpunte ag geslaan word nie. Hier word veral verwys na Sondae en staatslotery. Op 'n manier begin dit deurskemer dat die NG Kerk al minder gehoor word by die regering.

7.3 Opvoeding en onderwys

Die AJK verwys na 'n nuwe tydperk wat vir opvoeding en onderwys voorlê. Dit verwys ook na die nuwe grondwetlike bedeling wat nuwe dimensies na vore gaan bring. Hier word genoem dat die parlement met die drie huise ook 'n groot invloed op die onderwys gaan hê. Tog word hier nog gepraat van eie onderwys vir die blanke en wat Christeliks-nasionaal sal wees. Hieroor is die kerk baie dankbaar teenoor die regering. Die kerk plaas meer verantwoordelikheid op die verbondsouer, kerkrade en lidmate en probeer minder streng voorskriftelik wees (Hand 1986:187-188).

Die AJK noem onder die afdeling van opvoeding en onderwys dat die sinode dank en waardering uitspreek vir die huidige vennootskaplike verhouding tussen die staat en kerk. Selfs in die oorgangstydperk was daar 'n goeie verhouding tussen die NG Kerk en die regering (NG Kerk AS Hand 1990:181,611). Die sinode besluit om die owerheid te versoek om toereikende staatsubsidiëring vir privaatskole daar te stel (NG Kerk AS Hand 1990:181,611). Die sinode stel sy standpunt ten opsigte van opvoeding en onderwys en verwys na die verantwoordelikheid van die staat om te sorg dat alle formele en nie-formele onderwys deur die wetgewing so gereël word dat daar genoegsame geleentheid vir elke kind is om homself volgens aanleg, belangstelling en in ooreenstemming met sy religieuse lewensbeskoulike eise vir sy lewenstaak voor te berei (NG Kerk AS Hand 1990:184).

'n Onderhoud is gevoer met die Minister van Onderwys en Kultuur min. P.J. Claase op 15 Junie 1990. Die afvaardiging het bestaan uit lede van die ASK en die AJK. Weens die wydverspreide kommer wat geheers het is daar 'n onderhoud aangevra oor die voorgelegde sogenaamde onderwysmodelle wat moontlik die karakter van die onderwys as Christelike en kultuur-gedifferensieerde onderwys in gedrang kon bring. 'n Memorandum is aan die minister voorgelê en vrae is aan die minister gevra wat ook duidelik deur hom beantwoord is (NG Kerk AS Hand 1990:466,554). Al hoe meer bekommernisse word hard deur die NG Kerk uitgespreek deur die gedagte dat neutrale onderwys al hoe meer aan die orde gaan kom (Die Kerkbode, no.10, jaargang 147, 15 Maart 1991, 1).

Soms kry 'n mens die gevoel dat die NG Kerk nie meer so sterk staan op die Christelike onderwys nie en byna oorgee aan die gedagte dat hulle nie meer veel insae het in die onderwys nie. Groot kommer heers in 1992 oor waarheen die onderwys nou eintlik op pad is. Daar word gevra dat die kerke sal saamstaan oor die saak. Die NG Kerk besef ook dat hulle nie meer so groot inspraak in die saak het nie en vra hier ook die hulp van ander kerke wat voorheen nooit die geval was nie. Verandering op die gebied was nou byna vanselfsprekend, veral wat eie kultuur ens. betref (Die Kerkbode, no.7, jaargang 149, 28 Februarie 1992, 7; Die Kerkbode, no.14, jaargang 147, 19 April 1991, 6-7). Kommer word ook hier al uitgespreek oor die rasionalisering en herstrukturering wat reeds in die Departement Onderwys en Kultuur aan die gang is (Die Kerkbode, no.16, jaargang 152, 22 Oktober 1993, 1).

7.4 Die Kommissie vir Skakeling met die Owerheid

In die lig van die Algemene Sinode se besluite oor die werkswyse van die KSO in 1982 herbevestig die KSO dat daar oor sake van beleid met die owerheid onderhandel sal word. Dit kan sake insluit soos godsdienstige en etiese beginsels. Die KSO kan ook telkens die betrokke kommissie op wie se gespesialiseerde terrein die saak val, versoek om 'n memorandum waarin die hoofbeginsel en of hoofknelpunte vervat is aan hom voor te lê. So kan een of meer lede van dié kommissies gevra word om die KSO te vergesel in die onderhoud met die minister of die betrokke owerheid-instansie (NG Kerk

AS Hand 1986:44). Na aanleiding van die 1982 sinode is vroue-lidmate ook gekoöpteer op die KSO. Vanaf die vorige Algemene Sinode van 1982 het die lidmate onder baie spanning verkeer, en daar was voortdurende droogte, onluste en hoogspanning tussen groepe. Op 5 Januarie 1986, op versoek van die NG Kerk, roep die Eerste Minister ook 'n landswye dag van verootmoediging uit. Ook op 22 Februarie 1984 kondig die Eerste Minister 'n landswye biddag af vir reën, nood in vloedgeteisterde gebiede en vir vrede in Suid-Afrika en oor die wêreld (NG Kerk AS Hand 1986:45).

In die funksionering van die KSO en ander NG Kerke het die Breë Moderatuur kennis geneem van die feit dat die KSO nie meer alles sal hanteer nie. Daar sou ook nog kommissies wees wat amptelik skakelwerk doen met die owerheid. Hulle was onder andere die KSO van die Algemene Sinode (Breë Moderatuur), die ASSK, KSO, sinodale kommissies vir skakeling met owerheid-instansies van die NG Kerk in Suid-Afrika, asook sinodale kommissies, ringe en kerkrade met plaaslike en/of provinsiale sake (NG Kerk AS Hand 1986:66). In die tydperk is daar ook deur die KSO verskeie onderhoude met die Staatspresident en verskeie ministers gevoer. Gedurende Augustus en September 1985 was daar weer die volgende onderhoude gewees. Met die Staatspresident op 19 Augustus 1985, met die Minister van Verdediging, genl. Magnus Malan, op 15 Augustus 1985, met die Minister van Ontwikkelingshulp en Opleiding en Onderwys, dr. G.v.N. Viljoen, op 21 Augustus 1985, met die Minister van Wet en Orde, mnr. L le Grange, op 27 Augustus 1985, met die Minister van Staatkundige Ontwikkeling, mnr. C. Heunis, op 23 September 1985, met die Minister van Finansies, mnr. B. du Plessis, op 23 September 1985 en met die Minister van Binnelandse Aangeleenthede, mnr. Stoffel Botha, op 24 September 1985. Die besoeke is aan die eenkant beskou as hoflikheid-besoeke en ter wille van die nodige skakeling, maar aan die anderkant is wedersyds indringend gepraat oor die noodtoestand, boikotte, identiteit van volke, diensplig, kapelane, morele waardes, burgerskap van swartes, hervestiging, ordelike verstedeliking, besitreg, agterstand in fasiliteite vir nie-blankes, swart behuising, pariteit in die onderwys, optrede van die polisie, ondervraging van gevangenes, die noodfonds, geregtigheid in die samelewing, beplanning van die regering, die betekenis van die woord apartheid, isolasie van etniese groepe, die

afskaffing van die Wet op Gemengde Huwelike se implikasies, visums vir geestelikes, afskaffing van die paswette en instromingsbeheer. Tydens al die ontmoetings was die ontvangste gul, die gesprekke indringend en die gesindhede positief. Die sinode neem met dank en waardering kennis van hierdie gesprekke deur die Breë Moderatuur met die owerheid, ook vir die simpatieke oor wat die ministers verleen het en die sinode vertrou ook dat die besprekingspunte positief deur die regering opgevolg sal word (NG Kerk AS Hand 1986:66). Die NG Kerk het ook nog in die tyd byna op alle vlakke redelik maklike toegang gehad tot die regering.

Die staatkundige posisie van die kleurlinge is deur die sinode in 1982 verwys na die Breë Moderatuur. Die Breë Moderatuur het kennis geneem dat hierdie saak ernstig deur die regering opgeneem word veral met die grondwet en referendum van 2 November 1983. Die ASSK is nogtans gevra om voortdurende aandag aan die saak te skenk. Die ASSK het ook in samewerking met die Wes-Kaapse Kommissie vir Skakeling met die Owerheid van die familie van die NG Kerke aandag gegee aan die sosiale toestande van die kleurlinge (NG Kerk AS Hand 1986:44).

Die Breë Moderatuur het deur middel van sy dagbestuur vanaf 1982 verskeie samesprekings en ontmoetings met persone in die regering gehad, onder andere die Staatspresident, die Minister van Verdediging, die Minister van Konstitusionele Sake, die Minister van Onderwys, die Minister van Wet en Orde, die Minister van Finansies en die Minister van Binnelandse Sake (Hand 1986:19). Oor die hervestiging van nie-blankes en hulle behuisingsnood en ordelike verskuiwings het die sinode van 1982 besluit dat die hervestiging van nie-blankes en aanverwante sake noulettend deur sinodes waargeneem moet word en dan 'n memorandum aan die Breë Moderatuur voor te lê vir optrede deur die KSO waar nodig. Die NG Kerk lewer hier, soos bo, ook sterk profetiese stemme teen onreg wat die behuisingsnood betref. Die Wes-Transvaalse sinode het die Breë Moderatuur op hoogte gebring met betrekking tot optrede deur hulle Sinodale Kommissie met betrekking tot verskuiwings by Pachsdraai (Ventersdorp). Die Wes-Kaap het hulle optrede in verband met die kleurlingbehuising en behuising van swart mense in die Kaapse Skiereiland ook aan die Breë Moderatuur voorgehou.

Hierdie sake is deur die kerk op 13 Junie 1984 aan die destydse Minister van Samewerking en Ontwikkeling gestuur waar hy het met waardering op die memorandum gereageer het. Die ASSK het ook op 8 Mei 1985 dieselfde memorandum met die Minister van Samewerking en Ontwikkeling en Onderwys bespreek. Die memorandum se inhoud kan soos volg saamgevat word: Die Breë Moderatuur neem kennis van die groei van die swart bevolking en die meegaande proses van verstedeliking en dat die mense sinvol geakkommodeer moet word; wanneer sulke mense sinvol geakkommodeer kan word in stede is dit belangrik in die beplanning en totstandkoming dat daar vir hulle 'n tweede tuiste geskep moet word wat hulle gesinbehoefte in ag neem. Hulle ekonomiese-, maatskaplike- en arbeids-geleenthede asook die reg tot besit, beheer en beskerming, moet in ag geneem word. In verband met huisvesting in die swart stedelike bevolking wil die Breë Moderatuur dit dan ook aan die regering deurgee dat huisbewoners en hulle werkgewers by behuising betrek moet word. Daar moet ook klem gelê word op die daarstelling van gedifferensieerde woonbuurtes: selfbou- en huiseienaarskemas moet met finansiëring van owerheidsweë aangemoedig word. Die verskaffing van basiese dienste soos paaie, water en sanitasie moet aandag kry (NG Kerk AS Hand 1986:42,43). Op 24 Mei 1985 antwoord die minister skriftelik dat hy akkoord gaan met die memorandum en dat die Staatspresident reeds aangekondig het dat die bestaande instromingsbeheermaatreëls hersien moet word, ten einde die negatiewe en diskriminerende elemente daarvan so ver moontlik uit te skakel (NG Kerk AS Hand 1986:43).

In die verslag van die ASK van 1990 word genoem dat die dagbestuur ook die KSO gevorm het (NG Kerk AS Hand 1990:17). Die ASK verwys na skakeling met die owerheid en dat dit nog geskied deur die KSO wanneer dit oor beleidsake gaan. Wanneer 'n bepaalde kommissie van die Algemene Sinode of van sinodes uit hoofde van sy opdrag, veral op 'n gespesialiseerde terrein of administratief optree, word daar direk met die betrokke minister of staatsdepartement geskakel. Wanneer mindere vergaderings skakel met die owerheid-instansies, handel dit meer en deels oor gemeentelike of plaaslike sinodale vlak wat ook meer prakties van aard is (NG Kerk AS Hand 1990:40).

Die KSO se take rondom skakeling met die owerheid moet gesien word in die lig van die volgende paragrawe in Kerk en Samelewing KS-1990 (par 29), KS-1986 (par 38), KS-1990 (par 120-121), KS-1986 (310-342) en KS-1990 (par 296-302). In die paragrawe wys Kerk en Samelewing onder andere ook op die profetiese taak wat die kerk het. Die oproep wat ook gemaak word is dat die hele lewe met al sy aspekte en terreine onder die normatiewe lig van die Woord van God geplaas moet word. Om leiding te gee en om te vermaan, sluit die profetiese taak van die kerk in. Die ASK noem in hulle verslag dat die KSO gesprekke oor brandende vraagstukke met die owerheid waar dit nodig was, gevoer het. Die sinode betuig sy dank dat daar met die owerheid gesprekke gevoer kon word oor langdurige aanhouding, die noodtoestand, beperkings op die media, hervestiging, aanhouding van kinders, stakings, botsings tussen veiligheidsmagte, behandeling van aangehoudendes, eetstakings en die beweerde misbruik van mag in noodsituasies. Die sinode betuig sy waardering vir die begrip en sensitiwiteit waarmee ministers na die afvaardiging geluister het. Daadwerklike optredes in baie gevalle word ook hoog op prys gestel (NG Kerk AS Hand 1990:72,553). Die sinode het rondom die ontbreking van kerkverband op sensusvorms die betrokke minister versoek om die vraag oor kerkverband weer op die staat se huidige sensusvorms aan te bring (NG Kerk AS Hand 1990:72,553). Die ASK noem dat daar op 'n stadium 'n ontmoeting met volksraadlede, wat lidmate van die NG Kerk is, gevoer is en volksraadlede wat dit enigsins kon bywoon was teenwoordig (NG Kerk AS Hand 1990:72,553). Die NG Kerk het 'n groot verantwoordelikheid om steeds op 'n kerklike wyse met die owerheid dialoog te voer oor horisontale implikasies van die evangelie (NG Kerk AS Hand 1990:72,553). Soos blyk uit die Handeling (1986:526) het die Algemene Sinode van 1986 ook daadwerklik aandag gegee aan wetgewing omtrent 'n handves oor menseregte in Suid-Afrika (NG Kerk AS Hand 1990:124,562). Oor 'n vinnige vervoernetwerk wat vra na 'n vinnige, doeltreffende en wydverspreide vervoernetwerk vir trekwerkers en veral pendelaars, verwys die sinode die aanbeveling van die Federale Raad na die ASSK (NG Kerk As Hand 1990:333,660). Die sinode spreek ook sy dank uit dat die owerhede se deure altyd oop is vir onderhandelinge, en ook vir die hartlike samewerking. Die gees van vertroue wat hier genoem word is opmerklik (NG Kerk AS Hand 1990:341,669).

Na aanleiding van die geweldige behuisingsnood wat talle mense ondervind, het die sinode aan die ASSK opdrag gegee om die knelpunte van die behuisingsnood van die nie-blanke bevolking, en aan die AKDB om die blanke se behuisingsnood te ondersoek, en dit onder die aandag van die KSO te bring (NG Kerk AS Hand 1982:1200). In dié verband het die AKDB 'n studie onderneem om die nie-blanke en blanke behuisingsnood te ondersoek (NG Kerk AS Hand 1986:283). Prof. W. Anderson van die RGN is na samesprekings opdrag gegee om in oorleg met die WNNR, Gemeenskapsontwikkeling, Bou-navorsing, Ekonomiese Nasionale Behuisingskommissie en die Departement Openbare Werke en Grondbesit so 'n ondersoek te onderneem. Die bevinding was dat die owerhede op datum is met die situasie, die owerheid gee ook hoë prioriteit aan die probleme wat die kerk uitwys byvoorbeeld hoë huur, hoë rentes, deeltitels en bejaardeversorging (NG Kerk AS Hand 1986:342,670).

'n Memorandum is ook deur die ASSK oor swart verstedeliking en behuising aan die KSO oorhandig. 'n Memorandum is ook aan die Minister van Samewerking en Ontwikkeling, dr. G.v.N. Viljoen, gestuur. Die minister het ontvangs erken van die skrywe van 2 Maart 1985 en dat hulle akkoord gaan met die probleme wat genoem word en dat die Staatspresident reeds aangekondig het dat die bestaande instromingsbeheermaatreëls hersien moet word (NG Kerk AS Hand 1986:283,284,646). Die probleem van eiendomsreg vir swart stedelinge het ook die aandag van die ASSK geniet. In besonder die gebrek aan sekuriteit vir swart stedelinge in die Wes-Kaap. Die kommissie het aandag gegee en die hele situasie het kort hierna ten goede verander (NG Kerk AS Hand 1986:284,646,647). Nadat die ASSK kennis geneem het van die situasie ten opsigte van staatsubsidie in kleurlingbehuising is daar 'n memorandum deur dr. A.J. Botha gestuur aan mnr. David Curry, Minister van Plaaslike Bestuur en Landbou. Die memorandum het onder andere oor die nuwe behuisingsbeleid ten opsigte van die kleurlinge in die Groter Kaapstad handel. Die ASSK het ook verdere besluite geneem en deurgegee aan die minister. Die regering het ook baie aanpassings gemaak in dié verband, ook ten opsigte van wetgewing. Die ASSK bedank die regering en moedig ook die nuwe beleid aan om honderde duisende mense

van 'n huurderklas te laat oorskakel na huiseienaarskap. Die beleid word verwelkom omdat dit ook sosiale voordele inhou (NG Kerk AS Hand 1986:284,285,647).

Die ASSK het ook vanaf die Interkerklike Komitee vir Nywerheidsbediening aan die Witwatersrand die saak ontvang van diensvoorwaardes vir plaasarbeiders en huishulpe en dit is na die KSO van die Breë Moderatuur verwys. Die memorandum is aan die Mannekragkommissie van die regering deurgestuur (NG Kerk AS Hand 1986:287,647).

Rondom burgerskap vir nie-tuisland Swartmense en paspoorte het die ASSK 'n memorandum deurgestuur aan dr. G.v.N. Viljoen, destydse Minister van Samewerking en Ontwikkeling. Die ASSK verwys hier na Wet no.100 van 1976 wat bepaal dat alle Xhosasprekendes in die RSA, burgers van Transkei is, tensy hulle voor 26 Oktober 1976 burgers van 'n ander tuisland was, dit geld ook vir die ander tuislande. 'n Mens kom ook agter dat die probleme baie tegnies begin raak en dat die beleid besig is om vas te draai. Die regering word versoek om 'n Suid-Afrikaanse paspoort vir swartmense te oorweeg wat nie noodwendig burgerskap van 'n swart staat vereis nie. Juis tydens die skrywe van die verslag het die Staatspresident ingrypende wysigings in die wetgewing met betrekking tot burgerskap aangekondig (NG Kerk AS Hand 1986:290,291,647).

Die ASK is gevra, in die lig van Kerk en Samelewing, om ondersoek in te stel na die werklike lyding van mense as gevolg van die apartheidsbeleid en om na oplossings te soek: dié moet met woord en daad so betrokke raak by diegene wat ly onder apartheidswetgewing. Die ASK het egter bevind dat so 'n ondersoek nie prakties uitvoerbaar is nie. Die ASK het wel deur die KSO voortdurend aandag gegee aan die lyding van mense en sal dit dan onder die betrokke instansies se aandag bring (Hand 1990:61,546).

7.5 Kerk en Samelewing

Die Kerkbode (no.18, jaargang 138, 29 Oktober 1986, 10-11) skryf dat die beleidstuk, Kerk en Samelewing, 'n getuienis van die NG Kerk is. Dit is 'n belangrike dokument

van die kerk wat vir lidmate en kerkrade duidelike riglyne gee, ook in die toekoms. Kerk en Samelewing vervang nou RVN wat sedert 1974 beleidstuk van die NG Kerk oor volkere- verhoudinge was. Tog kan die kerk nooit ophou om oor menseverhoudinge te dink nie.

Kerk en Samelewing soos aanvaar by die Algemene Sinode van 1986 en gewysig by die Algemene Sinode van 1990, is 'n aanduiding dat beide Cottesloe en KS die NG Kerk se steun aan apartheid gerepudieer het (Strauss 1991:436). Met KS 1986 is daar dus 'n nuwe rigting aangedui en alhoewel daar 'n balans probeer hou is, was dit nuut (Van der Merwe 2002:91). Wanneer 'n mens kyk na die NG Kerk-benadering ten opsigte van apartheid vanaf 1960 tot 1990, vorm Cottesloe en KS twee uitstaande punte. Die enigste ander geskrif op hierdie vlak is die stuk Ras, Volk en Nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif, van die Algemene Sinode van 1974 (Strauss 1991:437). Wat het aanleiding gegee tot KS-1986 en KS-1990? 'n Hele aantal faktore kan hier genoem word, onder andere ekumeniese gesprekke en ander kerklike gebeure. Daar het ook 'n hele sosiale verandering plaasgevind in Suid-Afrika. 'n "Innerlike oortuiging" tot voortgaande besinning bring die Algemene Sinode van 1982 tot die besluit om RVN indringend te hersien, en dit is hoe KS-1986 die lig gesien het (Strauss 1991:443). KS-1986 en KS-1990 word gesien as twee dokumente waarin die steun aan apartheid vanuit die standpunt dat dit 'n "beginsel" sowel as dat dit 'n "metode" was, nie meer ondersteun is nie. KS-1986 (par. 306) verwys na apartheid as 'n politieke en maatskaplike sisteem wat mense veronreg en een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel, dit verwys daarna dat dit in stryd is met die beginsels van naasteliefde en geregtigheid (Strauss 1991:443-444). KS-1990 (par. 282) noem ook dat die NG Kerk te lank apartheid onkrities hanteer het. Interessant dat 'n mens ook hierdie twee begrippe vind in RVN wat weer apartheid sou ondersteun het. Beide KS-1986 (par. 305) en KS-1990 (par. 281) verklaar dat apartheid nie vanuit die Bybel regverdig kan word nie. Hierdie skuiwe in denke en in die dokumente is 'n groot sprong weg van die vorige dekade se regverdiging van die beleid. Prof. D. du Toit noem dat die kerk nie meer 'n politieke beleid volg nie (Die Kerkbode, no.4, jaargang 139,4 Februarie 1987, 1).

KS was so 'n belangrike dokument dat daar van die NG Kerk se kant 'n afvaardiging gestuur is na die Staatspresident om hom formeel in te lig oor die standpunte wat daarin vervat is (Die Kerkbode, no.22, jaargang 138, 26 November 1986, 1).

Dekades na Cottesloe skryf Die Kerkbode, dat daar min twyfel is dat die NG Kerk nou met sowat al die besluite wat die Cottesloeberaad geneem het, kan saamstem. Hier en daar is woorde in die Cottesloe verklaring wat anders gekies of sinne wat anders geformuleer kan word. Reeds met sy beleidstuk van die sewentiger jare RVN het die NG Kerk nader beweeg aan besluite wat Cottesloe destyds geneem het en na die aanvaarding van KS in 1986 het daar min, indien enige, verskilpunte oorgebly (Die Kerkbode, no.1, jaargang 145, 6 Julie 1990, 4). 'n Blywende beleidsverandering het die lig gesien wat nooit weer sou terugdraai nie. Die NG Kerk was hier op 'n nuwe koers.

7.5.1 Reaksie Kerk en Samelewing

Van der Merwe (2002:92) skryf dat die reaksie reeds tydens die sinodesitting al hewig was. Dr. A.P. Treurnicht skryf in reaksie op Kerk en Samelewing dat dit grondig hersien moet word (Die Kerkbode, no.20, jaargang 139, 27 Mei 1987, 5). Dr. A.P. Treurnicht verwys na paragraaf 304-307 en noem dat apartheid en afsonderlike ontwikkeling die enigste politieke modelle is wat veroordeel word. Hy vra die vraag waarom nie magsdeling in 'n eenheidstaat nie? Sy verdere beswaar is dat daar na afsonderlike ontwikkeling verwys word as iets van die verlede. By die modelle word daarna verwys dat die Bybel dit nie voorskryf nie. Die vraag is of die Bybel die modelle verbied, vra Dr. A.P. Treurnicht. Hy noem dat die lyding van mense nie net aan apartheid toegeskryf kan word nie. "Apartheid het nie net lyding veroorsaak nie, maar het ook werklike ontwikkeling en vryheid gebring soos pres. Matanzima dit ook genoem het". Hy vra dus in die lig dat KS hersien moet word. Die Wes-Transvaalse Sinode het ook baie besware ontvang van lidmate wat ongelukkig was oor KS (Die Kerkbode, no.23, jaargang 139, 24 Junie 1987, 6). 'n Mens vind die kampe in die NG Kerk ook hier duidelik, dié vir KS en dié teen dit.

'n Beswaarskrif is ook van bekommerde lidmate van die kerk aan die sinodale kommissie gestuur (Die Kerkbode, no.20, jaargang 139, 27 Mei 1987, 6). Hieroor het die ASK tydens 'n spesiale sitting in Pretoria vergader. Die Voortsettingskomitee vir beswaarde lidmate teen die NG Kerk se beleidstuk, Kerk en Samelewing, het hulle belangrikste besware ook geopper. Hulle het die ASK gevra om 'n buitengewone sinode vergadering van die Algemene Sinode byeen te roep einde Julie. Daar wou hulle die volgende aanbevelings by die sinode maak: dat die sinode vanweë die diepe onrus wat KS veroorsaak het alle besluite vervat in die KS, herroep en dat die sinode uitdruklik lidmaatskap van die NG Kerk reserveer vir die blanke Afrikaner en dat die koste van die sinode deur die sinode gedra sal word. Die ASK het na samesprekings genoem dat hulle nie aan die eise kan voldoen nie (Die Kerkbode, no.1, jaargang 139, 1 Julie 1987, 1). Ook kom die gedagte van 'n volkskerk weer hier na vore.

Die Kerkbode (no.1, jaargang 139, 1 Julie 1987, 4) skryf ook 'n ope brief aan dr. W. Lubbe. Hier word genoem dat daar in die Naam van die Here 'n ernstige beroep op hom gedoen word om nie voort te gaan met die stigting van die Afrikaanse Protestante Kerk nie. Die kerk kan dit nie bekostig nie. Die Afrikaanse Protestante Kerk word gestig en so vind daar skeuring plaas binne die NG Kerk. Sestig predikante en ongeveer 30000 lidmate het weggebreek en in die eerste helfte van die 1990's het nog 70000 hulle verder daarby aangesluit (Giliomee 2004:576; Jonker 1998:192; Van der Merwe 2002:99-100).

'n Groep lidmate wat nie deel wou vorm van die nuwe kerkstigting nie het besluit om binne die NG Kerk eerder teen KS voort te stry. Hulle het bekend gestaan as die Nederduitse Gereformeerde Bond. Later is die naam verander na die Afrikaanse Gereformeerde Bond, om meer oop te wees vir ander Afrikaanse kerke (Van der Merwe 2002:100-101).

Geloof en Protes sien ook die lig in die spanningsvolle tydperk. Dit was "'n antwoord namens beswaarde lidmate op sekere aspekte van KS". Hier word genoem dat daar

groot onrus was oor KS. Geloof en protes was die stem van “tienduisende beswaarde lidmate”

Die ASK het ook reageer op Geloof en Protes. Hulle noem ook dat Geloof en Protes ‘n groot rol gespeel het in die totstandkoming van die Afrikaanse Protestantse Kerk. Die ASK noem ook dat Geloof en Protes ‘n probleem is deurdat apartheid aangetas is. Die opstellers het net ‘n paar basiese begrippe hanteer soos volkskepping en verskeidenheid terwyl die Afrikaner onaantasbaar is (Die Kerkbode, no.2, jaargang 142, 22 Julie 1988, 6).

Die Kerkbode (no.18, jaargang 146, 2 November 1990, 10-11) berig dat die NG Kerk se KS-beleidstuk van 1986 tydens die afgelope sinodesitting sorgvuldig bekyk is. ‘n Hele paar belangrike aanpassings is gemaak om die stuk duideliker in die lig van die Bybel oor die samelewing te laat praat. Die beleidstuk, Kerk en Samelewing 1990, se openingsin is baie belangrik naamlik dat die NG Kerk as kerk van Jesus Christus dit sien as sy roeping om as getuie van God Drie-enig in die samelewing op te tree. Dit is ‘n getuienis in SA oor hoe die kerk die Bybelse boodskap sien.

Die inleidingsartikel noem van die Groot Trek herdenkings en dat die Groot Trek van ingrypende betekenis vir die Afrikaner was. Daar word ook genoem dat stryd kenmerkend van die tydperk voor en tydens die trek was. Hier word ook verwys na Kerk en Samelewing en daar word genoem dat dit die Afrikaner in die steek gelaat het, maar dit is nie waar nie word geskryf, dit dui net die trekpad vir die pad vorentoe uit die Skrif aan (Die Kerkbode, no.8, jaargang 142, 26 Augustus 1988, 6).

7.6 Pres. P.W. Botha

Die Kerkbode (no.10, jaargang 141, 16 Maart 1988 ,8; Die Kerkbode, no.10, jaargang 141, 16 Maart 1988, 10-11) het ook ‘n breedvoerige onderhoud met pres. P.W. Botha gevoer. Hy noem dat die kerk die lig van die Woord op elke terrein moet laat val. Die kerk moet ook erken dat hy ook nie ‘n kundige is op alle terreine nie. Pres. Botha noem dat die kerke soms met ‘n verwarrende warboel van stemme na die staat gaan en

verwag dat die staat daarop moet reageer. Die kerke moet probeer om met een stem te praat.

Op die vrae hoe die NG Kerk sy profetiese stem uitgeleef het teenoor die owerheid die afgelope dekade sedert pres. Botha aan die stuur van Suid-Afrika gekom het, en of die NG Kerk te veel gepraat of te veel stilgebly, het pres. Botha geantwoord: "Uit my amp en as lidmaat van die NGK het ek die voorreg gehad om met baie leierfigure in die kerk te praat, daar was vele gesprekke wat tot verryking en nut vir albei was. Die mate of die kerk sy profetiese roeping uitgeleef het moet deur die kerk self beoordeel word." Hierdie opmerking is ook baie belangrik, die kerk moet maar telkens vir homself die vraag vra: "praat ek genoeg?". Die staat as sodanig het nie 'n teologiese basis waarop hy die kerk in die uitlewing van sy profetiese taak kan beoordeel nie. Pres. Botha noem ook verder dat op die terreine waaroor teoloë nie oor voldoende kennis beskik nie, nie sommer net lukrake uitsprake gemaak moet word nie. Op die vraag in watter mate hy dit as 'n probleem ervaar dat die verskillende kerke in die land soms met botsende standpunte na hom toe kom, het pres. Botha hierop geantwoord dat hy die afgelope tien jaar met verskillende afvaardigings beraadslaag het en dit deurgaans opvallend was hoe uiteenlopend die standpunte van die kerke was ten opsigte van sowel staatkundige as teologiese aangeleenthede. Pres. Botha verwys ook na die verskeidenheid kerklike en ekumeniese geskrifte wat oor die jare verskyn het, soos Geloof en Protes aan die een kant van die teologiese politieke spektrum en aan die anderkant die Kairos-dokument. Die kerk se stem bly soms net te verwarrend.

Oor die stelling in KS dat die NG Kerk hom ondubbelsinnig daarvan wil losmaak dat die kerk geroep is om enige politieke model of beleid aan die owerheid voor te skryf en dat hy slegs die eise van liefde en geregtigheid en menswaardigheid wat in die samelewing beliggaam moet word wil verkondig (en daarom sal hy voortgaan om elke bestaande en voorgestelde model hieraan te toets) (309), reageer pres. Botha soos volg dat hy iets belangrik stel en dit is dat die hele probleem baie maal in die praktyk sit en nie in die modelle nie. Die kerk moet leer om ook in die praktyk werklik die verskil te maak. Oor apartheid, noem pres. Botha, dat wanneer onder apartheid die volgende verstaan word

nl. politieke oorheersing oor een gemeenskap, uitsluiting, ongeregtigheid en rassediskriminasie, die regering dit verwerp. Pres. Botha antwoord op die een-mens-een-stem dat dit 'n propaganda slagkreet is vir 'n diktatuur of outokrasie en 'n Marxistiese totalitêre staat in Afrika is voorbeelde van sulke bedelings.

Oor die stelling in KS dat die NGK oortuig is dat die hantering van apartheid as 'n politieke en maatskaplike sisteem wat mense veronreg en een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel nie op Christelike-etiese gronde aanvaar kan word nie, omdat dit in stryd is met die beginsel van naasteliefde en geregtigheid en onafwendbaar die menswaardigheid van almal wat daarby betrokke is aantas (306), antwoord pres. Botha: "...dat die stelling ook anders geformuleer kan word deur te noem dat die kerk enige stelsel veroordeel wat mense veronreg en een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel". Pres. Botha vra ook waarom veroordeel KS hoofsaaklik een stelsel wat eintlik net vir propaganda doeleindes as apartheid bestempel word? Hy voeg by dat daar bittermin lande in die wêreld is waar daar nie veronregting is nie. Hy noem dat SA meedoenloos uitgesonder word as die enigste grootse sondaar, waarom is dit so moeilik om die goeie in SA raak te sien?

Pres. Botha noem dat die kerk sy primêre taak as kerk van Christus na die beste van sy vermoë en onder afhanklike leiding van die Heilige Gees moet volbring. Ek verwag van my kerk dat hy 'n positiewe boodskap van geloof, hoop en liefde, van regverdigheid en menswaardigheid sal verkondig. Veral wat die profetiese taak van die kerk betref, rus daar 'n groot verantwoordelikheid op die NG Kerk, soos op alle ander kerke, om sy taak met die grootste verantwoordelikheid te omskryf en uit te voer en nooit sy primêre doel om die heilsboodskap van die koninkryk te verkondig en mee te help, te verwaarloos nie. Oor oud pres. P.W. Botha (Die Kerkbode, no.6, jaargang 144, 25 Augustus 1989, 6) word in die inleidingsartikel genoem, dat daar baie geskryf is oor die implikasies van sy bedanking. Hy word geloof vir vele mylpale wat behaal is en keerpunte tydens sy termyn. Hy was ook heel waarskynlik die laaste staatshoof wat lidmaat van die NG Kerk sou wees. Hy word onder andere geloof vir sy Christenskap.

7.7 Die Algemene Verkiesing

Die ASK noem in sy verslag dat daar 'n verklaring op 19 Maart 1987 uitgereik is met die oog op die algemene verkiesing op 6 Mei 1987. Die kommissie noem dat hulle bewus is van die groot belangrikheid van die verkiesing vir almal in Suid-Afrika. Dit gaan ook in die verkiesing oor watter politieke party aan bewind gaan kom om die land te regeer as dienaar van God tot die beswil van al sy inwoners. Die indruk wat 'n mens ook hier kry is dat die verdeelheid in die politiek en in die kerk tog groot was. Lidmate word gevra dat hulle sal bid vir die verkiesing en na God sal opkyk. Daar was groot emosionele reaksies oor die komende verkiesing. Die ASK vra dat lidmate waardig sal optree sodat die Christelike getuienis nie kragteloos gemaak sal word nie (NG Kerk AS Hand 1990:53,541). Die NG Kerk probeer om nie betrokke te wees in die verkiesing nie en om ook nie kant te kies nie. Tog noem die ASK dat die weerhouding van politieke mondigheid en regte aan 'n deel van die bevolking 'n ernstige aantasting van die menslike waardigheid is. 'n Regverdige bedeling vir al die volke en volksgroepe is aan die anderkant ook van belang (Die Kerkbode, no.17, jaargang 139, 6 Mei 1987, 4) alhoewel dit blyk dat dit moeilik was vir die kerk om werklik 'n gesonde afstand te gehou het.

7.8 Die kerk en onderhandelinge

Wat was oor die jare die aanloop na die onderhandelinge? Strauss (1991:443) noem dat die opstande in 1976 in Soweto 'n nuwe fase in die Suid-Afrikaanse opset ingelei het, waarin swart onrus en mag 'n werklik dominante faktor in die verhoudingsvraagstuk geword het. Die onrus en ongemaklikheid veral by groot getalle swart mense en die mobilisasie vermoë van swart protesbewegings in Suid-Afrika, waaronder die ANC en die PAC was, was baie goed en het verdere aanleiding gegee tot onrus. Beide was verbode tot en met 2 Februarie 1990, en uit hierdie agtergrond groei die oortuiging by 'n groot aantal Afrikaners en die NG Kerk lidmate dat 'n regverdige bedeling vir almal in die land alleen deur onderhandeling bereik kan word. Dr. Dirk Hattingh skryf dat die onderhandelinge staan bo aan die agenda met die oog op 'n nuwe bedeling. Die onsekerheid word aangevoel oor wie aan die tafel sal sit vir die onderhandelinge wat almal se toekoms gaan raak. Die vraag kan seker gevra word of die kerk ook 'n rol te

speel gehad het met die onderhandelinge? In dié geval het die kerk altyd 'n getuienistaak wat gehoor moet word. Die kerk kan help om 'n klimaat te skep waarbinne die proses van onderhandelinge kan plaasvind. Die kerk moet ook 'n versoenende rol speel in die gemeenskap, so ook 'n vergewende rol en voorbidding doen (Die Kerkbode, no.14, jaargang 144, 20 Oktober 1989, 6). Die NG Kerk poog hier om sy taak as kerk uit te leef en meer ondersteunend te wees as voorskrywend.

7.8.1 NG Kerk en die ANC

Die vraag wat hier gevra word is of die NG Kerk bemiddelaar kan wees tussen die SA regering en die ANC? Hier het die pers beweer dat die NG Kerk so 'n voorstel gemaak het. Prof. Heyns skryf dat die NG Kerk 'n agent vir versoening is, maar kan nie 'n bemiddelingsrol speel nie omdat die ANC 'n verbode organisasie in Suid-Afrika is (Die Kerkbode, no.17, jaargang 139, 6 Mei 1987, 1).

Prof. Danie du Toit verwys na die safari's na die noorde om met die ANC te praat. Dit het ook sterk emosionele emosies ontlok. Hy noem dat in die Bergpredikasie sê Christus dat jy jou vyande moet liefhê, en julle moet bid vir die wat julle vervolg. Die hele gedagte aan vergifnis word ook genoem. Dit alles dui daarop dat daar met die ANC gepraat moet word. Hy noem ook dat die kerk nie onderhandel met die ANC nie. Die kerk moet nooit 'n politieke agent wees nie. Die hele gedagte dat die kerk hom nie by enige party kan skaar nie, word benadruk (Die Kerkbode, no.1, jaargang 145, 12 Januarie 1990, 4). Die NG Kerk was baie sensitief om nie kant te kies nie.

7.8.2 Mnr. Nelson Mandela

Die nuwe dekade wat hier binne gegaan word is totaal anders as die vorige dekades. 'n Hele nuwe bedeling is aan die kom. Sou die NG Kerk sy stem nog laat hoor ook in die nuwe tye? Die Kerkbode (no.6, jaargang 145, 16 Februarie 1990, 6) skryf oor die vrylating van Nelson Mandela en noem dat dit ongetwyfeld 'n belangrike gebeurtenis in die resente geskiedenis, is, van watter politieke hoek 'n mens sake ook al sou beskou. Die kerk laat hom egter nie uit oor die politieke aspekte nie. Die kerk hoop dat sy vrylating die weg baan vir vrede in SA. Die Kerkbode noem dat daar net kommer is oor

van sy opmerkings in sy eerste openbare toespraak. Die indruk dat hy nog nie van geweld afgesien het om veranderinge in die land te weeg te bring nie wek kommer, skryf Die Kerkbode.

‘n Mens vind al meer die gedagte dat die era van NG kerkleiers asook Christelike leiers finaal verby is. Prof. J.A. Heyns het mnr. N. Mandela ook gevra om sy standpunt oor Christenskap duidelik te stel. Mnr. F. Chikane het prof. J.A. Heyns verkwalik oor die vraag en dat dit ‘n belediging is vir swartes in Suid-Afrika. Vir Prof. J.A. Heyns was dit onbegryplik (Die Kerkbode, no.6, jaargang 145, 10 Augustus 1990, 1). Op ‘n direkte vraag aan mnr. N. Mandela was hy nie bereid om te erken dat hy ‘n Christen is nie: hieroor skryf Die Kerkbode dat hy baie teleurgesteld is oor mnr. N. Mandela se onwilligheid (Die Kerkbode, no.7, jaargang 145, 17 Augustus 1990, 4).

Die Kerkbode^{113,114} (no.23, jaargang 150, 4 Desember 1992, 6) het ook met hom ‘n onderhoud gevoer oor onder andere die kerk se rol in Suid-Afrika. Hy noem dat die rol van die kerk is om alles in sy vermoë te doen om mee te werk in ons land se oorgang na ‘n ware nie-rassige demokrasie. Die kerk moet meewerk in die versoeningproses en die genesing van ons land. Hy verwys ook na Rustenburg waar die kerke self hulle rol gedefinieer het. Oor die rol van die kerk in die toekoms, noem hy dat die kerk in die toekoms ‘n belangrike rol in ons gemeenskap moet speel. Dit moet een van die instellings wees wat demokrasie en geregtigheid in ons samelewing waarborg. Die vraag hier is hoe die kerk dit prakties kan doen en of die kerk nie soms weg kyk van dit af nie? Hy noem ook dat die kerk in die toekoms ‘n groot rol speel in die bou van ‘n nasie deur ‘n gees van eenheid, verdraagsaamheid, aanvaarding en onderlinge respek.

¹¹³Mnr. J. Slovo se uitspraak dat as Jesus vandag geleef het Hy Hom by MK sou aansluit word veroordeel deur Die Kerkbode (Die Kerkbode, no.6, jaargang 145, 10 Augustus 1990, 4).

¹¹⁴Die Kerkbode (no.2, jaargang 148, 12 Julie 1991, 4) vra baie krities na die toestaan van amnestie aan gevangenes. ‘n Vraag word ook gevra of hierdie vrylating nie neerkom op ‘n skeeftrekking van die reg nie?

Oor die taak van die kerk noem hy dat die stryd om geregtigheid en vrede op aarde ook baie naby aan die primêre taak van die kerk is. Die vraag is ook hier of die kerk werklik objektief genoeg is om altyd te bepaal wat die norm van die Woord is? Op die vraag van watter plek Bybelonderrig in die skoolleerplan na sy mening moet inneem, het mnr. N. Mandela geantwoord dat al die belangrikste godsdienste in die wêreld 'n plek moet kry in die skoolleerplan sodat kinders kan leer om mekaar se godsdiens sienings te verstaan en te respekteer. Die klemverskuiwing in denke oor godsdiens kom hier duidelik na vore. Wat die NG Kerk betref, sou skole nie meer Christelik Nasionaal wees nie. Op die vraag wat sy siening van die Afrikaanse kerke is, noem mnr. N. Mandela dat die Afrikaanse kerke hard probeer het en in baie gevalle misluk het om hulle van die ideologie en praktyk van apartheid los te maak. Hy noem aan die ander kant dat baie individue in die Afrikaanse kerke hulle stem laat hoor het oor die ander kant van apartheid. Oor Afrikaans voel mnr. N. Mandela dat dit van die 21ste eeu die taal van bevryding sal wees soos wat dit in die 19de eeu was. Hy noem dat Afrikaans 'n Afrika-taal is.

7.9 Die Kerkeberaad

Op 6 September 1990 het die ASK 'n ontmoeting met die Staatspresident gehad in die Uniegebou. Saam met mnr. de Klerk het die Minister van Wet en Orde mnr. Adriaan Vlok ook aan die bespreking deelgeneem. Heelwat sake is bespreek, veral die kommer oor die spiraal van geweld wat beide van links en regs in die land kom. Oor die beskuldigings teen die veiligheidsmagte het mnr. Vlok ook indringend geantwoord.

Die minimum vereistes vir 'n moontlike grondwet is ook gestel, onder andere die erkenning van die oppergesag en leiding van die Almagtige God, volkome godsdiensvryheid vir almal wat in hierdie God glo, ook om die Woord van God ongehinderd te verkondig. Die reg tot beoefening van godsdienstige feesdae is verder geopper asook die respek en eerbiediging van Christelike norme, die moontlikheid van godsdienstige onderrig en opvoedkundige instellings in ooreenstemming met die erkende leerstellings van die Christelike kerke. Die reg tot vrye assosiasie van groepe, die aanvaarding van verantwoordelikhede teenoor alle inwoners van die land deur die

regering is ook genoem. Van al die punte het mnr. de Klerk ernstig kennis geneem. Daar is ook gevoel dat daar by die kerkeberaad in November al bogenoemde sake bespreek sal word. Ander punte wat ook genoem is was die vereiste van Christelike en volkseie onderwys in Suid-Afrika. Vir die NG Kerk is 'n godsdienstige neutrale stelsel onaanvaarbaar. Die ASK het ook daarop gewys dat die lidmate van die NG Kerk hoofsaaklik aan die Afrikanervolk behoort. Die kerk probeer voorsien in hulle bedieningsbehoefte en dit moet ook erkenning geniet. Die hele onderhoud het in 'n goeie en waardige gees verloop, 'n gebed is ook op versoek van die Staatspresident vir hom en die regering gedoen (NG Kerk AS Hand 1990:468,554).

Ongeveer 200 afgevaardigdes van kerke en godsdienstige instansies het na aanleiding van die Staatspresident se Kersfeesboodskap in die Presidensie te Pretoria byeengekom op 20 en 21 Julie. Dr. Alberts se loodskomitee het dit op versoek van die Staatspresident gereël. Heelwat media belangstelling is ook ontlok deur die beraad. Pres. de Klerk het hom ook onttrek om sodoende die indruk van staatsinmenging te voorkom (Die Kerkbode, no.23, jaargang 144, 22 Junie 1990, 1). Hierdie kerkeberaad is onder andere deur die NG Kerk bygewoon en is verteenwoordig deur prof. J.A. Heyns, ds. D.J. Viljoen, prof. P.C. Potgieter, dr. D.J. Hattingh en dr. P. Rossouw. Die kern onderwerpe was: wat verwag die kerk van die staat en wat verwag die staat van die kerk in 'n nuwe Suid-Afrika. 'n Deklarasie van minimum Christelike vereistes wat die kerk in 'n nuwe grondwet wou sien is ook indringend bespreek (NG Kerk AS Hand 1990:466, 554; Die Kerkbode, no.1, jaargang 145, 12 Januarie 1990, 4).

7.10 Apartheid en Rustenburg

In 1986 berig Die Kerkbode dat die NG Kerk oortuig is dat die hantering van apartheid as 'n politieke en maatskaplike sisteem, wat mense veronreg en een groep onregmatig bo 'n ander bevoordeel, nie op Christelike etiese gronde aanvaar kan word nie. Dit word dus gesien as in stryd met die beginsels van naasteliefde en geregtigheid (Die Kerkbode, no.18, jaargang 138, 29 Oktober 1986, 3). Die NG Kerk het na 1986 drasties begin wegbeweeg van apartheid as beleid wat regverdig kan word uit die Skrif. Op 21 Januarie 1987 skryf prof. J.A. Heyns dat apartheid heeltemal afgebreek moet word. Die

taak van die kerk is om teen ongeregtheid te protesteer. Hy noem ook verder dat as die regering daarmee voortgaan dan sal die kerk die regering verwerp (Die Kerkbode, no.2, jaargang 139, 21 Januarie 1987, 1). Die hantering van apartheid deur die NG Kerk was baie versigtig alhoewel daar wegbeweeg is daarvan. Omdat daar twee kampe was, is daar met omsigtigheid te werk gegaan (Die Kerkbode, no.3, jaargang 139, 28 Januarie 1987, 6).

7.10.1 Apartheid: wat sê die NG Kerk?

Prof. P.C. Potgieter het 'n paar vrae beantwoord namens die kerk. Op die vraag of die NG Kerk die bestaan van die verskeidenheid van volke as sonde beskou, het prof. P.C. Potgieter geantwoord dat die kerk dit nie so sien nie en dit is deur die voorsienigheid so beskik. Oor apartheid noem hy dat dit 'n politieke stelsel is wat deur gedwonge skeiding tussen mense in SA skeiding tussen groepe bewerkstellig het, en een groep bo die ander bevoordeel het. Juis daarom het die NG Kerk dit veroordeel en dit was ook nodig, noem prof. P.C. Potgieter.

Op die vraag of die NG Kerk apartheid ondubbelsinnig verwerp het, noem hy dat die kerk dit wel verwerp. Op die vraag "veroordeel die kerk met sy siening oor apartheid nie die reg van 'n volk om homself te wees nie?", antwoord hy dat dit die reg van 'n volk is om sy eie kulturele en ander waardes te bewaar. Hy antwoord ook dat die kerk nie onderskei tussen goeie en slegte apartheid nie. Hy stel dit ook duidelik dat die kerk teen Marxisme kies. Oor die vraag of die NG Kerk die regverdiging van apartheid as kettery veroordeel, antwoord hy dat die NG Kerk nie die woord amptelik gebruik het nie (Die Kerkbode, no.4, jaargang 149, 19 Junie 1992, 4). Die NG Kerk staan vas oor apartheid en dat die beleid sterk afgewys moet word.

7.10.2 Die Rustenburg belydenis

Die konferensie het slegs 'n paar dae na die Algemene Sinode vanaf 5-9 November geduur (Van der Merwe 2002:105). "Dis goed dat ons by Rustenburg was" sê prof. P.C. Potgieter (Die Kerkbode, no.20, jaargang 146, 16 November 1990,1). Hier het prof. W. Jonker, namate die sprekers gepraat het, die intense gevoel gekry dat daar skuld is om

te bely. Prof. W. Jonker het persoonlik en plaasvervangend namens die NG Kerk en die Afrikaners oor apartheid skuld bely (Van der Merwe 2002:105). Dit het wyd aandag geniet (Jonker 1998:203-205). Prof. P.C. Potgieter het gesê dat daar wel mooi dinge genoem is maar ook sekere dinge wat vir die NG Kerk onaanvaarbaar is. Hier, so skryf Die Kerkbode, moet die wêreld nou weet dat die NG Kerk erken dat apartheid sonde is en bely sy aandeel in die toepassing en handhawing daarvan. Anders as die Rustenburg deklarasie sien die NG Kerk egter nie van sy bedoelings oor apartheid af as net sondig en boos nie: as dit in sy ontwikkeling en vormgewing algaande sonde geword het laat die NG Kerk ruimte daarvoor dat daar eerlik en opregte bedoelings betrokke was by die ideaal en beleid van apartheid ten opsigte van die optimale ontwikkeling van alle bevolkingsgroepe binne hulle eie kulturele tradisies. Maar die stelsel is dikwels toegepas in stryd met die beginsel van liefde en geregtigheid. Die NG Kerk weet dat as belydenis gedoen word lei dit tot restitusie, die regmaak van wat verkeerd gedoen is. Die NG Kerk mag nie gevra word om weer en weer sonde te bely nie (Die Kerkbode, no.20, jaargang 146, 16 November 1990, 4).

7.10.3 Reaksie op Rustenburg

Daar was gesien die spanning en ook in 'n mate die verdeeldheid in sienings in Suid-Afrika, min begrip vir Rustenburg (Van der Merwe 2002:108). Die massavergadering wat gehou is op 1 Desember 1990 is deur prof. Potgieter byvoorbaat veroordeel dat dit in politieke vaarwater sou kon beland. Die konferensie is belê om die besluite van die Algemene Sinode in verband met politieke modelle en die daaruit voortvloeiende Rustenburg-belydenis te bespreek (Van der Merwe 2002:108). In weerwil van prof. Potgieter dat dit in kerklike styl gedoen moes word en daar nie hande geklap moet word nie, was die hoofspreker dr. A.P. Treurnicht, leier van die Konserwatiewe Party en lidmaat van die NG Kerk. Hier is aanvanklik ook genoem dat dit nie 'n politieke byeenkoms is nie, maar dr. A.P. Treurnicht het sy party se beleid verkondig en die verklaring by Rustenburg verwerp asook prof. Potgieter se verklaring in die verband (Die Kerkbode, no.23, jaargang 146, 7 Desember 1990, 1). Die ASK het genoem dat hy jammer is dat lidmate 'n vergadering gehou het waarin stemming gemaak is teen sekere besluite. 'n Voortsettingskomitee is ook verkies. Die ASK was ook bereid om

die komitee te ontmoet (Die Kerkbode, no.24, jaargang 146, 14 Desember 1990, 1; Van der Merwe 2002:109).

7.11 NG kerklui praat oor vrede met landsleiers

Lede van die dagbestuur van die ASK het samesprekings gevoer met 'n reeks politieke leiers in Suid-Afrika. Daar was gesprekke gewees met mnr. de Klerk, dr. Treurnicht en mnr. Jaap Marais. Dit vind plaas sodat die besluit uitgevoer moet word om met politieke leiers te praat. Mnr. Buthelezi het sy waardering vir die gesprek getoon en hy het ook belangstelling getoon vir die Deklarasie van Christelike beginsels. Met mnr. Mandela is ook gepraat, hy het getoon dat godsdiensvryheid vir hom belangrik is (Die Kerkbode, no.5, jaargang 148, 2 Augustus 1991, 1). Die NG Kerk poog om 'n gees te skep van verdraagsaamheid en openheid in die tyd deur so met verskillende leiers te praat uit verskillende spektrums.

7.11.1 Geweld oppad na die oorgang

Op 13 Maart 1990 reik die ASK 'n verklaring uit na aanleiding van die wydverspreide onrus, skole-boikot en die gevegte in Natal. Die ASK is ernstig bekommerd en is diep ontsteld oor die toenemende onrus en voortgaande geweld in sekere dele van die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Die ASK noem dat volgens statistiek 77% van die bevolking hulleself as Christene beskou. Hulle noem dat dit in skille kontras met die anargistiese gedrag en die sinlose verlies aan menselewens en eiendom is. Die ASK doen daarom 'n ernstige beroep op almal wat een of ander grief het om dit langs 'n vreedsame onderhandelingsweg te soek. Die ASK wil ook die owerheid bemoedig om met 'n vaste hand, maar regverdig elke vorm van anargie en intimidasie teë te staan (NG Kerk AS Hand 1990:55,56,544). Die NG Kerk het ook die geweld met die president bespreek. Indringende gesprek oor die voorkoms en intensiteit van geweld in die land, die oorsake daarvan en metodes om dit te bekamp, sowel as die rol van die veiligheidsmagte is bespreek terwyl min. Vlok ook teenwoordig was. Die vereistes vir die nuwe grondwet is ook vanuit 'n Christelike oogpunt bespreek (Die Kerkbode, no.11, jaargang 146, 14 September 1990, 1). Toesprake van baie leiers op daardie stadium het daartoe bygedra dat geweld soms aangeblaas is. So noem mnr. Hani, sekretaris-generaal van

die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (hierna SAKP) by die begrafnis van die Bisho slagoffers: “Ons haat FW de Klerk, ons haat Pik Botha, Hernus Kriel en apartheid kapitalisme”. So ‘n toespraak moes die gemoedere opnuut weer laat opvlam het en verdere dood en verwoesting saai, oor die onreg van apartheid is al boekdele geskryf en dat kapitalisme nie oral voordele ingehou het nie is seker ook so. Die stelsel wat mnr. Hani voorstel is die afgelope paar jaar deur miljoene mense regoor die wêreld verwerp as ‘n onderdrukkende en onregverdigde sisteem. Die Kerkbode veroordeel die toespraak ten sterkste en maan teen haat gerig teen spesifieke persone en om mense tot rasende woede op te sweep (Die Kerkbode, no.13, jaargang 150, 25 September 1992, 4). Prof. P.C. Potgieter het ook gevra dat veral mense wat in leiersposisies is gedissiplineer moet word. Opruiende toesprake gee aanleiding tot meer geweld soos byvoorbeeld die gru-moorde in die Oos-Kaap. Hy veroordeel ook die uitsprake van mnr. Terreblanche en mnr. Mokaba (Die Kerkbode, no.16, jaargang 151, 7 Mei 1993, 1).

Talle artikels sien die lig oor die geweld in die land, die kerk verwerp die geweld en vra vir vrede (Die Kerkbode, no.13, jaargang 149, 10 April 1992, 4). Prof. P.C. Potgieter noem ook hoe jammer dit is dat massa-optogte tot geweld en bloedvergieting lei. Dit was na aanleiding van die optog op die Ciskei se grens wat in ‘n bloedbad geëindig het. Die ANC het die optog gereël. Hier word weer gevra dat geweld deur onderhandelinge opgelos moet word (Die Kerkbode, no.11, jaargang 150, 11 September 1992, 1). Aanvalle op minibussies met skoolkinders en talle ander voorbeelde was aan die orde van die dag.

“Dis nou of nooit” vir die nuwe bedeling wat nie maklik gaan wees nie. Op 28 Maart het die hele land gebid op ‘n spesiale dag van verootmoediging vir Suid-Afrika (Die Kerkbode, no.9, jaargang 151, 12 Maart 1993, 4). Oor aanhouding sonder verhoor is die NG Kerkfamilie se vrae deur die Minister van Wet en Orde beantwoord. In die samesprekings het die minister erken dat dit baie onwenslik is (Die Kerkbode, no.24, jaargang 143, 7 Februarie 1989,1; NG Kerk AS Hand 1990:540,44). Ongelukkigheid oor die semi-permanente noodtoestand het ook onder kerke begin toeneem (Giliomee

2004:582). Oor die regering wat bepaalde organisasies wil inperk is Die Kerkbode verheug. Die organisasies word as rewolusionêr en Marxisties gesien (Die Kerkbode, no.8, jaargang 141, 2 Maart 1988, 4). Rondom die oorgangstydperk, noem Die Kerkbode, staan politieke leiers voor 'n baie groot toets. Die bedinging van 'n aanvaarbare oplossing vir SA is baie nodig om ook geweld af te wend (Die Kerkbode, no.11, jaargang 151, 26 Maart 1993, 1). By dit alles word mnr. C. Hani vermoor. Prof. P.C. Potgieter noem dat die kerk altyd kommunisme sal verwerp. Die moord op mnr. Hani word onomwonde veroordeel as 'n veragterende daad. Ons mag geen mens haat nie, selfs al is hy 'n Kommunis, skryf Prof. P.C. Potgieter (Die Kerkbode, no.13, jaargang 151, 16 April 1993, 1). Die "Kill the Boer" slagspreuk word ook in die tyd gesing en verdedig, maar Die Kerkbode spreek hier sy verbystering daaroor uit (Die Kerkbode, no.22, jaargang 151, 25 Junie 1993, 4). Die geweld was ongekend en het die spanning na die nuwe oorgang net verder gekompliseer. Daar het groot onsekerheid geheers op baie gebiede, veral onsekerheid wat veiligheid betref.

7.11.2 Dr. Buthelezi

In 'n onderhoud met dr. Buthelezi erken hy dat hy 'n Christen is. Oor al die geweld in die land bly hy glo dat dit op 'n vreedsame manier opgelos kan word. Hy glo God is in beheer. Hy glo ook aan die onderhandelinge en hy dank pres. de Klerk wat die inisiatief geneem het daarvoor. Op 'n vraag dat die ANC beweer dat een van die struikelblokke in die pad van vreedsame onderhandelings die feit is dat die Zoeloes tradisionele wapens dra, en of dit moontlik sou wees om dit uit die weg te ruim om onderhandelings en samewerking te bevorder, antwoord dr. Buthelezi dat hy veronderstel alles wat die ANC sê deur God geregverdig word. Dr. Buthelezi noem dat iets wat vir hom onrus veroorsaak is, is die mate waarin blankes in magposisies met 'n skuldige gewete oor die apartheidsonde al meer probeer dans na die maat van die ANC. Dr. Buthelezi noem dat elkeen geweet het hoe Mandela vir De Klerk uitgetart het met die oog op die ontbinding van die ANC se militêre vleuel MK. Hy noem die feit dat die Zoeloes daaglik vermoor word deur die AK 47's van die ANC. Dr. Buthelezi lewer ook kritiek op die NG Kerk en ander kerkleiers. Hy noem dat hy nie kan verstaan waarom nie een van die kerkleiers van al die SA kerke, insluitend die NG Kerk, ooit meegevoel betoon het

met die verlies van menselewens in “ons” geledere nie. Maar as lede van die ANC SAKP alliansie sterf dan skud dit ‘n hele land en ook die wêreld. Hy sluit af dat daar ook hier in Ulundi vlugteling van geweld is. Hy neem die kerk baie kwalik dat nie een enkele kerk al ooit daaraan gedink het om hierdie slagoffers te help nie (Die Kerkbode, no.14, jaargang 150, 2 Oktober 1992, 6). Dr. Buthelezi stel weer ‘n ander kant in Suid-Afrika en die kritiek op die NG Kerk dui daarop dat die NG Kerk, sonder dat hy dit dalk so wou, nie hulle lyding raak gesien het nie.

7.12 Die referendum 17 Maart 1992

Spanning kan duidelik hier aangevoel word wanneer prof. J.A. Heyns ‘n ernstige beroep op die mense doen om nie met verskillende oortuigings mekaar te verkleineer en karaktermoord te pleeg tydens die referendum op 17 Maart nie. Die belangrikheid van die referendum word duidelik uitgespel deur prof. J.A. Heyns dat dit die grootste toets is waarvoor ons nog te staan gekom het. Hy noem dat 3 miljoen blankes hulle stemme gaan uitbring om te bepaal of die voortsetting van hervormings sou aangaan (Die Kerkbode, no.7, jaargang 149, 28 Februarie 1992, 1). Nader na die referendum noem die ASK dat dit nie op die weg van die kerk of enige vergaderings of ampsdraers is om lidmate te adviseer om ja of nee te stem nie. Die ASK het ook lidmate gevra om in hulle persoonlike hoedanigheid voorbidding te doen (Die Kerkbode, no.8, jaargang 149, 6 Maart 1992, 1; Die Kerkbode, no.9, jaargang 149, 13 Maart 1992, 4). Oor die uitslag, noem Die Kerkbode, dat daar baie daarvoor gebid word. Daar word ook gebid dat die nuwe bedeling tot geregtigheid, versoening en vrede in ons land sal lei. Die Kerkbode verseker die Staatspresident van opregte voorbidding en vra hom om deur middel van onderhandelinge tot ‘n vreedsame skikking te kom (Die Kerkbode, no.11, jaargang 149, 27 Maart 1992, 4).

Prof. J.A. Heyns skryf ‘n jaar na die referendum dat die staat die institusionele politieke gestalte van God se bewarende handeling is vir die sondige mensdom. Prof. J.A. Heyns noem ‘n paar verontrustende verskynsels, dat die standpunte wat tans gestel word deur die regering, baie verder gaan as waarvoor die owerheid gevra het in die referendum. Hy noem dat in die regering se suksesvolle referendum verlede jaar toe

hy die steun van byna 70% van die blanke bevolking ontvang het, gesê kon word dat die huidige ontwikkelinge implisiet opgesluit gelê het in die formulering van die vraag wat in die referendum gestel is. Die vraag is of die owerheid nie veel verder gaan as waarvoor hulle toestemming het nie, voeg ook daarby die argumente dat sekere sake wat vroeër deur die owerheid gestel en verdedig is, tans in die onderhandelingsproses net nie meer as voorwaardes gehoor word nie. Hy noem verder dat die indruk ontstaan dat die owerheid besig is om toe te gee aan eise wat aan hom gestel word en dit roep op sy beurt die vraag op: “Staan die owerheid sterk genoeg in die onderhandelingsproses?”. Prof. J.A. Heyns is van die eerste persone wat begin wys op korrupsie en oneerlikheid. Hy sluit af: “Wie kan sy belasting betaal as hy weet dat daar onverantwoordelik omgegaan word met die geld” (Die Kerkbode, no.10, jaargang 151, 19 Maart 1993, 4).

7.13 Die opening van die parlement 1993

Die opening van die parlement het volgens alle aanduidings die einde van ‘n era ingelui. Die land gaan weldra baie anders lyk. Hier vra die NG Kerk dat ‘n politieke bestel gevind moet word wat vir almal vryheid, geregtigheid en ‘n menswaardige bestaan sal verseker soos dit ook in die NG Kerk se getuienis KS-1990 gevind word. Die Kerkbode noem dat vir sy vryheid het die Afrikaners baie opgeoffer en dit kan nie van hom af weg geneem word nie, maar die ander mense in SA het ook die reg op vryheid, alle mense moet in ons land vry wees. Geregtigheid het in die jare wat verby was ongelukkig meermale in die slag gebly en dit mag nie weer gebeur nie (Die Kerkbode, no.4, jaargang 151, 5 Februarie 1993, 4). Daar word ook geskryf dat die parlamentslede op 23 Maart in die Groote Kerk in Kaapstad byeenkom om saam te bid ter voorbereiding vir die Dag van Verootmoediging wat deur baie kerke waargeneem sal word (Die Kerkbode, no.10, jaargang 151, 19 Maart 1993, 1).

7.14 Dr. A.P. Treurnicht

Daar is ook 'n gesprek gevoer met dr. A.P. Treurnicht, leier van die opposisie. Daar is gepraat oor die eskalاسie in geweld in die land en daar is 'n beroep op hom gedoen om alles in sy vermoë te doen om goeie gesindhede vir vrede te bevorder (NG Kerk AS Hand 1990:468, 554). 'n Ope brief word gerig aan dr. A.P.Treurnicht oor sy toespraak waarin hy Die Kerkbode aanval. Dit gaan daaroor dat Die Kerkbode in 'n artikel genoem het dat apartheid ongekwalfiseerd sonde is. Hier gooi Die Kerkbode wal oor apartheid en verduidelik wat hulle bedoel het deur te noem dat: “die apartheid wat afgewys is, is gekwalfiseer as dit sou verdrukking impliseer, die goeie reg en liefde vir die eie volk en die eie kultuur is beklemtoon dat alle mense vryheid gegun moet word” (Die Kerkbode, no.23, jaargang 146, 7 Desember 1990, 4). Die twee standpunte op daardie stadium word verdedig deur Die Kerkbode, dalk om verdere polarisasie te voorkom.

Dr. A.P. Treurnicht se uitsprake by die Paardekraal Monument dat hy nie anders kan as om vir sy vryheid oorlog te maak nie, het wye reaksie op daardie stadium ontlok. Ds. Strumpffer, moderator van die Noord Transvaalse Sinode, antwoord in Die Kerkbode dat dit beslis nie nou die tyd is dat die Afrikanervolk kan praat van oorlog nie. Daar is baie maatreëls wat getref kan word en hy reken ons is nog baie ver van oorlog af, skryf ds. Strumpffer. Op 'n vraag aan prof. P.C. Potgieter of 'n volk oorlog mag maak vir sy vryheid, het hy geantwoord: “Die kerk se uitgangspunt is dat die owerheid 'n instelling van God is en dat dit nie geoorloof is om in opstand daarteen te kom nie, wanneer omstandighede van so 'n aard is dat daar nie meer 'n effektiewe regering in ons land bestaan nie en daar kom anargie, kan daar natuurlik 'n situasie ontstaan dat mense hulle self binne groepsverband moet verdedig, maar teen 'n bestaande owerheid is dit rewolusie en nie eties toelaatbaar nie” (Die Kerkbode, no.16, jaargang 150, 16 Oktober 1992, 1). Dr. A.P. Treurnicht verdedig sy standpunt en noem “ons belewe 'n onverklaarde oorlog in 'n gevorderde stadium van die ANC-SAKP rewolusie, midde-in die onderhandelingsproses en ten spyte van die Vredestraktaat, dit lyk egter of sommige kerklui ons wil kondisioneer om 'n ANC regering te aanvaar ter wille van gehoorsaamheid aan die owerheid”. As leier van die opposisie het dr. A.P. Treurnicht

die eenkant verteenwoordig van die Afrikaner wat die beleid van veranderinge teengestaan het. Op daardie stadium was die politieke veld verdeel asook 'n gedeelte van die NG Kerk. Dr. A.P. Treurnicht noem dat oorlog 'n "gewetensaak voor God" word om te veg vir vryheid. Hy verwys na dreigemente om Ulundi, Mmabatho en blanke dorpe aan te val. Hy verwys ook na dr. Buthelezi wat na oorlog verwys het toe hy die ANC gewaarsku het dat daar nie een lewendig sou ontkom in KwaZulu nie. Die verskille was diep en die emosies was hoog. Dr. A.P. Treurnicht sluit af deur te noem dat "die broers het seker tog stellig 'n idee van wat met ons volk onder 'n ANC regering gaan gebeur" (Die Kerkbode, no.19, jaargang 150, 6 November 1992, 1).

Die Kerkbode pleit vir vrede, versoening en onderhandelinge en om langs dié weg ook te werk vir die behoud van die Afrikanervolk. Die deure staan oop vir die Afrikaner om langs die weg van onderhandelinge die moontlikheid rondom 'n eie volkstaat, as dit die rigting is waarin beweeg wil word, te werk. Die Kerkbode erken die vlag van geweld en noem dat as dit uiteindelik uitloop op 'n kop-aan-kop-botsing in ons land moet dit ons lot wees en nie ons skuld nie. Die Kerkbode noem dat die stryd tussen 1880 en 1899 en 1992 verskillend is, toe was dit 'n buitelandse moondheid wat ons land wou vat, nou is dit met mede-inwoners met wie daar 'n vreedsame oplossing gesoek moet word; dit sal wel 'n gewetensaak wees as ons eers die wapens opneem en nie onderhandel nie (Die Kerkbode, no.19, jaargang 150, 6 November 1992, 4).

Dr. A.P. Treurnicht sterf op 22 April 1993. Dit sou opsigself die einde van 'n era verteenwoordig asook die begin van die einde van die Konserwatiewe Party wees. Die Kerkbode beskryf hom as van die invloedrykste manne in die NG Kerk. Ook as politikus was hy een van die invloedrykste manne in die land. As oud redakteur het hy homself voortreflik verwoord, verdedig en verduidelik. "Die opskrif van sy eerste hoofartikel as redakteur van Die Kerkbode was "Ons groet in krisis" so "groet ons ook dr. A.P. Treurnicht in krisis" (Die Kerkbode, no.15, jaargang 151, 30 April 1993, 4). Enkele dae na die landsweye Dag van Vrede wat deur miljoene landswyd gesteun is het die nuwe leier van die Konserwatiewe Party (hierna KP), dr. Hartzenberg, by die KP se kongres hom tot die Staatspresident gewend. Dr. Hartzenberg rig 'n dreigement aan die

Staatspresident, dat as 'n uitvoerende oorgangsraad in SA ingestel gaan word, 'n burgeroorlog voorlê. Die NG Kerk sluit hier aan en noem dat hy ook baie ernstige probleme sal hê met 'n kommunistiese beheerde regering in SA. Mag God ons daarvan behoed. Daar word genoem dat dr. Hartzenberg se bekommernisse gedeel word deur alle rasse. Die Kerkbode pleit by dr. Hartzenberg dat 'n burgeroorlog nie die uitweg is nie. Hier word genoem dat daar eers onderhandel moet word. Die hele gedagte word hier vanuit 'n Christelike etiese perspektief beredeneer, dat daar nie fout gevind kan word met baie Afrikaners en ander bevolkingsgroepe se strewe na wat genoem word selfbeskikking sonder diskriminasie nie. Die Kerkbode noem dat daar dringend en baie dringend gekyk moet word na wat in die verband haalbaar is (Die Kerkbode, no.10, jaargang 152, 10 September 1993, 4). Absolute hoogspanning is hoe mens hierdie tydperk kan beskryf. Die NG Kerk probeer om al die kante te hoor en poog om versoening bo geweld te bepleit. Uiteindelik het die NG Kerk ook hier sy profetiese stem laat hoor. Dit het soms baie goeie balansering gevra.

7.15 Die Volksfront

In hierdie tyd word die Volksfront ook gestig. Genl. Viljoen was hier aan die stuur. In 'n gesprek met die ASK waarsku hy en noem dat hy oorlog ken en hom nie tot geweld wil wend as manier om die Afrikaner se selfbeskikkingsreg te probeer afdwing nie. Hy waarsku egter dat as die reg nie erken word nie sal 'n haglike situasie in Suid-Afrika ontwikkel. Genl. Viljoen erken ook dat daar 'n opwelling van Afrikaner nasionalisme in hierdie tyd bestaan. As daar nie sigbare akkommodasie van die Afrikaner se strewes kom nie sal dit sake net bemoeilik, stel genl. Viljoen dit. Hy vra ook die ASK dat die kerk behoort te help om die regering te laat verstaan dat die saak van die Afrikaner nie 'n onregverdige saak is nie (Die Kerkbode, no.23, jaargang 151, 25 Junie 1993, 1). Op 'n vraag aan genl. Viljoen van Die Kerkbode se kant af en die feit dat hy 'n afgevaardigde ouderling na die vorige Algemene Sinode van die NG Kerk was, wat is sy mening oor die rol van die kerk in die land antwoord hy dat "die kerk in ons land moet hom by sy hoofsaak bepaal naamlik die siele van sy lidmate, die kerk moet liefsvol soos wat in die weermag die geval is a-polities bly" (Die Kerkbode, no.20, jaargang 151, 4 Junie 1993, 6; Die Kerkbode, no.22, jaargang 151, 25 Junie 1993, 4).

'n Gevoel van magteloosheid oor al die geweld en geweldpraatjies word beleef in Die Kerkbode. Hier word gevra of die gesprekke wat die ASK met genl. Viljoen, mnr. de Klerk en mnr. Mandela gevoer het enige verskil gemaak het. Kritieke dae is aan die orde en die politieke besluite wat nou geneem word gaan verreikende gevolge vir almal hê, skryf Die Kerkbode. Soms kan die kerk magteloos voel oor die situasie, maar die kerk moet net aanhou praat en vertrou op die Here (Die Kerkbode, no.20, jaargang 152, 19 November 1993, 4; Die Kerkbode, no.12, jaargang 149, 3 April 1992, 1).

7.16 Korrupsie

Die Kerkbode noem dat die gevalle van korrupsie die afgelope tien jaar in die openbare sektor dalk net die punt van die ysberg kan wees. Hier word daar ook van die eerste geluide gehoor van die NG Kerk se kant rondom korrupsie. Die NG Kerk dring ook ernstig by die owerheid aan om dit 'n saak van hoë voorkeur te maak en om korrupsie en wanadministrasie kort te vat waar dit ook al voorkom; die kerk laat dus sy stem hoor oor die sonde (Die Kerkbode, no.12, jaargang 144, 6 Oktober 1989, 6). Prof. J.A. Heyns sluit hierby aan en verwys na die vlag van korrupsie in die verskillende staatsdepartemente, hy noem dat dit die vertroue van die mense van Suid-Afrika ernstig knou (Die Kerkbode, no.21, jaargang 150, 20 November 1992, 1). Nog 'n opskrif van Die Kerkbode: "Suid-Afrika bankrot gesteel" verwys na vergrype. "So iets het ons land nog nie beleef nie" skryf Die Kerkbode. Hier word ook gewaarsku dat dit 'n uitkringende effek het. Miljoene word verduister as gevolg van witboordjie misdaad. "Godsverduistering is aan die orde van die dag", die NG Kerk sien dit vroeg raak en waarsku daarvoor. Of die NG Kerk genoeg gedoen het op hierdie vroeë stadium, is 'n vraag. Hier begin die NG Kerk se verhouding met die regering stadig taan in die oorgang en word daar nie meer van sy stem so baie gemaak nie (Die Kerkbode, no.6, jaargang 151, 19 Februarie 1993, 4).

7.17 Mnr. F.W. de Klerk en die nuwe grondwet

Al die veranderinge in die land en die samelewing het nie by die kerk verby gegaan nie. Die hele aanloop tot die gebeure op 2 Februarie 1990 is duidelik aangevoel deur die land. Ook hier voorspel Die Kerkbode dat daar ingrypende aankondiginge gedoen gaan

word deur mnr. F.W. de Klerk (De Klerk 1991:107). Aartsbiskop Desmond Tutu skryf dat hulle die dag toe mnr. de Klerk die ingrypende veranderinge aankondig het, dit net nie kon glo nie (Chikane 1991:20). Dit was 'n wending in die geskiedenis. Die artikel wil nie voorskryf nie, maar noem dat wie op God vertrou en leiding by Hom soek, nie bedroë daarvan sal afkom nie. Die Kerkbode skryf dat dr. Bingle getuig dat pres. F.W. de Klerk die raadskamer van God ken. Die bede van Die Kerkbode is dat die pres. en die parlement die raadskamer sal opsoek en die lig daar sal ontvang (Die Kerkbode, no.4, jaargang 145, 2 Februarie 1990, 6). Gedurende die tyd is die NG Kerk ook beskuldig van "politieke ontvlugting" omdat hulle 'n neutrale posisie ingeneem het in die tyd. Die Kerkbode verwerp dit. In 'n verdere opmerking noem Die Kerkbode dat die kerk nie mag voorskryf oor 'n bepaalde politieke model nie. Die NG Kerk was baie sensitief om nie weer beskuldig te word dat hulle 'n spesifieke model voorhou nie (Die Kerkbode, no.13, jaargang 145, 6 April 1990, 1).

Oor die nuwe grondwet het mnr. Barend du Plessis die versekering gegee dat die Nasionale Party net sal instem tot 'n nuwe grondwet as dit volledig erkenning gee aan God die Almagtige, as Beskikker oor die lewe van mense en nasies. Daarmee saam noem hy ook dat die behoud van Christelike waardes van groot belang is in die debat oor die toekomstige bedeling. Mnr. du Plessis het dit namens die regerende party gedoen. Op daardie stadium was die voornemens opreg en het die NG Kerk ook geglo en gehoop daarvoor (Die Kerkbode, no.23, jaargang 144, 22 Junie 1990, 4).

Die Kerkbode het ook 'n onderhoud met die Staatspresident gehad. Mnr. de Klerk het hierin genoem dat hy nie meen die Afrikaanse kerke het hulle profetiese taak jeens die owerheid verwaarloos nie. Hy noem wel dat die kerk tog geneig is om heel dikwels terug te deins van die omstrede dinge waaroor die lidmate van die kerk ook innerlik verdeeld is. Hy verwys na KS en noem dat dit 'n goeie voorbeeld is van hoe die kerk sy profetiese taak kan en moet aanspreek. Hy sien die profetiese taak van die kerk daarin as juis wanneer die kerk die Woord van God verkondig en noem "So spreek die Here". Die kerk moet net waak om nie 'n valse profeet te wees nie. Die kerk moet in die geloof voortgaan. Hy noem ook dat die kerk nie oor elke saak uitspraak kan gee nie, juis

omdat Die Bybel nie 'n handboek vir alles en nog wat is nie. Oor bepaalde uitsprake sal daar altyd meningverskil wees tussen kerke met dieselfde belydenis grondslag. Dit mag egter nie gebeur dat die kerk ter wille van die vrede maar die swye moet bewaar nie. Die kerk moet altyd na ernstige Skrifondersoek, gebed, besinning, en versigtige formulering sy stem laat hoor (Die Kerkbode, no.8, jaargang 145, 2 Maart 1990, 8). Tydens die sinodesitting van 1990 is daar kennis geneem van die Staatspresident se kinderlike geloof in Jesus Christus. Die sinode verseker hom van voorbidding (Die Kerkbode, no.15, jaargang 146, 26 Oktober 1990, 2).

7.18 Sanksies

Die Europese Unie het die stemme gehoor wat pleit vir afskaffing van sanksies deur aan te kondig dat dit gestaak gaan word. Die Kerkbode noem dat dit net verdere lyding veroorsaak (Die Kerkbode, no.14, jaargang 147, 19 April 1991, 4). Aan die ander kant van die spektrum het dr. F. Chikane weer gepleit dat sanksies moet volhou. Die NG Kerk sinode het hom baie sterk uitgespreek teen sanksies (Die Kerkbode, no.6, jaargang 149, 21 Februarie 1992, 4). Dr. F. Chikane het ook vir pres. Clinton gevra om eerder verskerpte sanksies daar te stel. Prof. P.C. Potgieter het hierop genoem dat dit net armoede en hongersnood verder vererger (Die Kerkbode, no.3, jaargang 151, 29 Januarie 1993, 1). Die Kerkbode braak gal teenoor dr. F. Chikane, as iemand wat 'n voorbeeld is van 'n kerkman wat sy eie partypolitieke voorkeure al 'n paar keer met sy kerkwerk deurmekaar laat raak het. Sedert hy hoofamptenaar geword het van die SARK het hy uitsprake gemaak wat min twyfel laat oor die SARK se partypolitieke simpatie. Dr. Khoza Mgojo, president van die SARK, maak 'n baie belangrike opmerking deur te noem dat "die SARK aandag sal moet gee aan die indruk wat by baie mense bestaan dat die SARK niks anders is as die ANC in gebed nie" (Die Kerkbode, no.3, jaargang 151, 29 Januarie 1993, 4).

7.19 Kodesa (Konferensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika)

Die Konferensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika was van die grootste belang vir Suid-Afrika se toekoms. Daar word ook genoem dat daar erkenning gegee moet word aan alle burgers se menswaardigheid en dit ook respek moet hê vir volksverband,

kultuurgoedere en Christelike onderwys. Die kerk wou nie amptelik deelneem aan Kodesa nie en juis omdat daar politieke meningsverskille daarvoor bestaan, was dit beter dat die kerke nie as voorsitters daarvan opgetree het nie (Die Kerkbode, no.23, jaargang 148, 6 Desember 1991, 4). Die Kerkbode noem dat Engels die voertaal by Kodesa is en dat dit net te maklik aangeneem word, noem Die Kerkbode. Hier word ook nog vasgehou aan iets van die verlede (Die Kerkbode, no.4, jaargang 149, 7 Februarie 1992, 4). Op 'n stadium het Kodesa II ineengestort en was die onderhandelinge maar aan 'n dun draadjie (Van Zyl Slabbert 2005:49).

7.20 Die beskermingsdienste

In die verslag van die Kapelaan-Generaal van die SAW word waardering betuig vir die feit dat die bediening van die Woord van God aan lede van die SAW kan geskied. Die primêre taak van die kapelaansdiens is om die Woord van God aan alle lidmate in die SAW te bedien en hulle pastoraal te versorg. Hier moet die Breë Moderatuur bedank word vir hulle aandag en hantering van probleme wat ontstaan het. Op hierdie stadium het die NG Kerk ongeveer 700 kapelane in die SAW gehad wat diens gedoen het (NG Kerk AS Hand 1986:66,67). In die verslag wat die kapelaan van die SAP aan die Breë Moderatuur vir voorlegging aan die sinode voorgelê het word daar gewys dat ongeveer 64% van alle blanke lede lidmate van die NG Kerk is. Die NG Kerk het hier nog 'n aansienlike getal lidmate in die SAP. Die kapelaansbediening by polisiestases was steeds een van die vrugbaarste wyses van geestelike bearbeiding van die lede en grensbesoeke word ook op hierdie stadium uitgevoer. Die geweld en onluste in die land het dit genoodsaak dat honderde lede van die mag vir lang tydperke saamgetrek was op verskeie plekke, saam met plaaslike leraars. Die geestelike versorging van genoemde lede was onder baie moeilike omstandighede. Duisende rande is ook bestee aan die verspreiding van Bybels en Skrifgedeeltes, asook ander geestelike lektuur. Hier word genoem dat daar veral onder swart lede van die mag baie Bybels in die verskillende swart tale versprei is (NG Kerk AS Hand 1986:67). Die NG Kerk poog om in hierdie baie moeilike tye en onlus geteisterde Suid-Afrika sy stem te laat hoor deur die Woord aan die beskermingsdienste te bedien. 'n Beroep word ook op alle gemeentes gedoen om die tweede Sondag in Maart vir die beskermingdienste

voorbidding te doen en so ook vir die landsowerheid (NG Kerk AS Hand 1986:67). Die Kerkbode (no.15, jaargang 139, 22 April 1987, 4) skryf ook oor die noodtoestand en dat dit baie druk asook 'n groot verantwoordelikheid op die owerheid plaas. Die Kerkbode noem dat die goeie redes vir die noodtoestand gehoor word. Kommunistiese magte probeer met mening die staat omverwerp, in sulke omstandighede het die regering die reg tot sulke stappe wat aanhouding betref sonder verhoor, skryf Die Kerkbode. Daar moet ook na hierdie persone se godsdienstige behoeftes omgesien word.

In 1988 was die SAW ook nog betrokke in SWA. Hier word geskryf dat die kerk meegevoel betuig oor die dood van twaalf SA soldate wat in die suide van Angola gesneuwel het. Die vraag word ook hier vir die eerste maal gevra of dit reg is dat die troepe in Angola teenwoordig is (Die Kerkbode, no.1, jaargang 142, 8 Julie 1988, 4). Die ASK het ook 'n verklaring uitgereik na 'n aanval van die Kubane in Angola op die Suid-Afrikaanse Magte. Dit het geskied terwyl vredesonderhandelings al aan die gang was. Die ASK het met groot kommer kennis geneem van die aanval in Suid-Angola met lewensverlies aan albei kante. Die ASK beklemtoon dat daar net een aangewese Christelike weg is en dit is vredesamesprekings. Diepe meegevoel word ook uitgespreek teenoor naasbestaendes van jongmanne wat met hulle lewens geboet het. Die kerk roep sy lidmate op tot gebed en verootmoediging voor God, tot kalmte, selfbeheersing en vertroue "laat ons nie nalaat om al die in gevegsituasies aan Hom op te dra nie" (NG Kerk AS Hand 1990:57,545). Die AJK noem in sy verslag oor die Nederduitse Gereformeerde kapelane in die SAW en SAP, dat daar goeie vordering gemaak is met die toerusting van junior leiers met die oog daarop om so op te tree as geestelike leiers in baie moeilike omstandighede. Hier word genoem dat met die laaste operasies in Angola, daar baie eise aan die kapelane gestel is wat ook saam met die troepe ontplooi was. Hier is baie vrugbare werk gedoen onder baie moeilike omstandighede. Een en negentig persent van die soldate het getuig dat hulle geestelik gegroei het en 92% het gevoel dat die kapelane onontbeerlik was. Die sinode neem met dank kennis van die groot werk wat gedoen word. Die sinode verseker ook al die jong lidmate in die SAP van gereelde voorbidding (NG Kerk AS Hand 1990:180,181,611). Daar word ook gebid vir vrede in SWA en daar word genoem dat

resolusie 435 byna in die wiele gery is deur die oorlog (Die Kerkbode, no.14, jaargang 143, 14 April 1989, 1). Veranderinge was nie net beperk tot Suid-Afrika nie, maar ook in SWA. Die Kerkbode (no.10, jaargang 142, 9 September 1988, 8) berig dat die SAW hulle troepe uit Angola onttrek het. Daarby het die regering die daad by die woord gevoeg en bewys dat hy nie die vreemde grond wil beset nie. Hierdie optrede was reg en daar moet gebid word vir die regering. Hierdie was 'n baie groot stap en baie veranderinge sou volg in Suid-Afrika.

In die departementele samewerkingsverslag word die hartlike samewerking tussen die Minister van Wet en Orde, die Kommissaris van die SAP en die kapelaankorps van die SAP met groot dankbaarheid vermeld. Ook hier was die verhouding tussen die regering en die NG Kerk baie goed. Die geestelike bearbeiding en maatskaplike dienste van die NG Kerk neem so 'n plek in die Mag in dat die Minister van Wet en Orde gedurende die behandeling van sy begrotingspos hierdie dienste vermeld het, en die kerk bedank het vir die groot werk wat verrig word. Die sinode verseker die SAP, die Minister van Wet en Orde asook die Adjunkminister van Wet en Orde van volhardende voorbidding in die geweldige taak wat op hulle skouers rus (NG Kerk AS Hand 1986:69). In 1982 het die Breë Moderatuur gelet op 'n verslag van AKLAS oor Godsdienstige besware teen diensplig; intussen het die regering ook 'n kommissie aangewys om besware van dienspligtiges te ondersoek onder voorsitterskap van regter M.T. Steyn. Prof. J.A. Heyns was ook lid van die kommissie (NG Kerk AS Hand 1986:41).

Die sinode het besluit dat die kapelaansdiens van die SAW in die persoon van die Kapelaan-Generaal op AKAE verteenwoordig sal wees. Hierdeur kon die kommissie op hoogte wees van beleidsbesinning en advies aan die sinode. Op daardie stadium was daar 'n totaal van 248 kapelane van die NG Kerk in die SAW se diens. (NG Kerk AS Hand 1986:396). Die sinode doen 'n beroep op die lidmate van die kerk om gereeld voorbidding te doen vir elke lid van die beskermingsdienste en om te help bou aan 'n positiewe gesindheid teenoor hulle. Die sinode doen ook 'n beroep op die beskermingsdienste om so op te tree selfs onder moeilike omstandighede dat hulle positiewe beeld nie skade lei nie (NG Kerk AS Hand 1990:69,542,552). Die kapelaan-

generaal meld in sy verslag dat die verkorte dienspligtydperk tot gevolg het dat die NG Kerk ongeveer 35% minder werkkragte in die SAW gaan hê. Hier sien die kapelaan-generaal dat die veranderde landsomstandighede ook 'n direkte invloed het op die NG Kerk se werk in die SAW (NG Kerk AS Hand 1990:69,542,543).

7.21 Die NG Kerk oor versoening en eenheidstrewa 1993

Oor die jaar 1993 noem prof. P.C. Potgieter dat dit vir die kerk 'n moeilike jaar gaan wees. Die NG Kerk het hom hier in die midde van 'n politieke oorgang en twistende standpuntverskille bevind. Op die vraag aan prof. P.C. Potgieter oor wat die rol van die kerk op die politieke gebied moet wees, antwoord prof. P.C. Potgieter dat die kerk altyd sy profetiese rol onbevange moet uitleef, maar hy voeg dadelik by dat die kerk net nie betrokke moet raak by die partypolitiek nie. Die kerk mag hom nog minder verbind aan 'n party. Ons vind die siening nou deurlopend by die kerk: die kerk het geleer uit die verlede om nie hom te verbind aan 'n party nie. Oor die kerk se versoeningsrol noem hy dat dit die kerk se eerste taak is om versoening met sondaars en die Here Jesus Christus te bewerkstellig. Verder moet die kerk verkondig dat die Bybelse vereiste van versoening tussen mense duidelik uit die Skrif kom. Rondom die vraag of die kerk aan die verwagtinge voldoen wat aan hom gestel is, antwoord prof. P.C. Potgieter dat "ons maar net ten dele antwoord omdat ons deel is van 'n gebroke wêreld, tog het die kerk eerlik en na die beste van sy vermoë probeer om dit na te kom, hy het sy gewete probeer nakom" (Die Kerkbode, no.1, jaargang 151, 15 Januarie 1993, 7). Die NG Kerk is saam met die land oppad na 'n nuwe bedeling en poog om versoenend op te tree. Die moord op mnr. Hanu onderstreep die versoenende boodskap in die verklaring wat die NG Kerk uitreik en 'n dringende versoek rig aan die land om te bid vir vrede en selfbeheersing deur politieke leiers (Die Kerkbode, no.14, jaargang 151, 23 April 1993, 1). 'n Paar dae na die verklaring deur die NG Kerk vir vrede, ontmoet hulle ook mnr. Mandela wat noem dat hy die NG Kerk as baie invloedryk beskou. Die NG Kerk moet 'n katalisator vir vrede wees in Suid-Afrika. Hy noem dat die oproepe deur die NG Kerk tot vrede nie meer geignoreer kan word nie. "Wees asseblief 'n vredemaker" so het mnr. Mandela gesê aan 'n afvaardiging van die NG Kerk se dagbestuur. Mnr. Mandela het twee ure lank aan hulle afgestaan en die gesprekke is gekenmerk deur openhartigheid.

Mnr. Mandela het hom ook ondubbelsinnig uitgespreek teen die uitsprake van mnr. Mokaba “Kill a boer, kill a farmer” en genoem dat daar teen die jeugleier opgetree sal word (Die Kerkbode, no.15, jaargang 151, 30 April 1993, 1). Die NG Kerk het ook sy steun gegee aan die vredesmaand in die land. Op daardie stadium was Suid-Afrika die gewelddadigste land in die wêreld gewees (Die Kerkbode, no.9, jaargang 152, 3 September 1993, 4). Hierdie gesprek met mnr. Mandela is baie interessant en belangrik gegewe sy opmerkings oor die NG Kerk op daardie stadium. Dit blyk tog dat die nuwe regering se deur oopgestaan het vir die NG Kerk en dat daar ook met aandag geluister is.

7.22 Die Drie-enige God in die grondwet 1993?

Dit blyk dat daar meningsverskille binne die NG Kerk was oor die saak of die Drie-Enige God in die grondwet moet wees en erken moet word in die staatsbestel. Die Algemene Sinode het in 1990 gesê die kerk kan nie anders as om daarop aan te dring dat God Drie-Enig ook op die terrein van die staat erken word nie en dit is nog steeds die NG Kerk se standpunt sê prof. Potgieter. Dit is in reaksie op prof. W. Jonker dat die kerke nie daarop moet aandrang nie. Prof. P.C. Potgieter sê dat die Christen ‘n bepaalde belydenis het en daardie belydenis geld vir elke terrein van die lewe: daarom kan ons van ons kant gesien nie anders as om te sê ons verwag dat die Drie-Enige God ook in die staatsbestel erken word nie (Die Kerkbode, no.1, jaargang 152, 2 Julie 1993, 1).

7.23 “So glo ons”, ‘n eietydse geloofsverantwoording

Prof. R.M. Britz skryf dat “So glo ons” die belangrikste dokument is wat in die jongste tyd uit die geledere van die NG Kerk die lig gesien het. Prof. R.M. Britz noem dat dit die lidmate bedien met van die Bybelse riglyne vir hulle geloof en lewe. “So glo ons” is in ses afdelings verdeel. Met hierdie stuk wou die NG Kerk die skriftuurlike Belydenis van die kerk op ‘n verstaanbare wyse vir die lidmaat saamvat, skryf hy. “So glo ons” wou ook verder riglyne bied aan lidmate om op grond van die Bybel standpunte te kan inneem oor vraagstukke van die dag. Dit handel onder andere oor gesagstrukture wat God ingestel het en ‘n ordelike samelewing. “So glo ons” noem ook dat in God se oë die misbruik van mag ‘n gruwelike sonde is waarteen die kerk en die gelowiges soos

profete van God moet getuig. Aan die stelling moet die NG Kerk homself ook meet of hy juis daaraan getrou was en is. Verder rus daar ook 'n verantwoordelikheid op die skouers van elke gelowige om vir die owerheid en ook vir almal wat oor hulle gestel is te bid volgens "So glo ons". 'n Stelsel van opvoeding en onderwys is vir 'n goeie en ordelike samelewing, waardeur kinders en jongmense voorberei word vir die verantwoordelikhede van die volwasse lewe, van groot belang. Prof. R.M. Britz noem ook dat die verbondsouer 'n plig het om toe te sien dat hierdie opvoeding so geskied dat die doopgelofte nie daardeur in gedrang kom nie. Op die staat rus daar ook groot verantwoordelikhede om na te kom wat na die eise van regverdigheid en liefde gebruik moet word. "So glo ons" beklemtoon die algemene begrippe wat vir die NG Kerk belangrik was vir die toekoms (Die Kerkbode, no.17, jaargang 151, 14 Mei 1993, 4).

7.24 Prof. E.P. Groenewald en die worsteling met eksegetiese rondom apartheid

In 'n onderhoud met prof. E.P. Groenewald word daar vir hom onder andere gevra of hy wat in 1948 'n verslag aan die Transvaalse Sinode voorgelê het waarin hy die grondbeginsels vir apartheid uit die Skrif gestel en beklemtoon het, of hy dieselfde vandag nog sou doen? Prof. E.P. Groenewald noem dat daardie uitsprake gesien moet word in die lig van die situasie destyds. Hy noem ook iets belangrik rondom 'n mens se belewenis, dit speel altyd 'n baie belangrike rol in jou Skrifverklaring. Hy noem dat objektiewe Skrifverklaring nie bestaan nie. Hy sê dat 'n mens altyd beïnvloed word deur sekere faktore. Prof. K. Barth, die groot Switserse teoloog, het self gesê: "Jou teologie en jou eksegetiese is 'n kerklike aangeleentheid, jou kerk bepaal jou sienswyse, en dit word dan kerklike dogmatiek". Prof. E.P. Groenewald noem: "Ons (het) in daardie situasie in alle eerlikheid en opregtheid met die Skrif geworstel. Ek het probeer leiding gee, maar ek moet vandag erken dat ek in sekere opsigte mistastings gemaak het. Ek het dit wel later op een of ander wyse probeer regstel. Ek kan nie geheel verwerp wat ek gesê het nie, maar die uitgangspunt was destyds verkeerd in die sin dat daar nie genoeg onderskei is tussen staat en kerk nie". Hy noem dat daar in die Ou Testament onderskeidings is en daarmee is daar destyds nie genoeg rekening gehou nie. Hy noem dat iets daarvan reggestel is in die sinode van 1950. "My leermeester, prof.

Grossheide, het gesê dat ‘n mens elke vyf jaar jou eksegeese moet hersien” (Die Kerkbode, no.17, jaargang 149, 15 Mei 1992, 8-9).

7.25 Samevatting

Die sprong vanaf die vorige sinode van 1982 op pad na die sinode van 1986 was baie groot. Die feit dat prof. J.A. Heyns nie verkies is by die vorige sinode nie en dat hy telkens daar uitgestem is en eers by die 1986 sinode verkies is tot moderator, spreek klaar boekdele.

Dit lei ook ‘n nuwe denkrigting in soos hyself na daardie tyd verwys. Die rigting vanaf 1986 het inderdaad drasties verander. Op politieke en kerklike gebied het dinge vinnig verander en sou die golf van veranderinge net groter, asook meer onkeerbaar word.

By die sinodes van 1986 en 1990 sou die NG Kerk ook finaal van apartheid afstand doen: in 1986 het die kerk verklaar dat dit oop is vir alle rasse, wat opsigself baie beroeringe veroorsaak het. Dit saam met KS het dan ook gelei tot die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk. In hierdie tye het die NG Kerk ook besluit dat hy hom nie meer so blootstel om ‘n beleid te ondersteun en dit te regverdig uit die Skrif nie. Daar word vinnig opgetel dat die NG Kerk van hier af uiters versigtig geword het om na enige kant toe vir enige politieke model te kies. Die NG Kerk word selfs hieroor verwyt en beskuldig dat hy nou weer te neutraal geword het.

Die KSO is ook binne die tydperk baie bedrywig en spreek die regering aan oor talle kwessies. Die regering se deur staan nog oop vir die kerk, maar die verhouding taan en die regering luister minder aandagtig oor wat die kerk te sê het.

Die vrylating van mnr. N. Mandela en nog ander ingrypende besluite in die tyd het ook maar sy merk gelaat op die NG Kerk, veral moontlik ook die sinode van 1990. In ‘n mate is dit opmerklik dat die NG Kerk ook minder gepraat het oor openbare onsedelikheid. Die veranderinge kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die NG Kerk minder vas en seker was oor standpunte soos in die verlede. Oor die onderwys

wat aan die verander was kom 'n mens ook agter dat die NG Kerk bekommerd was oor wat voorlê en so 'n laaste maal sy stem laat hoor oor Christelike onderwys asook blanke onderwys.

'n Groot moment in die NG Kerk was die Rustenburg-beraad wat die skuldbelydenis ingesluit het. Dit het ook die spanning verder verhoog binne die kerk, maar ook in 'n sekere sin 'n era afgesluit van apartheid en die verlede. In die tydperk bevind die NG Kerk hom ook midde in 'n uiters gewelddadige oorgangstydperk met selfs sprake van 'n burgeroorlog wat nie ver van 'n werklikheid was nie. In hierdie tyd eskaleer korrupsie baie vinnig en spreek die NG Kerk sy stem ook in die verband uit.

Binne alles poog die NG Kerk om getrou te wees aan sy roeping deur te fokus op vrede en versoening oppad na 'n nuwe bedeling. Dit was 'n totaal nuwe situasie en die kerk gaan die volgende era binne met "So glo ons" waar die lidmate bedien word met van die Bybelse riglyne vir hulle geloof en lewe vir die tyd wat voorlê. Met hierdie stuk het die NG Kerk die skriftuurlike belydenis van die kerk op 'n verstaanbare wyse vir die lidmaat saamgevat en iets in die hand gegee om ook aan vas te hou.

HOOFSTUK 8: 1994-2002 IN DIE NUWE BEDELING?

8.1 Vooroorde en herderlike briewe van 1994-2002

In die voorwoord van die agenda van die Algemene Sinode van 1994 word daar onder andere na die broederlike onderhoud se tema “Uitdagings van die Nuwe Suid-Afrika vir die NG Kerk” verwys. Daar word genoem dat die tema die toon sal wees vir besluite en besprekings vir die komende vergadering (NG Kerk AS 1994:Voorwoord). In die broederlike onderhoud deur prof. J.A. Heyns noem hy dat 1994 seker die mees ingrypende jaar rondom veranderinge in die geskiedenis van Suid-Afrika is. Hierdie veranderinge kon ook nie by die kerk verbygaan nie (NG Kerk AS 1994:530). Die vraag wat hier gevra kan word is hoe die NG Kerk op dit sou reageer? Wat sou die kerk as sy taak sien in die tydperk van ingrypende veranderinge? Prof. J.A. Heyns noem dat dit deur al die eeue die kerk se grootste uitdaging is om aan die Woord getrou te bly. Ook wys hy sekere aspekte van die nuwe Suid-Afrika wat vir die kerk belangrik is uit. Hier word weer genoem dat apartheid verby is en dat dit ondoeltreffend geblyk te gewees het. Die veranderinge het onder andere meegebring dat daar ‘n herrangskikking van die bevolkingsgroepe in die land was en dat die waardesisteme verander het. In hierdie tyd was geweld aan die orde van die dag en armoede het ‘n toenemende probleem geword. Binne dit alles is die uitdaging volgens prof. J.A. Heyns dat die kerk steeds getrou moet wees aan die Woord, versoening¹¹⁵, diens en sy getuienis (NG Kerk AS 1994:534-535). Die NG Kerk was hier bewus van sy uitdaging wat die oorgangstydperk van hom sou vra. Wat die kerk se profetiese roeping betref, voel ‘n mens aan dat die NG Kerk nie heeltemal gerat was vir die oorgang nie. Wat 1998 se voorwoord en

¹¹⁵Die ASK het ook ‘n vredeskongres in Desember 1993 georganiseer. Verskeie kerkleiers, politici van verskeie partye en gereglui het opgetree. Hier is die standpunt ingeneem dat die kerk van Jesus Christus ‘n boodskap het wat bokant partypolitiek en sy verskille uitgaan, dit is die boodskap van bekering, verlossing, versoening en vrede (NG Kerk AS Hand 1994:20). Die NG Kerk het ook in die tyd gevoel dat hy ook ‘n vredestaak in Suid-Afrika het hy het dit gedoen vanuit ‘n Bybelse versoeningsboodskap wat op ‘n praktiese wyse kon meewerk aan die afbreek van negatiewe houdings en die opbou van ‘n nuwe gesindheid van aanvaarding en versoening (NG Kerk AS Hand 1994:90 – 93, 98-101)

herdelike brief betref, vind ons dat die Algemene Sinode van 1998 terug kyk op hulle pad, hoe daar gestap is, maar ook hoe daar vorentoe gestap moet word (NG Kerk AS 1998:Voorwoord). By hierdie voorwoord kry 'n mens byna die indruk dat die NG Kerk sy stoom verloor het en net vir 'n oomblik wil stilstaan om al die gebeure van die afgelope jare te verwerk, maar die voorwoord wil die leser oortuig dat die kerk “nie stilstaan nie” en doen moeite om dit dan ook so oor te bring. In die herderlike brief (NG Kerk AS 1998:490) noem prof. P.C. Potgieter dat die Suider-Afrikaanse Bond van Gereformeerde Kerke uitsien dat die NG Kerk sy leë plek moet inneem. Dr. M. Opocensky, sekretaris-generaal van die WBGK, word ook aangehaal wat gesê het dat: “Die boek van die verlede moet toegemaak word en 'n nuwe hoofstuk moet begin word”. Die NG Kerk kon weer na sestien jaar by die WBGK lid word. Sou die NG Kerk sy profetiese roeping kon uitleef in Suid-Afrika? Prof. P.C. Potgieter laat die profetiese stem van die NG Kerk hier hoor deur te waarsku oor die hoë vlakke van misdaad, geweld en korrupsie. In die voorwoord van die Algemene Sinode van 2002 kry 'n mens dadelik die indruk dat die kerk nie meer met sekerheid praat en in alles die rigting wil aandui nie. Vrae wat hier in die voorwoord gevra word is onder andere: “Is die kerk nog ter sake? Het die kerk nog iets om te sê? Word daar nog na die stem van die NG Kerk geluister?” (NG Kerk AS 2002:Voorwoord). Hierdie vrae skep amper die indruk dat die NG Kerk hom nou in 'n statiese situasie bevind en nie regtig meer weet wat sy rol is nie. Sou die NG Kerk in die nuwe millennium sy profetiese stem weer opnuut laat hoor of sou dit oplaas verdwyn in die massa?

8.2 Verkiesing

Tydens die verkiesing van 1994 was daar 'n versoek dat ampsdraers van die NG Kerk betrokke moes raak by die monitering van die verkiesing. Weens die omstredenheid van die verkiesing het die ASK dit van die hand gewys, omdat die kerk nie daarby betrokke wou raak nie. Voor die verkiesing is daar ook 'n herderlike brief deur die ASK aan gemeentes gestuur met die versoek dat dit van die preekstoel af gelees moes word. In die herderlike brief word die burgers aangemoedig om selfbeheersing aan die dag te lê en om met vriendelikheid en verdraagsaamheid op te tree. Voorbidding word gevra en die 24ste April word uitgesonder as 'n verootmoedigingsdag. Daar is ook

verskeie biddae uitgeroep vir vrede en vir 'n goeie afloop van die verkiesing (NG Kerk AS Hand 1994:21,22; Die Kerkbode, no.11, jaargang 153, 1 April 1994, 1). Die Kerkbode (no.13, jaargang 153, 22 April 1994, 4) skryf dat Suid-Afrika een van die stormagtigste en mees omstrede verkiesingsveldtogte in sy geskiedenis binnegaan en beklemtoon dat daar nie gesê kan word vir watter party om voor te stem nie. Op 'n stadium het die kerklui gevra dat die kiesdatum verskuif moes word weens die geweld wat aan die orde van die dag was. Die kerke het ook in geen onduidelike taal laat blyk dat kommunisme onaanvaarbaar is en dat dit besig is om 'n vastrapplek in Suid-Afrika te kry. Die owerheid word daarop gewys dat dit Bybelsgesproke sy taak is om die lewe en eiendom van die inwoners van die land so te moet beskerm dat hulle dit nie nodig vind om wet in eie hande te neem nie (Die Kerkbode, no.6, jaargang 153, 25 Februarie 1994, 1; Die Kerkbode, no.5, jaargang 153, 25 Februarie 1994, 4; Die Kerkbode, no.10, jaargang 153, 25 Maart 1994, 4). Vir die eerste keer in die geskiedenis het verteenwoordigers van vyf Afrikaanse kerke byeengekom as gevolg van die oplaaiende krisis oor die komende verkiesing in Suid-Afrika. Die inisieerder van die samekoms was prof. P.C. Potgieter (Die Kerkbode, no.5, jaargang 153, 18 Februarie 1994, 1; Die Kerkbode, no.5, jaargang 153, 18 Februarie 1994, 4). Prof. J.A. Heyns moedig die gelowiges aan om te gaan stem in die verkiesing en sê dat daar partye is wat nader na en ander wat verder weg van die basiese Christelike waardes af beweeg (Die Kerkbode, no.4, jaargang 153, 11 Februarie 1994, 5). Die NG Kerk steun nou geen party of beleid meer nie en neem 'n neutrale houding teenoor die verkiesing in.

Na die verkiesing sou daar ook vir die NG Kerk nuwe uitdagings voorlê, want daar was nou ook ander godsdienste in die regering verteenwoordig. Hieroor skryf prof. J.A. Heyns dat dit nie vir die NG Kerk aanvaarbaar is nie. Prof. J.A. Heyns versag sy standpunt deur te noem dat by geleenthede soos die inhuldiging van die president aanvaar moet word dat verteenwoordigers van verskillende godsdienste saam sal optree omdat dit 'n "staatsgeleentheid" is (Die Kerkbode, no.16, jaargang 153, 20 Mei 1994, 1). Die NG Kerk besef die veranderinge en ook die feit dat die regering nie meer soveel aandag aan hom sal gee nie, ook dat die speelveld wat 'n Christelike ingestelde owerheid betref, verander het. Die Kerkbode (no.17, jaargang 153, 27 Mei 1994, 6)

noem dat die parlement ook gaan open. Die Kerkbode beklemtoon aan die een kant die rol wat die opposisie moet speel en aan die ander kant dat die kerk sal moet praat as daar onreg plaasvind of as die regeerder sy mag misbruik. As die regering egter goed regeer moet die kerk ook praat. Die NG Kerk besef weer sy verantwoordelikheid om te praat in die nuwe bedeling, maar sou hy getrou bly aan sy opdrag?

Wat die 1999 verkiesing betref, bevestig die NG Kerk dat hy hom nie op enige manier aan 'n party verbind nie. Dit blyk dat die kerk nou eerder wil fokus op sosiale kwessies en baie apaties staan teenoor die politiek, want die kerk lê hier swaar klem op die armoede in die land (Die Kerkbode, no.16, jaargang 162, 18 Junie 1999, 6).

8.3 Staatkundige oorgangstydperk in Suid-Afrika

Die verkiesing van 27 April 1994 het 'n nuwe¹¹⁶ staatkundige bedeling in Suid-Afrika ingelei, hier het dit egter oor meer gegaan as net 'n oorgang na 'n nuwe staatkundige bedeling. Baie min lewensterreine is onaangeraak tydens hierdie ingrypende veranderinge in die politiek. Die NG Kerk en sy lidmate is hierdeur diep geraak. Die vraag is hoe sou die NG Kerk en sy lidmate die oorgang na 'n nuwe Suid-Afrika hanteer? 'n Onvermydelike en omvattende transformasieproses is in Suid-Afrika begin. Dit sou uiteindelik alle terreine van die samelewing raak: die ekonomie, onderwys, welsynsdienste, gesondheidsdienste, veiligheidsmagte, sport en die georganiseerde godsdiens. 'n Verdere groot kenmerk was die invoering van 'n nie-rassige, liberale demokrasie, in teenstelling met die Christelike regering in die verlede. Kerke het in hierdie tyd deeglik kennis geneem van die feit dat individuele regte en godsdiensvryheid 'n duidelike skeiding van die terreine van kerk en staat daar sou stel.

¹¹⁶Die sinode het ook aan AKLAS opdrag gegee om aan die gemeentes en lidmate van die NG Kerk leiding te gee oor die staatkundige oorgangstydperk in Suid-Afrika. Voorstelle was onder andere dat die kerk in die nuwe SA uitsluitlik kerk van Christus wil wees. Koninkrykdienste moes ook verder gelewer word. Gelowiges is geroep om hulle roeping ook verder te vervul. Volhardende gebed is as noodsaaklik beskou (Die Kerkbode, no.6, jaargang 161, 4 September 1998, 7)

Die modernisering en sekularisasie¹¹⁷ het ook in so 'n mate 'n invloed op die NG Kerk gehad dat dit daartoe gelei het dat daar toenemend afstand tussen die kerk en ander lewensterreine soos die ekonomie en die politiek gekom het. Faktore soos politieke isolasie asook die openbare invloed van die Afrikaanse kerke het 'n remmende uitwerking op die kerk begin speel. Die nuwe grondwet het dit trouens onmoontlik gemaak vir enige kerk om dieselfde invloedryke en bevoorregte rol in die openbare lewe te speel soos wat die Afrikaanse kerke in die vorige bedeling gespeel het. 'n Ander gevolg van die sekularisasie was dat lidmate van kerke nou meer as voorheen blootgestel is aan talle waardes uit die moderniseringsproses. Die aanvaarding van 'n grondwet het ook 'n groter afstand tussen die kerk en staat veroorsaak. Vir die kerk was dit nie meer moontlik om soos voorheen direk 'n stempel op die openbare sedelikheidswet af te druk nie. Die verteenwoordiging van die NG Kerk onder kapelane van die veiligheidsdienste en die aanbieding van godsdienstige programme op die radio en televisie het ook afgeneem. Dit was egter nie net die NG Kerk en ander Afrikaanse kerke wat 'n verlies van openbare invloed ondervind het nie, maar ook die Engelse kerke. Interessant is die feit dat die aanname gemaak word dat die kerke wat vroeër besonder aansien en invloed in die geledere van die bevrydingsbewegings geniet het, dit nou ook moeilik gevind het om verdere invloed op die regering en die openbare lewe uit te oefen. Die vernaamste rede vir die afname was die invoering van 'n liberale demokrasie in Suid-Afrika. Hierna sou alle kerke dit maar moeilik vind om groot en blywende invloede uit te oefen. Die groter klem op die vryheid van die individu en hulle eie keuse in die grondwet, is waarskynlik 'n belangrike rede waarom kerke nie in die nuwe bedeling daarin kon slaag om effektiewe maniere te vind om wetgewing te beïnvloed nie. 'n Verdere faktor wat 'n groot rol gespeel het in die kerk se huidige huiwering om oor alles sterk uitsprake te gee, was die feit dat die kerk in die verlede wel sterk en onomwonde hul mening oor sake van die dag uitgespreek het. Dit het egter later geblyk dat die kerk se uitsprake nie altyd 100% korrek was nie.

¹¹⁷Duisende Christene het in 'n opmars na die parlement toe deelgeneem waar 'n dokument oorhandig is om te protesteer teen 'n sekulêre staat. Die NG kerk het besluit om nie deel te neem aan die opmars nie (Die Kerkbode, no.19, jaargang 155, 2 Junie 1995, 6)

Dit het meegebring dat die kerk deesdae neig om sagter oor aktuele sake te praat, dalk meer genuanseerd, soms dubbelsinnig of selfs partykeer stil bly. Mag die kerk nooit ophou om te praat nie en let maar op dat daar na die stem van die kerk geluister word selfs deur diegene met die baie vrae oor die kerk en geloofwaardigheid, want hulle smag daarna om God se stem te hoor (Die Kerkbode, no.14, jaargang 160, 5 Junie 1997, 6). In dit alles het ook die finansiële posisie van blanke Suid-Afrikaners verswak (Hand 1998:68-78,313-323,361,362).

In hierdie oorgangstyd het die NG Kerk gesoek na geskikte maniere om in die nuwe regeringsopset op 'n betekenisvolle wyse sy stem te laat hoor. Hier vind 'n mens dat die NG Kerk getrou wil bly aan sy roeping om sy stem te laat hoor. Byna die eerste keer word daar nou hier gepraat oor samewerking met ander kerke op elke terrein waar wetgewing beoog word. Die NG Kerk besef ook dat sy rol en invloed met die nuwe regering verander het en daarom die nuwe denke oor samewerking op die gebied van profeetwees vir die regering (Die Kerkbode, no.13, jaargang 153, 13/14 Oktober 1995, 1). Ds. Freek Swanepoel, die moderator van die Algemene Sinode, sluit aan by die gedagte dat kerke eerder uit een mond moet praat (Die Kerkbode, no.14, jaargang 156, 20 Oktober 1995, 1). Ds. Swanepoel skryf dat dit verwelkom moet word as die NG Kerk se standpunt steeds gevra word, ten spyte van die feit dat die NG Kerk nie meer so prominent in die samelewing is nie. Hy noem dat die kerk sy standpunt duidelik moet stel deur die openbare media en dat die hoeveelheid persverklarings deur die ASK uitgereik in die vorige vier jaar buitengewoon baie was, meer as ooit te vore. Die NG Kerk bly altyd geroepe om sy profetiese stem te laat hoor (Die Kerkbode, no.6, jaargang 161, 4 September 1998, 4). Wat sou die NG Kerk na tien jaar sê oor hulle profetiese stem in die nuwe land. Die Kerkbode kyk terug na tien jaar vandat mnr. F.W. de Klerk sy waterskeidingstoespraak gemaak het. Hier word genoem dat alles verander het en dan volg daar 'n baie belangrike opmerking naamlik dat sekularisasie oor die land spoel. Die kerk kyk byna in gelatenheid terug (Die Kerkbode, no.4, jaargang 164, 3 Maart 2000, 6).

8.4 Skakeling met die owerheid

Die KSO wat 'n kommissie van die ASK was en wat uit die hele dagbestuur bestaan het, het in die periode van vier jaar dikwels met die owerheid en politieke organisasies geskakel. Die NG Kerk het so die verskillende organisasies op hoogte gebring met die kerk se siening oor politieke modelle en oor die owerheid soos vervat in Kerk en Samelewing 1990. Met die klimaat van geweld wat geëskaleer het asook die dreiging van 'n burgeroorlog het die dagbestuur alle pogings aangewend om bemiddelend op te tree. Daar is onder andere gesprekke gevoer met mnr. F.W. de Klerk^{118,119}, wyle dr. A.P. Treurnicht, dr. Ferdi Hartzenberg, genl. Constant Viljoen, mnr. Nelson Mandela¹²⁰, Dr. Mangosuthu Buthelezi, wyle mnr. Eugene Tereblanche en ook met hulle senior partygenote. Pastorale gesprekke is gevoer met parlamentslede wat lidmate van die NG Kerk was (Hand 1994:380; Die Kerkbode, no.1, jaargang 153, 21 Januarie 1994, 1). Mnr. P. Lekota het gevra dat daar 'n vennootskap tussen regering en kerk op die been gebring moet word, maar dit moet so gedoen word dat die kerk steeds onafhanklik van die regering is, anders val 'n mens weer terug op foute wat in die verlede gemaak is. Die versoek is baie interessant, gesien in die geskiedenis van die NG Kerk en die owerheid. Dit het mnr. P. Lekota genoem in 'n informele ontmoeting tussen hom en kerklui (Die Kerkbode, no.15, jaargang 155, 5 Mei 1995, 3). Daar is ook 'n paar keer oor pertinente sake gesels met die owerheid deur die ASK. By twee geleenthede is daar oor onderwys, die rol van die openbare uitsaaier, regstellende aksie, misdaad en geweld gepraat met pres. Mandela en 'n aantal van sy ministers. Pres. Mandela het ook die dagbestuur enkele kere genooi om met hom te kom praat oor oud pres. P.W.

¹¹⁸Waardering word ook deur die sinode uitgespreek vir die wyse waarop mnr. F.W. de Klerk tydens sy vier jaar wat hy Staatspresident was van die RSA sonder skroom sy Christenskap bely het en daarna gestrewe het om die land in die lig daarvan te regeer (NG Kerk AS Hand 1994:597)

¹¹⁹Hier word verwys na mnr. F.W. De Klerk wat uittree en dat dit nog 'n einde van era in SA is (Die Kerkbode, no.7, jaargang 159, 5 September 1997, 6)

¹²⁰Pres. N. Mandela het ook die begeerte uitgespreek om die sinode toe te spreek (NG Kerk AS Hand 1994:440)

Botha se verskyning voor die WVK, asook oor die hofsaak waarby onder andere genl. Magnus Malan betrokke was (Die Kerkbode, no.17, jaargang 153, 10/11 November 1995, 1). Pres. N. Mandela het ook die moderatuur uitgenooi om sy eggenote te ontmoet. Pres. N. Mandela het sy waardering uitgespreek oor die rol wat die Afrikaner gespeel het by die vooruitgang van die land, en het gevra dat hulle nie immigrer nie, maar skouer aan die wiel sal sit in die land. Prof. P.C. Potgieter het namens die afvaardiging gesê dat daar baie Afrikaners is wat meehelp aan die opbou van die land. Hy het ook 'n profetiese woord gespreek namens die kerk oor die toestande in die land waarvoor Afrikaanssprekende Christene verbitterd is, onder andere misdaad en regstellende aksie en hy noem dat dit die rede is waarom baie Afrikaanssprekendes hulle onttrek (Die Kerkbode, no.3, jaargang 161, 7 Augustus 1998, 1).

Kommissies van die Algemene Sinode het ook gereeld insette gelewer in die finalisering van die nuwe grondwet van Suid-Afrika. Soms het die NG Kerk se insette 'n verskil gemaak in die uiteindelijke formulering van die grondwet en in ander gevalle nie (NG Kerk AS Hand 1998:25). Baie versoeke is in hierdie tyd deur die ASK hanteer vir biddae vir vrede, vir 'n einde aan misdaad en geweld in Suid-Afrika en die moorde op boere (NG Kerk AS Hand 1998:25).

Afrikaanse kerklui was ook in gesprek met mnr. T. Mbeki. Verteenwoordigers van die Afrikaanse kerke het met mnr. T. Mbeki en dr. M. Buthelezi gesprekke gehad. Dit het hoofsaaklik gehandel oor misdaad en korrupsie. Mnr. T. Mbeki het die opmerking gemaak dat die kerk 'n groot rol te speel het in die transformasie na 'n beter Suid-Afrika (Die Kerkbode, no.3, jaargang 161, 7 Augustus 1998, 16). In 2000 het prof. P.C. Potgieter en die moderamen hul profetiese stem laat hoor deur in 'n persoonlike ontmoeting met die premier van die Vrystaat hulle ontevredenheid uit te spreek oor die rommel en vuil sypaadjies. Hy skryf: "...dat sy saamgestem het, maar dat niks intussen verander het nie" (Die Kerkbode, no.1, jaargang 164, 4 Februarie 2000, 6).

8.5 Waarheid- en versoeningskommissie

In die pers is daar ook heelwat aandag gegee aan die instelling van 'n waarheid asook versoeningskommissie in Suid-Afrika. Die kerk het dit verwelkom. Die vraag wat egter dadelik deur die kerk gevra word is of die waarheidsoekers se bevindinge nie maar net vanuit 'n bepaalde perspektief gesien sal wees nie? Van die kerk se kant word dit benadruk dat 'n gebalanseerde beskouing sal seëvier. Alles was nie net boos en sleg nie. Die stelling deur die kerk word ook verder benadruk met die feit dat as alles net sleg was in Suid-Afrika sou die res van Afrika nie met hemelhoë verwagtinge opgesien het na die land nie. Die berig verwys ook na die verwyte teen die NG Kerk oor apartheid en dat daar nog lank daarmee saamgeleef sal moet word. Die NG Kerk wil ook die ander kant skets van al die goeie werk wat daar gedoen is om die evangelie in Suider-Afrika en verder in ons kontinent uit te dra (Die Kerkbode, no.20, jaargang 153, 17 Junie 1994, 6). In die hele proses vra die NG Kerk dat daar onpartydigheid sal wees, en daar word na die uitsprake van die Minister van Justisie, Dullah Omar, verwys dat dit die indruk geskep sou word dat dit nie onpartydig was nie (Die Kerkbode, no.18, jaargang 155, 26 Mei 1995, 4).

Wat die Waarheid- en Versoeningskommissie (hierna WVK) verder betref, het die dagbestuur van die ASK in April 1995 besluit om 'n paar persone as kommissarisse vir die WVK te benoem. Hier was die dagbestuur van oordeel dat net 'n gebalanseerde samestelling van die kommissie hom in staat sou stel om ten opsigte van waarheid en versoening vordering te maak. Wanneer uiteindelik nie een van die kommissarisse wat deur die dagbestuur genomineer is aangestel is nie, besef 'n mens opnuut dat die NG Kerk se invloed nie meer in die nuwe bedeling so groot was nie. Later is 'n lid van die ASK wel op aanbeveling van dr. Desmond Tutu as lid van die WVK se Komitee vir Vergoeding en Rehabilitasie aangestel en so is prof. P. Meiring aangewys op die WVK. Hierdie aankondiging is verwelkom deur Die Kerkbode (Die Kerkbode, no.3, jaargang 157, 9/10 Februarie 1996, 6). Prof. Piet Meiring het ook gemeen dat die kerk en by name die NG Kerk 'n profetiese, pastorale en eksemplariese rol te speel het by die WVK. Volgens hom was dit belangrik dat die kerk sy verhaal oor die apartheidtydperk op skrif moes stel (Die Kerkbode, no.4, jaargang 157, 14/15 Februarie 1997, 1). Die ASK het 'n verklaring uitgereik oor die WVK op 1 Desember 1995, hierin spreek hulle

hul bede uit dat die uitgangspunte, optrede en bevindings van die kommissie sal lei tot versoening, vergifnis en vrede. Die waarheid moes ook te alle tye gedien word omdat die waarheid, soos geregtigheid en liefde, een van die boustene van 'n Christelike beskaafde samelewing is. Die NG Kerk verseker ook dat voorbidding gedoen sal word vir die kommissie. Afrikaans as taal het saam met die nuwe bedeling begin kwyn en die ASK spreek sy teleurstelling uit oor die feit dat die Afrikaanse gemeenskap feitlik geen verteenwoordiging in die WVK het nie. Pas nadat dr. Tutu verkies was tot voorsitter in Kaapstad, het die lede van die dagbestuur van die ASK onder meer by hom gepleit dat die WVK se werk so objektief en ewewigtig as moontlik gedoen moet word. Die ASK vra ook dat dr. D. Tutu en die WVK 'n kans gegun moes word om die werk te doen (Die Kerkbode, no.5, jaargang 157, 1 Maart 1996, 1). Die groot vraag op hierdie stadium was of die NG Kerk 'n voorlegging aan die kommissie moes doen? Hieroor is daar diepgaande gedebatteer (Die Kerkbode, no.22, jaargang 157, 6 September 1996, 6). Giliomee (2004:613) skryf dat die NG Kerk verdeeld was hieroor op daardie stadium. In Oktober 1996 is besluit om dit nie te doen nie. Nadat die WVK in Mei 1997 die ASK in 'n brief vir 'n voorlegging gevra het met 'n sperdatum, is daar besluit dat 'n kundige persoon die verhaal van die NG Kerk met betrekking tot volkere en rasseverhoudinge in Suid-Afrika sedert die totstandkoming van die Algemene Sinode van 1962 soos dit ontwikkel het aan te teken (Die Kerkbode, no.14, jaargang 158, 6 Junie 1997, 4). So het "Reis met Apartheid" geskryf deur dr. F. Gaum die lig gesien. In die verhaal van die NG Kerk se reis met apartheid 1960-1994 is daar 26 stellings gemaak. Dit handel onder andere oor die jarelange worsteling met apartheid. Hier bely die NG Kerk weer dat hy modelle voorgeskryf het wat ten koste was van ander, maar dat die bedoelings goed was. Die kerk beklemtoon weer daarin dat hy nie politieke modelle aan die owerheid mag voorskryf nie, maar by sy profetiese funksie moet bly deur elke politieke model te toets aan Bybelse beginsels. In 'n sekere sin het die kerk aanvanklik die toon aangegee met die vestiging van die apartheid-idee. Dit was ook die Nasionale Party se politieke beleid. In baie gevalle was die lidmate van die een die lede van die ander en so het 'n wisselwerking ontstaan tussen die kerk en die party en owerheid. Die groot gevaar hier was dat dit meegebring het dat die kerk nie altyd die wenslike kritiese afstand ten opsigte van die owerheid gehandhaaf het nie. "Reis met Apartheid"

verduidelik ook dat die hele idee van afsonderlike state en afsonderlike volke nie uit die lug gegryp is nie. Daar word genoem dat dit elders in die wêreld en ook in ons eie streek met Lesotho en Swaziland as voorbeelde bestaan. Die probleem met afsonderlike ontwikkeling word hier weer verduidelik dat 'n probleem ontstaan as so 'n ordening aan mense opgedwing word en van die kerk se kant selfs as 'n Bybelse vereiste gestel word. Oor kerkwees in die algemeen verduidelik "Reis met Apartheid" dat in die kerklike opset dit ook nie verkeerd is dat die Woord van God aan mense in hulle eie taal en kultuurverband gebring word nie, ook as die kerk in sy algemeenheid juis die kleur van sy omgewing aanneem nie. Die eenheid van die kerk is nie ondergeskik aan die verskeidenheid nie. Oor die onreg en die kerk se aandeel daaraan noem "Reis met Apartheid" dat die kerk diep en opreg jammer is. 'n Mens vind ook die erkenning dat die NG Kerk hom dikwels as groot en magtig beskou het. In die nuwe situasie wil die NG Kerk nou eerder die dienskneggestalte aanneem. Oor die kerk se protesstem word daar erken dat dit soms te sag was. Hiervoor vra die NG Kerk ook verskoning. Tog word erken dat daar in die verlede ook relatiewe voorspoed was waarin almal in 'n mindere of meerdere mate gedeel het. Aan die einde van die apartheidsjare was Suid-Afrika ekonomies gesproke, ten spyte van ekonomiese sanksies en boikotte, een van die ligpunte in Afrika.

Rondom die ondersteuning van en deelname aan die kapelaansdienste tydens die oorlog van die jare sewentig en tagtig was die kerk van oordeel dat dit 'n geregverdigde stryd was omdat die ideologie van kommunisme 'n sterk uitbreidingsdrang geopenbaar het, met Suid-Afrika as teiken. Dit is nie gesien as 'n poging om 'n onregverdigde bestel in Suid-Afrika te bly handhaaf nie. Goeie werk is hier deur die kapelaansdienste gedoen. Die NG Kerk besef dat hy in die tyd eerder meer indringend navraag moes doen oor die verskillende bedrywighede van die Veiligheidsmagte. Daar word bygevoeg dat die predikante van die NG Kerk wat in daardie tyd kapelaansdiens in die weermag en polisiemag verrig het nie bewus was of ingelig was oor koverte optredes waarteen hulle moes protesteer nie. Die kerk erken ook dat beweerde onchristelike dade deur sommige lede van die Veiligheidsmagte gepleeg, nie verskoon kan word nie, al word die omstandighede in ag geneem (Die Kerkbode, no.3, jaargang 159, 1

Augustus 1997, 6). Die albatros van apartheid gooi die kerk nou vir eens en vir altyd van sy skouers af na talle belydenisse en erkennings deur die NG Kerk. Die aanvoeling is hier baie sterk dat die NG Kerk nou die toekoms wil ingaan sonder om heelyd skuldig te voel oor alles (NG Kerk AS Hand 1998:45,46; Reis met Apartheid 1997:72-76; Die Kerkbode, no.4, jaargang 159, 8/9 Augustus 1997, 6).

Op 19 Desember 1997 besoek 'n aantal NG Kerk predikante oud pres. P.W. Botha by sy huis in Wildernis. Hulle het gedagtes gewissel oor sy verskyning al dan nie voor die WVK. Hier het oud pres. P.W. Botha sy standpunt aan hulle verduidelik. Later is dit deur die dagbestuur bevestig dat dit 'n openhartige gesprek was en hulle het hom verseker van die kerk se voorbidding (Die Kerkbode, no.17, jaargang 159, 19 Desember 1997, 1).

Merkwaardig is dit dat Die Kerkbode ook sy skok uitgespreek het oor die chemiese en biologiese oorlogvoering wat in die dae van die vorige regering bedink is. Hier word die gedagtes uitgespreek dat die kerk en by name die Afrikaanse kerke nie destyds hard genoeg gepraat het nie, ook oor dit wat onder die kombes van die noodtoestand gebeur het.

Dit is duidelik dat die WVK baie dinge oopgespalk het. Daar is ook van die vergrype van ANC aktiviste in die tyd van onderhandelinge kennis geneem, maar hierdie ondersoek is gestaak en die lêers is weggegooi. Mnr. N. Mandela het gesê dit is gedoen omdat die onderhandelinge op die spel was. Oor die WVK se amnestie komitee wat probeer het om aan 37 ANC gesinde persone amnestie te verleen, spreek Die Kerkbode sy misnoeë uit en noem dat die WVK se skaal skeef hang. Net die vorige regering se dade word veroordeel, die gruweldade wat deur die ANC gepleeg is word verdoesel of onder die mat in gevee met handige verskonings dat die lêers weg is. Die Kerkbode vra aan dr. D. Tutu of die WVK werklik 'n regverdige verslag gaan voortbring? (Die Kerkbode, no.16, jaargang 160, 19 Junie 1998, 4). Baie vrae is van die NG Kerk se kant gevra oor die periode van die WVK en oor dit wat gebeur het aan albei politieke kante van die spektrum. Die gevoel is hier dat die WVK nie gepoog het om objektief sy

funksie en doel na te streef nie. Vir die NG Kerk en sy lidmate was dit 'n nuwe bedeling wat soms meer onsekerhede gebring het by die dag. Die NG Kerk spreek steeds sy profetiese stem uit, maar huiwerig en moontlik meer op die agtergrond. Met die waarheid- en versoeningskommissie het die kerk sy reis met apartheid voltooi en het hy weer sy regmatige plek as dienskneg van versoening in die samelewing ingeneem (Strauss 2002:53).

8.6 Korrupsie

Korrupsie was 'n verdere verskynsel wat ernstig die aandag van die kerk geverg het in die tyd. Hieroor het die NG Kerk sy profetiese sterk laat hoor. Alhoewel dit hier en daar na die oppervlak gekom het in die jare net voor 1994, was dit nou 'n alledaagse werklikheid en oral aan die orde van die dag. Die NG Kerk reageer hieroor met groot ontsteltenis. Die sinode het ook hieroor sy ernstige verontrusting geboekstaaf. Die NG Kerk waarsku dat dit ons land ernstig benadeel. Die sinode doen 'n ernstige beroep op die owerhede om veral hierdie euwels uit te roei (NG Kerk AS Hand 1998:89,419).

Die NG Kerk beweer dat korrupsie in die Suid-Afrikaanse regering in die tydperk vanaf 1994-1997 ongeveer 3 miljard rand beloop het. Die sinode beweer verder dat hierdie korrupsie nie die korrupsie op munisipale vlak insluit nie asook gevalle wat nooit aan die lig kom nie. In dieselfde asem wat die NG Kerk waarsku teen korrupsie laat hulle 'n verdere sterk stem hoor oor omkoperij in die staatsdiens. Die NG Kerk spreek egter sy waarderende stem uit ten opsigte van die regering se anti-korrupsie veldtog (NG Kerk AS Hand 2002:225-229,550,625). Die kerk verwerp die gedagte dat korrupsie aan apartheid toegeskryf kan word. Die NG Kerk pleit saam met mnr. Mandela vir nuwe morele standaarde in die samelewing (Die Kerkbode, no.8, jaargang 155, 10 Maart 1995, 12). In die verdere veldtog teen korrupsie voel die NG Kerk dat hulle hul invloed meer moet laat geld oor die morele opbou van die samelewing (Die Kerkbode, no.1, jaargang 160, 30 Januarie 1998, 1).

8.7 Grondverdeling

Oor grondverdeling versoek die NG Kerk die regering om die kwessie van her-distribusie van grond met groot omsigtigheid en geduld te hanteer. Die NG Kerk bepleit dit aangesien dit 'n saak is wat oor 'n tydperk van dekades ontwikkel het en nie deur die regering summier oornag reggestel kan word nie (NG Kerk AS Hand 1994:64,377,502,574). Die NG Kerk vra oor die kwessie verdere bestudering (NG Kerk AS Hand 1998:24,88,418,). Dr. Thys Smith, predikant vir teologiese opleiding van die Wes- en Suid-Kaap Sinode, meen dat die kerk wel 'n groot rol te speel het by die grondkwessie. Hy stel die NG Kerk se standpunt dat die kerk geensins teen die herverdeling van grond is nie, maar dat dit ordelik en volgens erkende regsbeginsels moet verloop. Ook hier is die kerk bang vir korrupsie en nepotisme in die proses van verdeling en die kerk waarsku daarteen. Dr. Thys Smit waarsku dat indien dit gedoen word vir politieke gewin, soos in Zimbabwe, dit 'n katastrofe sal meebring (Die Kerkbode, no.1, jaargang 167, 20 Julie 2001, 1).

Rondom die betrokkenheid van die kerk by grondhervorming gee die Algemene Sinode drie redes waarom die kerke in Suid-Afrika onvermydelik betrokke is by die brandende kwessie van grondhervorming in die land. Eerstens het die kerk 'n eties-moreel verantwoorde standpunt oor grondbesit in Suid-Afrika wat gestel moet word. Tweedens het die kerk ook 'n versoenende rol te speel in die verband veral wanneer onderhandelinge in plaaslike gemeenskappe vas loop. In die laaste plek het die kerk 'n rol te speel omdat die kerk ook 'n grondeienaar is. Die NG Kerk waarsku oor die hele kwessie dat dit nie 'n politieke speelbal moet word nie. 'n Gesonde juridiese basis moet deel uitmaak van 'n omvattende ontwikkelingsprogram. Daar moet altyd met ekologiese oorweginge rekening gehou word en vergoeding moet billik en so ver moontlik markverwant wees. Die NG Kerk probeer dus ook om hier in sy profetiese stem met positiewe voorstelle vorendag te kom. Die Algemene Sinode spreek sy dank teenoor die regering uit vir die volgehoue pogings om 'n deurdagte en ordelike grondhervormingsbeleid te vestig, maar doen ook verder 'n beroep op die owerheid om veral die beskikbaarstelling van grond vir die vestiging van hawelose mense as 'n dringende prioriteit te bespoedig. Hierdie riglyne in verband met grondhervorming is ook namens die kerk as 'n profetiese stem aan die owerheid en georganiseerde

landbou van Suid-Afrika, Namibië en Zimbabwe deurgegee (NG Kerk AS Hand 2002:219-225,549).

8.8 Heropbou en Ontwikkelingsprogram

Die sinode neem deeglik kennis van die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (hierna HOP) van die regering. Die Algemene Sinode vra ook die sinodes en ringe om rekening te hou met die HOP in die formulering van hulle welsynsprogramme. Die NG Kerk wil meewerk in die nuwe situasie van die land soos ook hier gesien in die voorstelle met HOP. Die NG Kerk het ook kommentaar gelewer op die eerste witskrif rakende HOP. Die kerk sal sover moontlik aansluiting vind by HOP-programme op alle terreine en die kerk bied sy samewerking aan. Dit is net oor die befondsing van die HOP waaroor die kerk sy kommer uitspreek. Die kerk spreek waardering uit vir die mikpunt van die regering om 'n sterk dinamiese en gebalanseerde ekonomie daar te stel, maar is bang dat onrealistiese verwagtings geskep word wat nie haalbaar is nie. Die NG Kerk waarsku oor die begrip welsyn en is bang dat die regering toelaes sal gee om die verkeerde redes (NG Kerk AS Hand 1994:263,264,362,363,377,439,466,476; Die Kerkbode, no.9, jaargang 155, 17 Maart 1995, 1).

'n Stuk is ook deur AKDB en AKLAS opgestel oor HOP in 1998. Hier kyk die kommissies terug op die afgelope vier jaar se werksaamhede van die HOP. Dit blyk dat die situasie rondom HOP in die vier jaar aansienlik verander het. Mettertyd is die HOP kantoor gesluit, die Minister Sonder Portefeulje in die HOP kantoor het 'n nuwe kabinetpos gekry en die HOP fonds is na lyn-funksie departemente oorgedra. Vroeg in 1995 het die Departement van Welsyn ook begin om 'n witskrif vir welsyn daar te stel, dit was 'n omvattende proses en rolspelers is die geleentheid gegun om insette te lewer. Die AKDB was deurlopend by hierdie proses betrokke en het ook op verskeie werkkomitees gedien. Daar is ook 'n beroep op die regering gedoen om nie reeds gevestigde maatskaplike dienste se voortbestaan in gevaar te stel nie (NG Kerk AS Hand 1998:20, 196).

8.9 Beskermingsdienste

By die beskermingsdienste word daar gesien hoe die NG Kerk se rol ten opsigte daarvan groot veranderinge begin toon het. In die verslag van die ASK word genoem dat die ooreenkomste tussen die kerk en die onderskeie departemente rakende die kapelaansdienste deeglik hersien is en in die verslag word genoem dat daar 'n veranderde situasie is ten opsigte van die kapelaansdienste. Die sinode betuig weereens sy opregte dank teenoor die SAW, die SAP en die Departement van Korrektiewe Dienste waarbinne die kapelaansdienste funksioneer (NG Kerk AS Hand 1994:23,24,438).

Hierdie veranderinge in die kapelaansdienste is duidelik gevoel veral rondom 1994. Die ooreenkomste tussen kerk en staat met betrekking tot die kapelane moes ook opnuut ondersoek en teologies beoordeel word. Daar word genoem dat die verslag geformuleer is op die omstandighede soos voor 1994 se algemene verkiesing. In die historiese agtergrond word genoem dat reeds op 18 Julie 1938 'n konsepooreenkoms met die Minister van Verdediging gesluit is in die verband. In 1940 is 'n militêre gemeente op Voortrekkerhoogte deur die Transvaalse Sinode gestig en sedert 1948 is die ooreenkomste toegepas op alle veldpredikers. Na 'n lang reeks onderhandelinge is 'n konsepooreenkoms deur die Minister van Verdediging vir die beroep van die veldpredikers aan die vier moderature voorgelê en ook later deur die sinode bekragtig. So is daar in 1966 die eerste ooreenkoms tussen die kerk en die polisie departement (Minister van Justisie) goedgekeur. En in 1970 is die eerste ooreenkoms met die Departement van Gevangnisse gesluit. Op 28 Mei 1993 verwys die Kapelaan-Generaal van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag in sy verslag na 'n hersiene ooreenkoms. Vanweë die snelle verandering, onder andere die verandering van die naam van die weermag en die afskaffing van diensplig, was dit nodig om die ooreenkoms redaksioneel te hersien. Gedurende Desember 1993 het die laaste groep diensplig-kapelane ook uitgeklaar. In die tyd het die samestelling daarvan ook verander. Al die veranderings asook samestellings van die weermag het die bestuur van die kapelaansdienste soveel meer gekompliseerd gemaak (NG Kerk AS Hand 1994:347,438). Ook in die verslag van die Kapelaan-Generaal Korrektiewe Dienste word genoem van 'n nuwe ooreenkoms tussen die kerk en die Departement van

Korrektiewe Dienste op 22 September 1994. So word daar ook in die verslag van die Kapelaan-Generaal van die SAP genoem dat na afhandeling van die amalgamasie van die verskillende polisiemagte, sal daar weer 'n ooreenkoms voorgelê word vir ondertekening (NG Kerk AS 1994:349,351,438).

Op 1 Maart 1994 was die situasie rondom die weermag dat die kapelaandiens van die SAW 'n ondersteuningsdiens word wat direk onder die hoof van die SAW ressorteer (Die Kerkbode, no.1, jaargang 154, 1 Julie 1994, 4). Binne die korrektiewe dienste is dit die missie van die Direktoraat Godsdienssorg om godsdienssorg aan personeel en persone onder die beheer van die Departement van Korrektiewe Dienste te lewer in vennootskap met kerke en ander rolspelers. Wat die rang, uniform, die militêre klimaat en die vergoeding deur die staat betref: as dit sou meebring dat die evangelie bedienaar nie meer vry is om sy taak volgens die eise van die Skrif te volvoer nie, dan word hy 'n dienaar van die staat en is hy nie meer die profeet van die Here nie. Onderliggende spanning word ondervind in die verband. Daar word ook pertinent genoem dat indien dit duidelik word dat die staat die stem van die kerk wil stil maak, of die kerk vir sy eie doeleindes wil gebruik en die wyse van versorging wil bepaal, sal die kerk genoodsaak wees om sy ooreenkoms op te skort en ander weë te soek om sy taak uit te voer. 'n Neutrale staat kan ander eise stel vir geestelike sorg en dit moet ook aanvaar word dat ander godsdienste ook op die voordele voortaan sou aanspraak maak (NG Kerk AS Hand 1994:75-79,438).

8.10 Geweld

Rondom die wapenvrye-Suid-Afrika-veldtog wat wye media dekking gekry het, was die NG Kerk se standpunt dat hy nie die veldtog steun nie, omdat die persone wat hulle wapens vrywillig sal afstaan die vredeliewende burgers van die land sou wees. Die NG Kerk spreek sy profetiese stem uit en vra eerder dat onwettige wapenbesit swaar gestraf moet word. Die NG Kerk het wel in die tyd elke poging om geweld hok te slaan in Suid-Afrika verwelkom (Die Kerkbode, no.1, jaargang 155, 20 Januarie 1995, 6). Die Kerkbode (no.12, jaargang 155, 7 April 1995, 4) spreek ook sy groot bekommernis uit oor die misdaad in Suid-Afrika. Die aantal moorde beloop 45 mense per dag. Die NG

Kerk benadruk juis oor die skokkende statistiek, dat hulle die oorlog van die regering teen misdaad met woord en daad ondersteun. Groot bekommernis, is ook uitgespreek oor die aantal gevangenes wat vrygelaat is gedurende Mei 1995. Almal wat vrygelaat is het ernstige misdade gepleeg, daar word gehoop dat hulle nie weer misdaad sal pleeg nie (Die Kerkbode, no.17, jaargang 155, 19 Mei 1995, 4). Na meer as 'n jaar in die nuwe Suid-Afrika was daar ook groot kommer oor wet en orde in die land asook die feit dat dit glad nie aangespreek word deur die regering nie (Die Kerkbode, no.11, jaargang 156, 29 September 1995, 6). Op 1 Desember 1995 word daar berig in Die Kerkbode dat mense hande gevat het oor misdaad om hulle weersin in en weerstand teen die vloedgolf van misdaad te demonstreer, wat dreig om die land te oorspoel. Van kerklike kant word daar gewerk aan 'n saamstaan aksie teen misdaad. Die klem word weereens op die regering gelê om misdaad die stryd aan te sê, dit is immers hulle taak (Die Kerkbode, no.20, jaargang 156, 1 Desember 1995, 6). Die aantal vrylatings met mnr. N. Mandela se verjaarsdag word sterk gekritiseer omdat dit rampspoedige gevolge gehad het. Dit het gelei tot moorde in die Karoo en Natal. Dit is ontoelaatbaar dat nog gevangenes vrygelaat kan word. Daar word baie ernstig vir mnr. N. Mandela gevra dat sy regering misdaad 'n prioriteit sal maak (Die Kerkbode, no.3, jaargang 161, 7 Augustus 1998, 6). Die hele krisis oor geweld in die land is deur die ASK opgeneem met mnr. N. Mandela. Daar is ook gevoel dat daar 'n deeglike studie gedoen moet word oor geweld sodat die kerk ook so sy getuienis kan lewer. Die NG Kerk spreek sy profetiese stem sterk uit oor geweld en doen 'n beroep op die regering van Suid-Afrika om reg tot 'n lewe sonder vrees, vir alle mense in Suid-Afrika te laat geld. Dit moet die regering se hoogste prioriteit wees, hy moet ook alle mag tot sy beskikking aanwend om misdaad te voorkom en uit te roei. Lidmate word opgeroep om ook biddend die situasie op te dra en ook self iets doen en verantwoordelikheid aanvaar vir dit (NG Kerk AS Hand 1998:88,418).

In die tyd het plaasmorde ook baie toegeneem en Die Kerkbode vra vir beter kommunikasie tussen die boere en hulle werkers. Dit mag daartoe bydrae dat minder vermoor word. Die reg om sigself te verdedig, word ook genoem. Die dringendheid tot herverdeling van grond word benadruk en die regering word hier verwyt dat hulle te veel

sloer met die kwessie (Die Kerkbode, no.4, jaargang 164, 18 Augustus 2000, 1). Plaasmoorde “laat ‘n mens terug steier” skryf Die Kerkbode en gaan verder om te noem dat dit onaanvaarbaar is (Die Kerkbode, no.12, jaargang 166, 15 Junie 2001, 6). In Desember 2002 gaan die berigte oor geweld net verder aan: “Suid-Afrika is al lankal een van die gewelddadigste lande in die wêreld”. Geweld, plaasmoorde en moorde word gesien as byna aan die orde van die dag (Die Kerkbode, no.12, jaargang 169, 6 Desember 2002, 6).

Oor die moontlike oorsake van geweld word daar ‘n paar moontlikhede gegee naamlik die nawerking van die politieke stryd, armoede, werkloosheid, party-politieke verdeeldheid, militante groepe, ‘n eensydige verstaan van die handves van menseregte, rassisme, sosio-psigologiese redes, die persepsie dat die staat nie orde handhaaf nie, kultuur-opvattinge en die rol van die elektroniese media. Wat dit ook al mag wees, die kerk mag nooit sy profetiese taak om geweld aan te spreek versak nie. Moontlike oplossings word ook genoem bv. buurtwagte wat in samewerking met die polisie op die been gebring kan word. Die Algemene Sinode besluit ook om ‘n konstruktiewe bydrae te lewer tot die morele genesing van die samelewing. Die Algemene Sinode doen ook ‘n ernstige beroep op die owerheid om die veiligheid van die inwoners van die land meer doeltreffend te bestuur (NG Kerk AS Hand 2002:210-214,549,622).

8.11 Amnestie

Die hele kwessie van amnestie het met die bewindsaanvaarding van die nuwe regering sterk op die voorgrond getree. In die tyd het mnr. N. Mandela ook sterk te kenne gegee dat daar aan mense wat politieke misdade gepleeg het amnestie verleen kan word. Hieroor was die NG Kerk baie bekommerd en noem dat daar net te maklik gevangenes vrygelaat word. So pas na die verkiesing was daar tog ‘n gevoel in 1994, volgens Die Kerkbode, van vergewensgesindheid in die land asook ‘n ongekende rustigheid in Suid-Afrika (Die Kerkbode, no.18, jaargang 153, 3 Junie 1994, 6). In 1999 het mnr. T. Mbeki aangekondig dat daar ‘n algemene amnestie verleen gaan word aan alle politieke oortreders. Hiermee kan die boeke van die verlede moontlik toegemaak word (Die Kerkbode, no.12, jaargang 162, 4 Junie 1999, 6).

8.12 Openbare onsedelikheid

In die inleiding van die verslag Leer en Aktuele Sake in 1994 kom 'n mens ook agter dat daar baie onsekerheid geheers het oor die toekoms. Ook met betrekking tot waardes en norme vir die toekoms. In die verslag word genoem van die moontlike gevaar van "allerlei vreemde strominge" wat die kerk kan meesleur en dat die kerk moet hou aan die Woord (NG Kerk AS Hand 1994:62).

8.12.1 Doodstraf

Die NG Kerk se reaksie op die vlag moorde op polisiemanne was of geweldsmisdade swaar genoeg gestraf word. Die kerk vra ook dat die moratorium op die doodstraf opgehef word (Die Kerkbode, no.7, jaargang 154, 26 Augustus 1994, 7).

8.12.2 Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie

Na die SAUK se voorstelle oor die herplasing van Afrikaans op sy televisiekanale het die NG Kerk sy kommer daaroor uitgespreek en genoem dat dit nie tot versoening lei nie. Die kerk vra ook of die SAUK nie die bal laat val het as uitsaaier nie (Die Kerkbode, no.7, jaargang 154, 26 Augustus 1994, 7). Op hierdie stadium het die kerk nie meer die inspraak wat hulle gehad het nie en lede wat hier op die raad sou dien was moontlik nie meer NG Kerk lidmate nie.

8.12.3 Lotery en dobbelary

AKLAS was baie verontrus oor aanbevelings van die Howard-kommissie in verband met lotery, dobbelary, casino's en hondewedrenne. 'n Persverklaring is ook in die verband vrygestel om die kerk se standpunt in die openbaar bekend te maak. Daar is aan die owerheid briewe gerig dat die aanbevelings van die Howard-kommissie nie aanvaar word nie. Die NG Kerk se standpunt is opgevolg deur verskeie persoonlike onderhoude met Ministers van Wet en Orde, Gesondheid en Welsyn en Binnelandse Sake. Die NG Kerk laat sy profetiese stem hier hoor en dit blyk dat die regering ook hier openhartige gesprekke met die kerk voer (NG Kerk AS Hand 1994:63,429). Die Kerkbode (no.7, jaargang 155, 3 Maart 1995, 1) noem ook dat die NG Kerk oor 'n periode van vyf jaar herhaaldelik die betrokke regeringsinstansies gaan sien het oor die wettiging van

dobbelary en die totstandkoming van 'n nasionale lotery. 'n Interessante wending in die NG Kerk se amptelike standpunt oor lotery is dat die kerk se standpunt van 'n duidelike nee na 'n ja en nee verander. Die ASK noem dat die kerk eerder so 'n standpunt moet huldig en dan eerder die gevare moet uitwys wat dobbelary inhou. Die ASK verklaar dat daar nie besware teen lotery opsigself is nie, maar dit kan wel op so 'n manier funksioneer dat dit teen die wil van God is (Die Kerkbode, no.9, jaargang 164, 19 Mei 2000, 6). Die NG Kerk beweeg weg van voorskriftelikheid en is versigtig om die koers helder en duidelik aan te dui. Moontlik speel die verlede hier op die kerk se standpunt in. Na twee jaar is dit of die NG Kerk weer sy standpunt verander en weer standpunt inneem teen lotery. Die kerk waarsku dat armmense hul broodgeld gebruik om loterykaartjies te koop en hulle hoop alleen daarop plaas om hulle van hulle ellende te verlos. Die kerk wil eerder die mense aanmoedig om hulle vertrouwe in God te stel en hard te werk as om op die lotto te vertrou om sodoende vir hulle geluk te bring. Die kerk verklaar dat God-drie-enig die antwoord is op nood (Die Kerkbode, no.5, jaargang 168, 15 Maart 2002, 1). Die NG Kerk hou nou by die besluit teen lotery en vra die regering om nasionale lotery in die lig van die negatiewe gevolge daarvan te heroorweeg (Die Kerkbode, no.7, jaargang 169, 4 Oktober 2002, 1; NG Kerk AS Hand 2002:259-263,552,626).

8.12.4 Drank

In Die Kerkbode skryf prof. S.A. Strauss oor die nuwe drankwet en Sondag. Hy skryf dat die nuwe drankwet wat goedgekeur is die Sondag verder aftakel. Volgens die wet kan alkoholiese drank nou ook vrylik op Sondag en openbare vakansiedae te koop wees. Hy noem dat dit die punt van die spreekwoordelike ysberg is. Winkels is oop en georganiseerde sport vind ook plaas wat die Sondag aftakel. Ons vind hier eintlik die laaste beswaar van die kerk se kant oor drank in die nuwe era. So ook oor die Sondag. Die NG Kerk se stem het oor die sake stil geword en dit voel of die kerk stom is oor baie dinge en glad nie meer weet wat sy rol is of behoort te wees nie (Die Kerkbode, no.16, jaargang 160, 19 Junie 1998, 1).

8.12.5 Aborsie

Ten spyte van stemme wat in daardie tyd opgegaan het vir aborsie op aanvraag, het die sinode opnuut hulle standpunt van 1982 (Hand 1982:1242) gehandhaaf wat sê dat in die lig van die Skrif gegewens en die stand van wetenskaplike gegewens, aborsie ontoelaatbaar is. Slegs in hoogs uitsonderlike gevalle bly dit steeds 'n saak wat nie volgens God se standpunt geopenbaarde wil is nie en kan slegs met diepe worsteling, skuldbelydenis, pyn en onder felle protes aanvaar word (NG Kerk AS Hand 1994:63). Die NG Kerk neem met ontsteltenis kennis van die uitlatings van Carolus, woordvoerder van die ANC, dat aborsieregte in Suid-Afrika opgehef moet word. Die NG Kerk bevestig weer 1982 se besluit oor aborsie en sê onomwonde nee vir aborsie (Die Kerkbode, no.2 jaargang 153, 28 Januarie 1994, 1). Die NG Kerk noem ook dat lewe voor geboorte en na geboorte kwalitatief dieselfde is. Aborsie kom neer op die beëindiging van menslike lewe en kan nooit as iets anders gesien word nie. Die NG Kerk het ook die getuienis aan die Parlementêre Kommissie op Vrugafdrywing en Sterilisatie gemaak. Hier praat die NG Kerk weer tot op die hoogste vlak (Die Kerkbode, no.20, jaargang 155, 9 Junie 1995, 1). Rondom aborsie was die kerk heeltyd betrokke by die stryd rakende die veranderde wetgewing; ten spyte van al die pogings het die konstitusionele hof egter besluit dat aborsie nie teen die wet indruis nie. Die kerk het wel in die proses duidelik sy getuienis gelewer (Hand 2002:186).

8.12.6 Pornografie

Die NG Kerk neem ook hier sterk standpunt in en maak beswaar teen die voorgestelde wetgewing wat ingedien sou word. Die wetgewing behels dat volwassenes pornografie tuis mag aanhou en dat dit ook te koop by winkels kan wees. Die kerk protesteer teen pornografie omdat dit die seksuele gawe van God verlaag en verdierlik en vir geldelike gewin misbruik word (Die Kerkbode, no.6, jaargang 155, 24 Februarie 1995, 6). Oor die kinderpornografie-wet wat goedgekeur is het teoloë hulle heelhartige steun gegee. Prof. C Wethmar het enige maatreël wat sal bydrae om die Christelike lewenstyl in Suid-Afrika te bevorder, verwelkom (Die Kerkbode, no.14, jaargang 160, 5 Junie 1998, 1).

8.13 Die verslag oor versoening, armoede en morele herstel

Die ad-hoc-kommissie vir Versoening, Armoede en Morele herstel (hierna VAM) wat in die kerkmond bekend geword het as die VAM, sê tereg dat armoede met die hart van die evangelie van Jesus Christus te make het. Die VAM is juis in die lewe geroep om die kerk te help om in stukkende samelewings 'n verskil te maak (Van der Merwe 2002:128). Die Algemene Sinode het 'n kommissie benoem wat spesifiek moes aandag skenk aan versoening, armoede en morele herstel in die land. 'n Hele hoofstuk van die verslag word aan armoede gewy en baie konkrete voorstelle en wenke is ook goedgekeur (Die Kerkbode, no.2, jaargang 165, 6 Oktober 2000, 1). Pres. T. Mbeki het 'n pleidooi vir hulp met die morele opbou van die land aan kerke oorgedra. Die NG Kerk het hierop ook baie positief reageer en "is oorgehaal om 'n wesenlike bydrae te lewer op die terrein". So het prof. P Meiring, voorsitter van die jaar van hoop-projek van die NG Kerk, aan Die Kerkbode gesê (Die Kerkbode, no.9, jaargang 165, 3 November 2000, 1). In die VAM se verslag oor onder andere gesondheid, word daar breedvoerig verslag gedoen oor swak hospitale en word daar ook verwys na die VIGS-aktiviste wat beweer dat hulle taak uiters moeilik gemaak word deur die optrede van die regering. Die swak prestasies van die regering se kant af toon sterk ooreenkomste met wat in die res van Afrika gebeur, word in die verslag genoem (Die Kerkbode, no.1, jaargang 166, 2 Februarie 2001, ii). Rondom armoede-bekamping versoek die Algemene Sinode die regering van Suid-Afrika om 'n tydsraamwerk met betrekking tot regstellende aksie vas te stel, sodat jongmense in die land kan moed skep deurdat hulle nie altyd aan die rand van die arbeidsmark sal staan nie. Die sinode versoek ook die regering om sy makro-ekonomiese beleidstrategieë te implementeer wat tot werkskepping kan lei (NG Kerk AS Hand 2002:26-27,533,606).

8.14 Onderwys

Die AJK het opdrag van die sinode ontvang om die plek, funksie, inhoud en noodsaak van Bybelkunde, Bybelonderrig en die lewensbeskoulike fasette in die skoolkurrikulum in 'n nuwe onderwysbeleid te ondersoek. 'n Deeglike studie is in die verband gemaak deur die AJK en op 12 Maart 1991 is 'n persverklaring uitgereik, waarin genoem word dat die NG Kerk kennis neem dat die plek van Bybelonderrig as selfstandige vak in die breë skoolkurrikulum onder oorweging is en dat Bybelkunde se voortbestaan ook in

gedrang gaan kom. Die NG Kerk het egter nog altyd Bybelonderrig as 'n selfstandige vak in die skoolkurrikulum ondersteun en beywer hom ook vir die stelling van Bybelkunde as 'n akademiese vak. In die lig van alles het die NG Kerk die staat versoek om opnuut die versekering te gee dat die Woord van God steeds 'n sentrale plek in die onderwys sal geniet en dat die onderwys Christelik- en kultuurgedifferensieerd sal bly. Dank word uitgespreek teenoor die owerheid vir die huidige onderwysstelsel waarin Bybelonderrig 'n verpligte vak vir alle kinders van st. 2 tot 10 is, ook dat Bybelkunde 'n keusevak vir eksamen doeleindes te kies is. Omdat finale besluite op daardie stadium nog nie geneem was nie het die NG Kerk die (AJK) versoek om die owerheid te sien en hulle op die kerk se standpunt te wys. Besoek was afgelê by mnr. P.J. Clase, Minister van Onderwys en Kultuur, Administrasie Volksraad, mnr. J.D.V. Terblanche, Superintendent-generaal van Onderwys, Administrasie Volksraad, dr. H.J.S. Stone, Superintendent-generaal van Onderwys, Administrasie Volksraad, mnr. L.A. Pienaar, Minister van Nasionale Opvoeding en mnr. P.G. Marais, Minister van Onderwys en Kultuur, Administrasie Volksraad. Op hierdie stadium het geblyk dat religieuse onderrig deel sal uitmaak van 'n groepering van vakke. 'n Keuse sou deur die gemeenskap uitgeoefen kon word ten opsigte van watter religie hulle in hulle skool wil laat onderrig. In Februarie 1993, tydens 'n werkswinkel oor 'n nuwe onderwysbedeling, het die kerk benadruk dat 'n Christelike skool Bybelonderrig moet kan aanbied. Dit vorm die basis waaruit die ander lewensopvoedingsvakke gesien moet word. Op hierdie stadium was daar, wat die toekoms van Bybelonderrig betref, groot kommer. Hier word genoem dat die kerk eintlik verwag het dat, ten spyte van hulle pleidooie, Bybelkunde as vak tog in die slag sou bly (NG Kerk AS Hand 1994:146, 147; Hand 1994:147,148; Die Kerkbode, no.9, jaargang 156, 15 September 1995, 6). Die NG Kerk poog moedig om hier sy standpunt deur te kry, maar sy invloed begin taan en die nuwe bedeling spoel soos 'n tsoenami oor die kerk en sy waardes.

Die Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys (hierna IKOO) het ook kommentaar ingestuur na die Departement van Nasionale Opvoeding rakende die dokument Onderwysvernuwingstrategie. Die dagbestuur van die IKOO het ook onderhoude gevoer met mnr. P.G. Marais, Minister van die Departement Onderwys en

Kultuur, Administrasie Volksraad en dr. E.H. Davies, hoof Onderwyskoördineringsdiens. In die gesprekke het die kerk dit sterk onderstreep dat die Afrikaanse kerke se belang in die onderwys 'n gevestigde belang is wat ten alle koste beskerm moet word, betreffende die Christelike-, kulturele- en moedertaalbeginsels (Hand 1994:150,151).

Die kerk se standpunt oor die taak van die staat ten opsigte van onderwys en opleiding in 1998, het ook 'n ander klem as in 1994. Die NG Kerk sien die taak van die staat in die verband dat hulle die verantwoordelikheid het om te sorg dat die onderwys en opleiding deur wetgewing gereel word en dat daar genoegsame geleenthede vir elke kind is om volgens eie aanleg, potensiaal, belangstelling en in ooreenstemming met sy/haar religieuse lewensbeskoulike oortuigings vir sy/haar lewenstaak voor te berei en dat die staat ook 'n toereikende geleentheid sal skep vir almal wat 'n besondere religieuse lewensbeskoulike beklemtoning in die onderwys verlang (NG Kerk AS Hand 1998:122). Die NG Kerk plaas nou minder klem op die kulturele asook die alleenreg ten opsigte van die Christelike.

Die Algemene Jeugkommissie van die NG Kerk het die inisiatief geneem om die hoofstroomkerke by 'n gesprek oor die onderwys te betrek, veral met die doel om op 'n breë ekumeniese front hande te vat. Die NG Kerk betrek ook in die nuwe bedeling meer kerke om so meer gesag aan gesprekke te verleen. Die ekumeniese groep wil die boodskap aan die minister van onderwys oordra dat die hoofstroomkerke verenig is in hulle afwysing van die kernaspekte van die godsdiensbeleid. Die AJK het ook verskeie forums gebruik om sy standpunte te laat hoor in die verband en so die kerk se stem laat hoor (Die Kerkbode, no.4, jaargang 166, 19 April 2001, i).

'n Afvaardiging van die interkerklike kommissie vir opvoeding en onderwys het op uitnodiging van mnr. Asmal gepraat oor die voorgenome godsdiensbeleid vir skole. Dr. Claassen berig dat die IKOO reeds geruime tyd sy kommer uitgespreek het oor die voorgenome beleid. Kragtens die beleid sal godsdiensonderrig vervang word met onderrig oor godsdiens. Godsdiens sal dus slegs as akademiese vak op skool aangebied mag word en godsdiens sal vergelykend bestudeer moet word.

Bybelvoorlesings en gebed by saalbyeenkomste en Bybelonderrigperiodes sou so dan in gedrang kom. Die afvaardiging het hulle teleurstelling te kenne gegee oor die beleid en die proses van beleidvorming en hulle het die minister ook gevra om die kerk te erken as onderwysvennoot (Die Kerkbode, no.5, jaargang 167, 14/15 September 2001, 2).

Die NG Kerk het ook kennis geneem van die wysiginge in die nuwe wetgewing ten opsigte van die godsdiensoonderrig in skole. Dr. Dressel, voorsitter van die AJK, het aan Die Kerkbode gesê dat die godsdienstige oriëntasie van 'n gemeenskap nie meer 'n rol speel in skole se kurrikulum nie. Dit sal ook nie meer moontlik wees om vanuit 'n bepaalde etos oor godsdienste te praat nie. Bestuursrade sal ook nie meer oor die godsdienstebeleid kan besluit nie. Geen godsdienstebeoefening sal meer in skole toegelaat word nie, saalbyeenkomste sal ook nie meer geopen mag word met Skriflesing en gebed nie en die viering van onder meer Christelike feesdae en die hou van Bybelstudies sal tot na ure beperk word. Dr. Dressel het gesê dat die NG Kerk die minister wil versoek om die kerk as 'n vennoot te beskou (Die Kerkbode, no.9, jaargang 167, 2 November 2001, 16). Die NG Kerk poog om sy stem te laat hoor, maar dit raak toenemend moeiliker. Die kerke span ook nou meer saam om hulle stem te laat hoor.

8.15 Kerk en grondwet

In die skryf van die grondwet is daar baie menings gevra. Van die NG Kerk se kant is daar voorstelle gemaak wat aan die grondwetskrywers deurgegee is. Die deklarasie van Christelike beginsels wat die Algemene Sinode in 1990 goedgekeur het, het ook as uitgangspunte gedien vir die nuwe grondwet. Baie sake wat die NG Kerk in die deklarasie noem is ook aanvaar. Die erkenning van die elf amptelike tale was ook deel van die deklarasie. Die ander saak wat die NG Kerk baie duidelik gestel het is die erkenning van die oppergesag en leiding van die almagtige drie-enige God. Hierdie voorstelle is nie aanvaar nie. Dit blyk dat die NG Kerk dit verwag het en hulle ook eintlik daarvoor klaargemaak het omdat die parlement op daardie stadium nie eers meer daaglik met gebed geopen is nie. Op hierdie stadium het die NG Kerk ook nog die kulturele probeer vooropstel asook selfbeskikking vir groepe of volke wat dit so verkies

(Die Kerkbode, no.4, jaargang 155, 10 Februarie 1995, 12). In 1996 het die NG Kerk verdere voorleggings gemaak oor 'n verwysing na God in die grondwet, oor die behoud van die doodstraf as 'n opsie vir uiterste gevalle van grusame moord, oor abortsie, oor die vryheid van uitdrukking en spraak, oor die oorbeklemtoning van die individuele regte ten koste van groepregte en oor onderwys. Die NG Kerk poog ook om hier sy profetiese stem te laat hoor in die belangrike skryfproses van die grondwet, maar in die meeste gevalle word daar nie meer na die kerk geluister nie (Die Kerkbode, no.5, jaargang 157, 8/9 Maart 1996, 6; Die Kerkbode, no.11, jaargang 157, 3 Mei 1996, 6). Die Kerkbode (no.33, jaargang 157, 20 Desember 1996, 4) skryf dat Suid-Afrika se nuwe grondwet amptelik onderteken is deur pres. Mandela. Dit lei Suid-Afrika en die kerk 'n nuwe era in. Die kerk noem dat daar sekerlik dinge is waaroor 'n mens kan dankbaar wees, maar noem tog dat die verwysing na God in die aanhef nie is soos die Afrikaanse gereformeerde kerke dit wou gehad het nie. Oor die algemene regte in die nuwe grondwet is die kerk dankbaar, die demokratiese stelsel wat ons nou in Suid-Afrika het, voldoen aan belangrike eise wat uit 'n Christelike etiese hoek gestel kan word. Dit is egter ook waar dat aan bepaalde beloftes wat aan die blanke kiesers met die 1992 referendum gemaak is, veral ten opsigte van magsdeling tot selfs op presidensiële vlak, glad nie voldoen is nie. 'n Bybelse voorskrif vir magsdeling is daar natuurlik nie, maar dat magskonsentrasie in die sentrum uiteindelik tot diktatoriale optrede kan lei, waarvan ons al iets in Suid-Afrika beleef het, is waar. Die kerk noem dat hy nooit mag volstaan met tevredenheid oor die grondwet nie en moet aanhou protesteer waar die grondwet te kort skiet en waar die toepassing daarvan in die praktyk onaanvaarbaar lyk.

8.16 Liberaal, demokratiese staatsbestel

Die Kerkbode beskryf die 1998 sinode as vol waagmoed en as baie realisties oor die toekoms. Wat sou die rede wees daarvoor? Prof. P.C. Potgieter sonder hier die besluit oor apartheid uit as een van die redes. Hy noem dat oor 'n tydperk van jare die NG Kerk se afvaardigings dikwels vir ekumeniese gespreksgenote gesê het dat hulle 'n definisie moet voorhou van wat hulle as apartheid beskou: "dan sal ons kan sê hoe ons daarvoor oordeel, maar hulle het volstrek geweier en gesê die NG Kerk moet dit

ongekwalifiseerd as sonde veroordeel waarvoor ons deurgaans nee gesê het. Toe die Wêreldbond hierdie keer gevra het of ons die sg. ‘*Joint resolution*’ by ons sinode kan aanvaar het hulle in hulle meegaande brief ‘n presiese omskrywing van apartheid soos hulle dit verstaan gegee: ‘*that is forced separation of people of differing races denying the fundamental biblical teaching that all humanity is equally created in the image of God*’. Indien dit verstaan word as apartheid kan ‘n mens nie anders as om dit te verwerp nie.’ Die sinode het dan ook in die lig apartheid veroordeel (Die Kerkbode, no.15, jaargang 161, 4 Desember 1998, 6).

Wat sou die NG Kerk se standpunt wees oor die nuwe bedeling? Sou die NG Kerk dit regkry om ook hier met ‘n totaal nuwe situasie sy profetiese stem te laat hoor? Die vraag is ook tereg gevra om ‘n standpunt te formuleer oor die huidige bedeling. Die kerk kom uit ‘n geloofstradisie wat totaal anders is as nou, naamlik waar ‘n teokratiese ideaal in die politiek bely word, wat beteken dat die staat ‘n instelling van God is wat ook in diens van God staan en gehoorsaam aan God moet wees. As dit die geval sou wees dan sou dit beteken dat die staat ‘n keuse moet maak op die terrein van die godsdienste en sou hy vir die Christelike geloof moes kies teen die ander, maar dit sou nie hier eindig nie, hy sou ook Christelike waardes moet nastreef en ‘n bepaalde verantwoordelikheid teenoor die kerk moet nakom. Dit sou moes spreek van ‘n noue samewerking en wedersydse begrip vir mekaar. Sou die kerk die standpunt in die nuwe bedeling kon handhaaf? Wat was die alternatiewe en is daar ‘n alternatiewe in die verband? Hierdie beskouing het dan ook in die huidige politieke bedeling onder druk gekom. Wat nou voorop gestaan het was ‘n Handves van Menseregte. Dit op sigself was totaal vreemd, gesien Suid-Afrika se totale geskiedenis. Die staat sou van nou af gesien word as ‘n menslike instelling wat deur die bevolking daar gestel is en dus wettig is. Met ander woorde die wil van die meerderheid moet nou gevolg word, maar daar moet ook ruimte vir almal gegun word. Dit is dan nou hier waar die rol van menseregte sou inkom. Van nou af sou alle godsdienste vir die staat gelykwaardig wees en hy maak nie ‘n keuse vir een nie. Die hele speelveld het vir die kerk verander. Algemeen menslike waardes word nagestreef soos in die Handves van Menseregte, geen Christelike waardes word nagestreef nie en godsdienstvryheid word vir die kerk gebied, maar die

kerk geniet geen besondere beskerming van die staat bo ander godsdienste nie. Nou kan die belangrike vraag gevra word oor hoe ons teokratiese belydenis rym met die huidige politieke bestel? 'n Volgende vraag is in watter mate kan die gereformeerde Christen betrokke raak by 'n politieke bestel wat so anders is as dit wat ons bely? Die sinode vra die vrae om ernstig te besin oor wat die standpunt van die kerk behoort te wees. Die Handeling van die sinode noem dat die Woord die pad moet aanwys.

In die Ou Testament was die volk voor die ballingskap 'n politieke sowel as 'n geloofsgemeenskap met die ideale samewerking tussen koning, priester en profeet. So 'n Israel moes 'n teokrasie in die volle sin van die woord wees, wanneer daar afgewyk is van die pad van die Here het die profete die konings sowel as die priesters aangespreek. Dit het in die ballingskap verander en Israel het 'n geloofsgemeenskap onder 'n vreemde en soms vyandige heidense politieke bestel geword. Hier moes hulle keuses maak oor hulle verhoudings met heidense konings en owerhede. In die tyd het Israel vasgehou aan die geloof en die belangrike gedagte dat God regeer en dat regerings onder sy beheer staan; Jes. 45:1 verwys na die ballingskap waar God die heidense koning Kores so aangespreek het: "So sê die Here aan sy gesalfde, Kores vir wie Hy as heerser aangestel het..."; ook in Dan. 2:37 word koning Nebukadneser herinner: "U is die groot koning, die God van die hemel het aan U die heerskappy, die krag en die mag gegee". Die belangrike gedagte kom hier na vore dat al het die konings nie in God geglo nie, word daar steeds bely dat God alleen regeer en dat alle koningskap deur Hom aan mense toegeken word. Gesien ook in die lig beteken teokrasie dat God oor en deur alle aardse magte regeer. Dit is 'n werklikheid al sou die bepaalde regerings dit ontken. Die heidense owerhede het aan Israel ook geleentheid toegeken. Dit het hulle ook as gawe van God erken. In Jes. 40, die tweede boek van Jesaja, word die toegewing van koning Kores, 'n heidense koning, om terug te gaan na Jerusalem gesien as 'n beskikking van God self: "Ek sê vir Kores: 'Ek sal jou as herder aanstel, jy moet my wil uitvoer, jy moet van Jerusalem sê, hy moet weer opgebou word en die tempel moet herstel word'" (Jes. 44:28); so ook die boek Esra (1:1-4; 6:6-12 en 7:11-28). Nehemia (2:1-10) wat baie klem lê op die rol wat die heidense konings gespeel het om die herstel van Israel moontlik te maak: "Geloof sy die Here, die God

van ons voorvaders. Hy het die koning die besluit laat neem om die tempel in Jerusalem goed toe te rus". Die Ou Testament skeer nie alle heidense owerhede oor dieselfde kam nie, maar tref tog onderskeid tussen die owerhede wat ruimte gee vir Israel om sy geloof uit te leef en die owerhede wat Israel ook vervolg het.

Soms is daar ook saamgewerk met die heidense owerhede. In die Ou Testament is daar 'n hele reeks verhale oor gelowiges wat in regerings van heidense vorste gedien het bv. Josef, Nehemia en Daniël. Die samewerking met heidense owerheid word in die Ou Testament nie gesien as in stryd met die geloof in die Here nie, daar is ook nie net gefokus op voordele van die volk nie, maar 'n algehele voordeel vir almal: "Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, en bid tot My in daardie stad, want sy belange is ook julle belange" (Jer. 29:7).

Israel het ook gewys waar hy gestaan het met heidense gebruike wat teen hulle grein was. Daniël en sy vriende is duidelike voorbeelde daarvan (Dan. 3).

Israel het in hulle ballingskap in hulle verhouding met die heidense owerhede nie net gedink in terme van net samewerking of net teenstand nie, hulle geloofshouding was soepel, waar moontlik het hulle saamgewerk, maar het ook teenstand gewys waar die owerheid sy grense oorskry het soos in die geval van Daniel.

Die Handeling van die sinode sien die rol van die NG Kerk in die huidige situasie ook soos in die lig van die Ou Testament.

Die Nuwe Testament toon ook verrassende ooreenkomste met die geloofshouding van Israel in ballingskap. Die Handeling van die sinode noem dat die kerk van Christus telkens beskryf word as 'n kerk in ballingskap. "Geliefdes, in die wêreld is julle vreemdelinge en bywoners" (1 Pet. 2:11). Die gedagte van vreemdelingskap van die gelowige word egter in die Nuwe Testament "geradikaliseer".

In die Nuwe Testament word die klem weer baie gelê op die Christen se plig tot onderwerping aan elke menslike owerheid (1 Pet. 2:13, Rom. 13:1-7). Ook omdat die owerheid deur God ingestel is. Die Nuwe Testament dui 'n positiewe waardering van owerheidsgesag aan. Die gedagte van gebed speel 'n baie belangrike rol asook samewerking vir vrede. Die ruimte wat onder 'n heidense owerheid aan die kerk gegee word, moet gebruik word. Die Handelingte noem dat die kerk bo alles moet aanhou om te bely dat Christus die koning is en haal Ef. 1:21 aan "...hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy". Die kerk kom in verset wanneer die owerheid dan goddelike aansprake maak.

As gelowiges kan ons saamwerk met 'n godsdienstige neutrale owerheid om die gemeenskaplike voordeel van vrede en geregtigheid so te bevorder. Die samewerking met owerhede is gebou op dit wat ons as God se wil bely, naamlik dat alle owerhede deur God ingestel is en onder God se gesag val. 'n Totale lojaliteit aan enige politieke instelling of persoon of beleid is nie deel van 'n gelowige nie, juis omdat gelowiges weet dat God die finale sê het en ons moet onvoorwaardelik voor Hom alleen buig. So ook moet daar gewaak word as enige leier so deur mense vereer word dat daar byna 'n messiaanse kleed omgehang kan word. Teenoor so iemand behoort daar altyd verset te wees. 'n Baie belangrike punt wat gemaak word is dat die kerk altyd hierdie geleentheid opnuut moet gebruik om te ontdek wie ons is in Christus. Die kerk moet nadink oor wat dit beteken om 'n gereformeerde kerk te wees in 'n sekulêre staat. In uiterste situasies kan die kerk 'n status confessionis teenoor die staat bereik waarin die moontlikheid van saamdink en deelname eenvoudig nie meer moontlik is nie en wanneer geloofsgetuieis alleen moontlik is in 'n daad van politieke ongehoorsaamheid. Hier is dan nie sprake van 'n totale losmaking nie, maar ook nie een van vanselfsprekende samewerking nie. In so 'n situasie is die identiteit van die kerk 'n noodsaaklikheid, om juis te weet hoe ver ons mag saamwerk sonder om ons gehoorsaamheid aan Christus noodwendig op die spel te plaas (NG Kerk AS Hand 1998:83-88,418,427).

As riglyn vir gesprekke met die regering van die dag en ander owerheidsinstansies het die AKLAS op grond van die gereformeerde belydenis die liberaal-demokratiese staatsbestel ook verder geëvalueer. Die grondwet is dus beoordeel volgens Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Die verslag merk dat daar spanning is tussen ons belydenis van die teokrasie en die bestaan binne 'n demokrasie. Art. 36 van die NGB impliseer die oppergesag van die drie-enige God oor alle terreine van die samelewing. God beklee die owerheid met gesag, maar hiermee word nie geïmpliseer dat God gesag oordra aan die staat nie. Die owerheid is 'n dienaar van God wat sy werk volgens die geopenbaarde wil van God moet verrig. 'n Tweërlei taak word aan die owerheid opgedra naamlik die beskerming van die reg en ook die beskerming van die heilige Woordbediening. Van die Christen word daar 'n voorwaardelike onderwerping aan die gesag van die owerheid vereis. Wat die wetgewing betref moet dit deurgaans getoets word aan die geopenbaarde wil van God in die Skrif. Die NGB impliseer dat die staat die Christelike godsdiens aktief moet beskerm en bevorder, verder sal dit die kerke van Gereformeerde belydenis moet bevoordeel sodat die Gereformeerde Staatskerk, soos dit in die geskiedenis van Nederland bestaan het, ook in ons eie vroeë geskiedenis sy beslag weer gekry het. Die staat sal ook ander godsdienste, ook die wat van die Reformatoriese belydenis afwyk, aktief moet teëwerk soos byvoorbeeld die Rooms Katolieke en die Wederdopers. Die noue band tussen die owerheid en die kerk sal weer daar moet wees. Die belydenis vereis verder implisiet 'n feitlike identifikasie van burgerlike gemeenskap en die Christen-gemeente omdat beide deur dieselfde waardes gedra word. Die voorafgaande beredenering word dan meer gesien as 'n fundamentalistiese lesing van Art. 36, waarin die historiese afstand tussen ons situasie en daardie konteks te gering geskat word. Die huidige situasie en dit waarbinne die NG Kerk ontstaan het verskil radikaal in hermeneutiese vertolking.

Die belydenisskrif Artikel 36 van die NGB gee egter nie vir ons pasklaar antwoorde oor ons verhouding met die owerheid nie. Die Artikel wil ons juis aanspoor tot nuwe nadenke waar ons eers na die Skrif en ook na die kerk se belydenisskrifte luister. Die Gereformeerde gelowiges van die sestiende eeu het steeds binne die konteks van die corpus christianum geleef, die vervlegting van owerheid en kerk asook die

vereenselwiging van burgergemeenskap en Christengemeente was vir hulle vanselfsprekend. Die hiërargiese struktuur het funksioneer in hulle samelewing wat 'n outoritêre gesagstruktuur was. Dit het hulle denkwys oor gesag en die gesag van God sowel as die afgeleide gesag van skrif, kerk en owerheid diepgaande beïnvloed.

Wat die liberale demokrasie betref, vertoon dit die volgende tipiese kenmerke: die legitimiteit van die staat lê daarin dat dit verteenwoordigend is van die meerderheid van die bevolking, so word regerings deur die meerderheid van stemgeregtigdes bepaal; die grondwet wat 'n handves van menseregte vervat, beskerm die minderhede en individue teen moontlike magsmisbruik van die regering; die liberale demokrasie is by uitstek 'n konstitusionele staatmodel en alle individue het gelyke regte onder die grondwet; 'n steunpilaar vir die liberale demokrasie is die onafhanklikheid van die regbank en die vrye toegang van alle individue tot die reg. Hier vind 'n mens 'n godsdienstig-neutrale staat waar vryheid van godsdienst gewaarborg word. Ons vind ook 'n sterk onderskeid tussen kerk en staat met 'n sterk gesekulariseerde karakter. Die liberale demokrasie is die vrug van fundamentele verskuiwings wat in die Westerse wêreld plaasgevind het sedert die verligting, dit staan tussen ons en die ontstaanstyd van die NGB. Dit kom daarop neer dat die waardes waarop die samelewing geskoei word gaandeweg gesekulariseer is. Die nadraai van die reformasie het bloedige godsdiensoorloë tot gevolg gehad en mense is gedwing om samebindende waardes te soek waarin godsdienst al hoe minder invloed uitgeoefen het. Die mondige individu is die persoon wat die waagmoed het om vir hom- of haarself te dink teenoor magte soos tradisie en propaganda wat die mens se denke van buite probeer beheer het. Die volle krag van die liberale demokrasie en die verskuiwings wat die weste sedert die verligting deurgegaan het, het ons land eers sedert die politieke omwenteling ná apartheid getref.

Die hele agterdog teen godsdienst en gesagsfigure word pynlik beleef in 'n bewind wat as Christelik Nasionaal aangedui was. Tussen ons teokratiese ideaal en ons demokratiese bestel is daar spanning en knelpunte rakende die wyse waarop God in die aanhef ter sprake gebring word. Die aanhef van die grondwet verwys na God in die woorde: "Mag God ons mense beskerm" en "God seën Suid-Afrika". Hier word bloot na

God verwys en nie na die drie-enige God nie. Kan die kerk, gesien in die lig binne ons konteks, die teokratiese belydenis in sy volle konsekwensie handhaaf en verwag dat die staat 'n eksplisiete keuse vir die Christelike geloof verwag? En behoort ons aan te dring by die staat om God se oppergesag te erken? Een van die waardes waarop die Suid-Afrikaanse staat gegrond is, is "die oppergesag van die grondwet": hier kon gesê word dat die oppergesag van God en die Bybel as Woord van God in gedrang gebring word. Kan die kerk van die staat vereis om die oppergesag van die Woord te erken? As ons hier 'ja' sou antwoord, sou dit impliseer dat die kerk in die liberale demokrasie op 'n pad van verzet teen die staat geplaas word. As dit nie 'n konsekwente 'ja' is nie, sal ons weer opnuut na Artikel 36 van die NGB se bewoording en intensie moet kyk. In ons liberale demokrasie is die aanhef tot die grondwet dat die "regering gegrondves is in die wil van die bevolking". Die wil van die meerderheid gee dus die deurslag. Wat gebeur egter as die wil van die bevolking iets goedkeur wat volgens ons oortuiging verkeerd is? Juis dit kan spanning bring tussen die kerk en die liberaal-demokratiese staat in terme van dinge soos prostitusie, aborsie en pornografie. Wanneer dit deur die wil van die meerderheid gewettig word kan die kerk in die geval, en anders waar die meerderheid se wil in stryd is met die Woord van God, vereis dat die staat die Woord bo die wil van die bevolking stel? Die menseregte is die hart van die liberale demokrasie en die hart van die 1996 grondwet in Hoofstuk 2. Bring die kerk se bestaan binne die liberale-demokrasie dalk nuwe gesigspunte na vore wat ons noop om opnuut na maniere te kyk waarop die NGB Artikel 36 die teokrasie bely? Hoe moet die kerk die spanning hanteer as die kerk nie Artikel 36 en die handves van regte se perspektief op die verhouding tussen staat en godsdiens kan onder onderskryf nie. Dit laat die kerk met verskeie moontlikhede. Dat die kerk op grond van Artikel 36 die liberale demokrasie as staatsvorm verwerp kan egter nie, omdat Artikel 36 moet verstaan word teen die agtergrond van die identifikasie van die Christelike gemeente en die burgerlike gemeenskap wat in die corpus christianum gangbaar was. 'n Christelike staat waarin nie 'n bepaalde kerk nie, maar die breë Christelike belydenis en waardes as grondslag vir die staat dien nog haalbaar is, lei ook tot probleme omdat Christene ook nie saamstem oor wat 'n Christelike staatsbestel presies moet wees nie. Artikel 36 moet nie op 'n fundamentalistiese wyse gelees word nie. Ook nie die teokratiese belydenis in

sy geheel afwys en die liberale-demokrasie as 'n volkome aanvaarbare staatsbestel sien nie. Dit maak weer van die Christelike geloof 'n blote privaat inspirasie sonder enige implikasies vir die openbare lewe. Dit sou die kerk dwing om teenoor die liberaal-demokratiese bestel onkrities te wees en slegs 'n meeloper te word van alles. Die beoordeling van die liberale demokrasie is dat die kerk, ongeag of die staat homself beskou as dienaar van God (Rom. 13:1-7, 1 Pet. 2:13-17), die staat so sal sien. Die oppergesag van die grondwet is nie 'n ontkenning van die oppergesag van God nie, dit wil bloot aandui dat dit in wetgewer en regspleging as finale arbiter geld. In die hele debat wil die kerk nie die openbare debat oorheers nie, maar wel dienend 'n bydrae lewer. Die oppergesag van God oor alle lewensterreine is vir die kerk 'n saak van erns (NG Kerk AS Hand 2002:229-237).

8.17 Die Kerkorde

Strauss (2001:90) skryf dat die KO '62, wat kerk en staat betref, eers werklik heelwat veranderinge toon in 1998. Die KO 1998 gebruik elemente van Rom. 13 (Strauss 2010:128). Dit word op "...'n eenvoudige en meer direkte Bybelsgegronde manier (word) hier op die juridiese bestemmingsfunksie van die staat afgestuur, iets wat in 1962 geïmpliseer, maar nie geformuleer is nie". Die KO 1998 het ook 'n nuwe artikel bygekry naamlik artikel 65.2 wat handel oor die swaardmag van die regering en dat die regering deur God daargestel is en gevolglik die nodige eerbied moet kry. Verder noem Strauss dat die nuwe artikel 65.3 net "twee sake op 'n nuwe manier verwoord". Die twee sake handel oor die reg op vryheid van godsdienst en die reg om beskerm te word deur die owerheid. Hier word nou 'n meer algemene reg verwag van die regering oor hierdie sake, juis omdat die regering verander het en die NG Kerk se noue verbintenis daarmee in gedrang gekom het. Strauss (2001:91) noem dat die basiese elemente van 1962 steeds daar is, maar dit is egter minder sosiologies-wysgerig en meer kerklik-eenvoudig geformuleer". Strauss (2010:129) noem dat die "implisiete *ons* regering van 1962 word vervang met 'n meer saaklik-Bybelse benadering – gegrond op Romeine 13". Die sprong van 1962 tot 1998 in die KO is sterk voelbaar met groot klemverskille. Die NG Kerk het in die era deur baie stroomversnellings gegaan en steeds aangepas vanuit die Woord.

8.18 Die kerk se getuienis

Sou die kerk se getuienis verander in die tyd? Watter invloed sou die nuwe bedeling op die inhoud van die kerk se profetiese stem gehad het? Het die kerk in die tyd stiller geword en minder met absolute gesag gepraat? Hierdie asook seker nog vele meer vrae kan onder die hofie gevra word?

“Die kerk is deesdae heelwat meer beskeie in sy uitsprake en optrede. Dat die gemeenskap en lidmate egter die kerk se stem wil hoor is seker” is die mening van dr. B. van Zijl (predikant verantwoordelik vir navorsing en ontwikkeling in die Suid-Transvaalse Sinode van die NG Kerk). Hy het gereageer op die opmerking van prof. Joubert dat die kerk eerder moet stilbly en stilweg moet uittree uit die openbare arena. Joubert skryf: “’n Self opgelegde swye saam met die risiko van irrelevantheid daaraan verbonde is dalk die enigste, eerbare uitweg; mense ervaar die kerk wat dikwels baie te sê het oor sogenaamde sosiale euwels, maar min gestalte gee aan sy teenwoordigheid in die samelewing as tam; Suid-Afrikaners ervaar die kerk toenemend as ongeloofwaardig, die kerk was en is dikwels so besig met interne krisis, teologiese binne-gevegte, skandale in sy eie heilige ruimtes en blote moraliste gekleurde, verbale protes teen openbare euwels dat probleme soos die ekonomiese uitbuiting van armes, die vestiging van norme wat aan individue en groepe groter menswaardigheid verleen en sosiale geregtigheid onaangeraak deur die vingers van blote kerklike protes geglip het”. Van Zijl se reaksie hierop is dat die kerk onhoorbaar geword het ten opsigte van die dinge waarvoor hy moet praat, omdat hy sy vrymoedigheid verloor het. Die eerste rede hiervoor is die politieke situasie. Hy noem die verskil is dat in die vorige politieke bedeling die wette vir ons besluit het en gevolglik het daar van selfstandige denke nie veel gekom nie. ‘n Verdere rede was die kerk se rigiede denkpatroon in die verlede rondom strukture, kleredrag en geboue. Prof. Coertzen het verder hierop reageer deur te noem dat die kerk ‘n getuienis moet lewer, maar dit moet ‘n daad getuienis wees. Verskeie redes kan aangevoer word oor die kerk se getuienis wat nie meer so prominent is nie. Die stelling dat die kerk stiller geword het, word in die era byna deur almal erken. Oor die spesifieke redes kan daar baie gegis word (Die Kerkbode, no.3, jaargang 168, 15 Februarie 2002, 1).

De Gruchy (1974:225-227) noem dat die getuigenis van die kerk is in die eerste plek om die regering te ondersteun en om orde te onderhou. Die gedagte van aanmoediging kom hier sterk voor. Die kerk moet die staat egter herinner dat geregtigheid die basis van orde is. Die aanprysing en kritiek van die kerk se kant af moet in fyn balans wees. Die enigste mense wat die staat moet vrees is diegene wat die wette oortree. In die tweede plek moet die kerk die staat altyd herinner dat die staatsbeleid nie afgodsdien word nie en dat dit wat die staat aanbeveel nie net absoluut slaafs nagevolg moet word nie. Derdens moet die kerk nooit te veel verwag van die staat nie. Die staat word ook nie deur engele bestuur nie. De Gruchy herinner ons hier dat die staat nie volmaak is nie en juis daarom aanmoediging nodig het. Vierdens mag die kerk ook nie te min van die staat verwag nie. Die kerk is die advokaat van die wat geen mag het nie en mag nie rus voordat reg geskied het nie. Vyfdens mag die kerk nie van die staat verwag wat hy nie in sy eie kring kan vermag nie. Die kerk se eie huis moet ook in orde wees en dit sluit uiteindelik baie sake in. Laastens mag die kerk ook nie in die versoeking verval om die wat regeer as vyande te beskou nie, veral nie waar die kerk teenoor die staat die woord van regverdigheid moet spreek nie. Die beleid van die staat moet nie net gekritiseer word en die programme moet nie net verwerp word nie. Die kerk se oogmerk moet nie wees om net in konflik met die staat te wees en so te dink dat hy dan nou 'n goeie profeet is nie.

Wanneer die kerk te naby aan die staat beweeg word die kritiese afstand tussen kerk en staat ondermyn. In die verlede het dit gebeur dat die kerk die ideologie van die staat verdedig en verduidelik het. In 'n tyd van veranderinge in Suid-Afrika is die gevaar nog steeds wesenlik dat kerke die nuwe staat kan navolg en napraat. Watter funksie het 'n profeet? Hy moet soos 'n seismograaf wees, hy moet die trillings en grondverskuiwings van sy tyd probeer registreer en interpreteer. Dit moet hom help om sy profetiese stem te laat spreek en te toets aan die Woord (Die Kerkbode, no.18, jaargang 157, 19 Julie 1996, 7).

'n Baie belangrike punt wat De Gruchy maak (1974:228-331) is die stryd van die kerk om die stryd van hoop lewendig te hou. Hoop is die fondament van die kerk se

boodskap, die ewige lewe vir elkeen wat glo en die dood kan dit nie vernietig nie. Hoop vir die individu en hoop vir die samelewing. Hoop is ook die belofte van vrede. Die kerk getuig van die Koninkryk van die Here, maar bring dit nie self nie, tog is daar 'n verbinding tussen die twee.

Van der Watt (1987:111) noem dat die kerk nie slegs met die verkondiging van die Evangelie te doen het nie en as die kerk dalk so dink dit 'n verloëning van sy profetiese roeping is. Natuurlik het die kerk nie die reg om politieke beleid voor te skryf nie, maar dit onthef hom nie van die verantwoordelikheid om vir die staat 'n gewete te wees nie. Die kritiek van die ander kerke het juis ontvou met die gedagte dat die NG Kerk nooit so ver kon kom om fundamentele profetiese kritiek teen die beleid van afsonderlike ontwikkeling uit te spreek nie (Kingham 1987:156-157). Kinghorn (1987:169) noem dat die kerk nie sy profetiese kritiese funksie nagekom het nie, omdat die kerk toegelaat het dat 'n praktyk ontwikkel het wat al hoe minder geklop het met die destydse ideale van geregtigheid, vryheid en gelykheid. Liefde, geregtigheid, menswaardigheid, orde en vrede is juis belangrike aspekte waarby die staat juis moet hou (Strauss 1993:8). Kinghorn (1987:169) beklemtoon ook dat die NG Kerk nie 'n lewenswyse van onderdrukking of van minderwaardigheid vir die swart en gekleurdes beoog het in Suid-Afrika nie en dit kan met volle oortuiging gesê word.

Die kerk het uiteindelik 'n baie belangrike doel en dit is om sy "heilige roeping" uit te leef en om beide die staatsowerheid en die wêreld waarin hy staan "profeties en getuigend" aan te spreek (Strauss: 1993:4). Volgens Kerk en Samelewing 1990 roep Christus die gelowiges nie alleen in die kerk byeen nie, maar om sy koningskap op alle terreine van die lewe te dien en so vir die wêreld tot seën te wees (Strauss:1993:8). Barth se uitgangspunt vir "kerk en samelewing" is God se genade in Jesus Christus. Kerk en staat moet volgens hom nie van agter, vanuit die skepping en sondeval nie, maar van voor, vanuit Christus en die koninkryk van God, benader word (Strauss 1993:18). Barth gebruik die beeld van twee konsentriese sirkels waarvan die kerk of die gemeente die binneste en die staat of burgerskap die buitenste sirkel is (Strauss 1993:18). Die gemeenskaplike middelpunt van beide is Christus en die verkondigde koninkryk van

God (Strauss 1993:18). Die lig van die Evangelie of koninkryk van God val direk op die kerk vanwaar dit moet oorgaan op die staat. Barth verwerp die moontlikheid van 'n Christelike staat en Christelike politieke partye; volgens Barth tree die gelowige op hierdie terreine anoniem op (Strauss 1993:19). Barth bepleit 'n sterk sprekende kerk met 'n bykans "stille Christen" in die ander samelewingskringe, terwyl dit met Kuyper net andersom is (Strauss 1993:19). Barth kies vir 'n samelewing aan 'n kerklike leiband (Strauss 1993:20). Heyns sê dat kerk en staat eintlik komplimenterende begrippe is (Strauss 1993:21).

Oor Kuyper meen Durand dat hy sy opvattinge oor kerk en staat laat rus op sy leer oor die algemene en die besondere genade (Strauss 1993:10). Vir Kuyper werk die algemene genade na die sondeval in die skepping soos die regeneratiewe vermoë van die menslike liggaam waardeur die wond self genees en die natuur homself herstel. God se aandeel aan hierdie proses is slegs om deur 'n soort intredende genade te lei en te bestaan. Genade is iets wat aan die mens toegevoeg word en is nie inherent nie (Strauss 1993:11). Die algemene genade opereer op die nie-kerklike terreine, waaronder ook die staat val (Strauss 1993:11). Op sy beurt opereer die besondere genade weer uitsluitlik in die georganiseerde kerk. Slegs binne die mure van die kerk brand die lamp van die Christelike religie. Die lig daarvan straal egter deur die vensters heen na buite en so val dit op alle dele van die gemeenskap (Strauss 1993:11).

8.19 Wat is die staat volgens J.A. Heyns

Volgens Heyns (1988:111) het die staat 'n eie struktuur, 'n eie wetmatigheid, funksie, begrening en geskiedenis. Dit is ook anders as ander samelewingsverbande en tog ook intiem betrokke en afhanklik van ander samelewingsverbande. Tog is die staat ook nie 'n alles samevattende samelewingsverband nie, dit kan ook nie gesien word as die somtotaal van alle georganiseerde en nie-georganiseerde sosiale lewe nie.

Oor die wese van die staat, sê Heyns (1988:113-114): "die staat is die gawe van God se algemene genade in Christus om as samelewingsverband, met die reg as norm en met die alleenbeskikking van die swaardmag as middel, verantwoordelik te wees vir die

openbare samelewingsorde binne bepaalde geografiese gebied". Die staat bestry slegs die sonde na sy uitwendige openbaringsgestalte. Die vraag kan ook gevra word of die staat daar sou wees as daar nie sonde was nie? Sommige beweer dat dit nie daar sou wees nie. Art. 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word hier gebruik ter staving dat God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel het, so is die swaard aan die owerhede gegee om die kwaaddoeners te straf en die vromes te beskerm (Heyns 1988:115). Die staat is ook 'n instelling van God, hiervoor is daar heelwat Skrifbewyse onder andere Spreuke 18:15, 1 Pet 2:13, 1 Tim 2:2 en Titus 3:1. Die bekendste gedeelte is waarskynlik Romeine 13 wat soms gesien word as die Handves van die Christelike Staatsopvatting. Dit skryf Paulus diep onder die indruk van die Romeinse owerheid wat die Jode onderdruk het (Heyns 1988 :116). God wil ook sy reg en goedheid deur die staat handhaaf en die staat is 'n bewys daarvoor. Die verdere oproep tot gehoorsaamheid aan die staat is nie 'n blindelinge gehoorsaamheid nie. Die staat is nie verhewe bo kritiek vir hulle wat die staat as 'n Goddelike instelling sien nie. Hand. 5:29, 4:19 en Matt. 22:21 dui aan dat die mens God meer moet gehoorsaam as die menslike owerheid, en gehoorsaamheid aan die owerheid is 'n integreerende deel van die gehoorsaamheid van die gemeente van Christus (Heyns 1988:117). Dat die staat se gesag van God kom is 'n gegewe. Die staat is in 'n ampposisie geplaas om op 'n bepaalde manier op te tree. Die staat het ook afgeleide of toegekende gesag. Volgens 1 Pet 2:13,17, 1 Tim 2:1-2, Spr. 8:16 en Dan. 5:21 is hierdie gesag alleen gesag as dit in ooreenstemming met die Woord van God is (Heyns 1988:127-133).

Al word die owerheid deur die staat verkies kan die gesag en die mandaat nooit vanuit die volk gesien word nie. As ampsdraers vra die owerheid primêr na die waarheid in Gods Woord, daarom doen hy wat God van hom vra en nie wat mense van hom vra nie. Die staat is egter 'n regsgemeenskap en nie 'n geloofsgemeenskap soos die kerk nie, so hou die kerk op om kerk te wees as hy nie meer Christelik is nie, maar die staat hou nie op om staat te wees as die staat nie meer Christelik is nie. Ook die staat, soos ander samelewingsverbande, is geroep om die koninkryk van God te dien (Heyns 1988:136-137).

8.20 In en oppad na die nuwe millennium

Oppad na die nuwe millennium was daar in die onsekere tye weer die behoefte om te hoor wat die kerk se belydenis was. In die Geloofsverklaring 2000 wou die kerk net weer in kort sê waarin hy glo, veral omdat daar in die tyd verwarrende geluide was oor geloofskwessies. Hierdeur wou die kerk by die lidmate net weer rustigheid skep oor die toekoms (Die Kerkbode, no.14, jaargang 163, 3 Desember 1999, 4). Die kerk se boodskap vir die nuwe millennium en vorentoe is dat die kerk sy moue moet oprol vir die volgende eeu en moet voortbou op die goeie werk wat in die vorige eeu gedoen is (Die Kerkbode, no.10, jaargang 164, 2 Junie 2000, 6). Die NG Kerk gaan die nuwe tyd volstoom binne. Hiervan spreek die jaar van hoop in 2001 wat die kerk voorstel om ook vir onder andere morele herstel te pleit (Die Kerkbode, no.1, jaargang 166, 2 Februarie 2001, 1; Van der Merwe 2002:129). Met dié jaar wil die kerk weer opnuut hoop gee vir die samelewing in Christus en meer fokus op die samelewing se uitdagings (Die Kerkbode, no.1, jaargang 166, 2 Februarie 2001, 11). Die NG Kerk hou by sy jaar van hoop en doen dit ook daadwerklik met gebedsbyeenkomste in die Grootte Kerk vir alle parlementariërs van alle partye. 'n Pastorale ondersteuningsgeleentheid is ook aangebied waar parlamentslede, wat lidmate van die Geref. Kerke, Ned. Herv. Kerk, VGK, en NG Kerk is, die leiers van die kerke ontmoet het. Die feit dat 'n Christelike gebed nie meer aan die begin van 'n parlementêre sittingsdag gehoor is nie en dat baie ander Christelike simbole uit die openbare samelewing verdwyn, maak die taak van die kerk des te meer groter en belangriker. Juis daarom het die kerk die geleentheid geskep vir parlamentslede in die Grootte Kerk. Dit is ook 'n teken van die kerk se belangstelling en betrokkenheid by die wetgewers van die land. Die pastorale ontmoeting is as belangrik gesien en sluit ook aan by die voorbiddingtaak van die kerk wat spreek van die kerk as profeet (Die Kerkbode, no.2, jaargang 166, 8/10 Februarie 2001, 4).

8.21 NG Kerk 350 jaar

Vroeg in die nuwe millennium is die NG Kerk 350 jaar in Suid-Afrika. Die Kerkbode vra of daar iets is om te vier, maar voeg ook dadelik by dat "om te ween en te sê ons het die afgelope 350 jaar vreeslike foute begaan en nou moet ons maar vergeet van

feesvier, 'n fout sal wees". As daar na die verlede gekyk word kan die kerk tog terugkyk met dankbaarheid deur die genade. Dit is dan ook 'n geleentheid vir die kerk om te leer wat sy profetiese rol is teenoor die regering. Prof. Landman sê: "...ons moet na die lig en skadu kolle kyk en jubel oor die bydraes wat die NG Kerk gelewer het ten opsigte van die vestiging, opbou en ontwikkeling van hierdie land, asook sendingwerk, maatskaplike sorg, en Woordverkondiging. Uiteindelik het die NG Kerk 'n bydrae gelewer om apartheid af te breek" (Die Kerkbode, no.1, jaargang 168, 1 Februarie 2002, 1). Hofmeyr (2002:11) noem dat elke keerpunt op die NG Kerk se pad weer 'n stuk herlewing en heropbou die lig laat sien het en altyd weer die fokus op hoop gevestig het. Prof. P.C. Potgieter antwoord op die vraag oor twee dinge waarvoor hy die dankbaarste is: "Dat ek aan 'n kerk behoort wat bereid was om hom in moeilike tye en oor moeilike kwessies te laat lei deur die Woord van God. Die NG Kerk besef dat hy nie eers moet besluit wat sy standpunt is en dan agterna Bybelse gronde daarvoor moet soek nie" (Die Kerkbode, no.6, jaargang 168, 5 April 2002, bylae).

Mnr. Peter Marais, die Wes-Kaapse premier, het 'n feesboodskap gelewer in die Groote Kerk in Kaapstad en gesê dat die NG Kerk se amptelike afwysing van apartheid in 1986 en 1998 van die betekenisvolste gebeure in die kerk se geskiedenis was. Van die regering se kant het hy ook 'n sterk pleidooi gelewer dat kerke en provinsiale regerings hande moet vat in die stryd teen die moderne vyande soos onder andere vigs in Suid-Afrika. Hy noem dat dit die kerk se taak is om morele waardes te help vestig en voeg by: "ons het u nodig ...die NG Kerk se werk en roeping is nie klaar nie". Prof. P.C. Potgieter noem dat God 'n besondere taak vir Christene en kerke in die land het. Hy verwys na Jan van Riebeeck se gebed op 6 April 1652 "dat God die land moet bewaar" en noem dat God dit wel gedoen het. "Vir meer as drie eeue was God se hand onmiskenbaar in die geskiedenis sigbaar, daar was tye van swaarkry, oorlog, rasse konflik en bloedvergieting, maar weens die genadige beskikking van God het ons weer die lig gesien. Die slegte tye is egter nie verby nie, onskuldige boere en bekendes word sinloos vermoor en vroue word verkrag. Die mensdom sal sy eie vrede bedreig solank hy nie vrede met God vind nie" (Die Kerkbode, no.7, jaargang 168, 12 April 2002, 1).

Oor die NG Kerk se huidige ingesteldheid en energie vir die pad vorentoe, skryf G. Hofmeyr, dat die NG Kerk tans 'n negatiewe "maattemmer mentaliteit" openbaar. Wat sou die oorsaak daarvan wees? Hofmeyr noem dat dit te wyte is aan veral die kollektiewe skuldgevoel en depressie na 1994. Dit het verseker 'n rol gespeel na 1994 asook wat die NG Kerk se profetiese rol in die era daarna betref het. Die kerk het ook 'n aansienlike bydrae gelewer tot die ongeveer 70% Christene in die land. Hofmeyr skryf dat die onbetrokke "maattemmer mentaliteit" veral oor die laaste twee dekades sterk na vore gekom het (Die Kerkbode, no.6, jaargang 169, 20 September 2002, 7). Prof. P.C. Potgieter sluit byna hierby aan en noem dat die NG Kerk 'n beduidende rol in die verlede gespeel het, veral ook met die oorgang na die nuwe bedeling. Hy skryf dat daar in die verlede baie meer notisie van die NG Kerk se standpunt geneem is as vandag. Die NG Kerk het inderdaad gesukkel in die nuwe bedeling met sy uitdagings van sekularisme en om homself te vind (Giliomee 2004:625).

8.22 'n Laaste kort getuienis vanaf die NG Kerk aan pres. T. Mbeki (Oktober 2002)

Die NG Kerk, soos telkens in die geskiedenis, reik 'n verklaring uit en bly so getrou aan sy profetiese roeping en verbind hom om vir die regering te bly bid en gereeld voorbidding vir hulle te doen. Die NG Kerk verbind hom ook weer tot diens aan die gemeenskap (Die Kerkbode, no.7, jaargang 169, 4 Oktober 2002, 9).

In 'n die brief wat die Algemene Sinode aan pres. Mbeki rig, verbind die sinode hom vanweë die geloof as Christene tot 'n konstruktiewe verhouding met die staat van die land waarin daar gewoon word. Die sinode verseker weer die president dat die staat aanvaar word as 'n instelling van God en dat in ooreenstemming met die aard van die kerk die kerk steeds dialoog met die staat wil voer. In die brief word daar weer aan die president genoem dat die sinode voorbidding vir die president en die regering doen. Die sinode verbind hom ook weer om positief saam te werk aan die opbou van die land. Die sinode noem verder in die brief dat ons graag in die land wil bly en vir al die kinders 'n toekoms hier wil bou. Die feit dat daar nog vryheid van godsdienst is word ook met dankbaarheid genoem. Die sinode spreek ook sy waardering uit vir die wyse waarop die transformasie-proses sedert 1994 deur die leiers van die land hanteer is. Die

sinode spreek weer sy begeerte uit om 'n konstruktiewe verhouding met die staat te hê, met elkeen wat 'n eie roeping het en rol te vervul het om die samewerking van alle mense in ons nasie te bevorder. Die sinode verseker die president van voorbidding en verbind hom vir versoening, vrede en geregtigheid in Suid-Afrika. Die sinode spreek waardering uit vir die ekonomiese beleid wat deur die regering gevestig is, maar is bekommerd oor die geweldige armoede en ekonomiese agterstande in baie van die gemeenskappe. Die vernietigende uitwerking van vigs word ook genoem. Van der Merwe (2002:129) skryf ook dat die jaar van hoop wat die NG Kerk daargestel het, ook wat die vigs pandemie betref, 'n seisoen van hoop word. In die brief bied die NG Kerk prakties sy hulp aan met betrekking tot die welsyn en noem dat hy beskik oor 'n welsyn struktuur wat effektiewe dienste lewer in elke uithoek van ons land. Die NG Kerk stel "ons vroue- en mannekrag tot die president se beskikking". Die kerk laat sy stem hoor en noem dat hy bekommerd is oor die negatiewe impak van geweld en misdaad in ons land en die gebrek aan gesonde, morele waardesisteme, nasionale trots en lojaliteit by baie van die landsburgers. Die profetiese stem gaan voort oor die swak regering en die skending van menseregte in Zimbabwe. Laastens bid die sinode dat die president en sy regering deurgaans met wysheid, visie en daadkrag geseën sal word om al die uitdagings te trotseer en om koersvas op die weg van demokrasie en sosiale geregtigheid te bly. Die sinode verbind hom weer tot die roeping om deur die verkondiging van die evangelie die mense van die land op te bou in hulle geloof, hoop en liefde. Seën word dan aan die einde van die brief toegebied vir die president en sy eggenote (NG Kerk AS Hand 2002:492,577).

8.23 Samevatting

Dat hierdie era besondere uitdagings gestel het aan die NG Kerk spreek baie duidelik. Dit was 'n oorgang na 'n totaal nuwe situasie waarvoor die NG Kerk hom ook nie heeltemal kon voorberei nie en dalk ook nie kon voorstel nie. Die aanvoeling is dat die NG kerk baie onseker was oor wat wag op die land en ook op die kerk. Die kerk waarsku oor die moontlike gevaar van "allerlei vreemde strominge" wat die kerk kan meesleur.

Die NG Kerk sien dit dan ook aan die ander kant as 'n uitdaging. Oppad na die oorgang beleef die kerk ook die verkiesing in 1994 wat ook beskryf word as sekerlik die mees stormagtigste tyd nog. In die tyd bly die NG Kerk neutraal en skaar hom nie by enige party nie. Die kerk is nou baie versigtig om hom enigsins te bind aan enige beleid. Apartheid is vir altyd verby en dit bring heelwat herrangskikking in die land.

In hierdie hele oorgang kry 'n mens dan ook die indruk dat die NG Kerk sy stoom verloor het en nie regtig weet hoe en wat nou nie. Hoe verder daar in die era inbeweeg word, hoe meer kry 'n mens ook die indruk dat die NG Kerk nie meer so betrokke is by die algemene tendense nie en daarmee saam ook glad nie meer met soveel sekerheid oor dinge standpunt inneem nie. Saam met die vorige stelling kan 'n mens vra of daar nog met soveel gesag geluister word na die kerk. Die kerk raak al hoe meer huiwerig om sy standpunte te noem. Iets wat hiermee te make het is ook moontlik die hele transformasie in die land, fisies in denke en in optrede, asook die modernisering en sekularisasie. Die duidelike skeiding tussen staat en kerk kom ook al hoe meer na vore.

'n Mens vind ook die eerste maal in die era dat die kerk ander metodes begin gebruik om sy profetiese stem te laat hoor. Samewerking tussen kerke oor sake word al hoe meer in die era gevind.

Die eskalاسie van geweld in die land in die tyd is deur die kerk begroet met 'n teen boodskap van vrede en bemiddeling. Die kerk het baie hier probeer doen om geweld teen te werk. Talle gesprekke is aangeknoop met al die belangrike rolspelers in die land en voorbidding was aan die orde van die dag.

Interessant is dit dat daar in die era 'n hand van uitreik van die regering se kant na die kerk toe was. Alhoewel dit nie baie was nie is daar soms baie positiewe uitsprake gemaak deur die regering wat die NG Kerk as onmisbaar beskou. Kommissies van die Algemene Sinode het ook gereeld insette gelewer in die finalisering van die nuwe grondwet van Suid-Afrika.

Die Waarheid- en Versoeningskommissie het ook in die tyd die lig gesien wat die NG Kerk ook verwelkom het. Die NG Kerk se voorstelle vir kommissarisse is nie aanvaar nie, wat al 'n baie goeie barometer was oor die NG Kerk se stem wat in die tyd nie meer so prominent was nie en ook al hoe minder na geluister is. Die NG Kerk skryf intussen sy Reis met Apartheid van 1960-1994. Hier verduidelik die NG Kerk sy reis met al die uitdagings.

'n Verdere verskynsel wat ook ernstig die aandag van die kerk gevestig het was korrupsie. Hieroor het die NG Kerk sy profetiese sterk laat hoor. Die NG Kerk beweer ook dat korrupsie in die Suid-Afrikaanse regering in die tydperk vanaf 1994-1997 ongeveer 3 miljard rand beloop het. Die NG Kerk raak ook betrokke by van die nuwe sake wat deur die regering op die tafel gesit is, naamlik grondhervorming, HOP en amnestie, om maar net enkele te noem.

Wat openbare sedelikheid betref het die kerk se stem heelwat stiller geword as in die verlede. Daar is oor sekere sake stem verhef, maar baie ander sake gaan by die kerk net verby.

Die kerk het 'n ad-hoc-kommissie vir versoening, armoede en morele herstel byeengeroep wat die nuwe uitdagings in die land aangespreek het. Rakende die onderwys was die NG Kerk bekommerd oor die komende situasie en poog om onder andere Bybelonderrig as voorwaarde te stel vir die nuwe bedeling. Dit was egter sonder sukses.

Die NG Kerk het ook baie voorstelle gemaak oor die nuwe grondwet, waarvan sommige voorstelle aanvaar is en ander weer verwerp is.

Die kerk het vasgehou aan die Woord en die nuwe millennium so binnegegaan. Dit voel al meer of die kerk sy skuldgevoel van die verlede afskud en met moed die toekoms instap.

Dat die NG Kerk reuse werk gedoen het in die land deur die genade is so. Daar word terug gekyk op talle uitdagings in die tyd, die donker kolle en ligpunte.

Die NG Kerk bly getrou aan een baie belangrike aspek van sy profetiese roeping en dit is sy voorbidding vir die regering. Die regering word ook telkens hieraan herinner in verklarings en persoonlike gesprekke. In 'n brief wat die Algemene Sinode aan pres. Mbeki rig, verbind die sinode hom tot die regering en die land en stel al sy kundigheid tot die land se beskikking.

Die kerk spreek waardering teenoor die regering uit wat deel uitmaak van die kerk se profetiese stem, maar spreek tog sy misnoeë uit oor sekere sake. In geheel gesien is die NG Kerk se profetiese stem teenoor die regering egter al hoe meer op die agtergrond.

Deur dit alles poog die NG Kerk werklik om die boodskap van hoop te laat deurkom en te laat brand in die land. Die kerk moet net aanhou praat en aanhou verkondig, want stilweg wag almal vir die kerk om te praat en selfs die kerk se felste kritici sal hulle oor draai om te hoor wat die kerk te sê het.

HOOFSTUK 9

SAMEVATTING

9.1 'n Teologiese-kritiese besinning

In die tydperk 1962-2002 wat die NG Kerk en die Suid-Afrikaanse regering betref was die NG Kerk byna deurentyd betrokke by die rasse-situasie in Suid-Afrika. Die NG Kerk is gedurende die tydperk gereeld daaraan herinner. Twee verskillende grondwette te wete, die een van 1961 (In nederige erkentlikheid teenoor die Almagtige God, Beskikker...) en 1996 (Ons, die mense van Suid-Afrika) word ook gevind in die era, asook twee regerings, die Nasionale Party en die African National Congress. Aan die een kant het die NG Kerk hom in twee uiterstes gevind naamlik in 1948 met die Afrikaner Nasionalisme in die land en aan die ander kant in 1994 die swart onafhanklikheid strewe wat sy toppunt bereik het met die verkiesing.

Op talle sinodes sien ons dan ook dat die NG Kerk beide kerklike en teologiese baie aandag en tyd spandeer aan talle kwessies (rakende sy verhouding met die staat), maar veral ook aan die rasse-kwessie. Oor die periode van veertig jaar ervaar 'n mens in die primêre bronne van die studie baie teologiese denke en nadenke oor die kwessie. Dokumente soos Ras, Volk en Nasie en Kerk en Samelewing is getuies van die kerk se denke en nadenke, ook word dit gesien in die kerkorde na 1994. Die Skrif, belydenisskrifte, die Kerkorde en die geskiedenis het ingespeel op mekaar in die tydperk wat die kerk en regering betref. Oor die periode van veertig jaar was daar ook invloede van fundamentalisme en postmodernisme wat sy merke op die kerk gelaat het. Calvinisme en Neo-Calvinisme word ook in die tyd opgemerk. Dat die kerk 'n duidelike taak het teenoor die owerheid word deurgans beklemtoon vanuit die Woord, Belydenis en die Kerkorde.

In die NG Kerk se profeetskap teenoor die Suid-Afrikaanse regering vind 'n mens talle lyne. Die mees uitstaande lyne wat oor die veertig jaar soos 'n goue draad in die tema deurgaans na vore getree het, word hier in die finale samevatting uitgelig voordat enkele verdere teologiese-kritiese slotopmerkings gemaak word.

9.2 Die Sosio-politieke terrein voor 1962

Hier word enigsins uitgebreid op die histories-teologiese ontwikkelinge ingegaan. In die 18de eeu was daar op staatkundige gebied 'n groeiende bewuswording van kleurverskille. So was daar in die kerk onder andere ook 'n geestelike oplewing, terwyl aparte dienste gehou is vir die heidene, maar almal was saam om die Nagmaalstafel. So het die NG Kerk rondgeskipper tussen aparte- of gesamentlike dienste. Vanuit die staanspoor kom 'n mens dus agter dat dit onjuis, is om te beweer dat die NG Kerk in die tyd afsonderlike ontwikkeling of apartheid geskep het, en aan die regering deurgegee het. So ook is die wetgewing wat alreeds in 1913 deur die parlement deurgevoer is, geformuleer sonder dat die NG Kerk daarop inspraak gehad het.

In die eerste vier dekades van die 20ste eeu blyk dit weer duidelik dat die rassevraagstuk al hoe meer verstrenghed beleef het in die kerklike en teologiese denke en besluite van die kerk. Talle sinodes soos byvoorbeeld reeds die Transvaalse Sinode van 1925 begewe hulle op dié terrein; so word daar ook geworstel in die komende dekades met die moeilike vraagstuk op sinodes, en veral die sending sou sterk hierdeur geraak word. So bevind die kerk hom vele male op die terrein van die staat sonder dat dit doelbewus die kerk se intensies was. Die probleem was dat die kerk te na aan die praktyk begin beweeg, veral wat die hele rasse-situasie aanbetref.

Deur die NG Kerk se worstelinge op talle sinodes oor die vraagstuk in die tydperk nog voor 1962-2002, is die kerk baie duidelik oor een aspek, naamlik sy profetiese roeping. Die Federale Raad toon dit alreeds baie sterk in 1951 aan dat die kerk nie mag swyg of swig voor die staat nie. Die kerk is verplig om altyd te sê: "So sê die Here". Een belangrike rede waarom die kerk sy stem moet laat hoor is omdat die kerk by sy belydenis en aan die Woord moet hou. Ook sodat die kerk nie neutraal sal staan teenoor die owerheid nie. Deurdadig die kerk sy stem laat hoor, leer die owerheid daardeur wat die wil van die Here is. Die kerk moet altyd 'n heldere getuienis aflê om die wêreld terug te roep tot die Lewende Heilige God aldus die Federale Raad van Kerke. Die vraag wat ook deurentyd aan die orde binne die studie gestel word is of die NG Kerk wel die regering profeties aangespreek het al dan nie.

Wanneer daar gekyk word na die era voor 1962 wat die NG Kerk se profetiese stem betref, vind 'n mens dat die NG Kerk in Maart 1948 'n kerklike afvaardiging gestuur het om die Ministers van Arbeid en Justisie te vra om teen die agtergrond van 'n vloedgolf misdaad, wetgewing teen drankmisbruik in te stel. In die gesprekke het die kerklike afvaardiging ook sy stem laat hoor oor hondewedrenne, buitelandse loterye, onsedelike publikasies en die verkoop van voorbehoedmiddels aan skoliere. Verder in 1948 het die NG Kerk in die Vrystaat die Smuts-regering versoek om nie met die deportasie van Duitsers voort te gaan nie, maar dat hulle as gewenste inwoners van die land gesien moes word. Hier merk ons dat tydens die Smuts-regering daar profetiese geluide van die NG Kerk se kant af was. Ook rondom die Algemene Verkiesing van 1948 het daar 'n versoek van die kerk se kant af gekom aan genl. Smuts om die verkiesing nie in die Pinkstertyd te laat val nie. Die Smuts-regering het nie hieraan gehoor gegee nie.

Op 26 Mei 1948 word die Verenigde Party onverwags verslaan deur die Nasionale Party onder leiding van dr. Malan. Dit was opsigself 'n einde van 'n era sowel as die binnegaan van 'n nuwe tydperk vir kerk en owerheid. Oorblufte entoesiasme was die reaksie van die Afrikaners asook in kerklike kringe. By die kweekskool op Stellenbosch het uitbundige studente 'n optog na dr. Malan se huis gehou. Op 16 Junie 1948 skryf Prof. TN Hanekom in die Hoofartikel van Die Kerkbode oor die noue band tussen kerk en staat. Hy wys daarop dat die parlamentsgebou weerskante ingesluit word deur die Groote Kerk en die St. George Katedraal wat vir hom 'n voorbeeld van hierdie band was. Die jaar 1948 word dus gesien as 'n belangrike baken met besondere simboliese waarde wat gekoppel word aan apartheid wat dan later afsonderlike ontwikkeling genoem sou word. Dit is ook in ongeveer die era waar die NG Kerk meer begin neig het na Neo-Calvinisme met Kuyper se standpunt en waar die NG Kerk hom in 'n rigting bevind het van 'n staatskerk tot in die sewentiger jare. Die NG Kerk se Skrifbeskouing en staatsbeskouing veral oor die rasse-situasie sou bepalend wees ook tot in die sewentiger jare. In die tydperk na 1948 het die eerste botsing tussen die kerk en regering gekom in ongeveer 1957. Wetgewing het dit baie moeilik gemaak vir swart persone om enige eredienste in blanke kerke by te woon. Dit het 'n groot reaksie vanuit die kerke veroorsaak en briewe is gerig aan dr. Verwoerd. In die verband het die NG

Kerk ook reageer deur die Federale Raad en die regering te vra om die kerk sy vryheid te gun om sy taak te volvoer.

In die jare wat sou volg was daar 'n groeiende onrustigheid in die land rakende die hele rasse-kwessie. Dit alles het nie net die regering nie, maar ook die NG Kerk geraak en so meer en meer onder druk geplaas.

Die bekende Cottesloe-beraad van 7-14 Desember 1960, wat o.a. alle verteenwoordigers van alle lidkerke van die Wêreldraad van Kerke in Suid-Afrika betrek het, het plaasgevind binne 'n historiese konteks wat sekere verreikende gevolge binne Suid-Afrika sou uitoefen. Naas Sharpeville waar die opstande 'n hoogtepunt bereik het op 21 Maart 1960, was daar hoogspanning in die land. Hier is onder andere oor sake soos naasteliefde, reg en geregtigheid en menswaardigheid hard gepraat. Die besluite van Cottesloe het verskil van die NP se beleid en was dus 'n afwyking van die apartheidsbeleid wat op daardie stadium aan die orde was. Na Cottesloe het daar ook verdere afstand tussen die Afrikaanse en die Engelse kerke ontwikkel. Die reaksie was hewig en soms ook uiteenlopend ten opsigte van die beraad. Op die voetspoor van die Federale Raad van Kerke het die sinode van Natal en Suidwes die Cottesloe-kerkeberaad verwerp. Natal het ook gewaarsku dat hy hom aan die voorgenome Algemene Sinode sou onttrek. Een briëfskrywer skryf dat daar niks by die konferensie gemeld word oor die goeie werk wat die kerk en die regering doen aan die nie-blankes nie veral op die gebied van onderwys, medies en maatskaplike dienste.

Briewe het ingestroom by Die Kerkbode, die standpunte was oorweldigend negatief en 'n gespanne atmosfeer het ten opsigte van die beraad geheers. Die NG Kerk was hier duidelik ook in die spervuur gewees, aan die eenkant oor sy verhouding met die regering en aan die ander kant deur die kerk se ondersteuning van die landsbeleid. Cottesloe is in daardie tyd vergelyk met 'n atoombomontploffing en algehele paniek was aan die orde. Dit is as 'n keerpunt in die tye wat sou voorlê vir die kerk en vir die land beskou. Die NG Kerk was oppad teen die einde van 1961 om een herenigde sinode te vorm en Cottesloe het die potensiaal gehad om dit op die lange baan te skuif.

Tesame met die Cottesloe-beraad, wat deur al die NG Kerk sinodes teen 1961 verwerp is, was daar ook 'n noodtoestand en die verbod op die ANC en die PAC. Die sluipmoordaanslag op dr. Verwoerd by die Randse Skou op 9 April 1960 het die spanning net verder verhoog. Dit het alles deel van die krisistye voor die eerste Algemene Sinode van 1962 uitgemaak. Tog was die worsteling oor rasse nie net eie aan Suid-Afrika nie, maar 'n wêreldwye probleem. Martin Luther King het ook in 1961 sterk op die voorgrond getree vir burgerregte in Amerika. Hy het die regte vir gekleurdes gepopulariseer.

Wat sou die verskillende kerke en die Verenigde Nasies se standpunte oor die ingewikkelde rasse-situasie in Suid-Afrika in hierdie era wees? Sou die kerke 'n sterk profetiese stem laat hoor het in die tyd of sou hulle profetiese stemme nog in die toekoms aan die ontwikkel wees?

Op die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1961 het die sinode besluite geneem in verband met die rasse-situasie in Suid-Afrika. Van die susterkerke se kant is daar op hierdie stadium nog geen kritiek gewees nie. In 1947 het die Metodistekerk van Suid-Afrika die nadelige invloed van die segregasie beleid van Suid-Afrika beklemtoon. Hulle kritiese stem het kort-kort die lig gesien in die dekades wat sou kom. Hierdie kerk het in 1957 die beleid in sy geheel verwerp. In 1950 het die Sinode van *The Church of the Province of South Africa* (Die Anglikane) hulleself weer verbind tot die besluite wat in 1948 by die Lambeth Konferensie geneem is. Die kerk spreek hulle uit teen diskriminasie tussen mense op grond van ras en dat dit teen die Christelike beginsels indruis. In 1963 het die kerk by hulle sinodesitting in Bloemfontein openlik en vreesloos alle diskriminasie veroordeel, die kerk se stem is veral gehoor wat werkreservering en gemengde huwelike betref. Die Rooms-Katolieke Kerk in Suid-Afrika het voor 1950 baie min uitsprake oor rasse-aangeleenthede gemaak. Dit is egter ook interessant dat daar voor die vyftiger jare nie sterk stemme teen die regeringsbeleid was nie. In 1957 het die verklaring van 'n klomp Biskoppe die beginsel van apartheid verwerp. In 1962 het daar ook 'n verklaring van Biskoppe die lig gesien waarin hulle die stelling maak dat: "ons mag nie stil bly nie". Die Evangeliese Lutherse Kerk van Suid-

Afrika (die Suid-Oostelike Streek) het eers in Julie 1963 'n verklaring oor rasse-verhoudinge uitgereik. Hulle erken die rasse-probleem in die land. Die Presbiteriaanse Kerk van Suid-Afrika het in 1962 'n sterk verklaring oor die rasse-situasie uitgereik. Die AGS het in hulle besluite oor die rasse-kwessie seker die naaste aan die NG Kerk gestaan. *The Congregational Union of South Africa* het ook teen 1962 alle vorms van diskriminasie op grond van kleur verwerp. Na Cottesloe het veral die Engelse kerke se kritiek meer na vore gekom terwyl voor Cottesloe 'n mens byna geen stem van hulle gehoor het nie. In al die kerke se reaksie op landsbeleid vind 'n mens geen profetiese voorbidding of aanpysing nie. Prof. R.T.H. Dolamo skryf die volgende oor die Engelse kerke in die '*Struggle against apartheid*' 1948-1990: "The English speaking churches such as the Methodist, Presbyterian and the Anglican Churches supported the government although in theory they pretended to be champions of the black struggle against apartheid". Hy noem dat die kerke in Suid-Afrika meestal eerder 'n spieëlbeeld van die bevolking van die land was. Die SARK het eers in die laat sestiger jare amptelik die beleid verwerp. Van die Verenigde Nasies se kant is daar in 1973 'n resoluie wat verklaar dat apartheid 'n "misdaad teen die mensdom is" aanvaar. Brittanje en die Verenigde State van Amerika het nie die resoluie op daardie stadium gesteun nie.

In die tydperk van Augustus 1960 kom die aankondiging dat die volkstemming oor 'n republiek plaasvind op 5 Oktober 1960 en die land verdeel gaan word deur Ja-en-Nee-mense. Die uitslae bevestig dit en dit is duidelik dat die mense soos nooit tevore stem nie, die stempersentasie was 'n ongelooflike 90,75%. Op 31 Mei 1961 word Suid-Afrika 'n republiek, die klokke jubel oor die stede en Suid-Afrika is vry. Op Kerkplein kom mense vroeg bymekaar om fees te vier, die stem van die klokke bring ontroering in die skare, jongmense lag en wens mekaar geluk, oumense ween onbeskaamd, maar die grootste stryd om te behou waarvoor hulle gestry het lê nog voor. Hierdie paar opmerkings spreek boekdele oor wat in die land aan die eenkant ontwikkel het naamlik die Afrikaner nasionalisme. Die NG Kerk sou hom baie moeilik hieruit kon wikkell omdat dit sy lidmate was wat deelgevorm het van hierdie golf. Suid-Afrika sou ook in hierdie tyd ook 'n nuwe grondwet kry wat 'n Christelik inslag sou hê.

9.3 Die sosio-politieke terrein na 1962

Op 11 Oktober 1962 vind die herstel van die Algemene Sinodale kerkverband dan plaas. Hier word nou die vraag gevra watter verskil die herstelde kerkverband sou bring in die profetiese roeping van die NG Kerk. Sou daar dalk enige noemenswaardige veranderinge plaasvind in hierdie profetiese roeping? Daar het nie regtig verandering plaasgevind nie, want die verskillende sinodes was eintlik in wese tog maar een gewees.

Die CI kom dan ook op 15 Augustus 1963 tot stand. Na Cottesloe was dit byna 'n vanselfsprekende uitvloeisel daarvan en dr. B Naude wat die vroeëre moderator van die Suid-Transvaalse Sinode was, was die eerste direkteur. Dr. J.D. Vorster het die CI soos die res van die NG Kerk sterk teengestaan. Later jare het die CI en dr. B Naude, wat die geweld, sabotasie en bomontploffings in die land betref het, stil geword en daarop is gewys dat die regering die skuld daarvoor moes kry en dat die ANC eintlik geen ander keuse gehad het nie. Hierdie radikale verandering by dr. B. Naude en die CI was te wyte aan die meer noue betrekkinge met die ANC. Later jare het Naude self erken en amptelik verklaar dat hy en die personeellede van die CI geen beswaar teen die doelstellings van die ANC het nie. Dit alles sou meebring dat die spanning tussen die NG Kerk en dr. B. Naude in hierdie stadium sou toeneem. Albei kante het net sterker gestaan by hulle standpunte en al hoe verder van mekaar vervreem geraak.

Die dood van dr. H.F. Verwoerd, net voor die Algemene Sinode van 1966, het skokgolwe deur die land veroorsaak. Dr. J.D. Vorster het 'n voorstel ingedien wat staande aanvaar is naamlik: "Die Algemene Sinode van die NG Kerk dink met diepe weemoed aan die tragiese heengaan van ons onvergeetlike vorige Eerste Minister". Die Kerkbode van 21 September 1966 skryf ook van "ons" nuwe Eerste Minister, adv. B.J. Vorster en wens hom geluk. Kerk en volk was hier baie na aan mekaar. Hierdie tyd is ook gekenmerk deur staatkundige woelinge, ander geestesstrominge soos verstedeliking, verwêreldliking en die kommunisme.

In 1961 het die Kaapse Sinode 'n permanente kommissie in die lewe geroep vir die rassevraagstuk. Hierin is gehandel oor RVN in die lig van die Skrif: rasgemengde huwelike, kerklike verhoudinge onderling en ook teenoor die staatsbestel, die verskynsel van trekarbeiders en dies meer. In 1965 was hierdie dokument voorberei deur die kommissie en aan die Kaapse Sinode voorgelê. Die Kaapse Sinode van 1965 het hierdie verslag van rasse-aangeleenthede met 'n paar wysigings aanvaar en is deur die Algemene Kommissie vir Aktuele Sake weer op die tafel van die Algemene Sinode van 1966 geplaas. "RVN'66 in die lig van die Skrif" word tereg as een van twee '*major synodical documents*' van die NG Kerk in die sestiger- en sewentigerjare oor apartheid beskou. Die RVN '66 skets verder die NG Kerk se worsteling oor die rasse-situasie in die land. Maar in sy geheel gesien was daar ook 'n mate van stagnering by die Algemene Sinode van 1966 in sy besinning oor afsonderlike ontwikkeling.

Tydens hierdie vergadering is voorgestel dat die moderatuur 'n Ad-hoc studiekommissie moet benoem om 'n omvattende en diepgaande studie van die rasse- en ekumeniese aangeleenthede te maak. Die kommissie het spoedig tot die oortuiging gekom dat 'n veel omvattender ondersoek as wat aanvanklik voorsien is vereis word en dat 'n veel breër paneel van deskundige persone by die ondersoek betrek moet word. Dit het uiteindelik gelei tot RVN'74.

In 1967 het die NG Kerk in Afrika se sinode afgevaardigdes intens belanggestel in die vooruitsigte wat die staatsbeleid van afsonderlike tuislande bied. Navrae is gedoen oor grensnywerhede en nywerhede binne-in die tuisland en die beheer van die minerale. In 1968 was daar ongeveer tien tuislande vir ontwikkeling in die toekoms geïdentifiseer. Dit alles was 'n baie moeilike proses en seker een van die grootste probleme ook van Suid-Afrika op daardie stadium. Daar moes oor die volgende 25 tot 30 jaar duisende werksgeleenthede geskep word in die gebiede om dit haalbaar te hou. By hierdie ontwikkeling moes basiese dienste soos vervoer, kommunikasie-middele, elektrisiteit en water verskaf word ook as daar nywerheidsgebiede aangelê moes word. Met die beleid van afsonderlike ontwikkeling wou die Afrikaner nie net vir homself ruimte skep nie, maar ook vir elke ander volk in Suid-Afrika.

Die pad na uiteindelijke politieke bestemminge vir al die bevolkingsgroepe was ook nog geensins duidelik of finaal beplan nie. Dit blyk dan ook dat die Verteenwoordigende Kleurlingraad ook nie suksesvol was op daardie stadium nie. Die tuislandsontwikkeling het ook begin taan. Tussen 1960 en 1972 is daar 85 544 werksgeleenthede geskep wat nog ver onder die ideaal was, grondaankope vir die tuislande moes ook uitgestel word omdat die ekonomie stadig gegroei het. Dit was duidelik dat die beleid begin vasdraai het. Aan die begin van die sewentigerjare is die gestolde debat oor die rassevraagstuk weer hervat.

In 1970 word dr. J.D. Vorster verkies as moderator, maar wen slegs met 'n klein meerderheid van elf stemme teenoor dr. F.E.o'B. Geldenhuys. Hulle het teenoorgestelde pole oor die beginsel van apartheid verteenwoordig. Hieruit blyk dit ook dat daar al 'n groot denkskuif aan die kom was in die toekoms wat apartheid betref het. Die sinode van 1970 was vir die NG Kerk om 'n paar redes baie belangrik. Daar is verwag dat die NG Kerk sterk leiding moes gee oor sake soos apartheid, maar daar is vasgehou aan die beleid ten spyte van die isolasie van die NG Kerk en die regering. Met die verkiesing van dr. J.D. Vorster as moderator is daar ook geskiedenis gemaak deurdat hy die moderator van die grootste Afrikaanse kerk in Suid-Afrika was terwyl sy broer adv. B.J. Vorster weer op daardie stadium die eerste minister van Suid-Afrika was. Die Engelse pers was hieroor baie bekommerd. Die ander bekommernis was dat die twee broers die NG Kerk en die Nasionale Party nog nader aan mekaar sou laat beweeg. Oor hierdie bekommernisse het dr. J.D. Vorster die vrees vinnig besweer deur te noem dat "my verhouding met my broer glad nie is wat baie dink nie". Dat kerk en staat ook hier baie na aan mekaar was, was inderdaad so. Teen 1974 blyk dit dat baie Afrikaners ook die soort krampagtige apartheidsgeloof meer en meer as relatief begin sien het. By die sinode van 1974 is RVN'74 verslag, soos aanbeveel, deeglik bespreek en met enkele amendemente goedgekeur en die volgende jaar gepubliseer onder die titel: "RVN en volkereverhoudinge". Vir die eerste keer sedert 1957 was daar weer in 'n amptelike sin konsensus in die NG Kerk oor die rassevraagstuk. Min of meer veertig jaar se besinning van die NG Kerk oor die rassevraagstuk en vele verslae oor bevolkingspolitiek oor drie dekades heen op sinodale vlak het in hierdie kontekstuele

dokument neerslag gevind. Na die kant van die owerheid (toe nog die Nasionale Party) het daar net 'n vriendelike profetiese stem geklink. RVN'74 was tevrede om die status quo te legitimeer en om 'n afwagtende houding oor verdere inisiatiewe van die owerheid se kant af in te neem. Vir die NG Kerk het dit vasgestaan dat, wat die staatkundige bedeling vir Suid-Afrika betref, eiesoortige ontwikkeling van die verskillende bevolkingsgroepe in die lig van Gods Woord prinsipieel verantwoordbaar kon wees. Die behoefte het ook weer gegroei om RVN '74 te hersien na gelang die omstandighede in die land ook verander het. Die gedagte dat die NG Kerk nie meer so voorskriftelik moet wees vir elke moontlike situasie nie het ook baie sterk gegroei. Uiteindelik is RVN te lig bevind. In 1982 is besluit om hierdie dokumente grondig te hersien. Dit sou weer lei tot die eerste Kerk en Samelewing.

Die NG Kerk het verkeerdelik kritiek gehad op die uitgroeisels van die beleid, maar nie teen die strukturele onregverdigheid daarvan nie. Soms was daar net 'n stilswye van die NG Kerk se kant oor sake en net 'n instemming oor die optrede van wat die regering doen. Daar was ook 'n onverdraagsaamheid in eie geledere teenoor diegene wat hulle teen apartheid sou uitspreek.

Die Breë Moderatuur het onder die diep indruk gekom van die belangrike werk van die kommissie wat verantwoordelik is vir die skakeling met die owerheid. Die kommissie het ook goeie welslae getoon wanneer die owerheid van tyd tot tyd genader is oor knelpunte en delikate sake. Dit alles het groot afmetings aangeneem en ook baie tyd geveerg. Dat die NG Kerk 'n oop deur gehad het na die regering was inderdaad so. Talle onderhoude is deurentyd gevoer en talle aanbevelings wat deur die NG Kerk deurgegee is, is altyd vriendelik ontvang. Dit is ook waar dat nie alle voorstelle en aanbevelings van die NG Kerk altyd met oop arms ontvang en sonder meer net toegepas is nie. Soms kon die NG Kerk nie afsprake met die regering kry nie.

Na die tragedie in Soweto is daar 'n verandering by die NG Kerk te merk oor sy pad vorentoe. Verandering word sterk bespeur in die NG Kerk en nadenke oor die toekoms was aan die orde. Oor die periode voor ongeveer 1978 het die NG Kerk sy vermoë om

solidêr krities te funksioneer tussen 1948-1978 verloor. Die NG Kerk het ook gevra wat kon aanleiding gegee het tot die gebeure. Die gety het teen apartheid begin draai totdat dit 'n hoogtepunt gereik het in die tagtiger jare. Die droom van apartheid wat aanvanklik met eerlike bedoelings na vooruitgesien is het al hoe meer onuitvoerbaar geblyk. Die Kerkbode benadruk dit ook dat die NG Kerk al voor die tragedie voorstelle teenoor die regering gemaak het. Dat die NG Kerk te dikwels op die regering se terrein beweeg het was ook so. Die kerk het sy terrein in die era te dikwels oorskry en hom op die staat se terrein begewe. Nietemin vra die NG Kerk vir voldoende menswaardige behuising en dat die behoefte aan werkverskaffing en werkloosheid in die land baie ernstig aandag moet kry. Die KSO het ook kennis geneem dat in die tweede helfte van 1977 die regering 'n kabinetskomitee aangestel het wat indringend sou kyk na die posisie van Swartmense in blanke gebiede. Die kerk het sy getuienis oor sosiale geregtigheid, onderlinge verhoudinge en ander vraagstukke gegrond op die Heilige Skrif, duidelik daar uitgedra. Die kerk het by die regering aangedring dat alles met geregtigheid en liefde uitgewerk moet word. Die NG Kerk se klemverskuiwing word al hoe duideliker gesien met betrekking tot geregtigheid in die samelewing ten opsigte van die hele rasse-kwessie. Kommunikasie rakende die verbetering en uiteindelijke regstelling van die swartman se posisie in blanke stedelike gebiede moet ook tussen die regering, tuisland-regerings en erkende plaaslike leiers van die swartman plaasvind. Die Christelike kerke word ook vir positiewe bydraes gevra.

Uit al die werksaamhede van die KSO is dit duidelik dat die taak van die kommissie steeds groter en meer verantwoordelik geword het. Dikwels was die kommissie by baie aktuele sake, ontwikkeling en gebeure in die RSA betrokke. Tot hiertoe was die KSO slegs 'n subkommissie van die ASSK en die taak van die KSO vra dat dit dikwels moet optree, wat hom dan aan publisiteit van die pers blootstel. Die KSO en die ASSK self het tot die gevolgtrekking gekom dat die verantwoordelikhede vir die kommissie te groot is vir 'n subkommissie van die ASSK. Die ASSK het in die lig hiervan die KSO in 1978 herstruktureer.

Behalwe vir baie ander druk wat daar was op die NG Kerk en die volgehoue onluste in die land, tref die Inligting-skandaal die NG Kerk soos 'n hamerslag in 1978. In die tyd was daar 'n groot begeerte dat die wêreld die ingewikkeldheid van die Suid-Afrikaanse probleme moes verstaan. Buitelanders moes ook ingelig word oor wat gedoen word om die welsyn van al die gemeenskappe te bevorder. Daar moes 'n manier gevind word om die beeld van Suid-Afrika te verander in die buiteland, want dit was nie 'n goeie beeld nie. Daar moes maniere gevind word wat namens Suid-Afrika kon praat. In die tyd is die kerk en die owerheid gesien as twee instansies wat nog altyd as vennote die land en sy mense probeer dien het, wat weer op die noue bande wat daar was gewys het. Die hele debakel het die NG Kerk baie skade berokken. Baie is ontnugter en in die proses het baie mense seergekry, algemene vertroue is ook hierdeur ingeboet ook wat die kerk se profetiese stem betref.

In die volgende dekade sou die stemme al hoe meer opgaan vir verandering. Op 5 November 1980 het agt teoloë van die NG Kerk die Hervormingsdag getuienis in Die Kerkbode geplaas. Stelselmatig was hier iets aan die ontwikkel in beide die regering en die kerk van die dag. Stormkompas wou ook vir die kerk in die tagtigerjare weer rigting gee: juis vir 'n kerk wat meer en meer geïsoleerd geraak het in die tyd en wat ook irrelevant kon raak. Die boek het vier en veertig stellings gepubliseer. Dit het juis die kerk uitgedaag om op te staan teen 'n beleid van 'n regering wat toenemend die meerderheid van die land se mense onregverdig behandel het (Van der Merwe 2002:74). By die Universiteit van Pretoria op 18-21 Januarie 1981 is daar 'n kongres gehou wat gehandel het oor die taak van die kerk in die jare tagtig. Hier het prof. W.D. Jonker gesê dat die Afrikaanse Kerke hulleself in 'n posisie geplaas het, wat om kritiese bevraagtekening vra. In die Ope Brief van 9 Junie 1982 het honderd drie en twintig gelegitimeerdes van die NG Kerk-familie weer 'n Ope Brief aan die NG Kerk gerig. Dit neem standpunt teen bepaalde wette in en het die mening gehuldig dat alle mense wat Suid-Afrika as hulle vaderland beskou by die uitwerk van 'n nuwe samelewingbestel betrek moet word.

By die Algemene Sinode van 1982 (net na die stigting van die Konserwatiewe Party) het dr. A.P. Treurnicht ook die vergadering bygewoon. Daar word vermeld dat die vergadering hom met groot eerbied en akklamasie begroet het. By die vergadering word prof. J.A. Heyns nie verkies in enige leiersposisie nie, wat ook spreek van die tydsgees op daardie stadium. Hierdie sinode besluit tog ook om RVN'74 weer te hersien.

Op 2 November 1983 het die land weer deur groot spanning gegaan met die referendum en is daar weer twee kante te bemark in Suid-Afrika. Die spanning is ook sigbaar in die NG Kerk gevoel. Die referendum het oor 'n beslissende keuse vir die konstitusionele ontwikkelingsgeskiedenis van Suid-Afrika gegaan. In die tyd was daar baie onrustigheid in die land wat gelei het tot die uitroep van 'n noodtoestand 'n paar jaar later. Die NG Kerk kies nie kant nie en poog om op sy terrein te bly.

In Junie 1985 het daar 'n groep Christene gevoel dat die tye so krities is dat daar iets gesê moes word. Na vele vergaderings en werksgroepe het honderd en vyftig mense die Kairos dokument onderteken en in September 1985 gepubliseer. Hierdie dokument het baie debatte en gesprekke oor die land se situasie verder gevoer.

Verder in 1985 verskyn daar in Die Kerkbode die volgende opskrif "Doen die NG Kerk dan niks?". Die vraag kom telkens aan die woord in hierdie kritieke tye teen die NG Kerk. Terwyl die land in spanning verkeer en rasse verdeelheid aan die orde van die dag is, is die NG Kerk se profetiese stem dan net stil? In eie kringe word genoem dat die kerk net 'n toeskouer geword het en te min doen om ons mense op te voed tot aanvaarding en verandering. Wat het die NG Kerk byname gedoen in die tyd? Vir Die Kerkbode was die aanklag so ernstig dat daar spesifiek teruggegaan is op agendas en handeling van sinodes om spesifiek te gaan kyk wat die NG Kerk dan gedoen het met sy profetiese stem in die kritieke tye? Hier volg 'n baie kort opsomming van wat Die Kerkbode gepubliseer het in die verband. In hierdie studie word alles egter noukeurig uiteengesit. Die volgende uiters belangrike sake is deur die NG Kerk as so 'n prioriteit

gesien dat hulle letterlik elke saak met die regering opgeneem het en deurgaans goeie resultate verkry het:

“Loonstrukture en werkreservering; Ouderdoms- en ongeskiktheidstoelaes; Die posisie en toekoms van stedelike Swartmense; Die kerklike afvaardigings het aangedring op sekere hervormings na die Soweto in 1976; Getuienis voor die Cillie-kommissie; Kommissie van ondersoek na die posisie van Swartmense in wit gebiede; Die huisgesin, kultuurwaardes en die werksituasie; Alle bestaande regulasies in verband met instromingsbeheer, behuising, lone, werksgeleentheid, permitte en beperkings behoort grondig hersien te word; Die onderhoud en instandhouding van strate en die algemene netheid in die (swart) stede en dorpe moet dringende aandag geniet; Doeltreffende vervoer tussen woonplek en werkplek is absoluut noodsaaklik; Beheer oor hulle eie sake in die swart stede en dorpe en hulle toekomstige aandeel aan die sentrale regering is essensieel; Onderwys en opleiding is van primêre belang; Die behandeling van Swartmense in wit gebiede moet gepaard gaan met eer en respek ooreenkomstig die Bybelse voorskrifte t.o.v. jou naaste; Die verwydering van verouderde diskriminerende wette en regulasies is nodig; Gesinbehuising en gesinslewe van die Swartmense; Trekarbeid; Hostelfasiliteite vir swart studente en skoliere; Opleiding van leerkragte vir swart leerlinge in plattelandse gebiede en op plase; Beter onderwysgeriewe vir plattelandse swart leerlinge; Toenemende drankmisbruik onder Bruin- en Swartmense; Inrigtings vir die rehabilitasie van swart- en bruin alkoholiste; Verpligte onderwys vir swart leerlinge; Probleemterreine in verband met behuising, paspoorte, visums, ens. vir Swartmense; Beter werksgeleentheid vir Swartmense; Beter loonstrukture vir swartes; Arbeidsintensiewe nywerheid en werksgeleentheid; Registrasie van swart handelaars in swart stede in die wit gebiede; Hervestigings-probleme van Swartmense; Die registrasie van die NGKA as liggaam met regstatus om eiendomme te koop en in sy eie naam te registreer; Die registrasie van swart leraars as huweliksbevestigings vir alle provinsies van die RSA; Beter reisfasiliteite vir trekwerkers na hul wonings en gesinne; Die permanensie van stedelike swartes in stede en dorpe binne wit gebiede; Ontwikkeling van die tuisland en onafhanklike nasionale state as lewensvatbare ekonomiese maatskaplike en

politieke gebiede vir die swartes wat daar woon; Ekonomiese groeipunte in die sogenaamde grensgebiede in die tuislande en nasionale state en in stedelike gebiede; Ontwikkeling van maatskaplike dienste en die roeping van die kerk in die verband; Beter verteenwoordiging in swart skoolrade en skoolkomitees; Ruimer subsidies vir kinderhuise en skoolkoshuise; Ruimer subsidies vir plaasskole; Opgradering van plaasskole; Behoeftes aan meer leerkragte vir plaasskole; Vry skoolboeke en onderwys materiaal vir swart leerlinge; Armoede in sommige swart woongebiede; Hervestiging, swak ekonomiese en maatskaplike toestande asook gebrek aan werksgeleenthede en swak werkfasiliteite; Kerkfasiliteite op wit landboupersele; Persele vir kerke, kerksale en ander kerklike fasiliteite in wit gebiede; Die geestelike versorging van swart bediendes in wit stedelike gebiede en hulle gesinsprobleme; Beter ontspanningsgeriewe vir swartes asook film, radio en beeldradio dienste; Voorsiening in swart skole vir opsionele vakke wat vereis word vir mediese opleiding; Voorsiening vir Swartmans en hul vroue en kinders wat van verskillende administrasiegebiede kom om bymekaar te woon sonder administratiewe beperkinge onder die stedelike gebiede wet art. 10; Oordrag van welsyninrigtings en sendinghospitale aan regering van tuislande en nasionale state en die toekomstige rol wat die kerke daarin kan vul; Pensioene vir swartes; Talle individuele gevalle van Swartmense wat probleme ondervind in verband met verblyf, paspoorte en visums; Permisie vir swart studente uit ander lande om in die RSA te studeer; Behuising vir Indiërs aan die Witwatersrand; Bonusobligasies; Hervestiging van nie-blankes; Verslae oor die nuwe arbeid situasie; Die oprigting van casino's in onafhanklike state; Veiligheidswetgewing; Biersale wat op Sondag oop is; Swartverstedeliking en -behuising; Behandeling van Gevangenes; Plakkerskampe; Erfpagregte; Burgerskap, paspoorte en reisdokumente van Swartmense van verskillende onafhanklike state; Woonreg vir swart leraars; Verblyfregte van leraars en kinders; Deregulering van sekere gebiede ten einde informele handel te bevorder; Instromingsbeheer en werksgeleenthede in nasionale state".

Reeds vroeg in 1986 skryf Die Kerkbode oor die jaar wat voorlê en noem dat dit 'n betekenisvolle jaar met verreikende politieke hervormings gaan wees. Die verkiesing

van prof. J.A. Heyns as moderator by die Algemene Sinode van 1986 bevestig 'n nuwe denkrigting. Die NG Kerk het na 1986 drasties begin wegbeweeg van apartheid as beleid wat regverdig kan word uit die Skrif. Daar is ook 'n wegbeweeg van gedwonge rassesseiding wat vir meer as drie dekades geduur het. Die sinode van 1986 was inderdaad 'n waterskeiding in die NG Kerk se geskiedenis. By sy sinodes van 1986 en 1990 sou die NG Kerk afstand doen van apartheid en in 1986 het die kerk homself oop verklaar aan almal, ongeag hul kleur.

Wat Kerk en Samelewing betref, vervang dit dan RVN wat sedert 1974 die beleidstuk van die NG Kerk oor volkere-verhoudinge was. Tog benadruk die kerk dat hy nooit kan ophou om oor menseverhoudinge na te dink nie. Kerk en Samelewing is aanvaar by die Algemene Sinode van 1986 en gewysig by die Algemene Sinode van 1990. Dis 'n aanduiding dat beide Cottesloe en KS die NG Kerk se steun aan apartheid gerepudieer het. Dit het egter baie reaksie ontloot en lei tot die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk in 1987.

Op 6 Mei 1987 is die land weer in verdeeldheid en die spanning weer hoog oor die komende algemene verkiesing. Vir die kerk gaan die verkiesing soos talle ander nie net stil verby nie en byna telkens word die kerk geraak en reik die kerk oor verklarings uit om lidmate tot kalmte te roep. Die NG Kerk is hier alreeds ver weg van beleidsondersteuning van die regering. Wat die kerk se profetiese stem verder betref rakende die regering noem pres. P.W. Botha in 'n onderhoud in 1988 dat die kerke soms met 'n verwarrende warboel van stemme na die staat gaan en verwag dat die staat daarop moet reageer. Die kerke moet probeer om met een stem te praat. Dit is kritiek wat meer gehoor is van die regering se kant en waarmee die kerk werklik sukkel en so sy geloofwaardigheid baie sterk in gedrang bring. Op die vraag hoe die NG kerk sy profetiese stem uitgeleef het teenoor die owerheid die afgelope dekade sedert pres. Botha aan die stuur van Suid-Afrika gekom het en of die NG Kerk te veel gepraat of te veel stilgebly, het pres. Botha geantwoord: "Uit my amp en as lidmaat van die NGK het ek die voorreg gehad om met baie leierfigure in die kerk te praat, daar was vele gesprekke wat tot verryking en nut vir albei was. Die mate of die kerk sy profetiese

roeping uitgeleef het moet deur die kerk self beoordeel word.” Hierdie opmerking is ook baie belangrik, die kerk moet maar telkens vir homself die vraag vra: Word daar genoeg gesê: “so sê die Here, Here”?

Met groot eerlikheid kan genoem word dat die kerk wat sy profetiese stem betref oor voorbidding altyd getrou gebly het. Deurgaans en telkens word dit oral opgemerk in talle verklarings en besluite oor dekades heen. Wat die NG Kerk se profetiese stem in die sestig tot sewentiger jare betref het die kerk verstrengel geraak in die rasse debat en nie voldoende in die tydperk dit ingesien nie. Die NG Kerk word soms hier getipeer as te veel van ‘n staatskerk in die era.

Wat onontbeerlik was van die Algemene Sinode in 1990, was dat dit agt maande na die belangrike 2 Februarie toespraak was van mnr. F. W. de Klerk wat verreikende implikasies gehad het vir die hele land. Die vrylating van mnr. N. Mandela en die ontbanning van die ANC en die PAC het beslis ‘n invloed op die vergadering gehad. Hoe sou die NG Kerk die nuwe pad stap en wat sou die kerk se rol daarin wees? Die vraag kan seker gevra word of die kerk ook ‘n rol te speel gehad het met die onderhandelinge. In dié geval het die kerk altyd gepoog om slegs ‘n getuienistaak te laat hoor. Die kerk het probeer help om ‘n klimaat te skep waarbinne die proses van onderhandelinge ook kon plaasvind. Die kerk se rol in daardie omstandigheid sou ‘n versoenende rol wees in die gemeenskap, asook ‘n vergewende rol en om voorbidding te doen. Die NG Kerk poog hier om sy profetiese taak as kerk uit te leef en meer ondersteunend as voorskrywend te wees. Die NG Kerk was nie meer voorskriftelik gewees oor landsbeleid soos in die verlede nie. Soms het ‘n mens tog die indruk gekry dat die kerk wel nou weer kies vir die nuwe politieke model. Die verskil hier was dat die NG Kerk hier kies vir die nuwe bedeling, maar anders as in die verlede nie daarby so intens betrokke geraak het nie. Oor die gevare van die nuwe bedeling of tekortkominge het die NG Kerk te min sy stem laat hoor. Moontlik het die verlede hier ingespeel en was die NG Kerk sensitief vir sy verlede.

Op 6 September 1990 het die ASK 'n ontmoeting met die Staatspresident gehad in die Uniegebou. Saam met mnr. de Klerk het die Minister van Wet en Orde mnr. Adriaan Vlok ook aan die bespreking deelgeneem. Heelwat sake is bespreek, veral die kommer oor die spiraal van geweld wat beide van links en regs in die land gekom het. Die NG Kerk se staatsbeskouing toon veranderinge ook so oppad na die nuwe bedeling.

Die Rustenburg-belydenis volg deur onder andere die toedoen van mnr. de Klerk en kerkleiers ook op 5-9 November 1990. Hierdie was ook die byeenkoms wat die meeste kerke verteenwoordig het in 'n baie lang tyd. Die knap teoloog prof. W. Jonker het hier persoonlik en plaasvervangend namens die NG Kerk en die Afrikaners oor apartheid skuld bely. Die NG Kerk gaan nou die dekade anders in as in die verlede en poog om 'n agent van versoening te wees.

Lede van die dagbestuur van die ASK het talle en talle samesprekings gevoer met 'n reeks politieke leiers in Suid-Afrika oor al die spektrums heen en oor die jare wat sou volg. Die NG Kerk poog om 'n gees te skep van verdraagsaamheid en openheid in die tyd, veral omdat geweld net hand oor hand toegeneem het met massa optogte, bloedvergieting, baie aanhitsing tot geweld asook 'n dreigende burgeroorlog. Dit het die kerkleiers uiters bekommerd gelaat. Talle artikels en verklarings om geweld af te keur, sien die lig. Die NG Kerk poog om sy profetiese stem te laat geld, maar stadig maar seker word van sy stem nie meer veel notisie geneem nie. Tydens die referendum van 17 Maart 1992 word geskryf dat dit opsigself een van die grootste toetse vir die land is. Die NG Kerk pleit ook hier dat daar nie karakter-moord op mekaar gepleeg moet word nie. Die NG Kerk vra baie voorbidding vir die hele tydperk en kies nie vir 'n standpunt nie. Op 'n later stadium het Die Kerkbode wel vrae geopper oor die referendum-vraag en oor die werklike eerlike motiewe van die regering op daardie stadium.

Die opening van die parlement in 1993 het volgens alle aanduidings die einde van 'n era ingelei. Die land gaan weldra baie anders lyk. Hier vra die NG Kerk dat 'n politieke bestel gevind moet word wat vir almal vryheid, geregtigheid en 'n menswaardige bestaan sal verseker soos dit ook in die NG Kerk se getuienis KS-1990 gevind word.

Die Kerkbode noem dat vir sy vryheid die Afrikaners baie opgeoffer het en dit kan nie van hom af weggeneem word nie, maar die ander mense in Suid-Afrika het ook die reg op vryheid en alle mense moet in ons land vry wees. Vrae word ook hier gevra oor die regte en beskerming van minderhede in die nuwe bedeling. Geregtigheid het in die jare wat verby was ongelukkig meermale in die slag gebly en dit mag nie weer gebeur nie. Daar word geskryf dat die parlamentslede op 23 Maart in die Grootte Kerk in Kaapstad byeengekom het om saam te bid ter voorbereiding vir die Dag van Verootmoediging wat deur baie kerke waargeneem is. Dit is verder die jaar waarin mnr. C. Hanu vermoor word en dr. A.P. Treurnicht sterf. Die NG Kerk het ook sy stem laat hoor oor wat die komende grondwet betref en vra dat die Drie-enige God in die grondwet van 1993 ingevoeg moes word. Einde 1993 stel die NG Kerk “So glo ons” (‘n eietydse geloofsverantwoordings) bekend wat die lidmate sou bedien met iets in die hand vir die toekoms wat sou volg. Die NG Kerk het en ander Afrikaanse kerke het probeer om in die oorgang na die nuwe Suid-Afrika ‘n positiewe rol te speel.

In die voorwoord van die agenda van die Algemene Sinode van 1994 word daar onder andere na die broederlike onderhoud se tema “Uitdagings van die Nuwe Suid-Afrika vir die NG Kerk” verwys. Talle uitdagings sou hier op die kerk wag. Voor die verkiesing op 27 April vra die NG Kerk ook voorbidding en die 24ste April word uitgesonder as ‘n Verootmoedigingsdag. Vir die eerste keer in die geskiedenis het verteenwoordigers van vyf Afrikaanse kerke byeengekom as gevolg van die oplaaiende krisis oor die komende verkiesing in Suid-Afrika. Die verkiesing van 27 April 1994 het ‘n nuwe staatkundige bedeling in Suid-Afrika ingelei en het dit oor egter meer gegaan as net ‘n oorgang na ‘n nuwe staatkundige bedeling. Baie min lewensterreine is onaangeraak tydens hierdie ingrypende veranderinge in die politiek. Die NG Kerk en sy lidmate is hierdeur diep geraak. Die vraag is ook gevra hoe die NG Kerk dit sou hanteer en hoe sou dit sy profetiese stem raak. ‘n Onvermydelike en omvattende transformasieproses is in Suid-Afrika begin. Dit sou uiteindelik alle terreine van die samelewing raak: die ekonomie, onderwys, welsynsdienste, gesondheidsdienste, veiligheidsmagte, sport en die georganiseerde godsdienste. ‘n Verdere groot kenmerk was die invoering van ‘n nie-rassige, liberale demokrasie. In die tyd was dit egter nie net die NG Kerk en ander

Afrikaanse kerke wat 'n verlies aan openbare invloed ondervind het nie, maar ook die Engelse kerke. Interessant is die feit dat die aanname gemaak word dat die kerke wat vroeër besonder aansien en invloed in die geledere van die bevrydingsbewegings geniet het, dit nou ook moeilik gevind het. Die vernaamste rede vir die afname was die invoering van 'n liberale demokrasie in Suid-Afrika. Hierna sou alle kerke dit moeilik vind om groot en blywende invloede uit te oefen. Die groter klem op die vryheid van die individu en hulle eie keuse in die grondwet, is waarskynlik die belangrikste rede waarom kerke nie in die nuwe bedeling daarin kon slaag om effektiewe maniere te vind om wetgewing te beïnvloed nie. Moontlik het die postmodernisme ook 'n verdere rol gespeel in die kerk se huiwering om oor alles sterk uitsprake te lewer. Op 5 November 1994 word prof. J.A. Heyns vermoor wat ook veral in die era 'n baie groot verlies was.

In die pers is daar ook heelwat aandag gegee aan die instelling van 'n Waarheid- en Versoeningskommissie in Suid-Afrika. Die kerk het dit verwelkom. Die vraag wat egter dadelik deur die kerk gevra word is of die waarheidsoekers se bevindinge nie maar net vanuit 'n bepaalde perspektief gesien sal word nie. Van die kerk se kant word dit benadruk dat 'n gebalanseerde beskouing sal moet seëvier. Alles was nie net boos en sleg nie. In die tyd het die "Reis met Apartheid" ook die lig gesien. Die bydrae het getuig van dat die NG Kerk ook selfondersoekend wou wees en versoening voorop gestel het.

Wat 1998 se sinode betref, vind 'n mens in die voorwoord dat die sinode die toekoms en die verlede in oënskou probeer neem. By hierdie voorwoord kry 'n mens byna die indruk dat die NG Kerk sy stoom verloor en net vir 'n oomblik wil stilstaan om al die gebeure van die afgelope jare te verwerk. Wat die ekumene betref het die NG Kerk weer bande met kerke in die wêreld opgetel en is onder andere weer toegelaat in die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke en die Wêreldraad van Kerke. Met die 1999 verkiesing het die NG Kerk hom nie op enige manier aan 'n party verbind nie. Dit blyk dat die kerk nou eerder wil fokus op sosiale kwessies en baie apaties, magteloos en stemloos gestaan het teenoor die politiek en die regering van die dag.

Wat sou die vernaamste kontekstuele en teologiese redes wees vir al die kerke se afname in invloed ook wat hulle profetiese stemme betref? Van die vernaamste oorsake wat aangevoer word is onder meer die nuwe liberale demokrasie in Suid-Afrika, die klem op die vryheid van die individu en hulle eie keuse in die grondwet. Die sekularisasie en postmodernisme was ook bydraende faktore. Dit het alles bygedra dat die mens nie meer sommer voorgeskryf wou word nie en self sy eie gang sou bepaal. Die gesag van die Bybel het ook hier sy knou gekry en op teologiese gebied het daar 'n vervlakking ingetree. Dit het moontlik op die kerk afgesmeer en 'n huiwering te weeg gebring om oor alles sterk uitsprake te gee. Tog het die NG Kerk deurgaans hoop probeer gee en bring.

Byna vir die eerste keer word daar nou gepraat oor samewerking met ander kerke op elke terrein waar wetgewing beoog word. Voorheen was dit nie nodig nie omdat die regering se deur vir veral die NG Kerk oop was. Tog vind ons in die nuwe bedeling dat die regering ook soms positiewe geluide geopper het oor gesprekke. Die NG Kerk skakel verder in by talle programme en voorstelle soos byvoorbeeld die HOP program. Korrupsie was 'n verdere verskynsel wat ernstig die aandag van die kerk geveg het in die tyd. Hieroor het die NG Kerk sy profetiese sterk laat hoor. Die NG Kerk beweer dat korrupsie in die Suid-Afrikaanse regering in die tydperk vanaf 1994-1997 ongeveer 'n skokkende 3 miljard rand beloop het.

Die NG Kerk verbind hom om tot diens te wees vir die land en sy mense en om die regering van kundigheid te bedien soos hulle dit verlang.

9.4 Etiek en openbare sedelikheid

Ook op hierdie terrein van openbare sedelikheid het daar in die tydperk 1962-2002 verskillende invloede ingewerk op die kerk. Eerstens moet ingedagte gehou word dat daar ook hier twee byna teenoorgestelde grondwette was nl. 1961 – 'n meer Christelike ingestelde grondwet en 1996 – 'n meer liberale demokratiese een. Die twee tydperke verteenwoordig ook verskillende tydvakke met twee verskillende regerings nl. die NP en die ANC. Verla die nuwe liberale demokrasie in Suid-Afrika wat gepaard gegaan het

met die klem op die individu, die sekularisasie en postmodernisme het 'n invloed gehad op die kerk se stem wat die sedelikheid van die dag in die tydperk tot rondom 1990 betref.

Oor die NG Kerk se teologiese en profetiese stem betreffende etiek en openbare sedelikheid som die pers dit in 1974 vir ons op deur te skryf dat die NG Kerk die "bewakers van die sedes" is. Die pers spot met die NG Kerk, maar som die kerk se etiese rol in die samelewing in die era uitstekend op. Die NG Kerk het hier werklik gepoog om sy profetiese rol baie sterk uit te leef. Soms het dit oorgegaan in te tegniese wetsvoorstelle en voorskrifte en soms het die NG Kerk hom bevind op die staat se terrein. Hier is die NG Kerk soms gesien as 'n staatskerk. Hoe dit ook al sy, sy stem is hard en duidelik gehoor. Hierdie tendens van hard en duidelik praat het ook getaan met die loop van dekades en het vanaf 1990 net stiller en stiller geword. Was die regering in die era 1962-1990 altyd oop vir gesprekke en het die regering al die raad en kritiek aanvaar en wette net so verander? Op hierdie vraag moet 'n mens sê dat in die meeste gevalle die regering se deur vir die kerk oop was, maar in ander gevalle was dit toe en kon die NG Kerk nie daarin slaag om die regering anders te oortuig nie.

Na 1990 kry 'n mens die gevoel dat die postmodernisme sy greep op die sedelike sy van die kerk kry. Die regering sou nie meer so beskikbaar wees soos in die verlede nie, dit en bogenoemde tydsgees-veranderinge bring mee dat die NG Kerk se stem noodgedwonge net stiller word.

In die tydperk 1962-2002 is die volgende sake met die regering opgeneem deur die NG Kerk:

1962-1966 (ongeveer 13 sake)

Rasvermengde huwelike; Dobbelleentehede; Rolprente; Ongewenste leesstof; Perskode; Die staat en die Sondag; Ontugwet; Egskeiding en hertrou; Behuising; Drankmisbruik; Biertuine en die Pretoriase stadsraad; Wetsontwerp tot Wysiging van Drankwet

1966-1970 (ongeveer 21 sake)

Die July perdewedrenne; Staatslotery; Sondagsport; Winkel- en kantoorure op Sondaë; Sondagwette; Konsolidering van Sondagwette; Polisie-dienaars en danse; Drankwette en reëls; Die NG Kerk en bloed- en asemtoetse; Godslasterlike en sede-
 ondermynende rolprente; Die NG Kerk en die publikasieraad; Studente en godslasterlikheid; Gewetenskousule; Regering en openbare sedes; Gesinsbeplanning; Saamwoon; Owerspel; Gemengde huwelike; Homoseksualiteit; Misbruik van Verdowingsmiddels; Beeldradio

1970-1974 (ongeveer 18 sake)

Grondbesit in Suid-Afrika; Besoedeling en waterbesparing; Geboortebepanking; Beeldradio; Aborsie; Die pil oor die toonbank; Egskeidingswette en owerspel; Naakte beelde; Staatslotery; Woonstelkomplekse; Sondag wetgewing; Sondagblaaië; Drankmisbruik; Drankmisbruik en Alkoholinhoud van bloed; Wet op publikasies en vermaaklikheid; Die wet op publikasies; Dwelmmiddels

1974-1982 (ongeveer 27 sake)

Sondagsport; Sondagwette; Sondagarbeid; reklame en verkoop van huise op Sondaë; Egskeidingswette; Versoeningsrade ter voorkoming van egskeiding; Owerspel; Konkubinaat; Dranklisensies by die Voortrekkermonument; Drankverskaffing aan die verskillende etniese bevolkingsgroepe binne eie gebied; Drankadvertensies; Kunsmatige inseminasie; Die Christelike beskerming van aangeklaagdes van ernstige misdade; Die gewetenskousule; Beeldradio; Rasgemengde huwelike; Die ontugwet; Drankmisbruik; Publikasies; Dobbel; Bonusobligasies; Die Wet op die vryheid van die pers; Sondaë; Die Kinderwet; Gesin- en regshowe; Aborsie.

1982-1986 (ongeveer 15 sake)

Behuising vir Indiërs aan die Witwatersrand; Bonusobligasies; Hervestiging van nie-blankes; Verslae oor die nuwe arbeidsituasie; Die oprigting van Casino's in onafhanklike state; Veiligheidswetgewing; Biersale wat op Sondaë oop is; Swart verstedeliking en behuising; Behandeling van Gevangenes; Plakkerskampe;

Erfpagregte; Die geestelike versorging van swart bediendes in wit stedelike gebiede en hulle gesinsprobleme; Beter ontspanningsgeriewe vir swartes asook film, radio en beeldradio dienste; Ruimer subsidies vir plaasskole; Opgradering van plaasskole; Behoeftte aan meer leerkragte vir plaasskole

1986-1994 (ongeveer 10 sake)

Kunsmatige inseminasie; Publikasies; Huwelike; Dobbelen en Lotery; Aborsie; Sondag; Kinderbeskerming; Doodstraf; Drank; Korrupsie

1994-2002 (ongeveer 5 sake)

Korrupsie; Doodstraf; Dobbelen; Drank; Aborsie; Pornografie

Die afname in die kerk se stem is hier dus duidelik. Dit dui ook aan die anderkant op die feit dat die kerk in al hoe minder gesprekke was met die regering oor die periode.

9.5 Onderwys

Vir die NG Kerk was die onderwys altyd 'n baie hoë prioriteit. Dit blyk duidelik uit al die handeling van die sinodes. Christelike onderwys was vir die NG Kerk ook teologies baie belangrik omdat dit deel gevorm het van die kerk se belydenis en doopbeloftes. Hierdie kernwaardes wat ook deel van die grondwet van 1961 en is verder ondersteun deur die NP. Daarom bly die kerk deurentyd waak oor die gehalte onderwys, die inslag, die taal en dan natuurlik dat dit Bybels gefundeer moes wees. Doopouers en die regering is maklik vermaan oor pligte en wetgewing wat nagekom moes word. Oor die hoër onderwys was die besware groot toe die gewetenskousule na vore gekom het. Die VCHO is in 1949 gestig en daar was 'n baie noue band tussen die kerk en die VCHO oor dekades. Hoewel die NG Kerk hoofsaaklik gefokus het op sy lidmate se onderwys oor die algemeen, spreek die NG Kerk ook die regering oor skole vir anderkleuriges aan. Die NG Kerk vra dat daar volledige onderwys aan alle Swartmense verskaf moet word. Hierdie onderwys of opvoeding vir die Naturel moes langs primêre-, sekondêre-, vak-, tegniese- en universiteitsbane geskied. Dit moes omvangryk wees om hulle doeltreffend te bekwaam vir hulle lewe. Die NG Kerk werk saam om ook van tyd tot tyd volkskongresse oor opvoeding en onderwys aan te bied. By hierdie

geleenthede het talle ministers ook opgetree as sprekers. Die NG Kerk en die regering het op hierdie gebied besonder goed saamgewerk. Van tyd tot tyd het die NG Kerk ook onderhoude aangevra by die betrokke departement en met die minister daarvoor verantwoordelik, en daar was baie goeie gesindhede. Die NG Kerk het reeds in 1969 die Departement van Onderwys versoek om Bybelkunde in te voer. Die NG Kerk en die regering het tot en met die nuwe bedeling in 1994 'n baie goeie verhouding gehandhaaf. Vanaf 1994 en ook voor dit kom 'n mens agter dat die hele scenario besig was om baie vinnig te verander. Ook hier speel die nuwe tydsgees in op die breë as ook op die kerk en sukkel die kerk om sy droom te laat oorkom. Die NG Kerk het nog gepleit vir Christelike Nasionale onderwys, maar die nuwe bedeling het hier die rug op dit begin keer. Die NG Kerk se vrese voor die nuwe bedeling is bewaarheid wat die Christelike etos betref. In die nuwe bedeling kry 'n mens soms die gevoel dat die NG Kerk nie meer so sterk staan op die Christelike onderwys nie en byna oorgee aan die gedagte dat hulle nie meer veel insae het in die onderwys nie. Groot kommer heers in 1992 oor waarheen die onderwys nou eintlik op pad is. Daar word gevra dat die kerke sal saamstaan oor die saak. Die NG Kerk besef ook dat hulle nie meer so groot inspraak in die saak het nie en vra hier ook die hulp van ander kerke wat voorheen nooit die geval was nie. Onder die ANC is die onderwys ook nie meer gesien as Christelik alleen nie en die grondwet van 1996 het dit ook so uitgestippel. Godsdienste sou dus slegs as akademiese vak op skool aangebied mag word en godsdienste sal vergelykend bestudeer moet word. Bybelvoorlesings en gebed by saalbyeenkomste en Bybelonderrigperiodes sou so dan in gedrang kom. Al die verskillende invloede soos onder andere sekularisme en die nuwe liberale demokrasie het gemaak dat die kerk nie meer so seker was oor die pad vorentoe nie en daarmee saam het dit sy profetiese stem ook begin beïnvloed.

9.6 Maatskaplike sorg en barmhartigheidsdiens

Sedert 1953 het die Federale Armsorg-raad van die NG Kerk goeie werk gedoen en in die tyd wat sou kom ook voorstelle aan die regering gemaak. Die regering het deurgaans geluister en ook kommissies wat voorstelle opgevolg het aangewys. Ook hier het die NG Kerk armsorg as 'n Skriftuurlike en teologiese prioriteit gesien en

deurgaans die NP daarvoor genader om aandag aan die kerk se lidmate te gee waar nodig. Ook hier het die grondwet van 1961 ingespeel. Daar word ook gesien hoe die welsyn en die kerk se diens van barmhartigheid ten goede geraak is deur die aankondigings van begrotings deur die regering. Die hartlike samewerking tussen die Diens van Barmhartigheid en die Departement van Volkswelsyn en Pensioene was hier aan die orde van die dag. Ten spyte van hierdie hartlike samewerking het die NG Kerk ook sy profetiese roeping op onmiskenbare wyse laat hoor en selfs eerste ministers aangespreek toe die Diens van Barmhartigheid as gevolg van die staat se handelwyse nie tot sy reg gekom het nie. Die NG Kerk het gepraat oor plakkerskampe en pensioene en talle sake wat die nie-blankes op die gebied sou raak. Die NG Kerk doen ook in hierdie tyd 'n beroep op die owerheid om deeglik rekening te hou van op watter plekke behuising beplan word en om te let op 'n normale en gesonde gesinslewe by die beplanning daarvan.

In die nuwe bedeling sedert 1994 met 'n nuwe ANC regering wat weer net grootliks sy eie ondersteuningsbasis sou diens en met die nuwe grondwet van 1996 sou die goeie verhoudings wat daar was ook in die slag bly en is subsidies anders toegewys. Die NG Kerk het ook 'n kommissie daargestel wat as VAM bekend sou staan om in stukkende gemeenskappe 'n verskil te maak. Die kommissie sou spesifiek moes aandag skenk aan versoening, armoede en morele herstel in die land. Op die versoek van pres. T. Mbeki aan kerke vir hulp met die morele opbou van die land, het die NG Kerk positief gereageer en die Jaar van Hoop-projek van die NG Kerk is ook so aangekondig. Die NG Kerk poog om aan te pas by die nuwe omstandighede en probeer om hoop te gee aan gemeenskappe wat hopeloos geword het.

9.7 Ekumene

Onder kerkhistorici en teoloë is daar eenstemmigheid dat Cottesloe, ook wat die ekumene betref, 'n keerpunt vir die NG Kerk verteenwoordig. Op die oog af het Cottesloe tot gevolg gehad dat 'n etiese en sosio-politieke kwessie soos apartheid 'n bepaler van ekumeniese betrekkinge in die NG Kerk na 1960 geword het. Martin Luther King het ook in 1961 sterk op die voorgrond getree vir burgerregte in Amerika. Hy het

ook die regte vir gekleurdes gepopulariseer. Hierdie konsepte wat slegs op daardie stadium deur 'n klein groepie kerke en ekumeniese leiers aangespreek is, sou later miljoene Christene raak. Die GKN van Nederland het ook 'n "stille omwenteling" in die jare 1945 tot 1960 rondom vrae en kwessies van die nood van die moderne mens ondergaan. Die GKN het teen 1968 temas soos rassegelykheid en die bevryding van die armer rasse ens. onder oë gehad. Apartheid het dan ook vir die Nederlanders gekom uit die "ou" wêreld waaroor teoloë van die GKN teen 1968 alreeds afskeid geneem het. Die NG Kerk se verhouding met die GKN teen 1968 en veral met sekere lidmate van die GKN het al hoe meer gespanne geword. Verskille het ook groter geword in dié tyd oor die Suid-Afrikaanse problematiek, maar op hierdie stadium het die GKN ook nog geen amptelike besluit geneem oor die rassebeleid in Suid-Afrika nie. Die bande tussen die GKN en die NG Kerk het versleg in die jare 1968 tot 1974.

Wat die GES betref, het daar ook reeds voor die vyfde GES in Augustus 1968 te Lunteren, spanning opgelaaai oor die rasse-situasie in Suid-Afrika. Die volgende GES was in Sydney, Australië, in Augustus 1972. Hierdie sinode het die volgende geleentheid gebied om weer oor die Suid-Afrikaanse situasie te praat. Hier was die atmosfeer meer aangenaam as by Lunteren in 1968, alhoewel hier anti-apartheid demonstrasies was. Hierdie gebeure het ook ingespeel by die volgende GES in 1974 en die druk op die NG Kerk het toegeneem in die buite- en binneland oor die rassebeleid wat hulle steeds verdedig het.

Na aanleiding van 'n klomp gebeure in Suid-Afrika rondom die rasse-situasie neem die WRK in 1968 by sy vierde Algemene Vergadering by Uppsala in Swede baie radikale besluite. Na hierdie vergadering van die WRK in 1968 volg daar ook in 1969 'n program genoem 'Program vir die Bestryding van Rassisme'. Daar is ook in hierdie program voorsiening gemaak vir spesiale fondse waardeur kerke 'simboliese' geldelike bydraes maak aan die bevrydingsorganisasies. Dr. J.D. Vorster skryf dat die Raad se besluit om geld vir die terroriste organisasies te gee, skokkend is. Op daardie stadium het alle partye en organisasies asook die SARK die geld vir terrorisme baie sterk afgewys. Dit

was net die CI wat dit stilswyend goedgekeur het. Hierdie gebeure het baie spanning veroorsaak in kerklike geledere.

By die Algemene Sinode van 1974 het dr. J.D. Vorster 'n ultimatum mosie voorgestel wat aanvaar is. Dit het daarop neergekom dat "indien die GKN nie binne afsienbare tyd die ernstige leerstellige dwalinge uit hulle midde deur middel van leer en tug verwyder nie en indien hulle besluite insake steun aan terrorisme nie later as die eerste sitting van die volgende sinode herroep word nie, die band tussen die NG Kerk en die GKN as verbreek beskou sou word". Op hierdie stadium was dit geensins 'n geïsoleerde geval tussen die NG Kerk en die GKN nie. Die *Reformed Church in New Zealand* het ook bande met die GKN oor leerdwaling verbreek. Die *Orthodox Presbyterian Church* het ook baie sterk standpunt ingeneem teen leerdwaling in die GKN en hulle ook ernstig uitgespreek teen die GKN se ondersteuning van die Spesiale Fonds. Ook die *Free Church of Scotland* het hulle gekritiseer op grond van teologiese tendense binne die GKN. By die volgende GES byeenkoms is daar gesien hoe die GKN se invloed aan die kwyn was, nie een GKN afgevaardigde is op die moderatuur van die GES verkies nie en... "Hieroor was die GKN bitter ontsteld".

In 1976 vind die sewende GES te Kaapstad plaas. Hier was die NGSK die gasheer. Die GES het ook in die sitting simpatie betoon teenoor almal in Suid-Afrika wat verliese gelei het en die regering gevra om aandag te gee aan die oorsake van die erge spanninge. In 1983 het die GES in Chicago 'n versoek aan die NG Kerk en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gerig om in 1986 verslag te doen "oor wat elkeen gedoen het om hul steun aan die apartheidsstelsel in die lig van die Skriftuurlike norme van liefde en geregtigheid te oorweeg". Met hierdie en nog meer het die ekumeniese verhoudinge 'n laagtepunt bereik (Kingham 1986:152).

Vanaf 17-27 Augustus 1982 het die een en twintigste vergadering van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke plaasgevind te Ottawa. Dr. A. Boesak het ook by die geleentheid oor rassisme in Suid-Afrika opgetree. Hy het onder andere die WBGK daarvan beskuldig dat hulle vanaf 1970 nie regtig standpunt ingeneem het nie. Hy het

ook die WBGK uitgedaag om rassisme te brandmerk as sonde en “om apartheid as onversoenbaar met die evangelie van Jesus Christus te verklaar”. Dit sou beteken dat apartheid in stryd met die wese van die Reformasie was en daarom as kettery verklaar moes word. Dr. A. Boesak is ook hier as voorsitter van die vergadering verkies op die jonge ouderdom van 36 jaar. Na ‘n Nagmaalboikot deur die NGKA en die NGSK se elf lede was die vergadering ingekleur vir ‘n heftige stryd teen apartheid. Die WBGK het dan ook ‘n verslag die lig laat sien wat apartheid veroordeel as onversoenbaar met die evangelie. Die vergadering het ook ‘n *Status Confessionis* aanvaar. Die NG Kerk se lidmaatskap is opgeskort en die boodskap was dat die tyd vir nuwe besinning vir die pad vorentoe aangebreek het. Die NG Kerk is ook in 1982 te Ottawa geskors deur die WBGK.

Die 23ste sinode van die NGSK was ‘n baie belangrike vergadering en was ook net so ‘n maand na die WBGK se vergadering te Ottawa. Dr. A. Boesak het hier ‘n groot rol gespeel. Die NGSK het op die vergadering ‘n *Status Confessionis* afgekondig met ‘n baie sterk bewoording waarin hulle apartheid as sonde verklaar. Op 6 Oktober 1982 is die konsepbelydenis wat opgestel is aanvaar. Dié Belydenis van Belhar bely dat “enige leer wat of die natuurlike verskeidenheid of die sondige geskeidenheid so verabsoluteer... dat hierdie verabsoluttering die sigbare en werksame eenheid van die kerk belemmer”. Die Belhar Belydenis wat sterk teen apartheid bedoel was, het die pyn, ervaring en emosie verwoord van ‘n regeringsbeleid wat vasgedraai het en baie mense “ontredder” gelaat het. Diegene wat seergekry het, het met die Belydenis van Belhar gepraat. Wat die SARK betref het die NG Kerk weer sy plek in 1995 as waarnemer in geneem. Die WBGK het in 1998 die NG Kerk terug aanvaar as lid, nadat die Algemene Sinode apartheid finaal as sonde veroordeel het.

9.8 Beskermingsdienste

In die Handeling van die Algemene Sinode van die NG Kerk 1962 word daar besluit om ‘n permanente kommissie te benoem vir die behartiging van die belang van die Veldpredikers en om die nodige skakeling met die Departement van Verdediging en Justisie te behartig. Die naam van die kommissie was dan ook die Sinodale Kommissie

vir die Geestelike Bearbeiding van die Weermag, Polisie en Gevangenes. Die NG Kerk se wil om die Woord uit te dra aan sy lidmate was altyd prioriteit en alles is gedoen om dit te verwesenlik. Die NP wat ook Christelik Nasionaal was het die kerk se geestelike bearbeiding van die lidmate verwelkom en dit heelhartig ondersteun. Die grondwet van 1961 het ook verdere ondersteuning daaraan gebied.

Wat die geestelike bearbeiding van die polisie en die weermag betref is dit later in 1966 aan die Breë Moderatuur opgedra om dit te beheer. Verskillende onderhoude is met die Minister van Verdediging asook met weermaghoofde en die hoofpolisiekapelaan gehou vir die opstelling van ooreenkomste tussen die kerk en die owerheid met betrekking tot bogenoemde saak. Daar is ooreengekom dat sekere prosedures gevolg sal word wanneer daar vakatures sou ontstaan. 'n Ooreenkoms is deur die Breë Moderatuur van die NG Kerk en die Departement van Polisie gesluit insake die geestelike bearbeiding van die SAP. Die vrugte van die geestelike leiding en bearbeiding veral van die meer as 7,000 ongetroude polisiemanne wat in kasernes in 1970 saamgetrek was, word oor getuig. Die NG Kerk en die regering het baie goed saamgewerk op hierdie gebied.

Die NG Kerk se invloed was inderdaad baie groot en so het die NG Kerk in daardie tyd byna al die beskermingsdienste met die Woord bedien. So het die Breë Moderatuur van die NG Kerk ook 'n ooreenkoms tussen die Departement van Gevangenisregering oor die aanstelling van 'n direkteur van geestelike dienste sowel as ander voltijdse- en deeltijdse geestelike werkers van die NG Kerk bereik.

Spoorwegbearbeiding het al hoe meer die klem begin dra van nywerheidsbediening en dit is behartig deur die breë kommissie vir spoorwegbearbeiding wat as subkommissie van die Algemene Kommissie vir Amsbediening en Evangelisasie gedien het. Gedurende die periode 1974-1975 het die magsverhoudinge in Suid-Afrika baie verander. Die beheer oor Suidwes-Afrika asook die botsings in Angola het Suid-Afrika in konfrontasie met die buiteland gebring. Dit was 'n uiters gespanne tyd in die geskiedenis van Suid-Afrika.

In die onluste en opstande gedurende 1976 en 1977 was die polisiekapelane op hulle pos en met groot lewensgevaar het hulle die manne geestelik versterk en weerbaar gehou.

Op daardie stadium was die meerderheid van die SAW dienskorps ook NG Kerk lidmate. Deur middel van die kerknuus het die Breë Moderatuur 'n algemene oproep op die kerk gedoen om gereeld vir die manne op die grense van die land te bid. Alle deure van die weermag is vir die werk van die kerk wyd oopgemaak afgesien van die oprigting van kerkgeboue en pastorieë. Die getal NG Kerk dienspligtiges en jong staande mag lede was jaarliks tussen 25,000 en 33,000, en jong lidmate is in hulle kasernes besoek en met kerklos persone is kontak mee gemaak. In die operasionele gebiede was tentbesoeke ook baie vrugbaar en talle bekerings en geestelike verdieping het so plaasgevind. Daar is twee maal per week gebedsparades gehou waar die dag begin is met skriflesing, 'n kort oordenking en gebed. Lidmate is gereeld in hospitale, siekeboë en detensie-kasernes besoek. Gedurende 1981 tot 1982 is daar 48,400 Bybels versprei (ongeveer 40% van dienspligtiges daag sonder 'n Bybel op vir diens). Daar is ook nog 2,276 geestelike boeke aangekoop vir trommel biblioteke, 247,000 traktaatjies is versprei en 215 godsdienstige rolprente is gehuur en versprei. Uit die 1290 kapelane wat in die weermag diens doen was ongeveer 800 predikante of proponente van die NG Kerk. Gedurende 1978-1982 is ongeveer 193,744 Bybels in 14 tale deur die kapelaansdiens versprei en die koste hieraan verbonde is deur die kapelaansdiens self gedra. In dieselfde tyd is 1,093,717 dagboeke, studiestukke, brosjures, traktaatjies, kerkblaaië, kerktydskrifte en geestelike boeke in tuisbasisse versprei. Van die kapelaankorps in die gevangenisdiens was 16 uit die 23 leraars van die NG Kerk en 615 uit die 1700 geestelike werkers ook uit die NG Kerk.

Tydens die noodtoestand in 1986 het die NG Kerk ook die regering gevra om met groot verantwoordelikheid met die handhawing van wet en orde te werk te gaan. In 1988 was die SAW ook nog betrokke in Suidwes-Afrika. Die ASK beklemtoon dat daar net een aangewese Christelike weg is en dit is vredesamesprekings. Die kerk roep sy lidmate deurentyd op tot gebed en verootmoediging voor God, tot kalmte, selfbeheersing en

vertroue. Hier word genoem dat met die laaste operasies in Angola, daar baie eise aan die kapelane wat saam met die troepe ontplooi was, gestel is. Hier is baie vrugbare werk onder baie moeilike omstandighede gedoen. Een en negentig persent van die soldate het getuig dat hulle geestelik gegroei het en 92% het gevoel dat die kapelane onontbeerlik was. Daar word ook gebid vir vrede in SWA en daar word genoem dat resoluie 435 byna in die wiele gery is deur die oorlog. Veranderinge was nie net beperk tot Suid-Afrika nie, maar ook in SWA. Die Kerkbode berig op 9 September 1988 dat die SAW hulle troepe uit Angola onttrek het. Hierdie was 'n baie groot stap en baie veranderinge sou volg in Suid-Afrika.

Deurentyd het die NG Kerk gemaan om geregtigheid en dat die veiligheidsmagte nooit hulle magte moes misbruik nie. Die kapelaan-generaal meld in sy verslag in 1990 dat die verkorte dienspligtydperk tot gevolg het dat die NG Kerk ongeveer 35% minder werkkragte in die SAW gaan hê. Hier sien die kapelaan-generaal dat die veranderde landsomstandighede ook 'n direkte invloed op die NG Kerk se werk in die SAW het.

Op 28 Mei 1993 verwys die kapelaan-generaal van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag in sy verslag na 'n hersiene ooreenkoms. Vanweë die snelle verandering, onder andere die verandering van die naam van die weermag en die afskaffing van diensplig, was dit nodig om die ooreenkoms redaksioneel te hersien. Gedurende Desember 1993 het die laaste groep diensplig-kapelane ook uitgeklaar. In die tyd het die samestelling daarvan verander. Al die veranderings asook samestellings van die weermag in 1994 het die bestuur van die kapelaansdienste soveel meer gekompliseerd gemaak. Ook in die verslag van die Kapelaan-Generaal Korrektiewe Dienste word van 'n nuwe ooreenkoms tussen die kerk en die Departement van Korrektiewe Dienste op 22 September 1994 genoem. So word daar in die verslag van die kapelaan-generaal van die SAP genoem dat na afhandeling van die amalgamasie van die verskillende polisiemagte daar weer 'n ooreenkoms voorgelê sal word vir ondertekening.

Op 1 Maart 1994 was die situasie rondom die weermag dat die kapelaandiens van die SAW 'n ondersteuningsdiens word wat direk onder die hoof van die SAW ressorteer.

Die ANC regering met die liberale demokratiese inslag ook ondersteun deur die grondwet, het ook gevolge gehad op die geestelike versorging en Christelike grondslag. Die aantal moorde in 1995 beloop 45 mense per dag. Dit asook die eskalاسie in geweld tydens die oorgangstydperk het baie druk op die beskermingsdienste geplaas. Rondom die Wapenvrye-Suid-Afrika-veldtog in 1995 wat wye media dekking gekry het, was die NG Kerk se standpunt dat hy nie die veldtog steun nie. Groot bekommernis oor die aantal gevangenes wat vrygelaat is gedurende Mei 1995 is uitgespreek. Almal wat vrygelaat is het ernstige misdade gepleeg. In 1998 word daar baie ernstig vir mnr. N. Mandela gevra dat sy regering misdaad 'n prioriteit sal maak. In 2000 het plaasmoorde ook baie toegeneem. In Desember 2002 gaan die berigte oor geweld net verder aan: "Suid-Afrika is al lankal een van die gewelddadigste lande in die wêreld". Geweld, plaasmoorde en moorde word as byna aan die orde van die dag gesien. Die NG Kerk laat sy kommer blyk in verklarings oor die hele situasie in die land wat skyn om onkeerbaar te eskaleer.

9.9 Oppad na 'n nuwe millennium

Oppad na die nuwe millennium was daar in die onsekere tye weer die behoefte om te hoor wat die kerk se belydenis was. In die Geloofsverklaring 2000 wou die kerk in kort teologiese sê waarin hy glo, veral omdat daar in die tyd verwarrende geluide oor geloofskwessies was. Die kerk se boodskap vir die nuwe millennium en vorentoe is dat die kerk sy moue moet oprol vir die volgende eeu en moet voortbou op die goeie werk wat in die vorige eeu gedoen het. Die NG Kerk gaan hierdie nuwe tyd ook dan volstoom binne. Hiervan spreek die Jaar van Hoop in 2001. Vroeg in die nuwe millennium is die NG Kerk 350 jaar in Suid-Afrika en as daar na die verlede gekyk word kan die kerk tog met groot dankbaarheid terugkyk.

In 'n onderhoud met prof. E.P. Groenewald word daar vir hom gevra rondom die verslag wat hy in 1948 aan die Transvaalse Sinode voorgelê het en waarin hy die grondbeginsels vir apartheid uit die Skrif gestel en beklemtoon het, of hy dieselfde vandag nog sou doen? Prof. E.P. Groenewald noem dat daardie uitsprake gesien moet word in die lig van die situasie destyds. Hy noem ook iets belangrik naamlik 'n mens se

belewenis van dinge en dat dit altyd 'n baie belangrike rol in jou Skrifverklaring speel: daarom dat 'n mens se eksegeese kortkorte hersien moet word.

9.10 Enkele laaste teologies-kritiese slotopmerkings

9.10.1

Vanuit Skrif, belydenis en kerkorde eien die NG Kerk hom soos ander Reformatoriese kerke die reg toe om 'n bepaalde standpunt in te neem teenoor die owerheid. Die belangrikste vraag wat gepoog is om in hierdie studie te beantwoord, was dus eintlik of die NG Kerk teenoor die staat, met sy rigtinggewende grondwette en verskillende regeringspartye, werklik kerk van Jesus Christus in die gegewe konteks tussen 1962 en 2002 was.

9.10.2

Dit het deurgaans duidelik uit hierdie studie geblyk dat die NG Kerk sy teologiese standpunt oor die owerheid en daarom ook sy profetiese getuienis teenoor en sy verhouding tot die owerheid, baie duidelik vanuit die Skrif, sy Belydenisskrifte en sy Kerkorde aflei. Alhoewel dit in teorie die primêre bron is, vertel die praktyk soos dit uit die studie blyk dikwels 'n ander verhaal. Verder was die Skrif-, kerk- en staatbeskouinge van die NG Kerk in verskillende eras bepalend vir sy verantwoorde profetiese getuienis al dan nie teenoor die owerheid.

9.10.3

Met betrekking tot die Kerkorde van die NG Kerk moet aangedui word dat wat die verhouding kerk en samelewing aanbetref, daar tussen 1962 en 2002 enkele klein maar belangrike wysigings ingetree het. In 1998 toon die Kerkorde dat Rom. 13 sterker beklemtoon word. Verder beklemtoon Art 65.2 die nodige eerbied vir die regering en verder beklemtoon Art 65.3 net ou sake op 'n nuwe manier. Die 1998 Kerkorde is dus kerklik meer eenvoudig geformuleer.

9.10.4

Om die belangrikste maatstawwe en kriteria oor wat presies 'n kerk se verhouding met die staatsowerheid, en dus sy profetiese getuienis daarteenoor bepaal, is dit veral belangrik om die oorsprong, aard, impak en motief daarvan te bepaal. Dit wil sê onder andere vrae soos of die Skrif reg verstaan is, en ook wat die inhoud maar ook die motiewe van die standpuntvorming van die kerk was.

9.10.5

Uit die studie het dit ook duidelik geblyk dat die NG Kerk by tye gevaarlik naby aan die regerende party beweeg het en dat dit soms beslis moeilik was om te onderskei tussen die NG Kerk en die NP se stem. Dis egter steeds nie volledig gegrond om die NG Kerk as die NP in gebed te sien nie.

9.10.6

Uit die studie blyk dit ook duidelik dat daar voortdurende meestal krities-solidêre profetiese stemme van binne en buite die NG Kerk was wat die kerk en die teologiese nadenke in verskillende eras bewus daarvan probeer maak het dat die NG Kerk uiters versigtig moet wees om 'n gesonde afstand van die owerheid te handhaaf.

9.10.7

Die vraag het ook ter sprake gekom of die stem van die kerk as die gewete van die volk duursaam maar ook spaarsamig was asook of dit duidelik hoorbaar, skaars hoorbaar of soms ook heeltemal te stil was. dit het duidelik geblyk dat die bogenoemde scenario's in verskillende tye en omstandighede beslis op die NG Kerk van toepassing was.

9.10.8

Veral in die periode na 1948 en tot en met ongeveer 1975 het dit geblyk dat die NG Kerk in sy denke en besluite moontlik beïnvloed is deur 'n Suid-Afrikaanse stempel van die 20e eeuse Neo-Calvinisme vanuit Nederland, en dan veral in sy idealistiese perspektief op die "uitverkore volksgedagte (*the chosen people*) te midde van 'n burgerlike godsdiens (*civil religion*)".

9.10.9

In die loop van die periode vanaf 1962 tot 2002 het veral twee kerklik-teologiese dokumente 'n groot en dikwels rigtinggewende rol in die nadenke oor maar ook die implementering van sy profetiese getuienis gespeel. Dit is aan die een kant Ras, Volk en Nasie in die lig van die Skrif (1974) en Kerk en Samelewing (1986).

9.10.10

Uit die studie blyk dit baie duidelik dat daar in die loop van die periode voor 1986 as 'n waterskeidingspunt en daarna, 'n duidelike paradigmaterskuiwing ingetree het ten opsigte van die profetiese stem en getuienis van die NG Kerk. Dit kan toegeskryf word aan teologiese, ideologiese, kulturele, kerkpolitieke maar ook kontekstuele veranderinge in die NG Kerk ten nouste geraak het.

9.10.11

Dit het eweneens geblyk dat die samelewings-worstelinge van die 70er en 80er jare nie sonder kerklike begeleiding en konfessionele standpuntstelling plaasgevind het nie. dit tesame met die aanstaande nuwe politieke bedeling het daartoe meegewerk dat die NG Kerk in 'n nuwe raam moes dink. Dit alles het sy verstaan van die verhouding kerk en staat diepgrypend beïnvloed.

9.10.12

Die legitieme vraag kan ook gevra word of die NG Kerk by tye vasgevang was in die tydsges, dit wil sê 'n situasie waar die konteks die benadering tot sake bepaal het. dit was vanweë onder andere menslike redes ongetwyfeld in die verlede die geval maar dit kan ook tans in ons eietyd weer die geval wees dat die NG Kerk te sterk deur die beklemtoning van die regte van die individu in 'n nuwe bedeling beïnvloed word.

9.10.13

Dar is deurgaans gepoog om die bronne binne hul histories-kerklike horison krities te bestudeer, en dan veral met 'n studie soos hierdie in terme van hulle intensie om onder andere ook teologiese dokumente te wees.

9.10.14

Met 'n redelike mate van reg kan beweer word dat die onverantwoorde en verantwoorde profetiese getuienis van die NG Kerk ongeveer direk eweredig is met sy betrokkenheid by of sy wegbeweeg van die heersende apartheidsteologie van verskillende tye.

9.10.15

Met 'n redelike mate van reg kan eweneens beweer word dat die NG Kerk se uitgesproke of vae getuienis oor ander etiese kwessies ongeveer direk eweredig is met veranderende kerklike en samelewingsvisies op etiese sake.

9.10.16

Dit is duidelik dat die Algemene Sinode in 1986 uitgesproke teologies besluit het dat die Skrif nie 'n bepaalde politieke model as norm vir alle tye aanbied of voorskryf nie. Die kerk sou dus nie meer enige politieke model voorskryf nie, maar hy wil slegs die Skrif-eise van liefde, vryheid, geregtigheid en menswaardigheid wat in die samelewing beliggaam moet word, beklemtoon.

9.10.17

In die 80er jare vind daar 'n besliste teologiese verskuiwing in die NG Kerk plaas ten opsigte van sy visie op die samelewing. Die klem het meer en meer weg van Abraham Kuyper en meer en meer na Karl Barth verskuif. Opvallend is bv. hoe die dokument Kerk en Samelewing (1986) beide die Neo-Calvinistiese idee oor die kerk in 'n Christelike samelewing asook die Barthiaanse perspektief oor die kerk as 'n besondere en eksemplariese instelling of proeftuin in die wêreld akkommodeer.

9.10.18

In die nuwe plurale en multikulturele samelewing in Suid-Afrika word die profetiese taak van die kerk met betrekking tot die beskermingsdienste beslis moeiliker. Dit bly egter belangrik om te besef dat wanneer die Christelike evangeliedienaar in die beskermingsdienste nie meer vry is om sy taak volgens die eise van die Skrif te volvoer nie, dat hy eintlik 'n dienaar van die staat word.

9.10.19

Na 1994 veral as gevolg van postmodernisme, sekularisasie en die liberale demokrasie is die profetiese rol van die NG Kerk aansienlik ingeperk. Dit het 'n nuwe soeke na geskikte wyses van kommunikasie met die owerheid tot gevolg gehad. Intussen moet die profetiese getuienis steeds taak- maar ook mens-georiënteerd bly.

9.10.20

Die morele bankrotskap en breë krisis ten opsigte van onderwys, dienslewering, armoede en korrupsie in die huidige Suid-Afrika kan onder andere ook indirek toegeskryf word aan die identiteits-probleme beide in die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en die NG Kerk as belangrike lidkerk. Hulle profetiese getuienis is beslis nie hoorbaar genoeg nie maar ook dikwels veels te veel afwesig.

9.10.21

Die relevansie van hierdie studie is onder andere geleë daarin om te wys op bepaalde benaderingswyses met betrekking tot kerk en samelewing wat in bepaalde kontekste in Suid-Afrika gevolg is, om te wys op die kragte wat ingrypende veranderings tot gevolg gehad het, en hopelik om onverantwoorde benaderings tot hierdie veld in die toekoms af te weer.

9.11 Verder die toekoms in

Oor die periode van veertig jaar met in ag genome die ongelooflike uiterstes waarin die NG Kerk hom bevind het in Suid-Afrika en met die hoogspanning in beide eras glo ek het die kerk opreg gepoog om kerk te bly in Christus en het die Here deur die genade Sy lig laat skyn deur die NG Kerk. Soms het die NG Kerk byna gefaal as profeet en dan weer gespreek as profeet. Maar bo alles het hy deurentyd ernstig gebid as profeet in diepe afhanklikheid teenoor die Almagtige Drie Enige God.

Die laaste en seker nie die minste nie is dat die kerk in die stryd vorentoe altyd die teologiese hoop in Christus lewend moet hou. Hoop, troos en vermaning is van die fundamente van die kerk se boodskap soos alleen in die Woord van God en die

belydenis gevind word. Daarby moet die kerk altyd profeet wees in liefde en in waarheid, sonder huiwering en sonder aansien van persoon, tot eer van God Drie Enig. Die Here het dié groot opdrag ook aan die kerk gegee wat hy nooit mag versuim of nalaat nie. Die stem van die kerk wat vanselfsprekend en primêr Bybels gefundeerd moet wees moet ook nooit as goedkoop ervaar word nie. Elke stem van die kerk wat gehoor word moet altyd gepaardgaan met Skrif- en belydeniskennis, in biddende afhanklikheid tot die Here en 'n behoorlike teologiese nadenke oor die betrokke saak. In die stem van die kerk moet die Woord van God dus altyd duidelik gehoor word. 'n Verdere woord aan die kerk is om nie altyd deurlopende kommentaar op al die sake van die dag te probeer lewer nie. Die kerk van die Here moet duursaam en spaarsamig sy profetiese woord laat hoor. Anders kan die kerk maklik sy geloofwaardigheid in die proses inboet. Die kerk behoort nie toe te laat dat die tydsgees hom so beïnvloed dat dit hom ontmoedig om te praat nie. Die kerk moet deurentyd solidêr krities wees in hulle verhouding met die regering. Die kerk moet ook altyd uit die teologiese en die kerkgeskiedenis leer wat sy profetiese rol is en behoort te wees teenoor die regering van die dag. Uiteindelik moet die kerk die staat se gewete en nie sy verstand wees nie. Na alles wissel regerings en is dit tydelik. Daarteenoor staan die kerk van ons Here Jesus Christus vas tot in ewigheid. Hierdie vaste ewigheidswaarde wat die kerk in die Drie enige God vind, moet hom opgewonde maak wat oor sy profetiese stem en altyd laat sê: " So sê die Here Here, die Almagtige!"

Bronne

Primêre Bronne

Die Kerkbode

Die Kerkbode 1962-1966

Die Kerkbode 1966-1970

Die Kerkbode 1970-1974

Die Kerkbode 1974-1978

Die Kerkbode 1978-1982

Die Kerkbode 1982-1986

Die Kerkbode 1986-1990

Die Kerkbode 1990-1994

Die Kerkbode 1994-1998

Die Kerkbode 1998-2002

Die Kerkorde

Die Kerkorde van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1962.

Die Kerkorde van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1966

Die Kerkorde van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1970

Die Kerkorde van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1974

Die Kerkorde van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1978

Die Kerkorde van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1982

Die Kerkorde van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1986

Die Kerkorde van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1990

Die Kerkorde van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1994

Die Kerkorde van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1998

Die Kerkorde van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 2002

Handelinge van kerklike vergaderings

Handelinge van die Federale Raad van Nederduitse Gereformeerde Kerke 1951

Handelinge van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1962

Handelinge van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1966
 Handelinge van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1970
 Handelinge van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1974
 Handelinge van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1978
 Handelinge van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1982
 Handelinge van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1986
 Handelinge van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1990
 Handelinge van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1994
 Handelinge van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1998
 Handelinge van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 2002

Sekondêre bronne: Boeke

Barnard, A.C.

1988. Handboek van die erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Uitgegee in opdrag van die Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, NG Kerk uitgewers

Boesak, A

1984. *Black and reformed, Apartheid, Liberation and the Calvinist Tradition*. Skotaville Publishers, Braamfontein

Boesak, A

1979. Die vinger van God. Ravan Press, Johannesburg

Bosch, D.J.

1982. Perspektief op die ope brief. Human en Rousseau, Kaapstad, Pretoria en Johannesburg

Brink, C.B.

1957. Die Kerk en die rassevraagstuk. NG Kerk-uitgewers, Kaapstad

Brown, R.M.

1990. *Kairos, Three Prophetic Challenges to the Church*. Wm. B. Eerdmans Publishing Co, Grand Rapids Mich

Calvyn, J

1996. Verklaring van de Bijbel 1 en 2 Korinthe. Vertaald deur A.M. Donner, Vierde druk. Uitgeverij De Groot Gouddriaan- Kampen

Cawood, L

1964. *The Churches and race relations in South Africa*, South African Institute of Race Relations. Printed by Radford Adlington Ltd.

Chikane, F, Alberts L

1991. *The Road to Rustenburg, the church looking forward to a new South Africa*. Struik Christian books

Daniels, G. M.

1969. *Southern Africa A Time for Change*. Friendship Press Inc. Printed in the United States of America

De Gruchy, John. W.

1979. *The Church struggle in South Africa*. Printed by Citadel Press, Cape Town

De Klerk, W

1991. F.W. De Klerk. Tafelberg, Jonathan Ball, Nasionale Boekdrukkery, Kaapstad

Die Bybel

1983. Nuwe Vertaling. Bybelgenootskap van Suid-Afrika, gedruk deur Amity Printing Co Ltd., China

Du Plessis, H

1963. 'n Nuwe deurbraak. Pro Rege-Pers Beperk, Potchefstroom

Du Plessis L.J.

1961. Uit een bloed. 'n Rapport aan en 'n besluit van Die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika oor rasse verhoudinge, Pro Rege-Pers, Potchefstroom

Du Preez, A.B.

1955. Die Skriftuurlike grondslag vir rasseverhoudinge. NG Kerk-uitgewers

Du Toit, F; Hofmeyr, J.W; Strauss, P.J; van der Merwe, J.M.

2002. Moeisame pad na vernuwing. Die NG Kerk se pad van isolasie en die soeke na 'n nuwe relevansie 1974-2002, Barnabas drukkers

Geldenduys, F. E. o' Brien

1982. In die stroomversnellings, Vyftig jaar van die NG Kerk. Tafelberg

Geyser, A.S. Swart G.J.

1961. Vertraagde Aksie. 'n Ekumeniese getuienis uit die Afrikaanssprekende Kerk. Uitgegee deur die skrywers, NG Kerkboekhandel Posbus 245, Pretoria, gedruk deur Craft Pers, Pretoria

Geyser, O

1983. Die Nasionale Party. Deel 1. Agtergrond stigting en konsolidasie, Universiteit van die Vrystaat

Gilliomee, H.

2004. Die Afrikaners. 'n Biografie, Tafelberg

Grense

1961. 'n Simposium oor rasse en ander verhoudinge (AP Treurnicht e.a.), Universiteits-uitgewers en-Boekhandelaars (EDMS.), BPK, Stellenbosch

Heyns, J.A.

1978. Dogmatiek. N.G. Kerkboekhandel, Transvaal, Pretoria

Hofmeyr, G.S.

2002. NG Kerk. 350. Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-2002, Lux Verbi BM

Hurley, Denis E.

1964, *Apartheid: A crisis of the Christian conscience, the Alfred and Winifred Hoernle memorial lecture 1964, South African institute of race relations*

Jonker, W.D.

1998. Selfs die kerk kan verander. Tafelberg uitgewers beperk, Kaapstad

Kerk en Samelewing 1986, 'n getuienis van die NG Kerk. Uitgegee deur die algemene sinodale kommissie 1986

Kerk en samelewing 1990, 'n getuienis van die NG Kerk. Uitgegee deur die algemene sinodale kommissie , Pro Christo publikasies, 1990

Kinghorn, J

1986. Die NG Kerk en apartheid. McMillan Suid-Afrika (uitgewers) (EDMS.), BPK, Braamfontein Johannesburg

Kotzé, J.C.G.

1964. Wie beset hierdie bedreigde huis? Kosmo-uitgewery (EDMS.), BPK, Stellenbosch 1964

Labuschagne, K.N.

1987. Die etiese regverdiging van apartheid, voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad Magister Artium, in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Universiteit van Pretoria

Langner, D.J.

2004. Teen die wêreld vry. JD Vorster as 'n Neo-Calvinis in die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1935-1980, Universiteit van die Vrystaat

Lombard, R.T.J.

1981. Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en rassepolitiek, met spesiale verwysing na die jaar 1948-1961. NG Kerk Boekhandel Transvaal

Louw, D.J.

1897. Versoening in geweld, 'n Pleidooi om vrede in Suider-Afrika. Stellenbosse teologiese studies, No 15, NG Kerk uitgewers

Lubbe, J

2002. Kleurverskil. 'n Perspektief op die NG Kerk in 1948 en apartheid as kerklike beleid, Barnabas, Bloemfontein

Lubbe, W.J.G.

1987. Geloof en protes, 'n antwoord namens beswaarde lidmate op sekere aspekte van "Kerk en Samelewing" opgestel deur die Voortsettingskomitee, Aurora Pers Pretoria

Marais, J.C.

1986. Die NG Kerk en die regverdiging van Apartheid, Teologiese Studies oor die Sending van die Kerk in die Wêreld, uitgegee deur die Stofberg Teologiese Skool

Polman, A.D.R.

Woord en Belydenis, eenvoudige verklaring van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Tweede deel, Uitgewers Wever-Franeker

Potgieter, F.J.M.

1956. *Veelvormige Ontwikkeling: Die Wil van God*. Sacum beperk, Bloemfontein
<http://www.kerkpad.co.za/argief/Mei2002/onderwys.html>www.ANC.org.za
 (<http://vcho.co.za/organisasie/wie-wat-hoe.php>)

Potgieter, J

1994. *Die verhouding tussen Beyers Naude en die Nederduitse Gereformeerde Kerk – 'n Ekklesiologiese verantwoording*, Doctor Theologiae, Universiteit van die Oranje Vrystaat

Randall, P

1970. *Anatomy of Apartheid, Spro-Cas publication no.1 Study project on Christianity in apartheid society*, Johannesburg

Randall, P

1971. *Directions of change in South African politics, Spro-Cas Occasional publication no.3, Study project on Christianity in apartheid society*, Johannesburg

Randall, P

1971. *Education beyond Apartheid, Report of the Spro-Cas Education Commission Spro-Cas Occasional publication no.5, Study project on Christianity in apartheid society*, Johannesburg

Randall, P

1971. *Some implications of inequality, Spro-Cas Occasional publication no.4, Study project on Christianity in apartheid society*, Johannesburg

Randall, P

1971. *South Africa's minorities, Spro-Cas Occasional publication no.2 Study project on Christianity in apartheid society*, Johannesburg

Ras volk en nasie en volkere verhoudinge in die lig van die Skrif.

1974. NG Kerk Uitgewers, Kaapstad

Richardson, N

1977. *The World Council of Churches and race relations: 1960-1969*, Peter Lang Frankfurt/M, Herbert Lang Bern, Band 9

Rhodie, E

1983. *The real information scandal*, Sigma Press, Pretoria

Sadie, T

1970. Apartheid voor die regterstoel, 'n Onderzoek van die Wêreldraad van kerke se aanklagte teen die Suid-Afrikaanse rassebeleid. ESP- instituut

Schoeman, B.M.

1974. Vorster se 1000 dae. Human en Rossouw, Pretoria

Scholtz, A

1989. *The story of Allan Boesak*, Deutsche Bibliothek Cataloguing-in-publication-Data, verslag Busse+Seewald, Hereford

Smith, T

1987. Kansel en politiek, 'n evaluering van die eietydse preekgestaltes van die politieke teologie, Lux Verbi

Strauss, P.J.

1983. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Nederland: Betrekkinge rondom die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk 1983 Ongepubliseerde DD proefskrif , Universiteit van Pretoria

Strauss, P.J.

1991. Beginsel of metode? Die Ned. Geref. Kerk en apartheid na Cottesloe. Universiteit Vrystaat

Strauss, P.J.

2010. Kerk en orde vandag, met die klem op vandag. *Sun Press*

Thom, H.B.

1956. Volkskongres oor die toekoms van die Bantoe, referate en besluite: Volkskongres, Bloemfontein, 28-30 Junie 1956. Pro Ekklesia-Drukkery, Stellenbosch

Thomas, D.G.

1979. *Councils in the Ecumenical movement South Africa, 1904-1975, South African Council of Churches*. Johannesburg, 1979

Treurnicht, A.P.

1975. Credo van 'n Afrikaner, Tafelberg

Van der Walt, T

1982. Die hervorming destyds...en volkeverhoudinge vandag. Instituut vir Reformatoriese studie, Reeks F, Studiestuk nommer 178, Potchefstroom

Van der Watt, P.B.

1987. Die Ned. Geref. Kerk 1905-1975. NG Kerk Boekhandel TVL, Pretoria

Van Jaarsveld, F.A.

1969. Van Van Riebeeck tot Vorster 1652-1974, 'n Inleiding tot die Geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika. Perskor-uitgewery

Van Rooyen, J.H.

1990. Die NG Kerk, apartheid en die Christelike Instituut van Suidelike- Afrika. Proefskrif voorgelê aan die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die Universiteit van die Witswatersrand, Johannesburg, ter vervulling van die vereistes vir die graad Doktor in Filosofie, Johannesburg

Van Zyl Slabbert, F

2005. Duskant die geskiedenis. Jonathan Publishers

Verkuyl, J

1971. Breek de mure af!, Om gerechtigheid in de rassenverhoudingen, Oekumene. Uitgeverij Bosch& Keuning

Vorster, J.D.

1978. Veelvormigheid en eenheid. NG Kerk uitgewers, Kaapstad

Vorster, J.M.

1977. Die Kerk en die Kleurvraagstuk vandag. Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Proefskrif ter verkryging van die graad D.Phil.

Grondwette

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Wette van die Unie van Suid-Afrika 1961

Wetten van de Unie van Zuid-Afrika, 1910-1911

Sekondêre bronne: Tydskrifartikels

Dolamo, R.T.H

The South African church struggle against apartheid 1948-1990: a theological-ethical critique, Deel XXXXI Nr 3,4 2000 ,NGTT, p. 225 – 238

Durand, J.J.F.

1961. Cottesloe, Wêreldraad van Kerke en Ekumeniese Sending. NGTT deel II, no.3, p.131, Junie 1961

Heyns, J.A.

1961. Die Kaapse Sinode van 1961, Ned. Geref. Teologiese Tydskrif, Desember 1961

Keet, B.B.

1966. Die roeping van die kerk, Ned. Geref. Teologiese Tydskrif, Deel VII, No. 1

Muller, J.J.

1961. Die profetiese roeping van die kerk. NGTT Deel III, no.1, p.261.

Strauss, P.J.

Beginsel of metode? Die NG Kerk en apartheid na Cottesloe (NGTT, Deel XXXII, No. 3, September 1991, 436-446)

Strauss, P.J

1990. Ned. Geref. Teologiese Tydskrif, Deel XXXI no.3, p.357, Die Afrikaner-Broederbond se beweerde beïnvloeding van die Ned. Geref. Kerk in sy optrede teen die Christelike Instituut

Strauss, P.J.

1993. Op die tweesprong?: die Ned. Geref. Kerk oor die tema “Kerk en Samelewing” in Die Kerkorde en Kerk en Samelewing 1990. Bloemfontein, UOVS

Strauss, P.J.

1994. Die Algemene Sinode van 1966 van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en Apartheid, *Studia Historia Ecclesiasicae*, Desember 1994, Volume XX no.2, p.195, *Church History Society of Southern Africa*

Strauss, P.J.

2001. Kerk en staat in Suid-Afrika: 'n Nederduitse Gereformeerde Perspektief (1962-1998) *Studia Historiae Ecclesiasticae*, Volume XXVII, no. 1, *Church History Society of Southern Africa*

Zulu, A.H.

1972. *The dilemma of the black South African, The Twelfth T.B. Davie Memorial Lecture Delivered in the University of Cape Town on 17th May 1972*, University of Cape Town

OPSOMMING**Die NG Kerk as profeet teenoor die Suid-Afrikaanse regering (1962-2002): 'n
Kerkhistoriese perspektief****deur****David Hermanus Botes**

Promotor: Prof. J.W. Hofmeyr
Departement: Ekklesiologie, Fakulteit Teologie,
Universiteit Vrystaat, Suid-Afrika

Voorgelê ter vervulling van die vereiste vir die graad Doctor Theologiae**Bloemfontein****Junie 2012**

Hierdie teologiese-kritiese studie strek oor 'n tydperk van veertig jaar vanaf 1962-2002. Die studie poog om 'n blik te bied oor die NG Kerk se profetiese rol teenoor die Suid-Afrikaanse regering in hierdie tydperk. Die tydperk staan veral uit vir sy uiteenlopende eras waarbinne die NG Kerk homself bevind het. Telkens is dit ook vir die NG Kerk 'n saak van erns om profeet te wees, maar word soms so in die praktyk ingetrek van 'n era in uiterste intensiteit dat hy soms moeilik objektief sy taak kon volvoer.

Aan die een uiterste bevind die NG Kerk hom in die Afrikaner nasionalistiese era, rondom 1948 tot ongeveer vroeg in die sewentiger jare, waar die NG Kerk geneig het tot Neo-Calvinisme en te na aan die regering beweeg het. Die NG Kerk ondersteun die Nasionale Party-regering in sy beleid in die tyd, maar staan ook vir die belange van al die groepe in Suid-Afrika. Ras, Volk en Nasie (1974) sien ook die lig, maar word ook weer hersien. Ekumeniese druk neem ook op die NG Kerk toe. Almal se vreedsame naasbestaan het voorop gestaan in die tyd en die aanvanklike bedoelings was goed.

Die hele beleid draai prakties vas. Reeds voor Soweto-dag, in 1976, word gesien hoe die NG Kerk se klem begin skuif en spreek hy die regering oor talle kwessies profeties aan. In die tyd word die NG Kerk ook deur die pers gesien as die bewakers van die sedes van Suid-Afrika en spreek hy profeties talle openbare kwessies asook die regering aan. Alhoewel die NG Kerk en die regering in die tyd na aan mekaar was en daar 'n baie goeie verhouding geheers het, is dit tog ook opmerklik dat die regering se deur nie deurentyd oop was vir die NG Kerk nie.

Die nuwe klem van die NG Kerk word al hoe meer sigbaar en in 1986 word die skuiwe met elke sinode meer intens. Kritiese stemme word al hoe meer hoorbaar. Kerk en Samelewing (1986) vervang Ras, Volk en Nasie van 1974. Die NG Kerk probeer minder voorskriftelik wees en raak in die proses soms te beskeie oor sy profetiese stem ook wat die nuwe bedeling betref. Die NG Kerk het oppad na die oorgang as teologiese entiteit ook die land bedien vanuit die Woord en die Belydenis met hoop, vergifnis, versoening en vrede vir die toekoms. In die tyd is 'n mens meer bewus dat postmodernisme 'n rol speel en ook sy merk op die NG Kerk laat. Die NG Kerk sou ook die liberale demokrasie se intensiteit in die era nie totaal vryspring nie.

Ook in die tydperk beleef die NG Kerk weer die ander uiterste van swart nasionalistiese vryheid onder 'n ANC-regering. Hier is die NG Kerk se stem – saam met ander kerke – teen sosiale geregtigheid nie altyd so hoorbaar nie, deels ook weens die feit dat die nuwe regering se deur baie minder oop was vir die kerk. Die NG Kerk se stem oor openbare sedelikheid raak ook al hoe stiller.

Die NG Kerk poog deurentyd om opreg kerk te wees. In die laaste era is die NG Kerk ook baie bewus van sy roeping wat die Here van hom vra om profeet te wees. Die twee uiterste kontekste waarin die NG Kerk hom as profeet bevind het in die verskillende eras, het sy profetiese roeping egter tot die uiterste beproef. Naas 'n aantal belangrike teologies-kritiese opmerkinge hieroor in die slothoofstuk, was een van die kernaspekte van profeetwees vir die kerk voorbidding, en dit het die NG Kerk in die era 1962-2002 deurentyd nagekom.

Sleutelwoorde:

NG Kerk

Suid-Afrikaanse Regering

Profetiese getuienis

Afrikaner nasionalisme

Swart nasionalisme

Neo-Calvinisme

Barthianisme

Postmodernisme

Sekularisasie

Openbare sedelikheid

Kerk en Samelewing

ABSTRACT**The Dutch Reformed Church in its prophetic role towards the South African government (1962-2002): a church historical perspective****by****David Hermanus Botes**

Promoter: Prof. J.W. Hofmeyr
Department: Ecclesiology, Theological Faculty
University of the Free State, South Africa

In fulfilment of the requirements for the degree of Doctor Theologiae**Bloemfontein****June 2012**

This theological-critical study covers the forty year period dating from 1962-2002. The study aims to give a perspective of the prophetic role played by the Dutch Reformed Church (hereafter abbreviated to DRC) regarding the South African government. The period is defined in particular by the diverse eras in which the DRC had to function. The prophetic role the DRC ascribed to itself was seen in a serious light. However, the DRC occasionally struggled to fulfil this role objectively as it became drawn into the realities of a particularly intense era.

On the one extreme, from 1948 up to the early seventies the DRC found itself in the era of Afrikaner nationalism. During this period, the DRC moved too close to government sentiment and leaned towards Neo Calvinism. While the DRC supported the National Party government of the day, it still had the interest of the various groups at heart.

“Ras, Volk en Nasie” was published in 1974 but was however revised. Ecumenical pressure on the DRC increased. Peaceful co-existence was of prime importance and the intentions well meant. The policy however ran into difficulties. Even before Soweto Day 1976, there was a shift in attitude by the DRC and the DRC exercised its prophetic calling by admonishing the government on various issues.

The press saw the DRC as the guardian of public morals in South Africa during this time. The church exercised its prophetic calling by challenging government and giving voice to its opinion on numerous public issues. The relationship between the DRC and the government was still on a very good footing and could be described as close. However, it became clear that the doors of government were not always open to the DRC.

The DRC was gradually seen to be more emphatic and by 1986, the shift at each synod had become more intense. Voices raised in criticism were more vociferous. “Kerk en Samelewing” (1986) replaced “Ras, Volk en Nasie” (1974). The DRC tried being less prescriptive. In doing so the DRC became at times too timorous regarding its prophetic voice, also in regard to the new dispensation. The DRC as theological entity continued to serve the nation during these years en route to transition by preaching hope and forgiveness, reconciliation and peace from both the Word and Creed. During this period, one is aware to a greater extent of the role postmodernism played. This too left its mark on the DRC. The DRC would also not entirely escape the intensity of the liberal democracy during this era. Also during this period, the DRC experienced the other extreme of Black Nationalist freedom under the ANC-government. Here – in conjunction with other churches – the voice of the DRC against social injustice is not always very audible. This, is partly due to the fact that the doors of the new government are far less accessible to the church. The DRC’s voice on public morality is becoming all the quieter.

The DRC has endeavoured throughout to be a true church. In the current era, the DRC is very aware of its God-given prophetic calling. The two opposite contexts’ in which the

DRC found itself as prophet in the different eras tested its prophetic calling to the utmost. Together with a number of important theological-critical remarks in the final chapter, one of the primary aspects of the church as prophet was intercession, and this the DRC practised devotedly throughout the era of 1962-2002.

Keywords:

Dutch Reformed Church

South African Government

Prophetic role

Afrikaner nationalism

Black nationalism

Neo-Calvinism

Barthianism

Church and Society

Postmodernism

Secularism

Public morals
